Die Boek van Moses

Geskryf deur

Louwrens Erasmus

Die boek van Moses - Geskryf deur Louwrens Erasmus ©

Kopiereg © by Louwrens Erasmus

Gepubliseer deur Shama Ministries

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.

Ek lei aan ‘n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval. Behalwe vir ‘n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou ‘n bilaterale mastektomie ondergaan het. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen ‘n tempo van 1000+ per maand afgelaai.

Indien u ‘n bydrae aan ons wil maak, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik.

Swift code SBSA ZA JJ

Branch code 050818

Account number 10110464352

Naam HJ Erasmus aangesien sy die tesourier is en ons dit in haar persoonlike rekening laat deponeer om die koste van ‘n besigheidsrekening wat ons oor ‘n tien jaar tydperk slegs twee keer so ‘n rekening benodig het, kan vermy.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: https://www.facebook.com/ShamaMinistries

Die Boek van Moses

© Kopiereg voorbehou

Alle kwotasies uit die Bybel is uit die 1953 vertaling. Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid Afrika. Alle beklemtoning is self bygevoeg.

Ander bronne

Watchmen Nee - The Normal Christian Church Life

Back to the Cross – Chip Brogden (Ongepubliseerde werk)

Henog - Uitgegee deur Vaandel Uitgewers

Volg my by louwrense@blogspot.com

Voorwoord

In 1996 het die HERE die een Sondag voor die oggenddiens met my gepraat uit die Bybel, en vir my gesê ek moet alles wat Hy vir my sê, neerskryf. Die skrifgedeelte kom uit Jeremia 30 vers 2: *"So spreek die HERE, die God van Israel: Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het".* My eerste gedagte was: "HERE, ek skryf alreeds al die preke af wat ek hoor, en vir my eie stiltetyd het ek ‘n boek wat ek gebruik om al my gebedsversoeke en spesiale woorde mee op te teken". Later die Sondag, terwyl ek soos ons gewoonte is, ‘n vleisie braai vir middagete, het die HERE ‘n fontein binne in my oopgemaak met gedagtes en vrae wat oor die jare sou groei tot waar hulle vandag is.

Gedurende hierdie tydperk het daar ontsaglik baie in my lewe gebeur, maar die HERE het altyd met my gepraat oor Israel en hulle uittog uit Egipte, en dat dit ook vir ons as voorbeeld moet wees oor hoe ons as Christene by Hom moet uitkom. So het ek dan uiteindelik in 2001 besluit om vinger op te neem en voor die rekenaar stelling in te neem om te doen wat die HERE my destyds beveel het. Terwyl ek besig was om die voorwoord te herskryf vir die hoeveelste maal, het ek vir die eerste maal weer gekyk na wat in Jeremia 30 staan. Ek moet erken ek het geweet dat die HERE my gevra het om te skryf, maar ek kon nooit die skrifgedeelte onthou waarmee die HERE met my gepraat het nie. Op die ou einde het ek afgekom op my oorspronklike boek waarin ek begin het om die artikels te skryf, en gelukkig het ek destyds die vers neergeskryf wat die HERE vir my gegee het. Terwyl ek in my elektroniese Bybel die vers opgesoek het, het ek skielik ervaar ek moet kyk wat sê vers 3, die vers na die opdrag, van Jeremia 30: 3 *"want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem".* Toe ek die vers sien, het ek skielik weer net besef dat die HERE altyd getrou is, omdat die gedeeltes wat Hy met my oor gepraat het, altyd gegaan het oor Israel se trek uit Egipte uit, en hoe dit vir ons as voorbeeld moet dien. Dit is dan ook die vrae waaroor die boek handel en wat ek sal poog om te beantwoord, sodat ons as wedergebore Christene, die land in besit sal neem wat die HERE aan ons beloof het.

Die naam van die boek kom al baie jare saam met my. In my ouerhuis was dit die gewoonte dat wanneer ‘n persoon iets kontroversieel sou sê, en die persoon sy stelling uit die Skrif moes bewys, het ons altyd na Moses X vers X verwys indien ons nie dadelik op die vers kon kom nie. Die X’se is dan vervang met wat jy ook al aan gedink het. So was Moses 1 vers 3 altyd "moenie worry nie". Ek het Moses dus ‘n bietjie aangepas om verkillende onderwerpe te behandel.

So waaroor handel die boek dan? Ek wil graag na sekere vrae wat ek as Christen het, kyk, nie soseer om altyd ‘n definitiewe antwoord daarop te gee nie, maar om die Woord van God te ondersoek, en dat die Woord die vraag beantwoord. Nie almal gaan altyd hou van wat hulle lees nie, maar dit sal slegs deur die Woord beantwoord word. As rigsnoer word Handelinge 17 verse 11 en 12 gebruik. *"En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en* ***elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was****. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne."*

Paulus het ook die voorbeeld van Israel se tog uit Egipte voorgehou vir die mense in Korinte. Hy skryf as volg: *“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.* ***Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn.*** *En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval.(Rigters19-21) En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.* ***Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*** *Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”* (1Kor 10:1-13)

Dan was daar natuurlik my eie vrae wat ek gehad het nadat ek die woorde gehoor het: Jy het kanker en ongelukkig kon ons nie alles verwyder nie. Ek wou so graag seker maak dat ek saam met Jesus in die hemel sou wees, maar geen iemand waarmee ek gepraat het of die antwoord by gesoek het nie, kon vir my 'n bevreegde antwoord kon gee nie, en het ek toe maar besluit om te luister na die Heiloige Gees en alles neerskryf wat ek gehoor het. Nou na 28 jaar het ek daardie sekerheid en kan ek dit met ander persone deel. Dit het my die sekerheid gegee, en jy moet maar self besluit of dit vir jou daardie sekerheid sal gee.

Die hele boek is gebaseer op die belofte aan Abraham dat hy die vader van alle gelowiges sal wees en dat in hom elke persoon geseën sal wees. So ek kyk na die verbond wat die HERE met Abraham aangegaan het, hoe Jesus die voorskrifte nagekom het sodat ons in geregtigheid met God die Vader, Jesus ons verlosser en die Heilige Gees kan wandel.

Hier dan die boek van Moses.

Inleiding

Die boek word opgedra aan Hettie, my vrou, wat baie van die artikels saam met my moes deurleef, en so ook ons kinders. Dankie vir jul ondersteuning. ‘n Spesiale woord van dank aan Hettie, vir al die ure wat sy moes luister na elke artikel, vir haar terugvoer, en vir haar eerlike en opregte kritiek. Die grootste eer kom toe aan my Vader, Redder, Skepper, en my HERE vir die geleentheid wat Hy my gegee het om die boek te skryf, en vir dit wat Hy in my ingeplant het.

Die lewe is maar ‘n baie snaakse ding. Net as ons dink ons het al die antwoorde vir al die vrae in die lewe, dan ontdek ons dat daar nog jare se vrae oor is wat beantwoord moet word. Gelukkig sal hierdie vrae ons nie meer kwel as ons saam met Jesus in die hemel is nie, want dan sal Hy ons alles in almal wees. Eers dan sal ons ten volle verstaan waaroor alles gaan.

Maar, wat maak ons terwyl ons nog op aarde is? Baie keer in ons lewe ervaar ons gebeure of omstandighede wat vir ons net onverklaarbaar is, of wat ek nie graag wil deur werk nie. In my eie lewe het dit al hoevele male gebeur. Nou, terwyl ek besig is om hierdie gedeelte te skryf is ek juis besig om weer deur so ‘n tydvak te werk.

Al wat ek weet is dat die HERE besig is om ons voor te berei vir dit wat Hy wil dat ons sal doen. Dit is ook seker oor hierdie rede dat Jesus vir ons die saligsprekings gegee het in Matteus 5 van vers 3 *"¶ Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. 4 Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word. 5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe. 6 Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word. 7 Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. 8 Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. 9 Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. 10 Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. 11 Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. 12 Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het."*

Jakobus het ook vir ons ‘n gedeelte gegee wat hieroor handel. Jakobus 1 vers 2 *"¶ Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, 3 omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. 4 Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie."*

Hierdie gedeeltes maak dalk vandag nie vir jou sin nie, maar weet dat wanneer jy vrae het wat jy nie kan beantwoord nie, die HERE wel vir jou die antwoorde sal gee. Hoe weet ek dit? Ondervinding. Hierdie boek handel juis oor vrae wat ek gehad het in my eie lewe, en die antwoorde wat ek in die Woord gekry het. Meeste van die artikels is juis geskryf na ondervindings soos dié wat ek vandag mee werk.

Ek kyk ook na onderwerpe soos hoe ek as Christen optree wanneer ek self ervaar dat ek dalk in rebellie is teenoor al wat leef en beef. Hoe hanteer ek dit? Hoekom tree ek so op? Dit is van die vrae wat in die boek beantwoord word, asook oor hoe ek moet optree en wat wag vir my in die beloofde land.

Wat is my passie in die lewe? Dat ons elkeen sal optree soos wat die HERE graag wil dat ons sal optree. Dat ons Hom sal gehoorsaam. Ek wil so graag dat elke persoon ‘n lewende verhouding met die HERE sal hê. Dat ons nie nodig het om van Sondag na Sondag lewe net om weer op ‘n Maandag te sukkel met gewoontes wat ek weet nie van die HERE is nie. Dat ek nie aanhoudend verkeerd optree nie, maar dat ek soos Paulus op my aangesig kan val voor die lewende God, Jesus Christus, en kan vra, "HERE, wat wil U hê moet ek doen?" Onthou net dat ons Sy hande en voete op aarde is. Ons kan nie van Hom verwag om net al die probleme weg te vat nie. Ons moet soos Hy optree in alles wat ons doen. As dit nodig is om iemand te ondersteun, laat ons dan ondersteun soos Hy sou. As dit is om iemand van kos en klere te voorsien, laat ons dit voorsien en nie net saam met die persoon bid daaroor nie. Onthou, ons is Sy hande en voete.

Ons lewe in ‘n tydvak waar ons gewoond geraak het aan kits kos, kits oplossings, kits banke, en nog sommer baie ander kits goeters, en wil ons dit so graag in ons wandel met die HERE ook toepas. Ons vergeet die skrif dat ‘n duisend jaar is soos een dag, en een dag soos ‘n duisend jaar is vir die HERE. Dit is hoe die HERE oor die jare opgetree het en dit is ook hoe Hy nog steeds vandag optree. Abraham en Sara moes vyf en twintig jaar wag vir Isak. En dit, na die HERE dit persoonlik vir hulle gesê het.

Die boek is ook nie bedoel om ‘n kitsoplossing te wees vir elke vraag nie. Ek wil graag jou gedagtes aan die gang kry dat jy self die Woord sal ondersoek, en sien wat die Bybel eintlik vir ons moet wees. Dan kan ons die Bybel gebruik soos die bekende Louis Malherbe gesê het, dat die Bybel is die mens se "workshop manual". Hoe gebruik ek ‘n "workshop manual"? Sien die vraag later in die boek.

‘n Nuwe teologie bring ek vir julle

‘n Nuwe teologie bring ek vir julle. ‘n Eeu oue teologie van ‘n verbond met Abraham, van Jesus en van geregtigheid. Dit mag dalk vir u soos ‘n teenstrydigheid klink, maar ek wil graag die dilemma vir u verduidelik.

Ek het die afgelope twintig of meer jare spandeer om uit te vind wat die regte teologie is soos ek dit verstaan, en om uit te vind wat vir my die regte boodskap van hoop is wat die Bybel verkondig. Na ‘n nood operasie en ‘n latere opvolg operasie waartydens kanker gedefinieer is, moes ek seker maak dat ek my geloof bou op wat die boodskap van die Bybel is, en nie soos deurgegee deur verskillende Kerkverbande nie. Vandag 22 jaar later, weet ek nie wanneer hierdie kanker sal besluit om my lewe te eindig nie, en het ek noodgedwonge my vrae self beantwoord nadat ek by teoloë en ander kundiges gaan kers opsteek het maar nie antwoorde kon kry op baie van my vrae nie. Dit het my geneem van Calvinistiese gemeentes, na Pinkster kerke, Charismatiese kerke, huiskerke en alles tussen in. Party as lidmaat, ander as leraar na studies by verskillende instansies, en ander as besoeker, en nog ander na hulle webtuistes.

Die grootste redes wat ek gevind het waarom daar sovele verskille in genootskappe is, is omdat mense nie die verbond verstaan nie. Hulle weet nie hoe ‘n verbond ontstaan nie en wat die effek daarvan op ons as Christene het nie. Toe die HERE die verbond met Abraham gesny het, vind ons dat dit die volgende behels het. *“Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken. Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee. En hy sê: Here HERE, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem? En Hy antwoord hom:* ***Neem vir My ‘n driejaaroud vers en ‘n driejaaroud bokooi en ‘n driejaaroud ram en ‘n tortelduif en ‘n jong duif. En hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gedeel en die helftes teenoor mekaar gelê; maar die voëls het hy nie verdeel nie. Toe kom daar roofvoëls op die dooie diere af, maar Abram het hulle weggejaag. En toe die son wou ondergaan, val daar ‘n diepe slaap op Abram,*** *en kyk, skrik en groot duisternis het hom oorval. Daarop sê Hy vir Abram: Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in ‘n land wat aan hulle nie behoort nie; daar sal hulle diensbaar wees en verdruk word vier honderd jaar lank. Maar Ek sal ook die nasie oordeel aan wie hulle diensbaar moet wees, en daarna sal hulle uittrek met baie goed. Maar jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in goeie ouderdom begrawe word.* ***En die vierde geslag sal hierheen terugkom, want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie. En ná sononder, toe dit heeltemal donker was, gaan daar ‘n rokende oond en vurige fakkel tussen dié stukke vleis deur. Op dié dag het die HERE met Abram ‘n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete en Hetiete en Feresiete en Refaïete en Amoriete en Kanaäniete en Girgasiete en Jebusiete.”***(Gen 15:5-21)

Dit is hoe ‘n verbond gemaak is. Dit het behels dat jy ‘n jong bees moes middeldeur sny en die kante teenoor mekaar lê wat dan gesimboliseer het dat indien enige party die verbond verbreek het, die ander party dit met die party wat ongehoorsaam was aan die verbond kon doen. Maar ons vind voordat dit kon plaasvind soos in Abram se tyd, was dat hy eers moes Nagmaal vier, en dit het hy met Melgisedek gedoen. So dit beteken dat daar moet bloed vloei om ‘n verbond te sny.

Ek kan net hier in die begin noem dat ek meer as dertig jaar in die rekenaarbedryf as programmeerder/ontleder/konsultant deurgebring het wat my geleer het dat jy nie alles glo wat mense jou vertel nie, maar dat jy self oplossings vir probleme moet kry wat die probleem in jou eie verstaan bevredig het.

Wat het ek gevind?

Ek glo aan ‘n HERE wat Sy woord gestand hou. Aan ‘n eeue ou verbond en belofte aan Abraham, die vervulling deur Jesus Christus wat vir ons die baan weg na ‘n verbond van geregtigheid. Ek wil net hier byvoeg dat ons die verskil moet verstaan tussen ‘n verbond en ‘n testament. ‘n Testament word eers geldig na die afsterwe van die testament maker, terwyl ‘n verbond geldig is van die oomblik wat ek aan die behoeftes van die verbond voldoen, en bly dan geldig vir altyd. So ‘n verbond kan ter enige tyd aangegaan word en bevat gewoonlik vereistes waaraan elkeen van die verbondsgenote aan moet voldoen, en is dan onmiddellik van krag, maar dit kan ook eensydig beëindig word sodra een party die voorwaardes van die verbond skaad of verbreek.

Die HERE het my op ‘n tog deur die Ou Testament geneem en daarom sal u ook agterkom dat ek baie van die Ou Testament gebruik om standpunte mee te verduidelik, maar daar is ‘n spesifieke rede daarvoor. Meeste kere wat Jesus met die mense gepraat het, en wat vir ons opgeteken is, het hy probeer verduidelik hoe die Koninkryk van God werk. Iets wat wel baie min van opgeteken is, is wat Jesus oor Homself gesê oor wat die profete en Moses oor Hom geleer het wanneer Hy en die dissipels alleen was. Tog vind ons in Lukas 24 drie gedeeltes, wat alles handel oor hierdie een waarheid wat ontsettend belangrik is, en waaruit ons baie kan leer.

Hier dan die drie gedeeltes*: “En sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het; maar Hom het hulle nie gesien nie.* ***En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!*** *Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?* ***En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het”****. (Luk 24:24-27). “En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle.* ***Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn. En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?”*** *(Luk 24:30-32). “En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was,* ***dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.*** *En Hy sê vir hulle: So is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan,* ***en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af en verder.”*** (Luk 24:44-47)

Die volgende gedeeltes wat ek graag aanhaal is wat Paulus vir ons hieroor geskryf het, Die eerste kom uit 1 Korintiërs 10*: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos*

ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. ***Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."*** (1Kor 10:1-11)

Die tweede gedeelte van Paulus kom uit 2 Korintiërs 3: *"Terwyl ons dan sodanige hoop het, gebruik ons baie vrymoedigheid; nie soos Moses nie, wat 'n bedekking oor sy aangesig gesit het, sodat die kinders van Israel nie die oë kon vestig op die einde van wat moes vergaan nie. Maar hulle sinne is verhard.* ***Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word. Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem.*** *Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid."* (2Kor 3:12-17)

Jesus het ook verklaar in Sy gelykenis van Lasarus en die ryk man dat die mense het Moses en die profete, so dit is al wat hulle nodig het om in Christus te glo.

So my hele standpunt is dat enige teologie slegs gebou kan word met die Ou Verbond as basis, en dan sal ons die skrywes van die Nuwe Testament en Nuwe Verbond verstaan. So dit help nie dat ons net die Nuwe Testament wil gebruik nie, want dan gaan ons blindelings in sonder om te verstaan waarom Jesus gekom het en wat Hy kom maak het. So kan ons maar kyk hoe die tabernakel gebou was deur Moses, want dit was 'n afbeelding van wat die HERE hom gewys het, en dan verstaan wat Jesus gedoen het deurdat hy deur die Hemelse tabernakel gegaan het soos opgeteken in Hebreërs. Dit gee dan ook vir ons die volgorde van wat ons moet doen om by die Vader uit te kom, want Jesus het reeds die pad vir ons gebaan, maar ons moet nogsteeds besluit of ons by Hom wil uitkom, en of ons net buite die tabernakel wil wees.

Wat behels hierdie verbond?

Vir my moet ons begin by Abraham, die vader van alle gelowiges. Ons moet onthou Abraham het agt seuns gehad. Die oudste was Ismael, daarna Isak, en daarna nog ses seuns. *"En Abraham het weer 'n vrou geneem met die naam van Ketúra. En sy het vir hom Simran en Joksan en Medan en Mídian en Jisbak en Suag gebaar"* . (Gen 25:1-2) Die Bybel leer ons oor een seun se toekoms waarmee die HERE 'n spesiale verbond mee gesluit het, die van Isak. "*Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar."(*Gen 17:21) Ismael en die ander seuns leer ons nie van in die Bybel nie, maar tog was hulle uit die nageslag van Abraham.

Behoort net Israel as nasie dan aan die HERE? Nee. *"Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n* ***menigte van nasies word****. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham,* ***want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies****. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak:* ***Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.*** *En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte* ***as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou****. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees. Verder het God aan Abraham gesê:* ***Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag****."* (Gen 17:4-9)

In Efesiërs 2 leer ons die volgende: *"Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met*

hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees".(Ef 2:11-22)

In Genesis 14 leer ons ook van iemand anders. *"En Melgisédek, **die koning van Salem**, **wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was**, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles." (Gen 14:18-20)* So voor Isak was daar al ander nasies wat ook die HERE gedien het. Israel word vir ons as voorbeeld voorgehou soos in 1 Korintiërs 10 in die Bybel vir ons uitgelig word. ***"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."***(1Kor 10:11)

Nou vind ons dat voor die hele verbond sny seremonie, iets anders gebeur het wat ek vlugtig aangeraak het, en dit was dat Abram nagmaal gevier het saam met Melgisedek. *"En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles."*(Gen 14:18-20) So selfs voor Isak was daar al ander nasies wat ook die HERE gedien het, en Israel is opgeteken vir ons as 'n voorbeeld soos uitgelig in 1 Korintiërs 10 vers 11: ***"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."***

Die eerste verbond met Abraham, is gevier met nagmaal tussen Abraham en Melgisedek, waar Melgisedek die wyn en die brood gebring het. Nou lees ons in Hebreërs die volgende: *"So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs— Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, **het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;"*** (Heb 5:5-10)

Wat beteken dit? Melgisedek was 'n priester van die HERE en deur die HERE self aangestel. Hy het nie uit 'n stam gekom wat priesters was soos die Leviete nie, om die waarheid te sê was hy nie eers enigsins aan Abraham verwant nie. Nou kom Jesus en word hy weer aangestel volgens die orde van Melgisedek, met ander woorde, deur die HERE self aangestel. Daarom ook dat Jesus weer die Nagmaal instel met brood en wyn, soos dit gevier is deur Abraham en Melgisedek. Verder was Melgisedek ook koning, en so word Jesus dus ook as koning van God se volk aangestel.

Maar wat is die verbond wat die Bybel van praat wat die HERE met Abraham aangegaan het? Kom ons kyk na ‘n opsomming van die verbond. Die eerste punt wat ek wil maak is dat daar voordele en nadele in ‘n verbond is. ‘n Verbond het altyd twee kante, die een kant leer ons wat sal gebeur indien ons by die verbond hou, en dan die anderkant wat sal gebeur indien ons dit nie doen nie. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van Deuteronomium 30 vanaf vers 15: *“Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.* ***Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ‘n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”*** (Deu 30:15-20)

Die laaste gedeelte is vir my ontsettend belangrik. Ek moet kies om my kant van die verbond te hou, dan sal die HERE Sy kant hou. Die vermoë om te kies is al aan ons gegee in Genesis 3:22 ***“Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken.”*** Indien jou Bybel nie so sê nie, is dit omdat die vertalers dit verander het in die nuwe vertaling om by hulle dogma in te pas. En verder is dit die enigste vertaling wat dit so stel. Geen van die Engelse of ander vertalings stel dit soos dit in die nuwe verdwaling gestel is nie. Die mens het as deel van die sondeval die vermoë verkry om te weet wat is goed en wat is kwaad. So my hele lewe gaan dus oor keuses, keuses wat of goeie gevolge gaan hê, of wat kwade gevolge gaan hê.

Ons vind ook dat Dawid en Jonathan in ‘n verbondsverhouding was, en dat dit die rede was waarom Dawid tot en met sy dood na Mefiboset, Jonathan se seun gekyk en voor gesorg het soos sy eie kind. Wanneer ons oor hierdie verbond oplees vind ons dat hulle selfs hul klere omgeruil het, wat nog ‘n teken van ‘n verbond is. So alles wat jou verbond vennoot s’n was word joune, en alles wat joune was word jou verbond vennoot s’n. Dit is hoekom ons Jesus se ewige lewe kan kry, en Hy al ons sondes aan die kruishout voor betaal het, want ons het verbondsvennote geword. Ons sien dit nogsteeds in vandag se lewens waar ‘n vrou haar man se van aanneem en dat wat sy ook al doen, hy voor pa sal staan, want hulle het een geword. Daardie eenwording gebeur, en dit is waarom ‘n vrou ‘n maagd moet bly tot sy die dag trou, want dan sal daar bloed vloei wanneer hulle die huweliksverbond sny wanneer hulle gemeenskap het. So dit is gelyk aan die jong bees wat middeldeur gesny is in die dae van Abraham. Dit is ook die rede hoekom die HERE gevra het dat Abraham Isak moes offer en Hy toe ‘n bok as tussenganger gestuur het, totdat Jesus self aan die kruis Sy bloed gestort het om die verbond mee te bevestig as ‘n ewige verbond, en ons nagmaal moet vier wanneer ons deel van die verbond word. Nou vind ons dat baie van die vertalers nie die verbond verstaan het nie, en ook beloftes as verbonde vertaal het, aangesien die beloftes nie voldoen aan die vereistes van ‘n verbond nie.

Stappe van verbond

Nou, met die tweede punt wil ek graag kyk wat die stappe van ‘n verbond is. Dit word volledig vir ons beskryf met die uittog van Israel uit Egipte na die land Kanaän. Dit is immers wat die HERE

vir Abraham beloof het waar sy nageslag hulle sal vestig. Dit is dan ook my rigtingwyser vir vandag, aangesien ek ook in Kanaän wil uitkom. Die enigste verskil is Israel het die fisiese tog gemaak, terwyl ons vandag die geestelike tog kan meemaak om by ons Kanaän uit te kom. Dit is die plek wat die HERE vir my bestem het. Ek sal eers beskryf wat Israel moes doen, en dan volg wat dit vir ons as Nuwe Verbondsgenote moet doen en wat dit beteken.

Maar hoekom het die HERE hulle uit Egipte laat trek? *"En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God.* ***En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken."*** (Exo 2:23-25) *"En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete.* ***En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk."*** (Eks 3:7-9)

Verder gee die HERE vir ons die rol van elkeen van die rolspelers in hierdie verhaal. *"En die HERE het aan Moses gesê:* ***Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees.*** *Jy moet spreek alles wat Ek jou beveel, en jou broer Aäron moet met Farao spreek, sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek. En Ék sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig. Maar Farao sal na julle nie luister nie; en Ek sal my hand op Egipte lê en my leërskare, my volk, die kinders van Israel, deur groot strafgerigte uit Egipteland uitlei. Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die HERE is, as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei. Moses en Aäron het toe gedoen soos die HERE hulle beveel het; so het hulle gedoen."* (Eks 7:1-6). So in die hele verhaal verteenwoordig Moses dus die HERE, Farao die Satan en Aäron die profeet en dus die spreekbuis van die HERE.

Nou kan ons kyk na wat Israel moes doen om uit Egipte te trek, en wat Moses vir hulle voorgeskryf het.

1. Besnydenis

- Verbond voor Christus: **Besnydenis van die voorhuid. Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk.** *"Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die Pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat 'n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou.* ***En as 'n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n kind van die land wees.*** *Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.* ***Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef".*** (Eks12:43-49) *"As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het? dan moet jy aan jou seun sê:*

Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte uitgelei. En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het." (Deu 6:20-23)

- Verbond met Christus as Lam: **Besnydenis van die hart**. Alle mense word in Egipte gebore, 'n lewe sonder die HERE, 'n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek 'n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos 'n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18*: "Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie"*. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE:* ***Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees****"*.

  "En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE." (Eseg 11:19-21)

  "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; **in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus**, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het". (Kol 2:9-12)

  Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenes na die vlees: "Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die **besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof**. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom 3:29-31) maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, **en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God."** (Rom 2:29)

2. Brood

- Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was 'n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie. Ons vind die volgende skrif in Korintiërs: *"Julle roem is nie mooi nie.*

Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid." (1 Kor 5:6-8)

- Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy is ook God. *"Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het.* ***As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.*** *En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."*(Joh 6:49-51) "En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam." (Mat 26:26)

3. Lam slag

- Verbond voor Christus: Hulle moes 'n lam slag en eet. *"Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoond is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.* ***Julle moet 'n lam hê sonder gebrek,*** *'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand."* (Exo 12:3-6)

- Verbond met Christus as Lam: *"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge* ***staan daar 'n Lam asof Hy geslag is****, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop* ***uit elke stam en taal en volk en nasie****, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers".* (Open 5:6-10)Ek moet by die kruis van Jesus uitkom, waar ek besef wat dit beteken om te sterf. **Dat Jesus vir ons gesterf het sodat ons kan lewe.** Tot vandag toe voor ek enige vleis kan eet, moes die dier wat ek gaan eet sy lewe opgegee het sodat ek kan lewe, en dit is wat Jesus kom doen het. Hy het Sy lewe opgegee sodat ek en jy Sy lewe kan kry, 'n lewe waar die dood geen mag oor het nie. Selfs by Adam en Eva leer ons dat hulle vyeblare geneem het om hulle skuld mee te bedek, maar die HERE slag 'n bok om vir hulle klere te maak om hulle naaktheid mee te bedek. Maar ook hier moes daar bloed vloei om vergifnis vir die sonde te bewerk.

4. Bloed van die Lam

- Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. *"Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is:* ***as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan****. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."* Eks 12:12-13)

- Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. *"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.* ***Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes."*** (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en verkry ek die ewige lewe.

5. Waar was die wet?

- Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder: *"En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is.* ***En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou*** *voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het."* (Deu 6:22-25) **So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.**

- Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: *"Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* (Heb 8:10) *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word:* ***DIE HERE ONS GEREGTIGHEID****".* (Jer 23:5-6) So ons geregtigheid is Jesus as verlosser.

6. Op wie was dit van toepassing?

- Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. "*Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. (Eks 12:49)En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee."* So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Maar dit was ook die eerste gemeente op aarde. Moses gebruik hier die woord vergadering van Israel om na hulle te verwys. Wanneer ons die benaming van gemeente of vergadering van Israel na soek in die Ou Vertaling word dit 80 keer gebruik om na die kinders van die HERE te verwys. In die Engelse King James Version van die Bybel word die woord "congregation" 363 keer gebruik in 350 verse om na Israel as "congregation" of in Afrikaans gemeente, te verwys. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het.*" Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies".*

- Verbond met Christus as Lam: **Daar is geen verandering nie.** Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: *"In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon;* ***en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."*** Jer 33:16 Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : *"****Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan****, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."* Heb 4:16.

Geregtigheid

Paulus beskryf Jesus se geregtigheid as volg: *"Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.* ***Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.*** *Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* (Rom 10:3-10)

Wanneer word ek dus deel van die Verbond met Christus as Lam? Met Nagmaal, soos in Israel se tyd met die pasga. So dit beteken ook dat geen onbesnedene mag deel hê aan die nagmaal nie, aangesien die nagmaal die bewys is dat ek my lewe prys gegee het, en 'n lewe kies wat ek in gehoorsaamheid aan die Vader sal leef.

Wat sê die Nuwe Testament daaroor? Wanneer sal ek oorwin en hoe oorwin ons? *"En hulle het hom(Satan) oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie"*. Openbaring 12 vers 11.

Wat is die ooreenkoms met die verbond voor Christus?

- Met die bloed van die Lam (Bloed aan die deurposte)

- Woord van hulle getuienis (Besnyding)

- En hulle het tot die dood hulle lewe nie liefgehad nie. Ons moet ons kruis elke dag opneem en sterf aan ons eie wil. *"En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.* ***Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, hy sal dit red"****(*Luk 9:23-24)

So is dit met ons as kinders van die HERE. Ons almal word deel van die verbond wanneer ons besluit om Hom te volg en ons lewe neer te lê. Ons almal wat die Bybel ken volg Israel en die pad wat hulle moes neem tot in Kanaän, omdat dit die voorbeeld is wat vir ons opgeskrywe is en wat ons stap vir stap kan navolg. Dit is ook die land wat aan Abraham as 'n ewige besitting gegee is. Na ons dood gaan ons almal, al Abraham se nageslag, leer om die HERE te dien vir wie Hy is, en om eendag saam in die Nuwe Jerusalem te kan woon. *"En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem."*(Jes 2:3, Miga 4:2)

Dit is ook die eerste stap wat die Heilige Gees in elke persoon op aarde kom doen. *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom,* ***sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde,*** *omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."* (Joh 16:7-11)

So alle persone het die vermoë om te kies aangesien die Bybel onomwonde bevestig dat die Heilige Gees gekom het om die wêreld te oortuig van sonde, en te leer wat geregtigheid is. So sal almal wat die lewe kies, gered word. *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,* ***sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.*** *Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie"*(Joh 3:16-18) Ons moet dus glo dat Jesus die volmaakte offer vir sonde was, en dat ons slegs deur dit wat Hy gedoen het vir ons, die reg het om kinders van God genoem te word.

Indien u nie die HERE kies in hierdie lewe nie, so u glo nie dat die enigste weg na die Vader Jesus is nie, sal u skuldig staan by die wit troon oordeel. *"En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding."(*Open 20:5). *"En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen.* ***En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke****. En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van*

vuur gewerp. Dit is die tweede dood. ***En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp."*****(**Open 20:11-15)

Wat beteken Jesus se verbond van geregtigheid dus?

Die definisie wat ek daaraan wil gee is as volg:

Die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons 'n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.

Watter stappe volg dan na die verbond?

Ons moet uit Egipte trek, deur gedoop te word. Dit is waar die krag van Satan, in Israel se tyd, die Farao, gebreek word in jou lewe, en jy jou onder die heerskappy van die Vader plaas. Hier verlaat jy die gebied waaroor die Satan heers, en hoef jy nie meer bakstene te maak om Satan se koninkryk uit te brei nie. Na die doop het die sonde nie meer mag oor jou nie. *"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here.* ***Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.*** *En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"* (Rom 6:11-16)

So dit is wat die doop vir ons beteken. Dat die mag van Satan en sy medewerkers gedood word in die doopwater, en ek uit die doopwater opstaan as 'n nuwe skepsel, en is ek nie meer in Egipte waar ek aan Satan se ryk werk nie, maar dat ek nou onder die beskerming van die Vader staan wat dit moontlik gemaak het vir my om sonder sonde uit die doopwater te verrys.

Soos Israel moet ons ook die doping in die Heilige Gees ontvang. *"Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê.* ***En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie.*** *Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en die Gees het op hulle gerus—hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie—en hulle het in die laer geprofeteer. Toe hardloop 'n seun en vertel dit aan Moses en sê: Eldad en Medad profeteer in die laer. En Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses van sy jeug af, antwoord en sê: My heer Moses, belet hulle dit! Maar Moses sê vir hom: Ywer jy vir my?* ***Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!"*** (Num 11:25-29)

Hoe het Jesus dit gestel: *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!* ***Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.*** *En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."* (Joh 7:37-39)

By Sinai gaan ons tyd spandeer om die wet van die HERE in ons harte te ontvang. Hierdie is die leer gedeelte van ons lewe waar ons sal uitvind wat is reg en wat is verkeerd vir die HERE, en dit is wat ons plaaslike leraar moet doen. Dit is wat met Israel by Sinai gebeur het. Gedurende die tyd sal die HERE Homself openbaar vir wie Hy is. Hy sal vir ons bonatuurlik sorg soos vir Israel van ouds met brood en vleis, kwartels en manna. Dit is ook die plek waar die Heilige Gees ons sal onderrig. *"Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het."* (Joh 14:25-26)

Sodra ons opleiding verby is, sal ons 'n roeping ervaar om in Kanaän te gaan. Dit is die tyd wanneer ons oorgaan van die sesde dag na die sewende dag van die HERE, wanneer ons besef dat niks wat ons kan doen ooit sal maak dat ons in die Koninkryk van God sal kan ingaan nie, maar slegs geloof in Jesus Christus. Dit is waarvan ons in die Hebreërs boek lees in hoofstuk drie en vier: *"Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.* ***Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.*** *Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie."* (Heb 4:1-11)

Onthou net dat 'n persoon nie moet wag om in die HERE se rus in te gaan nie, want elke dag is vandag. Ek kan nie uitstel en sê ek sal dit more doen nie, want die Bybel sê duidelik vandag as jy My stem hoor. Ons almal het 'n roeping, en dit is om mense dissipels te maak, om Jesus se beeld uit te straal. Sommige persone sal die oproep aanvaar en Kanaän ingaan, terwyl die res sal sterf in die woestyn. Dit is die verskil, die sesde dag is in die woestyn alhoewel jy gedoop is, maar die sewende dag is die rusdag en Kanaän, dit waar die HERE wil hê dat ek en jy moet ingaan. *"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.* (Mat 28:18-20)

Die meeste mense wat in Kanaän ingaan sal glo dat hulle 'n koning moet dien soos Israel. ('n Koning is iemand wat oor jou sal heers en mag 'n geestelike vader wees of selfs jou kerkverband.) Die eerste boek van Samuel doen verslag as volg: *"Toe sê die HERE vir Samuel:* ***Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.*** *Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het—so doen hulle ook met jou.* ***Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer."*** (1Sa 8:7-9)

Meeste van die mense wat in Kanaän ingaan, sal sterf terwyl hulle hierdie koning dien, terwyl ‘n oorblyfsel geroep sal word om in ballingskap te gaan. *“En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk,* ***Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood****: hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes;* ***maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom ‘n buit wees.”***(Jer 21:8-9)

Ballingskap

Wat is dit dan met ballingskap? Kom ons kyk na ‘n paar verse en verklarings oor ballingskap. Die eerste is die fisiese ballingskap. In die Bybelse tyd is die verloorder in ‘n oorlog altyd in ballingskap weggevoer na die oorwinnaar se land toe. Die verloorder het al sy roerende bates verloor en moes die oorwinnaar se slaaf word. Wanneer iemand dus in ballingskap gegaan het, is sy hele huis se meubels, sy skoene, sy staf ensovoorts, na buite gedra en dan het die persoon vertrek. Al wat agter gebly het was sy huis. Wat is die betekenis vir ons vandag? Ek moet die oorlog teen die HERE verloor, sodat ek Sy slaaf kan word, en weggevoer kan word na Sy land, Sy Kanaän. Ek moet my hele vertroue in Hom plaas sodat ek soos ‘n slaaf ten volle van Hom afhanklik moet wees vir dit wat ek moet doen en dit wat ek nodig het om te oorleef. Hy moet soos in die tye van ouds vir my sorg vir huisvesting en vir die daaglikse voedsel. Hy het duur betaal vir my, met Sy bloed. U sien Hy het die dood wat vir my bestem was, oorwin, maar dit het Sy lewe gekos. So vir my beteken dit dat ek fisies my lewe by die kruis moet gaan neerlê, en my onderdanig aan Hom stel, sodat Hy vir my kan sorg. So sal ek dan tot die besef kom dat alles wat ek het, en alles wat ek is, net genade is en van die HERE afkomstig is.

Die tweede gedeelte, oor ons geestelike ballingskap, kom uit Jeremia 48 vanaf vers 11 : *“Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie.”* Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet.

Hierdie skoonmaak proses is ook nie iets wat skielik kan plaasvind nie, aangesien ek tyd moet toelaat vir die afsaksel om weer op die bodem te gaan lê voordat ek weer afgegooi kan word. Dit is ook nie ‘n proses wat op jou afgedwing word nie. Jy moet self besluit om deur hierdie proses te gaan om introspeksie te hou in jou lewe sodat alles wat nie reg is in jou lewe, verwyder kan word.

Daar was wel van die Israeliete wat gesê dat hulle in Jerusalem wou bly, want dit help nie om weg te hardloop nie, al was hulle beleër. Die antwoord wat die HERE vir hulle gehad het, was dat die wat in Jerusalem sou bly, sou sterf, of deur die hongersnood, of deur die pes, of deur die swaard. So as u wil weet of u in die groep val, is daar ‘n paar vrae wat vir u 'n antwoord sal verskaf. Die eerste vraag is of u nog iets by u gemeente leer? Kan u 'n nuwe bekeerling leer aangaande al die vereistes wat daar is om te verseker dat hy 'n kind van die HERE is? Weet u presies wat die leerstelling van handoplegging behels, hoe dit gebruik moet word en of dit nog van pas is? Dit is wat gebeur wanneer ons tevrede raak met ons stand as Christene. Ons hou op om te leer, en sodoende sal ons sterf aan hongersnood. Wat het u die afgelope jaar geleer?

Die tweede vraag, en dit is die rede wat Jeremia vir die mense gee, is dat hulle sal sterf aan die pes. Hoe weet ek of ek die pes het? Die pes hier beteken vir ons dat ons verklaar dat ons groep alles reg doen en dat ons seker is dat almal wat aan ons groep behoort, die ewige lewe sal beërwe. U sien ons hou nie van introspeksie nie, want dit beteken dat ek die goed wat ek nie mee tevrede is in my lewe, weer in die oog moet kyk. Dit beteken ook dat ek die vraag moet vra of elke beginsel wat ek aan vashou, Bybels is. Hoeveel gewoontes en beginsels het u wat dalk nie in die Bybel gevind kan word nie? Ek besit ook die pes as ek verklaar dat die mense maar kan aangaan met al hulle waarskuwings en debatte, want hulle sal ook eendag "bykom". My lewe is mos heel goed, en ons moet ook nie 'n "te" by alles sit nie. Dit is die groep wat Jeremia verklaar sal sterf van die pes.

Die derde rede hoekom hulle sal sterf is deur die swaard. Wie is die groep dan? Dit is die groep wat besluit dat hulle nie in die eerste twee pas nie, en hulle dus onttrek van hulle gemeente en mede Christene. Hulle wil soos in Jeremia se tyd uit Jerusalem gaan en in die naburige dele gaan woon. Maar Esegiël het ook verklaar dat hulle sal sterf deur die swaard as hulle uit die stad uitgaan. Weet u ons kan nie sonder mede Christene klaar kom nie? Indien ons dit probeer doen is dit dan dat ons na die Bybel gryp en allerhande snaakse leerstellings mee kom, wat uiteindelik ons dood beteken. Die Woord van God is die swaard wat ons sal oordeel.

Dan is daar ook die mense wat aangedring het om na Egipte terug te keer. In die geskiedenis het hulle Jeremia saam met hulle terug geneem, maar weet u, hulle het nooit weer die geleentheid gekry om terug te keer na Jerusalem nie. *“Daarom, so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Kyk, Ek rig my aangesig teen julle ten kwade en om die hele Juda uit te roei.* ***En Ek sal die oorblyfsel van Juda wegneem, wat hulle aangesig gerig het om na Egipteland te trek, om daar as vreemdelinge te vertoef; en hulle sal almal in Egipteland omkom.*** *Deur die swaard sal hulle val, deur die hongersnood sal hulle verteer word, groot sowel as klein; deur die swaard en die hongersnood sal hulle sterwe;* ***en hulle sal ‘n voorwerp van verwensing, van verbasing en van vervloeking en smaad word. En Ek sal besoeking doen oor die wat in Egipteland woon, soos Ek besoeking gedoen het oor Jerusalem deur die swaard, die hongersnood en die pes; sodat daar geeneen sal wees wat ontvlug of vryraak vir die oorblyfsel van Juda wat in Egipteland gekom het om daar as vreemdelinge te vertoef nie, dat hulle kan teruggaan in die land Juda waar hulle siel na verlang om terug te gaan, om daar te woon; want hulle sal nie terug gaan behalwe enkele vlugtelinge nie.”(****Jer 44:11-14)*Die enkele vlugtelinge wat wel kon terugkeer was Jeremia en Barug se mense aangesien hulle gedwing was om na Egipte te gaan. Hulle is later deur Nebukadnésar na Babilon geneem toe hy Egipte beset het. **So ek kan nie terugkeer na my vorige lewe van Egipte nie, want dan sal ek die tweede dood van Openbaring sterf.** Dit is hoe ons dit in Hebreërs lees: *“Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,* ***en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak****.”* (Heb 6:4-6)

U sien die HERE vra ons om uit te kom onder die heerskappy van ons aardse "koning", of in ons geval ons gemeente of kerk groep, en dat ons nie moet vertrou op ons lidmaatskap van 'n gemeente om sodoende die ewige lewe te beërf nie. Nee, ons moet ons losmaak van die gedagte dat lidmaatskap ons kan red, en ons skaar by die Kerk wat Jesus bou. U sien Hy is nie besig om 'n klomp bruide voor te berei nie, nee Hy wil een bruid hê, maar sy moet skoon en heilig voor Hom kan staan. Dit beteken nie dat ek my lidmaatskap van my gemeente moet opsê en nou kerkloos rond te loop nie. Nee, ek moet my vertroue alleen op die HERE stel, dit is wat gevra word. Verder word van ons verwag om soos 'n Daniël en sy vriende die regering tee te

staan as hulle allerhande verkeerde norme op ons wil afdwing. Daniël het nie gehuiwer om in die openbaar te bid nie. Hy het geweet dat die aardse gesag nie die opperste gesag is nie, maar dat slegs die HERE enige gesag mag afdwing.

Die gelowiges van die groep verwag nie net herlewing nie, maar ware hervorming, of ballingskap. Wat is die verskil tussen die twee begrippe? Herlewing vir my beteken dat ek net moet gaan soek na dit wat lewe bring, en dit dan verkondig. Indien daar lewe was by iemand, sal dit weer die lewe laat vlam vat. Hervorming aan die ander kant beteken dat ek ontslae raak van dit wat nie van die HERE is nie, en ‘n nuwe lewe begin. Dit is dan ook hoekom die HERE die term van ballingskap gebruik, want ek moet van my afsaksel geskei word.

Hoe weet ek dit is waar? Dieselfde vraag as die een in Jeremia word in Openbaring gevra. *"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie”.* (Open 18:4)

U sien as u nie in ballingskap gaan nie, is u besig met godsdiens. En godsdiens is dieselfde as hoerery, en dan is ons deel van die hoer van Openbaring 18. Ek weet ek wil, en ek is seker u wil, deel wees van die Bruid van Christus, daarom moet ek in ballingskap gaan.

Sodra die mense hulle tyd in ballingskap volbring het, sal hulle terugkeer na Jerusalem, die gelowiges, en die ware tempel van die HERE (die Kerk) herstel.

Dit dan ‘n **kort oorsig van die eeu oue verbond en wat dit vir ons vandag beteken.** Dit is ook wat ek moes boekstaaf vir myself en die mense wat ek mee in verhouding staan. Ek het begin soek na my eerste operasie vir kanker, en het geëindig by dit wat vir my die sekerheid gegee het dat ek by die Vader en Jesus sal wees die dag wanneer hierdie siekte uiteindelik my lewe sal neem. Nou kan ek met vrymoedigheid elke dag lewe en weet dat die ewige dood geen mag oor my het nie.

Wat is die gevolge van die verbond op ons huidige teologiese standpunte?

Gevolge van die verbond van geregtigheid vir Israel

Wat dan van Israel as nasie vandag? Hulle moet ook deel word van die verbond wat met Jesus bekragtig is. Soos ons vroeër al gesien het moet alle mense deel word van die verbond. Die volk Israel van vandag en die land Israel van vandag het **NIKS** met die Bybel te doen nie. Jesus het self verklaar dat hulle verwerp is, omdat hulle Hom verwerp het. In Matteus kom die volgende gelykenis voor: “*Luister na ‘n ander gelykenis: Daar was ‘n sekere huisheer wat ‘n wingerd geplant het; en hy het ‘n heining daarom gesit en ‘n parskuip daarin gegrawe en ‘n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en ‘n ander een doodgemaak en ‘n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak.* ***Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.*** *En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom,* ***wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle ‘n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee.*** *Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword. Hy het*

van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? ***Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.*** *En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel.* ***En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.*** *En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:33-46) Ek was eendag in gesprek met iemand oor die gedeelte en het ek seker die skreeu snaakste verduideliking gekry wat jy kan kry. Hy het aangevoer dat die koninkryk weggevat word van die Fariseërs en aan die dissipels gegee word. Ek het nog al die tyd gedink hulle is dieselfde nasie, maar volgens sy verklaring is dit glo nie so nie. Die gelykenis is gebaseer op 'n profesie van Jesaja in hoofstuk vyf.

Lukas het weer 'n ander gedeelte opgeteken: *"En toe Hy naby kom en die stad sien, het Hy daaroor geween en gesê: As jy tog maar geweet het, ja, ook in hierdie dag van jou, die dinge wat tot jou vrede dien! Maar nou is dit vir jou oë bedek. Want daar sal dae oor jou kom dat jou vyande 'n skans rondom jou sal opwerp en jou omsingel en jou van alle kante insluit. En hulle sal jou en jou kinders in jou teen die grond verpletter; en hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie,* ***omdat jy die gunstige tyd toe God jou besoek het, nie opgemerk het nie.****"* (Luk 19:41-44)

Dit bewys weereens vir ons dat Israel en sy bewoners, en almal wat die Joodse geloof aanhang wêreldwyd, moet deel word van die verbond met Jesus, om die ewige lewe te beërf. Jesus is die weg en die lewe, Hy alleen. Dit is wat Paulus, Barnabas en al die Apostels verkondig het. Daar is nie 'n ander plan vir hulle nie.

Wanneer ons na die boek van Handelinge kyk, vind ons dat beide Paulus en Barnabas, wat baie mense dink net die heidene bedien het, elke keer wanneer hulle in 'n gebied aangekom het na die Joodse sinagoge toe gegaan het om daar te leer.

Hier dan 'n verkorte lys van die gebeure:

- *Hand 13:14 "Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit."*

- *Hand 13:42 "En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. Hand 13:43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly."*

- *Hand 14:1 "En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gespreek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het."*

- *Hand 17:1 "Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte Hand 17:3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie*

Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus."

- *Hand 17:10 "Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. "*

- *Hand 17:16 "En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hand 17:17 Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. "*

- *Hand 18:1 "En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. Hand 18:4 En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig. "*

- *Hand 18:19 "En hy het in Éfese aankom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek."*

- *Hand 11:25 "Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. Hand 11:26En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem."*

So indien Paulus dus 'n geheimenis gehad het dat daar 'n verskil tussen Israel en die Kerk (Christene) is en daar dus 'n wegraping moet wees sodat Christus weer fisies die koning van die Jode moes word het hy mos sy tyd gemors om elke keer na die sinagoge toe te gaan en vir die Jode te probeer oortuig dat Jesus die Christus is. Hulle, die bekeerde Jode en Grieke, het dan reeds as Kerk(Christene) bekend gestaan in Paulus se tyd. Dit is ook hierdie selfde Jode wat Paulus gestenig het en gelos het vir dood, en Barnabas van 'n tempel in Ciprus geneem het en hom aan sy nek opgehang het en terwyl hy nog lewend was, hom verbrand het. Om nou te probeer bewys dat die HERE weer vir Christus sal stuur om hierdie mense wat dieselfde stand as enige ander nie gelowige het, te kom red is waansinnigheid en in stryd met die gebeure in die Bybel.

Wanneer ons na die Ou Verbond kyk, sien ons hoe die profete een na die ander vir Israel vertel dat die HERE hulle verwerp het. So vir die Israelvisie mense en die wat in die wegraping glo het ek ook 'n paar verse ingesluit.

Die **verwerping** van Israel kan gesien word in die volgende tekste:

- *Jer 6:30 "Hulle word genoem: **Verworpe** silwer; want die HERE het hulle **verwerp**."*

- *Jer 7:15 "En Ek sal julle van my aangesig **wegwerp** soos Ek al julle broers, die hele geslag van Efraim, weggewerp het."*

- *Jer 12:7 "Ek het my huis **verlaat**, Ek het my erfenis **verwerp**, Ek het die beminde van my*

siel in die hand van haar vyande gegee."

- *Jer 15:6 "Jy het My verwerp, spreek die HERE, jy het ál agteruitgegaan; daarom strek Ek my hand teen jou uit en **verwoes jou**; Ek is moeg om berou te hê."*

- *Jer 30:12 "Want so sê die HERE: Jou verbreking is **ongeneeslik**, jou wond is **smartlik**."*

- *Jer 31:36-37 "As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, **dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd**. (37) So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan **sal Ek ook die hele nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle gedoen het**, spreek die HERE."*

- *Ps 53:6 (vers 5 in ander tekste): "Dáár het skrik hulle oorweldig sonder dat daar skrik was; want God het die beendere verstrooi van hom wat jou beleër het; jy het hulle beskaamd gemaak, want God het hulle **verwerp**."*

- *Ps 78:58-59 "En hulle het Hom geterg deur hul hoogtes en deur hul **gesnede beelde** sy jaloersheid gewek. (59) God het dit gehoor en toornig geword, en Hy het **Israel heeltemal verwerp**."*

- *2 Kon 17:19-20 "Selfs Juda het die gebooie van die HERE hulle God nie gehou nie, maar gewandel in die insettinge van Israel wat hulle gemaak het. (20) Daarom het die HERE die **hele geslag van Israel verwerp** en hulle verneder en hulle in die hand van rowers oorgegee totdat Hy hulle **van sy aangesig weggewerp het**."*

- *2 Kon 23:27 "En die HERE het gesê: Ek sal Juda ook **van my aangesig verwyder** soos Ek Israel verwyder het; en Ek sal hierdie stad **Jerusalem verwerp** wat Ek verkies het, en die huis waarvan Ek gesê het: My Naam sal daar wees."*

- *2 Kron 7:19-20 "Maar as júlle afkerig word en my insettinge en my gebooie wat Ek julle voorgehou het, **verlaat en ander gode gaan dien** en julle voor hulle neerbuig, (20) dan sal Ek hulle uitruk uit my land wat Ek aan hulle gegee het, en hierdie huis wat Ek vir my Naam geheilig het, sal Ek **van my aangesig wegwerp** en daarvan 'n spreekwoord en 'n spotlied maak onder al die volke."*

- *Hos 4:6 "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, **sal Ek jou verwerp**, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook **jou kinders vergeet**."*

- *Hos 9:17 "My God sal **hulle verwerp**, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle*

sal rondswerwe onder die nasies."

- *1 Tess 2:14-16 "Want julle, broeders, het navolgers geword van die gemeentes van God wat in Christus Jesus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het van julle eie stamgenote net soos hulle van die **Jode** [Judeërs], (15) wat ook die Here Jesus en hulle eie profete gedood en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense gekant is, (16) deurdat hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek dat hulle gered kan word, sodat hulle die maat van hulle sondes gedurig vol kan maak. Maar die **toorn het oor hulle gekom tot die einde toe**."*

So indien jy wil erken dat jy verseker deur die HERE verwerp is, gaan maar voort in jou dwaling.

Dan vir die wat glo dat die Jode eers gered moet word voor die einde van die tyd, die volgende. Wat word die Jode van vandag geleer oor Jesus? Ek het dit in Engels gelos sodat niemand my kan aanvat dat ek dit verkeerd vertaal het nie. Die kom direk uit die Talmud wat deur die Joodse geloof aanhang:

- "***** "'Yashu' (derogatory for 'Jesus') is in Hell being boiled in hot excrement." (Gittin 57a)

- ['Yashu' is an acronym for the Jewish curse, 'May his (Jesus) name be wiped out forevermore.']

- Yashu (Jesus) was sexually immoral and worshipped a brick." (Sanhedrin 107b)

- "Yashu (Jesus) was cut off from the Jewish people for his wickedness and refused to repent." (Sotah 47a)

- "Miriam the hairdresser had sex with many men." (Shabbath 104b, Hebrew Edition only)

- "She who was the descendant of princes and governors (the virgin Mary) played the harlot with carpenters." (Sanhedrin 106a)

- "Christians who reject the Talmud will go to hell and be punished there for all generations." (Rosh Hashanah 17a)"

Ek wil graag 'n voorbeeld gebruik wat vir u sal verduidelik waar ons as Christene inpas. Paulus skryf in Romeine die volgende: *"Ek vra dan: Het hulle miskien gestruikel om te val? Nee, stellig nie! Maar deur hulle val het die saligheid tot die heidene gekom om hulle jaloers te maak. En as hulle val die rykdom van die wêreld is en hulle tekort die rykdom van die heidene, hoeveel te meer sal hulle volheid dit nie wees nie! Want aan julle heidene sê ek: Vir sover as ek 'n apostel van die heidene is, verheerlik ek my bediening as ek tog maar net my eie volk jaloers kan maak en sommige uit hulle kan red! Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode? En as die eerstelinge heilig is, dan die deeg ook; en as die wortel heilig is, dan die takke ook. En as sommige van die takke afgebreek is, en*

*jy wat ‘n wilde olyfboom was, onder hulle ingeënt is en deel gekry het aan die wortel en die vettigheid van die olyfboom, moet dan nie teen die takke roem nie; en as jy roem dit is nie jy wat die wortel dra nie, maar die wortel vir jou. Jy sal dan sê: Die takke is afgebreek, sodat ek ingeënt kon word. Goed! Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees.”(*Rom 11:11-20)

Ek glo elkeen van ons weet hoe ‘n steggie by die onderstok in geënt word. Die steggie het geen wortels nie, maar dit is wat ons as die plant koop omdat dit die regte blom of in vrugtebome variëteit is. So die vrugte is wat ons koop, maar die onderstok van die roos of die vrugteboom is wat die kos verskaf aan die steggie. Dit is hoe ons as Christene by die onderstok ingeplant word, en Israel as die oorspronklike plant afgesny is. Die HERE is die onderstok en wortels. Maar sodra jy toelaat dat die oorspronklike onderstok weer takke uitstoot, gaan dit die ingeënte plant dood groei. So dit moet verwyder word. Dieselfde met ons as Christene. Die oomblik wanneer ons die Joodse onderstok geleentheid gee om te groei, gaan ons as Kerk sterwe. So kom weg van almal wat enigsins iets met die Joodse geloof van vandag te doen het. Dit geld ook vir die wat die Jode van vandag weer wil kans gee om op ‘n ander manier deel te word van Jesus se volk. Daar is net een volk, en dit is die Kerk van Jesus. Daar is nie plek vir tweedehandse Christene soos wat die wegrapers ons wil vertel ons is nie. Hulle sal nog leer dat hulle lering die van die antichris is.

Gevolge van die verbond van geregtigheid vir Calvinisme

En wat van Calvyn se uitverkiesings leer? My persoonlike siening is dat sy leer aanklank vind by die persone wat filosofie verkies. Dan kan hulle baie filosofeer oor die saak, en by allerhande slotsomme kom sonder om enigsins by die Bybelse antwoord uit te kom. En dan het Calvyn, soos sovele ander, die voorbeeld van Israel verwerp, want hulle is bang dat die HERE met hulle ook sal doen soos Hy met Israel gedoen het. Ek was eendag teenwoordig toe ‘n dominee juis oor Israel as voorbeeld gepreek het, en is hy onmiddellik na die diens aangevat deur van die ouderlinge wat hom summier wou skors uit die gemeente omdat hy dit durf waag het om ‘n parallel te trek tussen Israel en gelowiges. So Calvyn het sy hele filosofie en geloofstelsel gebou op slegs die Nuwe Testament en dele wat hy uit die Ou Testament kon gebruik om sy punt mee te bewys. Dit is wat gebeur as jy jou hele leerstellings bou op slegs die nuwe testament, soos die Katolieke, Luther met sy eie gesegdes en haat teenoor die Jode, en sommer ‘n hele klomp ander bewegings ook. Onthou net dat beide Luther en Calvyn uit die Rooms Katolieke kerk gekom het, en slegs die gedeeltes van hulle standpunte verander het waarmee hulle nie saamgestem het nie. Die feit dat die apostels en dissipels net die Ou Verbond gehad het om met mense te deel en onderrig, is blykbaar nie belangrik nie. Handelinge 17 leer ons juis die volgende: *“Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang* ***en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.*** *Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke ‘n groot aantal, vroue en manne.(Hand 17:10-12).”* Ek neem aan die enigste skrifte wat hulle kon ondersoek was die wet en die profete. Wat Calvyn se leer nog verder negeer, is dat hy persoonlik nie juis aan Hebreërs se voorskrifte voldoen nie. Heb 13:7 *“Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.”* Calvyn se eie uitspraak is as volg: *"Honour, glory, and riches shall be the reward of your pains; but above all, do not fail to rid the country of those scoundrels, who stir up the people to revolt against us.* ***Such monsters should be exterminated, as I have exterminated Michael Servetus the Spaniard****."* Calvyn aanvaar hier dat hy moord gepleeg het, en ek wil sekerlik nie iemand volg wat ‘n self verklaarde

moordenaar is en ander aanmoedig om te moor nie. Jesus het ook oor hierdie mense gewaarsku. *"Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie. Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het. Maar Ek het julle dit nie van die begin af gesê nie, omdat Ek saam met julle was".* (Joh 16:1-4)

En dan wil hulle nie glo dat jy eers moet besef dat jy 'n verlosser nodig het voordat kan dink om jou lewe neer te lê by die kruis en deel te word van die verbond nie. Met die uittog uit Egipte het die HERE nie die kinders gestraf omdat hulle vaders nie in die beloofde land gegaan het nie. Nee, die Bybel stel dit so: Num 14:29 ***"Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo,*** *julle wat teen My gemurmureer het*." So die kinders moet eers mondig wees voordat hulle uit Egipte kan trek en self verantwoordelikheid neem vir hulle lewe. Baba doop het geen invloed op jou lewe nie en bly jy in Egipte. Dit is hoekom die Calviniste so maklik swig vir versoekings, want hulle staan nog onder die koningskap van die Farao. En omdat hulle nog onder die heerskappy van die Farao staan maak hulle bakstene vir hom, en bou hulle sy ryk uit. Hulle is wel deel van die verbond, maar dit is een rede waarom hulle nog na die dood eers sal moet leer wie die HERE werklik is. *"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie.* ***En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie.*** *Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie."(Zec 14:17-19)* Hoekom die huttefees? Want dit is die fees wat Israel moes vier om hulle te herinner aan die uittog uit Egipte. *"Spreek met die kinders van Israel en sê:* ***Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE.*** *Op die eerste dag moet daar 'n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Sewe dae lank moet julle aan die HERE 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle 'n heilige vierdag wees, en julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring. Dit is 'n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie. Dit is die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE 'n vuuroffer te bring: 'n brandoffer en spysoffer, 'n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe; behalwe die sabbatte van die HERE en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee. Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier.* ***Dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het.*** *Ek is die HERE julle God."* (Lev 23:34-43)

Kinders wat nog nie mondig is nie moet die vader van die huis voor verantwoordelikheid doen by die HERE. *"Maar ek sê: So lank as die erfgenaam 'n kind is, verskil hy niks van 'n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal."* (Gal 4:1-2)

'n Verdere probleem wat ek met Calvyn se standpunt het is dat Jesus nie vir alle mense gesterf het nie, maar slegs vir die wat Hy uitverkies het. ***"en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van***

***sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie**;"* (Joh 16:8-9) Volgens die gedeelte is dit juis die eerste rede waarom die Heilige Gees gekom het, om die wêreld, nie net die sogenaamde "uitverkiestes", te oortuig van sonde sodat niemand met die oordeelsdag kan kla dat hulle nie geweet het nie. So dit vir my negeer Calvyn se standpunt.

Dan wil ek ook net noem dat vanaf die 1983 vertaling van die Bybel, die teoloë en vertalers, wat ek aanneem meeste met 'n Calvinistiese agtergrond, die begrip van en die woord geregtigheid heeltemal afgewater het of soos in die 2008 vertaling heeltemal verwyder het. Die woord geregtigheid kom 322 keer voor in 305 verse in die 1953 vertaling, en slegs 40 keer voor in die 1983 vertaling.

Ek wil graag die Calviniste los met 'n gedeelte uit Esegiël wat ek graag wil hê hulle oor moet nadink, want dit strook nie met Calvyn se lerings nie. Ons moet ook onthou dat die HERE van die Ou Verbond nog dieselfde HERE is as die HERE van die Nuwe Verbond. *"Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe. Tog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor tog, o huis van Israel! Is my weg nie reg nie? Is júlle weë nie onreg nie? As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sterf hy ten gevolge daarvan; deur sy onreg wat hy gedoen het, sterf hy. En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen—hy sal sy siel in die lewe behou; hy het dit ingesien en hom bekeer van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie."* (Esg 18:23-28)

Esegiël het ook die volgende opgeteken: *"As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered."* (Esg 33:8-9)

En dit geld vir ALLE mense. In Efesiërs verklaar Paulus self die volgende oor Israel: *"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra."*(1Ko 10:11-13)

Gevolge van die verbond van geregtigheid vir Dispensasionelisme

Hierdie klomp mense probeer so hard om die Bybel by hulle geloof aan te pas dat hulle met baie snaakse voorbeelde kom, en dan ook uitsprake van Jesus verwerp. Aan die kruis het Jesus gesê ***"Dit is volbring"***. Maar hulle glo dat Jesus weer fisies moet kom om Israel te herstel, nadat Jesus alreeds vir hulle vertel het toe Hy op aarde was dat Hy hulle koninkryk weg geneem het. Soos ek vroeër ook aangehaal het: *"**Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.** En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. **En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek.** En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het".* Die gelykenis gaan nie verder om te kenne te gee dat

die Jode weer herstel sal word nie. En ons moet onthou dat dit Jesus is wat aan die woord is, so Hy sou sekerlik dit vir hulle gesê het as dit so beplan was, want Hy is darem God en weet alles.

Dit is juis wat Israel in Jesus se tyd verwag het, hulle het ‘n fisiese koning verwag, en nou maak hierdie mense dieselfde fout deur ‘n fisiese koninkryk te verwag op aarde.

Ek wil graag ‘n gedeelte aanhaal van wat ‘n leraar van hierdie leer op hulle webtuiste gepubliseer het na aanleiding van hulle leerstellings. *“Maar om bloot op grond van die feit dat Daniël 9 nie praat van 2000 jaar tussen twee verse nie, en dat Sagaria 9 nie praat van 2000 jaar tussen vers 9 en 10 nie, en dat Jesaja 9 nie praat van 2000 jaar en Miga 5 nie praat van 2000 jaar tussen verse 1 en 3 nie,* ***maak sekerlik en gewis nog nie dat die twee dele van die profesie in een en dieselfde tyd moet afspeel nie.*** *Die sleutel is DIE VERBORGENHEID”*. Volgens hulle is iemand wat nie die gedeelte glo nie, die behoort glo nie aan die HERE nie, want ons verstaan mos glo nie die verborgenheid nie. Die feit dat Jesus en Paulus presies vir ons vertel wat die verborgenheid is, dat die evangelie aan die ganse mensdom verkondig sal word, is glo nie die verborgenheid nie. *“waarvan ek ‘n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul, naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges,* ***aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.”*** **(**Col 1:25-27)

En dan wil hulle ook nie glo dat Jesus die skeiding tussen Israel en Kerk afgebreek het nie. Maar die verbond bewys geheel en al dat alle mense wat deel van die verbond word, Sy volk is. Paulus verklaar dat dit die geheimenis is wat die profete nie van geweet het nie, soos ek hierbo aangehaal het. **Ai tog, as hulle maar net die Bybel en Jesus se uitsprake wil glo.** As hierdie mense net die Bybel se uitsprake as die enigste leringe aanvaar, en nie die leerstellings van mense nie. Net om die gedeelte weer te bevestig is die volgende in Eksodus vir ons opgeteken: “Eks 12:49 *“****Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.*** *Eks 12:38* ***En ‘n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek,*** *en kleinvee en beeste—’n groot hoeveelheid vee.”* So selfs in Moses se tyd is nie-Jode ook as verbondsgenote gereken. Hierdie mense maak dieselfde fout as die Moslems, Mormone en sovele ander mense deur vas te hou aan die leerstellings van mense. Ek wil graag net weer herhaal wat Paulus gesê het en wat ek vroeër aangehaal het oor die Kerk en Israel: In Efesiërs 2 leer ons die volgende: “*Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,* ***dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte,*** *sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.* ***Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis****,* ***nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het****. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.* ***So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,*** *gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot ‘n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot ‘n woning van God in die Gees.* (Eph 2:11-22)

Dan leer hulle ook dat daar ‘n geheime wegraping sal plaasvind met die eerste koms van Jesus.

(Volgens hulle sal Jesus nie net eenkeer terug kom aarde toe nie). Nou wonder ek net of een van hulle eie verse wat hulle aanhang om hulle leer mee te staaf, dit kan bevestig of weerlê. Dit is wat die Bybel sê: ***"1Th 4:16-17 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.*** "Nou wonder ek net hoe dit 'n geheim sal wees as dit met basuin geklank aangekondig gaan word?

"En die Here het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is". Skynbaar is hierdie vers ook nie op hulle van toepassing nie. Hulle kan mos sommer net 'n kort gebedjie doen saam met iemand, of sommer namens iemand, en dan is die persoon gered. Die feit dat slegs die HERE mense in Sy koninkryk kan byvoeg dra geen gewig by hulle nie. *"Almal wat 'n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolg te word nie. Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem. Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag,* ***maar 'n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"*** (Gal 6:12-16) (Sien besnydenis vroeër in hierdie boek.) Die laaste reël is baie interessant. Dit is nie die God van Israel nie, maar die Israel van God, **so nie die fisiese Israel nie, maar die nuwe Israel, die wat kies om Hom te dien en deel word van die verbond.**

Gevolge van die verbond van geregtigheid op die Wegraping leerstelling

Hierdie mense kry jy onder baie verskillende teologiese opvattings, van Calviniste tot Pinkster, Israelvisie, Brits-Joods, Charismatiese lidmate en sommer 'n hele klomp tussen in. Hulle hoofrede is dat hulle glo dat Daniel 9 se laaste verse nog nie vervul is nie, en dat dit eers in die sewejarige verdrukking en daarna vervul sal word. Volgens hulle sal ons as "nie Jode" in die hemel wees en Christus sal op aarde saam met die Jode wees vir 'n duisend jaar. Volgens hulle is daar vyf of ses goed wat Jesus nog moet kom doen op aarde. **So hulle glo nie Jesus se uitspraak aan die kruis** volgens Johannes nie: *"Joh 19:30 Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê:* ***"Dit is volbring!"*** *Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas".*

Die leer is gegrond op die feit dat ons nou in 'n genade tyd leef, dat Jesus sal kom om die Kerk voor, gedurende of na die verdrukking weg te vat, dat die HERE dan vir Israel sal herstel, en dat Jesus dan weer sal kom om finaal die wêreld te oordeel. Die aanhangers van die leer beweer dat daar 'n verskil tussen die Kerk en Israel is, en dan verwys hulle na die geheimenis waarvan Paulus praat wat aan hom toevertrou is. Nou word daar beweer dat daar sekere gedeeltes in die Bybel is wat net sekere persone insae oor het, en dit handel oor die feit dat die HERE verskillend gaan optree teenoor die Kerk, as ons dit vergelyk met die Jode. Hulle grootste bewys wat gebruik word, is die gedeelte in Daniël 9 waar die 70 weke bespreek word, en word daar geleer dat die laaste week nog nie aangebreek het nie, en dat dit deel is van die geheimenis waarna Paulus verwys. Die feit dat Jesus en Paulus presies vir ons vertel dat die verborgenheid is, dat die evangelie aan die ganse mensdom verkondig sal word, is glo nie die verborgenheid nie. *"waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul,* ***naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was****, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges,* ***aan wie God wou bekend***

maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid." **(**Col 1:25-27)

Maar ons het so pas bewys dat daar nie 'n verskil tussen Israel en die Kerk is nie. So hoe bewys ek dan dat gedeeltes soos Daniël se sewentig weke reeds vervul is? Ek is bewus daarvan dat baie boeke al oor die wegraping geskryf is en dat persone al hul doktorsgrade verwerf het deur hieroor te skryf. Maar is hierdie leerstelling korrek?

Die wegraping is seker ook een van die leerstellings wat baie Christene gerus maak omdat hulle nie hoef bang te wees dat hulle deur die verdrukking hoef te gaan nie, want die verdrukking is mos net vir Israel en die ongelowiges, of dit is hoe die mense geleer word. Indien ons besef dat ons as Kerk nou Israel geword het, sit ons dus met die probleem dat ons dan ook die verdrukking sal moet deurgaan, en dan raak dinge 'n bietjie moeilik.

Die hele leer van die wegraping is gebaseer op 'n lering dat ons nou in 'n genade tyd leef wat inpas tussen weke 69 en 70 van Daniël. Daar is al baie boeke geskryf oor Daniel se sewentig weke, en hoe dit geïnterpreteer moet word. Oor die eerste 69 weke is almal dit min of meer een dat dit al verby is en dat dit dui op die tydperk van die terugkeer uit ballingskap tot en met die koms van Jesus. **En dan is daar ook die fiksie skrywers met hulle Left Behind reeks wat baie mense as die waarheid glo, alhoewel hulle self verklaar en pryse ontvang het as fiksie skrywers.**

Die laaste week is die een wat skielik so 160 jaar gelede deur 'n sekere Darby nuwe betekenis aan gegee is, en nou hardloop almal wat nie sterk is in die geloof nie, agter hom aan. Voor hom was daar geen lering oor 'n wegraping ooit deur die Kerk verkondig nie. Hy was ook die eerste persoon wat weer onderskeid tussen Israel en die Kerk gemaak het. Die lering het gemaak dat mense vandag duisende rande spandeer om na Israel te gaan en vir die Jode probeer namaak deur weer Shabbat te hou net sodat hulle gesien kan word dat hulle deel wil wees van die beweging om weer die tempel in Jerusalem te vestig, en weer allerhande offers in te stel aangesien Jesus nie geslaag het om diereoffers af te stel nie. Die feit dat meeste van vandag se Jode nie kan bewys dat hulle uit die oorspronklike Israel gekoppel kan word nie, word ook deur die mense ontken. Ons lees egter in die geskiedenis van Europa dat seker 90% van vandag se Jode, Ashkenazi Jode is en uit Europa afstam. So hulle is Europeërs en nie gebore Jode of Israeliete nie. Dit is ook hierdie Jode wat Hitler vermoor het, en die wat Luther in sy boek, "On the Jews and their lies", beskryf het dat die Duitsers hulle sinagoges moet afbrand en 'n hele klomp ander goed wat nie in hierdie dokument pas nie, en nooit deur enige teoloog aan sy gemeente sal voorhou nie.

Wat baie van die mense nie weet wat in die wegraping glo, is dat die enigste rede dat daar nou skielik 2000+ jaar as genade tyd gegee is, gebaseer is op 'n lering dat God die Vader en Jesus Christus nie geweet het dat die Jode vir Christus sou verwerp nie. Daar is hoevele geskrifte wat hierdie standpunt huldig. Nou moet ek ook erken dat dit baie moeilik is om vas te stel wat die leer van die wegraping eintlik is, aangesien daar seker net soveel verklarings is as wat daar mense is wat die lering aanhang. Elke leraar van die leer het sy eie interpretasie, en maak baie geld daarmee.

Maar hoe lui Daniël se profesie oor die sewentigste week*? "En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word."*(Dan 9:27) Hier profeteer Daniël dat in die laaste week, wat eintlik jare is, daar 'n nuwe verbond gesluit sal word. Wanneer ons na Jesus se bediening kyk, sien ons dat Hy vir drie en 'n halwe jaar deur Israel gegaan het om die

Israeliete te oortuig dat Hy die Christus is, en dat hulle hul moes bekeer en Hom sien vir wie Hy was. Na drie en ‘n half jaar, soos Daniël dit uitdruk, in die middel van die week, is Jesus gekruisig. Ons weet ook dat Jesus die volmaakte offer was en vir die Vader aanvaarbaar was, daarom het die offer soos Daniël dit noem dus ook opgehou, want dit was nie meer nodig nie. Daarna sal Jerusalem verwoes word. Dit word verder bespreek hieronder.

Kom ons behandel die gedeeltes in kronologiese volgorde soos deur Daniël geskryf. Die verbond wat Jesus gesluit het met ons as Nuwe Testamentiese Christene is die sterkste verbond wat daar kan wees, want die verbond is tussen God die Vader en Jesus Sy Seun namens ons gesluit. Ons weet dat Jesus self gesê het dat Hy gekom het om die verbond te vervul, daarom is Hy self geoffer, en daarom is dit die sterkste verbond wat daar kan wees. Mat 5:17*“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie.* ***Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”*** So het Hy die verbond met Abraham vervul, wat bepaal het dat mans besny moes word en slegs besnedenes nasate van Abraham en daarom erfgename en kinders van God genoem kon word. Ons moet onthou dat die HERE vir Abraham gevra het om Isak te offer, maar deur hom te vra om sy seun te offer, moes die Maker van die verbond dieselfde doen, en dit is hoekom Jesus geoffer moes word. Die eerste verbond moes aanhoudend bevestig word deur offers te bring aan die HERE, en moes alle manspersone besny word op die agste dag. Verder moes die volk tiendes betaal aan die Leviete vir hulle diens by die tempel, en moes alle eerstelinge aan die HERE geoffer word. Die besnydenis en offers was nodig omrede die HERE ‘n vloek op elke eersteling geplaas het met die uittog uit Egipte. So moes Jesus dus self sterf en opstaan uit die dood om as eersteling die vloek van Egipte te verwyder.

Die volgende is ‘n kort opsomming van Daniël se gesig en profesie wat hy van Gabriël ontvang het.

“By die begin van jou smekinge het ‘n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is ‘n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.” Daniël 9:23.

1 – “Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal,” (Sien ook Lev 25:9 “Jy moet ook sewe jaar weke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaar weke vir jou nege en veertig jaar is”). So die sewentig sewe talle is dus 490 weke waar een week getel word vir elke jaar.

2 – *“om die goddeloosheid te voleindig*” Dat gedurende die tyd die goddeloosheid van die HERE se volk sal verdwyn na die uitstorting van die Heilige Gees, waar almal wat die Heilige Gees ontvang ‘n hart van vlees ontvang sodat hulle nie meer goddeloos sal optree nie. Verder sal hulle dus deur die bloed van Jesus vrygekoop word aangesien Hy reeds vir ons sondes gesterf het.

3 – “*en om die maat van die sondes vol te maak”.* Dat daar ‘n einde sal kom aan die tydperk waar sonde heers oor God se kinders deur die wet, en Jesus die volmaakte offer vir sonde sal wees.

4 – “*en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring”* Dit is waarvoor Jesus gekom het; om versoening te bring sodat ons Sy geregtigheid kan ontvang wat ons sin word as deel van die Nuwe Verbond, waar ons nie meer gesien word deur ons sonde nie, maar onder die Bloed van Jesus, en dus sonder sonde voor die genadetroon van die Vader kan verskyn.

5 – *“en om gesig en profeet te beseël”* Om ‘n einde te bring aan al die profesieë rondom die eerste koms van Jesus as verlosser.

6 – *“en om wat hoogheilig is, te salf.”* Jesus moes dus ook gedurende die tydperk gesalf word as Koning, Verlosser, en Profeet.

So dit is alles wat gedurende die 490 weke moes gebeur. Nou begin Gabriël eers met ‘n uiteensetting van wat sal gedurende watter tydperk gebeur.

- “Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle;” maw 49 jaar voor die tempel herstel is.

- “en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid”. So na die herstel tot en met Jesus sal dit dus 434 jaar wees.(62 x 7)

- “En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word”, (so gedurende die 70 ste week) “maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings” Nou gee Gabriël hier te kenne dat Jesus gedurende die sewentigste week uitgeroei sal word, soos vroeër genoem, in die middel van die week sonder dat dit enige voordeel vir Homself inhou en dan ook wat met Jerusalem sal gebeur. Jerusalem sal deur ‘n vors wat sal kom, met ander woorde ‘n vors wat nie gedurende Daniël se tyd ‘n vors was nie, verwoes word, en Jerusalem se einde sal wees soos dit gebeur het, met die leërs wat soos ‘n vloed sal inkom en Jerusalem sal verwoes. Verwys maar gerus na Daniël 11:22, 26 en 40 waar soldate na as ‘n vloed verwys word. “en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings”. **Dit is vasbeslote verwoestings wat nooit sal ophou nie, dit is waarom daar tot vandag toe nog aanhoudende oorlog in, oor en om Jerusalem is.**

- Dan 9:27 “En hy sal een week lank met baie ‘n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.” Hier profeteer Daniël dat in die laaste week daar ‘n nuwe verbond gesluit sal word. Wanneer ons na Jesus se bediening kyk, sien ons dat Hy vir drie en ‘n halwe jaar deur Israel gegaan het om die Israeliete te oortuig dat Hy die Christus is, en dat hulle hul moes bekeer en Hom sien vir wie Hy was. Na drie en ‘n half jaar, soos Daniël dit uitdruk, in die middel van die week, is Jesus gekruisig. Ons weet ook dat Jesus die volmaakte offer was en vir die Vader aanvaarbaar was, daarom het die offer soos Daniël dit noem dus ook opgehou, want dit was nie meer nodig nie. Die verbond wat Jesus gesluit het met ons as Nuwe Testamentiese Christene is die sterkste verbond wat daar kan wees, want die verbond is tussen God die Vader en Jesus Sy Seun namens ons gesluit. Ons weet dat Jesus self gesê het dat Hy gekom het om die verbond te vervul, daarom is Hy self geoffer, en daarom is dit die sterkste verbond wat daar kan wees. Mat 5:17 “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.” So is die verbond met Abraham vervul, wat bepaal het dat mans besny moes word en slegs besnedenes nasate van Abraham en daarom erfgename en kinders van God genoem kon word. Ons moet onthou dat die HERE vir Abraham gevra het om Isak te offer, maar deur hom te vra

om sy seun te offer, moes die Maker van die verbond dieselfde doen, en dit is hoekom Jesus geoffer moes word. Die eerste verbond moes aanhoudend bevestig word deur offers te bring aan die HERE, en moes alle manspersone besny word op die agste dag. Verder moes die volk tiendes betaal aan die Leviete vir hulle diens by die tempel, en moes alle eerstelinge aan die HERE geoffer word. Die besnydenis en offers was nodig omrede die HERE ‘n vloek op elke eersteling geplaas het met die uittog uit Egipte. So moes Jesus dus self sterf as eersteling om die vloek van Egipte te verwyder, alle offers te beëindig, en ook die wette rondom die Leviete te volbring. So ons het nie meer nodig om tiendes aan iemand te betaal om namens ons offers aan die HERE te bring nie. Soos die val deur een persoon, Adam, veroorsaak is, so moes dit deur een persoon, Jesus Christus, weer voor betaal word sodat elkeen wat glo vrygespreek kan word.

- Een voorbeeld wat ons reg deur die Bybel kry, is dat die eerste, of menslike besluit, altyd verwerping bewerk het, terwyl die tweede altyd die Goddelike oplossing wys. Soos genoem het, die eerste Adam het die val bewerkstellig, en Christus as die tweede Adam, die verlossing bring. So sien ons dit tussen Kain en Abel, Ismael en Isak, Esau en Jacob, die eerste tablette met die wet wat slegs vir Israel was maar deur hulle verbreek is deur afgodery, en dus die tweede tablette vir ons almal sal geld. So is Saul ook as eerste koning gesalf en aangestel omdat Israel die HERE verwerp het en het hy ook verkeerd gedoen en is deur die HERE onttroon terwyl Dawid as tweede koning gesalf en aangestel is en wat vriend van die HERE was. Al die ander konings na Dawid is deur mense aangestel en nie gesalf en nie een van die hulle is weer deur die HERE gesalf nie. So geld dit ook vir Israel en Kerk vandag, met Israel wat eersteling was en deur die HERE as Sy gesalfde volk geleef het maar Christus verwerp het, en ons as Kerk wat as die volmaakte oplossing van die Vader daar gestel is sodat elkeen wat glo in Christus, gered is en sal word. Die eerste geregtigheid was verkry deur die onderhouding van die wet *(En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het. Deut 6:25)* en die tweede geregtigheid, Jesus Christus as verbondsoffer. *“Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo. Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe*. (Rom 10:3-5)Jer 23:6 *“In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.”*

Baie van die aanhangers van die leer oor die wegraping, wys daarop dat die daaglikse offer eers met die verwoesting van die tempel opgehou het, en dat ons dit eintlik nie kan gebruik as maatstaf nie. Wat hulle vergeet, is dat indien Jesus die Christus was, was dit nie meer nodig om te offer na Sy dood nie, want Hy was die volmaakte offer vir alle offers wat deur Moses voorgeskryf is. Geen offers was meer nodig daarna nie. So indien hulle die verklaring so wil gebruik, verklaar hulle dus dat Jesus nie die Christus was nie, en dat die HERE nog steeds die offers in die tempel aanvaar het.

Daar is ook ‘n ander gedeelte wat vir ons verklaar hoekom Jesus geoffer kon word, en hoekom die Vader spesifiek Jesus se offer raakgesien het en nie die offer wat deur die hoëpriester gebring is die dag van Jesus se kruisiging nie. Toe Jesus deur die hoëpriester ondervra is, het die volgende verhaal hom afgespeel. *“Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou. Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U? Maar*

Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: ***Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel. Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê:*** *Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!*" (Mat 26:61-65) **Die klere van die hoëpriester moes van een stuk materiaal gemaak word, sonder dat daar nate aan was.**Die klere van die hoëpriester moes van 'n enkele stuk materiaal gemaak word. *"En dit is die klere wat hulle moet maak: 'n borstas en 'n skouerkleed en 'n mantel en 'n kunstig bewerkte rok, 'n tulband en 'n gordel; so moet hulle dan vir Aäron, jou broer, heilige klere maak, en vir sy seuns, dat hy vir My die priesteramp kan bedien. En hulle moet die goud en die pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en die fyn linne neem. En hulle moet die skouerkleed maak van goud, pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en fyn dubbeldraad-linne, as kunstige werk. Dit moet twee skouerstukke hê wat aan mekaar vas is; aan die twee bo-ente moet dit saamgevoeg word.* ***En die band wat daaraan is om dit vas te bind, moet van dieselfde werk en, daarmee saam, uit een stuk wees****, van goud, pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en fyn dubbeldraad-linne."* (Exo 28:4-8) Die hoëpriester kon dus nie met gelapte klere in die tempel gaan om te offer die volgende dag nie, want sy klere was geskeur. So daar was geen manier wat hy voor die HERE kon verskyn sonder om sy klere weer reg te maak nie, maar dit sou nog steeds nate gehad het. Dus kon die Vader nie sy offer aanneem nie omdat hy nie aan die voorskrifte van Moses voldoen het nie, en daarom is Jesus se offer aangeneem, en het die daaglikse offer opgehou. Daaroor ook dat Sy klere nie verdeel is nie, maar dat hulle die lot daaroor gewerp het.

U moet onthou dat Jesus aan die kruis gehang het van die tyd dat die oggend offer geoffer moes word, tot die tyd dat die aandoffer gedoen moes word, of van nege uur in die oggend tot drie uur die middag. Hy is ook buite die laer gekruisig, sodat Hy ook dié offer kon volbring. *"Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra"* (Heb 13:10-13) So het Jesus dus 'n einde gebring aan alle offers wat deur die hoëpriester en ander Leviete gebring moes word. Hy het dit ook nie in die aardse tempel gedoen nie maar in die hemelse tabernakel. *"Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."* (Heb 9:23-28).

Daarom ook dat die voorhangsel van die tempel geskeur het met Sy dood want ons het nou vrye toegang na die Vader. Dit was dus die einde van die eerste helfte van die sewentigste week, met Jesus se bediening op aarde wat drie en 'n half jaar geduur het, wat in Daniël se profesie 'n halwe week was.

Die laaste gedeelte van die week was die tydperk tot en met die gesig wat Petrus gesien het van die onrein diere wat op 'n laken neergedaal het. *"En die volgende dag, terwyl hulle op pad was en naby die stad kom, het Petrus omtrent die sesde uur op die dak geklim om te bid; en hy het*

baie honger geword en wou eet; en terwyl hulle besig was om klaar te maak, het daar ‘n verrukking van sinne oor hom gekom: hy sien die hemel geopend en ‘n voorwerp soos ‘n groot laken na hom afdaal, wat aan die vier hoeke vasgebind is en op die aarde neergelaat word. Daarin was al die viervoetige diere van die aarde en die wilde en kruipende diere en die voëls van die hemel. Toe kom daar ‘n stem na hom: Staan op, Petrus, slag en eet! En Petrus sê: Nooit nie, Here, want ek het nooit iets onheiligs of onreins geëet nie. En weer het die stem vir die tweede keer na hom gekom: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie.”(Hand 10:9-15) Dit was weereens drie en ‘n half jaar na Jesus se kruisiging. Gedurende die tyd het die Jode tyd gekry om hulle te bekeer en te erken dat Jesus die Christus was. Met die dood van Stephanus, het die tydperk opgehou, en het die evangelie na ons as heidene gekom. So is Daniël se profesie dus vervul, en het ons as heidene wat glo dat Jesus die Seun van God is en deel van die verbond van geregtigheid geword het, deel van Sy verbondsvolk geword. **Ons moet onthou dat die Jode ‘n fisiese koning verwag het om te regeer soos in die dae van Dawid en Saul, maar het nie onthou dat die konings oor hulle geheers het omdat hulle Hom verwerp het nie.:** ***“Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.”***(1Sa 8:7)

Daniël wys verder dat daar ‘n verwoester sal kom op die vleuels of vlerke van gruwels, en dit sal tot die einde duur. Hier het die Satan as verwoester opgestaan om teen alle vlees oorlog te voer en sodoende te probeer om sy koninkryk uit te brei. Die werke van Satan sal duur tot die einde van die aarde toe.

So het die sewentigste week begin met Jesus se bediening op aarde, en het geëindig met die uit dra van die evangelie aan die heidene. Dit dan die interpretasie van Daniël se sewentigste week asook die bewys dat daar geen wegraping is of sal wees soos dit deur baie persone verkondig word nie. Jesus het self male sonder tal gewaarsku dat ons moet volhard tot die einde toe, en nie verwag om nie deur foltering te gaan nie. In Paulus se tyd was daar ook persone wat nie verstaan het waaroor die evangelie gaan nie. Paulus skryf aan Timótheüs die volgende: *“Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie,* ***en hulle nie besig hou met fabels*** *en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. Maar die doel van die gebod is liefde uit ‘n rein hart en ‘n goeie gewete en ‘n ongeveinsde geloof* ***waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.”*** (1Ti 1:3-7)

So om saam te vat. Die verbond wat Jesus kom vestig het, was die sterk verbond waarvan Daniël geskryf het, want dit het die vloek van die dood van die eerstelinge verwyder, asook alle offers wat die volk moes bring. Verder het Hy al ons sondeskuld betaal sodat ons vlekkeloos in geregtigheid voor die Vader kan verskyn. So Hy is ons geregtigheid, wat vir ons beteken die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons ‘n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.

‘n Regtige groot probleem wat ek het met die hele leer rondom die wegraping en die wat daarin glo, is dat hulle leer hulle deel maak van die antichris. Die enigste persoon in die Bybel wat direk verwys na die antichris vind ons in die briewe van Johannes. Sy definisie wat ek graag gebruik is as volg: ***“2Jn 1:7Daar het baie misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie. Dit is wat ek met "die misleier", "die antichris", bedoel”.*** **Die Jode glo nie dat Jesus die Messias was nie, en dit maak hulle**

volgens Johannes dus deel van die antichris. Die wegrapers deur hul ondersteuning van die Jode, skaar hulle by die Jode en dus by die antichris.

Slotsom

So my standpunt is dat alle mense een maal lewe, en dan sterf. Die wat deel is van die verbond met Jesus en Sy geregtigheid besit, sal in die duisendjarige vrederyk leer hoe om die HERE te dien en ontslae te raak van ons siening van wie gered word, en wie nie. Na die oorwinning oor Satan en sy magte, Gog en Magog, vind die wit troon oordeel plaas, en sal die persone wat oorwin het, saam in die Nuwe Jerusalem lewe. En as dit bevind word dat iemand nie opgeskryf is in die boek van die lewe nie, sal hy in die poel van vuur gewerp word.

Ek wil net ter afsluiting uitwys dat alle mense wat nagmaal gebruik, wel deel word van die verbond aangesien dit die verbondsmaal is. Waar ons almal ons sal bevind na die dood, is ‘n perd van ‘n heel ander kleur.

Die boek wat volg, dui vir ons stap vir stap die pad aan wat ons as mense moet volg. Geniet die pad saam met die HERE.

MOSES 1 - OOR CHRISTEN WORD EN BLY

Jeremia 7: 21 - 23

So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis.

Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie.

Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan.

Moses 1 vers 1: Wat leer die Bybel ons oor hoe jy ‘n kind van die HERE word en dus die land Kanaän, wat die HERE beloof het, in besit neem?

Die is seker een van die grootste kwelvrae wat vandag beantwoord moet word, aangesien die tyd van die wederkoms naby is, en baie mense verlore sal gaan omdat hulle nie aan die Bybel gehoor gee nie.

Daar is verskillende standpunte, afhangende van watter Kerkgroep ‘n persoon aan behoort, maar ek wil graag Israel as voorbeeld gebruik oor hoe hulle in die beloofde land ingekom het. Dit sal dan ook vir ons as riglyn dien oor hoe ons vandag in ons Kanaän kan uitkom, want die HERE het aan Jeremia in hoofstuk 30 gesê dat Hy Sy volk sal terugbring na die land wat Hy aan hulle voorvaders gegee het, en hulle dit in besit sal neem. Ek weet dat dit is wat die HERE vir elkeen van ons in gedagte het, want dit is wat die Bybel verklaar. So het Paulus en Petrus en die ander Apostels ook nie die Nuwe Testament gehad om die evangelie te verkondig nie, want hulle het dit nog geleef en geskryf, en het hulle ook die wet en profete uitgelê.

Maar hoekom dink ek dat Moses vir ons die antwoord sal gee? Die antwoord kom uit Eksodus: "*En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees."* (Exo 7:1) Reg deur die Bybel bevestig die HERE dat Hy altyd deur Sy profete met ons spreek. Hier sê Hy egter dat Hy vir Moses aanstel om Sy verteenwoordiger te wees, en dat Aäron as Moses se profeet sal optree. Dit beteken dat Hy vir Farao, wat ook vir ons wys na Satan, die koning van die verderf, wil wys dat Hy alle gesag besit, en dat Hy Sy volk uit Egipte, of in ons taal, ons sondige lewe, sal verlos. Dit is wat die hele uittog uit Egipte beteken. Ons moet as sondige mense besef dat ons uit Egipte kan trek, en dat al wat ons moet doen, is om Israel se voorbeeld te volg en deel te word van die verbond. Aangesien almal as Egiptenare (sondaars) gebore word, moet jy jou as vreemdeling skaar by Israel soos dit vir ons beskryf word in Eksodus. Dan kan ons almal begin op ons tog na Kanaän. Hierdie gedeelte beantwoord ook 'n ander vraag wat u dalk mag hê, en dit is hoekom Moses dan nooit in Kanaän ingegaan het nie. Die rede is dat indien hy dit sou doen, hy die volmaakte weg sou wys en daar dus geen rede was vir Jesus om te kom nie. Daar is soveel verse wat elke kerkgroep aanhang wat hulle sienswyse handhaaf en het hulle tientalle boeke geskryf oor hoe jy Sy kind word, maar hier vind ons in die Ou Testament dat die hele pad vir ons aangedui word. 'n Ander vraag wat vir ons beantwoord word is wat is Esau se rol in die geskiedenis van Israel. Esau was die eersgeborene in die vlees, maar het sy reg verruil en so het Jacob die erflating gekry. So is Israel dan ook die eersteling, maar omdat hulle Jesus verwerp het, het die Kerk, die erfgenaam geword en kan ons dus kyk hoe die HERE met Israel gewerk het, en leer uit hulle voorbeeld, sonder om hulle foute te begaan. Hoekom het niemand nog dit voorheen gebruik nie? Die antwoord kom uit 2 Korintiërs 3; *"Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word."* (2Co 3:14)

Kanaän gedefinieer

Maar eers, hoe lyk Kanaän fisies? Kom ons kyk na ‘n paar verse wat dit beskryf. Numeri 13:23 "Daarop het hulle tot by die dal Eskol gekom en daar 'n rank met een tros druiwe afgesny, en

twee het dit aan 'n draagstok gedra; ook van die granate en van die vye." Numeri 13:27 "En hulle het hom vertel en gesê: Ons het gekom in die land waarheen u ons gestuur het; en waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dít is sy vrugte". Numeri 14:8 "As die HERE 'n welbehae in ons het, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning." En ons geestelike Kanaän? Psalm 1 verse 1 tot 3 gee vir ons die antwoord. "1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; 2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. 3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit." So, om in Kanaän te wees, sien ons dat ons altyd vrugte sal dra, en dat alles wat ons doen, voorspoedig sal wees.

Kanaän beteken ook vir ons in die lig van Jeremia 30, die plek waar die HERE ons heen wil vat met die wederkoms. Dit is die plek wat ons in besit moet neem as Christene. Ons kan nie verwag om daar in te gaan as ons nie aan die voorskrifte oor hoe om daar te kom, voldoen het nie. Dit is die plek waar ek vertrou u heen sal kan gaan wanneer u gedoen het wat die HERE van u verwag op aarde.

Hoe het Israel in Kanaän gekom, en hoekom is spesifiek Israel deur die HERE gekies?

Die Bybel leer ons dat Josef na Egipte weggevoer is, dat sy broers later in Egipte kom kos soek het, en so is Jakob se familie weer verenig. Oor die jare het hulle nasate ‘n sterk volk geword, en het hulle ‘n eie nasie geword. So het Israel as volk ontstaan en is Israel as volk deur die HERE uitverkies om Sy volk te wees. Ons moet onthou dat Esau ook een van Jakob se seuns was, en dat hy en sy nageslagte nie saam met Josef en Jakob na Egipte vertrek het nie. So hoekom is Israel uitgesonder deur die HERE? Moses gee vir ons die antwoord in Deuteronomium 7:7. *"Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke."* Omdat Israel hulle verneder het deur slawe van die Egiptenare te word, het die HERE hulle uitgekies om Sy volk te wees. Dan is hulle ook die afstammelinge van Abraham. *“Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n* ***menigte van nasies word****. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham,* ***want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies****. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak:* ***Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.*** *En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte* ***as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou****. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Verder het God aan Abraham gesê:* ***Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag****.”* (Gen 17:4-9)

Ek wil dit ook graag baie duidelik stel dat dit nie vir my gaan of uitverkiesing reg of verkeerd is nie, maar oor wie uitverkies is. (Sien die vraag oor uitverkiesing in Moses 2). Die vers uit Deuteronomium dien vir my as riglyn daaroor. Die HERE het die volk Israel in die Ou Testament uitgekies vir hom as volk. Dit beteken dus dat die Israeliete die HERE se uitverkore volk was. Maar wat nou van al die ander nasies? Ons lees dat selfs in Israel se tyd ander persone hulle by die Israeliete kon voeg. Eksodus 12:48-49 "*En as 'n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos 'n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef."* So in die Ou Testament kon persone van ander nasies hulle by Israel skaar.

Dit het ook beteken dat hulle deel van die verbond geword het, want die pasga was slegs vir verbondsgenote, en die besnydenis die teken van die verbond.

Nuwe Testamentiese siening.

Ons leef nie meer onder die Ou Testament(verbond) se reëls en wette nie, so wat van die Nuwe Testament? Wanneer ons na die Nuwe Testament kyk word die HERE se volk uitgebrei in Handelinge 10 as volg: 10:34 *" En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is"*. Paulus bespreek dit in Efesiërs 2, as volg: *"11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12* ***dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. 14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het 15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan;*** *sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep 16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het."*

In hierdie gedeelte sien ons dat die HERE Sy volk uitbrei na elke persoon wat Hom vrees en Sy geregtigheid doen. So dit gaan nie meer oor die Jode of die Israeliete nie, maar oor elkeen wat die HERE vrees en doen wat Hy beveel. So, ek en jy kan dus ook deel van God se volk word, en is daar alreeds ook in Eksodus voorsiening vir ons gemaak. Dit is ook wat Paulus vir ons bevestig in Efesiërs 1:4 *"soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees"*. So ons moet in Christus deel word van God se volk. Toe Israel in die woestyn was, is dit die tyd toe Moses vir hulle gesê het dat Hy, dit is God, hulle vir Hom uitgekies het. Deuteronomium 4:37 *" En omdat Hy jou vaders liefgehad en hulle nageslag na hulle uitverkies het, en Hy self jou deur sy grote krag uit Egipte uitgelei het."* So vir ons as persone wat ons graag by die volk van God wil voeg, moet ons gaan kyk wat en hoe die volk moes optree om die HERE se volk te wees en wil ek graag teruggaan na hoe Israel uit Egipte uit is, wat die betekenis daarvan vir ons vandag is, en hoe hulle in die land Kanaän gekom het.

Waar begin ons?

Eerstens moet ons leer dat die volk in Egipte was voordat Moses hulle uitgelei het. Dit is ‘n lewe waar hulle as slawe deur die Egiptenare gebruik is, maar dat dit die plek is waar die HERE vir hulle uitkoms gegee het. Ons moet ook besef dat die HERE nie uit Sy eie besluit het dat Israel uit Egipte moes kom nie, maar die Israeliete moes eers uitroep tot die HERE. Eksodus 2 vers 23: *" En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. 24 En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. 25 En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken."* Een aspek wat my hier opval is dat die Bybel ook verklaar dat dit ‘n lang tyd was. Hoeveel keer vra ons vir die HERE uitkoms en raak ons opgewerk as die antwoord nie die volgende dag daar is nie. Hier sien ons dat Moses vir byna 40 jaar in die woestyn was, en Israel moes maar wag totdat God geweet het dat dit nou die tyd is om verlossing te bring. Wat is die

eerste stap?

So ek moet besef dat ek in Egipte is en dan uitroep na die HERE vir verlossing. Maar hoe weet ek dat ek in Egipte is? Wat sê Jesus hoe sal ons weet dat ons nog in sonde is? Jesus het dieselfde probleem gehad toe hy die Jode aangespreek het in Mattheus 5 vanaf vers 17. Hier het Hy met mense te doen gehad wat elke wet noukeurig nagekom het. Ons moet onthou dat die skrifgeleerdes en Fariseërs elke wet in onderafdelings opgedeel het, en elke deel moes nagekom word. Indien hulle dit nie sou doen nie, was hulle bevrees dat die HERE hulle weer sou laat wegvoer na Babel of een of ander land toe soos Hy met Israel vroeër gedoen het. So, hoe het Jesus dit gedoen? Deur vir hulle te bewys dat dit nie gaan oor wat jy doen nie, maar oor hoe jou ingesteldheid is. Jesus moes vir hulle sê dat dit nie gaan oor wie reg of verkeerd is in ‘n saak nie, maar oor jou stand in Christus, of jy deel is van die verbond of nie. Hoe stel Jesus dit in vers 20 ***"Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*** Ons vind verder dat Jesus die gedeelte afsluit in vers 48 met ‘n versoek wat vir ons as mense, onmoontlik klink: ***"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."***

Wat wou Jesus hier vir die Fariseërs leer? Dit, dat dit nie moontlik is om die ewige lewe te beërwe deur wetsonderhouding nie. Dit maak nie saak hoe hard ek probeer deur mooi te lewe en nie te sondig nie. Die probleem is nie om op te hou sondig nie, want al dink ek ek sondig nie meer nie, is selfs my gedagtes sondig. Nee, ek moet besef dat my natuur verkeerd is. Ek moet leer dat ek verander moet word. Maar hoe? Kyk wat sê die profeet Esegiël in hoofstuk 11:19 *"En Ek sal hulle een hart gee, en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle 'n hart van vlees gee, en weer in Esegiël 36:26 En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee".* So die probleem lê by die hart. Ek moet van hart verander, en dit geskied met wedergeboorte, soos Jesus dit vir Nikodemus in Johannes 3:5 stel: "*Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.*"

So wat moet ek doen. Ek moet van hart (nasie) verander. Ek moet besluit om van Egiptenaar (sondaar) na Israeliet (uitverkorene) te verander. Ek moet besef dat ek nie voort kan gaan as Egiptenaar en so die koninkryk van God beërwe nie, maar dat ek deel van Sy volk moet word. Hoe word dit gedoen? Deur te glo dat Jesus die mag het om my te wederbaar in Sy volk in. Ek moet soos die Israeliete van ouds, onder die bloed van die Lam kom. Dan kan die doodsengel my nie aanraak nie. Ek moet dus bely dat Jesus se bloed my kan reinig van al my ongeregtighede. Ek moet glo dat Hy ‘n volmaakte weg gebaan het vir my. **Ek moet glo dat die verbond wat Hy namens my verwerk het, die antwoord is.** Vers 20 van Mattheus 5 het vir ons die sleutel: *"Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

So wat is die probleem?

Geregtigheid. Ek staan in die pad van myself om die ewige lewe te beërwe. Deur wetsonderhouding sal ek nooit daar uitkom nie. Want dit is nog steeds wat ek probeer doen. Ek is nog steeds vas gevang in sonde. Ek moet eers besef dat ek sondig is. Ek moet besef dat my wese verkeerd is. Dit kan ek leer uit die gedeelte in Mattheus. Al dink ek net verkeerd, pleeg ek alreeds sonde. Ek moet sterf. Ek moet by die kruis uitkom, en my lewe gaan neerlê.

Sodra ek besef dat ek in Egipte is, dan kan ek voortgaan. Indien ek nie besef dat ek in Egipte is nie, sal ek later altyd wil teruggaan na my vorige lewe toe. Indien ek nie besef dat ek in Egipte is nie gaan dit met ‘n persoon soos wat Charles Finney in Revival Fire beskryf : *"I have already intimated that pains enough had not been taken to search the heart and thoroughly detect and expose the sinner’s depravity, so as to make him see the need of the gospel remedy. If I am not mistaken, there has been, in many cases, an error committed in urging sinners to submission before they are prepared to understand what true submission is. They have been urged to repent, before they have really understood the nature and dessert of sin; to believe, before they have understood their need of Christ; to resolve to serve God, before they have at all understood what the service of God is. They have been pressed to make up their minds to enter immediately upon the service of God, and have been taught that they needed only to make a resolution to obey the Lord. Hence their religion, after all, has been only a religion of resolutions, instead of a religion of faith, and love, and of a broken heart. In short, it appears to me that, in many instances, the true idea of what constitutes pure religion has not been developed in the mind, and that consequently spurious conversions have been distressingly numerous. I have been more and more surprised from year to year, to find how very numerous those professors of religion are who manifestly have not the true ideal of pure religion before their minds. It seems that, in many instances, the idea that love is the essence and the whole of religion, is left almost, if not entirely, out of view."*

Oplossing vir die probleem.

So ek moet besef hoe ver ek weg is van die HERE, voordat ek kan dink aan die oplossing. Dan kan ek eers besef dat ek vergifnis verlang, sodat ek weergebore kan word. So wat dan? Ek moet aanvaar wat God vir my alreeds gedoen het. Dan kan ek die HERE nader vir vergifnis. Dan kan ek my hart leeg maak voor die HERE. Dawid skryf vir ons in Psalm 51 hoe ons die HERE kan nader vir vergifnis toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het.

Wanneer ek die Psalm lees dan besef ek opnuut hoe na Dawid aan die HERE gewandel het. Dan besef ek weereens dat die HERE wil nie weet van my grootheid nie. Hy wil dat ek in verslaenheid en nederigheid Hom sal nader, sodat Hy my kan rein was van my sonde. ‘n Baie interessante waarneming is die dat Dawid vra dat die HERE hom moet ontsondig deur hisop. Hoekom juis hisop? Daar is ‘n paar redes. Hisop is gebruik deur die Israeliete om die bloed van die lam aan hulle deurposte te smeer met die uittog uit Egipte. Verder in die Bybel sien ons dat oral waar iets rein gemaak moes word, is hisop gebruik. Selfs toe Jesus aan die kruis gehang het, is die spons met asyn wat al die bitterheid van die lewe weerspieël het, op ‘n hisop tak aan Jesus gegee, en so is Hy ook rein verklaar. Nogal snaaks as ons daaraan dink dat die soldate eers vir Jesus moes rein verklaar voordat Hy gesterf het. Direk daarna het Hy gesterf. Maar, hoekom juis hisop? Hisop is ‘n medisinale kruie plant wat gebruik is om ‘n persoon se longe en asemhaling mee te behandel. So, die HERE wil dat soos Hy in die tuin van Eden Sy asem in die mens geblaas het, weer ons asem reinig van die asem van satan. Hy wil weer Sy asem, Sy Gees in ons plaas. Dit is die een rede. Die plant is ook bekend vir sy sterk wortelstelsel wat selfs binne in klippe kan gaan, en lees ons dat dit voorgekom het op die mure wat om die stede gebou is. So moet ons leer dat ons so aan Hom, die Rots, gekoppel moet word dat ons wortels binne in Homself sal wees, sodat wanneer ons van die Rots verwyder word, ons nie kan bestaan nie, want al ons wortels sal saam met die Rots verwyder word. Geen plant kan bestaan as sy wortels verwyder word nie. Die Rots is ons enigste vesting.

Terug na vergifnis.

Hoe het die HERE vergifnis bewerkstellig? Deur die nuwe verbond. Maar wat beteken die nuwe verbond vir my ?

Dat God die mens se verbondsvennoot is, en dat Hy, ter wille van die verbond wat God met Jesus Christus as God se offer vir sonde gesny het, nie meer die sonde van die mens wat in Jesus glo, teen hom hou nie. God het Sy volmaakte Seun, Jesus Christus aangewys om die plek van die mens in die verbond in te neem, as hoëpriester eens en vir altyd en tot in ewigheid, sodat die belofte wat deur eedswering gemaak is, sonder 'n skaduwee van twyfel aan hulle wat glo, sal toekom. Om die wet te verbreek was om die verbond te verbreek, en dit was strafbaar met die dood. God het met Jesus gehandel volgens ons verdienstes. In onderhoud van die wet kon die mens nooit verseker wees dat hy God behaag nie. **Jesus se geregtigheid is dus die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper.** Sodra ons die verbond van geregtigheid ontvang en daarin wandel, dan heers ons vanuit die gunstige posisie van die ewige lewe deur Jesus Christus. (Sien die vraag, Wat is Jesus se geregtigheid?, vir ‘n volledige bespreking oor die verbond.) Die verbond beantwoord ook die stelling wat Jesus gemaak het dat ons volmaak moet wees soos ons Vader in die Hemel volmaak is.

Nou kan ek glo dat Jesus my waarlik gered het van die verderf. Nou kan ek glo dat Hy my verlosser is. Maar wat is geloof? Ons almal ken Hebreërs 11 vers 1 wat dit as volg stel: *"Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie"*. Waarom is geloof noodsaaklik? Heb 11:6 *"En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek"*. Geloof het altyd die versekering van die eedswering van God aan die gelowige, so ek moet verseker weet dat wat God gedoen het, volmaak is. (Vir ‘n volledige bespreking oor geloof, verwys na die vraag oor: Wat is Geloof?)

In die geskiedenis leer ons dat daar plae gekom het wat Egipte getref het. So maak die HERE met ons sodra ons ons by Sy volk skaar. Ons vind al hierdie goed wat verkeerd gaan. Maar dit raak ons nie. So probeer die HERE ons wys dat ons net op Hom moet vertrou wanneer ons ons rit begin na Kanaän. Vir die mense in die wêreld is dit net teëspoed, maar vir ons is dit ‘n bewys dat Hy in beheer is van alles op aarde.

Die Israeliete moes soos ons, onder die bloed van Die Lam kom. Dit was deel van die ou verbond, maar ons het so pas geleer wat die nuwe verbond vir ons beteken. Omdat ek nou glo dat Jesus vir my gesterf het, moet ek nou my lewe aflê, en onder die bloed van Jesus kom. Dit kan ek doen deur te vra dat Hy my sal wederbaar deur Sy bloed. Dan word ek deel van die nuwe verbond. Dan kan die doodsengel my nie meer laat sterwe nie, maar leef ek vir ewig saam met Christus. Dan kan ek saam met Paulus uitroep: Galasiërs 2:20 *" Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het"*. Hoe moet my gebed dan wees? "HERE Jesus ek kan myself nie red nie, ek vertrou U daarvoor. Daaroor lê ek nou my lewe voor U neer, en ontvang ek U gawe. Dankie dat U my red".

Wat was die pasga?

Die volgende wat die Israeliete moes doen, wat saamval met die bloed van die Lam, was om die pasga te vier. Vir ons vandag is dit die Nagmaal. Maar wat beteken dit vir my? Die Israeliete

moes alle suurdeeg uit hulle huise verwyder, en net ongesuurde brode eet. Hoekom? Omrede ‘n klein bietjie suurdeeg deur die hele deeg trek. Net so doen ‘n klein sondetjie in ons lewe met ons. Al is dit net ‘n verkeerde ou gedagtetjie, dit maak dat jy heeltemal onrein is vir God. So, ek moet breek met alles wat verkeerd is in my lewe, en my totaal onderwerp aan Christus. So elke maal wat ek die Nagmaal vier, moet ek weer besef waar ek was, en dat slegs die Lam, Jesus Christus, my kon verlos uit die kloue van Egipte, die sonde en sondige natuur wat ek moes afsterf. Daaroor moet ek van die brood eet, moet ek my vul met Jesus se liggaam, en moet ek die beker drink, my weer rein was met die bloed van Jesus.

Ons lees in 1 Korintiërs 11 die volgende: “Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink ‘n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie. Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en ‘n aantal het ontslaap. Want as ons onsself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie. Maar as ons geoordeel word, word ons deur die Here getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel mag word nie. Daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, wag vir mekaar; en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot ‘n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.” Nie net vind ons in die gedeelte die rede hoekom ons Nagmaal moet hou nie, maar ook wat dit beteken om jouself te toets. Paulus gee hier te kenne dat ons eintlik vir die HERE vra om ons te toets as ons Nagmaal gebruik sodat ons kan sien of daar nog onbelydende sondes in ons lewe is. Indien ons wel getugtig word deur die HERE, sal ons dan weet dat daar nog sondes is wat ons moet bely, maar andersins sal ons niks oorkom nie. Hy vertel ook dus hier vir die mense in Korinte dat dit die rede is dat daar siekes en selfs mense al dood is in hulle gemeente. Dit alles gebeur sodat ons nie saam met die heidene geoordeel sal word nie, maar dan moet ons deel wees van die verbond.

Eerste vrugte.

Een aspek wat die HERE alreeds hier vir die Israeliete wou tuis bring, is dat hulle Hom moet liefhê en eer. Daaroor, in dieselfde gedeelte as die instelling van die pasga, vind ons dat Moses met die Israeliete praat oor die reëling van die eerste vrugte. Hier alreeds laat die HERE hulle weet dat wanneer hulle in Kanaän kom, hulle die HERE moet vereer met hulle eerste vrugte, of dit nou kind of dier is, die eerste vrugte behoort aan die HERE. Eksodus 13 leer ons as volg: 11 *" En as die HERE jou in die land van die Kanaäniete bring, soos Hy aan jou en jou vaders met 'n eed beloof het, en Hy dit aan jou gee, 12 dan moet jy alles wat die moederskoot open, aan die HERE afgee; ook elke eersteling, die aanteel van vee, wat jy sal hê--wat manlik is, behoort aan die HERE. 13 Maar elke eersteling van 'n esel moet jy met 'n lam loskoop. En as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Maar al die eersgeborenes van mense onder jou seuns moet jy loskoop. 14 En as jou seun jou later vra en sê: Wat beteken dit? dan moet jy hom antwoord: Die HERE het ons deur 'n sterke hand uit Egipte, uit die slawehuis, uitgelei"*. Wat beteken die gedeelte? Die HERE gee hier te kenne dat alles wat die eersteling is, sal die vloek van Egipte op wees dat dit sal sterf. Die enigste manier om dit te voorkom, is deur dit aan die HERE te offer. So elke vrug van die grond en elke dier se eersteling moes aan die HERE geoffer word.

Offers in die tyd het beteken dat hulle dit na die tempel toe moes neem en die priester vra om dit te offer, want slegs priesters kon offer. Die priester was dan, afhangende van die tipe offer, geregtig op ‘n gedeelte van die offer om vir hom en sy huisgesin as kos te dien. Die res van die offer is deur die persoon wat die offer bring, en sy huisgesin geëet. Seuns moes dan besny word om vry te kom van die vloek wat oor die eersgeborene geplaas is. Verder moes alle ander manspersone ook besny word as teken van die verbond. Nou lees ons verder in Esegiël dat eerste vrugte nie in sy tempel van toepassing is nie, omrede Jesus as eersgeborene van die VADER die prys betaal het en die vloek van die eersgeborene volbring het. So dit leer ons dat die wet volbring is soos Jesus verklaar het, en tesame met die offers wat nie meer nodig is vir sonde nie, eerste vrugte ook nie meer nodig is om te betaal nie. Op hierdie manier het ons dus vrygekom van die wet van eerste vrugte en van besnydenis. Vir ‘n volledige bespreking van finansies en offers, sien die vraag "So wat nou van my finansies?".

Die trek uit Egipte begin.

Na die pasga begin die trek. Dié nag moes die Israeliete trek om deur die Rooi See te gaan. Maar ons leer dat hulle nie direk getrek het nie, maar met ‘n ompad, sodat hulle nie dadelik in ‘n oorlog betrokke raak en dalk wou omdraai na Egipte toe nie. Die HERE wil dat ons hier nie weer moet teruggaan na dit wat Hy ons van vry gemaak het nie, want Hy weet ons sal weer in die versoeking val, en terugkeer na ons sondige lewe. So maak die HERE ook met ons, en beskerm Hy ons voor die doopwater, deur ons van aanvalle van die Satan te beskerm. Eksodus 13 vers 17*:"Toe Farao die volk laat trek het, het God hulle nie op die pad na die land van die Filistyne gelei nie, alhoewel dit nader was; want God het gesê: Die volk kan dalk berou kry as hulle oorlog sien, en teruggaan na Egipte. 18 Daarom het God die volk laat wegdraai in die rigting na die woestyn, na die Skelfsee toe. En die kinders van Israel het goed gewapend uit Egipteland opgetrek"*. Maar, hoekom juis in die nag? Dit is juis wanneer alles donker om jou is en jy nie weet watter kant toe nie, dat God tot jou redding kom. Hoekom moes hulle deur die Rooisee trek? Soos die HERE die Egiptenare daarin laat verdrink het, so wil Hy my van al die sondes wat my wil volg, ontslae raak deur dit in die doopwater te laat verdrink. So, vir ons beteken die Rooisee dat ons moet deur die doopwater gaan. Hy wil dat ek skoon en sonder sonde en sondige begeertes anderkant uitkom sodat ek my oë net op Hom kan hou. Wat sê Paulus in Romeine 6 vir ons? Dat die doop juis dui op ‘n begrafnis. Nie net sterf my sondes nie, maar my hele sondige natuur sterf, en staan ek op uit die doopwater as ‘n nuwe persoon. Net so seker as wat Jesus opgestaan het, net so seker word ek saam met Hom opgewek uit die dood om in ‘n nuwe lewe te wandel. Romeine 6 wys ons presies wat met die doop gebeur. Lees die gedeelte maar gerus.

Kyk ook wat skryf Paulus in Kolossense 2:9 "Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; 10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het".

So, sodra ek deur die doopwater gaan, sterf ek vir die sonde, en kan ek sonder sonde voor die Vader gaan staan op grond van die bloed van Jesus. 1 Johannes 3 vers 8 en 9 leer ons as volg:8 *"Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek. 9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore"*. Ek het dus saam met Jesus gesterf, en daaroor kan ek nou

saam met Hom lewe. Soos die Israeliete bevry was van die Egiptenare, so word ek dus ook bevry van my sondige natuur. Net soos die Farao in die see verdrink het, so word die mag van Satan in my lewe gedood. Maar, ons moet onthou dat die Israeliete ook nog steeds gesondig het nadat hulle deur die Rooi See gegaan het. Hulle het nog steeds ‘n begeerte gehad na die vleispotte van Egipte. So ek en jy sal ook nog faal. Maar dit beteken nie dat ek weer myself terug vind in Egipte nie. Nee, ek kan bely dat ek gesondig het, en so weer die skeidsmuur tussen my en God afbreek volgens 1 Johannes 1 vers 8 en 9: 8 *"As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie. 9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig".*

Iets wat ons ook leer uit dié geskiedenis, is dat ek eers moet glo, voordat doop kan geskied. Dit help nie dat ek my laat doop voordat ek glo in die verlossingswerk van Christus nie, want ek moet eers besef dat ek in Egipte is, en verlore is voordat ek kan uittrek uit Egipte. Indien ek my laat doop voordat ek glo en besef dat ek Christus as verlosser nodig het, het ek basies vir ‘n swem in die Rooisee gegaan, want ek is weer terug in Egipte na die swem. Ek het nog nie getrek nie. Ek het nog nie besef dat ek van nasie moet verander nie. Eers wanneer ek dit besef, kan ek op my tog uit Egipte begin. Eers dan kan ek soos Israel uitroep tot die HERE. Alles voor dit is nutteloos en verniet. Die volgorde sluit aan by wat Petrus die skare beveel het na die uitstorting van die Heilige gees. Op ‘n vraag oor hoe hulle gered kan word was Petrus se antwoord: *"Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."*

Hoe geskied doop?

Deur onderdompeling. Dit is hoe Jesus gedoop is. As ons ook kyk na die Bybel verklaar die HERE dat indien Israel iets buitmaak van die vyand, moet dit gereinig word voordat dit gebruik mag word, anders bly dit onrein. Indien dit deur vuur kon gaan, soos met metale wat gesmelt kan word, moes dit deur die vuur gaan om gesuiwer en gereinig te word. Indien dit nie deur die vuur kon gaan nie, moes dit deur water gereinig word. Daarom is die doop ingestel om deur water, in Israel se tyd reinigings water, iets te reinig, maar vandag word ons gereinig deur die aksie om deur die doop bad te gaan. Die woord in Grieks wat vir doop gebruik word, is baptismo. As ons na die betekenis van die woord gaan kyk waar dit buite die Bybel gebruik is in Bybelse tyd, vind ons dat dit byvoorbeeld in ‘n resep vir vleis gebruik word. In die resep word ‘n sous gemaak, en die vleis word oornag daarin geweek, sodat die vleis die sous se smaak aanneem. Dit beteken ons neem ook Jesus se geur, sy persoonlikheid aan terwyl ons onder die doopwater gaan. Die gebruik van besprinkeling het sy oorsprong in die Roomse Kerk, wat dieselfde tyd bepaal het dat tot dooies gedoop kan word. Vir ‘n volledige bespreking oor doop, lees die vraag “Doop, hoekom, waar, en hoe?” Vir ‘n bespreking oor kinderdoop, lees die vraag “Wat nou van my kinders?”

Doping in die Heilige Gees

Die volgende gebeurtenis wat die Israeliete tref, is die water by Mara. Hierdie water is bitter, en hulle kan dit nie drink nie. Maar God kom met ‘n oplossing. Moses moes ‘n stuk hout in die water gooi, sodat die water drinkbaar kan word. Eksodus 15:25 *"En hy het die HERE aangeroep, en die HERE het hom 'n stuk hout gewys; dit het hy in die water gegooi, en die water het soet geword"*. Wanneer ons water, in ons geval die doopwater, vat, en die kruis van Jesus (stuk hout) byvoeg, kry ons water om te drink, net die verskil is dit is lewende water. Maar wat is lewende water? Johannes 7 vers 37 *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! 38*

Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. 39 En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie". Jesus verwys ook na lewende water in die gedeelte in Johannes 4 vanaf vers 10 waar Hy met die Samaritaanse vrou in gesprek is. Hier vertel Hy haar dat Hy vir haar lewende water sal gee sodat sy nooit weer dors sal kry nie. So wanneer ons die Heilige Gees ontvang, dan sal al ons woorde en dade lewend maak, en nie dood nie. Dit sal soos strome uit ons binneste vloei. Dit sal nie nodig wees om mense te vra om iets vir die gemeente te doen nie, die persone sal self die werk doen, nog voordat daar vir hulle gevra word. So na die doop, moet ek die HERE vra om my te verander sodat lewende water uit my kan vloei. Ek moet dus die Heilige Gees ontvang, of anders gestel, ek moet die doping van die Heilige Gees ontvang.

Maar hoe geskied dit? Handelinge 2:38 " En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang". Hoe weet ek dat ek die Heilige Gees ontvang het? Handelinge 19 gee vir ons die antwoord: vers 4 " Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. 5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus. 6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer". Soos wat Paulus in Handelinge 19 die persone gedoop het en hulle hande opgelê het, wil die HERE dat ons ook so die Heilige Gees kan ontvang. Ons lees hier wat die tekens is wanneer ons die doping in die Heilige Gees ontvang het, naamlik om in tale(klanke) te praat, en te profeteer.

Maar hoe rym dit met wat in Israel se tyd gebeur het? As ons na vers 27 van Eksodus 15 in die Bybel kyk, sien ons dat hulle laer opgeslaan het by Elim, ‘n plek waar daar 12 fonteine en 70 palmbome was. Is dit toeval? Of wys dit op die 12 stamme van Israel, sodat elke stam sy eie fontein het. En sewentig, wat weer verwys na die 70 oudstes wat Moses moes aanwys en die HERE Sy Gees op hulle laat kom het in Num 15:24 *"Toe het Moses uitgegaan en die woorde van die HERE aan die volk te kenne gegee; en hy het sewentig manne uit die oudstes van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die tent laat staan. 25 Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie."* So, ook in die Israel se tyd was die teken van die Gees van die HERE, dat die persone geprofeteer het. Dieselfde geld vandag nog. Maar wat nou as ek nie in tale kan praat nie, of dalk ook nie kan profeteer nie? Jesus het verklaar dat strome van lewende water uit jou binneste sal vloei, met of sonder enigeen van die twee uiterlike kenmerke. So, as ek optree sodat ek die beeld van Jesus in alles wat ek doen uitstraal, is ek besig om lewende water uit te gee, en is ek met die Heilige Gees gedoop. Paulus het ook vir ons opgeteken wat ‘n persoon sal doen en hoe ‘n persoon sal optree wat met die Heilige Gees gedoop is. 1 Kor. 12 verse 7 tot 11 : *“Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. Want aan die een word deur die Gees ‘n woord van wysheid gegee, en aan die ander ‘n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan ‘n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan ‘n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan ‘n ander werkinge van kragte, aan ‘n ander profesie, aan ‘n ander onderskeiding van die geeste, aan ‘n ander allerhande tale, aan ‘n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil”.*

Genesing

Iets wat ook hier gebeur het, is dat die HERE verklaar dat as Israel bly by wat die HERE hulle beveel het, hy geen een van die siektes van Egipte op hulle sal laat kom nie, want Hy is die HERE wat hulle gesond maak. *"Daar het Hy vir hulle 'n insetting en verordening vasgestel en hulle daar beproef 26 en gesê: As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak."* Hier sien ons dat die HERE Sy hand oor die volk gehou het, sodat hulle nie siek geword het nie. Was jy bewus daarvan dat die Israeliete se klere nie verweer het, en dat die HERE hulle gesond gehou het die hele tyd? Dit is Sy wil. Om uit te vind wat die HERE se wil is rondom genesing, kyk na die vraag, Is genesing nog steeds God se wil vir ons?

Alleen in die woestyn

Baie maal voel ons en wonder ons of die HERE nog by ons is. Dit is nie vreemd nie. Die Israeliete het dit ook gedoen. Die Israeliete het deur die woestyn Sin getrek. Hulle het met ander woorde deur die woestyn van Sonde getrek. Daar het hulle gemurmureer met Moses deur aan hom te sê dat die HERE nie by hulle is nie, want hulle het nie water nie. Hoeveel keer het ek en jy al die HERE versoek? Maar die HERE het hulle versoek toegestaan. Eksodus 17; 6 *"Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel 7 en die plek Massa en Mériba genoem vanweë die twis van die kinders van Israel en omdat hulle die HERE versoek het deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie?"* So, wanneer ek en jy vra of die HERE nog met ons is, weet dat Hy jou nooit sal verlaat nie, en altyd daar vir jou sal wees.

Oorlogvoering

Die HERE wil ons al vroeg in ons lewe leer om oorlog te voer. Selfs die Israeliete het dit geleer. Hulle is nie aangeval nie. Nee. Hulle moes die aanval loots teen die Amalekiete. Hier het Israel geleer dat met die HERE aan hulle kant is die oorwinning verseker. Hier moes Aäron en Hur Moses se arms met die staf van die HERE, in Moses se geval die Heilige Gees, omhoog hou om die oorwinning te verseker. Net so wil die HERE hê dat ons die Heilige Gees sal gebruik in ons oorlogvoering teen Satan en sy trawante. Maar as ek dit in eie krag gaan aandurf, gaan ek verloor. In die krag van die Heilige Gees, is die oorwinning myne.

Verbreekte verhoudings

‘n Volgende keerpunt in die geskiedenis van Israel, is die besoek van Jetro aan Moses. Hier omhels Moses en Jetro mekaar en ontvang Moses ook raad van sy skoonpa. Male sonder tal herstel die HERE weer verhoudings wat ons gedink het bestaan nie meer nie. Dit gebeur ook maar in ons woestyn tyd.

Voorsiening

Maar weet jy, net so gou as ons dink alles is nou oor, vind ons soos Israel van ouds dat ons nog nie in die beloofde land is nie, maar in die woestyn. Nou besef ons eers dat die HERE ons wil begin leer soos vir Israel van ouds. Ons moet leer soos hulle om totaal afhanklik van Hom te wees. Hy wil vir ons sorg, soos vir Israel met manna en kwartels. Hy wil vir ons voorsien van

water, maar ons moet leer om op Hom te vertrou. Het jy geweet dat Jesus self ook na die manna verwys het? In Johannes 6 van vers 47 verklaar Jesus self die volgende: *"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe. 48 Ek is die brood van die lewe. 49 Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. 50 Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. 51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee."* Moses het ook vir Aäron beveel om 'n houer met van die manna in die tempel by die ark neer te plaas, wat ook beteken dat Jesus was die hele tyd saam met Israel teenwoordig in die tabernakel. Al ooit gewonder of God Drie-enig daar was? Die staf van Moses is weer verteenwoordigend van die Heilige Gees, aangesien al die wonders wat Moses gedoen het, die Staf voor gebruik moes word. So, die Vader het saam met hulle getrek in die wolkkolom bedags en die vuurkolom in die nag, terwyl Jesus in die ark was en Moses met die Heilige Gees in sy hand gewandel het.

Israel het ook maar nog probeer om die HERE te toets in alles, soos wanneer hulle manna moes optel, het die een baie opgetel, en die ander een weer minder. Die merkwaardigste van dit alles is dat wanneer hulle die mate afmeet om seker te maak hulle het nie 'n tekort of oorskot nie sê die Bybel as volg: Eks 16:18 *" Maar toe hulle dit met die gomer meet, het hy wat baie ingesamel het, niks oorgehad nie; en hy wat min ingesamel het, nie te min nie. Elkeen na sy behoefte het hulle ingesamel".* Die een vraagstuk waarmee die kerk vandag nog sukkel is armoede van sy lidmate. Tog het Jesus vir die Fariseërs as volg gesê :Matteus 23:23 *" Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat"*. Ons moet hier onthou dat die Fariseërs het so hard probeer om te verseker dat hulle elke wet nagekom het, dat hulle selfs hulle tiendes van kruie gebring het, maar Jesus sê vir hulle dat hulle nie die belangrikste doen nie, en dit is om na hulle medemens om te sien. Ek moet met my finansies ook leer dat wat ek oor het, vir barmhartigheid gebruik moet word, want dit is wat die HERE wil, en nie vir myself om ryk te word nie. Hebreërs 13:5 *"Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie"*. Het jy geweet dat daar ongeveer 3,5 miljoen mense en diere deur die woestyn getrek het? Gaan kyk maar in jou Bybel. En tog het God vir elkeen gesorg. Het Hy elkeen gesond gehou. Het Hy vir hulle met die wolkkolom in die dag en die vuurkolom in die nag hulle gelei na waar hulle moes gaan. En dit is nie net Israel wat hulle in die woestyn bevind het nie. Jesus moes self ook woestyn toe om deur die Satan versoek te word Matteus 4: 1 *"Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel"*. Paulus is na sy Damaskuspad ondervinding vir drie jaar woestyn toe. Galasiërs 1vers 17: "maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus. *18 Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly";* Nou kan ek myself begin toerus om 'n nuwe lewe te leef, want soos Paulus geskryf het, Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.

Praat die HERE nog met my?

Drie maande nadat Israel uit Egipte getrek het en God vir Israel mooi geleer het oor voorsiening, bevind Israel hulle by die berg Sinai. Nou wil die HERE dat jy met Hom persoonlik sal kommunikeer. Ons het nie nodig dat iemand anders by die HERE hoor en dan vir my laat weet wat die HERE wil hê dat ek moet doen nie. Nee, Hy wil met my persoonlik verkeer. Hy wil bo-op die berg sit en met my aan Sy voete wil Hy met my praat. Wat sê die HERE vir Moses: Eksodus 19: *"So moet jy aan die huis van Jakob sê en aan die kinders van Israel verkondig: 4 Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het, en dat Ek julle op arendsvlerke*

gedra en julle na My toe gebring het. 5 As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. 6 En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees". As priesters wil die HERE dat ons persoonlik aan Hom offers sal bring, dat ons met Hom kan kommunikeer. Die belofte is dan ook dat ons ‘n heilige nasie vir Hom sal wees. Daarna het die HERE vir Moses die wet gegee, maar weet jy wat was Israel se antwoord daarop? Eksodus 20:18 *"En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. 19 En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons".* Dit is wat ons ook baie maal doen. Ons vra die HERE dat Hy eerder deur iemand anders met ons sal spreek, deur die predikant of dominee of pastor, omrede dit so angswekkend is vir ons. Ons deins terug en kan nie glo dat so ‘n almagtige God, met Sy maaksel wil praat nie. Maar, deur dit te doen, kan ek dit ook gebruik as ‘n skuiwergat later in my lewe. Nou hoef ek nie te aanvaar dat dit wat Hy van my verwag, regtig nodig is nie, want Hy het dit nie vir my persoonlik gesê nie. Is dit hoe jy optree?

Sinai - Besnydenis van die hart

Hier by Sinai in die woestyn, moes die HERE met Moses al die wette deel wat ons opgeteken vind in Eksodus, Levitikus, Numeri en in Deuteronomium. Hy moes hulle nie net opskryf nie, maar moes die volk onderrig aangaande alles. Hier het hulle gekamp vir meer as ‘n jaar lank. Verder moes hulle die tabernakel en die ark bou, en daarmee saam al die instellings van priesters en owerstes oor tien, vyftig, honderd en duisend man moes aangewys word. Vir ons vandag is dit ‘n tyd waar die HERE ons toets, en Sy Woord op ons harte skryf. Die hele tyd word ons bewus van ’n roeping wat die HERE vir ons het, maar Sy instellings moet eers gevestig word voordat ons daarin kan wandel. Hoeveel mense het ek al gesien wat dink dat dit hulle bestemming is, maar nie besef dat dit slegs ‘n tyd van onderwerping en toetsing is nie. Dan sien ons mense wat verkeerde gewoontes het, en vir jou sal sê dat die HERE nog nie vir hulle gesê het dat hulle die gewoonte moet los nie. My antwoord is maar die standaard antwoord. As jy my die gewoonte of gebruik in die Bybel kan wys waar dit as aanvaarbaar verklaar word, dan sal ek die Bybelse uitspraak aanvaar. Maar indien nie, dan kan die gewoonte of gebruik nie van die HERE af kom nie. Dan moet ek daarmee breek, en hoef ek nie te wag totdat die HERE vir my persoonlik sê dat dit verkeerd is nie, want die Bybel is Sy Woord. Hoekom wil jy langer tyd as nodig by Sinai in jou lewe spandeer? Breek met wat nie van God is nie en gaan voort. Die doel is nie om Sinai jou tuiste te maak nie. Die doel is om in Kanaän te kom.

Selfs hier het die HERE alreeds gewys dat Israel die verbond sal verbreek. Terwyl Moses op die berg was het die volk die goue kalf gemaak. Toe die HERE vir Moses afgestuur het na die volk toe, het Moses die wet wat die HERE self op die kliptafels geskryf het stukkend gegooi. Die gedeelte word ook later in die evangelie van Barnabas na verwys dat die verbond met Israel verbreek sou word en dat daar ‘n tweede volk sal kom wat die HERE se volk sal wees. Moses moes weer terug berg toe om weer nuwe kliptafels te kry waarop die HERE weer die wet geskryf het.

Maar hoe lyk Kanaän nou weer? "Psalm 1 :1 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; 2 maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. 3 En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit". Dit is Kanaän. Dit is wat vir my en jou beskore is. Dit is wat die HERE se plan vir my en jou is. As jy dit nie wil

aanvaar nie, moet jy dalk ook soos Israel vir nog ‘n vêrdere 40 jaar woestyn toe gaan. Het jy geweet dat al die Israeliete oor 20 jaar oud, nooit die beloofde land ingegaan het nie, behalwe Josua en Kaleb? Numeri 14: *28 “Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen. 29 Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het. 30 Waarlik, júlle sal nie in die land kom waaroor Ek my hand opgehef het om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne, en Josua, die seun van Nun”*. Hulle het dit nooit gesien nie omrede hulle getwyfel het dat die HERE die oorwinning vir hulle sou gee. Moenie dat jy nooit bereik wat die HERE vir jou beoog het nie. Glo Hom. Glo in Sy Woord. Moenie jou oortuigings bou op die oorlewering van mense nie. Paulus het daarin gespesialiseer. Maar toe ontmoet hy Jesus. Ek vertrou dat jy Kanaän toe wil gaan.

Een antwoord wat die Woord hier vir ons gee, is vir ‘n vraag wat baie mense oor wonder. As ons sê dat ‘n persoon eers moet glo voordat hy gedoop word, wat word van die wat nooit gedoop is nie. Die HERE het nie die persone van onder twintig jaar laat sterf nie, want Hy verwag nie dat hulle al ‘n keuse gemaak het nie. Hy wil seker maak dat jy weet dat jy Hom nodig het voordat jy gedoop word. Eers na twintigjarige ouderdom, verwag die HERE dat jy ‘n keuse moet maak, en sal jy volgens jou keuse beoordeel word. Ons lees ook verder in Josua 1 en 2 dat die Israeliete wat uiteindelik in Kanaän ingegaan het, ook eers deur die Jordaan moes gaan, wat ook op ‘n doop wys.

Die Tabernakel.

Nog iets wat in die woestyn gebeur het is dat die HERE vir Moses gevra het om die tabernakel te bou. Wat het die tabernakel na verwys? Dit was ‘n plek waar slegs priesters kon offer, (intree), vir die sondes van Israel. Maar daar was ook ‘n plek, die allerheiligste, waar die HERE fisies gemanifesteer het by die verbondsark. Onthou dat die eerste verbond was ingestel met besnydenis van die mens se kant, en ‘n ark waar die HERE gewees het. Die hoëpriester kon slegs eenmaal per jaar daar ingaan om vergifnis te vra vir die sondes van Israel. Hy kon ook slegs daar ingaan met bloed. Onthou ook dat die tabernakel ingestel is saam met die gee van die wet op Sinai. Voor die tyd het die HERE gesê dat Hy ‘n nasie van priesters wou hê. Met Korag, Datan en Abiram se oproer het die HERE besluit dat slegs die Leviete aan Hom kon offer. Dit is die rede hoekom Jesus gesê het dat Hy die tempel in drie dae sou afbreek en weer opbou, want die HERE wil ‘n tabernakel in elke persoon se hart bou. Dit sal maak dat ek en jy presies sal weet hoe om die HERE te nader, maar ook hoe om teenoor Hom op te tree. Dit is dan ook die rede hoekom Jesus gesê het dat Hy die wet kom vervul het, wat beteken het dat Hy weer die verhouding wat die HERE met Israel voor die gee van die wet, wou herstel. In die tyd kon enige persoon aan die HERE offer.

Wat is die doel van die tabernakel dan vandag?

Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het die gordyn wat die heiligste van die allerheiligste geskei het, van bo na onder geskeur. Dit is vir ons ‘n teken dat God self die skeiding wat daar tussen ons en Hom was verwyder het, aangesien die gordyn van bo na onder geskeur het. Jesus het toe ingegaan en met Sy bloed eens en vir altyd ‘n aanvaarbare offer vir sonde gegee. Ons kan dus nou onsself onder die bloed van Jesus plaas en met vrymoedigheid na God toe gaan, sonder dat iemand vir ons moet optree as tussenganger. Ons hoef ook nie net eenmaal per jaar toegang na God toe te verkry nie, aangesien Jesus elke oomblik vir ons intree. Ons kan nou

ook soos wat Samuel dit gedoen het in Eli se tyd al, onder die verbondsark slaap. Dit beteken ons kan ons lewe in die teenwoordigheid van God deurbring, en so nooit hoef te twyfel of ons die reg het om kinders van God genoem te word nie. Maar, dit beteken ook dat as ek tyd afstaan en altyd in Sy teenwoordigheid deur bring, ek ook die salwing van ‘n hoëpriester soos Samuel of ‘n Josua sal hê.

Kanaän, of terug woestyn toe

Die Israeliete was ook bly toe hulle uiteindelik by Kanaän aankom, en het verspieders uitgestuur om die land deur te gaan en verslag aan hulle te kom gee. Die verslag wat hulle gehoor het, het hulle nie van gehou nie, want daar was nie geloof nie. **Hulle het nie geglo dat die HERE die vyand in hulle hand sal gee nie, maar wou ‘n nuwe leier aanstel om hulle terug te vat na Egipte. Hier het hulle getoon dat hulle nie die HERE geglo het wat Hy kan doen nie. Hoeveel keer hoor ek nog vandag dat al hierdie wonders wat in die Bybel bespreek word, net vir daardie tyd was. Die mense vergeet die gedeelte dat Jesus gesê het dat ons nog groter wonders as Hy sal doen. Maar daar is ‘n voorbehoud. Ons moet glo.** Ons moet glo dat die HERE aan ons kant is. Ons moet glo dat Sy beloftes wat Hy in Sy Woord vir ons gee, waar is. Hoeveel keer het die HERE al met jou gepraat en gesê dat Hy ‘n groot bediening vir jou het, maar deur ongeloof kom jy nie daar nie. Of hoeveel keer het jy al mense se drome verpletter deur te sê dat jy nie glo dat die HERE hulle kan gebruik nie. Al hierdie faktore moet ons in ag neem as ons deur die Jordaan wil gaan om Kanaän in besit te neem. As ons twyfel, is ons nog steeds in die woestyn, en sal ons nooit in Kanaän uitkom nie. Weet u dat al die verspieders wat die boodskap van twyfel gebring het, daar gesterf het. Nie een van hulle het eers 40 jaar in die woestyn deurgebring nie. So moet asseblief nie ‘n boodskap van twyfel bring deur die Woord van die HERE in twyfel te trek nie. Soos ek vroeër in die boek ook gemeld het, ons moet glo dat Jesus die Christus is. Ons moet oorgaan van die sesde dag na die sewende dag van die HERE, om Sy rusdag in te gaan. *“Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek:* ***En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer ‘n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie.*** *Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van ‘n ander dag daarná spreek nie.* ***Daar bly dus ‘n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne.*** *Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie.*” (Heb 4:1-11)

Kanaän - Uiteindelik!!!!!

Een aspek wat ons ook in die oog moet hou is dat toe die Israeliete in Kanaän aangekom het, is dit ook die tyd gewees dat die HERE Sy bo-natuurlike voorsiening gestop het. Toe die Israeliete die oggend opstaan nadat hulle die eerste keer van die opbrengs van die land geëet het, was daar geen manna meer nie. Hoekom? Nou sal die HERE seën wat ons doen. Al wat Hy

verwag, is gehoorsaamheid. Deuteronomium 11 vertel ons presies wat die HERE gaan doen. Waar ons vroeër self moes werk om te kan voorsien, sê die HERE Hy sal sorg vir die groei, ons moet net plant en oes. Vers 11 en 12 stel dit so: *"11 Maar die land waarheen julle oortrek om dit in besit te neem, is 'n land van berge en laagtes wat van die reën van die hemel water drink; 12 'n land waar die HERE jou God voor sorg; die oë van die HERE jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar."* Nou kan ons ook verstaan waarvan Salomo in Psalm 127 van praat: *"1 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.2 Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet--net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!"* So, in Kanaän sal die HERE alles wat ek doen seën, solank ek my hou by wat Hy van my verwag om Hom te dien, en nie afdwaal na vreemde gode nie.

Waarvoor moet ons oppas?

Tog moet ons ook nog die volgende in ag neem. Selfs in Israel se tyd is nie al die Israeliete gered nie. Al die Israeliete is besny as teken van die verbond. Dit was vir hulle 'n seël dat hulle aan die verbondsvolk van die HERE behoort het. Maar tog vind ons dat die profete in Israel se tyd die volk aanspreek deur te praat oor bekering. Esegiël, in hoofstuk 18 doen 'n beroep op die Israeliete om hulle te bekeer van hulle verkeerde weë, want indien hulle dit nie doen nie, het die HERE geen keuse as om hulle oor te gee aan die dood nie. Die dood hier is nie 'n fisiese dood nie, maar 'n ewige dood. Hier word ook vir ons 'n riglyn deur gegee dat ons nie kan roem oor ons ouers of wie ook al en daarom verwag om gered te word nie, maar dat elke persoon self moet kies waar hy die ewigheid wil spandeer. Dit word duidelik gestel in vers 20 en vers 30: *"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. 30 Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek die HERE HERE. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie."* Soos ek vroeër gesê het, nie al die Israeliete is gered nie. Dit beteken ook vandag vir ons dat ek nie daarop kan aanspraak maak dat indien ek eenmaal die HERE as my verlosser aangeneem het, ek die ewige lewe beërwe nie, maar dat ek my verlossing kan verloor. Die bogenoemde gedeelte bewys dit vir ons. Dit word ook bevestig in Esegiël 3 waar Esegiël as volg skryf*: "20 En as 'n regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen, en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis."* Dít klink altyd vir my soos kwaai woorde, daarom wil ek die hoofstuk afsluit met 'n vraag vir jou.

My vraag vir jou

Nou bly daar nog een vraag oor wat ek graag wil vra. Die vraag kom uit Deuteronomium 30 vanaf vers 15 "Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. 16 Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem .17 Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien ,18 dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. 19 Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die

seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag,20 deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae,** sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee".

My gebed vir jou is dat jy, Dié Weg, sal kies.

Moses 1 vers 2: Wat is, en hoe lyk die oorwinnaars lewe van die Bybel?

Inleiding

Wanneer ek besef dat ek in Kanaän is, is die volgende vraag weer oor wat maak ek wanneer ek daar aankom? Gaan ek soos Israel van ouds agter ander gode aanhardloop, of gaan ek my kant van die verbond hou?

Ons lewe so in ‘n eeu waar almal eerder boeke lees oor Bybelse onderwerpe as wat ons die Bybel self lees, en wag ons almal vir die wegraping en al die gevolge daarvan soos deur hoevele fiksie skrywers uitgelig, maar weet ons dat ons gaan oorwin? Weet ons wat van ons verwag gaan word om te doen? Weet ons dat ons nie net heeldag gaan rondloop in strate van goud en niks doen is nie?

Maar wat en hoe gaan dit dan wees?

Dit is wat ek gaan poog om deur te gee. Dit is hoe ons as oorwinnaars, ons van wie die Bybel verklaar, "Aan hom wat oorwin", sal optree en wat van ons gaan word die dag wanneer die agtste dag volgens Henog, gaan aanbreek. Die dag waar daar geen tyd meer sal wees nie.

Oorwin Kanaän

Hoe tree ek op wanneer ek besef dat dit wat die Bybel van my verwag om te doen om geloofsekerheid te verkry, gedoen is? Besef ek dat ek nou kind van God is, en sodoende die ewige lewe het? Besef ek dat ek ‘n nuwe wese is? Dat ek skoon gewas is deur die bloed van die Lam? Dat ek Jesus se geregtigheid besit? Dat ek nou sonder smet of blaam voor Vader kan verskyn?

Maar, dit is nie waar dit eindig nie. Die Bybel is baie spesifiek oor wat gaan gebeur met hulle wat oorwin. Maar wat is dan die verskil tussen die twee begrippe? Ek dog ek moet net kind van God word en dan is dit die einde. Nou sê jy dat daar nog oorwinnaars ook is. Wat is dan nou die verskil tussen die twee begrippe?

Ek sien daagliks hoe mense wat goeie Christene is, swig voor die duiwel en sy versoekings. Maar hoekom gebeur dit? Die antwoord is baie maklik sodra ons na die stappe van die verbond kyk. Sien die mense het onder die Bloed van die Lam gekom en gebruik nagmaal, maar hulle het nog nooit uit Egipte getrek nie. So hulle is die aanhangers van Calvyn en al die baba dopers.

Hulle het nog nie deur die see getrek en gesien hoe die Farao, die Satan, en **AL** sy soldate in die see verdrink het nie. Hulle bly nogsteeds in Egipte en **MOET** bakstene maak vir die duiwel. Hulle het nog nie uitgekom onder die mag van die Satan nie, en hulleself onder die mag van die HERE gestel nie. Sodra ek gedoop is kan ek so maklik kies om die HERE se weg te kies. Maar, o ja, as Calvinis het ek mos geen keuse nie. Ongelukkig vergeet hulle van die verhaal in die paradys. Eva het in die Paradys by die HERE die keuse gehad om Hom te gehoorsaam of die Satan. En sy het Satan se weg gekies. So ons hele lewe bestaan uit keuses, en dit gooi Calvyn en al sy aanhangers en verteenwoordigers onder die mag van Satan. Daarom dat Sagaria in sy gesig wat hy na die verwoesting van ons huidige aarde gesien en beskryf het: *"En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie."* (Sag 14:18-19) So hulle is Egiptiese Christene. Gaan lees maar Esegiël 18. Ons dien nogsteeds dieselfde HERE en Hy het nie van standpunt verander nie. Elkeen sal self moet besluit waar hy hom wil skaar. Ons elkeen kry elke dag keuses om of die regte pad te kies, of om stene vir die Farao te maak.

Ek kan hier een goeie voorbeeld gebruik. Ons dorpie het 'n spruit wat tussen die ou dorp, die voorheen blanke gebied, en die swart en kleurling buurtes vloei. Nou word daar vandag nog gespot met ouderlinge van naam wat een Sondag nie by die dienste opgedaag het nie want hulle was moeg van melktert eet en het toe sjokolade koek anderkant die spruit gaan soek. Daar het toe 'n tipiese Karoo storm gekom en hulle almal vir 'n dag of twee aan die verkeerde kant van die spruit gevang. So raai wat? Hulle het na Satan geluister en selfs die wat dit vandag nog as 'n grap beskou, moet eers weer begin by die eerste stap van verbond, en dit is om te besef dat hulle Jesus nodig het om in die hemel te kom. Daarom dat Paulus Esegiël aanhaal in Galasiërs 6: *"Maar laat elkeen sy eie werk op die proef stel; en dan sal hy grond vir roem hê alleen wat homself betref en nie wat die ander betref nie. Want elkeen sal sy eie pak dra."* (Gal 6:4-5)

As ons na Israel kyk en hoe hulle geskiedenis verloop het in die Bybel, sien ons dat hulle uit Egipte getrek het, verspieders uitgestuur het om te kyk hoe lyk Kanaän, 'n meerderheid besluit geneem het om nie dit te aanvaar wat die HERE hulle beloof het, en toe 40 jaar in die woestyn rondgeswerf het, en toe in die beloofde land in is. Miskien is dit die plek waar jy vandag jouself bevind. Jy het alles gedoen wat van jou verwag word, en nou het jy mos Kanaän beërwe. Jy weet dit is die plek waar die Bybel van getuig waar jy moet saai, die HERE sal water gee en laat groei, en jy moet net weer oes.

Hoekom moes hulle 40 jaar in die woestyn swerf? Hulle het nie geglo dat die HERE vir hulle sal help om die stryd te veg teen die volke wat hulle moes verdryf het nie. **Dit is die tyd wanneer ons oorgaan van die sesde dag na die sewende dag van die HERE, wanneer ons besef dat niks wat ons kan doen ooit sal maak dat ons in die Koninkryk van God sal kan ingaan nie, maar slegs geloof in Jesus Christus.** Dit is waarvan ons in die Hebreërs boek lees in hoofstuk drie en vier: *"Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie.* ***Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het***

êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. *Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie."* (Heb 4:1-11)

Maar is dit hoe dit in Israel se geskiedenis gegaan het?

Nee. Hulle het deur die Jordaanrivier getrek, en die eerste keer nadat hulle van die land se vrugte en koring geëet het, het die manna opgehou. En toe lê Jerigo nog voor hulle. Hulle was toe al in Kanaän in, maar nog niks het verander nie. Hulle moes toe eers oorlog voer om grondgebied te verkry. Hulle moes die hele land deurtrek om elke stam se erfdeel in besit te neem.

Hoe neem ek Kanaän in besit?

Deuteronomium 4:1 *"¶ Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem."*

Dit is nogal moeilik om altyd te verduidelik hoe dit is as iemand iets in besit neem. Ek wil graag 'n alledaagse voorbeeld gebruik. Die voorbeeld is iets wat elke persoon seker ten minste eenmaal in sy of haar lewe sal doen, en dit is om 'n huis of woonstel in besit te neem.

Wat beteken dit om iets in besit te neem? Dit is om dit jou besitting te maak. Wanneer iemand 'n eiendom of 'n vaste bate koop, is daar gewoonlik 'n bewys van eiendomsreg wat die item vergesel. Die een wie se naam op die titelakte staan, is die wettige eienaar van die item. Dit is wat die HERE van ons verwag, om eienaarskap van Kanaän te neem.

Op 'n titelakte is daar ook gewoonlik voorwaardes of beperkings. So kan ek nie 'n hotel op 'n residensiële erf bou nie, want die titelakte beperk dit. Ek kan slegs die land gebruik waarvoor dit in die titelakte beskryf word.

Dit is ook wat die HERE met ons doen. As ons na die voorwaardes op Kanaän se titelakte kyk, is daar die volgende klousule: ***"Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen."*** Ons kan slegs die land in besit neem, wanneer ons in die insettinge en verordeninge van die HERE wandel. Kanaän is nie gemaak vir my om te doen wat ek wil nie. Hoekom nie? Die HERE verklaar dat Hy daar vir ons 'n God sal wees en ons vir Hom 'n volk sal wees. Hy is die een wat die titelakte vervaardig het, so Hy kan die beperkings bepaal

wat op die titelakte van toepassing is. Wanneer ek ‘n eiendom aankoop, kan ek nie vir die prokureur of aktevervaardiger aansê om besigheidsregte by die titelakte te voeg nie. Nee, indien ek dit wil doen moet ek eers die owerheid se toestemming kry.

Dieselfde geld met Kanaän. Die HERE het bepaal dat ons na Sy verordeninge en insettinge sal luister. Indien nie, het ek geen reg op Kanaän nie. Ek kan ook nie nuwe voorwaardes stel nie, want die voorwaardes is al eeue terug deur God bepaal en is deel van die nuwe verbond. Daarin word bepaal dat Hy my sondes sal vergewe en my lei om in Kanaän in te kom. Alles wat nie hierin vervat is nie, is nie deel van die titelakte nie.

Nou mag u dalk vra dat omdat die voorwaardes so lank terug bepaal is, kan dit nie verander nie? Nee, ongelukkig nie. Vir die van u wat die Kaap ken, sal weet dat daar geen alkoholiese drank in Vishoek verkoop of bedien mag word nie. Die voorwaarde is deur die eerste houer van die titelakte bepaal, en is vandag, 300+ jaar later, nog steeds van krag. Dieselfde geld vir Kanaän. Wanneer ons Kanaän in besit wil neem, moet ons aan al die voorwaardes voldoen. Die voorwaardes het die HERE vir die Israeliete gegee toe hulle dit in besit geneem het, en is vandag nog op ons van pas, naamlik dat ons na Sy verordeninge en insettinge sal luister.

Ek vertrou dat u wil in Kanaän bly. Dus moet ons aan die vereistes voldoen.

Dit is wat ons in ons lewe ook maar moet doen. Ek wil so graag agteroor gaan sit en sê dat ek nou die HERE se wet in my hart ontvang het, ek glo dat al hierdie vrugte wat Hy vir my gewys het in my lewe sal manifesteer, en dan wil ek maar weer aangaan met my lewe, of dalk weer aangaan met my vorige lewe. Maar dit is nie hoe dit werk nie. As ons na die natuur kyk en ‘n plant sien wat glad nie groei toon nie, weet ons een van twee goed: Die plant is of besig om dood te gaan, of is alreeds dood. So is dit in ons lewens ook. As ek nie groei nie, is ek of reeds dood of besig om dood te gaan. Ek moet groei toon. Ek kan nie maar net anderkant die Jordaan op die gras gaan sit en piekniek hou nie. Nee, die mense van Jerigo gaan my aanvat en my wegjaag of doodmaak.

So wat staan my te doen? Ek moet by die HERE gaan hoor wat ek moet doen om Jerigo te verower. Daar is nog orals vestings in my lewe wat ek moet oorwin. Miskien is dit die baasspelerigheid oor my vrou en kinders. Miskien is dit maar my potjie golf Sondagoggend saam met my vriende. Onthou net jy kan nie vrugbaar wees as jy nie die grond besit nie. Die vyand gaan met jou woer-woer speel as jy nie die vestings van Satan in jou lewe vernietig nie.

Wat het die HERE vir Israel gesê toe hulle in die beloofde land in is. Deut 7 :1 "¶ As die HERE jou God jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem, en Hy baie nasies voor jou uit verjaag: die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, sewe nasies, meer en magtiger as jy; 2 en die HERE jou God hulle aan jou oorgee, dat jy hulle verslaan, dan moet jy hulle geheel en al met die banvloek tref; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle nie genadig wees nie. 3 Jy mag jou ook nie met hulle verswaer nie--jy mag jou dogter nie gee aan sy seun, en sy dogter nie neem vir jou seun nie; 4 want hy sal jou seun van My afvallig maak, sodat hulle ander gode dien en die toorn van die HERE teen julle ontvlam en Hy jou gou verdelg."

Wanneer ek weet dat ek weet dat ek kind van God is, kan ek nie met verskonings kom en daarmee verkeerde dade en optredes in my lewe mee goed praat nie. Nee, ek moet totaal breek met alles wat nie van die HERE is nie. As ek nie die HERE se naam verheerlik met dit wat ek doen of hoe ek optree nie, is dit nie van die HERE nie. Dit is wat die Bybel verklaar.

Maar gelukkig is daar darem ook vir ons ‘n ander vers wat vir ons tyd gun om met alles te breek. Die vers kom net later in hoofstuk 7 voor: Vers *22 "En die HERE jou God sal hierdie nasies so langsamerhand voor jou uit verjaag; jy mag hulle nie gou vernietig nie, dat die ongediertes nie teen jou die oorhand kry nie."*

So ek het nie nodig om elke vesting onmiddellik mee te breek nie. Maar ek moet sorg dat ek nie vashou aan die vers om my optrede mee goed te praat nie, want indien ek dit so wil doen, is dit wat ek dan probeer goedpraat, nog steeds sonde. Al wat ek kan doen is om te breek met dit wat die HERE vir my elke dag uitlig. Dit is ook waarvan Jesus gepraat het toe Hy aan die dissipels verklaar het dat hulle elke dag hulle kruis moet opneem en Hom volg. Hy sal elke dag vir my vestings van die vyand in my lewe openbaar sodat ek daarmee kan breek. Sodra Hy dit openbaar het vir my, is dit my plig om daarmee te breek, en kan ek nie vers 22 voorhou dat dit tyd sal vat nie. Nee, soos Israel deur Kanaän gegaan het, het hulle elke vesting of stad verwoes wat hulle gesien het. Hulle het nie om die stede gegaan en die mense daar gelaat en die stede nie verwoes nie. Nee, hulle moes die stede verwoes.

Maar wat is al hierdie vestings? Paulus het alreeds die navorsingswerk gedoen, en dit vir ons neergeskryf in Galasiërs 5 vers 19: *"En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie."* Hy gaan voort met vers 24 *"Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig. 26 Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie."*

Paulus skryf ook aan Efese die volgende: "4:31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Hoofstuk 5: 3 Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam; 4 ook nie gemeenheid en dwase of lawwe praatjies wat nie pas nie, maar liewer danksegging. 5 Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie."

Noudat ek al die vestings in my lewe mee gebreek het, sal ek ‘n oorwinnaar wees. Hoekom? Ek het met alles wat skeiding maak tussen my en die Vader gebreek. Dit is wat die Bybel verklaar dat ek moet oorwin om deel te hê aan dit wat vir my wag, ‘n ewige lewe saam met die Vader en Jesus.

Hoe lyk ‘n oorwinnaar?

Nou verklaar die Bybel ook dat ons meer as oorwinnaars is deur Hom wat ons liefgehad het. Hoe lyk hierdie oorwinnaars lewe? Kan ek nou al deel hê daaraan, of is dit eers van toepassing na my dood?

As ons na ons alledaagse lewe kyk, hoe lyk ‘n oorwinnaar? Daar word daagliks vir ons so baie oorwinnaars voorgehou, atlete, rugbyspelers, krieketspelers, politici, werkers, “mooi meisie kompetisies”, selfs Lotto wenners.

Die begrip laat my altyd dink aan een van Danie Botha se gewildste liedjies, Wenners. Dit is wat ons almal graag wil wees. Ons wil almal met die oorwinnaarskroon of beker rondloop om te wys hoe goed is ons. Ons wil tog net vir almal bewys ons is iemand. Ek is nie net die ou vaal seuntjie wat so ronddwaal in die strate nie. Nee, ek is my ouderdomsgroep kampioen. Ek het die beste gevaar. Dan is daar nog die glorie en die spoggerigheid wat daarmee gepaard gaan.

In die wêreld kry ons twee tipes wenners. Die eerste groep se storie is gewoonlik as volg: "Weet ma, Sannie is so slim sy staan al weer eerste in die klas, is dit nie pragtig nie. Sy werk tog so hard". Maar terug by die huis is ma die een wat nie vir Sannie kans gee om eers toilet toe te gaan nie, nee, sy moet net leer. Maar dit is die gedeelte wat ons nooit van hoor nie. Meeste van die tipe oorwinnaars is oorwinnaars omdat hulle iemand anders se drome moet uitleef. Hierdie tipe oorwinnaar leef sy of haar hele lewe iemand anders se droom.

Die tweede tipe is die wat besluit het dat hulle ‘n beter lewe wil leef as dit wat hulle in groot geword het, of hulle is groot gemaak om die beste uit die lewe uit te haal. Hulle is gewoonlik die wat dit ver bring in die lewe, en vir ons as voorbeelde voorgehou word. Hulle sal lang ure insit net om iewers te kom. Om aanvaarding te kry vir dit wat hulle bereik het in die lewe. Hulle streef ook altyd na nog hoër hoogtes, nog groter prestasie. Maar hulle kom nooit by die punt waar hulle hulself net aanvaar vir wie hulle is nie. Daar is nie tyd om te dink aan myself nie, nee ek moet nog dit of dat klaarmaak. Hulle antwoord is altyd: "Weet jy nie dat ek nie tyd het vir al hierdie ander aktiwiteite nie, nee die saak verlang al my aandag."

Maar dit is nie die oorwinnaars waarvan ek wil skryf nie. Die Bybel leer ons dat ons sal oorwin, en dat daar spesifieke pryse is wat vir ons as oorwinnaars wag. Maar wat beteken die begrip oorwin in die Bybel. Lukas gee vir ons lig op die onderwerp. Lukas 11:21-22 *"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit."* As ons die verse ontleed, vind ons wat die betekenis van oorwin in die Bybel is. Dit beteken dat ek sterker moet wees as my teenstander, sodat hy my nie kan oorval en oorwin nie, en ek nie my wapenrusting verloor en dit as buit uitgedeel word nie.

Maar hoe kry ek dit reg? Kom ons kyk na al die verskillende begrippe wat in die skrifgedeelte voorkom.

"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid."

Dit is wat die Bybel verklaar. Eerstens moet ek ‘n sterkman wees. Ek moet weet waar my krag vandaan kom. Ek moet weet dat ek deur Jesus tot alles in staat is. Ek moet verseker weet waar my sterkte vandaan kom.

Hoe lyk u lewe vandag? Is u sterk in die geloof? Kan die vyand u kom aanvat soos hy met Jesus gedoen het in die woestyn? Is u seker van u sterkte? Onthou net u kan baie sterk lyk, maar eintlik nie baie sterk wees nie. U sterkte kan slegs bepaal word wanneer dit getoets word. Nou wil ek nie verkondig dat u aanhoudend in situasies betrokke moet raak waar u elke keer u sterkte as Christen wil toets nie. Nee, want my sterkte is nie in myself nie, maar in Christus. Alleen Hy is my sterkte. Alleen in Hom is ek sterk. Die Bybel verklaar juis vir ons dat wanneer ons in situasies kom waar ons as Christene aangevat gaan word moet ons nie terug deins nie. Nee, die Heilige Gees sal ons dan gee wat om te sê.

So my sterkte moet ek in Christus gaan soek. Alleen wanneer ek weet wat Hy vir my kom doen het en ek dit besef, sal ek kan oorwin, sal ek sterk kan staan.

So die eerste kenmerk van ‘n oorwinnaar is iemand wat sterk is.

Die tweede aspek van ‘n oorwinnaar is iemand wat goed gewapen is. Dit is wat die skrifgedeelte vir ons uitlig. Maar, hoe lyk my wapens? Waar in die skrif kry ek ‘n beskrywing van my wapens? Daar is drie skrifgedeeltes wat ek graag na wil verwys.

Die eerste skrif kom uit Romeine hoofstuk 13. My wapens is die wapens van die lig. *"11 ¶ En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. 12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord. 13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap,* ***nie in ontug en ongebondenheid****, nie in twis en nydigheid nie. 14 Maar beklee julle met die HERE Jesus Christus,* ***en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie****."* Ek mag geen iets in my lewe hê wat ek vir iemand moet wegsteek nie. Al my werke moet aan die lig kan kom sonder om my te benadeel. Alle mense moet kan sien en weet dat ek kind van God is. Ek moet myself so kan handhaaf dat niemand iets teen my kan inbring nie. Dit is my wapens. My lewe moet getuig dat ek iemand is wat lewe vir Christus. ‘n Lewe sonder smet of blaam. Teen so ‘n lewe kan die vyand niks inbring om my te laat struikel nie.

Die tweede wapen kom uit 2 Korintiërs 6 vers 7: *"in die woord van waarheid, in die krag van God, deur die wapens van die geregtigheid in die regter-- en linkerhand;".* As ek nie weet dat ek nie deur myself nie, maar deur Christus se toedoen geregtig is op ‘n ewige lewe saam met Hom nie, kan die vyand my probeer oortuig dat ek nie werklik gered is nie. Ek moet kan weet dat die verbond wat Hy vir ons berei het, ‘n ewige verbond is en dat Hy dit vir ons volbring het. Ek moet dit glo. Dit is my wapens. Dit kan ek slegs doen wanneer ek die Bybel ken en verstaan en weet wat Jesus vir my kom doen het.

Die derde gedeelte oor wapens kom uit 2 Korintiërs 10 vers 3: *" Want hoewel ons in die vlees wandel,* ***voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; 4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, 5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,*** *6 en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is."* Die gedeelte sluit aan by die vorige twee oor wapens. My wapens is geestelik, met ander woorde dit is in my gees en in my siel's area waar ek moet weet dat ek moet optree soos iemand wat sy lewe afgelê het en vir Christus leef. Dit sal my help om elke vesting wat die vyand dalk nog in my lewe het, of dit 'n slegte gewoonte of onbeheerste optrede is, te kruisig en af te lê. Dit is wat die skrifgedeelte verklaar. My wapens kan elke vesting van die vyand neer werp. Ek kan oorwin oor alles wat skeiding maak tussen my en God. Ek hoef niks te vrees nie.

Maar die gedeelte in Lukas verklaar ook dat ek moet my huis, of my lewe en my liggaam bewaak. Ek mag nie toelaat dat ek vir 'n oomblik my waaksaamheid laat vaar nie. Ek moet elke oomblik van die dag waaksaam wees. Alleen wanneer ek dit alles doen, sal my besittings, dit wat ek van die HERE ontvang, veilig wees.

Ek kan nie toelaat dat my waaksaamheid vir 'n oomblik verswak nie. Dit is wat die Bybel verklaar. Dit is wat ons as Christene moet doen. Die Bybel verklaar nie vir ons dat ons nie aangeval sal word nie. Nee, ek moet elke oomblik waaksaam wees.

Kom ek neem 'n voorbeeld. Die gedeelte wat ek hierbo geskryf het, het ek die aand so tussen sewe en half nege geskryf. Dit was vir my snaaks dat ek meteens nie my gedagtes kon vestig op die onderwerp nie, en het ek besluit om maar alles te stoor en die rekenaar af te skakel. Ek het skaars opgestaan van waar ek gesit het, of die telefoon lui. Ek het dit geantwoord en onmiddellik besef dat iets nie pluis is by my een dogter nie. Sy wou onmiddellik met haar ma praat. Ek het geskrik toe ek hoor dat Hettie, my vrou, vir haar verduidelik hoe om 'n wond se bloeding te stop, en dat hulle onmiddellik hospitaal toe moet gaan. Ons sou hulle daar kry.

Toe Hettie aflui, het ek gehoor dat my skoonseun deur twee swart mans in sy tuin aangeval is en hy met 'n mes in die rug gesteek is. En dit was in 2003. In vandag se lewe hoor ons maar gereeld van aanvalle op mense by huise, maar wat my dadelik laat dink het aan waaroor ek geskryf het, is die feit dat hulle in 'n sekuriteit kompleks bly, dat daar aanhoudend wagte is wat rond beweeg, daar elektriese heinings rondom die kompleks is, en dat hulle alle voorbereidings getref het om hulle te beskerm, en tog is hy aangeval.

U sien hy het sy waaksaamheid laat vaar. Hy was mos oortuig dat dit onmoontlik is om nou nog steeds misdadigers in so 'n kompleks teen te kom. Al wat hy gaan doen het was om die water toe draai want die tuintjie was nou nat genoeg. Niemand verwag mos dat daar iemand vir jou buite sit en wag nie. Nie in jou eie tuin nie.

Maar dit is waar die vyand ons aanvat. Hy weet mos as ek na 'n nagklub of iets soortgelyks toe gaan dat ek op my hoede sal wees. Ek sal hom mos daar verwag. Dit is hoekom ek mos nie na sulke plekke toe sal gaan nie. Maar, ek verwag hom mos nie in my eie huis nie. Ek verwag hom

nie op my eie gemeente se preekstoel nie. Maar dit is waar hy begin om twyfel te saai. Dit is deur ons eie mense wat hy ons aanvat. Hy het selfs vir Eva verlei in die teenwoordigheid van God, by Hom in die Paradys.

So die vierde eienskap van ‘n oorwinnaar is iemand wat waaksaam is. Iemand wat aanvalle verwag en op sy hoede is vir elke aanslag van die vyand. Want as ek nie waaksaam is nie, gaan hy my verower. Dit is wat die Bybel vir ons verklaar in die skrifgedeelte. Hoe lui die skrif weer? Lukas 11:21-22 *"Wanneer 'n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit."*

Wanneer ek so optree, weet ek dat my besittings, my saligheid veilig is. Ek moet onthou dat ek nie ‘n oomblik kan verslap nie. Wat leer die Hebreërs skrywer ons in hoofstuk 12: *"11 Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is. 12 Daarom, rig die slap hande en die verlamde knieë weer op; 13 en maak reguit paaie vir julle voete, sodat wat kreupel is, nie uit lit raak nie, maar liewer gesond gemaak word. 14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die HERE sal sien nie; 15 en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.* ***16 Laat niemand 'n hoereerder wees nie, of 'n onheilige soos Esau, wat vir één spysgereg sy eersgeboortereg verkoop het. 17 Want julle weet dat hy, toe hy ook later die seën wou beërwe, verwerp is, want hy het geen geleentheid vir berou gevind nie, al het hy dit met trane vurig begeer****."* Dié skrywer het presies geweet waaroor ‘n oorwinnaars lewe gaan. Ek kan nie later my lewe verander nie. Nee, ek moet dit nou doen terwyl ek die geleentheid het. As ek dit nie doen nie, kan ek soos Esau op eindig.

Maar ek weet dit is nie wat ons wil hê nie. Nee, ons wil ‘n lewe van oorwinning saam met Jesus Christus verkry.

Wat moet my ingesteldheid wees as Christen om as oorwinnaar gereken te word?

Afhangende met wie jy mee praat, kan jou ingesteldheid as Christen hemelsbreed verskil van die volgende persoon. By die wat nie sterk is in die geloof nie, mag dit wees dat jy maar net moet glo en die res aan die HERE oorlaat. Dan is daar die wat so hard werk om in die hemel te kom, en dan is daar ook nog ‘n groep wat vra dat jy die Woord moet uitleef. En dit is maar net drie van die verskillende groepe se standpunte.

Een ding waaroor ons kan seker wees, is dat dit maak nie saak wat jy sê nie, daar sal altyd amper onmiddellik iemand wees wat van jou gaan verskil. Jy kan ook seker wees dat elkeen sal ook sy eie versie of versies hê om hul standpunt mee te bevestig en te verdedig.

Selfs die Bybel lyk vir ons partymaal het verskillende standpunte. As ons kyk na Hebreërs 4 vers

16, verklaar die skrywer ons moet met vrymoedigheid na die genade troon toe gaan. Iemand wat vrymoedig is, was nog altyd vir my iemand wat presies geweet het wat hy wil doen, en dinge doen sonder om te aarsel. Maar as ons na Dawid kyk verklaar hy weer dat die HERE naby die is wat gebroke van hart en gees is. Dit was nog altyd vir my iemand wat maar redelik neergeboë was en nie juis ‘n groot oortuigde van enige standpunt was nie.

So nou kan ons tereg vra, watter standpunt is nou reg? Verder, hoe weet ek ook dat die standpunt waarmee ons gaan eindig, die regte standpunt is? Die tweede vraag is redelik maklik om te antwoord, in die sin dat ons kan kyk na wat die Bybel belowe vir iemand met so ‘n ingesteldheid. Die eerste vraag is ‘n perd van ‘n heel ander kleur.

Nou waar begin ons?

Ek wil graag begin by wat die Woord verklaar ons as Christene as prys sal ontvang. Die woord leer ons uitdruklik in Openbaring dat net oorwinnaars sal ingaan en die ewige lewe beërf. Ons moet oorwin. Maar hoe oorwin ons? Die antwoord kom vir ons uit Openbaring 12:11 *"En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie."*

Uit hierdie skrifgedeelte, kom daar drie aspekte na vore. Kom ons kyk nou na die drie aspekte.

En hulle het oorwin deur die bloed van die Lam.

Hoe oorwin ons deur die bloed van die Lam? Ons moet ‘n verklaring doen dat ons nie op onsself vertrou nie, maar dat ek vertrou op die bloed van Jesus Christus om my te red. Dit is wat Israel in Egipte moes doen. Hulle moes die bloed van ‘n lam aan hulle deurposte smeer met ‘n hisop takkie, en so het die doodsengel by hulle huise verby gegaan. Hierdie enkele aksie het gemaak dat die doodsengel nie by hulle huis ingegaan het nie. Hulle moes weer die verbond bevestig.

Maar, as ons na dié geskiedenis kyk, was daar tog voorwaardes aan verbonde. Wat moes Israel doen? Hulle moes die pasga vier die aand voor die doodsengel deur getrek het. Hoe is dit gedoen? Eerstens moes hulle alle suurdeeg uit hulle huise verwyder. Dit beteken vir ons dat ons alle sonde moet bely en daarmee breek. Tweedens moes hulle die lam slag, en sy bloed aan die deurposte smeer met hisop. Hoekom? Die bloed aan die deurposte het verklaar dat die huis gereinig is, dat alle onreinheid verwyder is.

Vir ons vandag moet ons verklaar dat Jesus se bloed ons reinig van elke ongeregtigheid. Maar ons moet eers daarmee breek. Dan kan ons van die brood en van die Lam eet. Ons moet ons vul met die Lam dat daar geen honger na enige iets anders is nie. Ons moet ons vul met Sy Woord. Dit is hoekom die Israeliete die lam wat hulle moes slag, daardie aand heeltemal moes verorber. Niks moes oorbly tot die volgende dag nie. Hulle moes nie nog lus gehad het vir ‘n Egiptiese burger nie. Nee, hulle moes hulleself trommel dik geëet het. Daar moet dus vir ons geen begeerte na enige wêreldse iets wees nie. Nee, Jesus moet ons alles in alles wees.

Dit verklaar ook wat Jesus in Johannes 6 bedoel het met Sy woorde dat Hy die brood van die lewe is. Ons lewe moet totaal en al deur Hom oorheers word. Ek moenie nog ‘n agterdeur oophou na die wêreld toe nie. Na die Israeliete die bloed aan die deure gesmeer het, moes hulle binne in die huise bly. Hulle kon nie weer uitgaan nie. Hulle moes onder die bloed van die Lam bly. Dieselfde geld vir ons. Ons kan nie weer onder die bloed van Jesus uitgaan nie. Nee, ons moet daar bly, want dit is ons beskerming. Dit verseker dat die vyand my nie kan verlei of aanvat nie.

Dit is wat bedoel word met die gedeelte in Openbaring. Ons moet oorwin met die bloed van die Lam. As ons in Sy huis bly, kan die duiwel my nie aanraak nie. Dit sluit aan by wat Petrus ook vir ons verklaar, dat wanneer ons die duiwel weerstaan, hy van ons sal wegvlug. Hy kan nie teen die Bloed van Jesus wen nie. Dit is ook wat die nuwe verbond vir ons beteken, en doen.

En hulle het oorwin deur die woord van hulle getuienis.

Hoe lyk jou getuienis? Hier leer ons dat ons moet kan getuig van ons stand as Christene. Wat getuig jou lewe? Onthou net dat meer as 80% van wat jy sê, word deur jou lyftaal en optrede gepraat. Verbale kommunikasie is verantwoordelik vir minder as 20% van wat ons kommunikeer.

So wat moet my getuienis dan wees? Jesus verklaar vir ons in Matteus 23:23b: *"die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. "* Jesaja beskryf dit ook in hoofstuk 58 *: "Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid, dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? 7* ***Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? 8 ¶ Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."***

So my lewe moet getuig dat ek self reg laat geskied aan alle mense, barmhartigheid bewys aan almal, en dat ek nie troueloos handel nie. As daar dus mense is wie se reg geskend word, moet ek sorg dat aan hulle reg sal geskied. So moet ek ook mense kan help wat barmhartig is. Ek moet sorg dat daar gelykheid onder alle mense is. Die HERE het nie aan my ‘n klomp geld gegee om daarmee te doen net wat ek wil nie. Nee, Hy verwag van my dat ek sal omsien na die wat tekorte het in hulle lewe. Of het jy self besluit dat jy ‘n hoë intelligensie het? Nee, alles kom van die HERE, en verwag Hy van jou om te doen wat die Bybel ons leer.

Kom ek gee ‘n voorbeeld. Hoekom is daar armes? Dit mag dalk vir jou na ‘n nuttelose vraag lyk, maar eintlik is dit iets wat my moet aanspreek. Wat sê die HERE aan die Israeliete toe Hy hulle onderrig in die woestyn? Deuteronomium 15:4 *"Maar daar moet geen arme by jou wees nie, want die HERE sal jou ryklik seën in die land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee om dit in besit te neem;"*

Jy sien, die HERE gee nie vir jou ‘n oorvloed en vir die ander persoon niks nie. Nee, Hy verwag van jou om dit wat jy oor het aan die armes te gee. Maar, daar is nog. Indien jy ‘n besigheid besit, of dalk mense in diens neem, is dit ook jou plig om te sorg dat daar eerstens aan mede broeders en susters in die geloof werk verskaf word. Jy mag nie met ‘n ongelowige aan dieselfde juk trek nie. Nou mag jy dalk sê ek kan ‘n persoon nie in diens neem nie omdat hy nie ‘n goeie geleerdheid het nie, of dalk lewer die persoon nie werk van gehalte nie. Indien die persoon nie ‘n goeie geleerdheid het nie, wat is die rede daarvoor? Het die persoon dalk nie die geleentheid gekry het nie, of dalk het hy nie die vermoë nie?

Dit is jou plig as die sterker en meer vermoënde een om vir hom die geleentheid te gee om die nodige geleerdheid te verkry, of met die persoon te praat oor die gehalte van sy werk. As hy nie die vermoë het om die nodige geleerdheid te kry nie, is dit my plig as sterker een om dan te help met die nodige lewensmiddele. Dit is waarvan ek praat as ek sê die mense lees jou dade.

Verder moet ek betroubaar wees. My woord moet betroubaar wees. As ek iets verklaar, moet dit so wees dat daar nie verskuilde agendas agter my optrede is nie. My ja moet ja en my nee moet nee wees. As ek iets skryf, soos wat ek doen, moet ek nie probeer om my eie sienswyse deur te gee nie. Ek moet nie my eie teologie deurgee nie. Ek moet slegs verklaar wat die Bybel verklaar.

So, my getuienis moet opreg wees. Sonder enige tierlantyntjies of frilletjies. Mense moet kan verklaar dat hulle kan sien dat ek aan Christus behoort.

En hulle het nie hulle eie lewe liefgehad nie.

Dit is seker die moeilikste gedeelte om na te kom. Is jy bereid om jou lewe op te gee vir Jesus? Sal jy kan verklaar soos die skooldogter in Amerika wat deur twee leerlinge doodgeskiet is in die skool se biblioteek dat hulle haar maar kan skiet, want sy sal nie van haar standpunt verander en verklaar dat daar nie ‘n HERE is nie. Regtig? Sal jy dit nog steeds doen as iemand jou stukkie vir stukkie opkap terwyl jy vasgemaak is? Dit is ook wat jy verklaar wanneer jy gedoop word. Jy verklaar daarmee dat jy jou lewe neerlê, en jouself met Jesus Christus beklee. Jy verklaar met ander woorde dat jy sterf, en dat die lewe wat jy nou lewe, lewe jy vir Hom.

Dit is hoe ons sal oorwin. Oorwinning is nie vir sissies nie. Jy moet kan sterk staan om te kan oorwin. Dit is wat die Bybel verklaar. Jy moenie maar net "go with the flow" nie. Nee, jy moet kan standpunt inneem vir Jesus. Jy moet kan opstaan vir Hom wanneer die mense Hom belaglik maak. Wanneer professore en geleerdes die geldigheid of gebeure in die Bybel in twyfel trek, moet jy kan opstaan en hulle aanvat. Jy moenie dink dat hulle meer weet as jy nie. Miskien het hulle nog net nie vir Jesus ontmoet nie. Jy moet met outoriteit kan opstaan en verklaar wat die Bybel verklaar, dat elke knie sal moet buig voor Jesus en verklaar dat Hy HERE is. Dit is hoe ons oorwin.

As deel van die prys wat ons sal ontvang, leer ons ook dat ons saam met Christus sal heers. So ek moet leer om op die aarde te heers, want ek kan nie eendag in die hiernamaals eers leer om te heers nie. Waaroor moet ek hier leer om te heers? Sonde. Ek kan nie eers daar leer om oor

die sonde te heers nie, nee, ek moet hier al leer om te heers. Ek moet kan breek met elke sonde in my lewe. Ek moet kan heers oor my eie sonde. Wanneer ek kwaad word, moet ek nie sondig nie. Ek moet nie toelaat dat ek in situasies kom waar ek versoek sal word nie. Wanneer dit wel gebeur, moet ek sonder blaam kan wegloop, sonder om toe te gee aan die versoeking.

Wat is dus die regte ingesteldheid?

Noudat ons weet hoe ons as oorwinnaars moet optree, wat moet my ingesteldheid wees? Hoe gaan ek dit regkry, deur vol van myself te wees, of deur min van myself te wees?

Wat verklaar die Bybel oor ons? Sal ek oor almal stap omdat ek weet ek is meer as ‘n oorwinnaar? Sal ek al wat lering is aanhang wat my wil ophemel en motiveer sodat ek sal weet wie ék is en hoe ék moet optree?

Die skrif verklaar dat ek meer as ‘n oorwinnaar is, maar daar volg ook ‘n vêrdere deel van die sin. Die gedeelte verklaar dat ek slegs ‘n oorwinnaar is, deur Hom wat my lief gehad het. Ek self is nie in staat om ‘n oorwinnaar te wees nie, maar ek is net ‘n oorwinnaar deur Christus. Die vraag is nou: Hoe kry ek Sy aandag sodat Hy my kan liefhê? Wat verklaar die Bybel vir ons hieroor?

Die volgende paar verse gee vir ons ‘n baie duidelike riglyn.

"Esegiël 21:26: so sê die HERE HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is!”

“Kolossense 3:12 ¶ Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid.”

“Jesaja 61:1 ¶ Die Gees van die HERE HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis;"

Uit die verse is daar twee begrippe wat telkens voorkom, naamlik nederig en ootmoedig. Dit wil vir my lyk as ek na die verse en baie ander verse kyk, dat die HERE ‘n spesiale plek het vir die wat weet dat hulle niks is nie. Vir die wat nie dink hulle is beter as ander nie, maar weet dat hulle verstote, verlate en sommer net weggegooi is. Dit is die mense wat die HERE se aandag kry. Jesaja verklaar ook dat dit vir dié mense is wat die evangelie bedoel is.

Hoe seker is ek dat dit die geval is? Kom ons kyk na ‘n ander Bybelvers: Jesaja 57:15 *"Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: **Ek woon** in die hoogte en in die heilige plek en **by die verbryselde en nederige van gees**, om te laat herlewe die gees*

van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes."

Dit is wat die Bybel verklaar. Ek moet uitkom by nederigheid. Dit help nie dat ek probeer om met my eie ek te doen wat ek wil nie. Nee, die HERE is by die wat gebroke is, nederig, verbrysel, en ootmoedig.

Maar hoekom moet ek so wees? Wanneer ek nie nederig en ootmoedig is nie, is ek vol van myself. Dan is ek nog nie gestroop van my eie waardigheid nie. Ek het nog nie besef dat ek net van die HERE afhanklik is nie. Ek dink nog dat ek vir myself sorg. As ek hard werk, sal ek genoeg geld inbring om vir my en my huisgesin te sorg. Maar is jy bewus dat jy more kan opstaan met kanker, of ‘n hartaanval kry, of dat jou besigheid bankrot kan speel deurdat een van jou vername kliënte nie hulle rekening kan betaal nie? Of dalk besluit die bank net dat hulle jou oortrokke fasiliteit herroep.

Jy moet eers by die besef kom soos wat Job moes kom, dat hy nie vir die HERE kan voorskryf of self iets doen nie. Wat leer ons van Jeremia. Jeremia 13:23 *"Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Dan sal julle ook in staat wees om goed te doen, julle wat gewend is om kwaad te doen."* So net so min as wat ek beheer het oor die kleur van my vel of ‘n luiperd oor sy kolle, net so min beheer het ek oor wie en wat ek is in die lewe. Indien ek met ‘n baie hoë intelligensie geseën is, moet ek besef dat dit ‘n seëning is, en nie dit gebruik om myself hoër as ander te ag nie. Dit is die mense waarmee die HERE kan werk. Hulle wat totaal en al van hulself gestroop is. Wat in die oggende opstaan en vra waarvoor hulle vandag gebruik kan word. As jy nog nie by die punt in jou lewe uitgekom het nie, vra die HERE dat Hy vir jou sal wys waar jy nog aan moet werk. Maar weet jy, die maklikste is om Jesus te volg.

Ons dink altyd die kruis is net ‘n plek waar Jesus gesterf het. Maar weet jy dat as jy sy dissipel is, jy ook by die kruis moet uitkom. ‘n Dissipel doen wat sy leermeester doen. Jesus was gekruisig. Het jy al jou lewe by die kruis neergelê? Jou beklee daarna met Sy lewe? Dit is wat jy moet doen. Dan sal jy Sy nederigheid weerspieël. Dit is wat die Bybel ons leer.

Al hierdie woorde en begrippe kan saamgevat word in een woord: Gehoorsaamheid. Dit is wat Jesus kom doen het, en toe het die Vader Hom verhoog.

Hoekom gehoorsaamheid?

Deuteronomium 12:28 "Luister sorgvuldig na al hierdie woorde wat ek jou beveel, dat dit met jou en jou kinders ná jou goed kan gaan tot in ewigheid, as jy doen wat goed en reg is in die oë van die HERE jou God."

1 Samuel 15:22 "Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme."

Romeine 6:16 "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, óf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"

Dit is hoe ek Sy aandag kry. Deur my te voeg by die gehoorsames, die wat doen wat die HERE van ons verwag, die nederiges, die wat verstoot is. As ek hierdie gesindheid openbaar, sal ek Sy aandag kry. Dan sal die evangelie ook vir my oopgaan, sal ek besef dat ek maar ‘n baie kort rukkie op aarde lewe, maar sal dit ook vir my duidelik word dat hoe ek hier lewe, bepaal waar ek ‘n ewigheid sal spandeer. Dit is die prys wat ons almal so graag wil hê.

Wat is die prys wat ons as oorwinnaars sal ontvang?"

Die prys wat ons dan ontvang is waarvan ons vroeër geleer het in Esegiël : *Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is!* Dit is wat die Bybel verklaar. Dan sal ons saam met Hom wees in hemelse plekke. Maar dit is nie al wat hierdie ingesteldheid vir my beteken nie. Ons lees in Openbaring van heelwat beloftes wat bestem is vir die wat oorwin. Kom ons kyk daarna.

Die beloftes is seker een van die gedeeltes in die Bybel wat ons almal seker die meeste van wil weet. Vir baie mense is dit al waaroor dit gaan. Maar, ongelukkig, soos ons in die vorige gedeelte geleer het, is dit slegs oorwinnaars wat die pryse gaan ontvang. Ek kan nie verwag om ‘n prys te kry as ek nie aan die wedloop deelgeneem het nie. Dit is waarvan Paulus skryf in Filippense 3 vers 14 ; "*Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."*

So hoe lyk hierdie verskillende pryse?

Openbaring 2:7

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is."

Dit mag dalk vir jou snaaks wees om te lees dat ons sal eet van die boom van die lewe wat binne in die Paradys is. Is dit nie dieselfde boom wat die val in die Paradys veroorsaak het nie? Nee, daar was twee bome. Die een wat die val veroorsaak het was die boom van kennis van goed en kwaad. Dit is die boom wat gemaak het dat Adam en Eva die verskil tussen goed en kwaad geweet het. Dié een, is die boom van lewe. Nou sal ons eet van die boom van die lewe en sal die boom ons voed met hemelse voedsel, dit wat ons nog nader aan die Vader sal bring.

Waar is die Paradys? Wat het van die Paradys geword? Word die Paradys nog steeds beskerm deur die gerubs? Het u al ook oor die onderwerpe gewonder? As ons na die Bybel kyk, lyk dit nie vir ons of daar juis veel weer daarna daaroor gesê word nie. Maar tog weet ons dat dit iewers

nog moet bestaan. Jesus het mos vir die persoon aan sy regterhand gesê terwyl hulle al twee aan die kruis gehang het dat hy saam met Jesus in die paradys sal wees.

Maar nie net sal ons in die Paradys wees nie, ons sal eet van die boom wat binne in die Paradys is. Maar wat beteken al hierdie begrippe? So hoe verklaar ek die skrifgedeelte?

Die Paradys word ook vir ons beskryf in die boek Henog wat in die vierde eeu uit die Bybel gelaat is omdat daar besluit is dat slegs een boek wat handel oor die eindtyd van die wêreld, in die Bybel nodig was. Die boek is ook deur verskeie skrywers in die Bybel aangehaal, onder andere Jesus, Petrus en Jakobus. Henog is ook dié een persoon saam met Elia waarvan ons in die Bybel van leer wat lewend in die hemel opgeneem is.

Maar wat leer ons uit Henog? Die boom van die lewe word vir ons beskryf in hoofstuk 24 en 25 van die boek van Henog. Die gedeelte word volledig aangehaal aangesien min persone toegang tot die boek het of besit.

"Henog 24:4 Tussen hulle was ‘n boom soos wat ek nog nooit geruik het nie, daar was geen ander bome soos hy en hy was soos geen ander nie: Dit het ‘n geur gehad verhewe bo alle geure en sy blare en blomme en hout verwelk tot in ewigheid nie: en sy vrugte was pragtig, en sy vrugte het gelyk soos die dadels van ‘n palm. 5 Toe het ek gesê: Hoe pragtig is hierdie boom, en geurig en sy blare is mooi en sy blomme ‘n vreugde in voorkoms. 6 Toe het Migael geantwoord, een van die heilige en geëerde engele wat saam met my was, en hy was hulle leier. Hoofstuk 25:1 En hy het vir my gesê: Henog, hoekom vra jy my omtrent die geur van die boom, en waarom wil jy die waarheid weet? 2 Toe het ek hom geantwoord en gesê: Ek wil alles weet, maar veral oor die boom. 3 En hy het geantwoord en gesê: Hierdie hoë berg wat jy gesien het wie se kruin is soos die troon van God, is sy troon, waar die Heilige, Almagtige God van heerlikheid, die Ewige Koning sal sit wanneer Hy sal afkom om die aarde met goedheid te besoek. (vgl. Dan 7:13-14; Luk 1 32-33). En wat die geur van die boom betref, geen sterfling mag dit aanraak voor die dag van die Groot Oordeel wanneer Hy op almal wraak sal neem en vir alles vir ewig tot voleinding sal bring nie. Dan sal dit aan die regverdiges en die heiliges gegee word. 5 Sy vrugte sal voedsel wees vir die uitverkorenes: dit sal uitgeplant word in die heilige plek, in die Tempel van God, die Ewige Koning. 6 Dan sal hulle van vreugde jubel en met blydskap vervul wees. En hulle sal by die heilige plek ingaan; en die geur daarvan sal in hulle beendere wees, en hulle sal ‘n lang lewe op aarde leef, soos hulle vaders geleef het: en in hulle dae sal geen droefheid of plaag, of kastyding of ramp hulle aanraak nie."

Dit is hoe Henog vir ons die boom beskryf. Maar hy het ook in die Openbaring van Henog die Paradys beskryf. *"Hoofstuk 5:1 En die manne het my daarvandaan weggeneem en het my boontoe gelei na die derde hemel en my daar in die middel van die Paradys neergesit: 2 en daardie plek was mooier as enigiets wat daar te sien is - al die bome het gebot, al die vrugte is ryp, elke soort voedsel was altyd in oorvloed, elke briesie welriekend. 3 En daar was vier riviere wat in stille gang verbygevloei het. Die hele tuin was goed, en het voortgebring wat goed is om te eet. 4 En die boom van die lewe was in daardie plek waar God rus wanneer Hy na die Paradys gaan; en die kwaliteit van die aroma van daardie boom was onbeskryflik - en dit was meer as ‘n sieraad vir alle bestaande dinge; en van alle kante het dit in voorkoms gelyk soos goud en skarlakenrooi soos vuur, en dit het alles bedek en alle soorte vrugte geproduseer. Sy*

wortel is in die tuin aan die einde van die aarde. En die Paradys is tussen die bedorwenheid en onbedorwenheid. En daar is twee fonteine waaruit heuning en melk voortkom en hulle fonteine bring wyn en olie voort, en hulle verdeel in vier dele en gaan op ‘n stille koers, en gaan af in die PARADYS VAN EDEN tussen bedorwenheid en onbedorwenheid. En vandaar gaan hulle met die aarde langs voort en het ‘n ommekeer in hulle kringloop soos die ander elemente, daar is driehonderd engele wat die tuin in stand hou en met voortdurende soet gesang en met nimmerswyende stemme God dien al die dae en ure. 5 Daar is nog ‘n boom daar naby, ‘n olyf wat onophoudelik met olie vloei. 6 En elke boom is oortrek met goeie vrugte, daar is nie ‘n boom sonder vrugte nie: en die hele plek is geseënd. 7 En die engele wat die Paradys bewaak, is die mees wonderbaarlikes en hulle dien God sonder ophou met ononderbroke stem en soet sang. 8 En ek het gesê: Hoe geseënd is hierdie plek nie! Die manne het my geantwoord: ***Hierdie plek****, Henog****, word voorberei vir die opregtes wat in hulle lewe swaarkry moes verduur, 9 wat hulleself kasty en hulle oë afgewend het van die onregverdigheid en ware regverdige oordeel gespreek het, en wat brood gegee het aan die verhongerdes, en die naaktes met klere bedek het, 10 wat die struikelendes orent gehelp het, en diegene behulpsaam was teenoor wie kwaad gepleeg is, wat hulle lewens voor die aangesig van God geleef en Hom alleen gedien het****. 11 Vir hulle word hierdie plek toeberei as hulle ewige erfdeel."*

Ek is bewus daarvan dat die twee gedeeltes redelike lang aanhalings is, maar ek vertrou dat dit vir u lig sal werp op waar die Paradys is en hoe die boom van die lewe daar uitsien. Dit is nogal interessant dat die einde van die gedeelte afgesluit word met dieselfde belofte as wat Jesus belowe in Mattheus 25 vir die regverdiges, en wat Jesaja vir ons geleer het in hoofstuk 59.

Openbaring 2:11

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."

Wat beteken die tweede dood? Dit is die ewige dood. Die dood waaruit jy nooit weer opgewek sal word nie. Dit is die dood saam met Satan en sy engele, in die ewige poel met vuur. Ons vind dit in Openbaring 20 vanaf vers 11: *" ¶ En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. 12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke. 13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood."* Nie iets om na uit te sien nie. Gelukkig is ons oorwinnaars, en sal ons vry kom van die tweede dood.

Openbaring 2:17

"Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee 'n wit keursteen, en op dié steen 'n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang."

Hierdie vers het twee beloftes. Die eerste een bepaal dat ons sal eet van die verborge manna. Manna was die voedsel waarmee die HERE die Israeliete in die woestyn mee gevoed het. Die manna het verwys na die brood van die lewe, Jesus Christus. So ons sal nie ‘n tekort hê van wat Jesus belowe het nie, want hyself staan in vir ons daarvoor. Hy is ons ewige voedsel.

Die tweede belofte is dat ons ‘n wit keursteen sal ontvang met ‘n nuwe naam daarop wat slegs jy sal weet wat dit is. Het jy al gedink dat jy niks werd is nie? Weet jy dat jy so spesiaal is dat jy ‘n spesiale naam ontvang van die HERE wat net jy en Hy van sal weet? Dit is hoe vernaam jy vir die HERE is. Hy het jou so lief dat Hy vir jou alleen ‘n naam het wat niemand van weet nie. En die wit verwys na jou skoonheid. Die HERE sien nie jou sonde raak nie, maar sien jou skoon gewas in die Bloed van die Lam.

Openbaring 2:26

"En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee,"

Kan jy heers oor nasies? Dit is wat jy gaan doen. Jy sal heers oor nasies wat nie die HERE geken het nie. Maar jy moet Sy werke, dit wat Hy van jou verwag om te doen, tot die einde doen. Die skrifgedeelte kom ook uit Openbaring 20: Vers 4 tot 6. *"4 En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. 5 En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. 6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank."*

Openbaring 3:5

"Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele."

Hierdie is seker die een belofte wat meeste van ons ken. Dit is die een wat ons altyd sal onthou, want dit troos my om te weet dat ek die hiernamaals saam met Jesus in die hemel sal vier. Dit gee ook vir ons die versekering dat dit maak nie saak wat teen my ingebring sal word nie, as ek oorwin het sal Jesus altyd my naam voor die Vader bely.

Openbaring 3:12

"Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit

weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam."

Die HERE is op soek na steunpilare, mense wat Hy kan vertrou. Mense wat Hy kan gebruik. Mense wat nie hulle eie nie, maar Sy Woord verkondig. Hulle wat nie nodig is om eers te leer wat dit beteken om kind van God te wees nie, maar iemand wat Hy op kan steun deur dik en dun. Was jy bewus daarvan dat die HERE jou in Sy tempel wil gebruik? Nie net wil die HERE jou as ‘n steunpilaar gebruik nie, maar jy sal nooit uit Sy teenwoordigheid verdwyn nie. Jy sal altyd en vir ewig in die teenwoordigheid van die Almagtige God wees, en Hy sal jou Sy steunpilaar noem.

Openbaring 3:21

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het."

Jesus soek mense om saam met Hom te heers. Ons gaan nie net raadgewers wees en aan Sy regter of linkerkant sit nie. Nee, ons gaan saam met Hom op die troon sit. Ons gaan Sy eer deel. Meer nog, ons sal saam met Vader op Sy troon sit. Weet jy hoe dit moet wees om as koning op ‘n troon te kan sit? Dit is wat die Bybel hier verklaar. Maar dan moet jy Sy lewe gedeel het.

Openbaring 21:7

"Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."

Hierdie is seker die beste uitspraak wat enige persoon kan ontvang. Dat jy alles sal ontvang, en dat Jesus vir altyd vir jou ‘n God sal wees, en jy altyd vir Hom ‘n seun sal wees. Iemand wat heeldag gekoester word. Iemand waarmee Hy Sy lewe mee wil deel vir ewig en ewig.

Samevatting

Wat moet my ingesteldheid wees om as oorwinnaar gereken te word? Gehoorsaam. Ek moet nederig wees, ek moet myself gering ag soos Dawid wat verklaar dat hy sal homself met slavinne reken, as dit kom by die HERE. 'n Gebroke gees, is 'n vrede makende gees, en is bereid om saam met ander te stem. Kontensieuse, ongebroke, hardkoppige persone kan nooit eensgesind wees nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

Ek sluit die gedeelte af met ‘n gedeelte uit Jesaja 66. Hier verklaar die HERE deur Jesaja hoe

die aarde ontstaan het, asook wie Hy op sal let. Met ander woorde, wie vir Hom aanvaarbaar is. Vers 2: *"Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die HERE.* ***Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord****."*

Moses 1 vers 3: Hoe bly ek in Kanaän?

Ek kan die vraag ook anders stel, is dit moontlik om dit wat ek verkry het, naamlik my saligheid, te verloor? Of dalk; Wat sal die HERE alles doen om te verseker dat ek nie Kanaän verloor nie? Jy kan dalk selfs wonder hoekom jy so swaarkry te midde van die wete dat jy as Christen in oorwinning moet lewe. Ek weet dit is ‘n moeilike vraag om altyd die korrekte antwoord op te gee, want amper elke kerkverband het ‘n ander siening oor die saak. So hoe gaan ek dit reg kry om ‘n definitiewe antwoord daarop te verskaf?

Ek en Hettie het vanoggend so gesit en gesels na aanleiding van ‘n geval waarin ons moes raad gee, en een van die punte wat vir my uitgestaan het was dat mense vashou aan ‘n tyd toe hulle die HERE gedien het, en nie weer hulle lewe wil verander om in te pas by dit wat die Bybel vir ons verklaar nie.

Waarvan praat ek? Ek het al vroeër in die boek uitgelig dat ons ‘n lewe as oorwinnaars moet lewe, om enigsins aanspraak te kan maak op die beloftes wat in Openbaring vir ons van vertel word. Wat gebeur nou met ons as ons nie dit doen nie?

Die Geskiedenis van Israel.

Ek wil hê ons moet kyk na Israel se geskiedenis, en hoe die HERE met hulle gehandel het. Onthou net dat die HERE slegs Israel gekies het as Sy uitverkore volk, en dat ons as nie-Jode moet kies om deel te word van Sy volk. Daaroor moet ons na Israel se geskiedenis kyk sodat ons daaruit kan leer wat en hoe die HERE vandag teenoor ons sal optree. Toe Israel in Kanaän inkom, het hulle onder die leiding van Josua gestaan. Onder Josua het die volk die HERE gedien, en het hulle in geregtigheid gewandel. Dit is wat die HERE van hulle verwag het. Josua waarsku hulle wel net voor sy sterfte dat hulle, dit is nou Israel, nie moet wegdraai van die HERE nie, en word ‘n klipstapel opgerig wat die volk moet herinner aan hulle gelofte dat hulle die HERE altyd sal dien.

Na Josua se dood is die volk onder leiding van die oudstes wat ook nog deur die woestyn gekom het, en dwaal die volk nie af nie. Hierdie tydperk en die tydperk wat daarop volg staan bekend as die tyd van die Rigters. Die term rigter beteken nie juis vir ons vandag iets nie, maar die Engelse naam, "Judges", gee vir ons meer lig op wat in die tydperk aan die gang was. Die HERE het elke keer as een van die volke om Israel hulle wou inval, iemand opgerig wat Sy reg en oordeel oor die buur volke volbring het. So ken ons die verhale van Gideon, Jefta, Deborah en Simson as van die rigters. Maar hoekom het die HERE toegelaat dat hulle in die tyd aangeval word?

In die tweede hoofstuk van Rigters lees ons dat die HERE ‘n Engel stuur om oordeel oor Israel uit te spreek omdat hulle nie al die mense wat hulle aangeval het, gedood het nie. Die Israeliete

het besluit dat hulle van die Kanaäniete en Aseriete en van al die ander volke laat bly leef het. Hier verklaar die HERE dat Hy nie verder die ander volke voor Israel uit sal verdryf nie, en dat die volke Israel sal bly teister en aanval. Wat sê die Skrif: *"1 ¶ Toe trek die Engel van die HERE van Gilgal op na Bogim en sê: Ek het julle uit Egipte laat optrek en julle gebring in die land wat Ek julle vaders met 'n eed beloof het, en gesê: Ek sal my verbond met julle in ewigheid nie verbreek nie; 2 maar julle mag geen verbond met die inwoners van hierdie land maak nie; hulle altare moet julle omgooi. Maar julle het nie na my stem geluister nie. Wat het julle nou gedoen? 3 So sê Ek dan ook: Ek sal hulle nie voor julle uit verdrywe nie, sodat hulle vyande vir julle sal wees, en hulle gode 'n strik vir julle. 4 En terwyl die Engel van die HERE met hierdie woorde al die kinders van Israel toespreek, het die volk hulle stem verhef en geween; 5 en hulle het dié plek Bogim genoem en daar aan die HERE geoffer."*

Na jare kom die volk na Samuel wat alle ampte, rigter en hoë priester en profeet volstaan het, en verklaar dat hulle wil nou soos al die ander volke ‘n koning hê. Die HERE waarsku hulle teen dit en verklaar aan Samuel dat die volk nie vir Samuel nie, maar vir Hom verwerp het. Nou verklaar die HERE dat die konings hard oor die volk sal regeer, en allerhande goed van hulle eis, hulle kinders, hulle tiendes sal hy eis vir homself, en hulle sal vir die koning moet werk. Nogtans verkies die volk dit want hulle wil nie meer direk verantwoordelik wees aan die HERE nie.

Die Bybel leer ons dat tydens die konings tydperk dit beide goed en sleg met die volk gegaan het. Indien die koning die HERE gedien het, soos Dawid, was Israel voorspoedig en het dit met hulle as volk goed gegaan. Wanneer die koning afgedwaal het soos Agab, dan het dit sleg gegaan met die volk. Maar die HERE het nooit opgegee nie. Hy het aanhoudend profete na die konings gestuur en vir die volk gewaarsku dat hulle hul moet bekeer, anders het Hy geen opsie as om hulle te verwerp nie. Van die profete is dood gemaak soos Jesaja, ander weer is opgesluit, soos Jeremia. In die tyd het Israel afgedwaal en het net Juda oorgebly. Na die inval deur die Chaldeërs en die wegvoer na Babel, besluit die wat agtergebly het in Jerusalem om terug te gaan na Egipte omdat hulle nie kans gesien het om soos die res van Juda na Babel weggevoer te word nie. Hulle het vir Jeremia saam geneem en nie geluister na hom nie. Die wat na Egipte is, het toe nooit weer uit Egipte terug gekom nie. Maar meer nog, hoor wat die HERE met hulle spreek deur Jeremia: 44 :26-*27 "26 Daarom, hoor die woord van die HERE, o hele Juda wat in Egipteland woon! Kyk, Ek sweer by my grote Naam, sê die HERE: Nooit sal my Naam meer aangeroep word deur die mond van enige man van Juda in die hele Egipteland nie, met die woorde: So waar as die HERE HERE leef! 27 Kyk, Ek is wakker oor hulle ten kwade en nie ten goede nie; en al die manne van Juda wat in Egipteland is, sal deur die swaard en die hongersnood omkom, totdat dit met hulle gedaan is."* Nie een van die wat getrek het na Egipte toe, het weer teruggekom in Jerusalem nie.

Met die terugkeer na Jerusalem uit Babel was die oorblyfsel van Juda onder die jurisdiksie van ander volke, en het hulle nooit weer self regeer nie. Hulle was toe die hele tyd, tot selfs in Jesus se tyd, onder heidense heerskappy. Jesus se taak weet ons, was om weer ‘n nuwe Israel te kom oprig, ‘n volk wat sou kies om Hom te dien. Dit is ook die rede dat die Jode nie glo dat Jesus die Christus is nie, omdat hulle verwag dat hulle verlosser weer ‘n fisiese koninkryk moet kom oprig. Hulle verwag dat iemand uit die stam van Dawid moet kom om weer ‘n fisiese koning te wees. Dit is ook hoekom die mense vir Jesus so ‘n groot ontvangs gereël het met Sy intog in Jerusalem. Hulle wou Hom koning salf, maar toe het Hy gekom om te sterf. Nie iets wat die Jode verwag het nie.

Iets wat ook nogal interessant is uit die geskiedenis, is dat die HERE vir Dawid laat salf het as koning, die laaste koning wat die HERE aangewys het. Al die konings daarna is self aangestel. Nie een is weer soos Dawid deur die HERE aangewys nie.

Die geskiedenis toegepas vir vandag.

Maar hoe raak hierdie geskiedenis van Israel vir my as Christen, en hoe beïnvloed dit my as Christen?

Wanneer ons kom om Kanaän in besit te neem, moet ons doen wat die HERE van ons verwag. Wanneer Hy vir my iets wys wat nie reg in my lewe is nie, moet ek dit vernietig. Ek mag nie verklaar dat ek weet dit is ‘n probleem nie en niks skade aanrig in my verhouding met die HERE nie. Nee, ek moet totaal en al daarmee breek en dit vernietig. Anders gaan die HERE nie meer al die ander vestings in jou lewe vir jou verwoes nie. Nee, hulle sal daar bly en jy sal aanhoudend teen dit moet veg. Maar, gelukkig weet ons dat met die HERE, ons daaroor sal oorwin. Oorspronklik sou Hy dit vernietig het, maar nou gaan jy net vir ‘n tyd daarvan ontslae wees, en gaan die sonde jou pla totdat jy geheel en al daarmee breek.

Hierdie omstandighede het ons ook in die vroeë Kerk aangetref. Almal het goed geleef en gedoen soos wat die apostels hulle geleer het. Geen wonder dat daar op een dag 3000 siele bygevoeg is tot die Kerk nie. Hier het hulle elke dag van huis tot huis die HERE geloof en prys, en saam geëet. Die vroeëre Kerk het geleef soos wat Israel geleef het in Josua se tyd en die tyd direk daarna. Maar ons lees hoevele kere in die Nuwe Testament hoe Paulus, Johannes, Petrus en Judas die mense waarsku om nie afvallig te word nie. Dit verwys na die tyd van Abimèleg wat homself vereer en aangestel het oor Israel. Maar, ons weet dat in die tydperk 300 tot 400 na Christus mense opgestaan het en hulle self as hoofde oor die Kerk aangestel het.

Konstantyn het selfs mense betaal om hulle te laat doop, en heidense priesters en katedrale is omskep en Christelik gemaak. Dit was die aanbreek van die konings tydperk in die Kerk. Dit is ook wat in my lewe gebeur as ek nie met alle sonde breek nie.

Wat is die gevolg van my optrede? Nou voel ek dat ek soos die ander godsdienste op aarde nie meer aan die HERE self verantwoording kan doen nie, en kies ek om onder iemand anders sal inskakel, by ‘n groot gemeente. Ek wil nie meer direk met die HERE onderhandel nie. Hy is ‘n te groot God, en ek wil nie meer direk met Hom in verhouding staan nie. Ek wil eerder aan iemand anders verslag doen as aan die HERE. Ek wil by ‘n gemeente kom waar ek deel van Sy volk kan wees, maar waar die HERE sal handel met my op die voorwaardes soos deur my koning bepaal. In vandag se dae kies ons baie keer nie eers om na ‘n gemeente te gaan nie, maar is dit die gewoonte dat sodra iemand tot bekering kom, om by ‘n gemeente in te skakel. As ons na Israel se aanbreek van die konings tydperk kyk, verklaar die HERE ook hoe my omstandighede sal verander.

Onthou oorspronklik moes elke huisgesin sorg dat die Leviet, die weduwee en wees kos en blyplek gehad het. Dit was wat die volk se tiende voor was. Nou verklaar die HERE as volg: 1

Sam 8: 9-18 : *"9 Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer. 10 Samuel het toe al die woorde van die HERE oorgebring aan die volk wat 'n koning van hom gevra het. 11 En hy het gesê: Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop; 12 en om hulle vir homself aan te stel as owerstes oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak. 13 Ook julle dogters sal hy neem as salfmengsters en as kooksters en baksters. 14 En van julle lande en julle wingerde en julle olyfboorde sal hy die beste neem en aan sy dienaars gee. 15 En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee. 16 En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik. 17 Van julle kleinvee sal hy die tiendes neem, en self sal julle sy slawe wees. 18 En in dié dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en die HERE sal julle in dié dag nie verhoor nie."*

Nie mooi woorde nie, maar tog het Israel ingestem. Dit wat volgens die wet na die Leviete moes gaan, het die koning op beslag gelê, en het hy besluit oor hoe dit spandeer sou word. Selfs Dawid het besluit hy sal die tempel vir die HERE oprig, wat Salomo toe gedoen het, maar Dawid het self besluit oor waar en hoe die Leviete gebruik sou word. Hy het die gesag geneem en daarmee gemaak soos hy wou. Dit is nie ‘n veroordeling van Dawid nie aangesien hy nie die geskiedenis gekies het nie, maar hy het gehandel volgens die uitspraak van die HERE. Daaroor as die koning die HERE gedien het, het dit goed gegaan met die volk, en as hy dit nie gedoen het nie, het die volk daaronder gely.

Dieselfde geld vir ons. Die gemeente se leierskap sal besluit hoe en wat met jou bydrae of tiende sal gebeur. Die grootste gedeelte sal gebruik word om die leierskap se salarisse te dek. (Sien vers 15 hierbo) Jy kan nie self besluit nie, want jy het jouself onder die jurisdiksie van die HERE uitgehaal, en jouself onder die jurisdiksie van ‘n gemeente of kerkverband geplaas. Nou moet jy volgens hulle pype dans, moet jy volgens wat hulle besluit wat reg of verkeerd is, optree. Nou kan jy nie jou hulp aanbied waar daar behoefte is nie, maar moet jy dit by die gemeente aanbied, en hulle help om hulle ondersteuning te doen. Aangesien jy jou persoonlike verantwoordelikheid neergelê het en by ‘n gesamentlike besluitneming ingeskakel het, is dit hoe jou lewe sal wees. Jy het jou persoonlike vryheid, jou persoonlike verhouding prys gegee vir gesamentlike verantwoordelikheid. Ook sal die leier besluit wie in gesagsposisies aangestel sal word. Die HERE sal nie die mense aanstel nie, die leierskap sal, maar dit sal wel van jou seuns en dogters wees. Hulle sal ook nie kan doen wat hulle voel is reg nie, nee, hulle sal vir die koning werk en doen wat hy beveel en na sy pype dans. Ek sê nie dat jou gemeente uit die bose is nie, maar dat hulle optree soos die konings van ouds. Ek verklaar ook nie dat jy nie hemel toe sal gaan as jy daar bly nie. Indien jou leierskap die HERE dien soos in Dawid se tyd sal dit goed gaan met jou gemeente. Maar onthou, die HERE sê dat elkeen sy eie pak sal dra.

In die Kerkgeskiedenis sien ons dat die volgende wat gebeur is dat persone soos Luther en Calvyn opstaan om weer die Kerk op die regte pad te bring. Hulle lewens verwys ook maar na konings en profete soos Dawid, Jesaja, Joël, en Hosea wat weer die volk terug bring na die HERE. Maar uiteindelik kon die Kerk nie bly staan nie, en lees ons in die geskiedenis dat daar ‘n dooie tyd aangebreek het. Mense moes vlug vir hulle Christenskap. Daar was oorlog tussen die konings. Dink maar aan die Franse, hoe hulle uitgemoor is omdat hulle nie onder die Roomse gesag wou staan nie.

Dit is so in ons lewe ook. Hoeveel mense is al net in ons tyd "dood gemaak" in die gees omdat hulle nie die lering van hulle kerk wou aanvaar nie. Calvyn het Servitus fisies laat doodmaak omdat hy nie met Calvyn saamgestem het nie. Dit het met Jesaja en die ander profete nie juis anders gegaan nie. Nou staan jy voor ‘n keuse: Of jy gaan na Babel, of jy gaan terug na Egipte. Hoe weet ek of ek besluit het om na Egipte terug te gaan? Ek het besluit dit help nie om ‘n Christen te wees nie. Of erger nog, ek het besluit om die HERE op my voorwaardes te dien. Die HERE moet maar by my manier en leefwyse inpas, want ek weet wat reg en verkeerd is. Onthou net, nie een van die wat gekies het om Egipte toe te gaan nie, het weer in Jerusalem gekom nie.

Die tyd in die Kerk word uitgebeeld deur sovele kerkvaders soos ‘n Charles Finney, Charles Wesley en vele ander wat weer die Kerk opgeroep het tot bekering. Hulle het weer terugkeer na dit wat die HERE wil hê. Dit is ook hoekom die verskillende kerkgroepe nie ‘n verskil kan maak nie, want as Christenskap ‘n beweging was, sou die HERE konings, of in ons tyd politici of terroriste of kerkgroepe aangestel het om Sy werk te doen. Maar Hy wil soos in Israel van ouds, onder ons kom woon in Kanaän, sonder dat ons deur die vyand aangevat word. Want as jy totaal breek met wat Hy vir jou wys, sal Hy alle vreemde volke voor jou weg dryf.

Maar hoe het dit gebeur dat Israel weggevoer is na Babel? Ons lees die volgende in Jeremia 21 vers 8-9 *"8 ¶ En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood: 9 hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees."* Die HERE vra dat Israel moet wegdraai van hulle koning af en oorstap na die Chaldeërs, sodat hulle hul lewe kan behou. Hoekom? Want die lewe onder die aardse koningskap kan nie verlossing bring nie. Lidmaatskap van ‘n kerkgenootskap beteken nie dat jy die ewige lewe besit nie. Nee, jy moet kies om die HERE in alle opsigte te volg, selfs al sê Hy vir jou jy moet jou kerk los. Vir almal lyk dit of jy nou oorstap in die koninkryk van die duiwel, maar as jy dit nie doen nie, gaan jy sterwe. Dit is wat die HERE aan Israel verklaar. Ons weet dat die wat agter gebly het, vir Jeremia weggevoer het na Egipte omdat hulle nie onder die Chaldeërs wou dien nie, maar hulle het nooit weer in Kanaän gekom nie. So, as jy besluit om maar aan te gaan met jou kerkgenootskap Christenskap, sal jy sterf, en nie die ewige lewe verkry nie. Die opdrag word ook in Openbaring 18 vers 4 bevestig: *"En ek het ‘n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie."*

Oproep vir vandag.

Ek glo dat ons vandag in dié tydvak staan, waar mense weer moet kies om hulle onder die heerskappy van God skaar. As jy nie kies om onder Sy heerskappy te staan nie, sal jy soos die res van Juda omkom. Maar hoe weet ek dit? Daar kom ‘n dag wat jy agterkom dat die boodskap wat jy hoor van jou kerkverband of jou leraar, is nie die boodskap van die Bybel nie. Nee, jy moet maak soos hulle sê. As jy nie saamstem nie, moet jy loop. Een van die boodskappe wat ons vandag hoor is dat professore en kerkleiers redekawel omdat daar vir hulle twyfel bestaan oor Jesus se maagdelike geboorte, oor die feit dat teoloë nie kan glo dat God Sy Seun kon stuur om vir ons te sterf nie. Dat homoseksuele gedrag aanvaarbaar is, self dominees is dan so. Dat Mohammed dalk gestuur is om die Moslems te red. Dat ons ‘n nuwe Bybel moet uitbring wat al hierdie "ongelooflike goed", uitsluit. Dat leraars roem dat hulle deur ‘n persoon gesien het, dat hy maar baie verdag opgetree het, dat sy manier van besigheid doen ‘n bietjie verkeerd was, dat hy

nie die HERE dien nie, maar hulle vergeet dat in Esegiël 34 die HERE hulle verantwoordelik hou vir die skape aan hulle toevertrou. Die HERE vra dat jy sal uitkom, en jou by dié skaar wat kies om Hom te volg. Om uit te kom onder die menslike koningskap, en jou te skaar onder Sy Koningskap.

Een van die opofferings wat ons moet maak voordat ons na Babel weggevoer kan word is om alles agter te laat. Jy sal al jou sekerheid wat jy in die lewe gehad het moet agterlaat, en op die HERE vertrou om vir jou te sorg. Jy kan nie meer op jou besittings vertrou om vir jou te sorg nie. Jy kan nie meer net hierdie agterdeur oophou vir ingeval die HERE nie doen soos wat jy verwag nie. Nee, alles wat joune is moet jy oorgee aan Hom, dan sal die HERE vir jou sorg.

Die tyd in Babel is nie ‘n maklike tyd nie. Nee, jy sal moet kies om die HERE te dien, want jy sal gou-gou aangevat word oor jou alleenheid as Christen. Ek weet daar is tans baie persone wat in Babel sit, wat kan sien wat die HERE doen, en dit aan vreemdelinge kan vertel. Soos ‘n Daniël van ouds kan jy drome uitlê, kan jy in die hemel insien wat gebeur, maar, dit is ‘n alleen pad. Maar daar kom ook ‘n ander dag. Ek glo dat ons nader aan die dag beweeg waar, soos Kores Israel genader het en aan hulle die geleentheid gegee het om terug te gaan na Jerusalem, ons weer deur die HERE genader word om weer Jerusalem se tempel te herbou. Orals is persone waarmee ek praat besig om opgerig te word as ‘n Esra of Nehemia, om weer te gaan doen wat reg is. Om weer terug te keer na hoe dit in Israel was voor die tyd van die konings, of in ons tyd, voor die begin van die denominasie kerk.

Ons almal verwag herlewing. Maar, herlewing het nie deur ‘n Israelse koning gekom nie. Nee, dit het deur ‘n vreemdeling gekom. Wat skryf Jesaja oor hoe dit sou kom: Jes 44:24- Jes 45:8 *"24 So sê die HERE, jou Verlosser, en Hy wat jou geformeer het van die moederskoot af: Ek is die HERE wat alles volbring, wat die hemel uitspan, Ek alleen, en wat die aarde uitsprei--wie was met My? -- 25 wat die tekens van die leuenprofete vernietig en die waarsêers tot dwase maak; wat die wyse agteruit laat wyk en hulle kennis domheid maak; 26 wat die woord van sy kneg vervul en die voorsegging van sy boodskappers volbring; wat van Jerusalem sê: Dit moet bewoon word; en van die stede van Juda: Hulle moet herbou word, en Ek sal sy puinhope oprig; 27 wat vir die diepte sê: Verdroog! en jou riviere sal Ek laat verdroog; 28 wat van Kores sê: Hy is my herder, en hy sal alles volbring wat My behaag deurdat hy van Jerusalem sê: Dit moet gebou word, en die tempel moet gegrond word. 1 ¶ So sê die HERE aan sy gesalfde, aan Kores, wie se regterhand Ek gevat het om nasies voor hom neer te werp, terwyl Ek die lendene van konings los gord; om voor hom deure oop te maak, en poorte sal nie gesluit bly nie: 2 Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak; koperdeure sal Ek verbreek en ystergrendels stukkend slaan. 3 En Ek sal jou die skatte gee wat in die donkerheid is en die verborge rykdomme, sodat jy kan weet dat Ek die HERE is wat jou by jou naam roep, die God van Israel; 4 ter wille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene, het Ek jou by jou naam geroep; Ek het jou 'n erenaam gegee, hoewel jy My nie geken het nie. 5 ¶ Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie; Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie, 6 sodat hulle kan weet van die opgang van die son en van sy ondergang af dat daar buiten My geeneen is nie; Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; 7 wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen. 8 Laat dit drup, o hemele, van bo af, en laat die wolke vloei van geregtigheid; laat die aarde oopgaan, en laat heil voortkom en geregtigheid; laat hulle saam uitspruit. Ek, die HERE, het dit geskape."*

Vandag staan Jesus met geopende arms en vra dat jy terug na Hom sal kom, weer Jerusalem se tempel en mure, of te wel Sy huis en jou beskerming, te kom opbou, sodat Hy kan neerdaal met die Nuwe Jerusalem. Dit is wat ek begeer, maar ek weet ook dat dit is wat die HERE van elkeen van ons verwag, en dit is om terug te keer na Jerusalem, om weer Sy Tempel en Sy Stad se mure te herbou, sodat Hy kan kom op die wolke. Een gedeelte wat uitstaan in die deel van die geskiedenis, is dat Kores bevel gee dat die Israeliete nie met leë hande moet terugkeer nie. Nee, hulle moet gaan met baie goud en silwer. Dit is ook wat met Israel gebeur het toe hulle uit Egipte uitgetrek het. Hulle moes toe geskenke eis van die Egiptenare. Dit is ook wat met ons gebeur. Sodra jy besluit om terug te keer, sal die HERE vir jou deure oopmaak en jou seën soos nog nooit tevore nie. Hy gee vir jou nie omdat jy gegee het nie, nee, Hy gee sodat almal kan sien dat die hand van die HERE is op jou. Maar, dit kom van die mense wat in die wêreld is.

Nadat die mense teruggekeer het na Jerusalem, het Juda nie weer onder hulle eie koning gestaan nie, en kon die HERE hulle weer toerus om die koms van Jesus te verwag. Nou besef jy dat jy toegelaat het dat die vyand jou mure, jou beskerming verwoes het, en moet jy weer jou mure opbou, en jou deure weer nuut maak. Dit is die weg wat die HERE verkies, want nou kan hy weer woning maak by jou. Onthou net dat jy nie net jou eie lewe herbou nie, soos Juda net hulle eie huise herbou het nie, en die tempel van die HERE agterweë laat nie. In Juda se tyd is die tempel eerste herstel, en daarna eers die mure.

Wat ‘n tydperk om na uit te sien. Maar weet jy dat as ons in die tydvak leef waar Jerusalem se tempel en mure, met ander woorde ons beskerming weer aan ons geleer word, is die wederkoms baie naby. Hoekom? Sodra die tempel van die HERE weer herbou is, sodra ons weer glo soos wat Israel moes om in Kanaän in te gaan, sal Hy kom op die wolke. Maar jy moet eers jou lewe, Sy tempel, weer oprig.

Ek sluit af met Jesaja 59, asook met ‘n gedeelte uit Jesaja 49 verse 8 tot 13.

"1 ¶ Kyk, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; 2 maar julle ongeregtighede het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie. 3 Want julle hande is met bloed bevlek en julle vingers met ongeregtigheid; julle lippe spreek leuen, julle tong fluister onreg. 4 Daar is niemand wat aanklaag in geregtigheid en niemand wat 'n regstryd voer in waarheid nie; hulle vertrou op nietigheid en spreek valsheid, met moeite gaan hulle swanger en baar onheil. 5 Basilisk-eiers broei hulle uit, en spinnerakke weef hulle; hy wat van hulle eiers eet, moet sterwe; en as dit stukkend gedruk word, bars daar 'n adder uit. 6 Hulle weefsels deug nie vir klere nie, en met hulle voortbrengsels kan niemand hom toemaak nie; hulle werke is onheilswerke, en die daad van geweld is in hulle hande. 7 Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie. 8 Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie. 9 ¶ Daarom is die reg ver van ons en bereik die geregtigheid ons nie; ons wag op lig, maar kyk, daar is duisternis; op 'n helder skynsel, maar ons wandel in dikke donkerheid. 10 Ons tas rond langs die muur soos blindes, en soos die wat geen oë het nie, tas ons rond; ons struikel op die middag soos in die skemeraand; ons is onder die gesondes soos dooie mense. 11 Ons brom almal soos bere, en soos duiwe kir ons aanhoudend; ons wag op reg, maar dit is nie daar nie; op heil--dit bly ver van ons. 12 Want ons oortredinge is baie voor U, en ons sondes getuig teen

ons; want ons oortredinge staan voor ons, en ons ongeregtighede--ons ken hulle: 13 die afval en verloëning van die HERE en afwyking van agter onse God; die uitspreek van verdrukking en oortreding, die opneem en uitstoot van leuentaal uit die hart. 14 So word dan die reg teruggedring en die geregtigheid bly staan van ver; want die waarheid struikel op die mark, en wat reg is, kan nie binnekom nie. 15 Ja, die waarheid word vermis; en wie afwyk van die kwaad, word geplunder. Toe het die HERE dit gesien, en dit was verkeerd in sy oë dat daar geen reg was nie. 16 ¶ En Hy het gesien dat daar niemand was nie en Hom verbaas dat niemand tussenbei tree nie; daarom het sy arm Hom gehelp en sy geregtigheid het Hom ondersteun. 17 En Hy het geregtigheid aangetrek soos 'n pantser, en die helm van heil was op sy hoof; en die klere van wraak het Hy aangetrek as kleding en Hom gewikkel in die ywer soos in 'n mantel. ***18 Volgens die dade, daarmee ooreenkomstig sal Hy vergelde****: grimmigheid aan sy teëstanders, vergelding aan sy vyande; aan die eilande sal Hy die loon vergelde. 19 En hulle sal die Naam van die HERE vrees van die westekant af, en sy heerlikheid van die opgang van die son af; want Hy sal kom soos 'n saamgeperste stroom wat die asem van die HERE aandrywe. 20 Maar vir Sion kom Hy as Verlosser en vir die wat in Jakob hulle bekeer van oortreding, spreek die HERE. 21 Wat My aangaan, dit is my verbond met hulle, sê die HERE: My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie, en ook nie uit die mond van jou kroos en uit die mond van die kroos van jou kroos, sê die HERE, van nou af tot in ewigheid nie."*

Jes 49: "8 So sê die HERE: In die tyd van die welbehae het Ek U verhoor, en in die dag van heil het Ek U gehelp; en Ek behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, om die land weer op te rig, om verwoeste erfenisse te laat beërwe; 9 om te sê aan die gevangenes: Gaan uit! aan hulle wat in duisternis is: Kom te voorskyn! By die paaie sal hulle wei, en op al die kaal heuwels sal hulle weiveld wees. 10 Hulle sal geen honger en geen dors hê nie, en die woestyngloed en die son sal hulle nie steek nie; want hulle Ontfermer sal hulle lei en hulle saggies aanbring na die fonteine van water. 11 En Ek sal al my berge tot 'n weg maak, en my grootpaaie sal opgevul wees. 12 Kyk, hulle hiér kom van ver, en kyk, hulle dáár kom van die noorde en van die weste, en hulle dáár kom uit die land van die Siniete. 13 ¶ Jubel, o hemele, en juig, aarde; en berge breek uit in gejubel! Want die HERE het sy volk getroos en ontferm Hom oor sy ellendiges."

Moses 1 vers 4:Wat nou van my kinders?

Wat nou van my kinders, of anders gestel, hoe word my kinders deel van God se volk? Dit is regtig ‘n vraag wat my onkant gevang het so ‘n rukkie gelede. Ek was so oortuig dat alles wat ek geskryf het oor die afgelope jare meeste van die vrae wat persone het, sou beantwoord, maar het nooit aan dié kwessie as ‘n aparte onderwerp gedink nie.

Die vraag kan afhangende van jou agtergrond, ook ‘n paar lelike verrassings inhou as jy nie oppas nie. Indien jy in ‘n tipiese Rooms/Luthers/Calvinistiese agtergrond kom, dink jy dat net solank die baba of kind gedoop word binne die eerste paar maande van hulle lewe, almal nou rustig kan wees aangesien die kind nou aan die HERE behoort. Wat nou van kinders wat binne die eerste paar uur sterf? Wat word van hulle? Dan wil ons soos die Roomse Kerk dooie mense doop net sodat hulle gered kan word. Dalk glo jy dat indien die kind sterf voordat die doop bedien is dat die kind nou aan die duiwel behoort want Jesus het nou geen gesag oor die baba nie. Jesus kan nou nie die baba vir Hom toeëien nie want die kind behoort nog nie aan Hom nie. Dit is die standpunt wat daartoe gely het dat die Roomse kerk dooies gedoop het.

Indien jy uit ‘n Pinkster agtergrond kom leer jy dat die kind eers moet glo en Jesus aanneem en dan gedoop word. Die kind is mos ingeseën as baba en daarom sal Jesus nie die kind verlaat nie, al sterf die kind voor doop. Sodra die kind groot genoeg is, so van elf/twaalf jaar oud, sal meeste Pinkster/charismatiese kerke die kind doop.

Maar waar word al hierdie vrae vir ons in die Bybel beantwoord? Na my ondervinding het ek die HERE genader vir antwoorde, aangesien ek nie geweet het hoe om die vraagstuk te hanteer nie. Indien ons na Israel as voorbeeld kyk is die kinders dan saam met hulle ouers deur die Rooisee en het die Egiptenare (hulle sondige begeertes) mos daar alreeds verdrink. Hulle is dus mos saam met hulle ouers gedoop en is dus deel van Sy koningryk. Hoe nou gemaak?

Ek wil dat ons na ‘n paar stukke in die Bybel sal kyk voordat ons verder gaan. Die eerste stuk kom uit Galasiërs. Gal 4:1-2 *“Maar ek sê: So lank as die erfgenaam ‘n kind is, verskil hy niks van ‘n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal”*. Hierdie gedeelte bevestig vir ons dat kinders altyd onder die gesag van ‘n ouer of voog staan, totdat die tyd aanbreek dat die kind self verantwoordelikheid vir sy dade sal moet aanvaar.

Rom 5:1-2 *“Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; (2) deur wie ons ook deur die geloof die toegang verkry het tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlikheid van God.”* Hierdie gedeelte bevestig weer vir ons dat ons uit geloof gered word, en nie uit werke nie. Dit wil dus vir my leer dat die doop, wat werke is aangesien ek iets moet doen, my nie sal red nie, maar dat my geloof my red. Hierdie is ‘n ontsettende belangrike punt aangesien ons almal hardloop na wat Petrus sê dat dit die doop is wat jou red, maar die Bybel verklaar male sonder tal in veral Romeine en

Galasiërs dat ons uit geloof gered word. Ek moet glo dat die redding wat Jesus bring, al is wat my van die verderf kan red. As ons Petrus reg verstaan verklaar die gedeelte dat geloof en doop so nou saamhang dat dit amper onmoontlik is om te glo sonder om gedoop te word. Daarom stel hy dit dat dit die doop is wat jou red. Onthou net Noag moes eers glo dat daar ‘n groot reën sou kom voordat hy kon begin om die ark te bou. Die gedeeltes bevestig dat dit wel geloof is wat bepaal of jy kind van God is of nie.

Hierdie gedeeltes bevestig ook vir ons ‘n hele paar ander gedeeltes in die Bybel. Beide boeke, Galasiërs en Romeine, volg ‘n sekere volgorde, naamlik bekering, geloof, doop. Die volgende verse spel dit vir ons ook uit. Hebreërs 6:1-2 *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, (2) van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”* Markus gee dieselfde volgorde: Mar 16:15-16 *“En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. (16) Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.”* As ons hierna kyk sien ons dat die persone nie veroordeel sal word omdat hulle nie gedoop is nie, maar omdat hulle nie geglo het nie.

Al hierdie gedeeltes gee vir ons ‘n volgorde. Hierdie volgorde is alreeds in Eksodus vir ons gegee. Israel moes eers roep vir verlossing, (bekering), hulle moes toe glo dat die HERE hulle uit sou lei na Kanaän, en hulle moes die verbondsmaal hou. Hulle het daarna deur die Rooisee getrek, en is by Mara met die Heilige Gees gedoop.

Wanneer ons dus na ons kinders kyk, vind ons dat selfs in Israel se tyd is nie van kinders verwag om te glo dat die HERE hulle in Kanaän sou inbring. Hulle was onder die gesag van hulle ouers. Dieselfde geld vandag. Die HERE verwag van my om in verhouding met Hom te staan en hou my verantwoordelik vir hoe my kinders hulle lewens as kinders deurbring. Maar dit is waar die probleem is. Ons as ouers wil ons verantwoordelikheid op ons kinders afdwing deur te veg dat hulle gedoop moet word. Nee, die HERE verwag van jou om vir hulle as voog in te tree. Hy hou jou verantwoordelik vir hoe hulle as kinders optree, en sal hulle as kinders oordeel op grond van hoe jy optree. Daarom verklaar Moses ook in Deuteronomium dat die ouers met hulle kinders moet praat waar hulle ook al is, of hulle staan, sit of op reis is, die kinders moet geleer word wat die HERE van ons as Christene verwag. Deut 6:5-7 *“Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. (6) En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; (7) en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.”*

Hoe seker is ek? Toe Israel die eerste maal by die Jordaan staan om in Kanaän in te gaan, is Israel se verweer hoekom hulle nie wil ingaan nie, dat hulle bang is hulle kinders en vroue sal om kom. Num 14:3 *“En waarom bring die HERE ons na hierdie land om deur die swaard te val? Ons vroue en ons kinders sal ‘n buit word. Sal dit nie beter vir ons wees om na Egipte terug te gaan nie?”* U sien hulle het nie gesê hulle wil nie ingaan nie, nee, hulle hou hulle kinders en vroue as verskoning voor. Ons doen presies dieselfde. Ek wil dat dit nie oor my gaan nie, maar oor my kinders. Die HERE gee vir ons die antwoord ook in die gedeelte. Num 14:28-29 *“Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen. Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle*

getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het." U sien die HERE wil dat ek sal hou by dit wat ek my oor moet bekommer, en dit is oor myself, nie oor my kinders nie. Indien ek gedoop is as gelowige, sal Hy nie my kinders na die verderf stuur nie, maar hulle geleentheid gee om self te besluit.

Niemand word in Kanaän gebore nie. Alle mense word in Egipte gebore, en moet besluit of hulle na Kanaän wil gaan. Niemand word dus sonder 'n sondige natuur gebore nie, almal moet besluit om saam met Israel te trek. Indien hulle nooit besluit om te trek nie, sal hulle as sondaars sterf en die ewige verdoemenis beërf. Hulle moet self besluit om die HERE te dien. Esegiël stel dit as volg:18:20 *"Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. 18:30 Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek die Here HERE. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie."* Ek is bewus dat dit redelik harde is, maar dit help nie om doekies om te draai nie. Ek as vader of voog is verantwoordelik vir my kind totdat hulle twintig word, eers daarna sal die HERE hulle oordeel volgens hulle dade. Dit is wat Hy met Israel gedoen het, en dit is wat Hy met ons sal doen.

'n Ander gedeelte wat ook tydens my soeke vir my skielik ontsluit is, handel oor die Nagmaal. Wanneer ons glo dat die bloed van Jesus ons kan red, moet ons die Nagmaal vier. Die Nagmaal weereens is ingestel vir gelowiges. Dit beteken vir die wat alreeds gedoop is as teken van hulle geloof. Ek kan nie maar my kinders ook daaraan laat deel nie want dan het hulle geen iets om na uit te sien om Sy kinders te word nie. Die Nagmaal moet vir ons weer 'n werklike gedenk maal word soos dit voor ingestel is. Dit moet ons herinner aan ons lewe in Egipte en dat die eerste keer wat ons dit gebruik het, die doodsengel ons nie kon aanraak nie. Nou kan ek as volwassene voor die Vader verskyn in volle geregtigheid, sonder om bang te wees dat ek dalk veroordeel sal word. Dit is dus ook hier waar die Lutherse- Calvinistiese- en Roomse kerke vas hak. Hulle weier om te trek uit Egipte. Dit veroorsaak dan dat hulle elke dag moet veg teen die aanslae van Egipte, en kom hulle nooit vry van hulle sondige begeertes nie, want dit sterf in die Rooisee.

Die laaste gedeelte waarmee ek ook wil afsluit is dit: Jesus was beide Lam en Eersgeborene. Hy moes as eersgeborene sterf om ook die tiende plaag tot niet te verklaar. Hy kon nie onder die bloed van die Lam kom nie, want Hy is ook die Lam. Daaroor hoef ek nie myself te bekommer oor die dood van die eersgeborenes nie. Jesus is eersgeborene in die Koninkryk van God en het gesterf om die prys te betaal. Al wat ek moet verseker is dat ek my kinders leer dat hulle eendag self sal moet kies of hulle Hom wil volg. Eers dan sal die doop vir hulle werklik iets kan beteken. Ek moet ook oppas dat hulle nie te vroeg die besluit neem nie. Hulle moet die volle impak verstaan naamlik dat hulle nou kies om Hom te dien, wat hulle deel van die verbond maak, dat hulle dan deur die doopwater moet gaan, en dat hulle hulle nooit van die weg kan afkeer nie, anders gebeur dit met hulle wat in Hebreërs 6 vir ons uitgespel word: *"Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."* (Heb 6:4-6) Ons as ouers moet verstaan wat die impak van die besluit is en kan nie toelaat dat 'n kind wat nog deur die puberteit en tienerjare moet gaan, al kan besluit hoe hulle die res van hulle lewe sal lei nie. Eers

wanneer hulle daar deur is, moet hulle die besluit neem.

Paulus deel ook met ons oor hoe die HERE oor Israel gevoel het omdat hulle Hom nie vertrou het nie*. "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie."* (1Co 10:1-6)

Moses 1 vers 5: Wat is liefde?

Die vraag kan ons lelik onkant vang as ons nie oppas nie. Daar is sovele betekenisse wat aan die woord gegee word dat dit moeilik is om werklik ‘n betekenis daaraan te heg wat almal sal tevrede stel. Ek wil graag gaan kers opsteek by Johannes, die dissipel vir wie Jesus baie liefgehad het, en ook bekend staan in die Bybel as die dissipel van liefde.

Die Bybel is baie reguit deurdat die verhouding tussen die HERE en die mens altyd as ‘n liefdesverhouding uitgebeeld word. Jesus self het male sonder tal daarna verwys as ‘n huwelik, terwyl, indien ons die boek van Hooglied met die tipe verhouding as agtergrond lees, ‘n heeltemal nuwe wêreld vir ons sal oopgaan. Ons word so baie keer geleer dat Jesus ons liefhet en dat ons Hom en ons naaste moet liefhê, maar tog vind ons byna in elke gemeente en tussen elke groep Christene ‘n mate van onverdraagsaamheid. Maar dit is nie net daar nie. In verhoudings tussen man en vrou vind ons ook dat daar vele male nie werklike liefde is nie, maar dat die paar net saam woon want hulle weet nie hoe om uitmekaar te gaan nie, of dalk sien hulle nie kans daarvoor nie.

Johannes beskryf vir ons in 1 Johannes 4 vanaf vers 7 wat die eienskappe van liefde is. *“Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God. Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.”* So Johannes se eerste eienskap wat hy vir ons van die liefde gee is dat ons slegs ware liefde kan ervaar as ons kinders van God is. Indien ek nie ‘n kind van die HERE is nie, kan ek nie liefhê nie, want Hy is liefde. Wat nou van al die mense wat nie Christene is nie? Hulle sal altyd vir jou probeer om hulle interpretasie te gee, maar ons weet uit die vers dat hulle definisies nie die liefde gaan beskryf wat ons in die Bybel vind nie.

Die volgende twee verse gee vir ons nog ‘n eienskap. *“Hierin is die liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe. Hierin is die liefde: nie dat ons God liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en sy Seun gestuur het as ‘n versoening vir ons sondes.”* Nou verklaar Johannes dat ons op ‘n sekere manier sal optree wanneer ons Sy liefde ontvang. Soos Hy gemaak het, moet ons maak. Dit beteken dat die Vader Sy Seun Jesus gestuur het om ons plek in te neem, te sterf vir ons sondes, sodat ons kan lewe. Met ander woorde, die Vader het ons bedien met ‘n onverdiende gawe. En dit was dié beste gawe wat Hy, die Vader, vir ons kon gee. Hy het nie afskeep gawes gegee nie, maar Sy enigste, alles wat Hy kon gee het Hy gedoen. Dit is liefde. Om vir iemand iets te doen en te gee, sonder dat hy of sy dit verdien. So ek sal ook nie aan myself dink nie, maar aan die een wat ek my liefde aan wil bewys, en dit sal ek doen sonder dat ek gevra word, en ook sonder dat die ander persoon dit verdien.

Die volgende punt wat Johannes uitlig, is dat ek liefde aan die Vader bewys deur my naaste lief te hê. Hoe stel hy dit? *“As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy ‘n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien*

het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê." Hoe doen ek dit? Deur te doen wat die Vader vir ons gedoen het. Ek moet my naaste, die persoon wat oor my pad kom elke dag, bedien met my gawe, of dit voedsel, geld of wat ook al is. Dit wat ek het en hy nie het nie, moet ek met die persoon deel. Gaan dit enigsins help? Jesus het die volgende gesê in Mattheus 25*. "Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sovêr julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."* (Mat 25:34-40)

Jakobus som liefde as volg op: *"Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? As daar nou 'n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaamnodig is nie —wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood."* (Jak 2:14-17)

Maar, hoe kry ek dit reg om in liefde te beweeg? Dit gebeur sodra ek in verbond met die HERE staan, wat beteken dat ek nie hoef bang te wees vir die ewige oordeel nie. Johannes beskryf dit as volg: *"Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie."* (1 Joh 4:17-18) Ek moet besef dat ek slegs deur die liefde wat aan my bewys is, die reg het om kind van God genoem te word.

Daar is sovele persone en gemeentes wat hulle mense leer dat hulle net 'n besluit moet neem om die HERE te dien, en hulle dan as kind van God verklaar. In die susterskerke moet die persoon net besluit om die HERE te dien, belydenis van sy geloof aflê en dan is hy kind van God. In die vernuwings gemeentes moet die persoon net 'n gebed kom aflê saam met die persoon wat die uitnodiging gemaak het, en dan is hy kind van God. Al hierdie maniere los die liefde van die HERE buite, en veroorsaak dit dat dit onmoontlik is om dan in liefde te lewe.

Wat bedoel ek nou eintlik? Ek kan net die liefde van die HERE ervaar as ek weet dat ek as gevolg van sonde en my sondige natuur, 'n verlosser benodig. Ek moet weet dat ek sondig is, en dat slegs deur dit wat Jesus kom doen het, ek weer in die regte verhouding met die Vader kan staan. Dan sal ek nie meer bang wees vir die oordeelsdag nie, maar sal dit my aanspoor om in Sy liefde te beweeg. Dan sal die gedeelte wat Jesus gespreek het dat ek my naaste soos myself moet liefhê, sin maak. Dan sal ek nie dink dat ek beter as iemand anders is nie, aangesien ons almal die dood verdien, en slegs deur dit wat Jesus gedoen het, die ewige lewe verkry het.

Wie is my naaste naaste? My naaste naaste is my huweliksmaat. Dit is die een persoon wat ek

die meeste liefde aan moet bewys. Maar ek dag dan dit is ‘n verskillende tipe liefde van die liefde wat ek aan my naaste moet bewys? Nee, die beginsel is presies dieselfde. Ek moet my lewensmaat so behandel dat ek altyd diensbaar moet wees vir hom of haar. Indien ek as man die rol van priester van die huishouding wil volstaan, moet ek weet dat die rol nie is om baas te speel nie, maar om te bedien. Dit was die plig van die priester in Israel se tyd. Hy moes die offer slag, gaarmaak en bedien aan die persoon wat die offer aan die HERE wou bring. So dit is wat ek as priester moet doen. Ek moet my maat se belange hoër ag as my eie. Ek moet my maat respekteer, en verwag dat ek my maat sal bedien.

Ek het dit al hoeveel maal gesien en ervaar dat mans hulle rol as priester van die huis aanvaar, en dan sukkel die liefdeslewe van die paartjie aangesien die man dan nou kwansuis alles moet goedkeur. Die vrou wil nie beweeg voordat die man nie ‘n besluit geneem het nie, en die man hou nie daarvan dat hy nou al die verantwoordelikheid moet aanvaar nie. Of die man dink nou dat hy die baas is en vroulief moet nou net rondspring as meneer sy vingers klap. Of erger nog, hy hoef nie te luister na haar nie, want hy is mos baas. Indien sy nog iets vra, kan hy haar ignoreer, want hy luister mos al jare nie na haar nie. Andersins domineer hy haar so, dat sy of nie meer met voorstelle vorendag kom nie, of as sy nog iets sou voorstel, hy die teenoorgestelde sal doen. Maar soos ek hierbo gesê het, die man moet die vrou bedien, dit is liefde. Net so moet die vrou die man bedien, en nie baasspeel oor hom nie. Hoeveel verhoudings is daar wat sukkel omdat die vrou soos wie weet watter korporaal net bevele kan uitskreeu, en manlief en die kinders moet maar net doen. Dit is nie liefde nie. Liefde beteken dat ek moet my lewensmaat so bedien dat daar eintlik ‘n wedywering moet wees oor wie die meeste bedien, sonder om telling te hou. Ek moet my lewenswyse, my belange ondergeskik stel aan die van my maat.

As ons na die huwelik kyk, is dit deur God ingestel as ‘n ewige verbond tussen man en vrou. *“Daarom sal die man sy ouerhuis verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees word.”* Hierin is daar ook ‘n geheimenis soos Paulus dit beskryf dat wie of wat die ander persoon is, so is ek ook vir die HERE, want ons is een. Dit is ook die rede dat mense verander na hul huwelik, want die Bybel verklaar dat hulle een word. Hierdie een wording geskiet wanneer daar gemeenskap plaasvind, en so ontstaan ‘n verbond dan tussen die man en vrou. Dit is die rede, en die enigste aanvaarde rede in die Bybel, dat die huwelik beëindig kan word wanneer een persoon buite die huwelik gemeenskap met ‘n ander persoon het want die persoon wat dit doen, het dan reeds ‘n verbond met ‘n ander persoon gesluit en sy of haar huweliksverbond verbreek.

Nou kan ons vinnig kyk wat die man se pligte is in die huwelik, en daarna na die vrou se pligte. Die eerste plig wat die man het is om vir die vrou lief te hê. So hy moet haar bedien met alles wat die beste is, sonder dat sy hoef te vra daarvoor of dit verdien. *“**Manne, julle moet jul vroue liefhê** en nie teen hulle verbitter word nie.* (Kol. 3:19) So jy mag nie telling hou van wat jy al alles vir die vrou gedoen het nie. Hoekom? Want soos Christus ons as gemeente liefhet en daarvoor gesterf het, so moet ons ons eie vroue liefhê. *“**Manne, julle moet jul eie vroue liefhê,** soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort **die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame**. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente”*. (Ef. 5:25-29) Dit is die plig van ons as mans. Ons moet ons vrouens so behandel dat ons elke behoefte wat hulle het, bevredig. Dit moet nooit nodig wees vir ‘n vrou om enige behoefte te probeer bevredig buite haar verhouding met haar man nie. Die man

moet die verantwoordelikheid aanvaar vir die liefde in die verhouding. Hy mag nooit die woorde uiter dat hy nie meer lief is vir haar nie, want liefde is nie ‘n gevoel nie, dit is sy plig. Dit is wat dit beteken om in ‘n huweliksverbond te tree vir ‘n man. Hy **moet** sy eie vrou liefhê en nooit iemand anders nie. Indien daar ‘n breuk in die verhouding kom, sal die HERE hom verantwoordelik hou daarvoor.

“Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, ***as die swakkere, eer bewys****, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is—****sodat julle gebede nie verhinder mag word nie****”* (1 Pet. 3:7) Nogal harde woorde, dat indien ons as mans nie eer bewys aan ons vrouens nie, ons gebede nie verhoor sal word nie.

En nou is dit die vrou se beurt. *“Net so moet julle, vroue,* ***aan jul eie mans onderdanig wees****, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godvresende wandel aanskou het”.* So jy hoef nie na ander mans te luister as dit kom by hoe jy moet lewe nie, maar na jou eie man. Hy sal die besluit neem wat vir hom aanvaarbaar is, en dan sal jy dit gehoorsaam. Daardeur sal jy ‘n verskil in ander mense se lewens kan maak. Maar hoe is ‘n vrou onderdanig? Deur nie aan ‘n man te verander nie. Toe jy vir die man gekies het, het jy nie gedink dat hy ‘n goeie ou sal wees as jy net dit en dat kan verander nie, nee, jy het hom aanvaar soos hy is. Dit is die persoon wat jou aandag getrek het. So, jy moet hom so hou, dit is onderdanigheid aan hom. *“Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee* ***of oor die man te heers nie****, maar sy moet haar stil hou”*. So jy mag nie vir hom leer wat reg en verkeerd is nie, maar deurdat jy aan hom onderdanig en stil is, sal hy jou op sy hande dra.

En nou oor die groot onderwerp. 1 Kor 7. *“Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir ‘n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.”* So as man moet jy weet wat vir die vrou aanvaarbaar is wat die seksuele aanbetref, en net so ook moet die vrou weet wat die man verwag en aanvaarbaar is vir hom. Paulus leer ons egter dat die vrou die mag het oor die man se liggaam, en die man oor die vrou. Wanneer ons wel in liefde saamleef, sal dit nie nodig wees vir enigeen van die twee om toenadering te soek nie, want die vrou sal haarself vir haar man gee, en die man vir sy vrou.

Dit is wat ons leer uit die Bybel. Dit is nie rocket science nie, maar nederigheid van albei persone wat sal maak of julle huwelik suksesvol sal wees of nie.

Hoekom sien ons dit nie meer vandag nie? Ek glo ons word nie meer vertel wat ware liefde is nie, en die kerk leer nie meer wat liefde is nie. Charles Finney het die volgende in Revival Fire te sê gehad: "*I have already intimated that pains enough had not been taken to search the heart and thoroughly detect and expose the sinner’s depravity, so as to make him see the need of the gospel remedy. If I am not mistaken, there has been, in many cases, an error committed in urging sinners to submission before they are prepared to understand what true submission is. They have been urged to repent, before they have really understood the nature and dessert of*

sin; to believe, before they have understood their need of Christ; to resolve to serve God, before they have at all understood what the service of God is. They have been pressed to make up their minds to enter immediately upon the service of God, and have been taught that they needed only to make a resolution to obey the Lord. Hence their religion, after all, has been only a religion of resolutions, instead of a religion of faith, and love, and of a broken heart. In short, it appears to me that, in many instances, the true idea of what constitutes pure religion has not been developed in the mind, and that consequently spurious conversions have been distressingly numerous. ***I have been more and more surprised from year to year, to find how very numerous those professors of religion are who manifestly have not the true ideal of pure religion before their minds. It seems that, in many instances, the idea that love is the essence and the whole of religion, is left almost, if not entirely, out of view."***

Ek wil afsluit met ‘n paragraaf vroeër in die gedeelte. Hoe kry ek dit reg om in liefde te beweeg? Dit gebeur sodra ek in verbond met die HERE staan, wat beteken dat ek nie hoef bang te wees vir die ewige oordeel nie. Johannes beskryf dit as volg: *“Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.”* (1 Joh 4:17-18) Ek moet besef dat ek slegs deur die liefde wat aan my bewys is, die reg het om kind van God genoem te word.

MOSES 2 - OOR GRONDBEGINSELS

Hebreërs 6: 1 - 2

Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die

1 -bekering uit dooie werke en van

2 - die geloof in God,

3 - van die leer van die doop

4 - en van die handoplegging en

5 - van die opstanding van die dode

6 - en van die ewige oordeel.

Moses 2 vers 1:Wat is bekering?

Dit is die vraag wat reg deur hierdie boek seker die hoofrol speel. Maar wat beteken dit om tot bekering te kom? Moet ek gedoop word daarna? Elke persoon en kerkgenootskap het amper ‘n ander betekenis daarvoor. Wie is nou reg?

Soos ek vroeër gesê het, bekering is seker die een aspek wat ek in elke vraag aangespreek het. Hoekom? Die grootste rede is dat bekering nie meer deur die kerk gepredik word nie. Nee, daar word so baie oor die liefde en genade van die HERE gepreek, maar niemand wil die eerste beginsel van Christenskap aanraak nie, naamlik bekering. Wanneer daar wel oor bekering gepraat word, is dit ‘n afgewaterde weergawe wat ons hoor, want die prediker wil nou tog nie die persoon te na kom deur te sê daar is iets verkeerd met sy huidige toestand nie. Nee, ons word mos volmaak gebore, want ons is dan skepsels van die allerhoogste God.

Dit is wat ons elke dag in soveel kerkgenootskappe hoor. Nee, jy hoef nie tot bekering te kom nie, jy moet slegs jou kinders kerk toe bring en hulle laat doop voor twee maande oud of dalk voor ses maande, want dan is hulle deel van God se koninkryk. Of mense vertel jou dat die doop of besprinkeling van babas nie werk nie, en dat jy jou moet laat doop as grootmens, anders sal jy verlore gaan. Net solank jy gedoop is, is die saak reg. Dit is ook hoekom die Roomse kerk bevel gegee het dat babas gedoop moes word. Want dan was hulle mos gered. En as iemand nie gered was nie, kon jy hom maar doop selfs nadat hy reeds dood was, want dan sal hy nog steeds gered word. As hy baie sondes gehad het, moes hy deur die vagevuur gaan, en kan ons as agtergeblewenes vir hom bid dat die HERE moet vergewe. Dan sal die persoon die ewige lewe beërwe. Dit is maar van die standpunte.

So wat is die verskillende standpunte? Die algemene gereformeerde grondslag is dat jy moet as baba gedoop word, want dan sal jy gered word. Die basiese Pinkster grondslag is dat jy moet besef dat slegs persone wat tot bekering gekom het en gedoop is, gered sal word. Die charismatiese standpunt is gebou rondom die gereformeerde fout, deurdat jy net Jesus moet aanvaar as verlosser, en dan sal jy gered word. Doop is net om jou gehoorsaamheid aan die HERE te bewys, maar het geen invloed op jou lewe nie. Niemand sal ooit van jou verwag om iets meer te doen nie.

Maar die vraag is dan, wat is bekering? Hoekom al die inligting en standpunte noem rondom doop, of redding? Die rede is dat die Bybel verklaar dat slegs mense wat hulleself bekeer, gered sal word. Nie die of daai kerkgenootskap se mense sal gered word nie. Nee, slegs mense wat tot bekering gekom het sal gered word. Die vraagstuk daarna is dit waar almal heen hardloop, en dit is doop.

Maar, wat is bekering? Is daar ‘n enkele begrip of woord waarmee ek dit kan vervang wat dan meer lig op die onderwerp sal gee? Ek dink die naaste begrip wat ek aan kon kom in my soeke, is om verander te word. Ek moet toelaat dat die HERE my so verander dat ek aanvaarbaar vir

Hom sal word. U sien dit is nie oor hoe jy voel nie, nee, dit is om deur Hom aanvaar te word.

Toe die HERE begin praat het met my oor die onderwerp dat dit ook as ‘n aparte vraag moet verskyn, het ek gedink ek ken die gedeelte van Mattheus so goed en om dit weer te bespreek is mos nie nodig nie. Terwyl ek so ‘n paar dae gelede die Bybel oopmaak, ervaar ek dat ek moet lees wat voor my is. Die Bybel het oopgemaak by Amos. Toe ek begin om nader ondersoek te stel na wat alles in Amos behandel word, is dit presies waaroor ek en die HERE gesels het, naamlik bekering. So ek wil graag ‘n paar gedeeltes van Amos uitlig om vir ons lig op die saak te werp.

Wie was Amos? ‘n Veeboer wat die HERE geroep het om teen Israel en Juda te profeteer. Het Israel na hom geluister? Nee, hulle het hom nie as een van die profete gesien nie, en het hom beveel om hulle te verlaat, want hulle het nie van sy woorde gehou nie. Wat sê die gedeelte in die Bybel? Amos 7: *"10 ¶ Toe het Amásia, die priester van Bet-el, Jeróbeam, koning van Israel, laat weet:* ***Amos het 'n sameswering gesmee teen u midde-in die huis van Israel; die land sal dit onder al sy woorde nie kan uithou nie. 11 Want so het Amos gesê: Jeróbeam sal deur die swaard sterwe, en Israel sal sekerlik uit sy land in ballingskap gaan****. 12 Toe sê Amásia vir Amos: Gaan weg, siener, vlug na die land Juda en eet daar brood en profeteer daar! 13 Maar in Bet-el mag jy verder nie meer profeteer nie, want dit is 'n koninklike heiligdom en 'n tempel van die ryk.* *14 Toe het Amos geantwoord en aan Amásia gesê: Ek was geen profeet en ook geen profete-seun nie; maar ek was 'n veewagter en kweker van wildevyebome. 15 Maar die HERE het my agter die kleinvee weggeneem,* ***en die HERE het aan my gesê: Gaan heen, profeteer teen my volk Israel. 16 Hoor dan nou die woord van die HERE! Jy sê: Jy mag nie teen Israel profeteer nie, en jy mag geen woorde laat druppel teen die huis van Isak nie. 17 Daarom, so sê die HERE: Jou vrou sal in die stad hoereer, en jou seuns sowel as jou dogters sal deur die swaard val, en jou grond met die meetsnoer verdeel word, en jy self sal in 'n onrein land sterwe, en Israel sekerlik in ballingskap uit sy land gaan."*** Ongelukkig vir Amásia en Jerobeam het die geskiedenis hulle verkeerd bewys, en is die woorde deur Amos gespreek volbring, en is Israel en Juda weggevoer na Babel.

Wat was Amos se boodskap? So ‘n vinnige opsomming van waarvan Israel deur die HERE aangekla is, is as volg:

Hulle het nie gedink aan hulle broederverbond nie 1:9

die swanger vroue van Gílead oopgesny het om hulle grondgebied uit te brei.1:13

omdat hy die beendere van die koning van Edom tot kalk verbrand het. 2:1

omdat hulle die wet van die HERE verwerp het en sy insettinge nie onderhou het nie; en hulle leuengode het hulle verlei waar hulle vaders agter aan geloop het. 2:4

omdat hulle die regverdige vir geld verkoop het en die behoeftige vir 'n paar skoene 2:6

Hulle wat daarna hyg dat die stof van die aarde op die hoof van die armes kom 2:7

Maar julle het die nasireërs wyn laat drink en aan die profete bevel gegee en gesê: Julle mag nie profeteer nie 3:12

Hoor hierdie woord, koeie van Basan, wat op die gebergte van Samaría is! Wat die armes verdruk, die behoeftiges hard behandel; wat aan hulle HERE sê: Bring aan en laat ons drink! 4:1

U kan sien uit die aanhalings, dat die HERE nie van hulle gedrag gehou het nie. Hulle moes hulle gedrag verander. Hulle moes begin doen wat Hy van hulle verwag. Hulle moes ophou om die armes te verdruk.

Wat sê die HERE ook vir hulle? Amos 4:10 *"Ek het die pes onder julle gestuur, op die manier van Egipte; Ek het julle jongmanne met die swaard gedood saam met die wegvoering van julle perde; en Ek het die stank van julle laer laat opstyg, ja, tot in julle neus--nogtans het julle jul tot My nie bekeer nie, spreek die HERE".*

Die HERE gee hier te kenne dat Hy hulle met die pes getref het, dat Hy verantwoordelik was vir die dood van hulle krygers, maar nogtans wil hulle hulle nie bekeer nie. Nogtans wil hulle nie hulle lewe inrig volgens wat Hy van hulle verwag nie. Hulle wil nog steeds nie aanvaarbaar word vir Hom nie.

So een aspek wat ons uit die gedeelte leer, is dat bekering beteken ek moet my lewe verander. Ek moet begin optree soos iemand wat aanvaarbaar is vir die HERE. Ek moet begin om goed te doen aan almal, maar veral aan die armes. Ek moet begin om regverdig op te tree. Ek moet begin om verander te word. En dan iets wat mense baie moeilik aan vat, is dat die HERE die pes onder hulle ingestuur het. Dit was nie die duiwel en sy demoontjies wat Israel aangeval het nie, maar die HERE wat hulle gestraf het sodat hulle tot bekering moet kom.

Maar weet u, u kan hoe hart probeer om dit self te doen, maar dit sal nog steeds niks help nie. Ek moet toelaat dat die HERE die werk doen. Ek moet Hom toelaat om inspraak in my lewe te hê. Ek moet soos ‘n Paulus van ouds kan verklaar dat ek nie meer lewe nie, maar dat Christus in my lewe, en dat my lewe is tot eer en verheerliking van Hom. U sien, die HERE verklaar Hy sal ons hart van klip verwyder en vir ons ‘n hart van vlees gee. Al probeer ek hoe hard, ek sal dit nooit kan regkry nie.

Hoe weet ek dit? Die HERE verklaar deur Amos as volg: *"4 Kom na Bet-el, en sondig! Na Gilgal, sondig nog meer! En bring julle slagoffers in die môre en julle tiendes al om die derde dag. 5 En laat van wat gesuurd is, 'n lofoffer rook, en roep vrywillige offers uit, laat dit hoor! Want so is dit na julle sin, kinders van Israel, spreek die HERE HERE."* U sien, selfs in hulle tyd het hulle gedink dat hulle die HERE ken en doen wat Hy verwag. Hulle het hulle offers en tiendes gebring. Maar dit is nie wat vir die HERE aanvaarbaar is nie. Ons lewe vandag dieselfde. As ek net elke Sondag in die kerk is, net elke maand my bydrae vir die kerk gee, net altyd gesien word hoe hard ek vir die HERE werk, sal ek reg wees. Maar die probleem is juis daarin dat dit is wat ek doen. U sien, die HERE het nie vir my of u nodig om iets vir Hom te doen nie. Al wat Hy vra is gehoorsaamheid. Hy wil net dat u sal doen wat Hy van u verwag. Ek moet Hom vra om my hart te verander.

Maar hoe doen ek dit? Deur Hom te volg na die kruis, om my lewe daar neer te lê, daar te

verklaar dat Hy kan doen net wat Hy wil met my. Dit is seker vir meeste persone die grootste vernedering om te verklaar dat Hy heerskappy moet oorneem in jou lewe. Maar weet u, Hy doen dit as jy opreg Hom vra. Dan sal Hy vir jou alles wys in jou lewe wat vir Hom onaanvaarbaar is, en sal u moet verander.

‘n Paar verse wat my regtig aangespreek het in Amos is die volgende: *"4:12 Daarom sal Ek só met jou handel, o Israel; omdat Ek só met jou sal handel--**maak jou klaar om jou God te ontmoet**, o Israel! 13 Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die dageraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskare, is sy Naam!"* Is u gereed om u God te ontmoet? Indien nie, wat sê Amos 5:4 *" Want so sê die HERE aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe!"* Soek die HERE met alles binne in u, dan sal u gereed wees.

U mag dalk antwoord dat u gemeente dan so lewendig is, en dat u oortuig is dat die HERE dit raaksien. Julle hou dan sulke lekker dienste. Hoor wat verklaar Amos aan Israel : 5:21 *"Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie. 22 Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie. 23 Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. 24 Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom. 25 Het julle aan My slagoffers en spysoffers gebring veertig jaar lank in die woestyn, o huis van Israel."* U sien die HERE wil dat ons reg en geregtigheid sal laat geskied. Dit is wat vir Hom aanvaarbaar is.

Hoe tree ons op teenoor iemand wat nog durf om iets te sê oor hoe ons moet lewe? Seker maar soos in Amos se dae. Dit is wat hulle teenoor hom uitgespreek het: 5:10 *"Hulle haat die man wat in die poort die reg handhaaf, en hulle het 'n afsku van hom wat in opregtheid spreek."* So volgende keer as iemand weer preek oor bekering, luister gerus maar.

Kom ons luister na die Woord, en vra die HERE dat Hy ons hart van klip sal vervang met ‘n hart van vlees, dat ons tot wedergeboorte kan kom. Dan kan ons doen wat Johannes in hoofstuk 3 vers 6 vir ons opgeteken het. Jesus is aan die woord*: "3 Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. 4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? 5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees"*. U sien, u moet sterf aan u eie self, en vra dat u weergebore kan word. U moet glo dat dit wat Jesus kom doen het op aarde, volmaak is, en dat daar nie nog iets nodig is om gered te word nie. Maar daar moet eerstens bekering kom. U moet besluit u het ‘n Verlosser nodig. Dit kan u alleen weet, as u weet hoe sondig u is. Lees maar gerus die vraag in die boek oor geregtigheid, en die vraag of geloof jou iets gaan kos, en baie van die ander vrae wat ook die onderwerp aanraak.

In die boek aan die Hebreërs, stel die skrywer dit as volg*: “Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie. Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die*

woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie. Want ons wat geglo het, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is. Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus; en nou hier weer: Hulle sal in my rus nie ingaan nie. Terwyl dit dan so is dat sommige daar ingaan, en diegene aan wie die evangelie eers verkondig is, deur ongehoorsaamheid nie ingegaan het nie, bepaal Hy weer 'n sekere dag, naamlik vandag, as Hy soveel later deur Dawid spreek, soos gesê is: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie. Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie. Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God; want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne. Laat ons ons dan beywer om in te gaan in dié rus, sodat niemand in dieselfde voorbeeld van ongehoorsaamheid mag val nie." (Heb 4:1-11) Hier word dit vir ons duidelik gestel dat ons niks kan doen om genade te verdien nie. Ons moet glo dat Hy alles gedoen het vir ons en in Sy rus aangaan, en dit is om oor te gaan van die sesde dag, waar ons probeer om deur ons werke ons saligheid te verkry, na die sewende dag, 'n dag waar ons kan rus van ons sondige lewe.

Ek wil afsluit met wat Amos mee eindig. Dit is wat gebeur wanneer ons ons weer laat verander om aanvaarbaar vir die HERE te wees: *"11 ¶ In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd; 12 sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die HERE wat dit doen. 13 Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees. 14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet. 15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê die HERE jou God."*

Moses 2 vers 3:Wat is geloof?

Dit is een van die onderwerpe wat altyd ‘n groot debat ontketen. Ek onthou toe ek eendag tussen ‘n groep van my kollegas (ingenieurs) gepraat het oor geloof, hoeveel debat dit veroorsaak het. Soveel so, dat een van hulle my selfs gevra het of ek glo dat ek slange kan opneem sonder dat ek sal sterf as hulle my pik. My antwoord was " As die Bybel so sê, dan is dit so".

So wat is geloof?

Kom ons kyk na die Bybel se definisie. Hebreërs 11 vers 1: “*Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie”*. In hierdie hoofstuk handel die Bybel uitsluitlik oor geloof en verbond, en wanneer ons dit ondersoek, sien ons dat Hebreërs11 vers 6 dit as volg uitdruk: "*En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek".* Dit beteken vir my dat ek moet glo wat ek verstaan die Bybel vir my probeer sê, sonder om te twyfel. Wanneer ek twyfel is dit ongeloof, en moet ek nie verwag dat ek iets van God sal ontvang nie. Verder sal God sy beloftes gestand doen, want Hy is ‘n beloner van die wat Hom soek.

Om Abraham as voorbeeld te neem, sien ons dat God hom belowe het dat uit Isak vir hom ‘n nageslag sou kom. Nou vra die HERE vir hom om vir Isak te gaan offer. Abraham twyfel nie vir ‘n oomblik in wat God van hom verwag nie. Vir Abraham het God twee opsies gehad indien hy Isak moes offer. Hy moes of, soos Hy wel gedoen het, ‘n plaasvervanger stuur, of indien Abraham vir Isak geoffer het, moes God hom weer opwek want God kan nie lieg nie, en uit Isak sou Abraham se nageslag kom. Die rede? Abraham het geglo wat God vir hom gesê het. Die besnydenis het eers 25 jaar na die oorspronklike belofte gekom, maar Abraham het God geglo.

In ons hedendaagse lewe, vind ek dat ons Christen gelowiges in drie kampe kan indeel:

1 Berustende geloof.

Die eerste groep is die met berustende geloof. In Engels het ek eintlik ‘n beter woord daarvoor, naamlik "resignation faith". Dit is die tipe mense wat maar elke dag aanhou en aanhou en niks buitengewoons van hulle verhouding met die HERE verwag nie. Dit is die tipiese "laat Gods water oor Gods akker vloei" tipe van mense. Hulle glo in die HERE, en as jy hulle daarna vra, is hul antwoord gewoonlik maar "Ja, ek glo". En as jy hulle vra of hulle die ewige lewe sal beërwe, is hul antwoord " Hoop so". Hulle glo dat God is, maar wil nie glo dat Hy ‘n beloner is nie. Hulle verstaan nie die karakter van die HERE nie. Hulle glo dat alles wat met ‘n persoon gebeur die wil van die HERE is. Hulle glo selfs dat moord en tragedies van die HERE kom, en dat goeie goed soos genesing, voorsiening en doping in die Heilige Gees van die duiwel af kom. Hulle het nog

nooit opgelet dat die gebed wat Jesus die dissipels geleer het, ‘n sinsnede bevat wat sê: *"Laat u wil geskied, soos in die hemel netso ook op die aarde"*. Ek glo nie dat ons moord en diesulke gebeure in die hemel kry nie, maar tog glo ons dat dit die wil van die HERE is. Kan so ‘n geloof jou red? Dink jy dat jy gered sal word as jy na God gaan met die volgende woorde: "Wel, ek weet U is God, en alles wat U doen is altyd reg, so ek gaan maar glo dat U weet wat reg is vir my en vertrou dat U my sal red". So ‘n uitdrukking ontbreek aan geloof. Hierdie geloof besit ‘n tekort aan kennis van die HERE, dit verstaan nie Sy karakter nie, dit besef nie dat God en Sy Woord een is nie. Met so ‘n geloof sit jy ‘n rookskerm op deur baie godsdienstig te lyk en wees, en ‘n valsheid van geestelikheid, maar ontbreek jy aan die krag van geloof.

Kuiper sluit die volgende in om sy berustende geloof te ondersteun. *“Selfs die mens se sondige handelinge kan slegs gebeur met sy toestemming en met die krag wat Hy sy skepsel gee.* ***Aangesien Hy gewillig, en nie onwillig nie, toelaat, moet alles wat gebeur - insluitend ons sondige dade en die mens se uiteindelike lot - in die een of ander sin in ooreenstemming wees met wat Hy in die ewigheid bepaal en beveel het.*** *In verhouding met die mate waartoe dit ontken word, word God uitgesluit uit die regering van die wêreld, en het ons slegs 'n eindige God.* ***Natuurlik ontstaan daar sekere probleme wat ons met ons huidige kennis nie volledig kan verklaar nie. Dit is egter nie 'n voldoende rede om dit wat deur die Skrif en die duidelike voorskrifte van die rede bevestig word, te verwerp nie.”*** Ek wil graag die gedeelte net verder vat soos ons dit vandag ervaar in Suid Afrika. Indien ek dus in ‘n plaas aanval betrokke raak, het die HERE dit reeds goedgekeur want niks op aarde kan gebeur sonder Sy toestemming nie. So die mense is nie verantwoordelik vir hulle dade nie, want dan moet ek erken dat my verkeerd wat ek doen in die lewe deur myself gedoen word, en ek self verantwoordelik is vir my sondes.

2 Algemene Geloof.

Die volgende groep is die met ‘n algemene geloof wat seker die oorgrote meerderheid Christene insluit. Dit is ‘n geloof wat glo dat God is en ‘n beloner is van die wat Hom glo. Maar dit is ‘n geloof wat nie standhoudend is nie. Dit is ‘n geloof wat glo, maar sodra daar ‘n sweempie van twyfel is, die twyfel sal toeskryf aan God. Waar berustende geloof eintlik ongeloof is, gaan algemene geloof gebuk onder twyfel. Die geloof bou op ondervindings, eerder as die Woord van God. Dit is die tipe geloof wat sal glo dat daar ‘n duiwel en demone is, maar sal twyfel dat ek as gelowige nog die mag het om teen hulle te stry en oorwin. Dit is die persoon wat sal bid en wag op die resultaat van sy gebed, en dit dan toeskryf aan die wil van God, eerder om die Woord te ondersoek en te kyk wat die Woord sê aangaande die saak, en so te glo. As ek dit met ‘n voorbeeld kan illustreer, is dit as volg. Gestel Koos is in ‘n baie sensitiewe finansiële situasie, waar hy weet dat hy tans nie genoeg fondse tot sy beskikking het om in sy daaglikse behoeftes te voorsien nie. Hy weet dat hy binne die volgende week of twee, heeltemal uit fondse gaan raak om vir sy huisgesin kos te voorsien. Nou bid hy tot die HERE vir uitkoms, en wag. As Hy vir hom voorsien dan is dit die wil van God, en as Hy nie voorsien nie, is dit ook die wil van God. Maar Koos gaan nie die Woord ondersoek om te kyk wat die Woord daarvan sê nie. So, algemene geloof is geloof waarin twyfel ‘n baie groot rol speel. Die rede vir al die twyfel is oor die algemeen ‘n gebrek aan kennis van die Woord.

3 Oorkomende Geloof

Die derde groep persone is die met oorkomende geloof. Dit is geloof wat die vlees kan oorkom volgens 1 Joh 2:16 *"Want alles wat in die wêreld is--die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe--is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld."* Dit is geloof wat sonde kan oorkom, Satan kan oorkom: 1 Joh 4:4 *Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.* Dit is 'n geloof wat siekte kan oorkom volgens Matt 9:22 *"En Jesus het omgedraai en haar gesien en gesê: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. En die vrou het gesond geword van daardie uur af."* Dit is 'n geloof wat glo dat God is 'n beloner van die wat Hom soek, maar meer nog, dat God en Sy Woord een is. Dit is 'n geloof wat glo nie net in die bestaan van God nie, maar in Hom. *"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God".* Romeine 10:17. Dit is 'n geloof wat kan red. Johannes 12:46 *"Ek het as 'n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie"*. Die oorkomende geloof sal vasstaan op wat die Woord sê, en nie ingee oor wat mense sê nie. Dit is onmoontlik om God buite Sy geopenbaarde Woord te soek. Om aan God se kant te wees is om jou saam met Sy Woord te skaar. As ek die vorige voorbeeld kan gebruik, sal die persoon met oorkomende geloof die Woord ondersoek en vind dat Jesus gesê het volgens Mattheus 5:25 *"¶ Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe—wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam —wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie? 26 Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? 27 Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? 28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; 29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. 30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? 31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? 32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. 33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. 34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad"*. Koos in die vorige voorbeeld, se gebed met oorkomende geloof sal wees dat die HERE Sy Woord in sy (Koos) se lewe sal laat geskied, want die Woord sê hy hoef hom nie te kwel oor wat hy moet eet of wat hy moet aantrek nie, en tog is dit wat hy hom oor moet kwel, so die HERE moet nou Sy Woord bevestig in sy lewe, omrede Koos sy lewe neergelê het vir 'n nuwe lewe en wedergebore is, sodat die gedeelte ook in sy lewe gestalte kan kry. Dit, is oorkomende geloof.

My bede is dat jy ook die Woord sal ondersoek, en God begin vertrou vir wat Sy Woord van en oor ons sê. Dit is geloof.

Hoe bou ek my geloof?

Hoe kry ek dit reg om te glo wat die Bybel sê? Kom ons kyk na nege punte wat ons gaan help om in geloof te groei.

Weet jy is verlos.

Jy kan die werklikheid van jou verlossing uit die koninkryk van Satan na die koninkryk van Jesus en Sy liefde ken. Ons wandel in God se teenwoordigheid. Kolossense 1 vers 13 en 14 *"13 Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, 14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes."*

Weet dat jy ‘n nuwe skepsel is.

Diegene wat die nuwe skepping nie verstaan nie, beskou hulself en almal rondom hulle bloot volgens die natuurlike dinge van die vlees. Hulle sien glad nie die Krag van God nie. Wat sê 2 Kor 5: 16-17 *"16 ¶ Ons ken dus van nou af niemand meer na die vlees nie; en al het ons ook Christus na die vlees geken, nou ken ons Hom tóg nie meer so nie. 17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword."*

En Kol 1:21,22: *"21 Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen 22 in die liggaam van sy vlees deur die dood, om julle heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel;"*

1Pet 1:23: *"23 want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly."*

1Pet 2:9: *"9 Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, 10* ***julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is****; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is."*

Openbaring 1:5 en 6: *"5 en van Jesus Christus, die getroue getuie, die eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde! Aan Hom wat ons liefgehad het en ons van ons sondes gewas het in sy bloed 6 en ons gemaak het konings en priesters vir sy God en Vader, aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen."*

Weet dat Hy in jou en jy in Hom is.

In Hom, in Christus, in wie, hierdie frases kom eenhonderd vier en dertig keer voor in die Nuwe Testament. Dit is wat ons moet verstaan. Rom 8:1: *"1 ¶ Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees."*

Gal 2:20: *"20 Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het."*

Weet dat jy Sy geregtigheid besit

Dit beteken vir ons om in die regte verhouding met God te wees. Heb 4:16: *"16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*

Ken die Krag van die Naam van Jesus

As ons nie ons voorreg en reg om die Naam van Jesus te gebruik verstaan nie, sal ons geloof verhinder word. Wat is in ‘n naam: Gesag, reputasie, verteenwoordiging, sukses.

Markus 16:17,18: *"17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, 18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word”.*

Joh 14:12-14: *"12 ¶ Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo--die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. 13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. 14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen”.*

Ken gehoorsaamheid aan die Woord

Alvorens ons kan wandel op die Woord van God, moet ons eers besef dat God se weë totaal anders is as ons metodes. Ons logiese denke kan ons nie hierin help nie. Ons kan ook nie God gehoorsaam solank ons op ons eie insig steun nie. Ons sal die werklikheid van die Woord betwyfel en altyd dit wat God gesê het, bevraagteken deur te vra of dit werklik is wat God gesê het. Jak 1:22-26: *"22 En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie."*

Luk 8:21: *"21 Maar Hy antwoord en sê vir hulle: My moeder en my broers is die wat die woord van God hoor en dit doen."*

Weet wat om te bely

Hou vas aan jou belydenis, dit is die sleutel tot geloof. Heb 4:12 tot 14: *"12 Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. 13 En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het. 14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die*

belydenis vashou."

Moses 2 vers 4:Doop, hoekom, waar, en hoe?

Die doop is seker die grootste enkele rede waarom baie families nie met mekaar praat nie, aangesien hulle verskillende standpunte huldig. Ek is bewus van persone wat self onterf is oor sulke verskille. Vra maar menige Pinkster of charismatiese lidmaat wat sy of haar familie van hom/haar dink, dan hoor jy van die stories wat jy as Christen skaars kan glo.

Terug na die vraag. Voordat ek kon begin het met die vraag, het ek ietsie gaan lees oor wat almal se sienswyses is rondom doop, en vir die HERE gevra dat Hy my sal ly na skrifgedeeltes wat ek kan gebruik om ‘n Bybelse perspektief op die vraagstuk te verkry. ‘n Ander faset wat ek beleef het, was, dat alhoewel ek verseker weet wat die Bybel rondom doop leer, ek tog nie aan die gang kon kom om die artikel te skryf nie. Dit het bly voel asof daar ‘n blokkasie was wat my gekeer het om te kon begin. Toe ek wel aan die artikel begin skryf het, het ek besef dat dit ook die gevoel is wat ons as Christene ervaar van tyd tot tyd, dat ons weet wat die antwoord is, maar nie weet waar om te begin nie.

Ek wil die artikel op ‘n soortgelyke grondslag as wedergeboorte hanteer, deur die verskillende standpunte te stel. So wat is die standpunte?

Die Algemene Gereformeerde Standpunt

Die algemene Gereformeerde standpunt soos uiteen gesit in die Heidelbergse Kategismus is dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, en as sulks aan babas bedien moet word. Daardeur word jy dus ook deel van die verbond wat God met Abraham gesluit het, en sal jy dus die ewige lewe beërwe. Die doop sal ook jou verder herinner en aanspreek, dat jy nie moet sondig nie, en dat wanneer jy sondig, jy vergifnis by die HERE moet verkry. Die rede waarom die doop ingestel is, word geleer deur die kerk, is dat die besnydenis wat vroeër die teken van die verbond was, nie meer as teken kon dien nie, omrede daar geen onderskeid meer was tussen besnyde Jode en onbesnede Jode nie. Daarom het Johannes die doper die mense begin doop wat toe die teken van die besnydenis geword het. Daarom is dit ook verkeerd om jou weer te laat doop, want doop kan net eenmaal aan iemand bedien word.

Hier volg die lering van die doop soos deur die Heidelbergse Kategismus uiteen gesit.

Die heilige doop (Sondag 26-27)

Sondag 26

69 Vraag: Hoe word jy in die heilige doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offer

van Christus aan die kruis jou ten goede kom?

Antwoord: ***Só: Christus het die uitwendige waterbad ingestel*** *(#Matt 28:19). Daarby het Hy beloof (#Matt 28:19; Mark 16:16; Hand 2:38; Joh 1:33; Matt 3:11; Rom 6:3,4) dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is, van al my sondes, gewas is (#1Pet 3:21; Mark 1:4; Luk 3:3) as wat ek uitwendig met die water gewas is, wat die vuilheid van die liggaam wegneem.*

70 Vraag: Wat beteken dit om met die bloed en Gees van Christus gewas te wees?

Antwoord: Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het (#Heb 12:24; 1Pet 1:2; Op 1:5; 7:14; Sag 13:1; Eseg 36:25). Verder, om deur die Heilige Gees vernuwe en as lede van Christus geheilig te wees sodat ons die sonde hoe langer hoe meer afsterwe en godvresend en onbesproke lewe (#Joh 1:33; 3:5; 1Kor 6:11; 12:13; Rom 6:4; Kol 2:12).

71 Vraag: Waar het Christus ons belowe dat Hy ons net so seker met sy bloed en Gees wil was as wat ons met die doopwater gewas word?

Antwoord: Met die instelling van die doop wat soos volg lui: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ..." (#Matt 28:19); en: "Wie glo en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word" (#Mark 16:16). ***Hierdie belofte word ook herhaal waar die Skrif die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes noem*** *(#Tit 3:5; Hand 22:16).*

Sondag 27

72 Vraag: Is die uitwendige waterbad self dan die afwassing van die sonde?

Antwoord: Nee (#Matt 3:11; 1Pet 3:21; Ef 5:26), want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes (#1Joh 1:7; 1Kor 6:11).

73 Vraag: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.

74 Vraag: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (#Gen 17:7). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (#Matt 19:14) en die Heilige Gees wat die geloof werk (#Luk 1:15; Ps 22:11; Jes 44:1-3; Hand 2:39), beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (#Hand 10:47). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (#Gen 17:14) in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (#Kol 2:11-13).

Dit dan die Gereformeerde grondslag.

Hoe is die doop in die dae van die Apostels gepredik?

Die apostels se grondslag verskil nie in wese met die rede vir doop soos deur die Heidelbergse Kategismus gestel nie, maar juis wanneer en hoe dit geskied. Om die doop, soos deur die Bybel gestel te verduidelik, moet ons na ‘n paar skrifgedeeltes kyk. Die eerste kom uit Markus 16 vers 16. Wat sê die vers in die 1933 vertaling. Markus 16 vers 16 *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.* ‘n Skrifgedeelte wat hierby hand vas hou is Hebreërs 6 verse 1 en 2: *1 ¶ Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, 2 van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.* Beide die skrifgedeeltes wys op ‘n volgorde wat in die persoon se lewe moet plaasvind. Soos Markus dit stel "Hy wat glo", so eers bekering, dan geloof, "en hom laat doop" dan doop. Verder, as ons kyk na die verbond wat die HERE in Egipte bevestig het toe Israel uit Egipte uitgelei is, moes hulle eers glo dat God hulle kon red en onder die bloed van die Lam kom, voordat hulle deur die Rooisee getrek het.

Ek wil graag twee gedeeltes aanhaal uit die Bybel en die doop dan in die lig van die twee gedeeltes bespreek. Die eerste gedeelte handel oor Nikodemus. Johannes 3 vers 3: *Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. 4 Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? 5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou,* ***as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie****. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. 7 Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. 8 Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is.*

Die tweede gedeelte kom uit Handelinge 19, en is een van die min kere waar ons lees dat Paulus ook mense gedoop het. Dit doen ook weg met die argument dat indien jy besprinkel is as kind, jy nie weer gedoop mag word nie. Hand 19 1 ¶ *En terwyl Apollos in Korinthe was, het*

Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Éfese gekom; en daar het hy sommige dissipels gevind 2 en hulle gevra: Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het? En hulle antwoord hom: Ons het nie eens gehoor dat daar 'n Heilige Gees is nie. 3 En hy vra hulle: Met watter doop is julle dan gedoop? En hulle antwoord: Met die doop van Johannes. 4 Daarop sê Paulus: Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus. 5 En toe hulle dit hoor, is hulle gedoop in die Naam van die HERE Jesus. 6 En Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer. Die Bybel verklaar hier verder dat elkeen wat die Heilige Gees ontvang het, sal profeteer en in tale spreek, wat twee van die gawes van die Heilige Gees is.

As ons na die gedeelte in Handelinge kyk, stel Paulus dit duidelik dat Johannes se doop ‘n doop van bekering was. *"Johannes het met die doop van bekering gedoop en aan die volk gesê dat hulle moes glo in die Een wat ná hom kom, dit is in Christus Jesus".* Met ander woorde, die persoon moes besluit om sy lewenswyse te verander, en dan is hy gedoop, terwyl die doop van die nuwe verbond beteken om te glo dat Jesus die Christus is. Johannes stel dit weer dat jy moet weer gebore word, en dit geskied met doop wanneer jy deur die Heilige Gees gedoop word. *“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, **as iemand nie gebore word uit water en Gees nie(m.a.w. doop), kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.”*** Handelinge 2 stel dit as volg: *“En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang”.* Hierdie gedeeltes verklaar vir ons onomwonde dat daar eers bekering moet kom, en dan doop, omrede ons glo. Kolossense 2 stel dit as volg*: “9 Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik;10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11 in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook **saam opgewek is deur die geloof in die werking van God** wat Hom uit die dode opgewek het. 13 ¶ En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, 14 en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, 15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.”*

Dit is vir my moeilik om nog te kan glo dat babas gedoop moet word aangesien ‘n baba onmoontlik op ‘n vroeë ouderdom kan besluit om sy lewe in te rig volgens God se Woord, en dan al te kan glo dat Jesus die Christus is. Nou mag jy vra, wat word dan van kinders wat nie gedoop is nie? Die HERE sal hulle nie veroordeel nie, net so min as wat Hy die Israeliete se kinders gestraf het in die woestyn. Die volgende kom uit Numeri 14 vanaf vers 26 “*Daarna het die HERE met Moses en Aäron gespreek en gesê: 27 Hoe lank sal hierdie bose vergadering aanhou dat hulle teen My murmureer? Ek het die murmureringe van die kinders van Israel gehoor waarmee hulle teen My bly murmureer. 28 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek die HERE, waarlik, soos julle voor my ore gespreek het, so sal Ek aan julle doen. 29 Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, **van twintig jaar oud en daarbo**, julle wat teen My gemurmureer het. 30 Waarlik, júlle sal nie in die land kom waaroor Ek my hand opgehef het om julle daarin te laat woon nie, behalwe Kaleb, die seun van Jefúnne, en Josua, die seun van Nun. 31 **En julle kinders waarvan julle gesê het: Hulle sal 'n buit word--dié sal Ek inbring en dié sal die land leer ken wat julle verwerp het**. 32 Maar júlle lyke sal in hierdie woestyn lê”.* Hier sien ons duidelik dat die HERE nie die kinders van Israel verwerp het wat nie kans gesien het om in die beloofde land te gaan nie, maar hulle het die beloofde land in

gegaan. Hulle het wel betaal vir die sondes van hulle ouers, omdat hulle vir veertig jaar lank in die woestyn moes ronddwaal, maar hulle het die beloofde land in besit geneem. Die gebruik om babas te doop kom van die vroeë eeue waar daar geglo is dat as jy nie die Gees van die HERE het nie, jy ‘n Gees van die Duiwel het en as sulks bestem is om hel toe te gaan. Die gedeelte uit Numeri weerspreek die stelling, aangesien die persone onder twintig wel die beloofde land bereik het. God het hulle nie laat omkom in die woestyn nie, aangesien Hy nie van hulle verwag het om al ‘n besluit te neem of hulle op Hom gaan vertrou om die vyande te oorwin nie. Verder lees ons dat al die Israeliete wat in die woestyn gebore is eers weer besny is net voor hulle die beloofde land in is, en nie op agt dae nie. Sien ook Moses 1 vers 5 vroeër in die boek.

Die volgende vraag wat dan dadelik opkom is, geskied die doop deur besprinkeling of onderdompeling? As ons na die Heidelbergse Kategismus kyk, word daar heeltyd verwys na die bad van die doop. So, alhoewel dit verwys na ‘n bad, glo sommige persone dat besprinkeling ook bad is. Wat sê die Heidelbergse Kategismus: *"Vraag 73 : Waarom noem die Heilige Gees die* ***doop dan*** *die* ***bad van die wedergeboorte*** *en die* ***afwassing van die sondes****? Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige rede nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus* ***ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam*** *wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is* ***as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word"****.* Hier wys die kategismus self op twee gebeure. Ongelukkig word slegs die een gedeelte, die afwassing van sondes, beantwoord. Die doop wys na ‘n bad soos wanneer ons van ons sondes vrygemaak word. So, net soos wanneer ons bad ons onsself skoon was van alle aardse vuilheid, beteken die bad van die doop dat die HERE ons skoon was met Sy bloed van al ons sondes. Ons sukkel om te glo wat die Woord vir ons leer, omdat die ander gedeelte nooit deur die Heidelbergse Kategismus beantwoord word nie, naamlik wedergeboorte. Dit vind ook plaas na die fisiese doop. Dit is die tyd wanneer God ons gees wederbaar met Sy Gees. Net so min as wat ‘n baba kan besef dat hy vuil is na liggaam, net so min kan ‘n baba besef dat sy gees gewederbaar moet word. Die gedeelte uit Johannes 3 vers 5 leer ons dat doop en wedergeboorte hand aan hand gaan: *5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou,* ***as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie.***Net nadat Israel deur die see is, het hulle by Mara gekom en was die water brak. Moses het ‘n stomp (Jesus se kruis) daarin gegooi en die water he soet geword. Dan volg die gedeelte waar Moses die sewentig oudstes geneem het om met hulle te praat, en het hy gevra dat die HERE van die Gees wat op Moses was op die sewentig oudstes te plaas. En terwyl die Gees op hulle gerus het, het hulle geprofeteer en in tale gepraat. So dit is die geboorte van die Gees.

Wanneer ons verder kyk in die Bybel, is daar altyd gedoop waar daar baie water was. Verder is die woord wat in deur die oorspronklike taal gebruik word, Baptismo. Dit beteken letterlik om in die water of sous neergelê te word en eers uitgehaal word wanneer jy die smaak en geur van die sous aangeneem het. Dit maak nogal sin dat ons Jesus se geur en smaak moet aanneem, voordat ons kan uitkom.

Nou die dag het ek ook iets anders uitgevind. Ek was besig om te kyk na hoe die tabernakel en die tempel uitgelê was, en het toe agtergekom dat daar ‘n spesifieke volgorde was wat in die tabernakel en tempel gevolg moes word. Wanneer die persoon ‘n offerdier geslag het, moes hy daarna eers na die waskom gaan om hom skoon te was. In die tempel moes die persone deur ‘n ‘mitsva’ bad gaan voordat hy in die tempel kon kom. Is dit nie snaaks dat ons eers by die Lam,

Jesus moet uitkom, en dan skoon gewas word nie. Ek dink die volgorde vir doop het die HERE eeue terug al vir ons gegee, maar ons wil dit nie raak sien nie.

Weet u hoekom daar nie meer wonders in die kerk gedoen word nie. Want ons volg nie die Bybel se voorskrifte nie. Let op wat Markus vir ons leer in hoofstuk 16 vers 16: *Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. 17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, 18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.* As ons die volgorde volg wat hier vir ons gegee word en deur Hebreërs 6 vers 1 en 2 bevestig word, sal hierdie tekens volg. Glo my. Wat het u om te verloor? Net u eie lewe. Maar in ruil kry u God se natuur. Verloën ek nie dalk my baba besprinkeling nie. Nee, onthou Paulus het ook mense weer gedoop. Glo my, u sal nooit weer dieselfde wees nie. Maar, moenie u laat doop omdat ek so sê nie. Gaan bestudeer die Woord van God, laat toe dat Hy met u praat, dat Hy u oortuig. Ek kan net vir u bid dat die vyand hierdie houvas sal laat gaan, sodat u ook in God se volheid kan in beweeg.

Moses 2 vers 5:Wat is Jesus se Geregtigheid?

Ons wonder baie keer waarom ons as Christene so ‘n klein verskil in die wêreld maak. Ons sien dat ander godsdienstige groepe so getrou hulle tyd met hulle god afstaan, maar tog is dit vir ons as Christene moeilik om dit ook so te doen. Dan kry ons nog opmerkings ook wanneer ons bely dat ons Christene is, dat ons dweep, of dat ‘n persoon eerder met ‘n nie-Christen besigheid doen as met ‘n Christen omdat die Christene waarmee hy besigheid gedoen het al, hom in die rug gesteek het, of weggeloop het met alles wat hulle gekoop het of wat ook al.

Wat beteken dit dus om ‘n Christen te wees?

Die definisie wat ek daaraan wil gee is as volg:

Die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons ‘n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang.

Wat en waar kom die woord geregtigheid vandaan?

Mat 6 : 33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Ons is baie geneig om klem te lê op om eers die koninkryk van God te soek, maar ons kyk baie maal die tweede gedeelte, die geregtigheid van God mis.

Kom ons kyk na die volgende skrifgedeelte. Matt 5 : 17 — 48

“17 ¶ Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. 18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. 19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. 20 ***Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*** *21 ¶ Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie doodslaan nie, maar elkeen wat doodslaan, moet verantwoording doen voor die gereg. 22 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir sy broeder sonder rede kwaad is, verantwoording moet doen voor die gereg; en elkeen wat vir sy broeder sê: Raka! Moet verantwoording doen voor die Groot Raad; en elkeen wat sê: Jou dwaas! Moet*

verantwoording doen in die helse vuur. 23 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, 24 laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe. 25 Wees gou goedgesind teenoor jou teëparty so lank as jy nog saam met hom op die pad is, sodat die teëparty jou nie miskien oorgee aan die regter en die regter jou oorgee aan die geregsdienaar en jy in die gevangenis gewerp word nie. 26 Voorwaar Ek sê vir jou, jy sal daar sekerlik nie uitkom voordat jy die laaste oortjie betaal het nie. 27 ¶ Julle het gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie egbreek nie. 28 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het. 29 As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. 30 En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. 31 Daar is ook gesê: Elkeen wat van sy vrou skei, moet haar 'n skeibrief gee. 32 Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat van sy vrou skei, behalwe omrede van hoerery, maak dat sy egbreuk pleeg, en elkeen wat die geskeie vrou trou, pleeg egbreuk. 33 ¶ Verder het julle gehoor dat aan die mense van die ou tyd gesê is: Jy mag nie vals sweer nie, maar jy moet jou ede aan die HERE hou. 34 Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; 35 ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; 36 ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. 37 Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose. 38 ¶ Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. 39 Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. 40 En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. 41 En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. 42 Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. 43 ¶ Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. 44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; 45 sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. 46 Want as julle liefhet die wat vir julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? 47 En as julle net jul broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? 48 Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."

Die laaste vers is regtig moeilik om te verstaan as ons na die voorafgaande verse kyk. Ons moet onthou dat Jesus hier met die Fariseërs en Sadduseërs en Skrifgeleerdes gepraat het. Ons moet ook verder onthou dat hulle het nie net die tien gebooie gehad nie, maar elke wet is verder afgebreek in nog wette. So het hulle byvoorbeeld oor die dertig wette gehad wat bepaal het wat 'n persoon op die Sabbat mag doen. Jesus het hier vir hulle probeer wys dat wat hulle ook al probeer doen om die ewige lewe te verkry, nie deur wetsonderhouding verkry kan word nie. Tog roep Hy hulle op om volmaak te wees. Hoe word ons dus volmaak soos ons Vader in die Hemel? Mat 5:*20 "Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."*

Wat doen ons vandag wanneer iemand tot bekering kom? Hoe maak ons dissipels van mense?

My ondervinding is dat die persoon kom uit na ‘n oproep deur die pastoor of soortgelyke persoon, en doen ‘n gebed om Jesus aan te neem. Daarna word hy geleer ‘n Christen doen nie die volgende nie: Rook, drink, steel, vloek, en nog baie ander moenies. Die persoon moet hard werk, bid, Bybel lees, dienste bywoon, sy tiende gee, en oor die algemeen net goed wees. Die persoon trou, kry ‘n goeie geleerdheid, ‘n goeie werk, dien die HERE deur Sondagskool, tiener kerk, helper of by wat ook al betrokke te raak. Die persoon maak sy kinders groot, tree af, en gaan dood.

Nou mag julle dalk vra maar wat is fout daarmee. Baie. Handelinge 1 vers 8 leer ons dat ons Krag sal ontvang wanneer die Heilige Gees oor ons kom. Waar is dié Krag? Jou lewe is leeg sonder Krag. Kom ons kyk ‘n bietjie na ons eie lewe. Sukkel ons nog met sondes soos trots, skinder, jaloesie, eie geregtigheid, en onverdraagsaamheid wat ons nie los van kan kom nie. Hoe probeer ek die probleem oplos? Lees meer Bybel. Bid meer. Lees boeke wat belowe dat ek sal ophou met die sonde. Luister bandjies. As dit nie help nie gaan ons vir berading en word ons vertel om maar te volhard in gebed en vas. Wat leer die Bybel ons. Matt 10: 38 “*En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.”*

Die Bybel sê nie dat ons dit altyd maklik gaan hê nie. Dit gaan my iets kos. Dit gaan my kos om my kruis op te neem en te sterf. Ons sien altyd net die kruis as die kruis wat Jesus op gesterf het en so vir ons sondes betaal het. Ons sien net wat Hy vir ons gedoen het vir die vervulling van die verbond, maar ons sien nie die kruis as die plek waar ek ook my lewe moet gaan neerlê en Hom volg nie. Ons sien nie die kruis as iets wat ek moet opneem om Hom te volg nie. Ons kan nie weergebore word as ons nie eers sterf nie. Dit is onmoontlik om lewendig weergebore te word. Ek moet my eie lewe, my eie geregtigheid, my eie ek, gaan neerlê by die kruis, sodat ek in ‘n nuwe lewe kan opstaan, en Jesus dan volg. Wedergeboorte vereis dood. Dan sal ons gebed nie wees HERE ek bring al my sondes na U toe. Sal u hulle asseblief vergewe, en dankie dat ek nou ‘n nuwe skepsel is", maar sal my gebed wees HERE Jesus ek kan myself nie red nie, ek vertrou U daarvoor. Daaroor lê ek nou my lewe voor U neer, en ontvang ek U gawe. Dankie dat U my red". Dit is ook die eerste stap van geloof, omdat ek nou die HERE vertrou om my te red. Voordat ek gesterf het, is dit wat ek gedoen het godsdiens, nou is dit ‘n lewe neergelê tot eer en verheerliking van Hom, ons HERE Jesus.

Hoe weet ek of ek regtig gesterf het? Kom ons kyk gou na ‘n paar aspekte wat ons graag wil of nie wil hoor nie. Die godsdienstige persoon wil graag saam heers, maar wil nie suffer nie. Hy wil hemel toe gaan, maar hy wil nog steeds doen net wat Hy wil. Hy wil hê die HERE moet hom seën, maar hy wil niks opgee nie. Hy sal kilometers ver ry om boodskappe van krag, voorspoed (blessings), ewige lewe, geestelike gawes en wat ook al na te luister, maar hy hou nie van boodskappe van self aflegging, onderwerping, oorgee en heiligmaking nie. Hoekom? Want ek wil nie sterf nie. Ek wil in beheer bly van my lewe.

Die geredde persoon sê, "Nie ek nie, maar Christus". Hoekom? Kom ons kyk na Lukas se weergawe van dieselfde gebeurtenis. Lukas 9: 23 "*As iemand agter My wil aankom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem, en My volg."* So, ek moet myself elke dag verloën. Ek moet elke dag sterf. As ek nie sterf nie, kan ek nie ewig lewe nie. Wanneer ek ewig lewe, het die dood geen mag oor my nie. Wanneer ek iemand vra hoe sy verhouding met die HERE is, stel ek nie belang in wat die HERE 20 of 10 of 5 jaar of selfs 1 maand gelede gedoen het in jou lewe nie, maar wat was Sy invloed vandag in jou lewe. Was dit deur ‘n nuwe openbaring van Sy

Woord, of die verhoring van ‘n gebed vandag, of dalk het Hy jou net bederf deur iemand wat jy mis oor jou pad te bring.

Ek het vroeër gesê dat ek moet sterf. Maar waarvan moet ek sterf? Die mens bestaan uit ‘n gees, ‘n liggaam en ‘n siel. Die mens se siel, m.a.w. jou emosies, wil, en denke is gewoond daaraan om sekere dinge te doen, en aanvaar sekere gewoontes as normaal. Jou gees daarenteen, is min ontwikkel in wie of wat God is. So wanneer ons ons menslike natuur verruil vir ‘n Goddelike natuur, moet ons wêreldse gewoontes plek maak vir gewoontes wat God verheerlik. Dit beteken dus dat ek God moet koning maak in elke aspek van my lewe. Ek moet dus God se wette in my hart ontvang.

Ek moet verstaan wat dit beteken dat Hy my Middelaar is, m.a.w. Hy staan tussen my en God sodat God Hom sien en my kan kwytskeld. So is daar baie aspekte wat Hy homself wil openbaar aan ons, en waar ons Hom moet koning van maak, soos ons geneesheer, advokaat, regter, ons verlosser. Elke nuwe area waar ek Hom in ontdek, bou my geloof. Die Bybel leer ons ook dat dit onmoontlik is om God te behaag sonder geloof. So, ek moet elke aspek van my lewe gaan neerlê by die kruis, sodat ek in die plek daarvan Christus kan ontvang om die gewoonte of aspek van my lewe oor te neem.

Nou mag u dalk vra waaroor gaan alles. Aan die begin van die artikel het ek gekwoteer uit Matt. 5 48. *Wees dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is"*. Hoe kry ek dit reg? Jesus het klaar die pad gewys met die nuwe verbond. Kom ons kyk gou na die geskiedenis.

Die eerste verbond was tussen Abraham en God. God het vir Abraham belowe dat hy die vader van menigte van nasies, so alle gelowiges sal wees. Die teken van die verbond was die besnyding. Die verbond is weer deur die HERE bevestig met Moses voor die uittog uit Egipte. Maar wat is die nuwe verbond? Ons hoor so baie van die nuwe verbond, maar verstaan ons wat dit beteken, of verstaan ons wat gebeur het? Wanneer ons die Bybel en ander geskrifte van dieselfde tyd bestudeer en ondersoek, vind ons dat daar verskeie kledingstukke en bewysstukke omgeruil was wat tekens van die verbond was. Kom ons kyk wat het Jesus vir ons nagelaat het, om onsself mee te klee:

Sy kleed het Hy vir ons gegee sodat ons Sy natuur en karakter kan ontvang.

Sy lyfband bied ons Sy krag en Sy Sterkte

Die vermenging van die bloed beteken vir ons dat ons reiniging van sondes ontvang.

Ons vind nou ook dat ons naam verander, en daardeur ontvang ons Sy reputasie en outoriteit, terwyl Hy ons Sy litteken aanbied aan die kruis as 'n permanente verbintenis.

Hy verruil ook ons besittings, en so ontvang ons die ewige lewe.

By die nagmaal eet ons as deelgenote saam die verbondsmaal.

Die laaste teken van die verbond, die gedenk paal, is die bloedbevlekte kruis op Golgota. Want as Hy nie gesterf het nie, sou ons nie die ewige lewe kon ontvang nie.

Maar wat is die verbond wat die Bybel van praat wat die HERE met Abraham aangegaan het?

Kom ons kyk na ‘n opsomming van die verbond. Die eerste punt wat ek wil aanhaal is wat die voordele en nadele van ‘n verbond is. ‘n Verbond het altyd twee kante, die een kant leer ons wat sal gebeur indien ons by die verbond hou, en dan die anderkant wat sal gebeur indien ons dit nie doen nie. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van Deuteronomium 30 vanaf vers 15: *“Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou.* ***Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ‘n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”*** (Deu 30:15-20)

Die laaste gedeelte is vir my ontsettend belangrik. Ek moet kies om my kant van die verbond te hou, dan sal die HERE Sy kant hou. Die vermoë om te kies is al aan ons gegee in Genesis 3:22 ***“Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken.”*** Indien jou Bybel nie so sê nie, is dit omdat die vertalers dit verander het in die nuwe vertaling om by hulle dogma in te pas. Die mens het as deel van die sondeval die vermoë gekry om te weet wat is goed en wat is kwaad. So my hele lewe gaan dus oor keuses, keuses wat of goeie gevolge gaan hê, of wat kwade gevolge gaan hê.

Nou, met die tweede punt wil ek graag kyk wat die stappe van ‘n verbond is. Dit word volledig vir ons beskryf met die uittog van Israel uit Egipte, na die land Kanaän. Dit is immers wat die HERE vir Abraham beloof het waar sy nageslag hulle sal vestig. Dit is dan ook my rigtingwyser vir vandag, aangesien ek ook in Kanaän wil uitkom. Die enigste verskil is Israel het die fisiese tog gemaak, terwyl ons vandag die geestelike tog kan meemaak om by ons Kanaän uit te kom. Dit is die plek wat die HERE vir my bestem het. Ek sal eers beskryf wat Israel moes doen, en dan volg wat dit vir ons as Nuwe Verbondsgenote moet doen en wat dit beteken.

Besnydenis

Verbond voor Christus: **Besnydenis van die voorhuid. Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk.** “Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat ‘n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou. **En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees.** Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. **Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef”**. (Exo 12:43-49)

Verbond met Christus as Lam: **Besnydenis van die hart**. Alle mense word in Egipte gebore, ‘n

lewe sonder die HERE, ‘n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek ‘n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos ‘n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18*: “Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie”*. Jer 31:33: *“Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE:* ***Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees****”*.

Kolossense 2:9 *"Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; 10 en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; 11* ***in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus****, 12 omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het"*.

Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenes na die vlees: *“Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die* ***besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof****. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.” (Rom 3:29-31) maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is,* ***en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.”*** (Rom 2:29)

Brood

Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was ‘n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie.

Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy was ook God. *“Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het.* ***As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid.*** *En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.”(*Joh 6:49-51)

Lam slag

Verbond voor Christus: Hulle moes ‘n lam slag en eet. *“Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen ‘n lam neem volgens die families, ‘n lam vir ‘n huisgesin. Maar as ‘n huisgesin te klein is vir ‘n lam, dan moet hy en sy*

buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoond is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. ***Julle moet 'n lam hê sonder gebrek,*** *'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand."* (Exo 12:3-6)

Verbond met Christus as Lam: *"En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge* ***staan daar 'n Lam asof Hy geslag is****, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met siters en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop* ***uit elke stam en taal en volk en nasie****, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers"*. (Open 5:6-10)

Bloed van die Lam

Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. Exo 12:12-13: *"Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is:* ***as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan****. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie."*

Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. *"Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.* ***Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.****"* (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en verkry ek die ewige lewe.

Waar was die wet?

Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder*: "En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het."* (Deu 6:22-25) So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.

Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: *"Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: *"Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* (Heb 8:10)

Op wie was dit van toepassing?

Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. Eks 12:49 *"Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef. Eks 12:38 En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee."* So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het. *"Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies".*

Verbond met Christus as Lam: **Daar is geen verandering nie.** Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: Jer 33:16 *"In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon;* ***en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID.****"* Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : *"****Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan****, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."* Heb 4:16.

Paulus beskryf Jesus se geregtigheid as volg*: "Want omdat hulle die geregtigheid van God nie ken nie en hulle eie geregtigheid probeer oprig, het hulle hul aan die geregtigheid van God nie onderwerp nie.* ***Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo.*** *Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding."* (Rom 10:3-10)

Hoe word ek deel van die verbond? Sodra ek die Nagmaal gebruik. Daarna moet ek uit Egipte trek deur gedoop te word wat die opstanding van die nuwe mens aandui. Want ek moet kies of ek deel wil word van die verbond. Nie my ouers, kerk of iemand kan vir my besluit nie. Ek moet my lewe gaan neerlê by die kruis. *Johannes 3 vers 5 "Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.* Romeine 6 leer ons wat die doop beteken. *1 ¶ Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? 2 Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons*

nog daarin lewe? 3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? 4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. 5 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; 6 aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. 7 Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. 8 As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, 9 omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. 10 Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God. 11 So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse HERE. 12 Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. 13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. 14 Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. 15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! 16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? 17 Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, 18 en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid. 19 Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking. 20 Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. 21 Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. 22 Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. 23 Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse HERE."

As ons besef dat ons deel het aan Sy verbond met ons, sal ons ook die Krag weerspieël wat ons as Christene kortkom, en doen wat Hy gebied. Die Krag kom van Hom en word ons s'n as deel van die verbond. Die Krag is dieselfde Krag as wat Jesus noem in Matteus 28 vers 18 dat alle mag aan Hom gegee is in hemel en op aarde. Dit is ook dieselfde Krag wat Jesus uit die dood opgerig het. Dit beteken dat dieselfde Krag en Mag wat Jesus besit aan ons bemaak is in die verbond.

Ek wil graag ook ‘n voorbeeld gebruik om die term net verder te illustreer. Ek en Hettie het onlangs gery en sy het ons paspoorte uitgehaal wat in haar handsak was. Sy het die datums afgelees wanneer elkeen se paspoort verval, en skielik het ‘n heel ander aspek vir my oopgegaan.

Ek besit ‘n Suid Afrikaanse paspoort, soos ook al my kinders en ook Hettie, my vrou. Dit maak my geregtig daarop dat ek enige plek in die wêreld daarop aanspraak kan maak dat ek ‘n burger van Suid Afrika is, en sodoende geregtig is op sekere regte. Die proses om ‘n paspoort te kry

vroeër jare, het voorsiening gemaak daarvoor dat die regering van die dag mag ondersoek instel of ek die land kan verteenwoordig. So was persone wat in die gevangenis was as gevolg van wetsoortreding nie toegelaat om ‘n paspoort te besit nie. Hulle het die wette van die land oortree, en is daarom nie geskik om die land te verteenwoordig nie. Net so is dit met verteenwoordiging van die koninkryk van die HERE. Ek moet aansoek doen om Sy koninkryk te verteenwoordig. Net die HERE kan my aanstel. Daarna moet ek so optree dat ek ‘n waardige verteenwoordiger van Sy koninkryk is. Indien ek ‘n paspoort ontvang, ontvang ek ook die geregtigheid om die land te verteenwoordig. Ek is dus geregtig om dit te doen. So gaan dit ook met my as Christen. Indien ek toegetree het tot die verbond van die HERE wat die toegang bepaal om as kind van God gereken te word, is ek geregtig om Sy koninkryk te verteenwoordig. Sonder ‘n paspoort kan ek niks doen nie. Ek moet dus weet dat dit ‘n voorreg is om God se koninkryk te verteenwoordig, maar dat indien ek enige van Sy bepalings oortree, Hy die reg het om my paspoort in te kort. En dit gewoonlik sonder enige kennisgewing. Is dit hoe ons altyd optree?

Jeremia het dit ook al in sy tyd verklaar dat Jesus ons geregtigheid sal wees. Jer 23:60 *" In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID. Jer 33:16 In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."*

Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus. Vader ek kom lê my lewe neer voor u en bevestig weer dat slegs U my kan red. HERE vergewe my my oortredinge en tekorte, want ek het dit gedoen voordat ek U ontmoet het. Nou lê ek nou my vorige lewe neer. Daarom ontvang ek U nuwe lewe. HERE, was my wit soos wol, en skenk my U Krag wat U in U Woord my belowe. HERE ek beklee my ook met U geregtigheid, wat U vir my bewerk het deur U seun Jesus Christus. Vader ek weet dat ek net geregtig is om kind van God genoem te word na aanleiding van wat U gedoen het om U en my weer te versoen. Maar ek weet ook dat u deur die offer van Jesus my die geleentheid gee om geregtig te wees om U kind genoem te word. Dankie HERE dat ek weet dat ek nou U geregtigheid besit, en weet dat ek U koninkryk mag verteenwoordig op aarde. HERE ek verklaar ook dat indien ek U verordeninge oortree, ek daarmee ook die reg verloor om U koninkryk te verteenwoordig. Dankie dat u my red. Amen.

Moses 2 vers 6: Hoe verkry ek die Krag van God?

Psalm 34:18 (34:19) *"Kof. **Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom**."*

Psalm 51:17 ***"Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!"***

Die basiese behoefte van 'n dissipel van Jesus Christus is nie meer krag nie, maar meer gebrokenheid. Die meerderheid Christene vandag is nie veel anders as die oorspronklike twaalf dissipels van Jesus nie. Ons sien dat die twaalf stry oor wie die grootste is, wie aan sy regter of linkerkant gaan sit, 'n versoek dat Hy vuur uit die hemel sal laat afkom om Sy teenstanders mee te verdelg. Dan weier hulle om mekaar se voete te was, protesteer dat dit nie nodig is vir Jesus om deur die kruisdood te gaan, en gebruik selfs 'n swaard om Hom te verdedig.

Mag ons sien dat die dissipels nie met Krag van bo beklee was nie voordat hulle saam in een plek, in volle eenheid van gedagtes en denke gewees het na die kruisiging en opstanding van die HERE Jesus Christus. Dit is waar dat hulle 'n sekere mate van Krag besit het tydens Jesus se bediening op aarde, maar ons sien ook hoe dit hulle hoogmoedig gemaak het. Jesus het hulle uitgestuur en mag oor demone gegee, en op hulle terugkeer was hulle woorde skielik dat hulle verklaar dat selfs die demone na hulle luister in Jesus se naam. Selfs hierdie klein gebeurtenis maak dat hulle hulle self verhoog en prys. Ons vind dat hulle ander persone aanspreek oor hulle demone in Jesus se naam uitdryf, want die persone was nie een van hulle nie. Jesus moet hulle toe eers vertel dat hulle dit nie moet doen nie, want die wat nie teen ons is nie, is vir ons. Hier sien ons hoe vinnig hoogmoed posgevat het.

Dink net wat 'n tragedie dit sou wees om die Heilige Gees in Sy volheid op die dissipels uit te stort in so 'n toestand. Hulle was totaal onbevoeg en onvoorbereid om die Krag te ontvang. Nie omdat hulle onsensitief was nie. Onthou hulle het alles agtergelaat en Jesus gevolg. Nie teenstande dié feit, was hulle nog nie gebroke nie. Dit beteken dat hulle vir Jesus gevolg het en van die bonatuurlike krag geproe het, maar hulle het nog nie hulle kruis opgeneem nie. Oor en oor het Christus hulle aangesê om hulle kruis op te neem, maar hulle het nie verstaan wat dit Hy bedoel het nie. Hulle het selfs probeer om Hom te keer om Sy kruis op te neem. Hulle kon nog nie met soveel Krag toevertrou word nie, want hulle was nog nie dood genoeg aan hulself nie. Die geringste oorwinning wat hulle behaal het, het aanleiding gegee tot self verheerliking en argumente oor wie die grootste onder hulle is. Daarom is hulle aangesê om in Jerusalem te gaan wag totdat hulle met Krag van bo toegerus is. As trotsaards het hulle gedurig gestry, maar as gebroke persone was hulle uiteindelik in eenstemmigheid en eensgesindheid. Toe het die Heilige Gees gekom, en saam met dit, die volmaakte Krag.

Die oproep vandag is tot Kerk eenheid, nie net in Suid Afrika nie, maar reg oor die wêreld.

Eenheid word nie verkry deur persone op te roep tot eenheid nie. Eenheid word verkry wanneer ons ons Kruis opneem en sterf aan ons eie opinies en ons kleinlike argumente los, en daarmee saam ook ons vooropgestelde idees. Dan en alleen dan, kan ons eensgesind wees. 'n Gebroke gees, is 'n vrede makende gees, en is bereid om saam met ander te stem. Kontensieuse, ongebroke, hardkoppige persone kan nooit eensgesind wees nie. Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

Meer van die HERE, of minder van myself.

Soos die HERE ons terug roep na die kruis om Sy dissipels te word, wil Hy ons eers laat neerbuig voordat Hy ons verhoog en bekragtig. Die is nie 'n kwessie van hoeveel Lewe ons het nie want dit word nie gemeet in hoeveelhede nie. Dit is of daar of nie daar nie. Die Lewe in die HERE is 'n ryk lewe, en dit vul die gelowige met alle volheid van God. Ons kan van 'n persoon sê dat hulle die HERE in 'n kragtige manier ken, of dat hulle vol van die Lewe is of dat hulle 'n groot salwing het. Natuurlik het ons almal nie dieselfde bedienings en gawes nie, want die Gees deel uit sonder inagneming van die persoon. Maar ons moet nie die spreekwyse gebruik dat iemand meer van die HERE het as iemand anders nie. Volgens Efesiërs 1 vers 3 *"Geseënd is die God en Vader van onse HERE Jesus Christus wat ons geseën het met **alle** geestelike seëninge in die hemele in Christus," en Kollosense 2 vers 9 en 10 "Want in Hom woon **al die volheid van die Godheid** liggaamlik; en julle het **die volheid in Hom** wat die Hoof is van alle owerheid en mag" en Romeine 8 vers 32 "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook **alles genadiglik skenk** nie?"* Ons is gesalf met elke geestelike seëning, gevul met die goedheid van Christus, en het alles vrylik van Hom ontvang. So nie een gelowige het 'n groter gawe ontvang of het meer Krag as die ander nie.

Kom ons kyk wat ons dus geestelik kortkom. Vertel my hoeveel is alles. Ek het gehoor van 'n persoon wat 'n studie gaan doen het oor die word alles. Ek het nie sy resultate geglo nie en het self ook 'n studie gaan maak. Alles beteken alles, niks is uitgesluit nie. Hoe vol is vol? Hoe volledig is volledig? As daar dus iets in ons lewe kortkom is die fout nie by die HERE nie, maar by ons. Ons kan ook nie sê dat ons minderwaardig is teenoor die meer kragtige Christene nie. Die vraag is dus nie oor hoe om meer van die HERE te kry, maar hoe om die Krag wat in ons is, vry te stel. Maar hoe stel ons dit vry? Deur ons vlees af te breek, om meer van die HERE te laat uitsteek en minder van ons. Met ander woorde, ons moet afgebreek word.

Christene vandag word aangemoedig om meer krag, groter salwing, en meer gawes te soek. Ek was teenwoordig en het self deelgeneem en persone aangepor om meer van die HERE te soek. Hoeveel keer het ek saam gesing "More love, more power, more of You in my life". Die Kerk is so honger om die teenwoordigheid van die HERE te ervaar dat honderde en duisende vorentoe stroom om meer van die HERE te ontvang. Hulle kom om 'n nuwe uitstorting van krag of salwing te ervaar. Ek het saam met almal, en was verskeie kere die voorbok in die soeke na meer Krag sodat ek my sondes kon oorwin, om vir die HERE te werk, en 'n kragtige bediening wat duisende aanraak te hê. Maar daar het 'n dag in my lewe gekom toe ek vir die eerste maal Christus in my en ek in Christus ervaar het. Kan ek sê dat dit was soos van een vertrek na 'n ander te stap en die deur agter my toe te maak. Van daardie dag af het ek geweet dat ek volledig in Christus was, gevul met alles wat God vir my bestem het, alles wat Hy is. Van daardie dag af het ek die probleem nie meer gesien as om meer van die HERE te ontvang nie, maar om Hom toe te laat om af te breek wat my verhoed om Hom te volg. Toe kon ek Hom toelaat om af te breek alle

eiewysheid, trots, liggaamlike liste, en my verdeelde hart. Ek het nodig om minder te word en Hy meer. Soos ek dan minder word, kry Hy meer gestalte in my lewe. Wanneer ek dus 'n klein bietjie minder van myself word, word sy gestalte in proporsie groter. Met minder van myself, moet daar dus meer van Hom wees.

Die najaag van krag.

Ek wil dit weer stel. Die meeste Christene soek ernstig, soms selfs gulsig (in eie hebsug) na die Krag van God, Sy Salwing, maar hulle weerstaan enige een wat vra dat hulle minder van hulself, meer ootmoed, of dergelike dinge vra. Hulle verwag die Krag, sonder die nederigheid. Anders gestel, hulle almal soek die sonskyn, die singende voëls, die ligte bries, maar hulle vervloek die donker nag wanneer die wolwe huil en dit reën. Wanneer God soos verwag optree is alles reg, maar wanneer Hy nie so optree nie, dan word die nag donker, en die siel onstuimig en gaan ons in depressie.

Dan is daar nog die kwessie van baie "gees vervulde Christene" wat baie geestelik voorkom by die dienste, maar nie hulle tong kan beheer of hulle kritiese gees in bedwang kan hou nie. Hulle krag laat hulle net toe om voor ander Christene geestelik op te tree en aanvaarbaar voor hulle te wees. Maar onthou een ding, enige Krag wat so ‘n persoon ontvang sonder om homself te verneder gaan sy lewe verwoes. Ons moet nooit die Krag van Pinkster soek sonder om eers by die kruis uit te kom nie. Die Kruis is Krag verbloem as Nederigheid. Daar is ‘n spreekwoord wat sê: Absolute krag verwoes absoluut. Dieselfde geld vir krag wat nie van die kruis afkom nie. Dit is waarom Christus ons en die dissipels eers moes vat na Golgota, voor die dag in die bo vertrek met Pinkster. Ons kan nie waag om eers by Pinkster uit te kom voordat ons by die Kruis was nie.

Nieteenstaande hierdie geestelike waarheid, kan ons oplet hoe min aandag gegee word aan gebrokenheid deur die wat graag oor die Krag van God praat. Ons moet op ons hoede wees as iemand praat van die Krag van God sonder om eers te praat van die noodsaaklikheid van gebrokenheid. Krag so ontvang, sal vinnig die gees besmet, en hoogmoed sal intree. Gebrokenheid, nederigheid, geringheid, lyding, smart, kruis opneem - hierdie taal blyk nie te bestaan in soekers na krag nie. Hoe tragies is dit nie.

Die seisoene van die Gees.

Verseker, die HERE in ons is vol van mag en gesag, maar nogtans sal Hy nie inbreek doen of ons oorheers nie. Daar is tye wat ons hoop dat Hy dit sal doen. Maar dit is nie Sy manier nie. Hy wil graag hê dat ons saam moet werk met Sy Gees. Wanneer ons na Hom toe gaan en ons as instrumente aanmeld om deur Hom gebruik te word, begin Hy om ons voor te berei as aanvaarbare instrumente. As ons die proses as ‘n eenmalige gebeurtenis aansien, dan onderskat ons hoe groot hierdie proses sal wees. Dit oorspan baie jare en word gekenmerk deur beide berge en dale, tuine en woestyne, sonskyn en bewolktheid, warmte en koue, soete oomblikke maar ook bitter tye. By die uitset mag ons dalk dink dat ons gelukkig, lig en sorgeloos gaan wees noudat ons van die HERE se Krag geproe het. Ons sal baljaar vir die seisoen, en dan sal die son gaan sak en nag sal intree. Alles wat ons gehad het sal dan blyk verlore te wees. Die soete oomblikke is dan verby. Alles word ‘n opoffering. Wanneer die seisoen weer verby is,

volg daar weer tye wanneer die son weer opgaan, en ons as Christene weer die geluk smaak van verlossing. Die beloftes word weer hernu, en jou gees klim weer op. Gebed en lof stort nou weer uit ons mond soos ‘n fontein van water. Alles is sonder inspanning en spontaan. Maar dan sak die son en die seisoen eindig weer. Hoekom? Die HERE leer ons om apart van ons omstandighede te lewe. Eindelik sal ons leer om bokant ons omstandighede te lewe in geloof, en nie deur sig nie.

Ek het ook al in die verlede so ‘n aanraking van die HERE gehad dat ek gedink het nooit sal ek weer in sonde kan verval nie. Ek het dan so ‘n ontmoeting met die HERE gehad dat alles nou agter my is en dat ek presies weet wat ek moet doen, wat my bediening is en dat dit onmoontlik is om die HERE teleur te stel. Hoe wanhopig het ek weer gevoel toe ek uitvind dat binne ‘n week ek weer in dieselfde sonde verval het. Heeltemal oorbluf, het ek van Sondag na Sondag gelewe net om weer versterk te word deur ‘n gebed, of ‘n woord van bemoediging, of ‘n preek. Weereens het ek gevoel ek is in die troonkamer van die Allerhoogste, net om weer later te besef ek het maar weer gefaal.

Miskien is dit ook u ondervinding. Ons moet vroeër of later leer dat dissipelskap is ‘n proses van afbreek en opbou. Ons kan nie verwag dat ‘n enkele bergtop ondervinding met die HERE al die werk gedoen het nie, en dat die werk van die Kruis volbring is in my nie. Wanneer ons in die Nuwe Jerusalem voor Jesus sal staan, dan kan ons ons kruis neerlê. Dan is die werk van die Kruis volbring. Tot dan, moet ek elke dag my kruis opneem, en Hom volg.

So as daar blyk ‘n verkil te wees in die "vlak" van salwing of krag of geestelikheid tussen gelowiges, is dit verseker nie omdat iemand meer van die HERE het as iemand anders nie. Laat dit vir ons ‘n aanmoediging wees. Inderdaad, Christus is nie verdeeld nie, ons deel almal in Sy goedheid. Ons is almal in dieselfde Gees in gedoop. Die verskil is net dat sekere gelowiges meer gebroke is as ander. Party het deur meer seisoene van die HERE gegaan waar daar afgebreek en opgebou is. Party mense weier net om hulle lewens neer te lê. Ander het God se planne raak gesien, en hulle daaraan onderwerp. Die wat genoeg van hulleself afgebreek het en min van hulself manifesteer, manifesteer meer van Christus. God moet lank en hard met ons werk om ons by ‘n plek te kry waar ons meer en meer van Hom manifesteer, maar daar kom ‘n glorieryke dag wanneer ons eindelik ons lewe neerlê en ons totaal aan Hom onderwerp. Wat ‘n vreugde is dit nie om in ons lewe terug te kyk en te sien hoe Hy ons gelei het in beide goeie en slegte tye, om Sy goedheid in Sy handeling met ons te sien nie.

Vier voorbeelde van gebrokenheid.

Eerste voorbeeld: Die brood van die Lewe.

Die Kruis verteenwoordig die beginsel van gebrokenheid in die lewe van die dissipel van ons HERE Jesus. Kom ons kyk na ‘n paar skrifgedeeltes oor gebrokenheid. Die nag wat Jesus veraai is, word ons vertel *"Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis."* Lukas 22:19. Jesus het male sonder tal verwys daarna dat Hy die brood van die lewe is. Hy beveel die dissipels om van Hom te eet, en van Sy bloed te drink. Baie van die omstanders het

omgedraai en Hom nie meer gevolg hierna nie. Hoe kan ‘n man ons Sy liggaam gee om te eet? Want Hy is die Brood van die Lewe.

Die brood wat ons deesdae by nagmaal gebruik slaag nie daarin om die Brood van die Lewe te weerspieël nie. Die brood kom na ons meeste van die kere alreeds in stukkies gebreek. Die Kerk is sekerlik ook verdeeld, so miskien is dit ‘n goeie voorstelling. Die brood bring nie vir ons die volledige boodskap oor nie, dat om in die Lewe te kan deel, moet daar ‘n gebrokenheid wees. Daar is slegs een Brood, nie baie brode nie. Jesus was die Brood van die Lewe wat van die hemel af gekom het. Hoe kan ons Hom ontvang? Hy moet vir ons gebreek word. *Nadat Hy die brood gebreek het, vertel Hy ons "Dit is My liggaam".* Jesus is die een Brood wat gebreek moet word. Dit is ook ons voorbeeld om gebreek te word.

Tweede voorbeeld: Koringkorrel *Johannes 12:23-25*

Kom ons kyk na woorde van Jesus kort voor Sy dood. "Maar Jesus antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe." Hoe merkwaardig is die woorde van Jesus nie hier nie. Hy begin deur te sê dat die tyd daar is dat Hy verheerlik moet word. Wanneer ons dink aan verheerliking, dink ons aan die tyd toe Hy gedoop is en die Heilige Gees op Hom gekom het, en die stem uit die hemel gekom het om te verklaar dat dit Sy geliefde Seun is. Of die keer toe Hy op die berg van verheerliking gestaan het in volle glorie voor Petrus, Johannes en Jakobus. Hoe snaaks klink dit nie dat Jesus sê dat Hy moet sterf aan die kruis as verheerliking. Dit klink teenstrydig met ons denke. Maar kom ons kyk hoe Jesus dit verklaar.

Toe Jesus hom verlaag het en na die aarde gekom het as ‘n mens, moes Hy die beperkinge van ‘n menslike liggaam aanvaar. Hy kon slegs in een plek wees op ‘n slag. Vir al die persone wat Hy genees het, was daar duisende wat siek gebly het. As ‘n mens kon Hy nie op al die plekke op dieselfde tyd wees nie. Hy was ingeperk in tyd en ruimte. Daar is ‘n geleentheid waar Hy self gefrustreerd voorkom as gevolg van hierdie beperking. Luk 12:49-50. ***Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was!*** *Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is*! Sien hoe Jesus wens om uiting te gee aan Homself. Hy is soos ‘n saad wat omhul is met ‘n uiterlike dop.

Wanneer ons na ‘n saad kyk, wat sien ons? ‘n Saad, of ‘n koringaar vol saad, of ‘n land vol koring? Jesus vertel ons hoe die koninkryk van God is in Markus 4:26-28 *"En Hy het gesê: So is die koninkryk van God, soos wanneer 'n mens die saad in die grond gooi; en hy gaan slaap en staan op, nag en dag, en die saad spruit uit en word groot--hoe, weet hy self nie. Want vanself bring die aarde vrug voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die volle koring in die aar."* Is dit nie fantasties nie. Ons hoef niks te doen nie. Ons moet net die saad in die grond plaas en dit vergeet. Want vanself bring die aarde vrug voort. God bring die vrug voort as ons net die saad wil begrawe. Wil jy vrugtevol wees. Verneder jouself. Gooi jouself in die grond in laat toe dat jy gebreek kan word sodat jy vrug kan dra.

Jesus leer ons dat indien die saad nie sterf nie dit net ‘n saad bly. Die potensiaal is daar, maar dit is al. Die saad moet die reg opgee om saad te wees, alleen dan kan dit baie vrug voortbring. Sien, die dop moet gebreek word. Dit gaan nie oor die vermoë om lewe voort te bring nie, maar oor die gebrokenheid van die saad wat die lewe inhou. So, ons het nie meer krag nodig nie, maar meer gebrokenheid. Wanneer ons voldoende afgebreek is, sal ons vind dat die inwonende Christus meer as genoeg is.

Derde voorbeeld: Die albaste fles

En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, terwyl Hy aan tafel was, kom daar 'n vrou met 'n albaste fles met egte, baie kosbare nardussalf; en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit. Die salf hier verteenwoordig Salwing of Lewe. Dit was baie kosbaar, maar dit was gestoor in ‘n albaste fles. Albaster is ‘n tipe klip wat gebruik is om flesse van te maak. Om die binneste vry te stel, moes die uitwendige gebreek word. Hoeveel van ons hou meer van die fles as van die salf. Kom ons kyk verby die "flesse" en instrumente van God na die salf wat ongehinderd en vryelik voort stroom. Die lewe is in die houer, maar die houer moet gebreek word. Indien ons houers van hierdie salwing wil wees, laat ons die HERE vra om ons te breek sodat ons hierdie verborge geur en salf kan voortbring.

Voorbeeld Vier: Die voorhangsel van die Tempel

Markus 15:38 *"En die voorhangsel van die tempel het in twee geskeur van bo tot onder."* Die voorhangsel was ‘n dik gordyn wat die allerheiligste van die res van die tempel geskei het. Dit is waar die teenwoordigheid van God was. Niemand behalwe die hoëpriester, en dan slegs een maal per jaar, kon daar ingaan en bly lewe nie. Selfs wanneer die hoëpriester daar ingegaan het, was daar ‘n tou om sy enkel vasgemaak sodat indien hy sou sterf, hulle hom daaraan kon uittrek.

Toe Jesus sterf, het hierdie voorhangsel van bo na onder in twee geskeur. Hoekom van bo na onder? Sodat die mense nie kon sê dat die dissipels of iemand dit gedoen het nie, maar dat God dit gedoen het. Wat beteken dit? Dat ons nou na die dood van Christus vrylik na die genadetroon van God kan gaan, sonder dat iemand anders dit vir ons moet doen. Ons het dus nou vrye toegang na God. Dit beteken ook vir ons dat ons vlees in twee geskeur moet word om vrye toegang na God te verkry. Hoeveel keer ontmoet ons ‘n broer of suster en ons weet hoe kosbaar hulle is. Maar ons weet dat daar iets is wat hierdie kosbaarheid blokkeer. Daardie iets is die voorhangsel van hulle vlees wat nog gekruisig moet word. Ons kan net die Vader vra om daardie vlees te breek sodat die lewe kan voortvloei.

Wat volbring hierdie gebrokenheid? Net die kruis kan dit doen.

Ons het nou vier voorbeelde voor ons uit die Skrif oor wat dit beteken om gebroke te wees, asook waarom dit nodig is. Die brood, die koringkorrel, die albaster fles en die voorhangsel van die tempel. Daar is nog ‘n ander aspek wat sentraal aan al vier dele gekoppel is. In elke deel word na Jesus se kruisiging en opstanding verwys. Die beginsel van die kruis is sentraal in elke

voorbeeld. Hierdie is nie maar net toevallig nie.

Die HERE roep ons aanhoudend op om ons self te kruisig, en hom te volg. Ons kan nie nog wonder wat dit beteken om ons kruis op te neem nie, of wat God hoop om met ons reg te kry nie. In hierdie voorbeelde wys Hy ons wat ons moet doen, en waarom dit noodsaaklik is. Wat sê Hy? Dat ons eers gebreek moet word voordat daar lewe kan voortvloei. Om ons lewe te red, moet ons dit opgee. Ons moet dit by die altaar gaan neerlê, ons moet onsself as ‘n lewende offer vir Hom uitgiet. Slegs dan sal ons werklik vir God lewe. Slegs dan kan ons bruikbare instrumente word waardeer Sy Krag kan vloei.

In Lukas 17:5 vra die dissipels: *"Gee ons meer geloof".* Kan u onthou hoe Jesus hulle geantwoord het. Eintlik baie snaaks. Vandag vra ons die HERE vir meer geloof, geduld, liefde, selfbeheersing salwing ens. Snaaks genoeg gaan meeste van die versoeke onbeantwoord. Ons vra nog steeds soos die dissipels vir meer. Hoe antwoord Jesus hulle. Deur vir hulle basies te sê hulle het nie nog meer geloof nodig nie. *"En die HERE sê: As julle geloof gehad het soos 'n mosterdsaad, sou julle vir hierdie moerbeiboom sê: Word ontwortel en in die see geplant--en hy sou julle gehoorsaam wees."* Hoe hou u van so ‘n antwoord?

Daar word vertel dat ‘n vrou eendag vir Watchmen Nee gevra het dat hy vir haar moes bid vir meer geduld. Sy antwoord was dat hy vir haar kon bid maar dat hy seker is dat sy gebed nie verhoor sal word nie. Die vrou het sy antwoord bevraagteken. Hy het toe vir haar gesê sy het nie meer geduld nodig nie, maar Christus.

As ons Christus het, het ons elke goeie gawe. So, alles wat ons nodig het is in Christus, en Christus in ons. Ons het nie nodig om te vra vir meer geduld, of geregtigheid of geloof nie. Christus is ons Geloof, Hy is ons Geregtigheid, Hy is ons Geduld. Ons het elke geestelike gawe, maar dit is nog vasgevang in die albaster fles, of graankorrel. Ons kan nie die fles meer lief hê as die salf nie, maar ons kan nie die salf kry sonder om die fles te breek nie.

Liefste leser, is u nog ‘n geslote fles, of ‘n gebreekte een? Is Christus nog in jou hart vasgebind, of is jou hart oop en kan Christus onverhinderd daaruit vloei? Het u al die begeerte uitgespreek om aan uself te sterf sodat u vrug mag voortbring, of is u een van die sade wat weier om te sterf? Is die HERE se glorie al in jou vrygelaat, of moet jou voorhangsel nog geskeur word?

As u wonder hoe om dit te doen, bid saam met Dawid die gebed wat hy vir ons in Psalm 51 gegee het: *"Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. Kyk, U het 'n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede.* ***Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees. Verwerp my nie van u aangesig nie en***

neem u Heilige Gees nie van my weg nie. Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur 'n gewillige gees. Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer*. Red my van bloedskuld, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. HERE, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig. Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie.* ***Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!*** *Doen goed aan Sion na u welbehae; bou die mure van Jerusalem op. Dan sal U 'n welbehae hê in die offers van geregtigheid, in brandoffer en voloffer; dan sal hulle stiere offer op u altaar"*. Amen

Moses 2 vers 7: Waarom moes Jesus sterf en op die derde dag weer opstaan?

Het u al ooit gewonder oor die onderwerp? Miskien weet u dalk presies hoekom dit moes gebeur. Iets wat vir my interessant was vanoggend toe ek die Bybel lees, is dat die dissipels altyd Jesus, en Hom as gekruisigde, maar meer nog dat Hy opgestaan het, verkondig.

Dit het my laat wonder of ons almal altyd verstaan wat dit alles vir ons as Christene beteken. Besef ons regtig wat die betekenis is? Hoekom moes dit gebeur? Wat was God se plan daarmee?

Ek wil graag begin by wat Jesus se eie woorde daaroor was. Markus 14:58 *"Ons het Hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een opbou wat nie met hande gemaak is nie."* Nou mag u dalk wonder hoekom ek juis hierdie gedeelte aanhaal, aangesien dit niks direk oor die kruisiging en opstanding noem nie. Ons weet wel almal dat dit op die dood en opstanding wys, maar nie vir ons die rede gee hoekom Jesus juis moes sterf, en hoekom Jesus weer moes opstaan nie.

'n Ander gedeelte wat ek graag wil aanhaal is as volg: Lukas 12:50 *"Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!"* Dit is nogal snaaks dat Jesus die woord doop gebruik, want ons dink mos altyd dat 'n doop net in water kan geskied. Jesus gebruik juis die woord doop, omdat Hy te kenne gee dat dit 'n proses is wat Hy moet deurgaan, maar wil Hy ook vir ons te kenne gee wat die doop vir ons beteken.

Kom ons begin by die tempel.

Die tempel soos dit bestaan het in Jesus se tyd, is deur die persone gebou wat uit Babel teruggekom het. Dit is hoekom die mense ook gewonder het hoe Jesus iets wat ses en veertig jaar geneem het om te bou, in drie dae sou afbreek en opbou. Voor dié tempel, was daar Salomo se tempel. Ons kan die geskiedenis van die tempel nagaan in 1 Konings 6, 7 en 8. Maar voor Salomo se tempel was daar net die tabernakel. Die uitleg en bepalinge vir die tabernakel het Moses die instruksies voor in die woestyn gekry het.

"Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Volgens alles wat Ek jou laat sien—die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort—so moet julle dit maak." "Exodus 25:8-9"

Wat was die hoofdoel van die tabernakel, en later die tempel? Dit was 'n plek waar die mense heen moes gaan om boete te doen vir hulle sonde. Daar moes hulle afhangende van wat die

oortreding was, hulle offers aan die Here bring. Daar was ook bepaalde voorskrifte aan verbonde, afhangende van die tipe offer. Indien dit ‘n sondoffer of skuldoffer was, het dit vergifnis teweeggebring. Die Israeliete kon ook vrywillige dankoffers en spysoffers of brandoffers bring. Al hierdie offers moes deur ‘n priester waargeneem word. Geen persoon wat nie van Levitiese afkoms was, kon offers aan die HERE bring nie. Indien jy dit self wou doen, het met jou gebeur wat met Saul gebeur het toe hy self wou offer omdat hy gedink het Samuel gaan laat wees. Vir Saul het dit beteken dat die HERE nie sy koningskap bevestig het nie. Daaroor is Dawid later deur die HERE aangewys en toe gesalf as koning.

Was daar nie iets voor die tabernakel nie? Nee. Ons lees dat die tabernakel juis ontstaan het omdat die Israeliete nie direk van die HERE wou opdragte kry nie. Toe Israel uit Egipte is, was daar ook nie ‘n ark nie, en ook geen Leviete nie. Elkeen, ons kan maar gaan lees in Genesis, kon self offer vir die HERE. Daar was geen voorskrifte aan verbonde oor waar, hoe, en wie mag offer nie. Daar was wel sekere uitsonderings soos Abraham wat aangesê is om op Horeb te gaan offer. *“En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op ‘n afstand bly staan.* ***En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie.*** *So het die volk dan op ‘n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolkedonkerheid waar God was.”* (Exo 20:18-21) Dan verklaar die HERE verder: *“Ook moet hulle vir My ‘n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Volgens alles wat Ek jou laat sien—die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort—so moet julle dit maak.”* (Exo 25:8-9)

Die belangrikste betekenis van die tabernakel is dat God die Vader werklik daar kom woon het. *“Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlikheid van die HERE het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlikheid van die HERE die tabernakel vervul het.”* (Exo 40:34-35) Vandag kom maak Hy woning in ons deur Sy Gees. *“Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda ‘n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.”* (Heb 8:8-10)

Die tabernakel is besprinkel met bloed. Die Hoëpriester kon net een keer per jaar in gaan nadat hy ook skuldbelydenis gedoen en gereinig is. Daar moes verdere bloed besprinkel en geoffer word vir die volk. Net deur gestorte bloed van offerande kon die volk deel word van die verbond en so die dood vryspring.

In die tabernakel was daar verskeie afdelings en artikels tot verheerliking van die Vader en is die tabernakel in drie dele verdeel. Die buitenste voorhof was eerste. Die artikels wat in die buitenste voorhof gevind is was die koper altaar en die koper waskom. Daarna was dit die Heiligdom waar ons die goue kandelaar, die tafel met toonbrode en die reukaltaar aantref. Die

laaste gedeelte was die allerheiligste. Hier was die verbondsark met die twee gerubs op die versoendeksel.

Eers na Abiram, Korag en Datan se opstandigheid, is die Leviete aangewys om alleen te offer. Een aspek wat ons moet onthou is dat die gebeure in Numeri en Levitikus nie altyd kronologiese volgorde opgeteken is nie, aangesien in hoofstuk 6 al opgeteken is hoe Aäron en sy seuns die priesterlike seën moet uitspreek, maar hulle word eers in hoofstuk 18 aangewys vir die diens.

U sien dat wat ons leer uit die geskiedenis van die Ou Testament, is dat die verhouding wat die HERE met die mense gehad het voor die uittog, so was dat die mense elkeen ‘n pad met die HERE geloop het. Eers met die uittog en die opstandigheid van Israel, word daar voorskrifte gegee van hoe die HERE aanbid moet word. Voor die tempel en die tabernakel, was die mense vry van voorskrifte, maar daarna nie meer nie. Dit is wat Jesus bedoel het dat Hy binne drie dae die tempel sal afbreek en ‘n nuwe tempel oprig.

U sien die ou tempel met al sy voorskrifte moes deur een offer wat Jesus gedoen het, vir altyd nietig verklaar word. Dit is hoekom Jesus geoffer moes word, om eenmaal ‘n aanvaarbare offer vir ons sondes te doen. Dus is dit vandag nie meer nodig dat ons vir iemand anders moet vra om vir ons te offer vir vergifnis van sonde nie. Nee, Jesus het dit al 2000 jaar gelede gedoen. Al wat ek moet doen is my sonde bely. Maar dit is makliker gesê as gedaan. Dit is hoekom Hy moes sterf. Jesus moes die reëls en vereistes wat in die woestyn opgestel is, volbring. Hy moes weer die verhouding van Genesis kom herstel. Na Jesus se opstanding verklaar die Bybel dat ons liggame tempels van die Heilige Gees word. So ons moet ons soos tempels gedra. So sal ons ook sien dat in die nuwe tempel van Esegiël alles nog steeds daar is soos in die tyd van Israel, behalwe vir twee voorskrifte. Ons het nie nodig om eerste vrugte na die tempel te bring nie want Jesus was ons eerste vrugte by die Vader. Hy is die eersteling wat opgestaan het uit die dood. Die tweede voorskrif is die bring van tiendes na die Leviete, aangesien ons nie meer nodig het om iemand te betaal om namens ons offers vir die Vader te bring nie, want Jesus was die volmaakte offer. Hebreërs stel dit juis dat Jesus nie uit die stam van Levi gekom het nie, maar uit Juda. *“Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.”* (Heb 7:14).

Dit bring my by die tweede skrifgedeelte wat ek aangehaal het. Jesus verklaar dat Hy ‘n doop het wat Hy moet deurgaan, maar dat Hy self benoud is daarvoor. Hoekom was Hy benoud? Hy het geweet Hy moes gaan sterf. Hy het geweet Hy moet gaan veg teen Satan en hom oorwin. Hy moes die sleutels van die doderyk gaan kry. Hy moes die dood oorwin. Hy moes ‘n einde maak aan alle menslike pogings om die HERE te dien, en ‘n nuwe orde skep.

Weet u dat dit so ‘n moeilike tyd vir Jesus was dat Hy bloed gesweet het in Getsemanè? Dat Hy later nie by magte was om Sy eie kruis te dra nie? Hoekom? Want Hy moes ons sonde dra. Dit is wat dit beteken vir ons om ons sonde te bely. Is dit hoe u gevoel het toe u aangeraak is deur die HERE en onder ‘n sonde besef gekom het? Het u gevoel dat dit haas onmoontlik is om u pak te dra? Dit is wat gebeur wanneer ons tot ‘n sonde besef kom. Dan besef ek eers dat dit wat ek in my lewe gedoen het, net Jesus se las nog swaarder gemaak het. Nou kan u dalk verstaan hoekom Jesus self nie by magte was om Sy kruis te dra nie. Hy moes vir Simon van Sirene kry om te help. Dit is wat Hy bedoel het dat Hy ‘n doop moet deurgaan wat Hom benoud gehad het.

En, dit was maar net die begin.

U sien Hy moes toe nog gekruisig word. Dit was die wreedste dood wat daar was. Dit is gewoonlik opgelê vir moordenaars. Jesus moes vir ses ure aan die kruis gaan hang, van die tyd wat die brandoffer in die oggend hernu word, tot die tyd wanneer dit weer in die aand weer hernu word. U sien Hy moes diè voorskrifte ook eers volbring. Dit is ook hoekom Hy buite die stad geoffer is, want die offers wat die hoëpriester moes bring, moes buite die laer geslag word. Lees maar gerus Hebreërs 9. Dit is seker een van die mooiste hoofstukke in die Bybel wat vir ons verduidelik wat Jesus kom doen het.

Maar wat het gebeur na Jesus se dood en voor Hy opgestaan het? Daar is verskeie tekste wat vir ons lig werp daarop. Die eerste kom van Dawid uit Psalm 68 vers 19: *"U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstrewiges om daar te woon, o HERE God!"* Is dit nie merkwaardig dat Dawid geweet het wat met Jesus sou gebeur nie? Maar is ek seker dat dit is wat Dawid bedoel het? Kom ons kyk wat Petrus skryf. 1 Petrus 3 verse 18 tot 22 : *"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring--Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees;* ***in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis****, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete--deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is."* Verder in 1 Pertrus 4 vers 6 skryf hy die volgende *"Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees."* Ook in Handelinge praat Petrus oor die onderwerp. Handelinge 2 vers 24: *"Hom het God opgewek,* ***nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word****."*

U sien dit is wat Jesus gaan doen het. Hy moes die dood gaan oorwin. Hy moes die mense wat nooit deel gehad het aan die eerste verbond nie, gaan vertel hoekom Hy moes kom, sodat hulle ook deel kon word van die verbond. Dit is hoekom Hy moes heengaan na die doderyk, sodat Hy die dood se mag kon verbreek, en die verlostes kon gaan haal het.

Maar hoekom moes Hy drie dae lank dood wees? Jesus het die volmaakte tyd wat Hy self ook aangekondig het, in die doderyk deurgebring. *“Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag ‘n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: ‘n Slegte en owerspelige geslag soek na ‘n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en—meer as Jona is hier!”* (Mat 12:38-41)

Verder is dit algemeen bekend in mediese kringe dat die vlees na drie dae alle kanse op herstel

verloor het en dan begin vergaan. Maar dan kom die groot aankondiging, Hy het opgestaan.

Dit is wat Hosea oor diè dag geprofeteer het. Hosea 13:14 *"Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf?"*

Verstaan u nou hoekom Jesus moes sterf en opstaan? Sodat u en ek deel kan word van Sy koninkryk. Dit is hoekom Jesus na die tydperk as ‘n doop verwys het. Want dit is presies wat die doop vir ons doen. Ek moet besef dat ek nie kan voortgaan in sonde nie. Ek moet ‘n Getsemanè ondervinding hê. Dan moet ek doen wat Jesus ons beveel het, naamlik om my kruis op te neem en Hom te volg. U sien, ek moet ook toelaat dat my lewe en my sondes aan die kruis gespyker word om te sterf. Op pad soontoe sal die Heilige Gees u help dat u by u kruis sal uitkom. Dan kan ek sterf. Wanneer ek dit doen bied Jesus ‘n volmaakte offer aan vir my sondes by die Vader. Maar, weet u Jesus het opgestaan, en daaroor sal ek ook opstaan uit die doopwater as ‘n nuwe skepsel. Een wat nie meer kan sterf nie, want die dood het nie meer mag oor my nie. Dit is wat Hosea verklaar. Net soos Jesus die dood oorwin het, word die mag van die dood vir my gebreek. Nou kan ek weet dat die Satan nie meer ‘n houvas op my het nie, want Jesus het ook vir my die volmaakte offer gebring, en is deur Vader aanvaar. Nou kan ek verklaar dat ek tot wedergeboorte gekom het. Dit is ook die betekenis van Johannes 3 verse 5 en 6 : *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."* U sien in die voorbeeld van Jesus, leer ons dat dood altyd lewe vooruitgaan.

Dit ook wat Petrus verklaar het in 1 Petrus 3*. "waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete--deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is."*

Ons lees ook in die Bybel dat Jesus na die Kerk verwys as Sy bruid, en dat Hy die bruidegom is. In die geskiedenis vind ons dat wanneer iemand sou trou, die bruidegom moes weggaan om die huis vir sy bruid in gereedheid te bring. Dit is wat Jesus vandag doen. Dit is ook hoekom Hy verklaar het dat Hy moes weggaan om vir ons ‘n huis in gereedheid te bring.

Een vraag vir u : Is u lewe skoon en sonder letsel, of het u ook al weg hoereer agter ander gode aan? Is u nog die maagd wat Jesus verwag?

So om saam te vat. Jesus het verklaar dat Hy die tempel sou afbreek in drie dae omdat Hy ‘n nuwe tempel, in ons liggame, wou vestig. Al ons eie probeerslae om in verhouding met God te kom, is tevergeefs. Hy moet ‘n nuwe orde daar stel. Die Heilige Gees moet kom woning maak in ons harte, en dit kan slegs gebeur as die sonde in ons lewe gebreek is deur die dood van Jesus. Verder moes Hy sterf om die mag van die dood te oorwin, sodat u en ek na wedergeboorte verseker kan weet dat ons ‘n ewigheid saam met Hom in die paradys sal deurbring.

Ek vertrou dat dit die lewe is wat u verkies.

Moses 2 vers 8:Is genesing nog steeds God se wil vir ons?

Oor genesing kry ek amper daagliks te doen met mense wat nie verstaan waaroor genesing in die Bybel gaan nie. Hulle standpunt word gewoonlik gebou op ‘n geloof in hul geloof, en nie geloof op wat die Bybel ons leer nie. Die mense huldig die standpunt dat genesing vir almal is en dat indien jy nie genesing ontvang nie, jy nie geloof het nie. Alhoewel wanneer mense hoor wat ek vir die HERE gevra het in 2013 en vind dat Hy my presies gegee wat ek voor gevra het, hulle nie antwoorde vir my het nie, behalwe dat hulle glo hulle is reg. Ek het gevra en het tyd gekry om afskeid te neem van die wat vir my lief en dierbaar is, Sy liefde uit te straal na almal wat ons mee te doen het, en tyd om dit te skryf wat Hy oor ‘n periode van meer as 25 jaar met my gedeel het en nog steeds elke dag deel. Ek weet hoe dit voel om aanhoudend aangeval te word, en dit krap my ook om wanneer mense met hulle eie insigte ander wil uitmaak as mense met sonde of nie voldoende geloof nie. Hulle wil net dat dit altyd alles goed gaan met kinders van die HERE, maar dit is nie die boodskap wat ek in die Bybel kry nie.

Ek weet dat daar elke dag genesing plaasvind want ek en Hettie het al vir mense gebid en hulle is genees, so daar is kere wat die HERE ingryp en kere wat Hy dit nie doen nie. Hoekom? Hy weet. Ek wonder net of die mense weet dat hulle mense se lewens en verhouding met die HERE skade aan doen deur hulle geloof in hulle geloof en deur dit te probeer regverdig sonder dat hulle die Bybel ken.

Psalms 41: *Die HERE sal hom bewaar en hom in die lewe hou; hy sal gelukkig gemaak word op die aarde. Ja, U kan hom nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie.* ***Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank is."*** So dit lyk my Dawid sê dat ons siek kan wees, maar dat die HERE jou sal ondersteun op jou siekbed. Hierdie gedeelte kan ek persoonlik elke dag van getuig. Slegs 5 persone per miljoen word met Carcinoid Sindroom wat een van die gevolge van Neuroendoktriene Tumor kanker is, gediagnoseer voor hul sterfte, terwyl wanneer ons die resultate van lykskouings bywerk, sowat tussen 60 en 70 persone per jaar per miljoen net in die VSA sterf van dié tipe kanker sonder dat dit by hulle gediagnoseer word. So hulle sterf aan kanker sonder dat hulle eers daarvan bewus is. Die siekte is eers in die vroeg vyftigs vir die eerste keer beskryf en uitgevind. Gelukkig weet ek daarvan en kan ek elke dag daarteen baklei.

Meeste mense op aarde sterf as gevolg van siekte, maar party mense wil hê dat ons almal gesond moet wees wanneer ons sterf, want anders het ons nie geloof nie. Hoeveel van die mense wat vir jou voorhou dat jy nie genoeg geloof het nie, sterf as gevolg van hoë cholesterol en/of hoë bloeddruk? O ja, hulle mag mos maar net ‘n pilletjie drink, want hulle is mos nie siek nie. Ek drink ook net ‘n paar pilletjies, so tussen 10 en 12 ‘n dag om die pyn te demp en die derms te ontspan maar ek het mos nie geloof om te herstel van die kanker nie. Die feit dat ek geglo het vir 14 jaar na hoeveel gebede dat ek nie meer kanker het nie en dat ek toe weer moes uitvind dat dit nie die geval was nie, tel blykbaar nie. Dié tipe mense gee my sommer hoë bloeddruk ook.

Johannes 11:*1 "1 ¶ En daar was 'n man siek, Lasarus van Betánië, die dorp van Maria en haar suster Martha. 2 En dit was Maria wat die HERE gesalf het met salf en sy voete afgedroog het met haar hare, wie se broer, Lasarus, siek was. 3 Die susters het toe na Hom gestuur en gesê: HERE, hy vir wie U liefhet, is siek. 4 En toe Jesus dit hoor, sê Hy:* ***Hierdie siekte is nie tot die dood toe nie****,* ***maar tot die heerlikheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."*** As ek die gedeelte reg verstaan lyk dit vir my of Jesus hom ook nie sou genees het as dit 'n siekte was wat tot sy uiteindelike dood sou lei nie. Maar die HERE het hom genees sodat die mense kon sien dat Hy mag het oor die dood. En arme Lasarus het nie geloof nodig gehad nie, want hy was reeds dood.

Hand 10:37-38*: "Julle weet van die saak wat deur die hele Judéa gebeur het en van Galiléa af begin het, ná die doop wat Johannes gepreek het, (38) met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en* ***almal genees wat onder die mag van die duiwel was****, omdat God met Hom was."* So wat van die wat nie onder die mag van Satan was nie? Dit lyk nie of hulle ook genees is nie, want Lukas beskryf dit nie, anders sou hy mos gesê het almal is genees. Dit is hoe my logika werk.

Jes 53:5-12 *"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom,* ***en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.*** *Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Maar dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die HERE sal deur sy hand voorspoedig wees. Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word;* ***deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra.*** *Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het."*

Die gedeelte is seker die gewildste gedeelte wat aangehaal word deur mense wat vir jou vertel dat die HERE almal wil genees. Ja, dit is so, ons almal word gebore en sal sterwe as sondaars indien Jesus nie vir ons genesing gebring het van ons ongeneeslike siekte, die ewige dood, nie. Hy het gesterf sodat ek en jy kan lewe, en lewe tot in ewigheid. Dit is die genesing waarvan Jesaja hier praat. Moses het 'n soortgelyke voorbeeld in die woestyn gehad vir die Israeliete wat gesondig het. Moses moes 'n slang maak, dit is wat hulle gepik het en laat sterf het, en moes die slang op 'n paal sit sodat elkeen wat gepik word kon opkyk na die slang en geleef het. So die oorsaak van hulle dood, die slang (sonde) is op 'n paal (kruis) gesit sodat elkeen wat na die kruis kyk en glo dat Jesus ons sonde gedra het, kan lewe. Dit is die genesing wat Jesaja van praat. Ek weet daar is mense wat vertel dat Jesus 39 houe op sy rug gekry het om elke tipe siekte te verteenwoordig en dus het Hy reeds die staf daarvoor betaal, maar dit is loutere onsin, want dit

staan nêrens in die Bybel nie.

So daar sal mense wees wat van jou en van my sal verskil, maar dit maak gelukkig die lewe interessant. Solank ons net die liefde van die HERE uitstraal elke dag na elke persoon wat oor ons pad kom en in geloof volhard, is dit al wat gaan tel op die einde van die dag. So miskien is daardie outistiese kind juis sy ouers se doring in die vlees, soos wat Paulus ook gehad het. 2Kor 12:7 *"En dat ek my oor die voortreflikheid van die openbaringe nie sou verhef nie, is my 'n doring in die vlees gegee, 'n engel van die Satan, om my met die vuis te slaan, dat ek my nie sou verhef nie."*

Dan is daar die verhaal van die Samaritaan wat Lukas vir ons opgeteken het. *"En Jesus antwoord en sê: 'n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jérigo en onder rowers verval, en nadat hulle hom uitgetrek en geslaan het, gaan hulle weg en laat hom half dood lê. En bygeval het 'n priester met daardie pad afgekom, en toe hy hom sien, gaan hy anderkant verby. En net so het ook 'n Leviet by dié plek gekom en hom gesien en anderkant verbygegaan. Maar 'n sekere Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel, en na hom gegaan,* ***sy wonde verbind en olie en wyn daarop gegooi. Hy het hom toe op sy eie pakdier gehelp en hom na 'n herberg geneem en vir hom gesorg.*** *En toe hy die volgende môre weggaan, haal hy twee pennings uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê vir hom: Sorg vir hom, en enige onkoste wat jy nog meer mag hê, sal ek jou betaal as ek terugkom."* (Luk 10:30-35) So die Samaritaan kon mos net gebid het dat ou die genees word en dan het hy mos 'n hoop geld gespaar.

Dawid vertroos ons ook oor die tipe omstandighede: *"Kof. Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees. Resj. Menigvuldig is die teëspoede van die regverdige, maar uit dié almal red die HERE hom."(Psa 34:18-19) "Psa_41:3 (41:4)* ***Die HERE sal hom ondersteun op die siekbed; sy hele slaapplek verander U as hy krank i****s."*

Ek wil graag nou 'n gedeelte aanhaal wat ek seker is die mat onder almal se voete sal uitpluk, en dit is dat daar siekte in die Nuwe Jerusalem is. *"In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee,* ***en die blare van die boom is tot genesing van die nasies.****"* (Open 22:2) Nou wonder ek maar net of die mense al ooit hulle Bybels gelees het wat so tekere gaan oor genesing. Ek glo nie, want dan sou hulle die vers moes raak gelees het al. Hoekom sal die bome wat langs die rivier in die Nuwe Jerusalem se blare vir genesing gebruik word as almal dan gesond is? Ek vra maar net. Dit is natuurlik ook 'n aanhaling van Esegiël om te bewys dat Esegiël die eindtyd in die Ou Verbond verstaan skets, terwyl Johannes in Openbaring dit in 'n Nuwe Verbond verstaan skets. *"En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan—uit die heiligdom stroom hulle;* ***en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees.****"* (Eze 47:12)

Hiermee sal ek volstaan, want dit help nie om te redeneer oor goed wat mense net in glo nie. En dan is dit volgens hulle altyd die ander mense wat verkeerd is, en nie hulle nie. So gaan sien maar die dokter, ek het en leef nou al 24 jaar langer as wat ek sou leef indien die dokters nie ingegryp het nie. En dan praat ek nie eers oor hoe my verhouding met die HERE in daardie 24

jaar verander het nie.

“Toe ek ‘n kind was, het ek gepraat soos ‘n kind, gedink soos ‘n kind, geredeneer soos ‘n kind; maar nou dat ek ‘n man is, het ek die dinge van ‘n kind afgelê. Want nou sien ons deur ‘n spieël in ‘n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.” (1Kor 13:11-13)

Moses 2 vers 9:Hoe gebruik ek ‘n "workshop manual"

Ek het God se wiskunde nodig.

Jesaja 61 vers 1 *"¶ Die Gees van die HERE HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; 2 om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; 3 om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."*

Hierdie gedeelte het nog altyd vir my beteken dat die HERE iemand roep om tot die bediening toe te tree, en dan as herder, en verder weet ons mos wat die pligte van ‘n herder is. Dit was tot gister. Ek en Hettie het gesit en praat oor dit wat die HERE mee besig is in ons lewe, toe ek vir haar iets wou verduidelik. Ek het toe verwys na Jesaja 61 in ons gesprek, maar het toe ook ervaar ek moet dit vir haar lees. Soos ek gelees het, het die HERE net met ons albei gepraat uit die gedeelte.

Dit is vir my verbasend hoeveel keer ek al agtergekom het dat ek dink ek is slimmer as die HERE. Ek wil so graag dat die HERE net na my gedagtes en idees sal luister, want ek het mos die antwoorde. Wanneer ek ‘n probleem in my lewe ondervind, dan dink ek altyd die probleem deur, lys al die moontlikhede, en neem dan my besluit. Terwyl ek en Hettie toe praat, vind ek weereens uit dat die HERE al in Jesaja se tyd vir ons ‘n wiskundige formule daargestel het wat oor en oor in die Bybel bewys is as korrek.

Waarvan praat ek? As ons na Jesaja 61 kyk is daar ‘n hele paar begrippe wat uitstaan. Die eerste begrip is dat die Gees van die HERE HERE is op my, want Hy het my gesalf. Hoe weet ek dat ek gesalf is deur die HERE? Wanneer Sy Gees op my is. Hoe weet ek dat Sy Gees op my is? Wanneer ek in die gawes soos vir ons voorgehou in 1Korintiërs 12 beweeg. Dit is die tekens wat ons in die Bybel aantref, en wat Jesus gesê het sal gebeur wanneer ons Hom volg. So, voordat ek iets doen of probeer doen, moet ek seker wees dat die HERE van alle HERE my gesalf het. Ek kan nie daarop roem dat ek die en die graad verwerf het en daarom moet die mense na my luister nie, nee, die HERE moet my salf.

Die volgende gedeelte gaan oor waarvoor ek gesalf is. Om die Blye Boodskap te verkondig. Dit is die boodskap van Jesus, en soos Paulus dit stel, en Hom as gekruisigde. So ek moet die Bybel ondersoek en Jesus in elke gedeelte raaksien. Ek moet hierdie boodskap dat Hy gesterf het sodat ek kan lewe, altyd verkondig. Dit is hoe ek vrymaking ontvang, want Jesus is ons vrymaking. Dit beteken ook vir my dat ek nie moet dink die HERE wil dat ek in Egipte moet werk nie. Nee, Hy wil ek dat ek uit my gevangenis kom en in Sy volheid in beweeg. Ek kan nie maar

aangaan ek bakstene vir die Farao maak nie.

Die volgende gedeeltes raak nou vir wie die boodskap bedoel is. Vir wie moet ek die boodskap bring? Vir die ootmoediges, die gebrokenes van hart, die in gevangenisse, en dit is nie net fisiese gevangenisse nie maar ook siel gevangenisse, vir die wat in boeie is, en vir die treuriges. Dit is die mense wat die Blye Boodskap voor bedoel is. Dit is nie bedoel vir die hooghartiges en snobs nie, want vir hulle is dit onsin. Die gedeelte vertel ons wat ons ingesteldheid moet wees om die Woord te kan ontvang. Ek kan nie die Woord van God ontvang terwyl ek nog dink dat ek okay is nie. Ek moet eers heeltemal leeg gemaak word van myself voordat ek die boodskap sal verstaan.

Die HERE wil dat ons sal loskom van dit alles wat my bind. Hy wil dat ek uit die gevangenis van my eie geregtigheid uitkom. Van dit wat my bind om Sy werk te doen. Dit maak nie saak wat jou verlede was nie. Hy wil dat jy sal loskom van alles wat jou bind, of dit nou minderwaardigheid, drank misbruik, homoseksualisme, pornografie, of wat ook al is. Jy moet vry kom daarvan. Dié vrymaking is net beskikbaar in die Blye Boodskap.

Die volgende gedeelte handel oor wat sal ons ontvang wanneer ons na die boodskap luister en dit doen. Ons sal genoem word bome van geregtigheid, ‘n planting van die HERE. (Terebinte is ‘n tipe boom.) Ons sal dan nie rondgeslinger word soos ‘n bootjie deur die golwe nie, maar ons sal kan staan op wat ons glo. Ons sal dan in volle geregtigheid voor God kan staan op die oordeelsdag. Ons sal totale vrymaking ontvang. Gevangenisse sal oopgaan, boeie sal afval, deure sal oopmaak. Ons sal die HERE kan loof omdat hy ons vreugde-olie gee vir ons wat treur, en ‘n gewaad van lof vir ‘n verslae gees.

Nou waar kom die wiskunde dan in?

Indien ons na enige onderwerp in die Bybel kyk, kan ons die Blye Boodskap verkondig dat Jesus ons wil vrymaak van enige negatiewe invloed in ons lewe. Kom ons neem genesing as ‘n voorbeeld. Wanneer ek vir iemand verklaar dat die HERE hom/haar wil genees, moet ek die volgende formule verstaan.

Vir genesing benodig ek die volgende:

‘n Gesalfde persoon.

Woord om te verklaar dat die HERE genees. Dit moet ek van harte glo.

Ek moet bely dat ek gesondig het, of dat ek deel was van sondes of ongeregtighede. Ek moet die regte ingesteldheid hê. Ek moet erken dat ek gebind is.

Ons moet die HERE verheerlik vir dit wat Hy vir ons doen, sal doen en alreeds gedoen het.

Wat sal ek ontvang? Vrymaking, in ons geval genesing. Dit is die wiskunde van Jesaja 61.

Is daar voorbeelde in die Bybel daarvan? Ja. Kom ons kyk na Paulus en Silas in die tronk. Hulle was verseker gesalfdes van die HERE. Hulle het tot die HERE gebid, met ander woorde, hulle het God se Woord geproklameer in gebed, maar nie net in gebed nie, hulle het lofliedere ook gesing. Hulle fokus was totaal op die HERE. Wat het gebeur? Hulle boeie het losgegaan, fisies. Die tronkdeure het fisies oopgegaan.

Nog ‘n voorbeeld kom uit die Ou Testament. Die Israeliete sit in Egipte. Hulle weet dat slegs die HERE hulle kan uitred. Wat doen die HERE? Hy stuur Moses, Sy gesalfde, om hulle fisies uit Egipte te lei. So, as ons na die formule kyk, hoe het dit gewerk?

Moses was die gesalfde van die HERE. Hy het in tekens en wonders beweeg. Dit was ook die openbaring van die Woord wat Moses verklaar het. Hy het elke dag of wat vir Farao gesê wat die HERE gesê het. Israel het toe al lank gelede, so om en by 40 jaar terug al tot die HERE geroep. So hulle ingesteldheid was een van ootmoedigheid, en was hulle ook fisies gevangenes in Egipte. Die vierde stap was dat hulle deel van die verbond moes word. Hulle moes die pasga eet en die HERE daardeur verheerlik. Hulle moes ook leer dat hulle die HERE moes eer met alles, of dit nou dier of kind is, sodra hulle in Kanaän sou kom. Die resultaat? Hulle trek uit Egipte.

Dit is wat die HERE wil hê moet gebeur in elke persoon se lewe. Dit maak nie saak waarmee jy betrokke was nie. Die HERE wil dat jy uit die gevangenis van sonde kan kom. Hy wil jou boeie losmaak sodat jy vry kan wees om Sy werk op aarde te kan doen. Hy wil dat ons Sy hande en voete sal wees, maar ons kan dit nie doen terwyl ons nog geboeid is nie.

Die enigste voorwaarde vir my vrymaking is dat ek met die regte gesindheid na Hom moet gaan. Ek moet erken dat net Hy my kan help. Indien ek nog ‘n agterdeur oop het, sal Hy my nie help nie. Hy wil die eer ontvang. Hy wil nie dat ek sal sê dat ek Hom gehelp het om daar uit te kom nie. Nee, Hy wil al die eer hê.

So wat leer ons uit die gedeelte? Dat daar ‘n formule is wat die HERE vir ons gegee het om uitkoms te bewerkstellig vir enige probleem of omstandigheid. Kom ons volg sy manier van probleem oplossing. Dit is wat bedoel word oor hoe ek ‘n "Workshop Manual" moet gebruik. Ek moet die Bybel ondersoek indien ek ‘n vraag het. So ‘n ruk gelede was ons by mense in Jeffreys Baai. ‘n Weduwee wat die aand ook by die selgroep was, het gevra of ek dink sy mag weer trou. Ek het haar verwys na 1 Korintiërs 7 waar Paulus praat oor die pligte van mans en vrouens, en wanneer iemand mag trou en skei. Toe sy verse 7 en 8 lees, het sy agtergekom dat sy weer mag trou, aangesien sy ‘n begeerte na ‘n man gehad het. Dit is wat ek bedoel met die gebruik van ‘n "Workshop Manual". As jy ‘n vraag het, soek vir die antwoord in die Bybel. As daar nie ‘n direkte antwoord is nie, gebruik God se wiskunde om vir jou die antwoord te kry.

Moses 2 vers 10: Wie is uitverkies, is dit nog geldig vandag, en indien wel, hoe werk dit?

Die vraag is nogal ‘n bekvol. Dit is ook ‘n area waar ‘n mens nogal huiwerig is om in te gaan, omdat dit al so ‘n groot rol in kerk geskiedenis gespeel het. Verder het dit ook al huisgesinne geskeur, en is menige persoon al onterf oor die kwessie. Maar, dit is nie wat die HERE wil hê nie. Sy Woord het nie gekom om af te breek nie, maar om op te bou, om saam te voeg. So wat leer die Bybel?

Nou moet ek sê dat ek nie dink dat as jy ‘n ernstige opinie het dat ek jou sal oortuig nie. Al wat ek vra, is dat jy sal toelaat dat die Bybel en so ook die woord wat ek met jou gaan deel, geleentheid kry om inspraak in jou gedagtes te kry.

Ek wil begin by die begin. Nou mag jy dink dat as ek na Openbaring verwys, ek aan die einde begin, maar Christus is aan die woord, en Hy was van die begin van die aarde al daar. Openbaring 3 vers 9: *"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg".* Hier sien ons dat Jesus aan die gemeente skryf en sê dat sommige vertel dat hulle Jode is maar lieg. Die gemeente is in Filedelfia, verseker nie in Israel nie. Dit is ook ‘n bevestiging van Openbaring 2 vers 9: *"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan."* So hier gee Jesus vir ons ‘n belangrike stukkie inligting. Slegs Jode sal gered word. Dit stem saam met wat Moses vir die Jode meedeel in Deuteronomium 7 verse 6 en 7: *"Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke".*

Sodra ons dit besef dat God nooit Sy beloftes sal verander nie, sal ons besef dat daar iets is wat nie pluis is nie. Hoe kan God ons as heidene dan ook red as Sy Woord verklaar dat slegs Jode gered word? Die antwoord kom uit Handelinge 10 vers 34 en 35 *:" En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie,* ***maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen,*** *Hom welgevallig is."* Hier sien ons dat as ons Hom vrees en geregtigheid doen, ons Hom welgevallig is. Dit los egter nog nie die probleem van Openbaring op nie. Die antwoord moet ons gaan soek in Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte. Hier gee die HERE vir die Israeliete ‘n wet wat hulle moet gehoorsaam. Numeri 15 vers 15 en 16: *"Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef.* ***'n Ewige insetting in julle geslagte is dit:*** *soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die HERE wees.* ***Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef****."* Eksodus 12 vers 48 gee die finale antwoord vir ons: "*En as 'n* ***vreemdeling by jou vertoef*** *en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is,* ***besny word****; en dan mag hy nader kom om dit te vier,* ***en hy sal soos 'n kind van die land wees****. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.*"

In Israel se geskiedenis sien ons dat wanneer iemand uit ‘n ander volk hom of haar verbind het met die Israeliete, hulle as volksgenote geag is. ‘n Baie goeie voorbeeld vir ons is Rut. Alhoewel sy die reg gehad het om na haar mense terug te gaan na haar man se dood, het sy gekies om saam met Naomi na haar land te gaan. Die woorde wat Rut ook gespreek het, ontsluit die waarheid verder. Rut 1:16 "*Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. 17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen--net die dood sal skeiding maak tussen my en u."* Hier gee sy te kenne dat sy kies om deel te word van Naomi se volk, en saam met Naomi haar God sal aanbid. Wie was Rut? Dawid se grootouma. Waar kom Jesus vandaan? Uit Dawid se geslag.

Nou hoe pas al hierdie stukke in mekaar? Die HERE het Israel uitgekies as Sy volk. Ons, as heidene moet dus kies om by die volk van die HERE gevoeg te word. Hoe doen ons dit? Deur deel te word van die verbond met die HERE. In Israel se tyd was dit deur besnyding, maar vandag moet ek tot wedergeboorte kom. Johannes 3 vers 5: *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."* Ek moet besluit, nie my ouers of iemand anders kan die besluit vir my neem nie, om deel te word van God se volk, en dan moet ek deur die doopwater gaan, dit is ons teken van die verbond, en dan met die Heilige Gees gevul word.

Hoe stel Paulus dit vir ons? Efesiërs 2*: "11 ¶ Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Christus was,* ***vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte****, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. 14 ¶ Want Hy is ons vrede,* ***Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het*** *15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep 16* ***en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het."***

Ek vertrou dat hierdie kort gedeelte die probleem rondom uitverkiesing vir u sal uitklaar. Dit help nie ons probeer om alles so moeilik te maak nie. Jesus het self verklaar dat ons soos ‘n kind moet word om Hom te volg. Ek weet boeke en boeke is al oor die onderwerp geskryf, maar ek glo dat die antwoord hierbo, dit ook vir ‘n kind verstaanbaar sal maak.

Moses 2 vers 11: Hoeveel gaan dit my kos om ‘n Christen te wees?

Dit is seker een van die mees algemeenste vrae wat iemand vra voordat hy/sy ‘n besluit maak om die HERE regtig voluit te dien. Baie maal word die vraag ook eers gevra nadat die persoon die besluit geneem het om die HERE te dien. Baie maal vind ons eers later uit in die lewe dat ons dalk die vraag moes gevra het, maar dat ons dit nooit gevra het nie.

Ek wil die vraag van ‘n ander oogpunt beantwoord met die volgende stelling: " ‘n Geloof wat jou niks kos nie, kos jou lewe, maar ‘n geloof wat jou lewe kos, kos jou niks nie."

Wat bedoel ek met die stelling? Ek wonder hoeveel mense ek al ontmoet het wat so graag die HERE wil dien, en baie glo dat hulle dit wel doen, maar nog nooit by die vraag uitgekom het nie. Ander weer wat wel voluit die HERE dien, het nooit eers gedink dat die vraag relevant is nie.

Kom ons begin by die begin. As u dalk onthou van sommige van die ander vrae wat ons behandel het, sal u onthou dat daar twee vrae is waar ek baie oor geskryf het om dood te gaan. Die eerste vraag het gehandel oor die geregtigheid van God, en die tweede oor hoe om dissipels te maak. As ek dalk van die punte gaan herhaal, vra ek verskoning, maar ek voel net gedwing om sekere van dié punte weer te aan te haal.

Kom ons kyk ‘n bietjie wat die HERE aan Adam en Eva in die paradys beveel. Gen 1:28 *"En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."* In hierdie gedeelte kry ons die eerste opdrag aan Adam en Eva, naamlik om vrugbaar te wees, al die diere te onderwerp aan hulle, en te heers oor hulle.

Dit is nogal ‘n lekker vooruitsig as ons daaraan dink dat die HERE nie vir Adam en Eva die tien gebooie gegee het nie, maar vir hulle gesê het dat hulle moet heers. Dit sou hulle niks kos om die HERE te dien nie, hulle moes net God gehoorsaam wees. Maar nou ken ons die geskiedenis. Het hulle geluister? Nee, hulle het na die skepping geluister eerder as die Skepper. Dit het hulle hul lewe gekos. Gen 3:1 *"Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? 2 En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, 3 maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. 4 Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie; 5 maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken."*

Is dit nie maar ook hoe ons vandag optree nie. Seker maar. Ons luister na almal behalwe om na

God te luister. Ons luister so graag na die skepsel van God wat vir ons allerhande stories vertel en verlei, eerder as om na die HERE te luister. Kom ons kyk na ‘n vinnige voorbeeld. As ek vir jou vertel dat jy moet betrokke wees by barmhartigheidsdiens, dan mag jy dalk vir my sê dat jy jou bydrae gee, en dat dit jou barmhartigheidsdiens is, so jy doen dit. Maar my antwoord gaan vir jou wees dat jy self, en nie jou geld betrokke moet wees nie. Matt 23:23 *"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle* ***te doen*** *sonder om die ander na te laat."*

So eintlik is ons nie veel anders as Adam, of selfs die Fariseërs nie. Ons wil so graag ons eie kop volg, maar ons kyk nie na God of Sy Woord nie. En tog leer die Bybel ons dat ons nie God kan leer ken buite Sy geopenbaarde Woord nie.

Wat was God se straf vir Adam en Eva? Gen 3:22 *"Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! 23 Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden om die grond te bewerk waaruit hy geneem is. 24 So het Hy dan die mens weggedrywe en gérubs aan die oostekant van die tuin van Eden laat woon, met die swaard wat vlam en flikker, om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak."* Wat beteken die uitspraak vir ons vandag? Dat ons nie meer kan sê ons het nie geweet nie, want ons ken nou die verskil tussen goed en kwaad. Verder, dat ons God moet soek om by Hom te hoor wat en hoe ons moet maak.

So, noudat ons weet dat ons na God moet gaan om die antwoord te kry, en ons weet dat God en Sy Woord een is, moet ons nou ook gaan soek na wat die Bybel ons leer. So my eerste optrede om ‘n antwoord oor enige onderwerp te kry, is om ondersoek in te stel wat die Bybel daaroor sê, of miskien moet ek navorsing doen oor die onderwerp in die Bybel, aangesien daar dalk nie ‘n direkte antwoord daarvoor is nie, maar dat ek dit moet gaan naspeur.

So waar staan ons vandag. Ons moet onthou dat Adam en Eva hulle lewe in die paradys verloor het. Hulle het nie fisies gesterf nie, maar hulle gees het gesterf, daar het skeiding gekom tussen hulle gees en God se Gees. Nou weet ons dat wanneer ons tot bekering kom, God se Gees weer in ons lewendig gemaak word, sodat ons weer in die regte verhouding met Hom te kan staan. Maar nou kom die groot vraag: Hoe en wanneer vind wedergeboorte plaas? Wanneer word die Gees van God weer lewendig in my lewe? Hoe weet ek dat ek deur God lewendig gemaak is? En dan natuurlik, kos dit my iets?

Dit is maar net sommige van die vrae wat gestel word, maar eintlik is almal maar dieselfde. So nou moet ons maar die oorspronklike vraag weer vra ; Kos dit my iets?

Wat sê die Bybel? Ek neem aan na aanleiding van wat ek alreeds bespreek het, is dit die plek waar ons moet begin. Maar waar vind ons die direkte antwoord wat vir ons nou sal sê wat dit my gaan kos? Daar is so baie gedeeltes wat my deurmekaar maak, want die een sê uit genade is jy gered, nie uit jouself nie, terwyl ‘n ander gedeelte weer sê dat jy jou lewe moet neerlê en Hom volg. Watter gedeelte is nou reg, of nou van toepassing?

Ek neem aan om by die antwoord uit te kom, moet ons na Jesus as voorbeeld kyk. Hy het immers vir ons gesê ons moet Sy dissipels word, en ‘n dissipel is iemand wat iemand anders, navolg. So ek moet gaan kyk wat Jesus gedoen en geleer het, en dit dan doen. Dit sal dan die regte antwoord vir my gee, want dan kan ek Sy dissipel wees.

Toe Jesus aarde toegekom het, was Hy alreeds gehoorsaam aan die Vader deur Sy tuiste, die hemel, te verlaat en na die aarde toe te kom. So die eerste item wat ek moet aanleer, is gehoorsaamheid. Dit is wat Adam en Eva die paradys gekos het, so dit is ook die eerste ding wat Jesus moes kom herstel. Hy moes in totale gehoorsaamheid Homself verneder en Sy Goddelikheid verruil vir ons menslikheid. As Hy dit nie gedoen het nie, sou ons nog steeds onder die wet gestaan het, en niks van ‘n nuwe verbond gehad of geweet het nie. Nee, Hy moes die Vader gehoorsaam om weer die ongehoorsaamheid van Adam en Eva te herstel. So ek en jy moet begin deur gehoorsaamheid te leer. Ons moet leer dat sonder gehoorsaamheid aan God, is dit onmoontlik om Hom te volg. Is dit onmoontlik om ‘n dissipel te wees.

Kos gehoorsaamheid jou iets? Wat verstaan ek om gehoorsaam te wees? My definisie wat ek graag wil gee aan gehoorsaamheid is om my eie sienswyses en idees neer te lê, en Sy idees en sienswyses myne te maak, om myself te kruisig. Ek moet myself verloën, en Hom volg. Dit sluit ook aan by wat Jesus vir ons geleer het. Kom ons kyk eers na ‘n paar skrifgedeeltes.

1 Samuel 15:22 Daarop sê Samuel: Het die HERE behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die HERE? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme.

Psalm 103:20 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!

Romeine 5:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Één baie tot regverdiges gestel word.

Romeine 6:16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?

2 Korintiërs 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,

2 Korintiërs 10:6 en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is.

Hebreërs 5:8 Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het;

1 Petrus 1:2 uitverkore volgens die voorkennis van God die Vader, in die heiligmaking van die Gees, tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van Jesus Christus: Mag genade en vrede vir julle vermenigvuldig word!

1 Petrus 1:22 As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart;

Een gedeelte wat vir my uitstaan, en die moeite werd is om weer te lees is Romeine 6:16 : "Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"

Paulus stel dit vir ons onomwonde, ons moet of gehoorsaam wees wat lei tot lewe, of ongehoorsaam wat lei tot die dood. 'n Ander vers wat ook uitstaan tussen al die verse, is Hebreërs 5:8, wat verklaar dat Jesus self gehoorsaamheid geleer het uit dit wat Hy gely het. Net jammer ons leer die verse so laat in 'n mens se wandel met die HERE, want dit kan soveel sielewroeging voorkom het, as ons net geweet dat Jesus moes ly, maar dat Hy ons voorbeeld is. So dit moet nie vir jou snaaks wees as jy moet ly nie. Is 'n leerling verhewe bo sy leermeester? Ek glo nie. Matteus 10:24 *"'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n **dienskneg** ook nie bo sy heer nie."*

Maar nou vind ons ook dat Jesus vir ons as Sy kinders sekere riglyne gee om aan gehoorsaam te wees. Kom ons kyk na 'n paar.

Matteus 10:38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie.

Matteus 16:24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

Markus 8:34 En toe Hy die skare saam met sy dissipels na Hom geroep het, sê Hy vir hulle: Wie agter My aan wil kom, moet homself verloën en sy kruis opneem en My volg.

Markus 10:21 En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort—gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My.

Lukas 9:23 En Hy sê vir almal: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem en My volg.

Lukas 14:27 En elkeen wat sy kruis nie dra en agter My aan kom nie, kan my dissipel nie wees nie.

1 Korintiërs 1:17 Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.

1 Korintiërs 1:18 Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;

Galasiërs 6:14 Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse HERE Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld.

Filippense 2:8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

Een van die verse wat ek graag wil uitlig is Markus 10:21 *"En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort—gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My."* Hier praat Jesus met die ryk jongman, 'n verhaal wat ons al baie gehoor het. Maar Jesus beveel hom nie net om alles te gaan verkoop wat hy besit nie, maar ook om die kruis op te neem en dan vir Jesus te volg.

Wat beteken dit om die kruis op te neem? Die stuk uit Filippense gee vir ons die antwoord. Filippense 2:8 ***"en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis."*** Jesus moes Sy kruis opneem en na Golgota gaan, om gekruisig te word. Net so moet ek my kruis opneem, moet ek ook na Golgota gaan om myself te gaan kruisig, sodat ek soos Jesus opgewek kan word en vir ewig te kan lewe. Net soos Jesus moet ek elke faset van my lewe neem en by die Kruis gaan neerlê. Ek moet kruis toe gaan met my trots, my liefdeloosheid, my eie wysheid, my finansies, my gesondheid, my verhouding met my man/vrou. Elke aspek van my lewe wat ek is of wat ek besit, moet ek onderdanig stel aan Jesus.

So wat is die antwoord? Ons het gesien dat ons moet gehoorsaam wees aan die HERE, en dat ons ons kruis moet opneem en Hom volg na die kruis, sodat ons ewig kan lewe. As jy wonder of die kruis regtig iets beteken, Paulus het vir ons die antwoord: 1 Korintiërs 1:18 ***"Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God;"***

Ek wil ook graag afsluit met 'n gedeelte uit een van Jesus se opdragte. Hier het Hy die dissipels geleer wat hulle op die pad sou tee kom nadat Hy die twaalf uitgestuur het, om die evangelie te gaan verkondig. Hier is Jesus aan die woord en vertel Hy ons wat met ons gaan gebeur wanneer ons Sy dissipels is. Of anders gestel, hoe moet ons optree as Sy volgelinge, en wat die prys is wat ons sal moet betaal.

Die lering kom uit Mattheus 10. Mattheus 10; 32 *"Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is. 33 Maar elkeen wat My verloën voor*

die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is. 34 Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard. 35 Want Ek het gekom om tweedrag te verwek tussen ‘n man en sy vader, en tussen ‘n dogter en haar moeder, en ‘n skoondogter en haar skoonmoeder. 36 En ‘n mens se huisgenote sal sy vyande wees. 37 Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie. 38 En wie sy kruis nie neem en agter My volg nie, is My nie waardig nie. 39 ***Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind****."*

Wat gaan Christenskap jou kos? Dit gaan jou kos. Dit gaan jou lewe kos. Maar ons kry Sy lewe.

Maar hoe lê ek my lewe neer? Galasiërs 5: 19 *"En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat* ***die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie****. 22 Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. 23 Teen sulke dinge is die wet nie. 24 Maar die wat aan Christus behoort,* ***het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig****. 25 As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. 26 Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie."*

So, wat moet ek doen? Ek moet my lewe verander deur my vroeëre lewenswyse, te gaan neerlê by die kruis. Ek moet dit na Jesus by die kruis vat, en Hom vra om my daarvan te genees. Hy sal dit doen as jy in opregtheid Hom vra. Maar jy moet ook besluit om nie meer te doen wat jy vroeër gedoen het nie. Daar moet bekering wees. Daar moet ‘n omdraai van die vorige lewenswyse wees.

Hoe stel Petrus dit vir ons? Wat moet ons dan doen? 2 Petrus 1:5 *"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, 6 en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid, en by die lydsaamheid die godsvrug, 7 en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde. 8 Want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse HERE Jesus Christus nie; 9 want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging van sy vorige sondes vergeet. 10* ***Daarom, broeders, moet julle jul des te meer beywer om julle roeping en verkiesing vas te maak; want as julle dit doen, sal julle nooit struikel nie. 11 Want so sal ryklik aan julle verleen word die ingang in die ewige koninkryk van onse HERE en Saligmaker, Jesus Christus."***

Wat het Jesus self gesê? Gaan dit jou iets kos? Matthèus 16: 24 *"¶ Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. 25 Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind. 26 Want wat baat dit ‘n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal ‘n mens gee as losprys vir sy siel? 27 Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlikheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy*

dade."

So wat gaan dit my kos? ‘n Geloof wat jou niks kos nie, gaan jou lewe kos, maar ‘n geloof wat jou lewe kos, kos jou niks nie." Amen.

Moses 2 vers 12:Hoe maak ek dissipels van mense?

Ons almal ken die opdrag wat Jesus aan sy dissipels gegee het. Wanneer dit by die uitvoer daarvan kom, kan ons die groepe en hulle optrede basies in twee, dalk drie verskillende groepe deel. Hoekom ek sê miskien drie maar gewoonlik twee, is omdat die een groep se antwoord eintlik nie strook met die Bybel nie, en dus opsy gesit kan word. Die groep wat glo in uitverkiesing, se antwoord is gewoonlik dat as die HERE jou nie gekies het nie, help dit nie dat ek met jou oor Jesus praat nie, want ek mors basies my asem. Die groep sal ek indeel onder die wat min geloof het, of anders gestel, geen geloof het nie. Hulle sal ook gewoonlik baie min mense op die sendingveld uitstuur of ondersteun, alhoewel hulle gemeentes (in hulle eie Kerkverband) sal ondersteun wat ‘n tekort het om hulle leraar te onderhou. Dit word gewoonlik gesien as hulle sendingwerk.

So met hulle uit die weg, wat is die hoofgroepe? Die eerste groep se antwoord is dat ek iewers heen moet gaan om die mense dissipels te maak, en die ander groep die wat glo dat ons orals moet optree. Wie is nou reg? Die antwoord hou baie mense so besig dat hulle vergeet dat die antwoord nie eintlik saak maak nie, maar dat die opdrag uitgevoer moet word. Ek het al hoevele artikels en boeke gelees en redenasies gehoor oor hoe en wat alles beteken, maar op die ou einde van die dag word die opdrag nie uitgevoer nie. As ek my opinie daaroor mag lug, is dat al twee reg is, in die sin dat die HERE sommige geroep het as Evangeliste, en ander as Apostels. Albei hierdie roepings verwag dat die evangelie aan ander mense uit gedra moet word. Petrus was ‘n Apostel, maar het nie tussen die Jode in Israel gewerk nie, terwyl Paulus ook ‘n Apostel was, maar hoofsaaklik tussen die Jode opgetree het.

Wat is ‘n Dissipel?

Voordat ons begin om te kyk hoe ek ‘n dissipel van iemand kan maak, moet ek eers weet wie of wat ‘n dissipel is. As ek kyk hoe die oorspronklike twaalf dissipels opgetree het tydens hulle tydperk saam met Jesus op aarde, het hulle gedoen wat Jesus vir hulle gesê het om te doen, en verder het hulle by Hom gebly en het Hy hulle geleer. Hulle het alles verlaat en Hom gevolg. Jesus het self gesê dat hy wat ouer of vrou of kind bo Hom stel, Hom nie waardig is nie. Nogal harde woorde die. So, ‘n dissipel is iemand wat Jesus se doel op aarde voortbring en Sy volgeling word, met ander woorde hy het soos Jesus geword in optrede. Dit is een van die voorvereistes om ‘n dissipel te wees. Ek kan nie ‘n dissipel wees as ek nie soos my leermeester is nie.

‘n Voorbeeld wat Jesus gebruik het was dat Hy vir Petrus en sy broer vissers van mense gaan maak. Nogal ‘n interessante voorbeeld. So wat beteken dit om vissers te wees. Dit beteken om die Woord, die lewenswyse van Christus ten toon te stel om geëet te word. So, ‘n dissipel is iemand wat mense die Woord en lewenswyse van die HERE voorhou.

Wat is ons taak?

Ek wil graag die visser voorbeeld van Jesus gebruik om te bespreek hoe ons dissipels maak. As ons mooi daaroor dink, wanneer ons visvang, vang ons nie sommer blindelings al die visse nie. Nee, sommige kom tog weg al gebruik ons ‘n net. Net die wat in die net kom, of as ons met ‘n stok vang, die aas eet, word gevang. Ek weet nie of u al vis gevang het met ‘n stok nie, maar dit is vir my nog steeds een van die lekkerste gevoele as die vis byt. O, om te weet nou moet ek hom versigtig inbring, anders verloor ek hom. Dan wanneer ek hom so sien spartel, weet ek dat ek sal al my vernuf moet gebruik om hom geland te kry. Wanneer jy wel die vis ingebring het, is daar nog ‘n tydjie van spartel, maar dan sterf die vis, en word hy dan eers vir my bruikbaar om te gebruik word, of as voedsel of as aas.

Dit is die taak wat Jesus ons opgelê het. Ons moet die aas, met ander woorde, die Woord en lewenstyl, ten toon stel. So ek kan nie ‘n dissipel maak as ek nie self ‘n dissipel is nie. Nee, waarvan ek ‘n dissipel is, is al waarvan ek ‘n dissipel kan maak. Die vis, die ongelowige, moet dit sien en ruik en smaak dat dit aanloklik is en dit wil hê, voordat hy byt. Ek kan nie vir die vis die voordele van my aas vertel en dat my aas al die voedingstowwe bevat wat sal maak dat hy nie meer honger word nie. Nee, die vis moet dit sien en begeer, en dan sal die vis hap. Ek kan nie namens die vis die aas eet nie. Dit beteken dat ek kan nie namens die persoon die HERE aanneem nie. Die persoon self moet besluit dat dit wat hy in my lewe sien, vir hom begerig is, en dan sal hy my kom vra wat hy moet doen. Dan gaan hy spartel want hy wil nie van dit wat hy gedoen het afstand doen nie. Hy gaan baklei, en ek sal al my kragte en vernuf moet inspan om hom te oortuig dat dit vir hom beter is om gevang te word as om in die verderf te bly. Hy gaan nie hou daarvan dat jy hom tereg wys nie. Party gaan jy verloor, maar miskien byt hy later aan iemand anders se aas, of dalk die Satan se aas. Onthou net Gal. 6: 5 *"Want elkeen sal sy eie pak dra".* As ek hom by die HERE gekry het, gaan hy sterf, want ons is nie besig om ‘n akwarium te bou om visse ten toon te stel nie, maar om visse te vang om gebruik te word.

Maar hoe doen ek dit nou regtig?

Deur dit uit te straal in my lewe wat Jesus is. As ek nog baie van myself is, gaan ek ander persone soos myself maak. Ek gaan hulle vertel van my lewenswyse en my teologie en gebruike. Paulus beskryf vir ons in Galasiërs 6 wat mense probeer doen. Vers 12 "*Almal wat 'n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolg te word nie. 13 Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem."* Ek het al hoeveel keer by mense gehoor dat hulle soveel en soveel mense na Jesus toe gelei het. As ek hulle vra hoe hulle opgetree het, het hulle die meeste kere met behulp van ‘n traktaatjie wat hulle iewers gekry het, die evangelie gedeel, en dan word dit gewoonlik afgesluit met ‘n gebed wat die persoon moet bid, of nog ander dink hulle kan die gebed namens die persoon nog doen ook. Dit maak my skoon kwaad as mense so optree, want statistieke oor die wêreld bewys dat slegs 7 % van die persone wat so die evangelie mee gedeel word, werklik later tot bekering kom. So my vraag is dan: Indien jy soveel geleentheid gehad het om die evangelie te deel met mense, hoekom het jy dit nie gedoen nie?

Dit gaan nie oor die deel van die evangelie nie, dit gaan of die persoon begerig is om dit wat hy

in jou sien, te wil hê. Gestel ek kom van ‘n afgeleë deel van die wêreld en het nog nooit gehoor van die Bybel of enige iets rondom dit nie. Nou kom u by my en vertel dat as ek nie Jesus aanneem nie, ek hel toe gaan. Weet u wat my antwoord gaan wees? "Huh?? Waarvan praat jy nou." Indien ek wel iemand sien wat mense gesond maak, of deel wat die HERE op Sy hart het vir my en my van my verlede meedeel soos beskryf in 1Kor.14, dan sal ek begin vra hoe die persoon dit regkry, want ek sal dit ook graag wil hê. So dit help nie ek gebruik al die hulpmiddels in die wêreld nie, ek moet self die paadjie loop, dan sal mense begerig word om hulle lewe aan te pas en te verander.

Dit is dissipel maak.

Moses 2 vers 13:Wat is die HERE vir jou? ‘n Inspuiting of ‘n bloedoortapping?

Dit is nogal ‘n snaakse vraag om te vra vir iemand. Maar, dit is werklik ‘n lewensbelangrike vraag wat gevra moet word. Ons word in ‘n tydperk groot waar permissiwiteit (daai woord), minagting van gesag, en ophemeling van die mens hoogty vier.

Ons hoef net een aand na die televisie te kyk en te sien hoeveel vuil en kru taal, seksuele dade, diefstal, moord en wat ook al vir ons opgedis word deur die media. Om nie eens te praat van al die ophemeling van die mens wat gedoen word nie. Ek onthou toe ek nog jonger was, (ek het nooit gedink ek sal hoef terug te verwys na my kinderdae nie), die tyd lank voor televisie, hoe ons as huisgesin saam geluister het na die radio in die aand. Die kwaaiste woord wat jy dalk gehoor het was dat Oom Bart dalk iets kon sê wat klink soos voertsek, of dalk het een van die Du Plooys van Soetmelksvlei ‘n bietjie hard gepraat, of dalk het een van die "van Helsdingels" iets kwyt geraak. As jy nou regtig wou, kon die vrouens luister na programme soos "So maak mens" met Esme en Jan, of sommer net na die sepies om 3:00 in die middag op Springbok Radio.

Een ding wat wel nie verander het gedurende die tyd nie, is die HERE. Hy het nog al die tyd dieselfde gebly. Die kerk het dalk die boodskap verander of aangepas by ons moderne lewenstyl, maar die HERE self het nie verander nie. Baie van ons dienste wat in die kerk gehou word is nog presies soos dit veertig of vyftig jaar terug was. Nou vind ons dat ons die dienste maar moet begin aanpas om weer die jongmense in die kerk te kry. Maar is dit werklik die oplossing?

In my eie lewe het ek al dikwels in situasies beland waar ek skielik die HERE baie nodig gehad het. Die een keer is my seun, hy was toe net ses, deur ‘n motorkar omgery en het hy maande in die hospitaal deurgebring. Ek het so ‘n inspuiting van die HERE nodig gehad om my net deur die tyd te dra. Gelukkig was die HERE getrou, en het Hy gedoen elke keer soos ek gevra het. Ek onthou die een oggend toe ek voor werk weer by die hospitaal gestop het om hom te besoek. Ek het die oggend die HERE gevra om iets vir my te doen. My versoek mag dalk vir u snaaks of self skokkend wees, maar dit was opreg bedoel. Dit was tien dae na die ongeluk en my seun was nog steeds bewusteloos. Behalwe vir die skedelbreuk en bloeding op die brein wat hy opgedoen het, was sy linkervoet vergruis en kon jy die sool van die voet van die bokant van die voet af gesien het. Die dokters kon toe nog geen operasies doen nie, en die verpleegpersoneel moes maar net seker maak dat daar nie infeksie intree nie. Ek kon dit nie meer vat om hom so te sien ly nie, en het ek gebid en vir die HERE gevra dat wanneer ek bo by my seun sou kom, daar ‘n verandering in sy situasie sou wees. Dat hy of sy bewussyn sou herwin, of dat hy sou sterf en sy lyding verkort word.

Dit klink wreed om so te bid, maar weet u hoe ek gehuil het toe ek bo kom, hom aan sy hand vat en hy vir my sê: "Môre pappa". Die verpleegpersoneel het saam met my gehuil want hulle kon

nie glo dat sy toestand binne vyf minute so drasties kon verander nie. Hulle het net voor ek daar gekom het, nuwe verbande op die voet en kop gesit, en was sy toestand nog soos die vorige dae. Die inspuiting het my vir dae en selfs jare so gedra dat ek net kon weet dat as jy die HERE iets vra, hy dit wel vir jou sal doen.

Daar was ander inspuitings ook. Party het seer gemaak, ander het net verligting in ‘n situasie gebring. Een van die inspuitings wat ek nie graag weer wou gehad het nie, was toe ek my bewussyn herwin het na ‘n blaas operasie en die dokter vir my sê dat die bloeding in my blaas veroorsaak was deur ‘n gewas. Die gewas het hy verwyder, maar hy moes my ongelukkig meedeel dat dit kwaadaardig was. So sonder emosie het hy die doodsvonnis oor my uitgespreek, want almal wat ek geken en van gehoor het wat kanker gekry het, was of dood of het op sterwe gelê. Maar weet u, ek het so gebid dat ek net vir my kinders, die jongste een was toe nog nie op skool nie, kon grootmaak dat hulle nie sonder ‘n vader figuur hoef groot te word nie. Die HERE was getrou, en na drie jaar het die medici besluit dat ek genees is.

Ek weet nie wat u omstandighede is nie. Miskien het u ook sulke inspuitings gehad , of miskien het u ook van die ondervindings soos ek gehad waarop ek nie trots was nie. Tye waar ek keer op keer ‘n verskoning gehad het hoekom ek tydens middagete of net na werk eers ‘n draai by die werk se kroeg of ‘n hotel gemaak het. Ek het mos baie goeie redes gehad, ek moes dan kliënte daar ontmoet. Dan sak jy weer op jou knieë neer en vra vergifnis vir die oortredings, en die HERE gee weer vir jou ‘n inspuiting en kan jy weer aangaan vir ‘n tyd.

Maar weet u, ek het uitgevind dat die inspuitings werk, maar die inspuitings help net vir ‘n tyd. Dan moet ek maar weer vra vir ‘n inspuiting om te kan aangaan. Ander persone se inspuitings dra hulle net van week na week. Hulle wil nie die dienste Sondag mis nie, want daar kry hulle weer "petrol" vir die week om aan te gaan. Of hulle moet by die sel uitkom op in die week want hulle wil net weer hulle geestelike batterye volmaak, hulle inspuiting kry, om weer aan te gaan.

Is dit miskien hoe jou lewe ook is? Die Bybel verklaar vir ons in Esegiël 18 vers 4 dat die siel wat sondig moet sterf. Maar waar is die siel van die mens? Die Bybel verklaar vir ons as volg: Levitikus 17:11 *"Want die siel van die vlees is in die bloed, en Ek het dit aan julle op die altaar gegee om vir julle siele versoening te doen; want die bloed bewerk versoening deur die siel."*

Elke keer wat ek ‘n inspuiting gekry het, het ek slegs probeer om die sonde wat in die bloed of die siel van die mens is, reg te kry. Ek het probeer om die verkeerde dood te maak. Dit is soos wanneer iemand ‘n inspuiting kry teen Vigs. Dit kan nie die Vigs dood maak nie, want dit is in die bloed. Dit help dalk net om die lyding makliker te maak. Maar die gedeelte in Levitikus verklaar ook wat ek moet doen om vir altyd reg te wees. Jesus het Sy bloed op die altaar gestort sodat ons Sy bloed kan kry.

Ek moet myself na Hom vat sodat Hy ‘n bloedoortapping kan doen. My bloed, my lewe, moet ek van ontslae raak, en Sy bloed en Sy lewe ontvang. Dit is wat die HERE van ons verwag. Ek moet myself met Jesus beklee, ek moet ‘n bloedoortapping kry, dan sal ek bly lewe.

Sodra ek dit gedoen het, sal ek nie meer lus voel om al die gemors op TV te kyk nie, en sal ek hulle selfs aanvat oor die perwersiwiteit en geweld en Satanistiese programme wat hulle vir ons opdien. Miskien sal jy dan voel dat jy eerder na die radio sal luister, of dalk begin om die Bybel te ontdek. Ek belowe jou, dit is ‘n reis wat jy nooit die einde van sal bereik nie.

So, as jy volgende keer weer voel dat jy nie meer verder alleen kan aangaan nie, vra Hom of Hy vir jou ‘n bloedoortapping sal gee. Maar onthou Hy kom maak dan woning binne in jou.

Dit is waarvan Esegiël skryf in Esegiël 36 vers 26 *"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee."*

Hoekom moet ons hart ook verander? Want ‘n klip hart kan nie bloed wat lewe gee, pomp nie, slegs ‘n hart van vlees kan Jesus se bloed klop. Maar Hy moet die operasie doen. Ek kan nie myself verander en nou verklaar dat ek Sy kind is nie. Nee, net Hy kan dit doen, maar dan moet jy van al jou bloed en jou lewe ontslae raak, en jou met Sy bloed beklee.

So, volgende keer as jy weer nodig het om ‘n aanraking van die HERE te kry, vra Hom om jou ‘n bloedoortapping te gee, en nie net ‘n inspuiting nie. Hoekom moet ek wag totdat ek weer ‘n aanraking nodig het? Gesonde mense het nie mediese hulp nodig nie. Maar mense wat probleme het, wat nie meer self kan nie, hulle gaan na die dokter toe. So is dit ook met ons geestelike toestand. Eers wanneer ek al my eie planne en medikasie probeer het, kan ek na dié Geneesheer gaan. Dan is ek siek genoeg om ‘n bloedoortapping te kry.

Dit is ook waarvan Jesaja getuig het, toe hy Jesaja 61 geskryf het. Vers 1 *"Die Gees van die HERE HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; 2 om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; 3 om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking."*

Moses 2 vers 14: Wat en hoe moet ons leer?

My grootste probleem met mense is dat hulle wil nie leer nie, of aan die anderkant hulle word nie geleer nie. Nou het ons nog verdere probleme in die dat ons mense het wat glo dat alle profesieë en alle ander verwysings in Jesus vervul is, so ons hoef nie te kyk en te leer uit die Ou Testament nie, want ons is nou deel van die Nuwe Testament. Nog ‘n verdere probleem is dat ons twee hoof groepe in Christenskap mee sit. Die wat onder ‘n koning staan, en die wat onder die koningskap van die HERE staan. Hierdie laaste klomp is maar dun gesaai. Dit klink dalk snaaks, maar gaan lees 1 Samuel 8, dan sal jy sien wat ek bedoel. Die NG Kerk se sinode is vir my ‘n goeie voorbeeld van die wat onder ‘n koning staan. In die verlede as die sinode iets besluit het, was dit wet. So as die koning iets verklaar sal jy dit doen. Nou sê hulle elke gemeente moet besluit oor die gay kwessie, en nou is daar verwarring, want die wat net bevele uitgevoer het, moet nou ewe skielik self besluit. Hulle moet nou self verantwoording neem, en dit weet hulle nie hoe nie. Want wat nou gedoen as ons predikant in sonde leef? Nou sien ek ‘n nuwe credo waarmee hulle uitkom en dit so humanisties is dat dit die HERE en Sy verwagtings heeltemal op die agtergrond skuif. Die eerste reël in die credo word wel aan die Vader gekoppel.

Hier dan die hele credo:

- Ons glo in God Drie-enig, totaal anders, heilig en rein, en Hy is alle lof, eer en aanbidding waardig.

- Ons glo dat God elke mens geskep het na sy beeld; **daarom is elke mens waardevol.**

- Ons bely dat Jesus waarlik mens kom word het om mense uit die mag van sonde te bevry.

- Ons glo dat ons in Christus 'n nuwe identiteit het - Koningskind - uitverkies en geliefd.

- **Ons erken dat ons geroep is om, net soos ons Here, almal wat na sy beeld geskape is, met deernis nederig te dien.** (So sondaars kan maar aangaan en selfs leiersposisies beklee en ons mag niks sê nie. Jesus was verseker nie maatjies gewees met die Fariseërs en skrifgeleerdes nie)

- Ons glo in die Heilige Gees, ons Trooster, wat ons leer om soos ons Leermeester te leef.

- Ons bely dat ons hoogste roeping is om liefde sonder onderskeid aan alle mense te betoon: in ons huise, kerke, strate, stede en land. (Huh. Ek dag die Bybel leer dat jy moet eerstens die Here jou God liefhê en dan jou naaste soos jouself)

- Ons glo in genade, ons beoefen geduld, ons dien en ons vergewe.

- Ons verklaar dat liefde altyd sal wen.

- En hierop antwoord ons almal: Amen, ook vir my.

Die gedeeltes in bold is seker die grootste flaters wat ek nog gesien het, want dit is suiwer humanisties en onbybels. Die Bybel verklaar die volgende *"in wie se oë die verworpene veragtelik is,"* Ps15. "*As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta! (1Kor 16:22)*

Maar terug na my oorspronklike punt.

Nou gee Paulus vir ons 'n skrif wat ek nog nooit iemand oor hoor preek het in my lewe nie. 1Kor. 10 verse 1 -11. Vers elf som dit baie mooi op: *"Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."* So Paulus sê Israel is ons voorbeeld en kan ons al ons antwoorde uit die Ou Testament gaan soek. Indien jy iemand sien iets verkeerd doen sê die HERE vir Esegiël die volgende: *"As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered."* (Eze 33:8-9)

Nou as ons na Israel se geskiedenis kyk sien ons die volgende: *"En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees. Jy moet spreek alles wat Ek jou beveel, en jou broer Aäron moet met Farao spreek, sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek."* (Exo 7:1-2) So hier stel die HERE Moses as Sy verteenwoordiger aan, Aäron as sy profeet, so hy sal Moses se spreekbuis wees, en die Farao as die teenstander, of die Satan. So nou kan ek Israel se tog volg om te sien hoe hulle in Kanaän uitgekom het, wat hulle moes doen, en dit volg in my eie lewe om seker te maak dat ek in Kanaän uitkom, dit wat die HERE vir my het. Dit vertel alles rondom die verbond, want Jesus is ons Lam en so kan ons aangaan. Nou kan ons sien hoe Paulus die mense waarsku om nie afgode te maak nie, seksuele sondes word veroordeel en word daar in Rigters se laaste drie hoofstukke 25,000 manne omkom as gevolg van seksuele sonde. Dan leer ons dat die leiers sal sê soos Aäron gesê het toe hy die goue kalf gemaak het: *"Daarop het ek hulle geantwoord: Wie goud het, laat dié dit afruk! En hulle het dit aan my gegee. En ek het dit in die vuur gegooi, en hierdie kalf het daaruit gekom."* Eks 32 vers 24. Hy neem nie verantwoordelikheid nie. Hy het nie die beloofde land gesien nie. Saam met hom almal wat 20 jaar en ouer was is gedood in die woestyn. *"En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie? En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames? En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie."* (Heb 3:17-19)

Wat probeer ek sê? Ons moet luister na die Heilige Gees. Die Nederlandse Geloof Belydenis van die Calvinistiese Kerke sê net: *"Ek glo in die Heilige Gees".* Wie of wat Hy is word nêrens bespreek nie, en jou gemiddelde lidmaat het nie 'n clue wie of wat Hy is of doen nie. Maar dit is Sy werk: *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;* ***en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van***

oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.” (Joh 16:7-11) So die Heilige Gees gaan kom om ons, alle mense, te oortuig van sonde sodat ons kan weet dat ons ‘n verlosser nodig het, en dan gaan Hy ons soos ‘n Moses vat op ‘n pad om in die werklike Kanaän uit te kom. Dit is ‘n tog wat vir elke Christen wag, maar ons moet kies of ons onder ‘n Koning wil staan of onder ‘n Herder wat ons sal neem na waar ons gevoed gaan word. Glo my daar is baie gemeentes waar jy wel gevoed sal word, maar wees op die uitkyk wanneer hulle soos konings optree.

Jesus self verklaar in sy gelykenis van Lasarus en die ryk man as volg: *“En daar was ‘n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. En daar was ‘n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle ‘n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie.* ***Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.*** *Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.”* (Luk 16:19-31) **Hier wys Jesus daarop dat Hy sal sterf en uit die dode opstaan en tog sal die mense nie tot bekering kom nie, al het hulle die wet en profete.** So ons kan al het ons net die Ou Verbond ons lewe met die HERE regmaak.

So begin die Bybel te lees van voor af en vra dat die Heilige Gees jou sal bystaan elke dag en elke oomblik van jou lewe. Dit is ‘n pad wat soveel genot kan verskaf as jy die regte rigting kies. Dit is ook die pad wat ek neem met predikers wat graag meer wil leer, of mense wat wil seker maak dat hulle in die hemel sal opeindig. En dit is my roeping.

So op ander vrae soos of die doop jou red, nee, net die bloed van Jesus kan jou red, maar jy kan net eenkeer gedoop word om onder die gesag van die Farao, die duiwel uit te kom en jou onder die heerskappy van die Vader sit soos toe Israel uit Egipte getrek het. En dit kan jy slegs doen nadat jy die eerste keer Nagmaal gebruik het. Lees maar Romeine 6 oor wat Paulus daaroor sê. Dit gaan maar terug na die werking van die Heilige Gees, want eers as jy besef jy het ‘n verlosser nodig, kan jou paadjie begin. Eers na jou doop sal jy die doping in die Heilige Gees kan ervaar, en dan sal Hy jou kan leer. So daar bestaan nie iets soos backsliders nie, nee hulle is sondaars en indien hulle gedoop is en besef het wat die doop beteken, is hulle volgens Paulus verdoem. Daarom dat ons leer in die profete en Openbaring dat slegs een derde van mense wat hulself Christene noem, gered sal word met die oordeel in Openbaring. Die ander twee derdes is deel van die hoer. *“Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. Ag, hoe het die getroue vesting ‘n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars! Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water. Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloninge na. Aan die*

wees doen hulle geen reg nie, en die saak van die weduwee kom nie voor hulle nie. Daarom spreek die Here HERE van die leërskare, die Magtige vanIsrael: o Wee, Ek sal vir My voldoening verskaf van my teëstanders en My wreek op my vyande!" Jes 1:20-24)

Ek weet die woorde klink hard en veroordelend, maar ek en elkeen wat glo dat Jesus vir ons sondes betaal het, se roeping is om mense te waarsku dat hulle op die nou pad moet bly. Wanneer moet ek dit doen? *"Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord;* ***hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.*** *Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening. Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou."* (2Ti 4:1-7)

*"****Want daar is baie wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is, veral die wat uit die besnydenis is; hulle mond moet gestop word.*** *Hulle keer hele huise onderstebo deur te leer wat nie betaam nie, ter wille van vuil wins. Een uit hulle, hul eie profeet, het gesê: Die Kretense is altyd leuenaars, ongediertes, lui buike. Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle skerp bestraf, sodat hulle gesond in die geloof kan wees,* ***en hulle nie besig hou met Joodse fabels en gebooie van mense wat van die waarheid afwyk nie.*** *Alle dinge is rein vir die reines; vir die besoedeldes en ongelowiges egter is niks rein nie, maar hulle verstand sowel as hulle gewete is besoedel. Hulle bely dat hulle God ken, maar hulle verloën Hom deur die werke, omdat hulle gruwelik en ongehoorsaam is en ongeskik vir elke goeie werk."* (Tit 1:10-16)

MOSES 3 OOR ALGEMENE LEWENSVRAE

1 Tessalonisense 4: 1- 8

Verder dan, broeders, vra en vermaan ons julle in die Here Jesus dat julle, soos julle van ons geleer het hoe julle moet wandel en God behaag, nog oorvloediger mag wees.

Want julle weet watter bevele ons julle deur die Here Jesus gegee het.

Want dit is die wil van God: julle heiligmaking; dat julle jul moet onthou van die hoerery;

dat elkeen van julle moet weet om sy eie vrou te verkry in heiligheid en eer,

nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie;

dat niemand sy broeder in hierdie saak moet bedrieg en benadeel nie, omdat die Here 'n wreker is oor al hierdie dinge, soos ons aan julle ook vantevore gesê en betuig het.

Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking.

Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie 'n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het.

Moses 3 vers 1:Wat is die HERE se doel met my?

Dit is ‘n vraag wat ‘n mens nogal ‘n lang tyd kan besig hou. Hoeveel keer in my lewe het ek hieroor gewonder, en net wanneer ek dink ek het die antwoord, dan vind ek uit dat dit nie die doel is nie. Verder het ek ook by baie ander mense uitgevind dat hulle ook maar oor dieselfde vraag wonder.

Ons moet ook kennis neem dat daar in ‘n persoon se lewe ook tydvakke is wat jou doel bepaal, en kan ‘n persoon nie sonder meer sê dat dit en dit jou doel in die lewe is nie. As kind het jy ten doel om groot te word, as tiener om ‘n vrou of man te kry, as getroudes om ‘n eie blyplek te kry en kinders groot te maak, as middeljarige om jou kinders getroud te kry, en as bejaarde om jou Saligmaker te ontmoet. Ek onthou nog goed tydens my jaar by Unisa se besigheidskool dat ons ‘n vak gehad het waar ons baie oor doelwitte en doelstellings geleer het. As bestuurder moet jy mos doelstellings hê om na te streef en sekere doelwitte wat gehaal moet word. Hoe anders kan die organisasie dan jou waarde bepaal, of hoe weet jou bestuur dat jy hulle doel vir die organisasie uitleef?

Wanneer ons by ons Christenskap uitkom, dan het baie van ons nie eers een doelwit nie. Ons gaan maar kerk toe, doen wat ons moet, maar dis ook maar al. Die HERE weet mos ek is gewillig om my bydrae te gee en te doen wat ook al die kerkraad my vra om te doen. Wat praat jy nou van doelwitte vir Christenskap. Is dit dalk hoe jy ook voel? Of voel jy dat die HERE jou geroep het vir ‘n sekere doel, soos byvoorbeeld om baie goed in jou beroep te doen sodat jy verskeie bedienings finansieel kan ondersteun. Dit is ‘n baie edelmoedige standpunt, maar ongelukkig nie waar nie. Die HERE se doel is dat elkeen van ons Hom moet liefhê bo alles en ons naaste soos onsself. Nou mag jy dalk vra wat is die verskil. Die HERE wil dat ek en jy nie net ons middele moet gebruik vir Hom nie, maar onsself vir Hom moet gee. Hy wil dat ons Hom sal leer ken, deur Sy Woord, deur met Hom in verhouding te staan, en dan hierdie boodskap van verlossing en liefde sal uitstraal in ons lewe. Dit is die enigste doel.

Maar hoe weet ek dit? Dit is die boodskap van die Bybel. Markus 16:14-20 *"Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle hul ongeloof en hardheid van hart verwyt, omdat hulle die wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie. 15 En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. 16 Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. 17 En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, 18 slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. 19 ¶ Nadat die HERE dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. 20 Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die HERE het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen."* Hier gee die Bybel vir ons in ‘n neute dop, ons doelwit. Ons moet self die evangelie verkondig. Dit beteken nie dat ons almal moet leer om pastore of predikante te word nie, nee, ons moet die boodskap van die Bybel leer, en dit uitleef. Ons moet leer dat ander mense ons elke dag lees, dat hulle

sien hoe jy optree by die werk, by jou huis, by die rugby. Waar jy ook al gaan, moet die mense jou kan lees en moet jy mense se opvatting van die lewe kan beïnvloed, deur Jesus se liefde aan alle mense uit te straal.

Toe die Israeliete in Egipte was, het hulle uitgeroep na die HERE om hulp. Hy het toe hulle noodroep gehoor, en Moses gestuur om hulle uit te lei na Kanaän, al moes hulle tagtig jaar lank wag. Hoeveel mense roep daagliks uit na die HERE in die teenswoordige tyd, en wie sal Hy stuur? Die Bybel leer ons in die bogenoemde gedeelte dat ons die evangelie aan die ganse mensdom moet verkondig, maar sonder ‘n Moses, kan die HERE die roepe van mense nie beantwoord nie. Dit is wat die HERE jou voor wil gebruik. Hy wil dat jy as ‘n Moses vir nuwe kinders van die HERE moet optree. Hy wil dat jy met tekens en wonders soos ‘n Moses van ouds die lewe in Egipte mee afreken. Daarom word in die gedeelte van Markus ook genoem dat die wat glo, tekens en wonders sal doen. Moses het dit gedoen in Egipte, so ek en jy sal dit vandag ook kan doen. Ons moet maar net glo. Wanneer ‘n ongelowige die tekens en wonders sien wat ons as Christene doen, sal hulle weet dat jy deur die HERE gestuur is en hulle kan lei na Kanaän. Wat leer Paulus in 1Kor 14:24: *"Maar as almal profeteer en daar 'n ongelowige of 'n onkundige binnekom, dan word hy deur almal oortuig, deur almal beoordeel; 25 en so kom die geheime van sy hart aan die lig. En so sal hy op sy aangesig val, God aanbid, en verkondig dat God werklik onder julle is."*

Maar, voordat jy by die punt kom waar jy as ‘n Moses kan optree, moet jy eers jouself in ‘n verhouding met die HERE plaas. As jy nie weet hoe nie, moet jy die HERE vra dat Hy vir jou ‘n Moses sal stuur (die Heilige Gees), sodat jy kan sien hoe dit gedoen word, en dan sal jy gereed wees om self as ‘n Moses op te tree. Toe Moses van die berg Sinaï afgekom het en die Israeliete die goue kalf gemaak het, het Moses vir die volk gebid. Daarna het hy ‘n tent buite die laer opgeslaan en dit die tent van samekoms genoem. Elke keer wanneer hy daarin gegaan het, het die heerlikheid van die HERE die tent gevul soos ‘n wolk wat van die hemel afgekom het. Dit is die verhouding wat die HERE met jou en my wil hê. Hy wil dat Sy heerlikheid ons lewe so sal vul dat daar nie iets van ons self sal oorbly nie. Dit is die doel wat die HERE met elkeen van ons het. Hy wil ook nie dat iemand verlore moet gaan nie, maar as ons nie gewillig is om as ‘n Moses op te tree nie, kan Hy jou nie gebruik nie. Dit help nie om te sê ek het nie die gawe om met mense te praat nie, want die meeste van die tyd is dit nie jou woorde wat mense lees nie, maar jou dade. As jy dan nog voel dat jy bedienings wil ondersteun, kan jy, solank as wat jy die hoofdoel nakom. Jou bydrae moenie gesien word as dit wat jy doen nie, maar jou lewenswyse is dit wat tel.

Wanneer jy wel as ‘n Moses optree, moet jy luister na wat die HERE vir jou sê, en nie doen soos wat jy wil nie. Moses het dit gedoen en die rots by Mériba twee maal geslaan, en nie soos God hom beveel het om dit slegs aan te spreek nie, om water vir Israel te verkry. Dit, het Moses sy lewe gekos, asook die eer en voorreg om die volk in Kanaän in te lei. Alhoewel hy by die HERE gesmeek het om die land in te gaan, het die HERE dit nie toegelaat nie. So, ons moet onthou dat gehoorsaamheid is beter as enige offer wat ons aan die HERE kan bring.

Matteus stel die roeping sò: *"28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. 19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. 20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan*

die voleinding van die wêreld. Amen." So, as jy nog wonder waar jy krag vandaan gaan kry om te doen wat die HERE vra, onthou dat Jesus alle krag in die hemel en op aarde ontvang het, en dat Hy die Een is wat die krag verskaf.

Moses 3 vers 2:Wat is die wil van die HERE?

Waar vind ons die wil van God? Kan ons altyd seker wees wat die wil van God is? Is ons nie nou besig met geestelike waarsê nie? Dit is al die tipe vrae wat onmiddellik kan opkom by ons as ons die vraag beantwoord.

So baie mense is al teleurgestel in hulle lewe deurdat hulle gedink het dat dit wat hulle gedoen het of waarby hulle betrokke was, was die wil van God, en tog het alles plat geval. Nou staan ons eenkant en is onmiddellik skepties as iemand net die woorde noem dat hulle die wil van God ken.

Hoeveel keer in my eie lewe het ek gedink dat ek nou presies weet wat die HERE se wil vir my is, net om later uit te vind dat ek die bal heeltemal mis geslaan het. Hoe meer ek die wil van die HERE gesoek het, hoe verder het ek dit gemis. Ek het so vas geglo dat ek die wil van die HERE moet weet voordat ek iets doen, dat as ek terug kyk vandag, ek vir myself kan lag.

Miskien het u dalk ook so ‘n ondervinding of twee. As ek een van die gebeure kan uitlig in my eie lewe, is dit as volg. Ons het in Port Elizabeth gebly, en moes die einde van Junie trek aangesien die huis waarin ons gebly het, weer deur die eienaars benodig was vir van hulle eie mense. Ons is toe ‘n huis aangebied in Sea View, so twintig kilometer buite Port Elizabeth. Ons het geglo dat dit nou die tyd is om ‘n gemeente daar te vestig aangesien daar geen gemeentes was nie. Selfs die mense wat die offer vir ons gemaak het, het geglo dat daar nie ‘n gemeente is nie, en dat hulle ons moet help met die vestiging van ‘n gemeente aldaar.

Nog voordat ons kon trek, het die persone wat die visie vir die gemeente daar gehad het, besluit dat hulle nie deel wil word nie, en het ons alleen soontoe getrek. Ek het nog self so vas geglo dat dit die wil van die HERE is om ‘n gemeente daar te vestig, dat ek uitnodigings na al die inwoners gestuur het dat ons ‘n gemeente daar wou vestig. Groot was my verbasing toe ek uitvind dat daar alreeds vier verskillende groeperings aktief besig was. Ek het toe maar myself by die een groep geskaar, eerder as om met nog ‘n groep te begin.

Die huis wat ons in gebly het was basies op die see. ‘n Mens kan van die woonkamer ‘n klip in die see gooi, sonder veel inspanning. Ek weet, want ek het dit gedoen. Ek het elke dag in die woonkamer gesit voor die rekenaar en begin om hierdie boek te skryf, en so tussen in net die see, walvisse en dolfyne bewonder. Eintlik wou die HERE ons net bederf deur vir ons ‘n gratis vakansie van oor die drie maande by die see te gee, en is dit ook die plek waar ek soveel geleer het by Hom dat ek hierdie boek kon skryf. Dit was Sy wil vir ons. Sy wil vir ons, en dit wat ek gedink het Sy wil was, was wêrelde verwyder van mekaar.

Is dit dalk ook jou ondervinding?

So, hoe vind ek uit wat die wil van die HERE is? Voordat ek die vraag kan beantwoord, moet ek eers uitvind wat die motief agter die vraag is. So baie kere wil ons graag die wil van die HERE weet net om my lewe makliker te maak. My redenasie is dat sodra ek weet wat die wil van die HERE is, kan ek my besluit maak en sodoende baie angs en verdriet gespaar word.

Kom ek gee vir julle ‘n voorbeeld. So ‘n lang ruk gelede(17 jaar), was ons by ‘n diens in ‘n gemeente, en so toevallig het die prediker genoem dat daar baie persone in die gemeente was wat al hulle pensioengeld verloor het deur persone wat met slinkse beleggingsplanne gekom het, en dan die mense ingeloop het. Van die pensioenarisse het dan konsuis ook van die HERE gehoor dat die beleggingskema reg was, en dat hulle sommer vinnig hulle pensioengelde sou verdubbel. Die prediker se gebed was dan ook dat die HERE vir hulle sou wys watter skemas reg en verkeerd is.

Hoe bring ons dit by die wil van die HERE? Wat verklaar die Bybel oor ons houding jeens ons geld? Hebreërs 13 vers 5 *"Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."* Wat sê Salomo daaroor in Spreuke? "Spreuke 23:4 *Vermoei jou nie om ryk te word nie, laat staan jou slimheid. Spreuke 28:20 ‘n Betroubare man is ryk aan seëninge; maar hy wat haastig is om ryk te word, sal nie ongestraf bly nie. Spreuke 28:22 ‘n Afgunstige man oorhaas hom om ryk te word, en hy weet nie dat gebrek oor hom sal kom nie."*

Dit is wat die Bybel verklaar. Ons moet nie sukkel om ryk te word nie. Hoekom nie? Hoe verklaar Jesus dit vir ons in Mattheus? "*Mat 6:28 En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; 29 en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlikheid nie bekleed was soos een van hulle nie. 30 As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in ‘n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? 31 Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? 32 Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. 33 Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. 34 Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad."*

Hieruit sien ons dat Jesus verklaar dat ons in geloof, in totale afhanklikheid van Hom, moet lewe. Maar, dit is nie hoe ons wil lewe nie. Ons wil so graag in beheer bly dat ons kan besluit wat ons wil doen, dat ons nie die HERE geleentheid wil gee om met ons lewe te deel nie. So nou gaan soek ek iemand om vir my te sê dat dit is wat die HERE wil hê dat ek moet doen. Ek wil nie verantwoordelikheid neem vir my dade nie. As dinge verkeerd gaan, dan kan ek mos die HERE daarvoor blameer. Of dalk die persoon wat vir my gesê het om dit te doen. Ek, nee ek, sal mos nie iets verkeerd doen nie.

So wat is dan reg? Mag ek dan nog vra dat die HERE se wil geskied? Verseker. Ons weet dat die HERE se wil in almal se lewe is dat niemand verlore sal gaan nie. Daar kan ons begin. Daarna weet ons dat die HERE wil dat almal tot die volle grootte van Christus sal kom.

Maar wat van Sy wil in my lewe? Afhangende van wat die vraagstuk is, wil die HERE dat ons in

afhanklikheid van Hom sal lewe. Nou wat van my beleggings? Die HERE het vir ons ‘n gesonde verstand gegee om alles te ondersoek en die goeie te hou. As ek ‘n verkeerde besluit neem, moet ek ook die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Wat nou van my lewensmaat? As jy die besluit van ‘n lewensmaat kan neem sonder om finansies en fisiese aantrekkingskrag in ag te neem, is dit die maat wat die HERE vir jou het. Onthou net die basiese riglyne. Moenie met ‘n ongelowige trou en hoop dat die persoon se lewe sal verander nie. Nee, die HERE sal die regte lewensmaat oor jou pad bring, een waaraan jy nie hoef te torring nie. Een wat jou gaan respekteer, en nie een wat jou met sy vuiste of sy woorde gaan bykom nie.

Mag ek dan nog vra wat die wil van die HERE is? Natuurlik. Die gebed wat Jesus Sy dissipels geleer het bevat dan ook die sinsnede *"Laat U wil geskied soos in die hemel net so ook op die aarde;"* Dit verklaar egter iets omtrent die wil van God, naamlik dat Sy wil op aarde en in die hemel dieselfde is. Hy wil dit vir ons tot ons beswil laat geskied. As ons dink aan Jesus in die tuin van Getsémané, het Hy ook gevra dat die beker by Hom sal verby gaan, maar nogtans dat die Vader se wil sal geskied. Indien die Vader dit sou laat verbygaan, sou Sy hele verlossingsplan in duie gestort. Maar Hy het Sy wil laat geskied, sodat ons gered kan word.

Dit klink vir my of die HERE wil dat wanneer ek na Sy wil vra, ek eerstens moet kyk na wat die beste vir my is. Ons wil so graag vir die HERE voorskryf dat indien Hy iets sal doen vir ons, ons so baie vir Hom sal doen. Hy het nie ons werke of beloftes nodig om te doen wat Hy moet doen nie. Hy wil dat ons gered sal word, en dit is uit genade. So as ek iets van die HERE vra, moet dit nie inmeng met Sy plan vir my lewe nie.

As dit is vir ‘n nuwe werk, dink baie mooi daaroor of dit jou gaan baat, om meer geloof op te wek in jou, of gaan dit jou dalk minder afhanklik van Hom maak. Gaan dit maak dat jy finansieel dalk nie meer nodig het om Hom in die oë te kyk nie. So voordat ons iets vra, of na die wil van God vra, moet ons kyk wat die effek daarvan op my persoonlike verhouding met die HERE gaan hê. Indien dit my minder afhanklik gaan maak van Hom en maak dat ek minder geloof nodig het om daagliks te kan lewe en so my verhouding met Hom negatief gaan beïnvloed, moet ek twee keer daaroor dink. As dit my omstandighede sal verbeter sodat ek meer tyd aan my huisgesin en die HERE kan spandeer, is dit heel moontlik van Hom. Ondersoek net al die gevolge, en moenie net vas kyk in die finansies nie.

Ek sê nie dat jy maar moet aangaan in ellende nie, nee, die HERE wil dat ons genoeg sal hê. Maar, Hy wil nie dat een van ons verlore sal gaan nie. Hy wil dat ons nog altyd na Hom sal opsien as bron van ons lewe.

So is dit met aspek van my lewe. Voordat ek vra na die wil van God, moet ek eers my hart ondersoek of dit wat ek wil weet, nodig is, en of dit my enigsins gaan baat. Baie maal wil die HERE ook nie dat ons sal weet wat Sy wil is nie, want indien ons sou weet, sou ons nie kans sien om daar deur te gaan nie. Wanneer sulke tye in ons lewe opduik, is dit dalk nie omdat ons in sonde verval het nie. Nee, baie maal gebeur dinge juis om ons nader aan God te bring. Kyk hoe stel Daniël en Petrus dit.

"Daniël 12:10 Baie sal gereinig en gesuiwer en gelouter word, maar die goddelose sal

goddeloos handel; en geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan."

"1 Petrus 1:3 Geseënd is die God en Vader van onse HERE Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode, 4 sodat ons 'n onverganklike en onbesmette en onverwelklike erfenis kan verkry, wat in die hemele bewaar is vir ons 5 wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd. 6 Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, 7 sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus; 8 vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap, 9 en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry."

So, wat is die wil van God in my lewe, en hoe vind ek dit uit? Ken die Woord van God. Dan sal jy kan weet wat Sy uitspraak is oor basies alle fasette van lewe, of dit nou lewensmaat, werk, of wat ook al is. Onthou net God praat baie maal met ons deur ons omstandighede ook. Miskien kry jy 'n droom waar die HERE vir jou iets wys. Later in jou lewe vind jy uit dat dit wat die HERE vir jou gewys het, het alreeds gebeur. So moet ons net fyn luister met al ons sintuie na wat die HERE wil in ons lewe.

Kom ek gebruik weer myself as voorbeeld. Toe ons aan die einde van ons tyd in Port Elizabeth gekom het, was ons in 'n redelike moeilike situasie. Al die mense wat ons kon bedien, kon geen finansiële bydrae maak nie. My vrou, Hettie, het op die tydstip tien persone per week gesien in haar bediening waarvan slegs een kon betaal. My werk, ek het 'n tentmakerbediening, het so 'n afplatting gehad dat daar toe vir die afgelope twee maande slegs R1100.00 in gekom het. Net ons huur was R1500.00 per maand.

Ek het die oggend die HERE gesoek vir rigting, vir Sy wil, vir uitkoms. Ek het ervaar dat ons moes oppak en terug gaan na Pretoria, aangesien my werk 'n groter kans vir sukses daar het. Ek het niks vir Hettie gesê nie, maar het geglo dat die HERE ook met haar daaroor sou praat. Sy het tussen die oggend en middag afspraak gaan skuins lê om weer haar kragte aan te vul, en ook om te hoor wat die HERE in die middag afspraak se lewe wou hê.

Sy het opgestaan en na my gekom en gesê sy ervaar dat ons terug moet gaan Pretoria toe, waar ons vandaan gekom het. Sy het die hoof van 'n bediening in Pretoria geskakel waarmee sy nou en dalk geskakel het. Dié het haar meegedeel dat Hettie maar kan pak, daar is soveel mense wat gehelp moet word.

Was dit die wil van die HERE? Ek weet dit was. Ons het binne tien dae alles gepak, trek gereël, voldoende fondse gekry om al die kostes kontant te kon betaal, en dit op maniere wat ons net dronk geslaan het, en verblyf gekry in Pretoria. Daar aangekom, het Hettie onmiddellik soveel afsprake gehad, dat sy vir die eerste vier maande alle onkostes kon dra net uit haar inkomste.

Ek wil graag die gedeelte afsluit met wat ek vroeër aangehaal het uit Mattheus 6 vers 34 *:" Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad."*

Kom ons leer vandag wat die Bybel, die Woord van God sê, en doen dit, voordat ons ons kwel oor wat die HERE se wil vir my is.

Moses 3 vers 3:Wat sê die Bybel oor dié onderwerp?

Nou mag u wonder oor watter onderwerp, want ek het geen onderwerp genoem nie. Dit is juis waaroor hierdie vraag handel. Ons wil so graag hoor aangaande wat die Bybel oor ‘n spesifieke onderwerp leer, dat ek altyd net ‘n versie in die Woord soek wat of dit toelaat, of dit verbied.

Ek wil die vraag na aanleiding van ‘n paar voorbeelde beantwoord. Wat leer die Bybel oor hipnose? Word dit toegelaat of verbied? Die woord of term hipnose kom nêrens in die Bybel voor nie, so wat maak ek nou? Die Bybel verklaar wel in twee gedeeltes waarom hipnose nie ‘n gebruik is wat deur Christene behoort gevolg te word nie.

Die eerste kom uit Spreuke 25 vers 28. *" 'n Afgebreekte stad sonder muur, so is 'n man wat sy gees nie kan inhou nie."* Die Engels stel dit eintlik beter in die Amplified. *"He who has no rule over his own spirit is like a city that is broken down and without walls."* Die gedeelte verklaar dat indien ek nie beheer oor my eie gees het nie, ek myself oopstel vir die vyand om te plunder soos wat hy wil. Dit is presies wat gebeur tydens hipnose. Ek laat ‘n ander persoon toe om beheer oor my denke en verstand te kry en sodoende kan die persoon net doen wat hy/sy wil. ‘n Ondersoek wat in die VSA gedoen is rondom hipnose en die effek daarvan op verskeie persone, het gevind dat sielkundiges al hoe meer en meer hipnose gebruik om oorsake van traumas in te plant by pasiënte, en sodoende vir die persoon ‘n rede verskaf hoekom daar ‘n trauma in sy/haar verlede gebeur het. Dit is die inplanting van ‘n leuen, en moet ten alle koste verhoed word.

Nou moet ons ook onthou dat leuens word nie net deur hipnose ingeplant nie. ‘n Baie interessante ontdekking wat hulle ook tydens die studie gemaak het, is dat indien ‘n persoon toegelaat word om ‘n storie uit te dink oor ‘n traumatiese gebeurtenis, 25 % van die persone hulle storie as waar sal vertel na verloop van tyd. So, dit is nie net hipnose wat leuens kan inplant nie, maar onsself ook as ons toelaat dat ons gedagtes en drome ons oorheers, en nie dit wat die HERE vir ons beplan nie. So ‘n persoon het toegelaat dat sy stad se mure onbewaak was.

Die tweede gedeelte kom uit 1 Petrus 5:8 *" Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."* Die gedeelte lig ons nie net in oor wat gebeur as ons in dronkenskap verval nie, maar stel dit gelyk daaraan om jou waaksaamheid te laat vaar. Wanneer ‘n persoon vir hipnose gaan, verloor jy definitief jou waaksaamheid, aangesien jy nie beheer het oor wat met jou gebeur nie. Dit is wat Petrus hier oor waarsku. Ek moet onder geen omstandighede toelaat dat ek my waaksaamheid verloor nie, want dit is dan dat die vyand kan inkom en my besmet, sonder dat ek daarvan bewus is.

Wat van depressie? Dit is een van die moeiliker onderwerpe waaroor daar al baie geskryf is, maar waar daar ook baie verskillende opinies oor is. Wanneer iemand in depressie verval, is dit gewoonlik as gevolg van spesifieke omstandighede in ‘n persoon se lewe, wat sekere eise aan die persoon stel, of omdat ‘n persoon sekere omstandighede moet verwerk. Ek kan net meedeel

dat ek baie nou betrokke was in ‘n depressie geval, en kon nie self indink wat die probleem was nie, aangesien dit nie vir my ‘n probleem was nie. En deesdae met my lewe as kankerlyer, is dit partykeer moeilik om nie depressief te wees nie. Maar moenie dat dit jou toekoms steel nie.

In die meeste gevalle van depressie gaan dit nie vir jou as normaal denkende persoon na ‘n probleem klink nie, maar vir die persoon wat dit deurgaan, is dit ‘n krisis tydperk. Maar wat sê die Bybel daaroor? Ek kan nie vinnig dink dat die Bybel iets direk daaroor te sê het nie, maar dat persone deur soortgelyke omstandighede gegaan het in die Bybel se tyd, staan soos ‘n paal bo water. Dink maar aan Job se situasie. Hy het alles verloor, kind, vee en alles wat hy besit het. So, sy omstandighede het alles bevat wat ‘n staat van depressie sou aanhelp. Het hy verval in depressie? Verseker. Hoe het sy vriende opgetree? Hulle het die probleem by Job gesoek. Is dit waar die probleem was? Ja, maar nie soos sy vriende gedink het nie. Job moes erken dat dit waarvoor hy die bangste was, met hom gebeur het. Sy reaksie op die omstandighede wat die HERE toegelaat het, het gemaak dat hy in depressie verval het. Wat was sy oplossing? Hy moes net erken dat die HERE in alles die beste weet, en dat ons in alles op Hom moet vertrou. Die oomblik toe Job sy knie buig voor die HERE, en homself aan die HERE onderwerp, het alles verander na wat dit voor die tyd was. Die Bybel verklaar selfs dat sy lewe beter was as voorheen.

So is daar ook ander gevalle, soos Jona wat kwaad word omdat die HERE sy skaduwee wegneem nadat die HERE besluit het om Nineve te red. Hy kon nie saamleef met die besluit van die HERE nie. Dan is daar Elia wat weghardloop nadat hy al die Baäl profete dood gemaak het, omdat hy bang is vir Isebel. Hierdie groot name in die Bybel het almal verval in depressie omdat hulle nie kon glo dat dit is hoe die HERE optree nie. Dink maar aan Dawid, wat homself kranksinnig hou omdat hy bang is vir Saul. Hy omring homself met almal wat "wash outs" was. Maar Dawid gee ook vir ons die oplossing. Hy begin om God te prys en te loof vir wie Hy is, en kry vrymaking. Dit is wat die HERE van ons verwag. Ons kan nie vrae aan die HERE vra oor hoekom goed gebeur nie. Israel het dit ook gedoen en die HERE het hulle deur Jesaja geantwoord deur te vra hoe hulle as die pot, die pottebakker kan voorskryf oor wat Hy met hulle kan doen.

Dit bring my by wat ek eintlik oor wil skryf. Ons almal het vrae oor hoe ons as Christene onder sekere omstandighede moet optree. Wat doen ons? Ons soek ‘n versie wat dit vir ons sal duidelik maak. Maar weet u dat dit nie die oplossing van die probleem is nie. Ons wil so graag ‘n kits oplossing hê vir al ons probleme. Maar die HERE wil nie dat ons ‘n kits oplossing sal kry nie. Toe Hy Sy Seun Jesus gestuur het om vir ons sonde te sterf, was dit nie ‘n kits oplossing nie. Hy het al 4000 jaar voor die tyd van Jesus se geboorte besluit dat Hy ‘n oplossing het. Maar Hy moes eers die mense leer om Hom lief te hê voordat Hy ‘n oplossing kon gee.

Hoeveel kere het jy al ‘n versie gesoek net om te kan aangaan? Of dalk het jy net skielik ‘n versie gehad om vir iemand wat deur moeilike omstandighede gaan, te gee. Dalk het dit ook gehelp. Hoeveel male het ek al versies gesien wat gedruk is op gemeente afkondigings of op ‘n los blaadjie, wat jou help om gewapen te wees net indien jy dalk iemand ontmoet vandag wat ‘n versie nodig het. Dit, maak ons versie-Christene, nie dissipels nie.

Wat sê ek eintlik? Dat dit nie help om net die regte versie vir die regte geleentheid te hê nie,

maar dat ek in my verhouding met die HERE so sal groei dat ek nie nodig het om aan ‘n versie vas te hou nie, maar dat ek aan Hom kan vashou. Dat ek instinktief sal weet wat reg of verkeerd is.

Het u al ooit gewonder hoe ‘n dier weet wat hy kan eet en wat nie? Vir watter diere hy voor moet oppas, en watter diere hy mee saam kan wy. Die kleintjies leer dit by hulle ouers, maar ook word dit so deel van die dier, dat dit in sy gene oorgedra word. Ons sê altyd dat ‘n dier instinktief weet hoe om op te tree. Hoe gebeur dit by ‘n mens? Deur Jesus te volg en toe te laat dat ek net soos Hy sal optree. Hy moet my voorbeeld in alles wees. Ek kan nie dink dat ek nie soos Hy kan wees nie, want ek moet verander en soos Hy word as ek Sy dissipel wil wees. Maar meer nog. Esegiël stel dit vir ons baie duidelik. Esegiël 36:26 *"En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee."*

Ek moet die HERE se wet in my hart ontvang. Dit sal my hart verander, want dan sal ek soos Hy kan optree. Die HERE wil so graag dat ons elkeen so na aan Hom leef dat Hy nie nodig het om met ons deur omstandighede te praat nie. Hy wil so graag dat Hy jou elke oomblik van die dag kan lei, dat Hy elke oomblik van die dag met jou gemeenskap kan hê. Maar ons soek nie na Hom nie. Ons soek net na redes hoekom ons so en so moet optree, of wat reg en verkeerd is.

As ek kan teruggaan na Job se geval. Hy het met sy vriende geredekawel. Hy wou sy standpunt dat hy regverdig is voor God en sonder sonde is, en daarom onregverdig deur die HERE gestraf word, op sy vriende afdwing. Net so wou sy vriende hulle standpunt op hom afdwing, dat hy gesondig het en die HERE hom nou straf. Maar gelukkig was daar ook iemand wat nie net uit hulle self gepraat het nie, maar hulle almal daarop gewys het dat dit die HERE is waarna ons moet gaan, en Hom as ons Heer en Meester aanvaar. Ons kan nie ons wil op Hom afdwing nie.

Hoor hoe sluit Job af nadat die HERE met hom gepraat het: Job 42:2-6 *"Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. 3 Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. 4 Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my! 5 Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. 6 Daarom herroep ek en het berou in stof en as."*

Vers 4 is vir my die sleutel : ***"Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my!"*** Dit is wat die HERE wil hê in ons lewe. Dat ons Hom sal ondervra, en dat Hy ons kan onderig. Dit help nie ek hardloop na elke pastoor of dominee of sielkundige toe met my probleme nie, ek moet die HERE daarmee nader, sodat ek van Hom kan leer. Dan sal dit met my wees soos met Elihu, Job se vriend. Hoor hoe stel hy dit Job 32 vers 8 en 9: *"Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak. 9 Nie die bejaardes is wys nie, en nie die oues verstaan wat reg is nie."*

Ek wil graag die vraag afsluit met die volgende. Wanneer jy weer ‘n vraag het oor ‘n onderwerp en jy nie seker is dat dit reg of verkeerd is nie, maak seker dat jy die HERE vra wat reg of verkeerd is. Ondersoek Sy Woord, vra Hom, totdat jy die antwoord self kry. Die HERE wil so

graag dat Hy ons leer. Vra dat Hy deur Sy Gees met jou gees sal praat en jou onderrig aangaande alle dinge.

Onthou om op Sy Woord te staan, nie net ‘n versie nie.

Moses 3 vers 4:Hoe moet ek my kinders groot maak?

In vandag se lewe, met al ons sosiale vooruitgang, wonder ons baie maal of ons ons kinders nog reg groot maak. Ons leer so dat ons die kinders se regte moet beskerm, dat ons nie lyfstraf mag toepas nie, dat ons hulle moet toelaat om die lewe self te ontdek, dat ons nie twee kinders dieselfde kan grootmaak nie, en sommer nog ‘n klomp ander maniere van kinders grootmaak.

Maar iewers langs die pad is alles nie pluis nie. Kinders wil hulle nie meer aan gesag onderwerp nie, misdaad syfers onder kinders skiet die hoogte in, en so word die een geslag net erger as die vorige geslag. Maar dit is nie iets nuut nie. Ons kan nogal baie uit die Bybel leer oor hoe om kinders groot te maak. Daar is nie net duidelike riglyne nie, maar ook goeie voorbeelde wat ons kan gebruik om vir ons riglyne daar te stel oor hoe ons die taak moet hanteer.

Ek wil graag begin deur ‘n paar voorbeelde uit te lig in die Bybel. Gedurende die konings tydperk in Israel, het dit ook maar gegaan soos dit vandag by ons gaan. Ons sien dat elke geslag net verder en verder in afgodery as die vorige geslag verval het, totdat die HERE ‘n einde daaraan gemaak het en hulle weggevoer het na Babel. Maar weet u reeds voor die tyd was daar ‘n voorbeeld vir ons in die Bybel. Ek wil graag die verhaal van Eli en sy twee seuns gebruik.

Eli was hoë priester vir Israel en het die HERE gedien. Maar, daar het ‘n dag gekom wat die HERE met Eli gepraat het deur ‘n onbekende persoon wat net genoem word dat hy ‘n man van God was, oor wat met Eli en sy seuns sal gebeur. Ons almal ken die verhaal van wat later gebeur het dat Eli en sy twee seuns op een dag gesterf het.

Maar, waarom was die HERE kwaad? Dit is hoe die Bybel dit stel. *“Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie.”*

Dit is vir my verbasend dat die Bybel kan verklaar dat iemand wat in die tempel groot geword het, nie die HERE geken het nie. As ons vandag nog na die ortodokse Jode kyk, sal ons weet dat indien ‘n seun as rabbi wil optree, moet hy op vyfjarige ouderdom die wet, vir ons die eerste vyf boeke van die Bybel, uit sy kop uit ken. Teen mondigwording, moet hy die hele Torah ken. Eli se seuns is grootgemaak om hom op te volg as hoëpriester, so hulle moes die wet en al die gebruike geleer het as kinders. Hulle was immers priesters.

Wat was hulle probleem? Hulle wou nie onder gesag staan nie. Dit is wat verder in die verhaal staan. *“Selfs voordat hulle die vet aan die brand steek, kom die dienaar van die priester en sê aan die man wat offer: Gee vleis om vir die priester te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou neem. As die man vir hom sê: Laat hulle net eers die vet aan die brand steek, neem dan vir jou soos jou siel begeer--dan sê hy: Nee, maar jy moet dit nou gee; en so nie, dan neem ek dit met geweld. En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE, want die mense het die offer aan die HERE verag.”*

Klink dit dalk bekend? Is dit nie wat baie kinders vandag doen nie? Hulle het geen ontsag meer vir enige persoon nie. Maar hoekom gebeur dit? Ons as ouers het soos Eli geword. Ons laat ons kinders toe om te doen dit wat verkeerd is. Ons leer hulle nie meer om hulle aan gesag te onderwerp nie. Hoe het Eli opgetree teenoor sy kinders? *“en as hy hoor alles wat sy seuns aan die hele Israel doen, en dat hulle gemeenskap hou met die vroue wat dien by die ingang van die tent van samekoms, dan sê hy vir hulle: Waarom doen julle sulke dinge, dat ek van hierdie hele volk julle slegte dinge moet hoor? Dit moenie wees nie, my seuns, want dit is geen goeie gerug wat ek hoor nie; julle maak dat die volk van die HERE oortree.”* Hoeveel keer het ek dit beleef dat daar van kinders gesê word dat hulle maar net op hierdie en daardie stadium is. Want u sien, hulle het nooit geleer om hulle te gedra nie. Daar is maar net elke keer toegegee aan hulle eise, en nooit is daar straf uitgedeel vir verkeerde optrede nie.

Ongelukkig is daar geen stadiums wat kinders moet deurwerk nie, maar is dit ons as ouers se plig om hulle nie net inligting te verskaf nie, maar ‘n opleiding te gee, want dan sal dit nie nodig wees vir stadiums nie. Dit is wat Eli se fout was. Hy het hulle slegs ingelig dat hulle verkeerd optree. Daar was geen opleiding nie.

Maar wat is die verskil tussen die twee begrippe? Om iemand te onderrig, is om kennis mee te deel. Dit is hoe ons skool stelsel werk. Daar word inligting gegee, en dan word die kinders getoets of hulle die inligting kan weergee. Opleiding aan die ander kant, is om gewoonte patrone vas te stel. Dit is soos om iemand te leer om ‘n kragprop te vervang. Indien ek net al die inligting vir hom gee, gaan die persoon dalk nog steeds deur die krag geskok word, want hy weet nie hoe om dit te doen nie. Indien die persoon egter opleiding gekry het oor hoe om dit te doen, kan hy uit voorbeelde wat hy waargeneem het, geleer het, en is die kanse skraal dat hy geskok sal word.

So as ons na kinderopvoeding kyk, is opleiding dus om karakter te vorm, om te onderrig deur oefening, gehoorsaam te maak deur bevele, om in ‘n presiese rigting te wys, om hulle voor te berei vir die stryd. Dit beteken dat die kind moet leer om nie net te hoor nie, maar ook om te gehoorsaam.

Nou mag u dalk sê maar dit is die outydse manier van kinders grootmaak. Ons lewe in ‘n nuwe tyd waar ons die sielkundige manier volg. My vraag aan u is onmiddellik: Hoekom is die resultate tussen die twee maniere dan so verskillend? Vroeër het kinders geweet hoe om hulle te gedra. Baie kinders van vandag het nie ‘n idee van hoe om op te tree nie. Hoe stel Spreuke dit *: “Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.”* Indien u baie sterk voel oor u manier van kinderopvoeding, dink ek nie dat u van standpunt sal verander nie. U glo dat wat u doen en hoe u dit doen reg is. Maar die gedeelte uit Spreuke bevraagteken juis hierdie gedrag.

Ons lewe in ‘n eeu waar die mens baie eerder die skepsel sal glo as die Skepper. U sien, die HERE is al van die begin van die aarde daar en het almal in die Bybel geleer hoe om kinders groot te maak, vir so om en by 6000 jaar lank. Maar ons is baie vinnig om liewers te luister na iemand wat dalk 4 jaar op universiteit was, en dalk ook ‘n paar jaar praktiese kennis het. Ons maak net soos Eli se kinders wat hulle nie onder die gesag van God wou skaar nie. U sien, ons kan nie net een gedeelte van die Bybel aanvaar nie. Ons kan nie net maar glo dat net Johannes

3:16 vir ons bedoel is nie. Nee, ons moet die totale pakkie wat die HERE vir ons gee in die Bybel, aanvaar. Dit is hoe die HERE dit aan Eli stel :"*Waarom verag julle my slagoffer en my spysoffer wat Ek in my woning beveel het, en eer jy jou seuns meer as vir My deur julle vet te voer met die beste van elke offergawe van my volk Israel?"* U sien, Eli het ook gedink hy voed sy kinders reg op, maar dit is nie wat die HERE gedink het nie.

So wat leer die Bybel dan? Ek wil graag net 'n paar verse uit Spreuke deurgee, en dan enkele indrukke daaroor gee.

Spreuke 14:24 Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging.

Spreuke 19:18 Tugtig jou seun, want daar is hoop; maar laat dit nie in jou opkom om hom dood te maak nie.

Spreuke 23:13-14 Hou die tug nie terug van die seun nie; as jy hom met die roede slaan, sal hy nie sterwe nie. Jy sal hom wel met die roede slaan, maar sy lewe van die doderyk red.

Spreuke 29:15 Die roede en die bestraffing gee wysheid; maar 'n seun wat aan homself oorgelaat word, steek sy moeder in die skande.

Spreuke 29:17 Tugtig jou seun, dan sal hy jou rus gee en aan jou siel vreugde verskaf.

Spreuke 22:15 As die sotheid vassit in die hart van die seun, die tugroede sal dit daaruit verwyder.

Onthou net, u optrede sal nie 'n kind beperk nie. Na alles wil ons graag hê dat ons kinders sonder inhibisies en vry moet groot word. Ons moet besef dat ons nie die kind se gees vernietig nie, maar dat ons van die opstandige wil ontslae wil raak wat hom later in groot moeilikheid kan laat beland, as dit nie bedwing word nie. Wanneer die roede in die regte gees en selfbeheersing en in liefde gebruik word, sal dit liefde gee.

'n Opmerking wat baie gehoor word is dat elke kind anders is en volgens sy reaksie berispe moet word. Dit is seker so dat elke kind sy eie temperament en persoonlikheid het, maar dit verander niks aan die saak dat elke kind met 'n self gesentreerde sondige natuur gebore is nie. Daarom moet elkeen op die plek gebring word waar hy hom gewillig aan die Godgegewe outoriteit sal onderwerp. Dit moet gedoen word deur God se manier van onderrig te volg, naamlik die roede en tugtiging. Onthou asseblief dat kinders dink jy het 'n gunsteling as hulle nie almal dieselfde behandel word nie. Dit vereis geloof aan jou kant. Glo en pas toe wat in die Woord staan en laat die res aan God oor. Hy weet hoe om Sy Woord te laat werk.

Hoe pas ons die metode van die Bybel toe? Die eerste beginsel wat geleer moet word is

dissipline. Wat is dissipline? Dissipline is die vermoë om jou wil te beheer en om jouself te onderwerp aan opgestelde vereistes, en dit word geleer deur die roede te gebruik. Die pyn wat deur die roede veroorsaak word reinig die innerlike van ‘n kind. Dit boesem ‘n gedetermineerdheid in om te doen wat reg is. Dit forseer die kind om te dink voordat hy doen. Om ‘n voorbeeld te gebruik. Ek weet van ‘n dame wat drie seuns in die huis gehad het, en indien sy hulle iets vra, moes sy so by die derde maal baie hard praat, eintlik skreeu, voordat hulle haar sou gehoorsaam. Sy het besluit om te doen wat die Bybel verklaar, en na die eerste keer na hulle kamers gestap en die roede gebruik. Die seuns was baie verbaas, want hulle was gewoond om te wag vir die derde keer se skreeu voordat hulle hoef op te tree. Hulle het daarna op die eerste bevel gereageer.

Wat daar gebeur het, en dit bring my by die tweede punt, is dat daar grense gestel is. Die seuns het geweet dat wanneer ma iets vra, moet dit onmiddellik gedoen word, anders volg die roede. So is dit met alles in die kind se lewe. Indien daar nie grense gestel word nie, heers daar onsekerheid en weet die kind nie hoe om op te tree nie. Indien daar wel grense gestel word, is daar veiligheid vir beide die ouer en kind. Dan sal die kind weet tot waar hy kan gaan, en die ouer sal weet wanneer om op te tree. Natuurlik sal die kind probeer om die grense te toets, maar die ouer moet nie ingee nie. Dit verg dus dissipline aan beide die ouer en die kind se kant. ‘n Voorbeeld wat ek wil gebruik is die bevindinge van ‘n toets wat met kleuters in die VSA gedoen is. Hulle het ‘n speelterrein vir kleuters in die middel van ‘n besige hoofweg ingerig. Die eerste dag was die terrein met dik tydelike mure toegemaak, en het hulle gevind dat die kinders tot teen die mure gespeel het, terwyl motors teen 80 kilometer per uur slegs enkele meters van hulle af verby gesnel het. Die volgende dag het hulle die mure verwyder, en het die kinders angsbevange in die middel saamgedrom en glad nie eers probeer om te speel nie. Hoekom nie? Want hulle grense was verwyder. Dit is ook hoe dit met ons en ons kinders gaan. Indien ons weet waar die grense is, weet ons hoe om op te tree, maar wanneer ons nie grense het nie, weet ons nie hoe om op te tree nie.

Hoe gaan die kind probeer om die grense te toets? Deur nukkerigheid en woede aanvalle. Wat is die oplossing? Gebruik die roede, dit is die enigste manier om die selfsugtige wil van die kind in toom te hou. Onthou net, opleiding sal nie ‘n kind se gees skade aan doen nie, dit sal net sy eie wil in toom hou en verantwoordelike keuse en besluite vestig. Die Woord van God bewys dat ‘n kind se persoonlikheid en karakter op die manier ten volle ontwikkel word. So volgende keer as die kinders weer met ‘n gesanik na jou toe kom of ‘n “tantrum” in die winkel gooi, moenie ingee nie, gebruik die roede. Laat hulle weet dat hulle ongehoorsaam is.

‘n Paar punte waarmee ek wil afsluit is as volg:

Indien ‘n kind se wil nie in toom gehou word nie, hoe gaan die kind homself onderwerp aan die Woord van God? Hoe gaan hy besluit om die heerskappy van die HERE in sy lewe te aanvaar? Dit kan slegs geleer word wanneer daar onderdanigheid geleer word as kind.

Bid altyd vir jou kinders. Moet nooit dink gebed is nie nodig vir jou kinders nie. Onthou net die Bybel leer ons dat Jesus ook vir ons sonder versugtinge intree by die Vader.

Ek vertrou dat u die Woord sal ondersoek en besluit om u kind op die Bybelse manier op te voed.

Moses 3 vers 5:Is seks sonde?

Dit is een van die vrae wat ek oor die jare al baie maal by Christene gehoor het. Ons word groot vandag in ‘n wêreld waar perversiteit hoogty vier, en waar pornografie vryelik beskikbaar is. Selfs laerskool kinders spog al met hulle wedervaringe. Maar wat sê die Bybel?

Oorsprong van seks.

Hiervoor moet ons sommer vroeg in die Bybel gaan kyk wat daar staan. Genesis 1: 28 *"En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip"*. Hier sien ons dat God seks ingestel het voor die sondeval, so om seks as sulks sondig te verklaar, is van alle waarheid ontbloot. Ons moet kyk waarvoor God dit ingestel het, naamlik vir vermeerdering van die menseras, maar dit moet tussen man en vrou geskied. Dit is hoe God dit ingestel het, want Adam en Eva was man en vrou.

Wat sê die Nuwe Testament daaroor?

Paulus het verskeie kere daaroor geskryf aan die gemeentes. Aan die Korintiërs skryf hy as volg: 1 Kor 7:1 *"¶ Met betrekking tot die dinge waaroor julle aan my geskryf het--dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie. 2 Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. 3 Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man. 4 Die vrou het nie mag oor haar eie liggaam nie, maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie, maar die vrou. 5 Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie"*. Hier sien ons dat Paulus dit beklemtoon dat elke man sy eie vrou, en elke vrou haar eie man moet hê as hulle nie hulle self kan beheer nie. Verder moet die man sy vrou se begeertes eerbiedig, net soos die vrou ook die man se begeertes moet eerbiedig.

‘n Verdere gedeelte vind ons in Hebreërs 13 vers 4. *“Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.”*

Maar wat van seks buite die huwelik?

Die Bybel verklaar dat seks slegs binne die huwelik toelaatbaar is. Een van die enigste verwysings waar Paulus oor seks buite die huwelik verwys het, is net later in 1 Kor. 7:36 *"Maar as iemand meen dat hy onwelvoeglik met sy maagd handel as sy oor die jeugdige leeftyd is, en*

dit so moet wees, laat hom doen wat hy wil. Hy sondig nie. Laat hulle trou". So, die enigste voorbehoud is dat indien dit voor die huwelik gebeur moet die man die vrou as vrou neem. Geen uitsonderings word toegelaat nie. Alle ander gevalle is sonde, en moet bely word as sonde en voor vergifnis gevra word. Dit beteken ek moet ophou daarmee en wegloop daarvan. Ek kan nie maar net dit elke keer bely nie, want dan het daar geen bekering plaasgevind nie. Wat skryf Paulus in Romeine 6 oor hoe ek sal optree: 14 *"Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. 15 Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! 16 Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"* Paulus wys ons in die gedeelte daarop dat ons met ons bekering ons as diensknegte aangestel het om gehoorsaam te wees aan God. So, ek moet luister na die Woord. Ek moet dit bely en bekering moet plaasvind. Daar is nie ‘n klousule in dat ons maar eers net kan uit toets of ons aanvaarbaar vir mekaar is nie, want die HERE voeg bymekaar, behalwe wanneer ek my eie kop volg.

‘n Vêrdere aspek wat ons moet verstaan is dat indien ek seks buite die huwelik beoefen, ek of besig is met hoerery indien ek nie getroud is nie, of met egbreuk indien ek getroud is of as ongetroude met ‘n getroude persoon die seksdaad doen. Die HERE gebruik deurgaans in die Bybel die seksuele verhouding as verwysing oor hoe ons teenoor Hom moet optree, aangesien ons in verbond met Hom lewe. Indien ek dus trou, verbind ek my in ‘n huweliksverbond met my maat, en kan ek nie met ‘n ander persoon seks hê sonder om my verbond te verbreek nie. Wat wel gebeur wanneer ek dit doen, is dat beide persone skuldig is aan egbreuk, maar nog verder, word die persoon waarmee ek seks het se oortredinge ook myne, want die Bybel verklaar ons sal een word. Dit is dan ook die manier wat die Satan gebruik om mense aan sy kant te skaar, aangesien my seksuele maat se sondes oorgeplaas word op my. My vrou het al met persone gewerk wat nie kan verstaan hoekom dit so sleg met hulle gaan nie, maar dan uitvind dat hulle al meer as tweehonderd seksuele maats gehad het. G’n wonder dat die persoon nie kan loskom nie.

Wat van homoseksualisme?

Dit is ‘n vraag waarmee baie ouers vandag mee sukkel, want ons kinders word in ‘n tydvak groot waar daar allerhande regte vir mense in die grondwet vervat word, maar waarmee die Christendom nie kan saam leef nie. Daar word selfs in Christelike blaaie gepraat van verdraagsaamheid teenoor persone wat dit beoefen, en dat ons in liefde moet optree. Sommige kerkgroepe sal selfs diesulkes "trou". Ander weer laat selfs toe dat hulle herders en leiers dit mag beoefen. Maar, wat sê die Bybel? "*Levitikus 20:13 En as 'n man met 'n manspersoon gemeenskap het soos 'n mens met 'n vrou het, het hulle altwee iets gruweliks gedoen. Hulle moet sekerlik gedood word. Hulle bloedskuld is op hulle."* Nou wonder U dalk hoekom moes hulle gedood word? Die HERE het daardie tyd bepaal dat daar geen afgryslike sonde toegelaat sou word nie, want die oomblik wat Hy dit sou toelaat, sou dit as reg aanvaar word. Dit is wat met ons gebeur het. Die Kerk het stilgebly, en nou is dit aanvaarbaar in die samelewing. Dat dit verkeerd is, is nie eers ‘n vraag nie. Paulus skryf ook aan die Romeine in hoofstuk 1 oor hierdie vraagstuk. Wat hy wel daar vir ons duidelik maak is dat God die persone oorgegee het aan hulle vleeslike begeertes, maar dat hulle straf alreeds teen hulle ontvlam het. *"manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang*". Nou wonder ons nog waar kom VIGS vandaan.

Kom ek gebruik ‘n voorbeeld. Die homoseksuele persoon mag dalk vir U probeer oortuig dat hy of sy net ‘n ander voorkeur het as U en ek as dit by seks kom. Klink nogal logies. Wat van ‘n persoon wat se voorkeur is om met kinders omgang te hê? In die wet word so ‘n persoon as ‘n pedofiel verklaar, en word daar gewoonlik swaar tronkstraf opgelê vir so ‘n oortreder. Maar, wanneer dit by homoseksualisme kom, het ek my regte, dit is wat ons grondwet verklaar. So is al twee die verskillende voorkeure aan mekaar gelyk, want elkeen het net ‘n ander voorkeur, die een kinders, en die ander, dieselfde geslag. So val ons almal in die gat wat Satan grou.

Maar wat nou van die persoon wat so mooi lewe, maar hy het nou net hierdie een probleempie? *"Esegiël 33 vers 9 Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered."* Dit is so dat baie goeie mense hel toe gaan omdat hulle hulle nie bekeer nie. Slegs persone wat hulle **bekeer en wedergebore** word, sal die hemel sien. Ek mag dalk klink soos ‘n doem profeet, maar dit is wat die Woord van God sê. Om staat te maak op die genade en lankmoedigheid van die HERE, is om vir jouself te lieg. Die HERE het ‘n behae in die wat Hom ernstig soek, met hulle hele hart, en met al hul kragte.

Ter afsluiting, wil ek net graag dit duidelik stel dat meeste van die persone wat in homoseksuele verhoudings betrokke is, dikwels iewers in hulle jeug seksueel gemolesteer is. Dit is gewoonlik maar iemand na aan die familie, waarvan u as ouer dit dalk nooit sal verwag of glo nie. So ‘n persoon moet hulp ontvang. Daar is baie goeie hulp wat deur Christelike beraders en pastore aangebied word. Die persone sal gewoonlik so ‘n homoseksuele persoon lei om vergifnis uit te spreek teen so ‘n oom of wat ook al, maar die persoon sal nog steeds moet bely teenoor die HERE dat dit waarin hy of sy betrokke was, sonde is en vergifnis nodig is. Verder is dit ook so dat kinders voel hulle wil nie soos hul pa wees nie, of kan nooit aan sy standaarde voldoen nie, en dan die vroulike rol aanneem. So ook met die vroulike geslag wat of soos seuns grootgemaak word, of soos pa wil wees.

Die HERE is getrou om alle sondes te vergewe, maar daar moet bekering kom.

Moses 3 vers 6:Wie roep die HERE vir die bediening?

Hoe weet ek dat die HERE my geroep het vir die bediening? Dit is een van die vrae waarmee ‘n persoon nogal vir ‘n lang tydperk kan worstel. Ek het al menigmaal gesien dat mense hulle lewens verander omrede hulle dink dat hulle deur die HERE vir voltydse bediening geroep is, net om uit te vind dat hulle ‘n fout gemaak het.

Hoeveel predikante en pastore dink jy sit in gewone werke, verkoop huise, of dalk lewensversekering, deurdat hulle gedink het hulle moet vir die HERE gaan werk. Ander weer hoor jy het eers op veertig of vyftig tot die besef gekom dat die HERE hulle in ‘n bediening wil gebruik.

As deel van die antwoord, moet ons kyk na wat die kwalifikasies is van iemand wat die HERE gebruik. Ek wil kortliks na drie voorbeelde kyk.

Eerstens is daar Moses. Moses was as prins grootgemaak deur die Farao se dogter. Hy het net die beste skole bygewoon, en natuurlik net die beste opleiding gekry. Dit is half logies en ons is dit te wagte as ons dink dat hy as ‘n prins in die Farao se hof groot gemaak is. Maar op veertig doen hy die verkeerdste ding wat hy kan doen. Hy kom op vir ‘n Israeliet en slaan ‘n Egiptenaar dood. Selfs die Israeliete het gedink dit was dom. Moses moes vlug. Eks 2: 11 ¶ *"En in dié dae toe Moses al groot was, het hy na sy broers uitgegaan en hulle harde arbeid aangesien. En hy het gesien hoe 'n Egiptiese man 'n Hebreeuse man, een uit sy broers, slaan.12 En hy het hierheen en daarheen gekyk, en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe.13 Die volgende dag het hy weer uitgegaan, en daar was twee Hebreeuse manne wat met mekaar veg. Hy vra toe vir die een wat ongelyk gehad het: Waarom slaan jy jou naaste?14 En hy antwoord: Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel? Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar omgebring het? En Moses het gevrees en gesê: Waarlik, die saak het bekend geword!"*

Na hierdie episode sit Moses in Midian in die woestyn en pas sy skoonvader se skape op. Dit is nogal ‘n val in status van prins na skaapwagter. Maar veertig jaar later, dit is ‘n lang tyd, roep die HERE na Moses in die agterkant van die woestyn. Eks. 3 vers 1 *"En toe hy die kleinvee **agter die woestyn gedryf het**, kom hy by die berg van God, by Horeb. 2 Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie! 3 En Moses sê: **Laat ek tog nader gaan en hierdie groot verskynsel bekyk**, waarom die doringbos nie verbrand nie.4 **Toe die HERE sien dat hy nuuskierig nader kom**, roep God na hom uit die doringbos en sê: Moses, Moses! En hy antwoord: Hier is ek".*

Waarom die agterkant? God verskyn in die agterkant, die kant waar ons as Christene nie altyd soek nie. Dit is waar God is. Ons soek altyd vir God in die kollig. Daar waar al die aktiwiteite is. Daar waar almal is. Ons almal wil graag die kollig deel met die HERE. As ons in die kollig

wandel, dat wandel ons alleen, want God is aan die agterkant van die berg. Jesus is nie met ‘n groot onthaal ontvang nie. Hy het nie ‘n helde begrafnis gehad nie, nee, Hy is gekruisig, die vernederendste dood wat daar was. Dit is wat Jesus ontvang het, so moenie verbaas wees as God glad nie in die groot byeenkomste opduik nie, maar waar twee of drie bymekaar is. Waarvoor het die HERE ook gewag? Dat Moses moes nader kom en ondersoek instel wat aan die gang is. Moses kon baie maklik net verby geloop het en nie eers aandag daaraan geskenk het nie. Maar hy het nie. Hy wou uitvind wat hier aan die gang is. Eers toe die HERE sien dat hy nader kom, roep Hy vir Moses. Maar ons lees ook dat Moses nie baie van die opdrag gedink het nie, en nie wou terug gaan nie. Eks 4 vers10 ¶ *"Toe sê Moses aan die HERE: Ag, HERE, ek is nie 'n man van woorde nie--van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong.11 En die HERE antwoord hom: Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die HERE, nie?12 Gaan dan nou heen, en Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.13 Maar hy sê: Ag, HERE, stuur tog deur wie U wil stuur.14 Toe ontvlam die toorn van die HERE teen Moses, en Hy sê: Is jou broer Aäron, die Leviet, nie daar nie? Ek weet dat hy goed kan praat. En hy gaan ook al uit om jou te ontmoet, en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy hart".*

So as ons na Moses kyk, sien ons dat hy ‘n baie goeie opvoeding gehad het, maar dat die HERE moes eers hom afbreek, hom "humble", voordat Hy vir Moses kon gebruik. Maar Moses moes ook belangstel, nie maar net alles as vanself aanvaar nie, voordat die HERE hom kon gebruik. Hy het ook eers self probeer om Israel te verlos deur ‘n Egiptenaar dood te slaan, maar moes terugkom na die Egiptenare as ‘n skaapwagter, ‘n werk wat deur die Egiptenare as veragterlik aangesien is.

So wat was Moses se kwalifikasies? Prins, moordenaar, skaapwagter, hakkelaar, bang, nuuskierig. Maar, hy het God geken.

Die volgende persoon is Paulus. Paulus was ‘n Fariseër. Gelukkig het Paulus self vir ons ‘n baie goeie getuigskrif geskryf. Galasiërs 1 vers 13 *"Want julle het gehoor van my lewenswandel vroeër in die Jodedom, dat ek die gemeente van God uitermate vervolg en dit verwoes het;14 en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders".* So, Paulus was ook goed geleerd, baie ywerig, tradisie vas, ‘n goeie loopbaan het voor hom gelê, maar toe gryp God in. Galasiërs 1 vers 15 *"Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het,16 om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig, het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie,17 en ook nie na Jerusalem opgegaan na die wat voor my apostels was nie, maar na Arabië vertrek en weer teruggekom na Damaskus.18 Vervolgens, drie jaar daarna, het ek na Jerusalem opgegaan om met Petrus kennis te maak en vyftien dae by hom gebly";*. Nogal interessant dat Paulus ook eers drie jaar lank woestyn toe moes gaan voordat hy kon gebruik word.

So wat was Paulus se kwalifikasies? Goeie Bybel skool geleerdheid, ywerig, vervolger van almal wat Jesus gevolg het, hardwerkend, ambisieus, tradisie vas, maar deur God met blindheid geslaan, sodat Hy Paulus kon leer van nederigheid, mense liefde, en Christus.

Die laaste persoon wat ek na wil kyk is Petrus. Wie was hy? ‘n Visserman. Matt 4 vers 18 ¶ *"En*

terwyl Jesus langs die see van Galiléa loop, sien Hy twee broers, Simon wat genoem word Petrus, en Andréas, sy broer, besig om 'n net in die see uit te gooi; want hulle was vissers.19 En Hy sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak.20 En hulle het dadelik die nette laat staan en Hom gevolg". So, Petrus was ‘n visserman. Heel moontlik geleer om vis te vang as seun by sy vader. Ek betwyfel of jy ‘n graad of diploma nodig het om vis te vang, so ek neem aan sy skoolopleiding was net die nodigste. Wat leer ons nog van Petrus? Matt 26 vers 33 *"Daarop antwoord Petrus en sê vir Hom: Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ek sal nooit aanstoot neem nie.34 Jesus sê vir hom: Voorwaar Ek sê vir jou, in hierdie nag, voordat die haan gekraai het, sal jy My drie maal verloën.35 Petrus sê vir Hom: Al moes ek ook saam met U sterwe, ek sal U nooit verloën nie!* So het ook al die dissipels gesê. Matt 26 vers 69 ¶ *En Petrus het buitekant gesit in die binneplaas van die paleis, en 'n sekere diensmeisie het na hom gekom en gesê: Jy was ook by Jesus, die Galiléër!70 Maar hy het dit voor almal ontken en gesê: Ek weet nie wat jy sê nie.71 En terwyl hy uitgaan na die poort toe, sien 'n ander diensmeisie hom en sê aan die wat daar was: Hierdie een was ook by Jesus, die Nasaréner.72 En met 'n eed ontken hy dit weer: Ek ken die man nie.73 Maar 'n bietjie later kom die wat daar staan, en sê vir Petrus: Waarlik, jy is ook een van hulle, want ook jou spraak maak jou bekend.74 Toe begin hy homself te verwens en te sweer: Ek ken die man nie.75 En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voor die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween".* Joh 18 vers 10 *En Simon Petrus wat 'n swaard gehad het, het dit uitgetrek en die dienskneg van die hoëpriester geslaan en sy regteroor afgekap. En die naam van die dienskneg was Malchus"*.

Hoe dink u het Petrus gevoel toe hy Jesus verraai het? Hy het tog immers gehoor by Jesus self dat as jy Hom voor mense sou bely, Hy jou voor Sy Vader sou bely. Maar nou het hy Jesus in die openbaar verloën. Kan so iemand dan gebruik word? Verseker! Die HERE het eers toegelaat dat Petrus totaal van homself gestroop word, voordat hy gebruik kon word.

So behalwe dat Petrus ‘n visserman was, was hy opvlieënd, en kon jy nie op sy woord, of op hom staat maak nie. **Maar, dit was voor Pinkster.**

Wat verklaar Jesus. Matt 16 vers 17 *"Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.18 En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.19 En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees"*.

Hoe het Petrus opgetree na die uitstorting van die Heilige Gees? Handelinge 2 vers 38 *"En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.39 Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die HERE onse God na Hom sal roep.40 En met baie ander woorde het hy hulle besweer en vermaan en gesê: Laat julle red uit hierdie verkeerde geslag.41 Die wat toe sy woord met blydskap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drie duisend siele toegebring."*

Wat het die Fariseërs gesê van Petrus? Hand 4 vers 13 *"En toe hulle die vrymoedigheid van*

Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken".

So, Petrus was eenvoudig, ongeletterd, onbetroubaar, maar metgesel van Jesus, onbeweeglik, en deur Jesus verklaar as rots en vesting van die Kerk.

So, wat leer ons hieruit? Dat die HERE mense kan gebruik met enige agtergrond, geleerdheid, en sosiale vlak. Maar Hy gebruik mense wat kies om Hom te dien, en Hom bo alles stel. Het Hy jou geroep? Verseker. Wat leer ons in die Bybel? Gaan dan heen en maak die mense my dissipels. Elkeen van ons is geroep om dissipels, volgelinge, metgeselle, te gaan maak van mense. As jy regtig moet, gebruik woorde. Doen eers die opdrag, dan sal jy uitvind dat die HERE jou ook vir ander doele kan en wil gebruik.

Moses 3 vers 7:So wat nou van my finansies?

Ek kan al klaar sien dat ‘n paar mense se nekhare regop staan want hier gaan hy nou ook af oor geld. Ongelukkig gaan jy dalk baie teleurgesteld wees oor wat ek gaan sê, maar weet verseker dat dit nie jou staande Maleagi 3 vers 8 tot 10 preek is nie. Ek sal aan die einde van die hoofstuk Maleagi hanteer.

Tydens die eerste sinode sitting van die Kerk in Handelinge 15, is daar besluit dat slegs enkele voorskrifte nog van toepassing is op ons as heidene wat tot die Christelike geloof gekom het. Wat sê die gedeelte: *“28 Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: 29 dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!”*

Waar begin ons?

So kom ons begin by die begin, met ander woorde by die Ou Testament of ou Verbond se voorskrifte. Wat jy gaan lees, gaan jou dalk skok, maar dit is wat daar staan.

Die wetlike voorskrifte

Sodat daar geen misverstand kan wees nie, wil ek graag elke teks gedeelte volledig aanhaal, en vra ek dat u dit sorgvuldig sal deurlees. Waar vind ons die voorskrifte vir tiendes? Deut 14: “*22 ¶ Jy moet noukeurig die hele opbrings van jou saad--wat jaar vir jaar uit die land uitspruit--vertien. 23* ***En jy moet voor die aangesig van die HERE jou God op die plek wat Hy sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, die tiendes eet*** *van jou koring, van jou mos en van jou olie en die* ***eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee****, dat jy kan leer om die HERE jou God altyd te vrees. 24 En as die pad vir jou te lank is, as jy dit nie kan vervoer nie, omdat die plek wat die HERE jou God sal uitkies om sy Naam daar te vestig, te ver van jou af is, as die HERE jou God jou sal seën, 25 dan moet jy dit tot geld maak en die geld in jou hand bind en na die plek gaan wat die HERE jou God sal uitkies. 26* ***Dan moet jy die geld gee vir alles wat jou siel begeer, vir beeste en kleinvee en wyn en sterk drank en vir alles wat jou siel van jou begeer, en jy moet daar eet voor die aangesig van die HERE jou God en vrolik wees, jy en jou huis****. 27 Maar die Leviet wat in jou poorte is, hom moet jy nie aan sy lot oorlaat nie, want hy het geen deel of erfenis saam met jou nie.* ***28 Aan die einde van drie jaar moet jy uitbring al die tiendes van jou opbrings in dié jaar en dit in jou poorte wegsit; 29 dan moet die Leviet kom****--omdat hy geen deel of erfenis saam met jou het nie--en die vreemdeling en die wees en die weduwee wat in jou poorte is, en hulle moet eet en versadig word, sodat die HERE jou God jou kan seën in al die werk van jou hand wat jy doen.”*

Het jy geweet dat vir twee jaar moes die Israeliete hulle tiendes, wat bestaan het uit hulle eerste

vrugte, self eet en slegs die derde jaar se tiende moes hulle deel met die Leviet, die weduwee en die wese? As jy ‘n skaap of beesboer was, moes jy slegs dit wat die moederskoot open, offer aan die HERE deur dit te eet. So, as jy 100 skape gehad het en daar was 6 ooie wat dié jaar eerstelinge gehad het, en daar was geen tweelinge nie, was jou tiende die eerstelinge van die ooie, met ander woorde ses lammers. Maar hoekom moes die Israeliete dit eet? Sodat hulle kos gehad het. Hulle kon nie al hulle oeste vir handel gebruik en dan sonder kos gesit het nie. Nee, die HERE wou dat hulle eerste kos in hulle huise gehad het, en dan moes hulle sorg vir die uitbouing van hulle kuddes.

Oor die derde jaar se tiende was daar ook spesiale reëlings voor. Deut 26: “*12 ¶ As jy al die tiendes van jou opbrings klaar afgesonder het in die derde jaar, die jaar van die tiendes, **dan moet jy aan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee gee**, dat hulle in jou poorte kan eet en versadig word. 13 En jy moet voor die aangesig van die HERE jou God sê: Ek het die heilige goed uit die huis weggebring en dit ook aan die Leviet en die vreemdeling, die wees en die weduwee gegee, geheel en al volgens u gebod wat U my beveel het; ek het geeneen van u gebooie oortree of vergeet nie. 14 Ek het daarvan in my rou nie geëet en daarvan as 'n onreine niks weggebring en daarvan aan 'n dooie niks gegee nie; ek het na die stem van die HERE my God geluister; ek het gedoen net soos U my beveel het. 15 Kyk tog uit u heilige woning, uit die hemel, neer en seën u volk Israel en die land wat U ons gegee het, soos U aan ons vaders met 'n eed beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning.”*

Weereens word dit beklemtoon dat die Leviet slegs ‘n gedeelte van die derde jaar se tiende moes kry. So, as ons dit oor drie jaar indeel, moes die Israeliete twee derdes van hulle tiende gebruik om fees mee te hou waar hulle hulleself mee kon geniet, en slegs ‘n gedeelte van ‘n derde moes vir die Leviet gaan. Die res van die derde jaar se tiende moes gaan vir barmhartigheidsdienste. Ons moet ook onthou dat die Leviete was nie net die priesters wat geoffer het nie. Al die musikante, die helpers, almal wat in die tempel diens gedoen het, was Leviete. Hulle almal moes uit die stam van Levi kom.

Ons lees ook in Numeri 18 dat die Leviete ‘n tiende van wat hulle ontvang het, aan die hoëpriester en die priesters wat by die tempel gewerk het moes bring. Numeri 18: 26 *“Jy moet ook met die Leviete spreek en aan hulle sê: As julle van die kinders van Israel die tiendes neem wat Ek aan julle van hulle as jul erfdeel gegee het, moet julle daarvan 'n offergawe aan die HERE afgee, 'n tiende van die tiende. 27 En julle offergawe sal vir julle gereken word soos koring van die dorsvloer af en soos die volle opbrings uit die parskuip. 28 Só moet julle ook 'n offergawe aan die HERE afgee van al julle tiendes wat julle van die kinders van Israel neem, en julle moet daarvan die offergawe aan die HERE aan die priester Aäron gee. 29 Van al jul gawes moet julle die hele offergawe aan die HERE afgee, van al die beste daarvan, as die heilige gawe wat daarvan moet afgaan. 30 Jy moet dan vir hulle sê: As julle die beste daarvan afgee, sal dit vir die Leviete gereken word as opbrings van die dorsvloer en as opbrings van die parskuip. 31 **En julle mag dit op enige plek eet, julle en jul huisgesin; want dit is vir julle 'n loon vir jul dienswerk by die tent van samekoms**. 32 En julle sal daarby geen sonde op julle laai as julle die beste deel daarvan afgee nie; en julle mag die heilige gawes van die kinders van Israel nie ontheilig nie, sodat julle nie sterwe nie.”*

Een ding wat ons kan leer uit die gedeelte in Deuteronomium oor die instelling van tiendes is dat dit my verpligting is om te verseker dat die wat nie grond besit het nie, so in ons tyd wat nie die

vermoë besit om inkomste te genereer nie, genoeg het om te eet en van te lewe.

So, om saam te vat. Die Israeliete moes vir twee jaar hulle eerste vrugte en hulle tiendes van hulle graan neem na die plek wat die HERE vir hulle uitgewys het, en daar moes hulle dit eet. As dit te veel was, kon hulle dit oorsit in geld en hulle self bederf deur te koop net wat hulle harte begeer het. Die derde jaar se tiende moes die Leviet, die weduwee, wees en vreemdeling gaan haal en daarvan leef vir drie jaar.

Maar wat was die taak van die Leviete?

Het u al ooit gewonder hoekom die Leviete nooit ‘n erfdeel in Kanaän gekry het nie? Ek gaan probeer om die gedeeltes kortliks saam te vat. As u die gedeeltes in die Bybel wil lees, kan u dit vind in Numeri 15, 16 en 17. In hoofstuk 15 gee die HERE sekere wette tot betrekking met offerandes. Hier lees ons dat enige persoon vir die HERE kon offer. In Hoofstuk 16 vind ons dat Korag, Datan en Abiram oproer maak teen Moses en Aäron. Omdat die HERE elkeen toelaat om self te offer, sê die drie saam met 250 van die vernaamste manne van Israel dat Moses en Aäron nie hulle self moet aanstel hoër as die res van die volk nie, want almal is heilig. Moses tree toe in en vra die HERE dat Hy sal uitwys wie reg of verkeerd is. Hulle moes toe koper vuurpanne neem en vir die HERE offer. Toe hulle offer, het die heerlikheid van die HERE aan die hele volk verskyn. Die HERE het toe vir Moses en Aäron gesê om hulle af te sonder sodat die HERE die hele volk kan verteer. Moses het toe ingetree vir die volk en het die HERE slegs die drie, saam met hulle families en die 250 gesiene persone gedood. Die HERE het toe beveel dat die koper panne platgeslaan moes word en oor die altaar gesit moes word, want hulle was heilig.

Die volk het toe weer teen Moses en Aäron gekom, en die keer moes Aäron met die vuurpanne tussen die volk in hardloop om versoening vir die volk te doen. Teen die tyd dat dit gebeur, was daar alreeds 14,700 Israeliete dood. Nou volg die wonderlike verhaal van Aäron se staf wat die HERE laat groei het oornag dat dit selfs vrugte gedra het, om aan te wys watter stam die HERE gekies het om vir Hom offers te bring. Hier het die HERE eers besluit dat omdat die volk nie na Hom luister nie, Hy een stam kies om offers vir die volk te doen, en dit is die stam van Levi. Dan volg die gedeelte wat vroeër aangehaal is oor wat die Leviete moes doen met hulle tiende. Weereens moes dit geëet word. Die keer net deur die priesters.

Wanneer ons kyk na die gedeeltes in die Bybel oor hoeveel Leviete daar was, en waaroor alles gaan, vind ons dat die HERE vir Moses bevel gee dat elke eersgeborene seun aan die HERE behoort. Wanneer Israel reg is om in Kanaän te gaan en die volk getel word, vind ons dat die HERE die balans tussen eersgeborenes en Leviete gehou het. Ons vind dat op ongeveer driehonderd na, en dit op 22000 in totaal, daar dieselfde hoeveelheid Leviete is as wat daar eersgeborene seuns was. **Dus het elke gesin ‘n Leviet gehad wat hulle die wet moes leer en vir hulle offers moes bring.** Onthou ook dat die Leviete geen grondgebied in Kanaän gekry het nie, en dus van die volk afhanklik was om te kon bestaan. Daaroor is daar ‘n gedeelte van die derde jaar se tiendes aan die Leviet gegee. Omdat die HERE die volk nie meer toegelaat het om vir Hom offers te bring nie, moes elke huisgesin sy eie Leviet gehad het wat die offers namens hom moes doen.

Een punt wat ek net weer wil beklemtoon is dat slegs die derde jaar se tiendes deur die Leviete en weduwees en wese gedeel is. Nooit moes die volk hulle hele tiende van elke jaar aan die Leviete gee nie. Dit dan die agtergrond oor tiendes, die geskiedenis van die Leviete, en wat Moses se wet daaroor te sê het.

Hebreërs siening

Wat leer Hebreërs ons? Hoofstuk 7 vanaf vers 5 "*Nou het hulle wat uit die seuns van Levi die priesterskap ontvang, wel 'n gebod om, volgens die wet, van die volk tiendes te neem, dit is van hulle broers, ofskoon hulle uit die lendene van Abraham voortgekom het; 6 maar hy wat nie uit húlle sy geslagsregister aflei nie, het van Abraham tiendes geneem en die besitter van die beloftes geseën. 7 Nou word sonder enige teëspraak die mindere deur die meerdere geseën. 8 En hier neem wel sterflike mense tiendes, maar dáár een van wie getuig word dat hy lewe. 9 En, om so te sê, het ook Levi wat tiendes ontvang, deur Abraham tiendes gegee; 10 want hy was nog in die lendene van sy vader toe Melgisédek hom tegemoetgegaan het. 11 ¶ As daar dan volkomenheid deur die Levitiese priesterskap was--want met die oog daarop het die volk die wet ontvang--waarom was dit nog nodig dat 'n ander priester moes opstaan volgens die orde van Melgisédek en dat hy dit nie volgens die orde van Aäron genoem word nie? 12 Want met verandering van die priesterskap kom daar noodsaaklik ook verandering van wet; 13 omdat Hy met die oog op wie hierdie dinge gesê word, aan 'n ander stam behoort het waaruit niemand die altaar bedien het nie. 14 Want dit is volkome duidelik dat onse HERE uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie.*"

As ons die hele gedeelte van Hebreërs 6 vers 10 tot aan die einde van hoofstuk 13 lees, behandel die skrywer hier uitsluitlik die nuwe verbond. (Ek sal voorstel dat jy dit sorgvuldig drie of vier keer deur lees). Dit gaan daaroor dat ons moet glo dat Jesus die volkome offer was vir sonde, dat Hy vir ons aanhoudend intree. **Ons het dus nie meer nodig het om Leviete te betaal om vir ons offers te bring nie, want Christus is ons offer en sit aan die regterhand van God**. Hier leer ons dat Jesus was beide offer en Hoëpriester. Hy het die hele tempel nietig verklaar. Onthou u dat Jesus gesê het dat Hy die tempel sal afbreek en in drie dae weer opbou? Dit is was Hy gedoen het. Hy het 'n nuwe tempel daar gestel vir ons, en dit is ons liggame, want Jesus se Gees, die Heilige Gees, kom woon in ons met wedergeboorte. Daarom moet ons ons liggame skoon hou van alle sondes. Nou leer vers 12 ons dat met verandering van priesterskap kom daar verandering van wet, omdat Jesus die wet van Moses vervul het, en van ons verwag om God bo alles lief te hê, en ons naaste soos onsself.

Die Hebreërs skrywer behandel die hele boek deur dat Jesus gekom het volgens die priesterskap van Melgisédek. U sien voor die Levitiese priesterskap was daar 'n ander priesterskap, deurdat die HERE priesters aangestel het. In hoofstuk 7 in die aanhaling hierbo, verklaar die skrywer dat in die priesterskap daar nie voorskrifte van die wet was nie, maar nogtans het Abraham vir Melgisédek 'n tiende gegee van dit wat hy terug gekry het in die oorlog. U sien daar was nie voorskrifte nie, maar nogtans het Abraham vir hom gegee omdat hy geweet het dat die persoon deur die HERE aangestel is. "*Nou word sonder enige teëspraak die mindere deur die meerdere geseën".* Jesus het weer as priester, en dit dan as Hoëpriester 'n nuwe orde kom vestig waar geen voorskrifte meer van toepassing is nie, en die Levitiese priesterskap wat met voorskrifte en wasse gepaard gegaan het, nietig verklaar. So dit help nie dat ek na die Ou Testament gaan kyk hoe ek my offers moet hanteer nie, want die wet wat Moses vir Israel

voorgeskryf het, het Jesus kom vervul, en ‘n Nuwe Verbond kom vestig.

Hoofstuk 13 behandel juis wat die voorskrifte is vir die nuwe verbond, hoe ons dus moet optree omdat die wet van die Leviete verval het. So, vir ons as Christene is dit vandag hoe ons moet optree. “*1 ¶ Die broederliefde moet bly. 2 Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg. 3 Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het. 4 Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel. 5* ***Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het,*** *want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. 6 Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die HERE is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen? 7 Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. 8 Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. 9* ***Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie****; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie,* ***waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie****. 10* ***Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie****; 11 want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word--hulle liggame word buitekant die laer verbrand. 12 Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. 13 Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra. 14 Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige. 15 Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n* ***lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely****. 16* ***Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers****. 17 Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie”.*

Wat vers 10 en 11 vir ons verduidelik, is dat die offers wat deur die priesters in die Ou Testament gebring is, is die vleis van geëet, maar die diere wie se bloed deur die hoëpriester gebruik is om in die allerheiligste mee in te gaan, is buite die laer verbrand. Dit is dus die offer wat Jesus vir ons bewerkstellig het volgens vers 12. So ek en jy moet uitgaan na die kruis en gaan vergifnis vra vir ons oortredinge en die offer wat Jesus vir ons gedoen het aanvaar, sodat ons deur Hom vrye toegang kan hê na God die Vader toe. Dan word ek deel van die nuwe verbond. Ek het dus nie meer nodig om tiendes aan die Leviete te betaal om namens my offers te bring nie, want Jesus het die volmaakte offer geword en is deur God aanvaar. Jesus was ook die eersgeborene van die nuwe verbond en het Homself as offer aangebied. Hy was dus ons eerste vrugte. Daaroor is die nagmaal ingestel en moet ons van Hom, ons offer eet en van Sy bloed, die drinkbeker drink, want dit is ons offer wat eenmaal gedoen is en as volmaak aanvaar is.

Nuwe Testamentiese bepalings.

Maar wat nou? Hoe moet ek nou my offers hanteer? Jesus het al in Mattheus vir ons die antwoord gegee. Mat 23: 23 *“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander,* ***en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou****. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.”* Ons sien hier dat die Fariseërs selfs hulle kruie getel het en tiendes daarvan gegee het omdat hulle nie die wet ongehoorsaam wou wees nie, want hulle godsdiens het

gegaan oor voorskrifte en wetsonderhouding. Kan jy jou indink hoe hulle op hulle boude sit en koljander korreltjies tel, terwyl Jesus buite siekes genees. Hier vertel Jesus vir die Fariseërs wat die belangrikste is, die reg, met ander woorde dat elke persoon dieselfde gemaak is deur die HERE en dat ons nie ‘n persoon moet oordeel deur op sy aansien in die gemeenskap te let nie, die barmhartigheid, met ander woorde dat ons moet help waar ons iemand sien wat tekort het, en die trou, die absolute vertroue wat ons in mekaar moet hê.

Hierdie gedeelte in Mattheus word ook deur baie kerke gebruik om nou te verklaar dat Jesus tiendes goedkeur. Verkeerd. Ongelukkig kon Jesus nog nie hier vir hulle vertel dat tiendes afgestel word nie, want Hy het nog gelewe. Hy moes nog geoffer word op Golgota. Ons moet onthou dat Jesus onder die eerste verbond gebore is, dat Hy self besny is, en dat die nuwe verbond eers in werking getree het nadat Hy opgestaan het uit die dode. En dit is eers in die nuwe verbond waar tiendes nie meer van toepassing is nie, want die Leviete is nie meer nodig nie. Ons is nou self priesters.

Jesus het ook later vir ons riglyne gegee. Mat 25 :34 *“Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. 35 Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; 36 Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. 37 Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: HERE, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? 38 En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? 39 En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? 40 En die Koning sal antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sovêr julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen.”* Hieruit sien ons wat liefde vir ons naaste beteken, en dit is wat Jesus verwag.

Die gedeelte is ‘n bevestiging van Jeremia 7 vers 5. “*Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; 6 vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie--7 dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu.”* Die Woord van God wil ons hier leer dat ons moet doen wat die HERE verwag, en nie dink dat ek Hom kan omkoop met my bydrae of offers nie. Hy kyk na die hart, die ingesteldheid van die persoon.

Paulus gee ons ook ‘n riglyn in 2 Korintiërs 8 *“12 Want as die bereidwilligheid daar is, is dit welgevallig volgens wat iemand besit, nie volgens wat hy nie besit nie. 13 Want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie, 14 maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul, sodat ook hulle oorvloed julle gebrek kan aanvul en daar gelykheid kan wees”*. Die HERE verwag nie van jou om te gee as jy nie het nie, maar dat daar gelykheid tussen mense moet wees. As jy vandag baie het is dit jou plig om te sorg vir die wat nie het nie, sodat indien jy eendag weer tekort het, hulle na jou sal omsien.

Hoe het die eerste Kerk dit gedoen?

Handelinge 2 vanaf vers 44:"*En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. 45 En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het. 46 En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, 47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die HERE het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."*

Na aanleiding van die voorafgaande gedeeltes, wil ek graag net deel oor hoe ons as Nuwe Testamentiese Kerk moet optree. Het u al ooit gewonder hoekom ons party slim mense kry, en dan weer ander wat moet sukkel om te leer. Dan kry ons mense wat goed kan besigheid doen en geld maak, en dan weer ander wat net bestaan, en ander wat ‘n sukkel bestaan maak. Paulus het vir ons die riglyn gegee. As ek baie het, is dit my plig om vir die te help wat nie genoeg het om van te lewe. En dit geld nie net vir finansies nie.

Hoekom moet ek my geld met ander deel? Eerstens is dit wat die eerste Kerk gedoen het. Die HERE se wet soos deur Jesus vir ons gegee is: Jy moet die HERE jou God liefhê bo alles, en jou naaste soos jouself. As ek nou alles wat ek van die HERE ontvang vir myself hou, doen ek mos nie die tweede gedeelte nie, want ek vat alles vir myself. Dit is die een rede. ‘n Ander rede is dat dit die manier is om die Evangelie uit te dra. Wanneer ek betrokke raak by mense en hulle ken soos hulle elke dag is, weet ek wat hulle tekorte is. So kan ek dan deur die HERE gebruik word om hulle nood te verlig. Nou begin ek die Evangelie te doen, en kan die HERE my seën sodat ek ander kan seën. So kan ons die Boodskap van Jesus uitdra. Ek kan nie ‘n verskil maak as ek alles vir myself vat en my medemens eenkant toe stoot nie.

En die gemeente se inkomste?

Maar waar kry die plaaslike gemeente dan sy inkomste vandaan om te voorsien in die behoeftes van die predikant of pastoor? Paulus het vir ons spesifieke opdragte daarvoor gegee. 1 Kor 9 vers 9 tot 11 “*9 Want in die wet van Moses is geskrywe: 'n Os wat graan dors, mag jy nie muilband nie. Is dit miskien oor die osse dat God Hom bekommer? 10 Of spreek Hy inderdaad om ons ontwil? Ja, want om ons ontwil is dit geskrywe, omdat hy wat ploeg, op hoop moet ploeg; en hy wat dors, op hoop om wat hy hoop, deelagtig te word. 11 As ons vir julle die geestelike gesaai het, is dit 'n groot saak as ons julle stoflike goed maai?"* Verder ook in vers 14 “*So het die HERE ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe*.” Galasiërs 6 vers 6 “ ***Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee****."* So jou leraar moet so kan lewe dat hy dieselfde lewe kan bekostig as wat jy kan. Jy kan nie verwag dat hy met ‘n ou kar sukkel terwyl jy elke tweede of derde jaar ‘n nuwe model koop nie. Daar moet dieselfde lewens standaard aan voldoen word.

Wat nou van ‘n gebou om saam mee te vergader? Dit moet julle as gemeente self oor besluit. As almal saamstem dat daar ‘n gebou nodig is, moet almal betaal daarvoor. Dit is hoe die Israeliete die tempel herstel het. Elkeen het volgens sy vermoë bygedra vir die bouwerk. Gaan kyk maar in Nehemia. Dit is nie met tiendes gedoen nie.

Samevatting

So, om saam te vat. Tiendes is ingestel sodat die Israeliete moes sorg vir die stam van Levi wat nie grondgebied gekry het in Kanaän nie. Verder moes dit voorsiening maak vir die versorging van weduwees, wees en vreemdeling. Alles is in die vorm van ‘n offer gegee. Dit het beteken dat dit kos was om voorsiening te maak vir die daaglikse behoeftes van mense, maar dieselfde tyd geoffer is aan die HERE, vir vergifnis van sondes. Hebreërs leer ons dat Jesus ‘n volmaakte offer gebring het. Ek het dus nie meer nodig om iemand te betaal om namens my offers te bring vir sonde vergifnis nie. Wat moet ek dan doen? Eerstens moet ek sorg dat ek die wat kortkom help sodat hulle kos en klere het, “maar dat volgens gelykheid julle oorvloed in hierdie tyd hulle gebrek kan aanvul”. Tweedens moet ek sorg dat die persoon wat my leer uit die Woord, nie ‘n tekort het nie. *“*Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee”.

Die laaste vraag nou, is hoeveel moet ek gee? Sodat daar gelykheid in die gemeente kan wees. Sodat niemand, die leraar(s) inkluis, ‘n tekort het nie. Dit is wat die nuwe verbond verwag. Dan hoef ek ook nie te vra of ek my gedeelte moet uitwerk voor of na belasting, of saam met byvoordele of wat ook al nie. Ek moet gee waar ek ‘n behoefte sien, sodat almal kan sê dat die HERE vir hulle sorg. Hy gebruik wel vir my en jou as hande en voete.

En nou Maleagi.

Ek het aan die begin gesê ek sal Maleagi aan die einde hanteer. Hoekom gebruik die kerk dan die gedeelte? Na aanleiding van die verduideliking wat ek hierbo gegee het, moet die persone wat die gedeelte gebruik, eerder hulle preke in ‘n Joodse sinagoge gaan hou, want dit is waar dit tuishoort. Die Jode sal hulle in elk geval nie glo nie, want hulle ken ten minste Maleagi in sy geheel. Al glo jy nog steeds dat jy tiendes moet gee, word jy mislei, want dié gedeelte is in elk geval gerig aan die priesters, en nie aan die volk nie. Maleagi 1 vers 1 ” ¶ *Godspraak. Die woord van die HERE* ***aan Israel*** *deur die diens van Maleagi.”* Maleagi 2 vers 1 *“*¶ *En nou,* ***priesters****, tot julle kom hierdie gebod.”* Daar is nie weer ‘n aanhef wat die uitspraak aan wie dit gerig is verander nie. Ek stel voor dat jy Maleagi gaan lees van die begin tot einde, al vier hoofstukke. Dit sal jou slegs 10 tot 20 minute neem. In hoofstuk een bevestig die HERE sy liefde vir Israel, maar kla hulle aan omdat hulle geroofde, siek en blinde diere bring om te offer. Hier kan ons al klaar oplet dat die Leviete saamgestem het dat die volk nie dit wat die HERE verwag offer nie, maar verminkte diere offer vir die HERE. So die volk se ingesteldheid was verkeerd.

In hoofstuk 2 begin die profeet die priesters weer leer dat die HERE spesifiek die Leviete gekies het om die volk te leer. Hoofstuk 2 vers 7 “ *Want die lippe van die priester moet die kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is ‘n boodskapper van die HERE van die leërskare*.” Nou noem die profeet sekere goed wat die priesters (Leviete) doen wat verkeerd is. Hulle handel troueloos met mekaar, die heiligdom van die HERE is ontheilig, en hulle skei van hulle vrouens. Ten spyte van dit alles huil hulle omdat hulle offers nie aanvaar word nie. Verder vermoei hulle die HERE deur te sê dat elkeen wat kwaad doen is goed in die oë van die HERE.

Die profeet gaan verder deur te sê dat die HERE sal oordeel oor die wat verkeerd lewe, want Hy

het nie verander nie. Die HERE beskuldig ook die priesters dat hulle al lankal van Hom afgedwaal het, en doen Hy ‘n beroep op hulle om hulle te bekeer. Verder beroof hulle, dit is die priesters, die HERE deurdat hulle nie die hele tiende wat hulle aan die priesters moet afstaan, na die HERE bring nie. Onthou in Numeri 18 het u gelees dat die Leviete ook ‘n tiende moes bring aan die priesters? Dit is die tiende wat hier van gepraat word. Dit is ook ‘n bevestiging van Esegiël 34 waar die herders beskuldig word dat hulle dit wat aan die HERE behoort, vir hulle self neem. So hou Maleagi aan om teen die priesters uit te vaar, en noem hy hulle selfs vermetel omdat hulle sê dat dit tevergeefs is om God te dien. Die hele boek van Maleagi handel oor wat fout is by die priesters, en dus ook by die volk. Hulle hart is verkeerd. Hulle wil nie hulle knie buig voor die HERE nie. Hulle wil doen wat hulle wil.

Die boek word dan afgesluit met ‘n profesie oor die koms van Jesus Christus, en wat Hy kom doen op aarde. Dat Hy ‘n nuwe orde gaan inlei, en dat ons dan weer die verskil tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie, sal kan sien. Hoekom? Omdat ons sal sien of die mense die Woord gehoorsaam deur nou te doen wat van ons as nuwe verbond kinders verwag word, en deur dit te doen, ‘n verskil in die wêreld te maak.

Maleagi het niks te doen daarmee om jou offer vir die kerk te bring nie, tensy jy ‘n Leviet of priester is in die Joodse volk, en nog nie van Jesus gehoor het nie. Dit het ook niks te doen daarmee dat jy jou hele offer na die plaaslike gemeente moet bring nie, want die tiende wat die volk moes gee, het die Leviet kom haal in die stadspoorte, saam met die weduwee en die wese. Volgende keer hoef jy nie skuldig te voel as jy dalk gekonfronteer word oor jou tiende nie, want die persoon wat dit doen, het dan so pas sy onkunde bewys.

Wat is die offers wat in beide die ou en nuwe testament beskryf word as aanvaarbaar vir die HERE?

Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.

Die offers van God is 'n gebroke gees; 'n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie!

Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

Het u geweet dat offers ingestel is omdat die volk nie na die HERE wou luister nie? Jeremia 7 vers 21 *“¶ So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. 22 Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. 23 Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. 24 Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie.”*

Daar is nog ‘n gedeelte waar die HERE vir ons vertel wat Hy gedoen het. Esegiël 20 verse 25 en 26: *“So het Ék dan ook aan hulle insettinge gegee wat nie goed was nie, en verordeninge waardeur hulle nie sou lewe nie. 26 En Ek het hulle verontreinig deur hulle offergawes, omdat hulle deur die vuur laat deurgaan het alles wat die moederskoot open; sodat Ek hulle kon vernietig, dat hulle sou weet dat Ek die HERE is”*. Onthou dat alles wat eerstelinge was, moes die Israeliete offer. So dit moes in die teenwoordigheid van God gaargemaak word, (deur die vuur gaan), en dan geëet word. Hoekom het die HERE vir hulle insettinge gegee wat tot die dood sou lei? Want Hy kyk na die hart van mense. Na die rede hoekom ek sekere goed doen. So, let op jou ingesteldheid oor hoekom jy glo oor hoe jy jou finansies moet hanteer. Op ‘n persoonlike vlak wil ek jou tog vra dat indien jy glo in tiendes en vir my wil sê dat dit werk. Ek weet dit werk, want God het ‘n wet daargestel wat dit laat werk. Maar ek wil jou tog vra, glo eerder in Jesus, en Hom as offer.

Laat ons dan liewer luister na wat die HERE van ons verwag om te doen met ons lewe, want dan sal Hy vir ons ‘n God wees, en ons vir Hom ‘n volk.

Wat nou van saai en maai beginsel? Die Bybel verklaar nog steeds dat die HERE die vrywillige gewer liefhet.

Hierdie paragraaf is ‘n baie lang tyd na die oorspronklike artikel bygesit, nadat ek soos baie ander weer na die onderwerp gekyk het. Wat u in die artikel gelees het, is nog steeds korrek, maar daar is ‘n paar addisionele punte wat bykom. Indien u nie aan ‘n gemeente behoort nie, is u vry om dit wat u wil gee, te gee waar u voel is reg. Onthou net die voorskrifte om vir die armes, die minderbevoorregtes (weduwee en wese), en die vreemdeling (die sonder vaste inkomste) te gee. Indien u wel ‘n lidmaat by ‘n gemeente is, is dit soos wat Samuel aan die volk gesê het dat die koning (u gemeente of groep) beslag daarop sal lê. “*En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee.*” (1Sa 8:15) So u sal maak soos u koning sê, anders is u in rebellie omdat u nie aan die koning gehoor gee nie. U koning sal wel eendag verantwoordelikheid moet aanvaar vir sy optrede, maar dit is sy saak. Die oordeel oor hom sal wees volgens Esegiël 34.

Een laaste paragraaf wat ek as ‘n gebed wil skryf, is as volg: “HERE ons kom na U toe in die Naam van Jesus wat ons vrygekoop het met Sy bloed op Golgota, deur die volmaakte offer vir U te bring. HERE ek vra dat U elke vloek sal breek wat elke leraar oor die leser se finansies uitgespreek het. HERE, meeste van die vloeke is uit onkunde onwetend op die persoon geplaas, maar ek vra nou dat U die werke van Satan sal verbreek, en dat elke seëning wat U vir die persoon beloof het, sal manifesteer in sy of haar lewe. Dankie dat ons weet dat U ‘n beloner is van elkeen wat U soek. Amen.

Moses 3 vers 8:Sonde, of Demoon, watter een is watter een?

Dit is, afhangende van jou geloof standpunt, moeilik om uitsluitsel te gee oor wat is wat. Aan die een kant kry ons die wat glo dat daar geen demone is nie, en aan die ander kant die wat glo dat hulle ‘n groot rol in die lewe van elke persoon kan speel.

Maar wie is nou reg?

As ons na die geskiedenis in die Bybel kyk, is dit nogal opvallend dat voor die ballingskap van Israel, alles, beide goed en kwaad, van die HERE afkomstig was. Eers na die ballingskap vind ons in die Bybel dat sekere skrywers goed, altyd aan die HERE toegeskryf het, en sleg altyd aan die duiwel toegeskryf het.

Hoe bewys ek dit?

Wat leer ons in Esegiël ? *"Hoofstuk 5 vers 7 Daarom, so sê die HERE HERE: Omdat julle opstandiger is as die nasies wat rondom julle is, in my insettinge nie gewandel en my verordeninge nie betrag het nie--selfs na die verordeninge van die nasies wat rondom julle is, nie gehandel het nie; 8 daarom, so sê die HERE HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, ja, Ek! En Ek sal strafgerigte in jou midde oefen, voor die oë van die nasies; 9 en om al jou gruwels ontwil sal Ek aan jou doen wat Ek nooit gedoen het nie, en wat Ek só nooit weer sal doen nie. 10 Daarom sal die vaders die kinders opeet in jou midde, en die kinders sal hulle vaders opeet; en Ek sal strafgerigte oefen in jou midde en sal al wat van jou oorbly, na al die windstreke verstrooi. 11 Daarom, so waar as Ek leef, spreek die HERE HERE, gewis, omdat jy my heiligdom verontreinig het met al jou verfoeisels en met al jou gruwels, sal Ék My ook onttrek; my oog sal nie verskoon nie, en Ék sal ook nie spaar nie. 12 'n Derde deel van jou sal aan die pes sterwe en deur hongersnood in jou omkom; en 'n derde deel sal deur die swaard rondom jou val; en 'n derde deel sal Ek na al die windstreke verstrooi, en Ek sal 'n swaard agter hulle uittrek. 13 So sal dan my toorn uitwoed, en Ek sal my grimmigheid tot rus bring teen hulle en aan My voldoening verskaf; en hulle sal weet dat Ek, die HERE, in my ywer gespreek het as Ek my grimmigheid teen hulle laat uitwoed."*

Hierdie gedeelte klink nie vir my soos goeie woorde nie. Maar tog is dit van die HERE afkomstig. Ek kan al klaar sien hoe sommige persone van vandag, indien hulle in dié tyd geleef het, al wat demoon is bestraf oor hierdie slegte goed wat oor Israel gekom het.

Maar hoe bewys ek dit in die Bybel dat die skrywers na die ballingskap verander het? Daar is een gedeelte wat dit direk vir ons uitlig. Die boeke van Samuel is geskryf voor die ballingskap, en die boeke van die Kronieke is na die ballingskap geskryf. Kom ons vergelyk dieselfde gebeurtenis.

2 Samuel 24 vers 1: *"En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda."*

1 Kronieke 21 vers 1: *"Toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel."*

Maak dit jou deurmekaar? Dit maak my verseker deurmekaar. Hoekom het dit gebeur? Die skrywer van Samuel het dit wat gebeur het in die lewe, altyd aan die HERE toegeskryf, beide goed en sleg, terwyl die skrywer van die Kronieke boeke, nie kon glo dat die HERE mense kan laat sondig nie, en sodoende dit aan Satan toegeskryf. Dit is maar hoe ons ook optree. Wanneer ek weet dat ek verkeerd opgetree het, en ek nie die blaam wil dra nie, skryf ek dit aan demoniese werke toe. Hoekom? Want ek is mos oraait. Ek kan mos nie sondig nie. Wie ek? Nooit, ek is dan so ‘n voorbeeldige persoon. Kyk maar net na my aansien in die gemeenskap en in die Kerk. Ek kan mos nie meer sondig nie. Dit moet demonies wees.

Ons as mens wil altyd dit wat skeiding maak tussen my en die HERE, aan die Satan toeskryf. Ongelukkig is dit nie wat die Bybel leer nie. Kom ons kyk na Jesaja 8. *"Vers 11 Want so het die HERE met my gespreek toe sy hand my oorweldig het en Hy my vermaan het om nie te wandel op die weg van hierdie volk nie, met die woorde: 12 Julle mag nie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie, en julle mag nie bevrees wees vir wat hulle vrees, of verskrik wees nie. 13 Die HERE van die leërskare--Hom moet julle heilig, en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees! 14 Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel, vir die twee huise van Israel, 'n vangnet en 'n strik vir die inwoners van Jerusalem. 15 En baie onder hulle sal struikel en val en verbreek en verstrik en gevang word. 16 ¶ Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge. 17 En ek sal wag op die HERE, wat sy aangesig verberg vir die huis van Jakob, en op Hom hoop. 18 Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het--tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel, vanweë die HERE van die leërskare wat op die berg Sion woon. 19 En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel--moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? 20 Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."*

Hierdie skrifgedeelte leer ons heelwat oor wat reg en verkeerd is. Die eerste punt wat ons hieruit kan leer is om nie altyd te glo wat elke persoon vir jou vertel nie. Nee, moenie bang wees vir wat hulle voor bang is nie. Waarvoor moet ons wel vrees? Vir die HERE. Dit is wat daar staan. "*en laat Hy julle vrees en Hy julle verskrikking wees"*.

Maar hoekom moet ons Hom vrees? Ons word dan geleer Hy is liefde. Is dit dalk hoe jy die HERE ken? Ja, maar Hy is ook die een wat lewend en dood kan maak. In vandag se lewe vergeet ons hoe geweldig die HERE werklik is. Ons lewe so asof Hy ons speelmaat is. So asof ons Hom kan nader trek en wegstoot net soos ons wil, net wanneer ons Hom nodig het. As ons Hom nie nodig het nie, dan kan ons Hom maar weer op die rak sit tot wanneer ons Hom weer nodig het. Of ons kry mos elke dag ons “voel goed” stukkie. Die met die prentjie op met ‘n teks vers bo-op wat jou nou petrol sal gee dat jy die dag sal kan deurkom. Of ons kry hierdie mooi boodskap van die bekende predikant/pastoor wat jou sommer weer op kikker vir die dag. As jy dit nie kry nie kan jy nie funksioneer nie.

Hoekom moet ons Hom vrees? Kom ons kyk na ‘n paar voorbeelde in die Bybel. "*Numeri 16 vers 43 En toe Moses en Aäron tot voor die tent van samekoms kom, 44 het die HERE met Moses gespreek en gesê: 45 Trek julle terug uit hierdie vergadering, dat Ek hulle in 'n oomblik kan verteer. Toe val hulle op hul aangesig, 46 en Moses sê vir Aäron: Neem die vuurpan en gooi vuur van die altaar daarin en lê reukwerk daarop, en bring dit gou na die vergadering en doen versoening vir hulle; want die toorn het van die HERE se aangesig uitgegaan, die plaag het begin! 47 Toe neem Aäron dit soos Moses gespreek het en hardloop onder die vergadering in, en kyk, die plaag het al onder die volk begin! En hy het die reukwerk daarop gelê en versoening gedoen vir die volk. 48 En terwyl hy tussen die dooies en die lewendes staan, het die plaag opgehou. 49 En die wat deur die plaag gesterf het, was veertien duisend sewe honderd, buiten die wat gesterf het om Korag se ontwil."*

Wanneer ons verkeerd optree, of soos die Bybel dit noem, sondig, moet dit vergeld word of vergifnis voor gevra word. Die Bybel leer ons dat bloed moet vloei vir die versoening van sondes. Dit het Jesus kom doen, en daarom moet ek vergifnis vra vir sonde in die Naam van Jesus, sodat Sy bloed gereken kan word as betaling van die sonde. Dit is wat hier gebeur het toe Aäron tussen die volk ingehardloop het. Daar het vergifnis gekom, maar nogtans is daar veertien duisend sewehonderd mense dood. Hulle het betaal vir hulle sonde met hulle lewe.

Nog ‘n voorbeeld kom uit Josua 7. Vers 19: *"Toe sê Josua vir Agan: My seun, maak tog die HERE, die God van Israel, heerlik en gee Hom die eer; en gee my tog te kenne wat jy gedoen het; steek dit nie vir my weg nie. 20 Toe het Agan Josua geantwoord en gesê: Waarlik, ek het gesondig teen die HERE, die God van Israel, en so en so het ek gedoen.*"

Wat was die reaksie? "*24 Daarop het Josua en die hele Israel met hom saam Agan, die seun van Serag, geneem met die silwer en die mantel en die goudstaaf en sy seuns en sy dogters en sy beeste en sy esels en sy kleinvee en sy tent en alles wat aan hom behoort het, en hulle het hul na die dal Agor gebring. 25 En Josua het gesê: Hoe het jy ons in die ongeluk gestort! Die HERE sal jou vandag in die ongeluk stort! Daarop het die hele Israel hom gestenig, en hulle het hulle met vuur verbrand en klippe op hulle gegooi."*

Dit is wat gebeur as ons sondig. Miskien is dit die rede dat ons dit aan die duiwel wil toereken. Miskien is ek te bang om die wraak van die HERE te dra. Maar, ongelukkig as dit lyk soos sonde, ruik soos sonde, voel soos sonde, of smaak soos sonde, is die kanse baie groot, so om en by 100%, dat dit sonde is, tensy ek dit op ‘n demoon kan blameer. Daaroor is daar demone met name soos rebellie, hebsug, vrees, en wat ook al. Want, ek wil nie erken dat ek sondig is nie.

"Dan sal Hy vir julle 'n heiligdom wees, maar 'n klip waar 'n mens teen stamp en 'n rots waar 'n mens oor struikel". Dit is waarvan Jesus gepraat het toe Hy ons beveel het om ons kruis op te neem en Hom te volg. Ek moet weet dat ek elke dag, elke oomblik van my lewe voor ‘n keuse gestel kan word om of te sondig of om nie te sondig nie. Gaan ek kies om te sondig, of gaan ek kies om nie te sondig nie? Jy moet besluit.

Ons leer almal so mooi om te kies om Jesus as verlosser aan te neem, maar daarna kan ons

maar sondig. Dit is nie wat die HERE wil nie. Hy wil dat ons sal wegdraai van die sonde, en nie meer onder die beheer van sonde staan nie. Wat sê Jesaja: *"Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge".* Hy wil dat ons sal leer om soos getuies van Jesus op te tree. Maar dan moet ek Sy wet in my hart ontvang.

Wat moet ons dan leer? *"Jesaja 8 vers 20 Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle 'n volk wat geen dageraad het nie."* As ons nie sonde sonde noem nie, en nie lewe tot ‘n getuienis van Jesus Christus nie, dan is ons ‘n volk wat nie weet wat aangaan nie. Dit is wat die HERE deur Jesaja verklaar het. Ons wil so graag sonde iets anders noem, maar die Bybel gee ons nie die reg nie. Nee, ons moet sonde sonde noem. Dan kan ons vergifnis ontvang, en in oorwinning die HERE dien.

Maar, Jesus het dan verklaar dat ons duiwels sal uitdryf in Sy naam? Verseker sal ons dit doen. Maar ek moet weet hoe om te onderskei tussen demone en sonde. Kom ons kyk weer na ‘n voorbeeld in die Bybel.

"Markus 5 vers 2 En toe Hy uit die skuit gaan, kom daar dadelik uit die grafte Hom tegemoet 'n man met 'n onreine gees, 3 wat sy verblyf in die grafte gehad het. En niemand kon selfs met kettings hom bind nie; 4 want hy was dikwels met voetboeie en kettings gebind, en die kettings is deur hom uitmekaar geruk en die voetboeie stukkend gebreek; en niemand was in staat om hom te tem nie. 5 En altyd, nag en dag, het hy aangehou om te skreeu op die berge en in die grafte en homself met klippe stukkend te slaan." Dit klink vir my die ou het nogal ‘n probleem gehad. Maar, Jesus het hom bevry. Dit is ongelukkig een van die min voorbeelde wat ons in die Bybel kry van iemand wat deur ‘n demoon of duiwel beset was, en hoe hy opgetree het. Die ander gevalle word net genoem dat Jesus en die dissipels demone uitgedryf het.

Hoe het hulle in die Bybelse tyd geweet of dit demonies was of nie? Seker maar soos ons vandag ook sal weet. Ons het die gawe van onderskeiding van geeste nodig. As iemand skielik teen ‘n muur oploop of ander ‘wonders’ doen soos waterwys of goeters wat glad nie daarop dui dat ek iemand anders daarmee bedien nie, is die oorsprong van die wonders demonies, en moet so ‘n persoon bevryding ontvang. So is alle vorms van waarsê, fortuin vertelling, waterwys, oosterse geveg kunste en godsdienste, breinkragte en al die soortgelyke goed duiwels. Indien jy daarmee betrokke was of is, moet jy vergifnis vra daarvoor, en het jy moontlik bevryding nodig.

Wat dan van oorerflike siektes of bindinge? Indien daar aanhoudend in jou familie iemand aan een of ander siekte ly, of dalk net altyd in armoede is, is dit moontlik dat die oorsaak daarvoor of ‘n oorerflike vloek of oorerflike sonde is. Kom ons neem ‘n voorbeeld. Jan ly aan asma, en so het sy pa en sy oupa en sy grootoupa en so het die nog voor hom ook daaraan gely. Wanneer ons kyk na die oorerwing, is dit siekte. Siekte weet ons is die gevolg van sonde. So, wat moet ons doen? Ek moet in die bres gaan staan vir die voorgeslagte en vergifnis vra vir die sonde. Indien ek nie weet wat die sonde was nie kan ek die HERE vra dat Hy deur die Heilige Gees my sal wys wat die sonde was. Hy sal dit vir jou wys, en dan kan vergifnis ontvang word. So sal die siekte se mag oor Jan en sy nageslag gebreek wees.

Wat nou van iets soos armoede? Dit is heel moontlik te danke aan ‘n vloek wat iemand oor die

persoon of familie uitgespreek het. Indien dit oor geslagte al kom, moet die vloek gebreek word en die woorde van die een wat dit uitgespreek het, nietig verklaar word. Dit kan ook wees dat die persoon nie die nuwe verbond verstaan nie. Volgens die nuwe verbond moet elke persoon wat in verbond staan met die HERE, genoeg hê om te eet, klere hê om aan te trek, en ‘n dak oor sy kop hê. Indien dit nie die geval is nie, vra die HERE en Hy sal dit as minimum voorsien. Maar, dan moet jy gehoorsaam wees aan die HERE en sy verbond. So die HERE beloof nie rykdom nie, maar hy sal sorg dat Hy die basiese behoeftes aan voldoen. Indien dit nie die geval is nie, vra die HERE dat Hy sal ingryp en verseker dat jy die minimum vereistes ontvang.

Hoe maak ek nou as persone net demone uit my wil jaag? Vra hulle eers of jy vergifnis kan vra vir die sonde wat die oorsaak is van die huidige stand van sake. As hulle aanhou, vra hulle om hulle knie voor Jesus te buig, en Hom te verkondig, en nie Satan nie. Dit klink dalk hard, maar ongelukkig is daar persone wat alles, tot jou persoonlikheid, wil verander, want alles is vir hulle duiwels en demonies. Vir hulle het die volgende skrif waar geword: 2 Petrus 2 vers 19 ***"Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword."***

So, om saam te vat. Daar is sonde en daar is demone of duiwels. Maar ons het die gawe van onderskeiding van geeste nodig om te weet wat is wat.

Moses 3 vers 9:Hoe oorwin ek verwerping, swak selfbeeld, rebellie en die tipes emosies?

Waarmee sukkel jy in jou lewe? Ek weet nie, maar ek weet dalk waarvan jy praat as jy sê dat die mense nie juis van jou hou nie. Ek dink elkeen van ons het maar iewers in ons lewens ‘n voorval gehad wat ons seergemaak het. Dis nou te sê as jy nie so dikvellig is dat jy dit nie eers wil erken nie.

Waar kom hierdie gevoelens vandaan? Dalk het jy maar soos meeste mense probeer om iets voor te stel en is jou idee heeltemal verwerp as ‘n nie logiese oplossing, of dalk het iemand met hulle woorde jou gekrenk. Baie van ons weet nie hoekom nie, maar jy was nou nie juis een wat enigiemand in belanggestel het nie. Jy weet nie hoekom nie, maar vandat jy kan onthou is jy maar die swart skaap van die familie. Miskien is jy maar net aanhoudend afgeknou van jou kindsdae af.

Jy is miskien in rebellie omdat jy ervaar dat niemand ooit aandag aan jou skenk nie. Miskien is jou ouers geskei en het jy in die proses seergekry, of is jy dalk afgeknou deur een van die stief ouers, of dalk jou eie ouers. Miskien is die probleem dat jou eggenoot jou verwerp.

Maar, eintlik wil ek praat oor hoe hanteer en oorwin ek hierdie gevoele.

Die eerste wat ons moet doen is om by die wortel van die gevoel te kom. Wat is die wortel waarvan ek nou praat? Dit is die eerste keer wat jy bewus geword het van die gevoel. Daardie eerste keer toe jou pa van die kantlyn afgeskreeu het dat jy nou nie weer die bal moet mis vang nie. Die eerste keer toe jy gevoel het jy is nie meer welkom hier nie. Ek weet nie wat jou omstandighede was nie. Miskien is dit dat jou ouers gedink het dat hulle nie nou al ‘n baba wou hê nie. Jy was dalk nog nie eers gebore nie. Dit is die eerste stap. Dit gaan dalk kos dat jy sal moet diep dink en grou, miskien sal jy ook ou wonde oop grou in jou soeke. Gelukkig as die wonde oop is, kan daar salf aangesmeer word en kan daar heling plaasvind.

Die tweede stap in die proses is om vergifnis uit te spreek en vergifnis te ontvang. Jy mag dalk sê maar hoe is dit moontlik om vergifnis uit te spreek teenoor iemand wat my as kind gemolesteer het. Die Bybel verklaar dat ek 7 maal 70 keer moet vergewe, sodat ek vergifnis kan ontvang vir my oortredinge. Die gebed wat Jesus vir ons geleer het, bevat ‘n gedeelte waarin ek vra dat die HERE my sal vergewe soos ek die vergewe wat teen my gesondig het. As ek nie kan vergewe nie, kan die HERE my nie vergewe nie.

Hettie, my vrou, het vir baie jare berading gedoen as ‘n voltydse bediening. Sy het die mense geleer om ‘n pen en papier te vat en dan moes die persoon die persoon teken wat die oorsaak was van die spesifieke gevoel. Dan kon die persoon begin om die prentjie maar sleg te sê en al die opgekropte woede uithaal op die prentjie. Wat sy gevind het is dat byna al die persone na so

‘n sessie, die persoon werklik kon vergewe. Ek praat nie daarvan dat die persoon skielik jou beste vriend word nie, maar dat die gevoel van haat verdwyn het.

Nog ‘n manier wat ek self van kan getuig dat dit werk is om die omstandighede wat ek wil verwerk sodat ek vergifnis kan uitspreek, toe te laat om na die oppervlak van my emosies te kom. Ek het al jare ‘n gewoonte om as ek alleen met die HERE wil praat, ek vir ‘n stap gaan. Dit kan enigiets van ‘n twintig minute tot ‘n drieuur lange stap wees. Ek stap dan maar na ‘n kerkgebou wat ‘n kruis op sy perseel het, en gaan lê die omstandighede en die gevoele by die kruis neer. Jesus het mos vir ons gesê ons moet al ons probleme by Hom los. So doen ek dit fisies. Ek haal uit my hart dit wat ek weet nie van Jesus is nie, en plaas dit aan die voet van die kruis. Daarna vra ek dat ek Jesus se vergifnis kan ontvang en neem ek dit weer fisies van die kruis en plaas dit in my binneste. Dit mag dalk vir u snaaks klink, maar dit werk vir my. Ek weet dat mense partymaal dink ek is mal as ek op my aangesig voor ‘n kruis op ‘n grasperk lê, maar ek weet ek kry vergifnis.

As ons na Moses se tabernakel kyk is dit presies wat dit voorgestel het. Die hoëpriester moes eers vir sy eie sondes op die koper altaar ‘n offer bring, daarna moes hy homself gaan was by die koper bak met die bloed van ‘n lam voordat hy dit kon waag om in die teenwoordigheid van die HERE in die allerheiligste te verskyn. Dit is wat ons ook moet doen. Ons moet eers vir onsself vergifnis kry en dit kan ek slegs kry wanneer ek die wat teen my gesondig het, vergewe.

Dit help nie ek lewe met ‘n onvergewensgesindheid nie, want ek bind myself. Ek moet vergewe sodat ek kan vrykom. Die persoon wat dalk die oorsaak van jou situasie is, is dalk al lankal begrawe. Dit sal jou niks kos nie, behalwe om jou knie te buig, maar jy sal los kom van al die negatiewe gevoele waarmee jy sukkel.

Moses 3 vers 10:Hoe skoon is jou sif?

Nou mag jy my vra, watter sif. Toe ek nou die dag my hande in die badkamer wou was, het die warm water so ‘n klein stroompie by die kraan uitgekom, maak nie saak hoe groot ek die kraan oopdraai nie. Ek het gewonder wat gebeur het, en het begin ondersoek instel. Dit is toe dat ek op die sif afkom waardeur die water moet gaan voordat dit by die kraan voor uitkom. Dit het my nogal laat dink aan ons eie lewens.

Wat maak jy wanneer jy iets hoor? Luister jy mooi fyn sodat jy die gebeure net so kan weergee as wat jy dit ontvang het, of gaan daar van die gebeure verlore. Of dalk sny jy sekere gedeeltes uit wat jy nie oor seker van is nie, of miskien vertel jy die gebeure deur gedeeltes uit te laat bloot omdat jy nie glo dat die gedeelte waar is nie. Is dit nie maar hoe ons almal optree nie?

Ons kan almal aan gevalle dink waar jy iets gehoor het, en dit aan iemand anders oor vertel het. Hoe het jy dit oor vertel? Net soos dit gebeur het, of dalk het jy ‘n stertjie aangelas net om dit smaakliker of meer aanvaarbaar te maak vir die ontvanger. Dalk het jy ook maar net so ‘n ou klein detailtjie uitgelaat want dit maak nou mos nie regtig saak nie. Of maak dit?

Toe ek die sif van die kraan afgehaal het het ek agtergekom dat van al die kere se gebruik, daar ‘n hele klomp goed voor die sif gaan lê het, wat veroorsaak het dat die water amper nie deur kon kom nie. Nadat ek al die gemors weggegooi het, moes ek ook nog steeds ‘n borsel neem en die sif self borsel om al die aanpaksels op die sif te verwyder. Na al die skoonmaak, kon ek die sif terugplaas, en toe ek die kraan weer oopmaak, is ek sopnat gespuit met al die water wat skielik uit die kraan gekom het.

Hoe lyk jou sif?

Die Bybel verklaar dat daar lewende water by ons sal uitkom. Hoe loop jou water? Spuit dit uit of loop dit ook maar net so ‘n ou klein stroompie uit? Hoe stel die Bybel dit? Johannes 7:38 *"Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."*

Die skrifgedeelte verklaar dat daar strome water sal vloei. As ek na baie Christene se lewens kyk, lyk dit vir my eerder of daar druppels uitkom. Hoekom? My sif is verstop. Maar hoe gebeur dit? Daar het vuilheid voor die sif gaan sit, en dit verhinder dat die water kan uitkom.

Nou wat is al hierdie vuilgoed wat my sif verstop, en hoe kry ek my sif skoon?

Soos met ‘n gewone kraan, moet ons by die begin. Ons moet eers besef dat ons kraan vuil of verstop is. Hoe lyk jou lewe? Straal jy elke dag en elke oomblik van die dag Jesus uit? Of is daar

tye waaroor jy miskien skaam is oor jou optrede? Miskien het jy ‘n gewoonte waaroor jy nie baie gelukkig oor is nie. Of dalk gebruik jy ‘n paar woorde wat nie in die Bybel voorkom as daar ‘n taxi voor jou inry.

Sodra ons besef dat ons kraan vuil is, kan ons begin met die skoonmakery. Eerstens moet ons die sif losskroef van die kraan, en daarvoor het ons ‘n tang of ‘n sleutel voor nodig. Dit kos inspanning om die sif los te kry, en dieselfde geld in ons lewens. Ek moet besef ek moet breek met al hierdie gemors in my lewe. Hoe vas sit jou sif? Besef jy dat daar nie water uitkom nie, maar jy weet nie of die probleem by die sif lê nie, of dalk veg jy nog deur te sê dat dit die pyp wat die water na jou moet bring, nie water het nie. Miskien lewe jy in ontkenning. Dit is gewoonlik ons grootste probleem. Ek is mos reg, ek het nie foute nie. Dit is maar net dat ek nou nie juis gekoppel is aan ‘n pyp met baie water nie. Dit is nie wat die Bybel verklaar nie. Die Bybel verklaar dat daar strome sal uitkom, ongeag wie jy is. Elke persoon moet strome voortbring, anders is jou sif verstop.

Maar hoekom sit die sif dan vas? Miskien lê die probleem by jou teologie. Miskien is jy grootgemaak dat ‘n mens nie oor jou godsdiens praat nie, want dit veroorsaak net tweedrag. Miskien spesialiseer jy in die oorlewering van mense. Jy redenaar dalk dat jou pa so geglo het en jou oupa en al die geslagte voor hulle ook. Weet jy Paulus het ook daarin gespesialiseer voor hy Jesus ontmoet het? Gal 1:14 *"en dat ek in die Jodedom vooruitgegaan het bo baie van my leeftyd onder my stamgenote, terwyl ek veral 'n yweraar was vir die oorleweringe van my voorvaders."* Maar, dit was voordat hy Jesus ontmoet het. Ek weet ons moet ons tradisie oppas, maar ek mag nie toelaat dat my tradisie hoër geag word as my verhouding met die HERE nie.

Miskien is jy soos Moses wat vir die HERE sê dat jy nie goed kan praat nie. Onthou net, die Bybel verklaar dat strome water by jou sal uitkom. Gee die HERE geleentheid om met jou te werk, en Hy sal jou lippe ook aanraak. Maar meeste kere lees die mense in elk geval jou lewe en nie jou woorde nie. So die lewende water is ook deur jou optrede sigbaar.

Wat kan nog jou sif laat vassit? Miskien hou jy nog te veel van jou lewe soos dit nou is. Miskien is jy bang dat die HERE jou lewe so sal verander dat jy soos iemand sal word wat jy nie van hou nie. Ek weet nie. Vra die HERE en Hy sal vir jou wys waarom jou sif vassit.

As die sif eers los is, kan ons al die vuilheid van ontslae raak wat die sif blokkeer. Van dit gaan maklik wees, want dit het in korreltjies vergader en kan net uitgegooi word. Om van die ander vuilheid te verwyder, gaan dit dalk nodig wees om ‘n borsel te gebruik. Maar wat is al hierdie vuilheid wat ons van ontslae moet raak? Kom ons kyk na twee skrifgedeeltes.

Galasiërs 5:19 "*En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; 20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; 21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie."*

Die tweede gedeelte kom uit Kolossense 3 vers 8 *"¶ Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. 9 Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het."*

Dit is alles wat ons van ontslae moet raak. Dalk is jou sif so aangekalk dat jy lank gaan sukkel om dit skoon te kry. Miskien is jy so gebreinspoel deur teoloë dat jy nie eers weet hoe lewende water lyk nie. Dit is dalk nodig dat jou sif vervang moet word, want die huidige sif kan nie lewende water deur laat nie. Miskien moet jy die HERE vra dat Hy jou sif sal vervang sodat jy Sy wil sal deurgee, en nie Sy wil afgewater deur jou sif nie.

Maar hoe lyk lewende water? Dit is woorde en dade wat altyd die ander persoon bevoordeel of opbou. Wanneer jy iets vir iemand anders doen, moet jy optree en praat asof jy dit vir jouself doen. Dit is wat Jesus verklaar het. Wat het Hy verklaar? Lukas 10:27 *"En hy antwoord en sê: Jy moet die HERE jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele krag en uit jou hele verstand; en jou naaste soos jouself."* Anders gestel sal ek so lewe dat ek nie iemand anders benadeel deur my optrede of woorde nie. Dan is dit lewende water. As ek nog probeer om myself te bevoordeel, of om iemand anders in ‘n swak lig te stel, straal ek nog nie Jesus uit nie, en is my sif vuil of verstop.

Indien jy nie weet waarvan ek nou praat nie, of dalk dink jy dat jy nog reg is, moet jy mooi gaan ondersoek instel aan watter waterpyp jy gekoppel is. Is jy aan die Lewende Water gekoppel, of is jy miskien aan die satan se pyp gekoppel. Jou dade sal vinnig verklap aan watter pyp jy gekoppel is.

So, om mee af te sluit. As jou sif skoon gemaak is, hoe lank bly hy skoon? So lank as wat ek myself ondersoek en seker maak dat ek alles wat ek ontvang, deurgee. Die oomblik as ek vind dat ek die water gefiltreer het en daar iets agtergebly het, is dit tyd om my sif weer skoon te maak. Dan is dit nodig om vergifnis te vra dat ek iets terug gehou het wat die HERE wou laat deurgaan. Of dalk het ek gesondig en het ek begin om ‘n aanpaksel te vorm aan die sif. Onthou net dat sonde, soos ons gesien het, jou sif heeltemal kan verstop, maar gelukkig kan ons ons sif afhaal, en vra dat Jesus se bloed ons sif weer sal reinig.

Moses 3 vers 11:Wat leer die Bybel oor persone met HIV/Vigs?

Dit is nogal ‘n baie relevante vraag vir vandag. Maar, wat is die Bybelse antwoord oor die saak? Is daar ooit ‘n antwoord? Nêrens in die Bybel kry ons ‘n direkte antwoord oor baie van ons hedendaagse probleme, insluitende Vigs nie. So wat nou gemaak? Hoe tree ek dan nou op teenoor die persone? Hoe en wat moet ek nou maak met mense wat daaraan ly? Daar is sovele vrae wat ons daaroor het, insluitende wat nou van die persone se menseregte?

Om by die antwoord uit te kom, moet ons maar soos met enige probleem wat ons in die lewe ervaar, eers die probleem ontleed. Ons moet gaan kyk na die oorsprong daarvan, wat die oorsaak daarvan is, hoe dit versprei, en dan eers kan ons gaan kyk oor wat die Woord van die

HERE oor die tipes vraagstukke vir ons vertel. So sal ons dan by ‘n antwoord kan uitkom.

Oorsprong

Om na die oorsprong van HIV/Vigs te gaan soek, moet ons in die argiewe gaan rondkrap. Die eerste verslag wat ek daaroor gelees het, dateer uit die middel tagtigs. In die verslag is daar verwys na wat algemeen aanvaar word as geval zero, ‘n persoon wat ‘n los homoseksuele lewe gely het, werksaam was by ‘n internasionale lugredery, en volgens die verslag heel moontlik die HIV virus gekry het nadat hy gemeenskap met ‘n aap gehad het. Almal wat aan die siekte toestand dood is binne die eerste jaar of wat, kon direk met hom verbind word, en het sy leefstyl beoefen.

Dit verklaar ook vir ons hoekom daar nie ‘n direkte teenmiddel daarvoor bestaan nie, aangesien dit ‘n toestand is wat van ‘n dier na ‘n mens versprei het, en nie ‘n virus is wat ontstaan het by die mens en die mens oor die eeue al aanval nie. Dit is ook nog tot en met vandag, nie moontlik om die virus regtig te isoleer en vernietig nie.

Hoe word die virus oorgedra?

Basies is daar twee maniere hoe die virus van een persoon na ‘n ander oorgedra word. Die eerste metode is dat die virus oorgedra word van persoon na persoon gedurende seksuele gemeenskap. Dit is die mees algemeenste manier. Die ander manier is deur vermenging van bloed. Dit kan geskied deur persone wat spuitnaalde gebruik wat deur ander persone gebruik is wat alreeds die virus het. Dit vind ons veral onder dwelm gebruikers aan.

Bloedoortappings is ook ‘n manier hoe persone onwetend die virus ontvang deurdat hulle bloed ontvang wat deur die virus besmet is. In Suid Afrika vind ons dat by verre die mees algemeenste manier van verspreiding is deur seksuele gemeenskap. Daaroor vind ons ook dat die regering hulle advertensie veldtog geloods het oor die gebruik van kondome, die sogenaamde " safe sex", en "love life" veldtogte. Verder versprei die virus ook van moeder na kind tydens geboorte, en weet ons almal van al die hofsake wat daar al gewees het oor die gratis verspreiding van retrovirale middels aan moeders wat die virus besit.

Maar is dit dan werklik ‘n probleem wat ons as Christene raak? Kan ons waag om werklik ‘n antwoord daaroor te probeer kry?

Ek glo dat elke situasie in die lewe ‘n uitwerking op ons as Christene het, en dus ‘n antwoord regverdig.

Ek wil graag begin by wat Paulus daaroor geskryf het. Romeine 1 vers 26 tot 32 "*26 Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle* ***vroue het die natuurlike verkeer verander*** *in dié wat teen die natuur is; 27 en net so het ook die manne die natuurlike verkeer*

met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: ***manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang****. 28 En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: 29 hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid; 30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpraters, uitvinders van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers; 31 onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig, 32 mense wat al ken hulle die verordening van God goed,* ***dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien- dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen."***

Dit is ontsettende harde woorde wat Paulus hier gebruik. Maar hoekom kan Paulus dit so sterk stel? Ek wil graag twee voorbeelde gebruik. Die eerste voorbeeld het ek by ‘n ou dame gehoor. Sy het dit as volg verduidelik. Gestel ek hou van my drank en ek gaan elke aand na die kroeg om my dronk te drink. Nou word ek die volgende oggend wakker met ‘n groot kopseer. Wie is verantwoordelik daarvoor? Ek self. Ek het besluit om my te vergryp aan alkohol en moet maar betaal daarvoor met ‘n groot kopseer. So moet ek maar my eie pille gaan koop om beter te voel. Kom ons neem dieselfde gebeure en verander dit dat ek seksueel met ‘n persoon verkeer. Ongelukkig vir my is die persoon positief getoets vir HIV. Nou word ek wakker en sal ek ook positief toets vir HIV na verloop van tyd. Nou is die probleem nie myne nie en hoef ek nie myself te bekommer oor wie nou vir my behandeling sal betaal nie, maar moet die belastingbetaler vir my betaal om behandeling te ontvang, en sal ek later sterf aan Vigs verwante siektes.

Die tweede voorbeeld wat ‘n ander aspek van die vraagstuk uitlig, is as volg. Indien ek ontevrede met my huweliksmaat is, en ek wil die persoon om die lewe bring, kan ek die persoon vergiftig met byvoorbeeld arseen. Ek weet van gevalle in ons land se geskiedenis waar persone so vergiftig is, en het die vergiftiging oor ‘n redelike lang tydperk gebeur. Eers na die persoon se dood is uitgevind dat hy vergiftig is. Presies dieselfde gebeur met HIV/Vigs. Dit vat ook ‘n redelike lang tydperk voordat die persoon sterf aan Vigs verwante siektes. Net die verskil, volgens ons wette, is dat ek nie moord gepleeg het nie.

Wat wys die twee voorbeelde vir ons uit? Indien ek alkohol misbruik, is die probleem die volgende oggend myne, maar indien ek seksueel sondig, is die probleem die regering s’n, en uiteindelik, die belastingbetaler s’n. Indien ek arseen gebruik en iemand vergif, is ek ‘n moordenaar, maar indien dit HIV/Vigs is, is dit nie moord nie, en het ek my regte en moet die samelewing maar geneë wees met al my eise, al is dit sonde.

Kom ons laat die aangeleentheid eers daar, en gaan speur vir ons gebeure na in die Bybel wat soortgelyk aan vandag se vraagstukke is. Terwyl ons by Vigs is, laat ons dan spesifiek na die seksuele oortredings kyk in die Bybel, en die uitwerking daarvan op die mense.

Die eerste voorbeeld wat ons kry, kom uit die dae voor Noag. Genesis 6 vanaf verse 1 tot 7: *"1 ¶ Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, 2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. 3 ¶ Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd en twintig jaar. 4 ¶ In dié dae was die*

reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. 5 Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, 6 ¶ het dit die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in Sy hart. 7 En die HERE sê: Ek sal die mens wat Ek geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou My dat Ek hulle gemaak het." Ons almal ken die geskiedenis van Noag wat alleen oorleef het. Hier het die HERE almal behalwe Noag gedood, omdat hulle seksuele sonde bedryf het. Daar was nie uitsonderings nie. Hier het die HERE alreeds vir ons geleer dat sonde aan die liggaam, die grootste sonde is wat ons kan pleeg. Hoekom? Want ons liggame is die tempel van die Heilige Gees, en deur seksuele sonde word die Heilige Gees ook daarby betrek.

Die volgende voorbeeld kom ook uit Genesis. Hoofstuk 19 : "*1 ¶ En die twee engele het in die aand in Sodom aangekom, terwyl Lot in die poort van Sodom sit; en toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle tegemoet te gaan en hom gebuig met die aangesig na die aarde toe 2 en gesê: Kyk tog, my HERE, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor en was u voete; dan kan u vroeg opstaan en u reis voortsit. Maar hulle antwoord: Nee, ons sal op die plein vernag. 3 Maar hy het baie by hulle aangehou, sodat hulle na hom uitgedraai en in sy huis gekom het. En hy het vir hulle 'n maaltyd berei en ongesuurde koeke gebak, en hulle het geëet. 4 ¶ Hulle het nog nie gaan slaap nie toe die manne van die stad, die manne van Sodom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking, almal saam. 5 En hulle het na Lot geroep en aan hom gesê: Waar is die manne wat vannag na jou gekom het? Bring hulle na ons toe uit, dat ons hulle kan beken."*

Sodom en Gomorra is verwoes as gevolg van homoseksualisme. Nie oor iets anders nie, nee, die mans van die stad wou selfs met die engele wat die HERE gestuur het, omgang hê. Wat het oorgebly van Sodom en Gomorra? Niks. Dit is totaal en al verwoes. Dit is wat gebeur wanneer ons nie op die HERE let nie. Ons kan nie maar net aangaan met ons eie denke en dinge goed praat nie, nee, ons moet let op die Woord en dit doen. Ek is bewus daarvan dat daar persone is wat in die bediening staan en self verklaar dat hulle homoseksueel is, en dat die HERE hulle so gemaak het. Ek is jammer dat hulle dit doen, want ongelukkig maak hulle die HERE tot leuenaar. Die HERE, weet ons, verklaar self dat Hy gister vandag en more dieselfde is. As Hy Sodom en Gomorra verwoes het, sal Hy dit weer doen met die wat hierdie sonde beoefen. Almal verwys graag daarna dat homoseksualisme nêrens na verwys word nie. Maar, in Israel se dae is die persone wat dit beoefen het, gedood. Daar was nie iemand wat dit eers probeer het nie, want hulle is onmiddellik gedood.

Jy mag dalk aanvoer dat Sodom verwoes is as gevolg van homoseksualisme, maar wie sê dit was kinders van die HERE. Lot se afstammelinge was dan die Moabiete en Ammoniete, nie volke wat die HERE gedien het nie. Kom ons kyk na Israel, die volk van die HERE. Die verhaal kom uit Rigters 19 en 20.

Rigters 19 van vers 1*:"* ¶ *En in dié dae was daar geen koning in Israel nie. En 'n Levitiese man het as vreemdeling vertoef agter in die gebergte van Efraim; en hy het vir hom 'n vrou, 'n byvrou, geneem uit Betlehem-Juda. 2 Maar sy byvrou het by hom gehoereer en van hom weggegaan na haar vader se huis, na Betlehem-Juda; en sy was daar vier maande lank. 3 Daarop maak*

haar man klaar en gaan haar agterna om na haar hart te spreek en haar terug te bring; sy dienaar was by hom met 'n paar esels. En toe sy hom in die huis van haar vader bring en die vader van die jong vrou hom sien, was hy bly om hom te ontmoet. 4 En sy skoonvader, die vader van die jong vrou, het hom teruggehou, sodat hy drie dae by hom gebly het; en hulle het geëet en gedrink en die nag daar oorgebly." Hierdie gedeelte is slegs as agtergrond sodat ons sal verstaan waaroor alles gaan. Ons weet nie wat die man se naam is nie, maar net dat hy uit die Levitiese stam is, met ander woorde van die priesterlike geslag. Ons lees verder dat sy skoonpa hom ‘n paar dae langer gehou het as wat beplan was, maar op ‘n dag het hy net besluit nou sal hy terug gaan, en het hy en sy byvrou en die res van die geselskap die terugtog begin. Ons lees verder dat hy kies om verby ‘n vreemde stad te gaan en liewers by ‘n stad van Benjamin, deel van sy volk, wil oornag.

Maar wat gebeur daar? *"16 ¶ Maar kyk, in die aand kom daar 'n ou man uit die veld van sy werk af, en die man was van die gebergte van Efraim afkomstig en het in Gíbea as vreemdeling vertoef; maar die manne van die plek was Benjaminiete. 17 En toe hy sy oë opslaan, sien hy die reisiger op die plein van die stad, en die ou man vra: Waar gaan u heen, en waar kom u vandaan? 18 En hy sê vir hom: Ons trek deur van Betlehem-Juda tot agter in die gebergte van Efraim; ek kom daarvandaan en het tot by Betlehem-Juda gereis, en ek gaan na die huis van die HERE; maar hier is niemand wat my in sy huis opneem nie, 19 alhoewel ons esels strooi sowel as voer het, en daar ook brood en wyn is vir myself en vir u dienares en vir die bediende wat by u dienaars is; daar is aan geen ding gebrek nie. 20 Toe sê die ou man: Vrede vir jou! alleenlik, al wat u kortkom, is vir my rekening; u moet net nie op die plein vernag nie. 21 Daarop het hy hom in sy huis ingebring en aan die esels voer gegee; en nadat hulle hul voete gewas het, het hulle geëet en gedrink. 22 ¶ Terwyl hulle hul hart vrolik maak, omsingel die manne van die stad, slegte manne, meteens die huis en klop hard aan die deur; en hulle spreek met die ou man, die eienaar van die huis, en sê: Bring die man uit wat in jou huis ingekom het, dat ons hom kan beken."* Dit was manne van die stam van Benjamin. Hulle versoek is nie aan voldoen nie, maar hulle het sy byvrou gegryp en haar verkrag, die hele nag lank. Die volgende oggend is sy dood opgetel voor die deur.

Die Leviet het toe sy byvrou opgesny in twaalf dele, en dit voor die oudstes gebring, en raad gevra. Die hele Israel het saamgestem en opgetrek teen die stam van Benjamin. Maar, hulle, die Benjaminiete, wou nie die persone uitlewer wat verantwoordelik was vir die bose daad nie. Israel het toe vir drie dae oorlog gevoer teen Benjamin, en die volgende gedeelte gee vir ons die resultaat: Rigters 21: "*44 En daar het van Benjamin agttien duisend man geval, en dit almal dapper manne. 45 Toe spring hulle om en vlug na die woestyn, na die rots Rimmon; maar hulle het in die nageveg op die grootpaaie vyf duisend man van hulle gedood en hulle agternagesit tot by Gídeom en twee duisend man van hulle verslaan. 46 En al die gesneuweldes van Benjamin op dié dag was vyf en twintig duisend man wat die swaard uittrek, en dit almal dapper manne. 47 Maar ses honderd man het omgedraai en gevlug na die woestyn, na die rots Rimmon en vier maande by die rots Rimmon gebly. 48 Toe gaan die manne van Israel terug na die kinders van Benjamin en verslaan hulle met die skerpte van die swaard, sowel mense as diere en alles wat voorgekom het; ook al die stede wat hulle aangetref het, het hulle aan die brand gesteek."*

Iets wat my opgeval het toe ek die gedeelte gelees het, is dat Israel die HERE nader en vra wat moet hulle doen. Elke keer was die antwoord dieselfde : ***"Trek teen hulle op".*** U sien, die HERE duld nie seksuele sondes nie. Ons lewe vandag so in afsondering van Hom. Dit is die rede hoekom ons dink ons kan wegkom daarmee. Maar die HERE het al in Eksodus 20 vir ons

geleer dat Hy by ons wil wees. Die enigste rede hoekom Hy by ons wil wees is dat ons nie sal sondig nie. U sien, terwyl die HERE daar ver is, is dit maklik om te wonder of Hy dit ooit sal oplet wanneer jy sondig, maar wanneer Hy woning maak in jou, sal jy ook die sonde haat, soos Hy dit haat. Dit is die God wat ek leer ken het. ‘n God wat daar is wanneer jy Hom nodig het, maar ook ‘n God wat daar is wanneer jy Hom dalk nie naby jou wil hê nie. Dit is die God wat ons voor bang is. Dit is die God wat jou tot verantwoording roep oor jou optrede. Hy wil so graag by jou wees, maar jy moet Hom toelaat.

Maar hoe tree ek dan nou op teenoor iemand met HIV/Vigs, of wat positief getoets is vir die HIV virus? Leer die persoon om nie verder te sondig nie. Geen los seksuele lewe sal deur die HERE geduld word nie. Leer die persoon dat iemand hom of haar vergiftig het, en dat indien hy of sy nou ook die virus versprei, hulle self skuldig staan aan moord. Maar meer nog, leer die persoon dat daar vergifnis is vir sonde, maar dan moet daarmee gebreek word, moet ek tot bekering kom, moet ek my lewe verruil vir die lewe van Christus. Leer die persoon ook dat hy of sy self verantwoordelikheid moet aanvaar vir die omstandighede, en nie ander persone dwing om te betaal vir sy oortredings nie.

Moet die staat betaal vir die behandeling van so ‘n persoon? Nee, die persoon is self daarvoor verantwoordelik, anders steel hy by jou en my. As ek ‘n voorbeeld kan noem. Indien u skielik kanker kry, gaan die staat vir alles betaal? Nee, hulle sal u vra om u eie rekening te dra. Waaroor moet hierdie sondaars dan voorkeur kry? Die enigste rede hoekom hulle dit regkry is omdat hulle almal om hulle, verder en verder intimideer deur hulle optrede, want hulle het mos ook regte. Het ‘n moordenaar reg om die samelewing te intimideer? In Suid Afrika, ja. Want ons wil tog so graag goed doen aan almal, want wie weet, dalk kry jy dalk ook die virus deur jou optrede, en jy gaan mos nie uit jou eie sak betaal nie.

Wat nou van persone wat onwetend deur bloed oortappings of ongelukke die virus ontvang het? Wat van babas wat gebore word van moeders wat daarmee besmet is? Moet ons so teen hulle ook optree? Verseker nie. Die persoon het nie die virus ontvang deur sonde nie. So ek kan teenoor die persoon optree soos teenoor enige ander persoon. Ek mag die persoon selfs dalk meer ondersteun as iemand wat nie siek is nie.

So om saam te vat. Vigs is straf van die HERE teenoor die wat in sonde lewe, en leer ons word tot aan die derde en vierde geslag vergeld. Maar, ek het ‘n verantwoordelikheid as Christen om die persoon te lei tot bekering, en uiteindelik vergewing van sondes. Die HERE wil dat niemand verlore gaan nie, maar sal nie sonde duld nie.

MOSES 4 - OOR KERK EN DIE TIPE VRAE

Jeremia 7: 3 - 8

So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek.

Vertrou nie op bedrieglike woorde nie--wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit!

Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar;

vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie--

dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu.

Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie.

Moses 4 vers 1: Wat is die Kerk van Jesus Christus?

Dit is nogal ‘n vraag wat ons aan die dink kan sit. Daar is so baie definisies in die Bybel dat ons kan aanhou met ‘n lang Bybelstudie net oor die verskillende benamings. So kan dit wees bruid, liggaam, volk, uitverkiestes ens. Maar dit is nie die vraag nie.

Die vraag is: "Wat is die Kerk van Jesus Christus?"

Daar is al soveel boeke en verduidelikings gegee dat baie mense of nie meer belangstel nie, of hulle het al opgegee het om na artikels en boeke te kyk waarin elke persoon sy eie gedagte deurgee.

Ek wil die vraag uit ‘n baie ander oogpunt benader. Ek wil nie ‘n twis begin oor of ‘n huiskerk of ‘n institusionele kerk reg is of verkeerd is nie, of die betekenis van die woord *Ekklesia* naspeur nie. Ek wil ook nie kyk of ‘n Pinkster kerk of een van die susters kerke reg is nie. Ek wil kyk na ons begrip van kerk. Dit sal ook dan vir my die riglyn gee van wat Kerk is of nie is nie.

Kom ons begin by hoe ons vandag ‘n kerk sien. Gestel ek ry deur die Karoo en kom op ‘n klein dorpie af. Die eerste wat ek van die dorpie gewoonlik raaksien, is ‘n kerktoring. Nou kan ek nader ry en gaan kyk na die kerkgebou. Gestel dit is ‘n Sondag, en daar is ‘n diens aan die gang. Ek sal ingaan en mense kry wat in rye sit, en waarvan al die rye na ‘n sentrale punt toe wys. Dit sal dan daar wees waar die preekstoel of podium sal staan. Die banke waarop die mense sit sal of van hout of plastiek wees, of as die leraar lank preek, mag die banke selfs opgestop wees. Indien dit ‘n nuwe gebou is, mag die sitplekke jou selfs herinner aan die by die teater, lekker sag en elkeen individueel.

Afhangende van die kerkgroep, mag daar of ‘n kerkorrel wees, of ‘n verhoog waar die musikante hulle instrumente kan bespeel. Daar mag dalk ook aparte sitplekke wees waar die "kerkraad" op moet sit.

Kom ons kyk nou verder na die "diens" wat gehou word. Daar word ‘n paar liedere, hetsy psalms of ander geestelike liedere, gesing, daar word gebid deur die leraar, en dan word daar ook afhangende van die kerkgroep, sekere gedeeltes uit die Bybel of ander getuigskrifte van die kerk gelees, bv. die Nederlandse geloofsbelydenis. Nou word daar uit die Bybel ‘n gedeelte gelees, en die leraar sal nou probeer verduidelik wat daar eintlik staan, of hoe ek die gedeelte in my lewe moet toepas. Dan word daar ‘n kollekte opgeneem wat dalk ook oor gebid sal word, of dalk selfs ‘n stuk uit die Bybel aangehaal word oor hoekom en hoeveel ek moet gee. Dit is dan gewoonlik ook die einde van die diens. Die volgorde van die diens kan wissel van kerk na kerk.

Na die diens word daar dalk koffie en tee saam gedrink. ‘n Persoon mag dalk met ‘n ander

persoon deel oor wat die week gebeur het, of net gesels oor die rugby wedstryd van gister, en dan gaan almal huis toe.

Nou staan jy as vreemdeling daar en stap na die persoon wat gepreek het, en vra hom hoe word jy nou deel van die groep mense, en wat word van jou verwag. Nou gaan hy gewoonlik deur ‘n soort van ‘n "checklist" werk om te hoor waar jy vandaan kom, by watter groep jy ingeskakel was en of jy dalk enige bewyse het wat alles kan bevestig. Dan mag hy jou dalk vra om ‘n funksie by te woon waar al hierdie inligting wat jy wil hê, aan jou beskikbaar gestel gaan word, of andersins moet hy maar iemand stuur om met jou in gesprek te tree oor al die stappe wat gevolg moet word voordat jy deel van die groep kan word.

Nou gaan jy maar na die volgende kerkgebou om uit te vind wat daar aangaan. Die groep mag dalk selfs handeklap terwyl hulle sing, en mense mag dalk selfs in baie vreemde stemme uitbreek. Maar, as jy rondom jou kyk en met die mense praat, vind jy uit dit is dieselfde stappe wat geneem word as jy lid van die groep wil word. Hulle mag dalk vir jou sê dat hulle heel anders as die ander groep is, want hulle het selle wat ook in die week bymekaar kom. Nou besluit jy maar om in die week soontoe te gaan om te sien wat daar gebeur. Weereens sing almal saam, en nou word ‘n papiertjie uitgehaal deur die leier. Dit het hy die Sondag by die diens gekry, en vra hy nou vrae aan jou oor wat Sondag oor gepreek is, en hoe jy dit ervaar het, en hoe ons dit kan toepas in ons lewe. Aan die einde word daar gevra of daar iets is waaroor daar gebid kan word. Nou sal dalk een of twee van die mense vra dat daar vir iemand wat hulle ken voor gebid sal word. So word dit afgesluit en was dit maar net ‘n Sondagdiens in die kleinere, met gebed vir spesifieke persone, en nie net in die algemeen nie.

Om jou nou te help in jou besluit waar jy jou moet voeg, besluit jy om jou Bybel uit te haal en te gaan kyk wat die Bybel sê. Nou onthou jy skielik dat daar ‘n baie slim Oom was wat baie boeke geskryf het. O ja, hy het mos amper al die boeke in die nuwe testament geskryf, want jy wil nou mos by ‘n Nuwe Testamentiese kerk aansluit. Nou begin jy te soek en daar kry jy die gedeelte wat praat oor hoe dit sal wees wanneer julle bymekaar kom. Nou weet jy. 1 Kor. 14 van vers 26:" *¶ Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan* ***het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering*** *of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging--laat alles tot stigting geskied. 27 En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê. 28 Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek. 29* ***Laat twee of drie profete spreek*** *en die ander dit beoordeel. 30 Maar as daar iets geopenbaar is aan 'n ander wat daar sit, laat die eerste swyg. 31 Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. 32 En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; 33 want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges. 34 ¶ Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. 35 Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek. 36 ¶ Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom? 37 As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die HERE is. 38* ***Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly.*** *39 Daarom, broeders,* ***beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie****. 40 Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan."*

Jou onmiddellike reaksie is dalk een van verwondering, want wat hier staan het niks in gemeen met wat jy sovêr by enige van die byeenkomste ervaar het nie. Maar, dit is wat die Bybel verklaar. Nou mag jy dalk sê dat dit in ons groot gemeentes onmoontlik is om so ‘n tipe diens te hou, en dat dit tuishoort by die sel byeenkomste in die week. Ek wil dit graag bevraagteken, want die meeste selle word net toegelaat om dit wat hulle gegee word, deur te gee. Verder het die sel leier geen reg om enige iets anders te leer as wat die "Kerk" toelaat nie. Maar, kom ons ondersoek eerder verder wat is Kerk.

Om jou taak nog moeiliker te maak, onthou jy dat daar in Efesiërs ook iets staan rondom Kerk. Efesiërs 4 :" *1 ¶ Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die HERE, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, 2 ¶ met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra 3 en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede. 4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; 5 een HERE, een geloof een doop, 6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is. 7 Maar aan elkeen van ons is die genade gegee volgens die mate van die gawe van Christus. 8 Daarom sê Hy: Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy die gevangenes gevange geneem en gawes aan die mense gegee. 9 Maar dít: Hy het opgevaar--wat beteken dit anders as dat Hy ook eers neergedaal het in die onderste dele van die aarde? 10 Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring. 11 En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, 12* ***om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus,*** *13* ***totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;*** *14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie* ***wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring;*** *15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, 16 uit wie die hele liggaam--goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate--die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde. 17 ¶ Dit sê en betuig ek dan in die HERE, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie-- 18 mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart; 19 wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe. 20 Maar julle het Christus nie so leer ken nie, 21 as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: 22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, 23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed 24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid. 25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede. 26 Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie; 27 en gee aan die duiwel geen plek nie. 28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het. 29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor. 30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing. 31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. 32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.”*

Die gedeelte verklap vir ons wie is die Kerk van Jesus, wie mag daaraan deel hê, en dus ook as ons negatief daarna kyk, wie nie daaraan mag behoort nie.

Soos ek gesê het, kom ons begin by die begin.

Handelinge 2:46 *"En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, 47 terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk.* ***En die HERE het daagliks by die gemeente gevoeg die wat gered is."***

Wat leer ons uit die gedeelte. Eerstens dat hulle dag vir dag bymekaar gekom het. Daar was 'n baie nou band tussen die mense. Elkeen het die ander een intiem geken. Dit is vandag in ons lewe miskien 'n bietjie moeilik, maar dit moet ons begeerte wees. Hulle het ook daagliks Nagmaal gebruik, maar het dit van huis tot huis gedoen. Nie een maal per maand of kwartaal soos ons dit vandag ken nie. Hulle het ook nie met lang gesigte bymekaar gekom om Nagmaal te gebruik nie, maar daagliks het hulle dit gedoen. Dit was deel van hulle daaglikse eet roetine. Die groot boodskap wat ek egter oor wil praat, is dat God die bygevoeg het wat gered is. Nie ek of enigeen kan mense by God se Kerk byvoeg nie, net Hy kan. Ons as wedergebore kinders van God is almal deel van God se Kerk.

Hoekom?

Ek wil hê ons moet nou kyk na Efesiërs 4: 4-6."*4 Dit is een liggaam en een Gees, soos julle ook geroep is in een hoop van julle roeping; 5 een HERE, een geloof een doop, 6 een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."*

Kom ons kyk wat bepaal lidmaatskap van 'n gemeente.

Ek wil graag 7 punte noem wat eenheid bepaal uit Efesiërs.

1 Een liggaam.

Ons het alreeds gesien dat daar net een Kerk is, en dit is God se Kerk. Vers 4 leer ons dat daar net een liggaam is. So as ek na 'n persoon kyk, moet ek my die vraag afvra, 'Wat is die persoon se funksie in die Liggaam?". Wanneer ek dit uitvind, kan ek ook sien dat die persoon deel van die Liggaam van Christus is, en kan ek dus nie teen hom gaan nie, want indien ek dit wil doen, veroorsaak ek kanker in die liggaam. Dit is wanneer een deel van die liggaam die ander deel aanval. Dus is enige persoon wat glo dat Jesus die Seun van God is, deel van die Kerk. As 'n persoon nie kan bely dat Jesus die Christus is nie, is hy nie deel van die Kerk nie.

2 Een Gees

As enigeen met ons wil fellowship, mag ek hom of haar nie afkeer net omdat hy dalk ‘n ander siening het oor geloof nie, net terwyl hy die Gees van Christus in hom het. So ek mag nie vir iemand wat dalk met ons verskil weier om by ons te aanbid nie, net terwyl die persoon een in Gees is met ons.

3 Een hoop

Hierdie hoop wat ons het, en dit is om ‘n ewigheid saam met die Vader te verkeer, is sovêr my kennis strek dieselfde hoop onder alle gelowiges. So almal wat hierdie hoop deel, is welkom in die gemeente van die HERE.

4 Een HERE

Daar is net een HERE, en dit is die HERE Jesus Christus. So elkeen wat bely dat Jesus die HERE is, is deel van ons.

5 Een geloof.

Hierdie is nie ons eie geloofsbelydenis nie, maar die geloof dat Jesus die Seun van God is, en dat niemand gered kan word behalwe deur die Seun nie. Ons mag dalk baie verskillende interpretasies van die Skrif aanhang, maar ons almal deel die een Geloof.

6 Een doop.

1 Kor 1 Vers 11 " *Want dit is aan my deur die huisgenote van Chloë bekend gemaak aangaande julle, my broeders, dat daar twiste onder julle is. 12 Ek bedoel dit, dat elkeen van julle sê: Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus.13 Is Christus verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig?* ***Of is julle in die naam van Paulus gedoop?"***

Die vers leer ons dat dit gaan oor in wie se naam jy gedoop is. So as die persoon in die Naam van Jesus gedoop is, is hy deel van die liggaam.

7 Een God.

As die persoon bely dat hy dieselfde God as ons bely, is hy deel van die liggaam van Christus, en dus welkom in ons midde.

Die bogemelde sewe punte stel vas wie almal aan die liggaam van Christus, dus die Kerk behoort. Enigeen wat nie aan al sewe punte voldoen nie, is dus nie deel van die Liggaam van Christus nie.

Net soos daar sewe redes is wat die eenheid van die Kerk bevorder, is daar ook sewe verbode redes vir die verdeling van die Kerk.

1 Geestelike leiers.

“Ek is van Paulus, en ek van Apollos, en ek van Céfas, en ek van Christus.” 1 Kor 1 12. Hier sien ons dat die gelowiges in Korinte probeer het om die gemeente te verdeel deur verskillende persone aan te hang. Maar Paulus wys hier dat hulle dit nie mag doen nie. **Hulle was alreeds in die kleinste deel gedeel wat hulle kon verdeel. Lokaliteit**. Die gelowiges in Korinte wou vir hulle mense aanstel wat hulle kon vereer. Ons vind dit vandag nog dat mense wat niks weet oor die Krag van die Kruis nie, vir hulle helde aanstel wat hulle wil volg. Ons hoef maar net te kyk na hoe kerke uitgeken word: Dit is pastoor XXX se kerk, of dit is Dominee YYY se kerk. Dit is taboe. **Slegs lokaliteit bepaal waar ‘n gemeente moet wees.**

2 Deur wie jy tot geloof gekom het.

Ons is ons weer terug by " *Ek is van Sefas, ek is van Paulus".* Die gemeente waar jy tot bekering gekom het, of die persoon wat jou na die HERE toe gely het, het geen reg om jou toe te ein vir sy gemeente nie. Dit is natuurlik dat ‘n persoon ‘n sekere aangetrokkenheid het teenoor ‘n gemeente of persoon waar jy tot bekering gekom het, maar jy mag nie die kerk daardeur verdeel nie.

3 Nie Sektaries.

Party Christene weet beter as om te sê, ek is van die en die, maar nou sê hulle hulle is van Christus. *"Julle doen helde vereering, ons dien net die HERE"*. Dit is nie verkeerd om te sê dat jy net die HERE dien, maar om te suggereer dat ander persone nie die HERE dien nie, maak jy jouself skuldig daaraan dat jy verdeeldheid veroorsaak. Ons enigste rede vir fellowship is Christus. Dit is al waaroor dit gaan. **So ons kan nie by ‘n kerkgenootskap aansluit nie, want dan veroorsaak ons dat ons sektaries optree**.

4 Grondbeginsel verskille.

Ons kan nie mense wegwys omdat hulle basiese grondbeginsels van hulle geloof verskil van ons nie. Al die Christene in ‘n gegewe lokaliteit behoort aan die Kerk van die lokaliteit. Dat daar verskille kan wees, is waar. Daaroor moet daar lering geskied sodat almal tot die volle waarheid kan kom. Ek weet ons wil almal graag hê dat net die mense wat soos ons dink en glo moet deel wees. Ongelukkig laat die Bybel dit nie toe nie. Romeine 14 leer ons dat ons wat sterker in die geloof is die swakkeres moet verdra. Eina.

5 Rasse verskille.

Rom 12 vers 13 "*Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een Liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge".*

Ons wil baie graag in Suid Afrika ander rasse uitsluit, maar die vers laat ons nie toe om dit te doen nie. Dat mense self besluit om in sekere gebiede saam te kom, is hulle eie besluit. Slegs lokaliteit mag verdeel.

6 Nasionaliteit verskille.

Soos met die rasse aangeleentheid, geld nasionaliteit of taal ook nie.

7 Sosiale Verskille.

Weereens, dit is nie ‘n grondige rede om aan te voer dat ek beter af is as ‘n ander persoon en sodoende verskillende kerke te vorm nie. Almal is een Liggaam. Ek mag ook nie sê dat ek verder gevorderd is op my geestelike weg en sodoende verskillende gemeentes aanhang nie. Ons plig is om die wat nog nie so ver gevorderd is op geestelike vlak soos ons, op te lei en toe te rus sodat hulle ook tot geestelike volwassenheid kan kom.

Noudat ons weet dat daar slegs een Kerk is, en dit is almal wat bely dat Jesus die Christus is, kan ons ook vra wat is Kerk, en hoe pas ek in die prentjie in.

Hoe pas alles in een?

Kom ons kyk weer na Efesiërs 4. 11 *"En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, 12* ***om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus****, 13 totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man,* ***tot die mate van die volle grootte van Christus****; 14 sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; 15 maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, 16 uit wie die hele liggaam--goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate--die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde”.*

As ons kyk na die bogenoemde, sien ons dat ons almal moet toerus tot eenheid van geloof en kennis van die Seun van God, tot die volle grootte van Christus. Die laaste gedeelte: "volle grootte van Christus", is vir my die sleutel gedeelte. As ons kyk na die eerste Christene, het hulle bekend gestaan as "Die Weg". Daaroor het die vrou met die waarsê gees ook gesê hulle verkondig die weg na saligheid. So ons moet groei in dié weg tot die volle grootte van Christus. Wanneer ons tot wedergeboorte kom, word ons gees vernuwe deurdat Jesus se Gees ons gees vernuwe en word ons deur Sy bloed skoon gewas. So, as ons reg onthou van die verbond, kan

ons nou deur middel van Jesus se geregtigheid regverdig voor God die Vader gaan staan. Dit beteken dat die Vader Jesus se Gees sien elke keer as Hy na ons kyk. Die vraag is nou: "sien ek elke keer Jesus se Gees raak as ek na my mede broer of suster kyk, of sien ek die eie ek raak?" Aangesien ek Jesus moet uitstraal, moet ek dus ook in Jesus se gawes beweeg wat Hy aan ons gegee het, juis omdat ek nie meer leef nie maar Christus in my. So dit is nie ‘n kwessie of ek die gawe van genesing gekry het nie, maar het ek toegelaat dat die HERE die gawe in my laat ontwikkel het.

Maar ons moet onthou dat ons saam met Jesus, kinders van God geword het, so ons is almal broers en susters van mekaar, of anders gestel ons is een familie, een huisgesin. Dan kan ons sien dat ek nie my boetie of sussie kan wegjaag nie, en verklaar dat hy nie meer by my hoort nie, want ons is almal van dieselfde Bloed. Die Bloed van Jesus. So indien jy meer weet van die HERE, beteken dit net dat jy hopelik ouer as die ander in die familie is, maar nou kan jy die wat jonger is, leer hoe om op te tree om jou Pa tevrede te stel. So word van die ouer lede in ‘n huisgesin verwag dat hulle groter pligte as die jongeres sal aanvat.

Dit bring ons dan nou terug by die eerste gedeelte van Efesiërs wat ons gelees het, naamlik dat sommige gegee is as Apostels, Profete, Evangeliste, Herders en Leraars. Paulus leer ons ook dat die Kerk gebou word op die fondasies van Apostels en Profete, terwyl die hoeksteen Jesus Christus is. So binne die huishouding, of gemeente, is daar sommige wat sekere pligte het, maar hulle kan nie hulle self aanstel in die pligte nie, maar moet deur die Vader aangestel word. Hoe gebeur dit. Wanneer ons na Moses as voorbeeld kyk, sien ons dat hy beweeg het in tekens en wonders. So, as die persoon in tekens en wonders beweeg, en dié is van die HERE afkomstig, is hy deur die HERE aangestel. Om te sê dat jy vir 3 of 8 jaar gestudeer het en dus geregtig is op ‘n posisie in die Kerk, is nie geldig nie. Net die HERE kan mense aanstel.

Waarvoor kom ons as gemeente dan saam. Die enigste rede is om Jesus se naam groot te maak, en om mekaar met ons gawes te bedien, tot opbouing van die gemeente. Kom ons kyk na 1 Kor 12: 1 *"¶ En wat die geestelike gawes betref, broeders, **wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie**. 2 Julle weet dat julle heidene was, weggevoer na die stomme afgode net soos julle ook al gelei is. 3 Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie; en niemand kan sê dat Jesus die HERE is nie, behalwe deur die Heilige Gees. 4 Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; 5 en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde HERE; 6 en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk. 7 Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is. 8 Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; 9 aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; 10 aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. 11 Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil. 12 ¶ Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. 13 **Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam**, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; **en ons is almal van een Gees deurdronge**. 14 Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. 15 As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie--behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? 16 En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie--behoort hy daarom nie aan die liggaam*

nie? 17 As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees? 18 Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het. 19 As almal een lid was, waar sou die liggaam wees? 20 Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam. 21 En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie. 22 Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk; 23 en dié lede van die liggaam wat vir ons minder eerbaar lyk, beklee ons met oorvloediger eer, en so het ons onsierlike lede oorvloediger sierlikheid, 24 terwyl ons sierlike lede dit nie nodig het nie; maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee, 25 ***sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra****. 26 En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly. 27 ¶ Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik. 28 En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regeringe, allerhande tale. 29 Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? 30 Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê? 31 Maar beywer julle met die oog op die beste gawes; en ek wys julle 'n nog uitnemender weg."*

"Ef 4:16 uit wie die hele liggaam--goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate--die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde"

Die gedeelte bevestig ook weer vir ons dat ons almal dus een liggaam is, en dat elkeen sy gawe moet gebruik om die groei van die liggaam te bevorder.

So wanneer ek na myself kyk vandag, sien ek nie meer myself raak nie, maar sien ek Christus in my en hoe Hy in my gestalte kry, maar wanneer ek na die groep kyk, sien ek die volmaakte liggaam van Christus en elke persoon in sy of haar onderlinge funksie raak. Wanneer ons dit besef, kan my lewe nooit meer dieselfde wees nie, want die lewe gaan nie oor my nie, maar oor my funksie in die Liggaam van Christus. Dan kan ek saam met Jesaja verklaar:

Jes:61:1 *"¶ Die Gees van die HERE HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; 2 om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die HERE en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos; 3 om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die HERE, tot sy verheerliking. 4 ¶ En hulle sal die ou puinhope bou, die verwoeste plekke uit vroeër dae weer oprig en die verwoeste stede weer nuut maak wat woes was van geslag tot geslag."*

Dit is Kerk wees.

Maar wat nou van "my" kerk? Watter vorm "kerk" jy by aansluit is nie ‘n kwessie nie, sel kerk,

huiskerk, Pinkster kerk, Calvinistiese kerk, Metodistiese kerk of watter vorm ook al, dit is nie waaroor Kerk gaan nie, maar dit gaan oor wie die Kerk is. Op die beste, is die vorm of denominasie nie veel verskillend van die voorbeeld wat ons in Jesus se tyd in die Bybel gekry het. Daar was twee hoofgroepe, die Fariseërs en die Sadduseërs. Maar Jesus het nie probeer om hulle te oortuig nie, maar het na die volk gegaan en hulle geleer. Mense soos Mattheus, ‘n tollenaar, of Petrus, ‘n visserman. Vandag se kerk is nie veel verskillend van ‘n klub nie. By ‘n klub is daar sekere reëls neergelê wat lidmaatskap beheer, daar is ‘n klub kaptein of voorsitter wat bepaal hoe alles sal funksioneer, daar is ‘n klubhuis waar almal met byeenkomste bymekaar kom, en daar is ledegeld wat jy moet betaal, en dan het die lede gewoonlik ook ‘n eenstemmige uitkyk op die lewe. Maar dit is nie wat die Bybel ons leer wat Kerk is nie.

Jy mag dalk van my verskil deur te sê dat Israel dan die tabernakel en later ‘n tempel gehad het om in te vergader of bymekaar te kom, en dit is wat jy as kerk sien, ‘n plek waar die HERE weer fisies deur Sy Gees manifesteer. Maar nou weet ons ook dat Jesus gekom het en gesê het dat Hy die tempel in drie dae gaan afbreek en weer opbou. U sien in dié drie dae het Jesus elke voorskrif wat daar was rondom offers, wette en die eerste verbond vervul. Daarom bestaan die tempel nie meer nie, en het Jesus weer die verhouding kom herstel na wat dit was voor die uittrek uit Egipte. Dit is die verhouding waar ons van lees in Eksodus 20 verse 18 tot 20, maar die keer moet ons nie weer wegdraai van Hom af nie*:" En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie."* U sien in die nuwe verbond word ons liggame tempels van die HERE, en ons weet dat Hy in ons kom woon, maar ons weet ook dat daar in Israel se tyd geen sonde toegelaat is in die tempel nie. Dit is die verhouding wat die HERE wil hê vir elke persoon.

Hoe word ‘n gemeente bestuur? Deur eensgesindheid. Nie een persoon is in beheer van wat aangaan nie. Daar is nie ‘n hoof pastoor of hoof leraar nie. Elkeen onderwerp hom aan die ander. Dit is wat Jesus gedoen het voor Sy kruisiging. Hy het almal se voete gewas. Ons as kinders van die HERE moet dieselfde gesindheid as Jesus openbaar, en eerder die ander persoon se voorstel wil aanvaar, as om ons eie wil op almal af te dwing.

Hoe weet ek of al hierdie aspekte wat hier genoem word waar is? Ken die Woord van die HERE. Maar oppas vir persone wat net van versie na versie lewe. Ondersoek die hele Woord van God, en dan sal jy weet wat waar is en nie waar is nie. Om ‘n vinnige voorbeeld te noem. Maleagi 3 vers 8 word altyd na verwys om jou tiende na die tempel toe te bring. Maar in Deuteronomium 14 vers 24 tot 26 word jy aangesê om jou tiende te gebruik en vir jou te koop net wat jou hart begeer, tot vir sterk drank. So, ons moet altyd eers ondersoek of dit wat na verwys word, reg is, en so deur die HERE gegee is. So sal ons kan onderskei of dit heeltemal buite die Bybel se konteks gebruik word.

Op dieselfde wyse sukkel baie mense met verskille in die Bybel. Wanneer ons wel die boodskap van die Bybel verstaan en daarvolgens lewe, maak verskille egter nie meer saak in ons lewe nie. As ons byvoorbeeld kyk na hoe Judas Iskariot dood is vind ons twee verskillende weergawes. Het dit enige invloed op hoe ek as kind van die HERE moet lewe? Nee. So watter weergawe reg

is maak nie saak nie, want dit het nie ‘n invloed op my lewe nie.

Een ding wat ons egter moet onthou, is dat al die persone van die Nuwe Testament wat saam met Jesus geleef het, soos Petrus, Johannes, en Jesus se half broers, Jakobus en Judas, altyd gewaarsku het teen valse leraars wat vanuit die kerk sal opstaan.

So, wat is Kerk? Ek en jy saam wat die wil van die HERE doen, dit is Kerk.

Moses 4 vers 2: Hoe beoordeel ek die egtheid van ‘n herder asook die egtheid van ‘n gemeente?

U mag dalk vra, hoekom wil jy ‘n antwoord gee oor iets wat ons as gemiddelde Christene nie aanraak nie? Ek wil dit graag met ‘n ander vraag beantwoord. Hoe gaan u weet of die persoon die waarheid verkondig en deur die HERE gestuur is, as u nie weet hoe om hom en sy werke en optrede te beoordeel nie?

Kom ons begin by wat die Bybel leer in ons tyd gaan gebeur, en stel eerstens wat die Bybel stel. 2 Petrus 1:1 *"¶ Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die HERE wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; 2 en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; 3* ¶ ***en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek****. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie. 4 Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; 5 en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het; 6 en deur die stede van Sodom en Gomorra tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n voorbeeld gestel het vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees; 7* ¶ *en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense; 8 want deur wat hy gesien en gehoor het, het dié regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke-- 9 die HERE weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word; 10* ¶ *en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agternaloop en die heerskappy verag.* ***Vermetel en aanmatigend, skroom hulle nie om die heerlike wesens te belaster nie****, 11 terwyl die engele, hoewel groter in sterkte en krag, geen lasterlike oordeel teen hulle by die HERE voorbring nie. 12 Maar hulle sal, omdat hulle belaster wat hulle nie ken nie, soos redelose diere wat die natuur volg, gebore om gevang en vernietig te word, in hulle verdorwenheid te gronde gaan 13 en die loon van die ongeregtigheid ontvang.* ***Hulle ag die weelderigheid oordag 'n genot****; hulle is skandvlekke en smette, weelderig in hul bedrieërye as hulle met julle saam smul; 14 met oë vol van owerspel, wat nie ophou om te sondig nie;* ***hulle verlok onvaste siele, hulle het 'n hart geoefen in hebsug****, hulle is kinders van die vervloeking. 15 Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bíleam, die seun van Beor, wat die loon van ongeregtigheid liefgehad het, 16 maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder. 17 Hulle is waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind, vir wie die donkerheid van die duisternis vir ewig bewaar word. 18 Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek,* ***verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees*** *en ongebondenheid die wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel. 19* ***Hulle belowe vryheid aan hulle****, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword. 20 Want as hulle, nadat hulle deur die kennis van die HERE en Saligmaker, Jesus Christus, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste. 21 Want dit sou vir hulle beter*

wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. 22 Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol. "

2Tim 4: 1 *"¶ Ek besweer jou dan voor God en die HERE Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: 2* ***verkondig die woord****; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; 3* ***want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie****, maar,* ***omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees****, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, 4 en* ***die oor sal afkeer van die waarheid*** *en hulle sal wend tot fabels. 5 Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."*

Ek wil graag begin by die begin van die afval van die priesters in die Ou Testament, en dit gebruik as maatstaf vir die beoordeling van die huidige situasie. Dit is moeilik om te glo dat daar vroeg in die Ou Testament alreeds valsheid in die priesterskap was, veral as ons kyk na van die ou priesters, soos Samuel en Elia om maar net ‘n paar te noem. Maar dit het al begin voor Samuel se tyd as priester. Ek wil begin met Eli. 1 Samuel 2 vers 11 *"¶ Daarna het Élkana na sy huis, na Rama, gegaan, terwyl die seun by die priester Eli die HERE bly dien het. 12 Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie. 13 Die handelwyse van die priesters teenoor die volk was só: As iemand 'n offer slag, dan kom die dienaar van die priester, net soos die vleis kook, met die drietand-vurk in sy hand, 14 en steek in die kastrol of in die pot of in die pan of in die skottel: alles wat die vurk optrek, neem die priester vir homself. So het hulle met al die Israeliete gedoen wat daar, in Silo, gekom het. 15 Selfs voordat hulle die vet aan die brand steek, kom die dienaar van die priester en sê aan die man wat offer: Gee vleis om vir die priester te braai, want hy sal nie gekookte nie, maar net rou vleis van jou neem. 16 As die man vir hom sê: Laat hulle net eers die vet aan die brand steek, neem dan vir jou soos jou siel begeer--dan sê hy: Nee, maar jy moet dit nou gee; en so nie, dan neem ek dit met geweld. 17 En die sonde van die jongmanne was baie groot voor die aangesig van die HERE,* ***want die mense het die offer aan die HERE verag****. 18 Maar Samuel het as seun gedien voor die aangesig van die HERE, omgord met 'n linne-skouerkleed. 19 En sy moeder was gewoond om vir hom 'n klein manteltjie te maak wat sy van jaar tot jaar vir hom gebring het as sy met haar man opgaan om die jaarlikse offer te bring. 20 Dan seën Eli Élkana en sy vrou en sê: Mag die HERE jou 'n nageslag gee uit hierdie vrou ter vergoeding van wat aan die HERE afgestaan is. Daarop gaan hulle na sy woonplek toe. 21 En die HERE het ag gegee op Hanna, sodat sy swanger geword en nog drie seuns en twee dogters gebaar het; en die seun Samuel het groot geword by die HERE."*

Vers 12 leer ons as volg*: "Maar die seuns van Eli was deugniete; hulle het die HERE nie erken nie".* Die eerste aanwyser vir ons om te sien of die herder / leraar / dominee / pastoor doen wat reg is, is om te kyk na sy kinders. Die Bybel leer ons Eli se seuns was deugniete. Hulle het geen ontsag gehad vir die werking en dinge van die HERE nie. Hulle het saam met Eli in die tempel gewoon, maar het die HERE nie geken nie. Hulle wou doen wat hulle wou. Hulle wou hulle nie aan gesag onderwerp nie. Hulle wou nie gekookte beesvleis eet nie. Nee, hulle wou geroosterde kruisskyf hê met die vet aan. Soos die gedeelte dit uitspel: Hulle het die offer van die HERE verag. Daaroor het die HERE hulle verwerp. As ons na die geskiedenis kyk, het Eli uit die stam van Aaron gekom, wat op sy beurt uit die stam van Levi gekom het. Eli se seuns moes by hom oorneem as priesters, maar hulle het geen ontsag gehad vir die HERE nie. So die eerste stap is:

Kyk na die herder se kinders. Luister hulle na hom, en doen wat van hulle verwag word? As hy nie kan nie, hoe kan hy ‘n gemeente beheer as hy nie sy eie kinders kan beheer nie? (1 Tim. 3:5). Samuel aan die anderkant, het die HERE gedien voor die aangesig van Eli.

Hoe het Eli opgetree teen hulle? As hy hoor hoe hulle met die tempelhoere bed toe gaan en die volk daardeur verlei, het hy hulle nie bestraf nie, maar net gesê dit is nie reg wat hulle doen nie. Daar was geen optrede teen hulle nie. Hoeveel leraars vandag is bang om op te tree teenoor sy eie kinders en gemeentelede wat in sonde verval het? Hoeveel pare bly net saam en word nooit daaroor gekonfronteer nie? (Dit word selfs aanbeveel) Hoeveel mense dobbel, speel die lotto, slaap rond, lieg en bedrieg, maar die kerk bly stil. Die leraar is bang dat hy sy lidmate sal ontstel en hulle dan nie hulle bydrae aan die einde van die maand sal gee nie. Hoekom? Hy het verval in hebsug. Sodra hy hulle aanspreek, kan sy vrou nie elke week met haar mooi kleertjies op die voorste banke kom sit nie, want sy moet dan weer die rok aantrek wat sy verlede week of verlede maand aangehad het. Dit is maklik om te sien of so ‘n herder werklik die HERE dien. As hy sag is op sonde, het hy soos Eli geword. Daarna verval hulle in ‘n valsheid en sê dat jy maar mag saamleef of seks hê voor die huwelik, want ons moet eers sien of ons aanpasbaar is voor die huwelik, of met allerhande snert die skape in die naam van die HERE verlei. So weet ek van gevalle waar van die leierskap in homoseksualisme verval het, maar word dit net afgemaak of dit niks is nie.

Esegiël beskryf ook ‘n ander faset van die herder. *"Wee die herders van Israel wat aan hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie?"* Hoeveel predikante is daar in die susters kerke wat tot die besef gekom het dat hulle gedoop moet word, dit gedoen het, maar nie hulle gemeentelede dit leer nie. Nee, hulle is te bang hulle word uitgeskop uit die kerk uit. Hulle sê: "Ek het my laat doop omrede die HERE dit aan my openbaar het, maar Hy sal dit op Sy tyd aan die gemeentelede openbaar. Dit is nie my plig nie". Jammer dominee, die Bybel sê jy moet vir die skape sorg, nie vir jouself nie. Hoeveel weet van die nuwe verbond en wat dit vir ons beteken maar leer nie hulle lidmate daaroor nie. Nee, ek is bang ek sal my inkomste verloor, want dan kan ek hulle nie meer op ‘n "guilt trip" sit met Maleagi 3 nie.

Die ander probleem waarmee ons sit is dat alle gelde wat ingesamel word, bestee sal word soos deur die herder besluit. Dit is waarvan Esegiël skryf in Esegiël 34 vers 3 *"Julle eet die vet". "Julle vat wat aan My behoort, vir julle self".* Gaan kyk maar hoeveel herders lewe in gemak, terwyl sy kudde in die uiterste armoede verval het. Een ding waaroor jy seker kan wees is dat daar elke maand gepreek gaan word om jou bydrae te gee, anders kan die HERE jou nie seën nie. Hulle het vergeet wat Paulus in 2 Kor. 8 vers 13 sê: "*Want ek bedoel nie dat daar vir ander verligting moet wees en vir julle verdrukking nie."* Die offers wat die mense in die Ou Testament moes bring moes die mense self eet, en afhangende van watter offer dit was, kon die priester wat offer of ‘n agterboud en ‘n vel of wat ook al kry. Die hele offer is nooit uitsluitlik vir die priester gegee nie. Indien jy nie meer gehad het hierdie jaar as verlede jaar nie, was jou tiende nul. Jy moes slegs van die toename in bates ‘n tiende bring, nie op alles wat jy gehad het nie. Vandag moet jy ‘n tiende van alles gee, anders word jy soos iemand wat die pes het, behandel. Jesus beskryf ook wat gebeur in Mattheus 23:23 "*Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat."* Hoeveel keer word mense weggewys van die kerk as hulle tekort het? Die antwoord is altyd: "Nee, ons moet eers die leraar en die kerk en die en dat betaal, jy moet vir jouself sorg. Ons is nie ‘n liefdadigheid organisasie nie." My vraag is: Wat is die kerk dan? Dit is

waarna Esegiël verwys dat die herders dit wat die HERE toekom, steel. Vir ‘n volledige bespreking oor tiendes en finansies, lees die vraag oor finansies..

Wat is die oordeel van God oor Eli? Vers 29 *"Waarom verag julle my slagoffer en my spysoffer wat Ek in my woning beveel het, en eer jy jou seuns meer as vir My deur julle vet te voer met die beste van elke offergawe van my volk Israel? 30 Daarom spreek die HERE, die God van Israel: Ek het wel duidelik gesê: Jou huis en die huis van jou vader sal voor my aangesig wandel tot in ewigheid. Maar nou spreek die HERE: Dit is ver van My; want die wat My eer, sal Ek eer; maar die wat My verag, sal veragtelik wees. 31* ***Kyk, die dae kom dat Ek jou arm en die arm van jou vader se huis sal afkap, sodat daar geen bejaarde in jou huis sal wees nie****. 32 Dan sal jy die benoudheid van my woning aanskou, in alles waarin Hy aan Israel goed sal doen; en in jou huis sal daar al die dae geen bejaarde wees nie. 33 Maar Ek sal, om jou oë te laat wegkwyn en jou siel te laat versmag, een vir jou nie uitroei van my altaar af nie;* ***en al wat aangroei uit jou huis, sal op manlike leeftyd sterwe****. 34* ***En dit sal vir jou die teken wees wat oor jou twee seuns, oor Hofni en Pínehas, sal kom: Op een dag sal hulle altwee sterwe****."*

Uit die skrifgedeelte kom daar ‘n paar punte na vore.

Eerstens sê die HERE dat Hy Sy belofte verander. Hoeveel keer hoor ons dat die HERE Sy beslissing sal verander vanaf die kansel. Die antwoord is altyd: "Nee, die HERE sal nooit Sy besluit rondom jou verander nie." Wat maak jou so spesiaal dat hy dit nie met jou sal doen nie? Hy het dit met Eli gedoen. Hy sal die eer wat Hom eer, maar die wat Hom nie eer nie, sal veragterlik wees.

Tweedens sê die HERE dat Hy Eli se regterarm, en die regterarm van sy nakomelinge sal afkap. Die regterarm hier verteenwoordig die krag van sy bediening. Maar wat is die krag van bediening? Esegiël 34 gee weer die antwoord. "*Vers 3 maar die skape laat julle nie wei nie;* 4 *julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid."* Hoeveel persone in jou gemeente is genees nadat die ouderlinge en die pastoor of dominee vir hom gebid het? Hoeveel mense met seer in hulle lewe is bygestaan en is geheel daarvan? Word jy geleer wat die Bybel sê, of word daar net ‘n eksegese gegee van ‘n spesifieke teksgedeelte, sonder dat daar geleer word hoe om dit in jou lewe toe te pas? Of word daar net ‘n teksvers aangehaal sodat die rede darem ‘n godsdienstige grondslag sal hê, maar daar word net gesê wat die prediker wil sê. Hoeveel nuwe bekeerlinge is daar in jou gemeente? Hoeveel mense rondom jou is kerk los, maar geen aandag word aan hulle gegee nie? Dit is waarvan die HERE hier praat. Die dienste gaan voort, maar daar word geen verskil in die samelewing gemaak nie. Ons spreek nie die regering aan as hulle duiwelse leerstellings in ons skole wil inbring nie. Nee, ons moet maar self die situasie by die huis hanteer. Hoe doen ons dit as hulle geleer word om alle gesag te verwerp en moet saamstaan om die doel van die gemeenskap uit te leef? "Die persoonlike voorkeur moet ek aflê, ek moet my ondergeskik stel aan wat vir ons as volk die beste is." Dit is wat geleer word by die skool. Duiwelse rituele met sangomas word voor groot geleenthede soos by sport en parlement byeenkomste toegelaat, maar ons word geleer dat as Christene ons dit moet aanvaar, want ons wil nie ‘n konfrontasie ontketen nie, en ons lewe mos in Afrika. Parlementslede kan saam met sangomas hulle hande in bloed was, en dan op Sondag in die ouderlingsbanke in die kerk gaan sit. Dit is wat ons doen, want die Krag van God is nie daar nie. Weet jy dat as Sy Krag nie daar

is nie, is Hy ook nie daar nie? Wat maak ons? As iemand nog durf iets sê waarmee die pastoor nie saamstem nie, dan word hy summier geskors uit die kerk, want "niemand sal my in my kerk aanvat nie. Ek weet hoe om die skrif te verklaar en as jy nie daarmee saamstem nie, dan moet jy of vergifnis vra vir die HERE dat jy teen "Sy" gesag opgestaan het, of jy moet uit die kerk bedank." Gaan kyk maar hoeveel kerke se webtuistes en voorligting stukke vir nuwe lidmate bevat hierdie klousule. Ander verklaar weer dat as jy vir drie of vier maande nie jou tiende bring nie, jy nie meer as lidmaat gereken sal word nie. Nee, daar word nie gevra of jy geld vir kos het nie, nee, jy word nie meer as lidmaat gereken nie. Die pastor wil tog nie sy geld met *jou* deel nie.

‘n Ander teken dat die Krag van die HERE nie daar is nie, is wanneer ons moet rondhardloop en nuwe programme instel om te verseker dat die lidmate nie elders gaan nie. Hoeveel leraars en pastors woon nie nuwe kursusse by oor hoe om sy gemeente te laat groei nie, of hoe om sy gemeente se inkomste te verdubbel nie. Nee, as die Krag van die HERE daar is, dan sal die HERE byvoeg die wat gered is. Ons hou groot uitreike, of het ‘n volledige evangelisasie program om besluite vir die HERE kry, maar die nuwe bekeerlinge word miskien een of twee keer besoek daarna, en is dan maar op hulle self aangewys om in Kanaän te kom. Die wolwe en jakkalse kan maar moor in die woestyn, want ons het mos ons plig gedoen. Nog ‘n teken van verval is dat ons moet ook verseker dat ons persone se "hang-ups" hanteer word, want die persoon is baie belangrik. Nee, die HERE is belangrik, want as Hy nie eerste kom nie, is ons besig met humanisme.

Dan is daar tog die tyd. As die dominee of pastor langer as tien minute preek, word daar op die horlosie gekyk, want hy mors nou weer my tyd. Ek het nie heeldag om na sy ou prediking te luister nie, ek het net gekom dat ek my eie ego kan streel en sê ek was in die kerk. Ek het nou mos my geestelike batterye kom laai sodat ek weer die week kan aangaan. Wie of wat kerk is het ek nie ‘n "clue" oor nie, want dit is goed wat die kerkraad moet uitklaar.

Dan is daar nog die kwessie van gebed. Daar word gevra dat almal wat deel is van die bediening, die musikante, voorsangers, herders en sel herders, voor die diens tog net sal saam bid vir die diens. Wanneer jy daar aankom, vind jy uit dat jy alleen daar is, en na twee of drie weke loer iemand per abuis in en sien jou daar. Nou is dit ‘n rondgeskarrel en nuwe beroepe word gemaak dat almal tog daar sal wees, maar dit bly maar dieselfde. Die alternatief is waar so ‘n geleentheid deur een of twee persone so oorheers word dat niemand anders kan bid nie, en word daar vir alles behalwe die diens gebid. Of wanneer die kerkraad voor die diens in die konsistorie bymekaar kom, en daar ‘n spesifieke patroon is van wie sal open voor en wie sal afsluit na die diens, moet jy hulle ‘n week of twee kennis gee sodat hulle hul 30 sekonde gebed kan voorberei en aflees wanneer dit hulle beurt is.

Jy mag dalk sê dit gaan nie so nie, maar ek kan vir jou hoeveel gemeentes wys waar dit so gaan, want die Krag van die HERE is nie daar nie. Maar, nou moet ek ook byvoeg, dat daar wel gemeentes is waar die Krag van die HERE so tasbaar daar is, dat jy elke oomblik met ‘n verwagting sit om te sien hoe die HERE werk. Dank die Vader daarvoor.

Die Bybel beskryf ook vir ons wat die uiteinde van beide tipe herders gaan wees. Esegiël beskryf dit so in hoofstuk 44: 6 *"En sê aan die wederstrewiges, aan die huis van Israel: So spreek die HERE HERE: Laat dit genoeg wees met al julle gruwels, o huis van Israel! 7 Omdat julle*

uitlanders ingebring het, onbesnedenes van hart en onbesnedenes van vlees, om in my heiligdom te wees, om dit, my huis, te ontheilig; toe julle my brood, vet en bloed gebring, en hulle my verbond verbreek het by al julle gruwels. 8 En julle het die diens van my heilige gawes nie waargeneem nie, maar het hulle aangestel om my diens in my heiligdom vir julle waar te neem. 9 So sê die HERE HERE: Geen uitlander, onbesnede van hart en onbesnede van vlees, mag in my heiligdom ingaan, van al die uitlanders wat onder die kinders van Israel is nie. 10 ¶ ***Maar die Leviete wat ver van My afgewyk het by die afdwaling van Israel, wat van My af weggedwaal het agter hulle drekgode aan, hulle moet hul ongeregtigheid dra: 11 hulle moet dienaars wees in my heiligdom, as wagte by die poorte van die huis en bedienaars van die huis; hulle moet die brandoffer en die slagoffer vir die volk slag en voor hulle staan om hulle te dien. 12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle drekgode en vir die huis van Israel 'n struikelblok tot ongeregtigheid was, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef, spreek die HERE HERE, sodat hulle hul ongeregtigheid moet dra. 13 En hulle mag nie nader kom na My toe om die priesteramp vir My te bedien nie en om nader te kom na al my heilige gawes, na die hoogheilige gawes nie; maar hulle moet hul skande dra en hul gruwels wat hulle bedryf het. 14 Dus sal Ek hulle aanstel om die diens van die huis waar te neem, vir die hele bediening daarvan en vir alles wat daarin gedoen moet word.*** *15 Maar die Levitiese priesters, die kinders van Sadok, wat die diens van my heiligdom waargeneem het toe die kinders van Israel van My af weggedwaal het, hulle moet na My toe nader kom om My te dien en voor my aangesig staan om aan My die vet en die bloed te offer, spreek die HERE HERE. 16 Hulle moet in my heiligdom ingaan, en hulle moet na my tafel toe nader kom om My te dien en my diens waarneem."*

Nou wil ek jou vra: Hoe vergelyk jou gemeente? Is die HERE daar met al Sy Krag en genade, of is Hy nie daar nie? Ek wil afsluit met wat die HERE verder sê in Esegiël 34 wat Hy sal doen: *"10 So sê die HERE HERE: Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie. 11 Want so sê die HERE HERE: Kyk, hier is Ek, en Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg. 12 Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid. 13 En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land. 14 Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, en op die hoë berge van Israel sal hulle weiplek wees. Daar sal hulle lê op 'n goeie plek en wei in 'n geil weiveld op die berge van Israel. 15 Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die HERE HERE. 16 Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is. 17* ¶ *En wat julle aangaan, my skape, so sê die HERE HERE, kyk, Ek sal oordeel tussen skape en skape, die ramme en die bokramme. 18 Is dit vir julle nie genoeg dat julle die goeie weiveld afwei nie? En moet julle die orige van jul weiveld met jul pote vertrap? En moet julle die helder water drink, terwyl julle die wat oorbly, met jul pote troebel maak? 19 En moet my skape afwei wat met julle pote vertrap is, en drink wat met julle pote troebel gemaak is? 20 Daarom, so sê die HERE HERE vir hulle: Kyk, hier is Ek, en Ek sal oordeel tussen die vet skape en die maer skape. 21 Omdat julle al die swakkes met skof en skouer wegdruk en met julle horings stoot, totdat julle hulle uitgejaag het, 22 daarom sal Ek my skape red, sodat hulle nie meer 'n prooi sal wees nie; en Ek sal oordeel tussen skape en skape."*

Moses 4 vers 3: Wat bedoel mense wanneer hulle sê dat iemand Jesus plus verkondig?

Ek lê vanoggend in die bed en dink oor al die vrae wat ons as Christene het, en die wat ek al gepoog het om te beantwoord, toe daar skielik nog ‘n vraag by my opkom. Nie ‘n vraag wat almal altyd oor dink nie, maar een wat ek al baie kere gehoor het ‘n gemeente of ‘n tipe Christen van aangekla word. Dit het my laat dink aan ‘n insident in my verlede die een dag toe ons predikant terug gekom het na drie maande lang verlof. Hy was baie in sy skik en het vir almal vertel dat hy nie sommer by ‘n ander gemeente eers wil wees nie, want ons gemeente was vol lewe en aan die brand vir Jesus. Hy het verder ook gesê dat hy by baie ander kerk gemeenskappe was, maar dat baie van hulle ‘n boodskap van “Jesus plus” verkondig. So is die een Jesus plus doop, en ‘n ander weer Jesus plus wetsonderhouding.

Terwyl ek so lekker lê, kom dit toe skielik by my op dat u ook dalk mag dink dat ek ook ‘n boodskap van Jesus plus verkondig. Dit het my regtig aangespreek, en moes ek toe maar opstaan en die Here gaan vra dat Hy vir my sal openbaar wat dit dan eintlik beteken om Christen te wees. Ek het skielik besef dat die vraag nie een is wat ligtelik beantwoord kan word nie, aangesien dit werklik ‘n ontsettende impak kan maak op jou verhouding met die Here.

Ek wil graag aan die hand van Johannes, die vraag beantwoord. Dit wil vir my lyk of Johannes ook vrae oor die onderwerp gehad het, en gelukkig het hy dit vir ons beantwoord. *“1 Johannes 5: 1 ¶ Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; en elkeen wat die Vader liefhet, het ook die een lief wat uit Hom gebore is.”* Hierdie skrifgedeelte verklaar vir ons onomwonde wie kinders van God is, naamlik elkeen wat glo dat Jesus die Christus is en Hom lief het. Sovêr pas dit in by al die verkillende groeperings waarmee ek al te doen gehad het in my lewe.

Nou gaan Johannes ‘n bietjie verder, en verklaar hy nou hoe iemand optree wat Hom liefhet. *“2 Hieraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie bewaar. 3 Want dit is die liefde tot God, dat ons sy gebooie bewaar; en sy gebooie is nie swaar nie.*” Nou sit Johannes so ‘n ietsie by om te sê dat as ons ons medemens en God liefhet, sal ons doen wat Jesus verklaar het, naamlik om God bo alles lief te hê, en jou naaste soos jouself. Nou kom ons uit by ‘n doen evangelie. Ek moet op ‘n sekere manier optree, anders bewys ek dat ek nie glo dat Jesus die Christus is nie. Ek moet kan bewys dat ek dit glo, en dit kan ek slegs doen as ek God en my medemens liefhet, en die omstanders dit sien in my lewe.

Die volgende verse gaan Johannes verder met sy definisie, en verklaar dat daar wedergeboorte moet plaasvind, want ons moet uit God gebore word, en ons moet die wêreld oorwin. Hoe vind wedergeboorte plaas? Johannes het dit opgeteken in Johannes 3 verse 5 en 6: “*5 Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. 6 Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees.”* Nou raak dinge ‘n bietjie moeilik, want nou moet ek my aardse begeertes en sondes kan aflê en oorwin. Ek moet nou kan begin om te heers oor my sonde. Hoe kry ek dit reg? Deur geloof. *“4 Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die*

oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. 5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" Nou moet ek kan glo dat ek sonder sonde kan lewe. Ek moenie vashou aan die een ou slegte gewoontetjie nie. Nee, as dit sonde is moet ek daarmee kan breek. So as jy glo dat Jesus die seun van God is moet jy jou sondige lewe kan oorwin. Hoekom? Want met wedergeboorte word Jesus se Gees in jou geplaas, en Sy Gees kan nie sondig nie.

Johannes gaan verder met sy definisie. *"6 ¶ Dit is Hy wat deur water en bloed gekom het, Jesus die Christus; nie deur die water alleen nie, maar deur die water en die bloed; en dit is die Gees wat getuig, want die Gees is die waarheid. 7 Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; 8 en daar is drie wat getuig op die aarde: die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig."* Jesus is die een wat deur die doopwater gegaan het, en ook Sy bloed gestort het vir ons om die ewige lewe te kan beërwe. So Jesus is nie net gedoop om vir ons die pad aan te dui nie, maar het Sy bloed gestort wat ons reinig van al ons sonde. Die bloed en die water is die tekens van die nuwe verbond wat Hy vir ons bewerk het. Nou verklaar Johannes dat die Vader, die Woord (Jesus) en die Heilige Gees getuig in die hemel, en dat op aarde die water (doopwater), en die bloed (nuwe verbond) en die Gees sal getuig. So ek moet gedoop wees, deel word van die nuwe verbond, en beweeg in die gawes van die Heilige Gees op aarde om te kan sê dat ek kind van God is.

Die laaste gedeelte van die redenasie van Johannes waarsku ons juis dat ons nie moet bly by wat mense van getuig nie, maar Hom die ewige God gaan vra, want dit is wat Hy getuig aangaande Sy Seun Jesus Christus. *"9 As ons die getuienis van die mense aanneem--die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis is van God wat Hy aangaande sy Seun getuig het."*

"10 ¶ Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie. 11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun. 12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie. 13 Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God."

"18 ¶ Ons weet dat elkeen wat uit God gebore is, nie sondig nie; maar hy wat uit God gebore is, bewaar homself, en die Bose het geen vat op hom nie. 19 Ons weet dat ons uit God is en die hele wêreld in die mag van die Bose lê. 20 En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe. 21 My kinders, bewaar julleself van die afgode. Amen."

Hoe verklaar Paulus dit? Hy skryf aan Timoteus die volgende: *"1 Tim. 1:5 ¶ Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof 6 waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; 7 hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie."*

Moses 4 vers 4: Hoe tree ek op teen valse leraars en hul verteenwoordigers?

U mag dalk dink dit is ‘n snaakse vraag om te beantwoord. Of selfs dink u dat ek nooit aan die vraag eers moes dink nie. Maar weet u, ek moes daaraan dink. Ek wil graag twee geleenthede in my eie lewe uitlig oor hoe mense optree, maar ook wat ons daaruit moet leer.

Ons het een aand gesit en eet toe daar iemand aan die deur klop. Ek was regtig nie in ‘n goeie bui nie aangesien ek ‘n moeilike dag agter die rug gehad het. Daar was kliënte wat nie ‘n besluit kon neem nie en ek moes regtig hard spook om hulle net te kry om ‘n besluit te neem. Soos ek hier skryf weet ek nog steeds nie of hulle tot ‘n besluit gekom het nie.

Maar hoe kan mense by my voordeur my omkrap? Maklik. Dit was twee jong dames van die Jehova Getuies wat probeer het om my te oortuig dat hulle die regte antwoord het. Ek het aan hulle verduidelik dat hulle liewers nie eers moet probeer om my te oortuig nie, en dat hulle liewer die Bybel moet glo as hulle geskrifte. Toe hulle weg stap van die voordeur, het daar skielik ‘n woede by my opgekom en het ek hulle agterna geskreeu dat hulle moet ophou met hulle verleiding.

Ek het skaars weer gesit, toe dit by my opkom dat ek nie nou eintlik soos ‘n Christen opgetree het nie. Het ek nie soos ‘n barbaar opgetree nie? Ek het mos nie nodig om my humeur te verloor nie. ‘n Christen tree mos nie so op nie. Dit was al die gedagtes wat by my opgekom het. Ek moet sê ek het nogal skuldig gevoel. Wat moet die bure van my dink?

Het dit al met u dalk gebeur? Ons word so mooi geleer dat ons onsself moet beteuel wanneer daar sulke gebeure plaasvind, maar in die hitte van die oomblik tree jy anders op as wat jy geleer word. Vir u is dit dalk nie eers ‘n probleem nie. Vir my was dit. Ek het regtig so hulpeloos gevoel dat hulle nie eers wil luister na wat ‘n persoon sê nie, en dat hulle maar aangaan met hulle lewe van misleiding.

Ek het toe vergifnis gevra by die HERE vir my optrede en probeer om die insident daar te laat. Skielik het ek net geweet dat ek dit vinnig moes neerskryf sodat die HERE ook deur die insident met my kon praat. Wat ek ervaar het, was eintlik nie wat ek verwag het nie.

Ons moet mos ten alle tye Jesus se beeld uitstraal. Ons moet optree soos Hy sou optree. Eers toe ek daaroor nadink, het ek agtergekom dat ek dalk soos Hy opgetree het. Onthou u die insident by die tempel. Mattheus 21: 12 *"En Jesus het in die tempel van God ingegaan en almal wat in die tempel verkoop en koop, uitgejaag en die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers omgegooi. 13 En Hy sê vir hulle: Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak."*

Hierdie insident wys ons hoe Jesus opgetree het wanneer mense nie die ontsag getoon het wat daar aan God getoon moet word nie. Dit is presies wat die twee dames ook gedoen het. Hulle het hul leier se openbarings, wat in elk geval ‘n leuen is, hoër geag as die Waarheid wat daar in die Bybel staan. Hulle is deel van die valse leraars wat ons teen gewaarsku word in die Bybel. Wat verklaar Petrus en Johannes en Paulus oor hoe ons teenoor valsheid moet optree?

Kom ons kyk na wat die apostels daaroor geskryf het. Dit lyk my die apostels het maar ook met die tipe persone te doen gekry, mense wat eers deel van hulle was, maar later op ‘n dwaalspoor gekom het. Selfs Jesus het ons daarteen gewaarsku. Kom ons kyk na ‘n paar skrifgedeeltes:

1. Jesus se uitsprake:

Matteus 7:15 Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.

Matteus 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Matteus 24:24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

2. Paulus se uitsprake:

2 Korintiërs 11:13 Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus.

2 Korintiërs 11:26 dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders;

Galasiërs 2:4 en dit vanweë die ingesmokkelde valse broeders wat ingesluip het om ons vryheid te bespied wat ons in Christus Jesus het, sodat hulle ons in diensbaarheid kon bring;

3. Petrus se uitspraak:

2 Petrus 2:1 Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring;

4. Johannes se uitspraak:

1 Johannes 4:1 Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan.

Dié skrifte leer nog nie vir ons hoe ons teenoor hulle moet optree nie, maar wel dat daar valse profete (waarsêers), apostels (dominees, pastore, professors), en dan ook valse lidmate sal wees.

Hoe tree ons teen hulle op? Daar is twee skrifgedeeltes wat lig werp daaroor.

1 Kor. 16:22 As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees! Maranáta!

2 Joh. 10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie. 11 Want die een wat hom groet, het gemeenskap aan sy bose werke.

Dit lyk nie vir my of hulle in die tyd baie liefde uitgestraal het teenoor die valse mense nie. U sien, ons moet leer om soos God op te tree, en dit is om lief te hê wat Hy lief het, en te haat wat Hy haat. Een uitlating wat Paulus maak is ook verbasend*. "1 Kor.14 38 Maar as iemand onkundig is, laat hom onkundig bly".*

Jesus het ook vir ons verklaar dat Hy nie aarde toe gekom het om vrede te bring nie, maar juis om verdeeldheid te veroorsaak, volgens Mattheus 10 verse 34 en 35. So moenie verbaas wees as mense nie daarvan hou dat jy verklaar dat jy nie saam met ‘n goddelose persoon wil deel in sy geloof nie.

Die HERE wil dat ons soos Hy sal optree, en dit is om ‘n verskil te maak in mense se lewens, die Woord te deel, en mense dissipels te maak. Maar ons moet leer dat as iemand ons nie wil ontvang nie, moet ons die persoon nie eers groet nie. So volgende keer wanneer daar weer iemand met ‘n valse leer voor u voordeur staan, weet dat u die reg het om die deur toe te maak sonder om ongeskik te wees. Jesus het hulle uit die sinagoge gejaag, so hulle het geen reg om u aan te spreek nie.

Die tweede gedeelte het so 6 maande later gebeur.

Die aand was vir my katastrofies. Eers het ek toegelaat dat my vrou haar aan ‘n ander man onderwerp, en toe het ek toegelaat dat hy dit met ‘n ander vrou, ‘n baie dierbare vriendin, ook doen. En dit alles in my eie huis. U sien die Bybel verklaar dat ‘n vrou aan haar eie man onderdanig moet wees, en nie aan ander mans nie. Dit is hoekom Paulus in 1 Korintiërs 14 verklaar dat ‘n vrou moet stil wees in die vergadering, want sy en haar man sal uitklaar wat haar pligte is en wat sy moet en nie moet doen nie. Geen ander man mag vir haar opdragte gee nie. Indien hy dit wel doen, tree hy nie soos ‘n Christen persoon op nie.

Na almal weg was, het ek en Hettie en die vriendin saam gesels oor wat gebeur het, en hoekom ons so opgetree het. Maar eers ‘n bietjie agtergrond oor wat alles gebeur het en nou aanleiding gegee het tot die skrywe.

Die vriendin het ons gekontak en gevra of ons ons huis tot beskikking sal stel om ‘n byeenkoms te hou waar een van ons gesamentlike vriende ‘n paar mense heen kon nooi aangesien hy graag in die bediening wil staan. Hy wil hoor wat ons daarvan dink, en wat ons voel die HERE se wil is. Daar sou ook ‘n ou man, ‘n profeet wees om indien nodig, persone met die Woord te bedien. Ons het ingestem, want die woord het dadelik by my opgekom dat hy wat ‘n profeet ontvang, sal die loon van ‘n profeet ontvang.

Hettie het soos gewoonlik, haar vir my aantreklik gemaak deur ‘n paar juweliersware, ringe en ‘n halssnoer, aan te sit. Die "profeet" het ingekom en vir Hettie gevra of sy ‘n woord van die HERE wou hê, waarop sy dadelik ja geantwoord het. Terwyl hy nog besig was met Hettie, het die vriendin van ons toe gearriveer, en is sy toe ook by die storie ingesluit.

Wat die persoon kwyt geraak het asof dit ‘n woord van die HERE was, was toe net al die tyd sy eie dogma wat hy op al wat vrou is afdwing. U sien, hy het vroeër aan die Spaderener gemeente, of soos algemeen bekend, die blou rokke behoort. Deel van hulle lering is dat ‘n vrou geen juweliersware mag dra nie, aangesien dit haar sienend blind en horende doof maak. Hulle gebruik die gedeelte van die goue kalf om hulle lering te staaf.

Wat ek oor die jare geleer het in die Bybel, is dat ons moet oppas wanneer ons iets kwytraak, en dit deurgee asof dit van die HERE afkomstig is. Petrus verklaar dit as volg in 1 Petrus 4 vers 11: *"As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God;"*

Hoe weet ek dit is deel van sy dogma? Hy het na die byeenkoms verklaar dat hy die gedeelte al by baie geleenthede gebruik het.

Na die aangeleentheid het my vrou en ons vriendin uiteindelik hulle juwele afgehaal aangesien hy verklaar het hy kan nie voortgaan voordat hulle in lyn kom nie. Hy het toe net oorgeneem en is daar glad nie eers gevra dat die HERE die byeenkoms sou lei soos Hy wou nie, maar het die persoon het aangegaan en ons vertel hoe die HERE hom orals gebruik het om soos hy dit sê, pos af te lewer wat van die HERE af kom. So het hy glo vir twee weke in Afrika gepraat sonder dat hy geweet het wat hy sê, en het hy net aangegaan oor hoe goed hy is. Dit alles terwyl sy eie vrou nie eers geweet het waar hy is nie.

Hoe moes die byeenkoms dan verloop het? Die antwoord wat ek uit die Bybel kry, kom uit 1 Korintiërs 14 verse 26 to 33. *"Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle ‘n psalm of ‘n lering of ‘n taal of ‘n openbaring of ‘n uitlegging—laat alles tot stigting geskied. 27 En as iemand in ‘n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê. 28 Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek. 29* ***Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel****. 30 Maar as daar iets geopenbaar is aan ‘n ander wat daar sit, laat die*

eerste swyg. 31 Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. 32 En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; want God is nie ‘n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges."

Wat gebeur het is dat die persoon net afgegaan het oor homself, en nie oor Jesus nie. Hy was ook nie bewus daarvan dat daar nog ‘n vêrdere drie profete waarvan ek weet, by die byeenkoms was nie. Sy woord is beoordeel, en ons het na die byeenkoms baie daaruit geleer oor hoe om valse profete uit te ken. U sien, dat wanneer ek praat en die aandag op myself vestig, het ek nog nie my lewe by die kruis van Jesus Christus afgelê nie. Ek is nie besig om mense my dissipels te maak nie, maar ek moet hulle dissipels van Jesus maak. Dit het ook nie hier gebeur nie.

Nou mag u dalk vra hoekom het ek dit toegelaat.

Daar was verskeie redes. Eerstens was die persoon ‘n gas van my vriend, en het ek gevoel dat dit nie my verantwoordelikheid om hom stil te maak nie. Tweedens, het die HERE die persoon gebruik om ons te wys en te leer oor hoe om ‘n valse profeet uit te ken. ‘n Gedeelte wat die HERE die hele week voor die aangeleentheid met my oor gepraat het en ek eers na die byeenkoms aan gedink het, was Lukas 11 vers 21 en 22*. "Wanneer ‘n sterk man wat goed gewapend is, sy huis bewaak, is sy besittings in veiligheid. 22 Maar as een hom oorval wat sterker is as hy en hom oorwin, neem hy sy volle wapenrusting weg waar hy op vertrou het, en deel sy buit uit."*

U sien ek was nie waaksaam nie, want die persoon is dan ‘n "profeet". Ek het nie verwag dat ek, en my eie vrou, in my eie huis aangevat sou word nie.

Die HERE is gelukkig baie getrou en het reeds voordat ek begin skrywe het, vir my die antwoord gegee. Die antwoord kom uit Amos 5 vers 13. *"Daarom swyg die verstandige in so ‘n tyd, want dit is ‘n onheilspellende tyd."*

So, om saam te vat. ‘n Valse profeet is toegelaat om in my eie huis myself en my vrou en al die ander persone met sy eie leer te kom aanvat. Ek het dit toegelaat omdat my waaksaamheid verslap het. Die HERE het wel die geleentheid gebruik sodat ons daaruit kon leer oor hoe om valse persone uit te ken, en het die vertroosting ook gegee deur my die volgende oggend te antwoord oor hoe ‘n verstandige persoon moet optree.

Moses 4 vers 5: Jode – Nasie of Kerkgroep?

Ek wil graag na die Joodse geloof van vandag kyk, en vir u as leser probeer wys dat die Jode van die Bybel nie ‘n nasie is soos vandag deur meeste mense verstaan word nie, maar in werklikheid, as die eerste Kerk gesien moet word.

Waarvan praat ek nou? Dat die Joodse geloof en mense in die Ou Verbond voor Jesus se koms, nie as ‘n nasie gesien moet word nie, maar dat deur al die eeue heen van voor Moses se dae af as Kerk van die HERE gesien word. Dit sal ook dan vir ons duidelik word dat die geveg wat deur sovele mense geveg word dat wanneer iemand praat van die Kerk versus die Joodse geloof, ons van vervangings teologie praat, van alle waarheid gestroop word aangesien die Jode en Israel van die Ou Testament as die eerste Kerk gesien moet word. Dit is hoe die Bybel dit gestel het, en dit is hoe die mense van die Ou Testament dit gesien het.

Kom ons begin by die begin van die KERK. En dit begin met Abraham. Die HERE begin met Abram (Abraham) praat lank voor die verbond wat Hy met hom sluit. En Abram luister elke keer en doen wat die HERE vir hom sê om te doen. So wat leer ons hieruit? Daar is twee faktore wat ‘n massiewe rol speel. Eerstens glo Abram die HERE en dan is hy gehoorsaam. Dit is die kenmerke van mense wat in die Kerk van die HERE hoort. Ons moet geloof hê en glo wat Hy vir ons sê, en moet ons gehoorsaam wees en doen wat Hy verwag. Dit val saam met Hebreërs 6 vers 1: *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,”*. So Abram lê sy eie lewe neer, bekering, en dan glo hy die HERE, geloof, die tweede kenmerk.

Nou vind ons dat die verbond ingestel word met nagmaal, waar Melgisedek die brood en die wyn bring. *“En Melgisédek, die koning van Salem, wat ‘n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.”* (Gen 14:18-20)

So ons vind dat daar toe alreeds ander mense was wat die HERE aanbid het en as priesters opgetree het. So Abram was nie alleen nie, daar was ander volke wat toe alreeds aan die HERE behoort het.

Nou kom die HERE eers met die verbond. *“Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in ‘n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou ‘n skild en jou loon is baie groot. Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is? Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde:* ***Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*** *Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee.”* (Gen 15:1-7)

Wat beteken hierdie twee eienskappe vir Abram. Dat dit vir hom as geregtigheid gereken is. Sonder geregtigheid is dit onmoontlik om deel van God se Kerk te wees. En nou vind ons hoe

die HERE die verbond instel en Abram geen deel daaraan het nie. Hy moes net die diere voorsien. Hier lees ons dat Abram moes die vee middeldeur sny en teenoor mekaar lê. Die betekenis daarvan was dat indien enigeen die verbond sou verbreek, die ander persoon die reg gehad het om so met sy verbondsvennoot op te tree. Nou het God vir Abram, hy het eers later Abraham geword, gesê dat uit Isak sou sy nageslag kom. So vir Abraham was dit nie moeilik om die besluit te neem om Isak te offer toe God hom gevra het nie, want die Here moes weer vir Isak uit die dood opwek, want uit Isak sou Abraham se nageslag kom. God kan nie lieg nie. Indien God dit nie doen nie, kon Abram met God maak soos met die diere gemaak is, en hy het geweet dat God nie kan lieg nie, en dat dit onmoontlik is om God dood te maak.

Verder, as een van die partye van 'n verbond iets van die ander een verwag het om te doen, moes die ander party dieselfde verwagting hê. Omdat God van Abram verwag het om sy seun te offer, het die HERE daar verklaar dat Hy vir Jesus sou stuur om te sterwe, want Jesus is Sy seun. Dit is hoekom Jesus moes kom, om die gedeelte van die eerste verbond te vervul. Dit is ook hoekom Jesus net een keer kon kom om vir ons sonde te sterwe.

So na hierdie gedeelte vind ons 25 jaar later dat die HERE die besnydenis instel as teken van die verbond. Nou die interessante gedeelte is dat wanneer ons na die volgorde kyk vind ons dat Abram moes glo, dan nagmaal vier, en dan volg die besnydenis. Na Abraham vind ons hulle moes eers besny word, dan glo, en dan nagmaal vir. So hier vind ons dit in ‘n halwe omgekeerde volgorde maar met Jesus vind ons dat Hy dit weer instel volgens Abraham se volgorde, so eers glo, dan nagmaal, en dan eers vind besnydenis van die hart plaas. Daarom dat ons so baie stryery kry vandag onder teoloë, want die harte is nie besny nie, alhoewel hulle nagmaal gebruik, weier hulle dat die HERE hul harte kan besny, en wil hulle hul verkeerde lewenswyses en insigte afdwing op hul kerkgenootskap.

So die Kerk begin met Abraham, en almal wat glo en deel geword het van die verbond, was Kerk.

Nou kom ons eers by Israel uit. En hier vind ons die volgende beginsel is dat mense van alle volke hulle by die volk kon voeg voor hul trek uit Egipte begin *het. “Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.” (Exo 12:48-49)* Die Engelse vertalings stel vers 47 egter as ‘n gemeente (congregation), en dit is ook hoe die woord in Strongs se Hebreeus beskryf word. *“Net een wet moet daar vir julle wees die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is die HERE julle God.”* (Lev 24:22)

So hier vind ons alreeds dat Israel nie ‘n spesifieke nasie is nie, maar almal wat besluit om die HERE as hul God te dien. So almal het dieselfde geloofsoortuiging gehad. So dit wys alreeds vir ons dat hulle eerder as Kerk funksioneer as volk. Dit sluit aan by die belofte wat die HERE aan Abraham gemaak het. *“Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. Toe val Abram op sy aangesig, en God het met hom gespreek en gesê: Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land*

Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees. Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag." (Gen 17:1-9)

So hier vind ons nog voor en tydens die trek na Kanaän, dat Israel as Kerk funksioneer en nie net as nasie nie. Soos vroeër genoem in Eksodus 12 vers 47, word hulle as 'n gemeente beskryf en nie as a volk of nasie nie.

Dit is ook waaroor die hele boek van Hebreërs gaan.

Baie mense verstaan nie die boek in die Bybel nie, en daar is baie, soos selfs Martin Luther, wat voel dat die boek nie in die Bybel hoort nie. Dit is maar mense wat voel dat die boek juis aan Jode geskryf is en dat dit ons as Christene nie raak nie.

Maar, nou het ek 'n probleem met die siening. Hoekom? Aangesien mense die Jode as volk sien en nie as Kerk nie. Dit is seker die grootste verskil wat ons vandag leer. Almal wil dat die boek slegs op die Jode van daardie tyd van toepassing was, maar wil of kan nie verstaan dat die sentrale punt van die boek gaan oor verbond nie.

So dit is nie net geskryf vir die Jode as nasie nie, maar aan die Jode as Kerk. Nou wat is die verskil? Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van wat Paulus aan Korinte skryf, en wat Jesus vir Johannes openbaar in Openbaring. Paulus skryf die volgende: *"En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom.* ***Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.****"* (1Kor 10:6-11)

Jesus se woorde in Openbaring is weer as volg: *"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk* ***en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie****, maar 'n sinagoge van die Satan." Open 2:9. "Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan,* ***van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg*** *Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het." Open 3:9.*

So ek gaan eerstens bewys dat Israel as Kerk funksioneer het, en nie as volk nie. Maar, kom ons begin by die begin. Wie is alreeds, en wie gaan nog hemel toe. Die wat reeds in die hemel is, is mense soos Moses, Dawid, Samuel, en nog baie ander persone van die Ou Testament. As ons na Nuwe Testamentiese mense soek is dit seker mense soos Petrus, Paulus en Johannes. Wat u dalk mag opval is dat ek slegs name van mense noem wat uit Israel afkomstig is. Die rede hiervoor is om vir u te wys dat hulle sekerlik daar is, omdat hulle aan die volk en Kerk van die HERE, Israel behoort het. Wat ek leer uit die Ou Testament is dat slegs persone wat die HERE behaag het en in Hom geglo het die ewige lewe beërwe het en nie alle Israeliete nie. Daarom dat ons lees dat die HERE in die meeste van hulle geen behae gehad het nie en hulle neergevel is in die woestyn, en so in die hel op geëindig het. *"Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn."* (1Kor 10:5)

Die HERE spreek die volgende woorde uit oor Israel: "*Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy*

eiendomsvolk te wees. Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. ***Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.”***(Deu 7:6-9) Hierdie gedeelte klink vir my eerder as ‘n belofte aan ‘n Kerk, as ‘n belofte aan ‘n spesifieke volk.

Maar hoe nou gemaak met ander mense van ander nasies?

Ek wil begin by die begin. Nou mag jy dink dat as ek na Openbaring verwys, ek aan die einde begin, maar Christus is aan die woord, en Hy was van die begin van die aarde al daar. Openbaring 3 vers 9: *"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg".* Hier sien ons dat Jesus aan die gemeente skryf en sê dat sommige voorgee dat hulle Jode is maar lieg. Die gemeente is in Filedelfia, verseker nie in Israel nie. Dit is ook ‘n bevestiging van Openbaring 2 vers 9: *"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan."* So hier gee Jesus vir ons ‘n belangrike stukkie inligting. Slegs ware Jode sal gered word. Dit stem saam met wat Moses meedeel in Deuteronomium 7 verse 6 en 7: *"Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke".*

Sodra ons besef dat God nooit Sy beloftes sal verander nie, sal ons besef dat daar iets is wat nie pluis is nie. Hoe kan God ons as heidene dan ook red as Sy Woord verklaar dat slegs Jode gered word? Die antwoord kom uit Handelinge 10 vers 34 en 35 *:" En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is."* Hier sien ons dat as ons Hom vrees en geregtigheid doen, ons Hom welgevallig is. Dit los egter nog nie die probleem van Openbaring op nie, want ons is nog nie Jode nie. Die antwoord moet ons gaan soek in Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte. Hier gee die HERE vir die Israeliete ‘n wet wat hulle moet gehoorsaam. Numeri 15 vers 15 en 16: *"Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. 'n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die HERE wees.* ***Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef****."* Eksodus 12 vers 48 gee die finale antwoord vir ons: "*En as 'n* ***vreemdeling by jou vertoef*** *en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is,* ***besny word****; en dan mag hy nader kom om dit te vier,* ***en hy sal soos 'n kind van die land wees****. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.*"

In Israel se geskiedenis sien ons dat wanneer iemand uit ‘n ander volk hom of haar verbind het met die Israeliete, hulle as volksgenote, of deel van die Kerk geag is. ‘n Baie goeie voorbeeld vir ons is Rut. Alhoewel sy die reg gehad het om na haar mense terug te gaan na haar man se dood, het sy gekies om saam met Naomi na haar land te gaan. Die woorde wat Rut ook gespreek het, ontsluit die waarheid verder. Rut 1:16 "*Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. 17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen--net die dood sal skeiding maak tussen my en u."* Hier gee sy te kenne dat sy kies om deel te word van Naomi se volk, en saam met Naomi haar God sal aanbid. Wie was Rut? Dawid se grootouma. Waar kom

Jesus vandaan? Uit Dawid se geslag.

Nou hoe pas al hierdie stukke in mekaar? Die HERE het Israel uitgekies as Sy Kerk. Ons, as heidene moet dus kies om by die Kerk van die HERE gevoeg te word. Hoe doen ons dit? Deur deel te word van die verbond met die HERE. Dit is om Christus se geregtigheid te besit. So ons moet weet wat Jesus kom doen het op aarde, en dit is om die Ou Verbond te vervul deur aan al die voorwaardes te voldoen. Dan gee dit ons die geleentheid om deel te word van die Israel van die HERE, soos Paulus vir ons in Galasiërs dit opgeteken het. ***"Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"*** (Gal 6:15-16) So hierdie gedeelte klink vir my baie meer as beleidenis skrifte van 'n Kerk, as beloftes aan 'n spesifieke volk. So Israel is nie as volk uitverkies nie, maar as Kerk want slegs die wat deel was van die verbond en geglo het dat slegs die HERE hulle God was, het die ewige lewe verkry.

Waar vind ons die eerste afval van die Kerk? Met die onderverdeling van Kanaän. Die Rubeniete en Gadiete en die halwe stam van Manasse het besluit om nie hulle erfdeel in Kanaän in besit te neem nie. Hulle wou hulle eie kop volg en buite die beloofde land hul erfenis ontvang. So hulle het gekies om nie dit wat die HERE vir hulle wou gee nie, te aanvaar nie. So hier sien ons die eerste afval. Wanneer ons in die geskiedenis van Israel gaan kyk, sien ons dat hulle geen invloed later op die geskiedenis van Israel gehad het nie. Dit is presies wat vandag gebeur. Mense besluit om die Kerk te verlaat en kan nie as gelowiges getel word nie, want slegs mense wat Jesus as hul verlosser bely en lewe soos kinders van die HERE vorm deel van die werklike Kerk. Dit is hoe Hebreërs 6 dit stel : *"Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het— om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."* (Heb 6:4-6) Dit is ook wat in de Ou Verbond gebeur het. Saul raadpleeg die heks van Endor en sterf as ongelowige. Wanneer Israel gesondig het is hulle gestraf om hulle terug te bring na die HERE toe, maar wanneer hulle nie meer aan die HERE vasgehou het nie, vind ons hulle nie verder in die Bybel nie. Alreeds net na Dawid skeur die koninkryk in twee, en sien ons nooit weer die ander stamme in die geskiedenis nie. So die ander het hul eie "kerk: begin, en is deur die HERE verstoot. Jesus praat ook nie met die mense van die "kerk" nie, behalwe om hulle teen mekaar op te sweep. Dit is wat Hy elke keer met die Fariseërs en Sadduseërs gedoen het. En hulle was die "kerk".

Nou kan ons maar deur Israel se geskiedenis sien hoe meeste van die stamme afvallig word, afgode aanbid en hulle voeg by die nasies wat hulle veronderstel was om uit te roei. Vandag vind ons dat mense sê dat Jesus moet nou eers die mense van die verlore stamme moet kom red, maar hulle het reeds hulle keuses gemaak en besluit om nie deel van die HERE se Kerk te wees nie. Die HERE het nie 'n spesifieke volk gekies nie, maar 'n spesifieke groep mense wat in Hom glo as hulle God. Dit is waaroor al die profete gepraat het. Al hul geskrifte is eintlik herlewings boodskappe wat hulle vir die mense gebring het. Almal het vir hulle voorgehou wat hulle moes doen, en dit was om terug te keer na die HERE toe. Daar was wel ook van die boodskappe wat hulle gebring het wat gewys het op Jesus en Sy verlossing wat Hy kom bring het. Maar dit was nogsteeds boodskappe om mense nader aan die HERE te bring. So al hierdie boodskappe gaan oor wat van ons as Kerk verwag word, en nie boodskappe aan 'n volk nie.

Verder vind ons net soos vandag dat lidmaatskap aan 'n Kerk groep nie beteken dat jy die ewige lewe gaan beërf nie, maar slegs geloof in Jesus Christus as verlosser.

So Israel was die Kerk onder die Ou Verbond, en ons vorm deel van die Kerk onder die Nuwe

Verbond. So daar bestaan nie iets soos vervangings teologie nie, maar slegs boodskappe aan die Kerk van die HERE. En dit het al begin met Moses wat die volgende keuse aan die mense gee: *"Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Maar baie naby jou is die woord,* ***in jou mond en in jou hart, om dit te doen.*** *Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk.* ***Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.*** *Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou.* ***Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee."*** (Deu 30:11-20)

So Israel moes kies om die HERE te volg, en dit klink soos iemand wat moet kies vandag om kind van die HERE te word, en nie 'n blanko uitspraak dat al Israel se mense die ewige lewe sal ontvang nie. Nee, slegs mense wat Hom gekies het, sal Sy kinders of volk wees.

So om terug te keer na die boek aan die Hebreërs, sien ons dat die boek handel oor die verskillende standpunte in die verskillende Kerke. Daar is eerstens die wat glo dat Jesus alles volbring het en dat slegs deur geloof in Hom ons as Kerk kan funksioneer. Dan is die tweede groep die wat glo dat Jesus die verlosser is, maar tog nog sekere van die Ou Testamentiese werke aan wil vashou om verlossing te kry, en dan die wat nog in die Ou Verbond vashou as die enigste manier om God se kinders gereken te word. En dit is wat die skrywer probeer bespreek, om te wys daarop dat Jesus al die voorskrifte aan voldoen het, en dat slegs volle oorgawe aan Hom en volle vertroue in Hom, die ewige lewe vir ons as mense kan verkry. Geen werke kan maak dat ons as Kerk gereken kan word nie.

So die skrywer wys daarop dat geen werke of nakoming van die Ou Verbond se voorskrifte vir ons die ewige lewe kan gee nie, aangesien Jesus 'n einde daaraan gemaak het toe hy deur die hemelse tabernakel gegaan het. Dit is wat Hebreërs 3 en 4 oor gaan. Dat ons geloof moet hê dat Jesus die Christus is en dat dit onmoontlik is om in Sy rus te gaan daarsonder. Dit is die betekenis van die Sabbat, dat ons oorgaan van 'n werke godsdiens na 'n geloof godsdiens.

Dit is waarom die nuwe voorskrifte in Hebreërs 13 opgeteken is, en wat dit vir ons beteken. Dit is vir ons al die vereistes om aan te voldoen.

"Die broederliefde moet bly. Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg. Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het. Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel. Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen? Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle

lewenswandel en volg hulle geloof na. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie. Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra. Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige. Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely. Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers. Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie. Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel. Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word. Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlikheid toekom t6ot in alle ewigheid! Amen. En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning, want ek het ook maar kort aan julle geskrywe. Julle moet weet dat die broeder Timótheüs vrygelaat is, saam met wie ek julle sal sien as hy spoedig kom. Groet al julle voorgangers en al die heiliges. Die wat van Italië is, groet julle. Die genade sy met julle almal! Amen." (Heb 13:1-25)

So dit is die voorskrifte vir Sy Kerk. Nou kan jy self sien of jou gemeente of van die lerings wat hulle huldig aan die vereistes voldoen. Nêrens lees ek in die Nuwe Verbond dat die HERE mense wat hul rug op Hom gekeer het weer 'n geleentheid sal kry om Hom te sien vir wie Hy is nie. Dit beteken ook dat Hy nie Israel as 'n spesiale volk verkies het nie, maar Israel as Kerk gekies het.

So daar bestaan nie iets soos vervangings teologie nie. Of jy glo die waarheid en beërf die ewige lewe, of jy sterf die tweede dood. Ek en jy wat die HERE dien is deel van Sy Israel, soos vroeër genoem in die aanhaling uit Galasiërs. 6:16 *"En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"* So dit gaan alles oor Sy Kerk.

Ons moet onthou dat die eerste mense wat tot bekering gekom het Jode was. En hulle is ook Christene genoem. *"En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê:* ***So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.*** *Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het,* ***het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochíë sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.*** *En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochíë gekom het* ***en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.*** *En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochíë. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring.* ***Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys***

gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem."(Hand 11:18-26)

So die mense was eerstens Jode, maar het toe bekend gestaan as Christene. So die wat praat oor vervanging teologie bewys net hulle onkunde, en hulle tekort aan kennis wat in die Bybel staan.

So daar sal nie 'n wegraping wees om die Jode te kom red nie, want dan moet almal wat nie in Jesus glo ook 'n tweede kans kry, en dan beteken die Bybel en Jesus niks nie. So hardloop weg van die mense voordat hulle jou saam met hulle in die afgrond trek. Dit is so dat daar pragtige mense is wat jy dalk voel ek nou aanvat, maar weet jy **net mense wat glo in die volle boodskap van die Bybel sal gered word**. Jesus het in elk geval vir hulle meegedeel dat hulle verwerp is: *"Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle:* ***Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.*** *En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het."* (Mat 21:42-46) Hier gebruik Jesus ook die woord volk, want die ware Kerk, of Bruid, het nog nie bestaan nie, want Hy het nog gelewe. Die is die vervulling van die gedeelte in Jesaja 5. *"Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring. Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring? Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want die wingerd van die HERE van die leërskare is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!"* (Isa 5:1-7)

Die dat Openbaring daarop wys dat twee derdes van alle Christene verlore sal gaan, want hulle glo die boodskap van die Bybel, plus hulle interpretasie. Hulle sal veg dat hulle interpretasie reg is en verse kwoteer om jou te probeer oortuig, maar weet jy die duiwel het ook vir Jesus aangevat deur die Bybel te kwoteer, maar Jesus het hom elke keer op sy foute gewys. So ek wil net graag wys dat daar foute is in party van ons lerings, en ons moet self verantwoordelikheid neem vir ons eie lewe, en nie vertrou op mense nie. Dieselfde storie geld vir die tien maagde. Vyf het Hom verwag, en vyf het eers gewag vir die wegraping en al sy gevolge, en het die bruilof gemis.

"As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na twisvrae en woordestryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense." (1Ti 6:3-5)

Verder verklaar Paulus die volgende: "*Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n*

goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; ***hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.*** *Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik en as* ***hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense,*** *goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, volgens die evangelie van die heerlikheid van die salige God wat aan my toevertrou is."* (1Ti 1:5-11)

So indien iemand met jou wil redeneer oor die wet, weet dat hy volgens die vorige gedeelte praat asof hy dink jy is nie geregverdig nie, en dalk is hy nie geregverdig nie. Die wet is slegs 'n tugmeester na die regverdigheid toe, en in sigself kan net die dood beteken. *"Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word.* ***Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder 'n tugmeester nie."*** (Gal 3:23-25)

So indien iemand jou wil dwing of "reg help" deur die wet te verkondig, weet dat die persoon nie die Bybel verstaan nie, en slegs sy interpretasie vir jou wil leer. So sal hulle jou probeer oortuig om Kersfees te vermy, die paas naweek nie te vier en nog 'n klomp ander dae nie, maar ons weet hulle probeer om jou weer onder die wet te plaas. Maar Paulus skryf as volg: *"Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny.* ***Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.*** *Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.* ***Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte; maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook. Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye."*** (Gal 4:21-31)

So die wat glo dat Jesus die Christus is en ons kom vrymaak het van die wet en Sy geregtigheid besit, is die Kerk van die HERE, en nie die volgens geslagsregisters en onderhouers van die wet nie. *"Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie; maar nou dat julle God ken, of liewer deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het. Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het; en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as 'n engel van God, ja, as Christus Jesus."* (Gal 4:8-14)

So wie is Israel? Die wat die wil van die HERE doen om te deel in die Nuwe Verbond, en dit geld al van Moses se tyd af. So dié mense is Kerk.

Moses 5 - Ontwaak Jy Wat Slaap

Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here—wandel soos kinders van die lig. Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid. En beproef wat die Here welbehaaglik is; en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer. Want wat in die geheim deur hulle gedoen word, is skandelik selfs om te noem. Maar al die dinge wat deur die lig bestraf word, word openbaar; want alles wat openbaar word, is lig. Daarom sê Hy: Ontwaak, jy wat slaap, en staan op uit die dode, en Christus sal oor jou skyn. Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; en koop die tyd uit, omdat die dae boos is. Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

(Efesiërs 5:8-17)

Inleiding

“As dit dan gepreek word dat Christus uit die dode opgewek is, hoe sê sommige onder julle dat daar geen opstanding van die dode is nie? As daar geen opstanding van die dode is nie, dan is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof; en dan word ons valse getuies van God bevind, omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het, wat Hy nie opgewek het nie, ten minste as die dode nie opgewek word nie. Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes; dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore. As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense. Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur ‘n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ‘n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms. Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het. En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees. Anders, wat sal hulle doen wat hulle vir die dode laat doop, as die dode geheel en al nie opgewek word nie? Waarom laat hulle hul nog vir die dode doop? Waarom is ons ook elke uur in gevaar? Ek sterf dag vir dag, broeders, so waar as ek op julle roem in Christus Jesus, onse Here. As ek in Éfese op menslike wyse met wilde diere geveg het, watter voordeel was dit vir my? As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons! Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. Wees nugter op die regte manier, en sondig nie; want sommige het geen kennis van God nie. Ek sê dit tot julle beskaming. ” (1Co 15:12-34)

Is daar ‘n hemel? En indien daar is, wat is die toegang vereistes. Weet ons wat is nodig om daaraan te voldoen? Hoekom en waar moet Jesus Christus as Koning optree?

Het die profete van die Ou Testament iets geweet oor hierdie tydperk, en het hulle dit dalk beskryf? In die gedeelte wil ek graag kyk na die verskillende profete en hul siening van die toekoms. Ek is bewus daarvan dat baie van u dalk sal wonder hoekom spesifiek die Ou Testamentiese profete en hulle siening van die toekoms, maar was u bewus daarvan dat baie van die profete se woorde nog nie vervul is nie? Een so ‘n voorbeeld kom uit Jeremia 30:3 *“Daar kom ‘n tyd, sê die Here, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander en hulle sal terugbring om die land te besit wat Ek aan hulle voorvaders gegee het, sê die Here.”* Meeste van die kommentare bevestig dat Israel as volk, met ander woorde al Jakob se nasate, nooit Kanaän in besit geneem het na die Babiloniese tydperk nie, aangesien die stamme wat weggevoer was slegs Benjamin en Juda se stamme was, en het hulle toe onder bevelvoerders gestaan wat deur hulle oorheersers aangestel is.

Ander profesieë is soos die van Sagaria, wat gesien het hoe die nuwe aarde verskyn en sal lyk, en dan is daar Esegiël se tempel. Verder is daar ook nog ander skrifte soos in Jesaja wat verklaar dat Egipte die HERE sal dien, saam met Assirië, en nog sommer vele meer.

Ek wil dus graag kyk na hoekom die ou profete sekere gesigte gesien het, op wie dit van toepassing is, en wat dit beteken.

Moses 5 vers 1: Is daar ‘n verskil tussen Israel en die Kerk?

Die Bybel leer ons nie dat daar ‘n Afrikaanssprekende hemel, ‘n Engelssprekende hemel, en ‘n Griekssprekende hemel gaan wees nie, maar dit is baie duidelik dat daar ‘n hemel is, en dat alle Christene daar sal wees. Daar word ook nie vir ons gesê dat daar verskillende hemels vir verskillende kerkgroepe gaan wees nie. So, hoe gaan dit dan lyk, en wie gaan dan almal in die hemel wees?

Heel aan die begin van die boek het ek ‘n uiteensetting gegee van die verbond van geregtigheid wat Jesus kom vestig het. Ek het ook verwys na wat die gevolge is van die verbond en die invloed wat dit op van ons teologiese standpunte is. Ek vra dat u dit net weer sal lees aangesien dit hierdie punt volledig bespreek. Die vraag is ook bespreek in Moses 4 vers 5 in die vorige seksie van die boek. Daar word net ‘n dieper ondersoek gedoen as in hierdie gedeelte.

Om net verder lig daar op te werp, het ek dit uit ‘n ander hoek ook gestel in die gedeelte.

Maar, kom ons begin by die begin. Wie is alreeds, en wie gaan nog hemel toe. Die wat reeds in die hemel is, is mense soos Moses, Dawid, Samuel, en nog baie ander persone van die Ou Testament. As ons na Nuwe Testamentiese mense soek is dit seker mense soos Petrus, Paulus en Johannes. Wat u dalk mag opval is dat ek slegs name van mense noem wat uit Israel afkomstig is. Die rede hiervoor is om vir u te wys dat hulle sekerlik daar is, omdat hulle aan die volk van die HERE, Israel behoort het. Wat ek leer uit die Ou Testament is dat slegs persone wat die HERE behaag het en geglo het die ewige lewe beërwe het en nie alle Israeliete nie. Die HERE spreek die volgende woorde uit oor Israel: *“Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.”* (Deu 7:6-9)

Maar hoe nou gemaak met ander mense van ander nasies?

Ek wil begin by die begin. Nou mag jy dink dat as ek na Openbaring verwys, ek aan die einde begin, maar Christus is aan die woord, en Hy was van die begin van die aarde al daar. Openbaring 3 vers 9: *"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg".* Hier sien ons dat Jesus aan die gemeente skryf en sê dat sommige voorgee dat hulle Jode is maar lieg. Die gemeente is in Filedelfia, verseker nie in Israel nie. Dit is ook ‘n bevestiging van Openbaring 2 vers 9: *"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan."* So hier gee Jesus vir ons ‘n belangrike stukkie inligting. Slegs ware Jode sal gered word. Dit stem saam met wat Moses meedeel in Deuteronomium 7 verse 6 en 7: *"Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke".*

Sodra ons besef dat God nooit Sy beloftes sal verander nie, sal ons besef dat daar iets is wat nie pluis is nie. Hoe kan God ons as heidene dan ook red as Sy Woord verklaar dat slegs Jode gered word? Die antwoord kom uit Handelinge 10 vers 34 en 35 *:" En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is."* Hier sien ons dat as ons Hom vrees en geregtigheid doen, ons Hom welgevallig is. Dit los egter nog nie die probleem van Openbaring op nie, want ons is nog nie Jode nie. Die antwoord moet ons gaan soek in Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte. Hier gee die HERE vir die Israeliete ‘n wet wat hulle moet gehoorsaam. Numeri 15 vers 15 en 16: *"Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. 'n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die HERE wees**.*** ***Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef****."* Eksodus 12 vers 48 gee die finale antwoord vir ons: "*En as 'n **vreemdeling by jou vertoef** en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, **besny word**; en dan mag hy nader kom om dit te vier, **en hy sal soos 'n kind van die land wees**. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.*"

In Israel se geskiedenis sien ons dat wanneer iemand uit ‘n ander volk hom of haar verbind het met die Israeliete, hulle as volksgenote geag is. ‘n Baie goeie voorbeeld vir ons is Rut. Alhoewel sy die reg gehad het om na haar mense terug te gaan na haar man se dood, het sy gekies om saam met Naomi na haar land te gaan. Die woorde wat Rut ook gespreek het, ontsluit die waarheid verder. Rut 1:16 "*Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. 17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen--net die dood sal skeiding maak tussen my en u."* Hier gee sy te kenne dat sy kies om deel te word van Naomi se volk, en saam met Naomi haar God sal aanbid. Wie was Rut? Dawid se grootouma. Waar kom Jesus vandaan? Uit Dawid se geslag.

Nou hoe pas al hierdie stukke in mekaar? Die HERE het Israel uitgekies as Sy volk. Ons, as heidene moet dus kies om by die volk van die HERE gevoeg te word. Hoe doen ons dit? Deur deel te word van die verbond met die HERE. Dit is om Christus se geregtigheid te besit. So ons moet weet wat Jesus kom doen het op aarde, en dit is om die ou verbond te vervul deur aan al die voorwaardes te voldoen. Dan gee dit ons die geleentheid om deel te word van die Israel van die HERE, soos Paulus vir ons in Galasiërs dit opgeteken het. ***“Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!”*** (Gal 6:15-16)

Johannes 3 vers 5: *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie."* Ek moet besluit, nie my ouers of iemand anders kan die besluit vir my neem nie, om deel te word van die volk van God, moet ek wederbaar word, en die nagmaal vier om my by die volk van God te skaar. Dit is die teken van die verbond, daarna moet ek deur die doopwater gaan, en dan met die Heilige Gees gevul word.

Wat is die verskil dan? Die boodskap wat ons elke dag hoor van sovele geleerdes, pastore, dominees en ander Christelike gesagsfigure, is dat ek net Jesus moet aanneem as my Saligmaker, en nou is die saak reg. Wat hulle almal nie vertel nie, is dat ek moet deel word van die verbond wat die HERE gemaak het. Ons almal dink dit gebeur met die doop van babas, of wanneer ek hierdie kort gebedjie opsê agter die voorbidder aan, maar hulle vergeet dat ek moet erken dat ek nie by magte is om enigsins iets aan die saak te maak nie. Al wat ek kan doen is vir

die HERE vra om my te wederbaar. Ek kan nie na Hom bid en sê dat ek nou Sy kind is nie, want dan is ek nog in beheer, en eindig ek op as ‘n goeie mens met goeie gewoontes. Ek moet verklaar dat ek tot niks goeds in staat is en dat slegs Hy my kan red, en dat ek nou my lewe neerlê en Sy lewe aanvaar, en dit doen ek deur my deel te maak van Sy verbondsvolk. Hy sal en moet dit doen, en eers dan sal ek as erfgenaam van Hom kan lewe.

Hoe stel Paulus dit vir ons? Efesiërs 2: "*11 ¶ Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, 12 dat julle in dié tyd sonder Christus was,* ***vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte****, sonder hoop en sonder God in die wêreld. 13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. 14 ¶ Want Hy is ons vrede,* ***Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het*** *15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak,* ***die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep*** *16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. "*Hier bevestig Paulus dat daar geen verskil meer tussen Israel en die Kerk is nie, en dat ons as wedergebore Christene, Jode word wanneer ons in verbond met die Here staan.

Verder skryf Paulus as volg aan die Christene in Rome: *“En as God, al wil Hy sy toorn bewys en sy mag bekend maak, tog met groot lankmoedigheid die voorwerpe van toorn wat vir die verderf toeberei is, verdra het, juis om bekend te maak die rykdom van sy heerlikheid oor die voorwerpe van barmhartigheid wat Hy voorberei het tot heerlikheid, ons naamlik wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die heidene? Soos Hy ook in Hoséa sê****: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem;*** *en haar wat nie bemin is nie, beminde; en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God.”* (Rom 9:22-26). Petrus verklaar die volgende in 1 Petrus 2: *“Maar julle is ‘n uitverkore geslag, ‘n koninklike priesterdom, ‘n heilige volk, ‘n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,* ***julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is****; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.”*(1Petrus 2:9-10)

Ek vertrou dat hierdie kort gedeelte die probleem rondom uitverkiesing vir u sal uitklaar. Dit help nie ons probeer om alles so moeilik te maak nie. Jesus het self verklaar dat ons soos ‘n kind moet word om Hom te volg. Ek weet boeke en boeke is al oor die onderwerp geskryf, maar ek glo dat die antwoord hierbo, dit ook vir ‘n kind verstaanbaar sal maak.

So om die vraag te beantwoord oor wie in die hemel gaan wees, is die kort en die lang antwoord elkeen wat deel geword het van die Nuwe Verbond met die HERE, met ander woorde, almal wat deel geword het van die Israel van God, en Jesus se geregtigheid besit.

Die een vraag wat dit vir ons beantwoord, is dat ons as werklike Kerk, kan aanspraak maak op al die beloftes wat oor Israel uitgespreek is en nog vervul moet word.

Nou verklaar Paulus die volgende in 1 Korintiërs 10: *“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons,*

dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. ***Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*** *Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie."* (1Kor 10:1-12) Die skrif bevestig ook dat indien ons vrae het oor hoe ons moet optree, ons moet kyk hoe die HERE met Israel gehandel het, en dan ons handeling inrig volgens die antwoord wat die HERE vir Israel gegee het.

Jesaja verklaar ook dat ons na Israel moet kyk as voorbeeld. Jesaja 41:22 *"Laat hulle aanbring en ons te kenne gee wat gaan gebeur! Gee te kenne die vorige dinge, hoedanig hulle was, sodat ons daarop kan ag gee en van die afloop daarvan kan kennis neem. Of laat ons die toekomende dinge hoor!"*

So om saam te vat. Beide Jesaja en Paulus leer ons dus dat ons moet oplet oor hoe die HERE met Israel gehandel het, en dan sal ons weet hoe Hy met ons as Nuwe Testamentiese Christene gaan optree. Verder kan ons dus kyk na wat alles vir Israel belowe is, en dit vir onsself toeëien. Daar is hoevele beloftes in die Ou Testament wat nog nie vervul is nie, en beskrywings van hoe dit in die lewe hierna gaan wees, wat ons na kan kyk en uitvind waar en hoe dit 'n impak op ons as Christene gaan hê.

Moses 5 vers 2: Wegraping of nie?

Een van die grootste gevolge wat dit vir ons inhou, is dat ons die Bybel met nuwe oë lees, om seker te wees dat ons nie mis wat die HERE in gedagte het nie. Nog ‘n gevolg is dat ons moet kyk of al ons leerstellings klop met die feit dat ons nou Israel is, en of ons dalk weer moet ondersoek instel na van ons leerstellings. In my eie ondersoek is daar ‘n paar leerstellings wat dan onmiddellik weer na gekyk moet word.

Die eerste lering wat ek na wil kyk is dié oor die wegraping. Die leer is gegrond op die feit dat ons nou in ‘n genade tyd leef, dat Jesus sal kom om die Kerk voor, gedurende of na die verdrukking weg te vat, dat die HERE dan vir Israel sal herstel, en dat Jesus dan weer sal kom om finaal die wêreld te oordeel. Die aanhangers van die leer beweer dat daar ‘n verskil tussen die Kerk en Israel is, en dan verwys hulle na die geheimenis waarvan Paulus praat wat aan hom toevertrou is. Nou word daar beweer dat daar sekere gedeeltes in die Bybel is wat net sekere persone insae oor het, en dit handel oor die feit dat die HERE verskillend gaan optree teenoor die Kerk, as ons dit vergelyk met die Jode. Hulle grootste bewys wat gebruik word, is die gedeelte in Daniël 9 waar die 70 weke bespreek word, en word daar geleer dat die laaste week nog nie aangebreek het nie, en dat dit deel is van die geheimenis waarna Paulus verwys. Die feit dat Jesus en Paulus presies vir ons vertel dat die verborgenheid is, dat die evangelie aan die ganse mensdom verkondig sal word, is glo nie die verborgenheid nie. *“waarvan ek ‘n dienaar geword het volgens die bediening van God wat aan my gegee is in julle belang, om die woord van God te vervul,* ***naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was****, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges,* ***aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.”*** **(**Col 1:25-27)

Maar ons het so pas in die vorige hoofstuk bewys dat daar nie ‘n verskil tussen Israel en die Kerk is nie. So hoe bewys ek dan dat gedeeltes soos Daniël se sewentig weke reeds vervul is?

Die wegraping is seker ook een van die leerstellings wat baie Christene gerus maak omdat hulle nie hoef bang te wees dat hulle deur die verdrukking hoef te gaan nie, want die verdrukking is mos net vir Israel en die ongelowiges, of dit is hoe die mense geleer word. Indien ons besef dat ons as Kerk nou Israel geword het, sit ons dus met die probleem dat ons dan ook die verdrukking sal moet deurgaan, en dan raak dinge ‘n bietjie moeilik.

Die hele leer van die wegraping is gebaseer op ’n lering dat ons nou in ‘n genade tyd leef wat inpas tussen weke 69 en 70 van Daniël. Daar is al baie boeke geskryf oor Daniel se sewentig weke, en hoe dit geïnterpreteer moet word. Oor die eerste 69 weke is almal dit min of meer een dat dit al verby is en dat dit dui op die tydperk van die terugkeer uit ballingskap tot en met die koms van Jesus. Die laaste week is die een wat skielik so 160 jaar gelede deur ‘n sekere Darby nuwe betekenis aan gegee is , en nou hardloop almal wat nie sterk is in die geloof, agter hom aan. Voor hom was daar geen lering oor ‘n wegraping ooit deur die Kerk verkondig nie. Hy was ook die eerste persoon wat weer onderskeid tussen Israel en die Kerk gemaak het. Die lering het gemaak dat mense vandag duisende rande spandeer om na Israel te gaan en vir die Jode probeer namaak deur weer Shabbat te hou net sodat hulle gesien kan word dat hulle deel wil wees van die beweging om weer die tempel in Jerusalem te vestig, en weer allerhande offers in te stel.

Maar hoe lui Daniël se profesie oor die sewentigste week? “En hy sal een week lank met baie ‘n

sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar ‘n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.” (Dan 9:27) Hier profeteer Daniël dat in die laaste week, wat eintlik jare is, daar ‘n nuwe verbond gesluit sal word. Wanneer ons na Jesus se bediening kyk, sien ons dat Hy vir drie en ‘n halwe jaar deur Israel gegaan het om die Israeliete te oortuig dat Hy die Christus is, en dat hulle hul moes bekeer en Hom sien vir wie Hy was. Na drie en ‘n half jaar, soos Daniël dit uitdruk, in die middel van die week, is Jesus gekruisig. Ons weet ook dat Jesus die volmaakte offer was en vir die Vader aanvaarbaar was, daarom het die offer soos Daniël dit noem dus ook opgehou, want dit was nie meer nodig nie. Daarna sal Jerusalem verwoes word. Dit word verder bespreek hieronder.

Kom ons behandel die gedeeltes kronologiese volgorde soos deur Daniël geskryf. Die verbond wat Jesus gesluit het met ons as Nuwe Testamentiese Christene is die sterkste verbond wat daar kan wees, want die verbond is tussen God die Vader en Jesus Sy Seun namens ons gesluit. Ons weet dat Jesus self gesê het dat Hy gekom het om die verbond te vervul, daarom is Hy self geoffer, en daarom is dit die sterkste verbond wat daar kan wees. Mat 5:17*“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie.* ***Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.”*** So het Hy die verbond met Abraham vervul, wat bepaal het dat mans besny moes word en slegs besnyde nasate van Abraham en daarom erfgename en kinders van God genoem kon word. Ons moet onthou dat die HERE vir Abraham gevra het om Isak te offer, maar deur hom te vra om sy seun te offer, moes die Maker van die verbond dieselfde doen, en dit is hoekom Jesus geoffer moes word. Die eerste verbond moes aanhoudend bevestig word deur offers te bring aan die HERE, en moes alle manspersone besny word op die agste dag. Verder moes die volk tiendes betaal aan die Leviete vir hulle diens by die tempel, en moes alle eerstelinge aan die HERE geoffer word. Die besnydenis en offers was nodig omrede die HERE ‘n vloek op elke eersteling geplaas het met die uittog uit Egipte. So moes Jesus dus self sterf en opstaan uit die dood om as eersteling die vloek van Egipte te verwyder.

Die volgende is ‘n kort opsomming van Daniël se gesig en profesie wat hy van Gabriël ontvang het.

“By die begin van jou smekinge het ‘n woord uitgegaan, en ek het gekom om dit mee te deel, want jy is ‘n geliefde man; gee dan ag op die woord en verstaan die gesig.” Daniël 9:23.

1 – *“Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal,” (Sien ook Lev 25:9 “Jy moet ook sewe jaarweke tel, sewe maal sewe jaar, sodat die dae van die sewe jaarweke vir jou nege en veertig jaar is”).* So die sewentig 7 talle is dus 490 jaar.

2 – “om die goddeloosheid te voleindig” Dat gedurende die tyd die goddeloosheid van die HERE se volk sal verdwyn na die uitstorting van die Heilige Gees, waar almal wat die Gees ontvang ‘n hart van vlees ontvang sodat hulle nie meer goddeloos sal optree nie.

3 – “en om die maat van die sondes vol te maak”. Dat daar ‘n einde sal kom aan die tydperk waar sonde heers oor God se kinders deur die wet, en Jesus die volmaakte offer vir sonde sal wees.

4 – *“en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring”* Dit is waarvoor Jesus gekom het; om versoening te bring sodat ons Sy geregtigheid kan ontvang wat ons sin word as deel van die Nuwe Verbond, waar ons nie meer gesien word deur ons sonde nie, maar onder die Bloed van Jesus, en dus sonder sonde voor die genadetroon van die Vader kan verskyn.

5 – “en om gesig en profeet te beseël ”Om ‘n einde te bring aan al die profesieë rondom die eerste koms van Jesus as verlosser.

6 – *“en om wat hoogheilig is, te salf.”* Jesus moes dus ook gedurende die tydperk gesalf word as Koning, Verlosser, en Profeet.

So dit is alles wat gedurende die 490 weke moes gebeur. Nou begin Gabriël eers met ‘n uiteensetting van wat sal gedurende watter tydperk gebeur.

“Nou moet jy weet en verstaan: van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ‘n Gesalfde, ‘n Vors, is sewe sewetalle;” maw 49 jaar voor die tempel herstel is.

“en twee en sestig sewetalle lank sal dit herstel en opgebou word, met pleine en slote, maar in tye van benoudheid”. So na die herstel tot en met Jesus sal dit dus 434 jaar wees.(62 x 7)

“En ná die twee en sestig sewetalle sal ‘n Gesalfde uitgeroei word”, (so gedurende die 70 ste week) “maar sonder iets vir Hom; en die volk van ‘n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met ‘n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings” Nou gee Gabriël hier te kenne dat Jesus gedurende die sewentigste week uitgeroei sal word, soos vroeër genoem, in die middel van die week en dan ook wat met Jerusalem sal gebeur. Jerusalem sal deur ‘n vors wat sal kom, met ander woorde ‘n vors wat nie gedurende Daniël se tyd ‘n vors was nie, verwoes word, en Jerusalem se einde sal wees soos dit gebeur het, met die leërs wat soos ‘n vloed sal inkom en Jerusalem sal verwoes. Verwys maar gerus na Daniël 11:22, 26 en 40 waar soldate na as ‘n vloed verwys word. *“en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings”* Dit is vasbeslote verwoestings wat nooit sal ophou nie, dit is waarom daar tot vandag toe nog aanhoudende oorlog in, oor en om Jerusalem is.

Nog ‘n waarheid wat verkeerd gebruik word, is soos Paulus dit stel dat daar ‘n verborgenheid is. Hierdie woorde van hom word deur baie mense heeltemal buite verband gebruik, sodat hulle hul boodskap kan verkondig. Daar word onder andere verklaar dat slegs mense wat die verborgenheid verstaan, insig in die Bybel kan hê.

Maar Paulus verklaar self vir ons wat die verborgenheid is waarvan hy praat: Efesiërs 1: 7-10 *“In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand,* ***deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het*** *na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het, om die volheid van die tye te reël, met die doel* ***om alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is, onder een hoof in Christus te verenig****— in Hom in wie ons ook ‘n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, sodat ons kan wees tot lof van sy heerlikheid, ons wat reeds tevore op Christus gehoop het, in wie julle ook, nadat julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle redding, gehoor het, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.”***So die verborgenheid van Paulus is dat die evangelie van vrede aan die heidene verkondig sou word en dat ons mede erfgename saam met Jesus geword het met Hom as hoof.** Daar is geen verwysing na ’n geheime koms van Christus om net Sy volgelinge weg te vat en dan die oordele op die aarde te laat neerkom nie.

So het die sewentigste week begin met Jesus se bediening op aarde, en het geëindig met die uit dra van die evangelie aan die heidene. Dit dan die interpretasie van Daniël se sewentigste week

asook die bewys dat daar geen wegraping is of sal wees soos dit deur baie persone verkondig word nie. Jesus het self male sonder tal gewaarsku dat ons moet volhard tot die einde toe, en nie verwag om nie deur foltering te gaan nie. In Paulus se tyd was daar ook persone wat nie verstaan het waaroor die evangelie gaan nie. Paulus skryf aan Timótheüs die volgende: *"Soos ek jou versoek het toe ek na Macedónië op reis was, moet jy in Éfese wag om sekere persone te beveel dat hulle geen ander leer moet leer nie,* ***en hulle nie besig hou met fabels*** *en eindelose geslagsregisters nie, wat net twisvrae bevorder meer as stigting van God wat in die geloof is. Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof* ***waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie."*** (1Ti 1:3-7)

So om saam te vat. Die verbond wat Jesus kom vestig het, was die sterk verbond waarvan Daniël geskryf het, want dit het die vloek van die dood van die eerstelinge verwyder, asook alle offers wat die volk moes bring. Verder het Hy al ons sondeskuld betaal sodat ons vlekkeloos in geregtigheid voor die Vader kan verskyn. So Hy is ons geregtigheid, wat vir ons beteken die reg om voor God te staan sonder skuld, veroordeling en minderwaardigheid. Dit is om in die regte verhouding voor die Skepper te staan, skepsel teenoor Skepper. Dit kan ons slegs doen wanneer ons 'n oorvloed van die gawe van geregtigheid ontvang. En dit is wat Jesus kom doen het.

Baie van die aanhangers van die leer oor die wegraping, wys daarop dat die daaglikse offer eers met die verwoesting van die tempel opgehou het, en dat ons dit eintlik nie kan gebruik as maatstaf nie. Wat hulle vergeet, is dat indien Jesus die Christus was, was dit nie meer nodig om te offer na Sy dood nie, want Hy was die volmaakte offer vir alle offers wat deur Moses voorgeskryf is. Geen offers was meer nodig daarna nie. So indien hulle die verklaring so wil gebruik, verklaar hulle dus dat Jesus nie die Christus was nie, en dat die HERE nog steeds die offers in die tempel aanvaar het.

Daar is ook 'n ander gedeelte wat vir ons verklaar hoekom Jesus geoffer kon word, en hoekom die Vader spesifiek Jesus se offer raakgesien het en nie die offer wat deur die hoëpriester gebring is die dag van Jesus se kruisiging nie. Toe Jesus deur die hoëpriester ondervra is, het die volgende verhaal hom afgespeel. *"Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou. Daarop staan die hoëpriester op en sê vir Hom: Antwoord U niks nie? Wat getuig hierdie manne teen U? Maar Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is? Jesus antwoord hom: U het dit gesê. Maar Ek sê vir u almal: Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.* ***Toe verskeur die hoëpriester sy klere en sê:*** *Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Kyk, nou het julle sy godslastering gehoor!"*(Mat 26:61-65) Die klere van die hoëpriester moes van een stuk materiaal gemaak word, sonder dat daar nate aan was. Die hoëpriester kon dus nie met gelapte klere in die tempel gaan om te offer die volgende dag nie, want sy klere was geskeur. So daar was geen manier wat hy voor die HERE kon verskyn sonder om sy klere weer reg te maak nie, maar dit sou nog steeds nate gehad het. Dus kon die Vader nie sy offer aanneem nie omdat hy nie aan die voorskrifte van Moses voldoen het nie, en daarom is Jesus se offer aangeneem, en het die daaglikse offer opgehou. Daaroor ook dat Sy klere nie verdeel is nie, maar dat hulle die lot daaroor gewerp het.

U moet onthou dat Jesus aan die kruis gehang het van die tyd dat die oggend offer geoffer moes word, tot die tyd dat die aandoffer gedoen moes word, of van nege uur in die oggend tot drie uur die middag. Hy is ook buite die laer gekruisig, sodat Hy ook dié offer kon volbring. *"Ons het 'n*

altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heiligdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra" (Heb 13:10-13) So het Jesus dus 'n einde gebring aan alle offers wat deur die hoëpriester en ander Leviete gebring moes word. Hy het dit ook nie in die aardse tempel gedoen nie maar in die hemelse tabernakel. *"Dit was dus nodig dat die afbeeldinge van die dinge in die hemele deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie. Want Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom met hande gemaak, 'n teëbeeld van die ware nie, maar in die hemel self om nou voor die aangesig van God vir ons te verskyn; ook nie om Homself dikwels te offer, soos die hoëpriester elke jaar in die heiligdom ingaan met bloed wat nie sy eie is nie, want dan moes Hy dikwels gely het van die grondlegging van die wêreld af. Maar nou het Hy een maal in die voleinding van die eeue verskyn om die sonde deur sy offer weg te doen. En net soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel, so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid."*(Heb 9:23-28).

Daarom ook dat die voorhangsel van die tempel geskeur het met Sy dood. Dit was dus die einde van die eerste helfte van die sewentigste week, met Jesus se bediening op aarde wat drie en 'n half jaar geduur het, wat in Daniël se profesie 'n halwe week was.

Die laaste gedeelte van die week was die tydperk tot en met die gesig wat Petrus gesien het van die onrein diere wat op 'n laken neergedaal het. Dit was weereens drie en 'n half jaar na Jesus se kruisiging. Gedurende die tyd het die Jode tyd gekry om hulle te bekeer en te erken dat Jesus die Christus was. Met die dood van Stephanus, het die tydperk opgehou, en het die evangelie na ons as heidene gekom. So is Daniël se profesie dus vervul, en het ons as mense wat deur Jesus deelagtig is aan die Nuwe Verbond die Israel van die HERE geword. Gal 6: *"En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!"* (Gal 6:16)

Maar wat dan van die gebore Jode? Hulle was die eersgeborene na die vlees, maar het soos Esau hulle eersgebore reg verkoop deurdat hulle Jesus verwerp het. Hulle oordeel is dieselfde oordeel wat deur die hele Bybel oor Edom uitgespreek word. Israel as staat vandag het niks te doen met die Israel van die profete nie. U sien, ons as wedergebore Christene het Israel geword, en sal dus 'n ewige lewe erf in die nuwe Israel saam met Jesus en die Vader. Jesus het vir hulle self gesê wat hulle gedoen het: *"Luister na 'n ander gelykenis: Daar was 'n sekere huisheer wat 'n wingerd geplant het; en hy het 'n heining daarom gesit en 'n parskuip daarin gegrawe en 'n wagtoring gebou, en hy het dit aan landbouers verhuur en op reis gegaan. En toe die vrugtetyd nader kom, stuur hy sy diensknegte na die landbouers om sy vrugte te ontvang. Maar die landbouers het sy diensknegte geneem en een geslaan en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig. Weer het hy ander diensknegte gestuur, meer as die eerstes, en hulle het met dié net so gemaak. Oplaas het hy sy seun na hulle gestuur en gesê: Hulle sal my seun ontsien. Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem. En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak. Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen? Hulle antwoord Hom: Die slegte mense—hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe en die wingerd verhuur aan ander landbouers wat hom die vrugte op die regte tyd sal gee. Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra. En hy wat op hierdie*

steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het." (Mat 21:33-46)

Hulle weet wat hulle gedoen het. Ek kry ook nie 'n gedeelte in die gelykenis van Jesus waar die huisheer weer die oorspronklike landbouers aanstel nie. Alle mense op aarde moet deel van die verbond met Jesus word om nie in die poel van vuur gegooi te word nie. Johannes getuig van Jesus as volg: *"Jesus antwoord hom:* ***Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.****"* Joh 14:6

Moses 5 vers 3 – Aan watter volk behoort u?

Noudat ons weet dat daar nie ‘n wegraping gaan wees nie, en dat alle Christene deel word van Israel, is die volgende vraag aan watter volk ek behoort. Ek weet dat u sal dink dat u mos ‘n Jood is, want u het u by God se volk gevoeg. Maar is ek regtig seker daarvan? Ja, ek is seker van my feite, maar ons vind dat net die stamme van Juda, Benjamin en Levi in Jesus se tyd in Jerusalem was. Meeste van die ander kinders van Jakob se nakomelinge het nie meer as Jode gefunksioneer nie. So weet ons dat in Jeremia se tyd van die bewoners van Jerusalem terug gekeer het na Egipte, en vroeër het die oorspronklike stamme verspreid geraak. As ons weer kyk na die gedeelte in Jesaja waar die profeet sê dat daar ‘n grootpad tussen Assirië en Egipte en Jerusalem sal wees, gee dit tog vir ons ‘n aanduiding dat nie almal in Israel gaan wees in die hemel nie. Daar sal wel persone wees wat in ander landstreke woon, maar hulle sal as burgers van die land waar hulle woon, bekend staan. So sal daar Egiptenare wees, Sidoniete, en nog sommer ‘n hele paar ander volke.

So dink ek aan Jesaja wat as volg profeteer oor Egipte, Israel en Assirië: *“En dit sal wees ‘n teken en ‘n getuie vir die HERE van die leërskare in Egipteland; as hulle die HERE aanroep vanweë die verdrukkers, sal Hy aan hulle ‘n redder stuur en ‘n stryder wat hulle sal verlos. En die HERE sal Hom aan die Egiptenaars bekend maak, en die Egiptenaars sal die HERE ken in dié dag; en hulle sal Hom dien met slagoffers en spysoffers en geloftes doen aan die HERE en dit betaal. En die HERE sal die Egiptenaars slaan, slaan en genees; en hulle sal hul tot die HERE bekeer, en Hy sal hulle verhoor en hulle genees. In dié dag sal daar ‘n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië;* ***en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien****. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en Assirië, ‘n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde:* ***Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!”***(Isa 19:20-25)

Matthew Henry se kommentaar oor die gedeelte is as volg: Jesaja 19:18-25 – *“The words, “In that day,” do not always refer to the passage just before. At a time which was to come, the Egyptians shall speak the holy language, the Scripture language; not only understand it, but use it. Converting grace, by changing the heart, changes the language; for out of the abundance of the heart the mouth speaks. So many Jews shall come to Egypt, that they shall soon fill five cities. Where the sun was worshipped, a place infamous for idolatry, even there shall be a wonderful reformation. Christ, the great Altar, who sanctifies every gift, shall be owned, and the gospel sacrifices of prayer and praise shall be offered up. Let the broken-hearted and afflicted, whom the Lord has wounded, and thus taught to return to, and call upon him, take courage; for He will heal their souls, and turn their sorrowing supplications into joyful praises. The Gentile nations shall not only unite with each other in the gospel fold under Christ, the great Shepherd, but they shall all be united with the Jews. They shall be owned together by him; they shall all share in one and the same blessing. Meeting at the same throne of grace, and serving with each other in the same business of religion, should end all disputes, and unite the hearts of believers to each other in holy love.”*Die gedeelte bevestig dat daar ‘n tyd gaan kom waar Egipte en Assirië die HERE sal dien in oorgawe. So is daar baie ander gedeeltes wat ook ander landstreke definieer, maar dit sal later bespreek word.

Dan is daar verskeie profesieë waar ons na kan kyk en wonder of dit al gebeur het. Ek dink die een wat dalk vir ons die sleutel bevat kom uit Sagaria *“En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal*

geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie. In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! En die potte in die huis van die HERE sal wees soos die komme voor die altaar. Ja, al die potte in Jerusalem en Juda sal aan die HERE van die leërskare heilig wees; en almal wat wil offer, sal kom en daarvan neem en daarin kook; en in dié dag sal daar geen Kanaäniet in die huis van die HERE van die leërskare meer wees nie."(Sag. 14:17-21). Die gedeelte kom voor nadat Sagaria die finale oordeel in die laaste dae gesien het waar dit donker sal wees, en die nuwe dag nog nie begin het nie. So kan ons dus aflei dat wat hiervan gepraat word sal aan die einde van die huidige dispensasie gebeur, gedurende die duisendjarige vrederyk. Dit wil dan vir ons te kenne gee dat daar verskillende nasies ook in die duisendjarige vrederyk hierna sal wees. Een groep sal in Jerusalem saam met Jesus regeer, en die wat in Egipte, en so ook die in die ander lande is, sal moet opkom na Jerusalem eenmaal per jaar om die huttefees te vier.

Maar hoekom juis die huttefees? Dit is die fees wat Israel moes hou om die dag te gedenk wat die HERE hulle uit Egipte vrygemaak het en hulle uitgelei het na Kanaän. So dit wil voorkom asof daar dan ‘n verskil gaan wees waar ons as Christene onsself gaan bevind op die nuwe aarde. Sodra ons die Bybel uit die oogpunt lees, besef ons skielik dat baie van die ou profete dus geprofeteer het oor hoe dit in die ryk van die Messias gaan wees. So het byvoorbeeld Jesaja gesê dat die leeu en die lam sal saam op die oop veld wees, en albei sal gras eet. Soos u sal sien glo ek in die fisiese uitleg van die profete, en verwag dat dit wat geskryf is sal gebeur. Ek sal later die verskillende gedeeltes in detail bespreek.

Maar wat sê die Nuwe Testament oor die aangeleentheid? Daar is twee gedeeltes in Openbaring waar dit aangeraak word. Die eerste gedeelte is in die briewe aan die sewe gemeentes, met die tweede gedeelte die gedeelte waar die dier met sewe koppe en tien horings uit die see opkom. In die Ou Testament vind ons dat daar altyd oordele oor sewe volke uitgespreek is, maar in die Nuwe Testament vind ons sewe gemeentes, en dan die samevoeging daarvan in die gedeelte oor die dier met sewe koppe wat uit die see opkom. Die gedeelte is die enigste waar ons vind dat al die verskillende volke en gemeentes tog op die ou einde een is in die dier wat al die koppe beheer. Die horings van die dier is aankondigings of boodskappe wat die dier bring. Die dier is natuurlik die Satan wat sy valsheid as die waarheid vir die Kerk voorhou.

Maar wat leer ons uit die gedeeltes in die begin van Openbaring?

Vandag kry ons amper elke dag te doen met mense wat anders is. So kry ons te doen met mense wat op ‘n sekere manier glo, en ander wat weer heeltemal anders glo. Maar wie is op die ou einde reg? Is daar iewers in die Bybel ‘n gedeelte wat vir my vertel wie reg en wie verkeerd is? As ek dalk vind dat ek verkeerd is, is daar dan ook vir my raad oor wat ek moet regmaak?

Die Bybel is verseker ‘n boek wat elkeen van die vrae vir ons beantwoord, maar dan moet ons verstaan wat elke profeet geskryf het, en moet ons dit kan ontrafel. Kom ons gebruik die briewe van Johannes in Openbaring aan die verskillende gemeentes as ‘n beginpunt om die verskillende tipes Christene uit te beeld. Alhoewel die briewe geskryf is aan verskillende gemeentes, vind ons vandag dat ons dit kan interpreteer as die verkillende maniere van hoe ons glo. So sal ons dan agterkom dat die manier wat ons dalk glo dalk ooreenstem met miskien twee of drie van die gemeentes waarvan ons in Openbaring lees.

Aan Efese

“Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie. Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. Maar dit het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.”

Wie is die gemeente van Efese? Ons vind hier dat die mense werklik die HERE ken, want daar word gesê dat die HERE hulle werke ken, hulle arbeidsaamheid en hulle lydsaamheid is Hy ook mee bekend. Verder ondersoek hulle en weet hulle wie vals is en wie nie, en dat hulle arbei en nie moeg word nie. Hulle haat ook die werk van die Nikolaïete, met ander woorde hulle leer ook dat egbreek en hoerery nie deur die HERE geduld word nie. Dit klink vir my of hierdie groep mense werklik reg lewe, maar tog vind die HERE iets verkeerd. Hulle word gevra om weer die eerste werke te doen, aangesien hulle hul eerste liefde verlaat het.

Maar wat is die eerste werke? Die skrywer van Hebreërs lig dit as volg uit: *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”* (Heb 6:1-2) Hierdie mense word gevra om hulle weer te bekeer, en dan te doen wat die volgende stappe is. Wanneer ons na die gedeelte kyk, sien ons dan die gedeeltes wat daarop volg is dat ons moet glo en gedoop word. So die groep is dus die wat nie in die doop van die gelowiges glo nie, maar hulle hou vas aan die doop van kinders. U sien hulle is nog in Egipte en het nog nooit getrek nie.

Hulle word ook vir ons beskryf in Esegiël 31 : *“En in die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, sê aan Farao, die koning van Egipte, en aan sy menigte: Na wie lyk jy in jou grootheid? Kyk, Assur was ‘n seder op die Líbanon, skoon van takke en ‘n skaduryke bos en hoog van groei; en sy top was tussen die wolke. Waters het hom grootgemaak; die watervloed het hom hoog laat groei, wat met sy strome gegaan het rondom die plek waar hy geplant was, en sy watervore uitgestuur het na al die bome van die veld. Daarom het hy hoër gegroei as al die bome van die veld, en het sy takke baie geword en sy takkies lank, weens die groot waters toe hy uitgeskiet het. Al die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke, en al die wilde diere van die veld het onder sy takkies aangeteel, en allerhande groot volke het onder sy skaduwee gaan sit. En hy het skoon geword in sy grootheid, in die lengte van sy takke, omdat sy wortel by groot waters was. Seders het nie naby hom gekom in die tuin van God nie, sipresse was nie soos sy takke nie, en platane het nie gehaal by sy takwerk nie: geen boom in die tuin van God was met hom te vergelyk in sy skoonheid nie. Ek het hom mooi gemaak deur die menigte van sy takke, sodat al die bome van Eden wat in die tuin van God was, hom beny het. Daarom, so het die Here HERE gesê: Omdat hy hoog uitgegroei het, en hy sy top tussen die wolke verhef het en hoogmoedig geword het oor*

sy hoogte, sal Ek hom oorgee in die hand van die magtige onder die nasies; dié sal sekerlik met hom handel; vanweë sy goddeloosheid het Ek hom uitgedrywe. Vreemdes, die geweldigste nasies, het hom afgekap en hom neergewerp; op die berge en in al die dale het sy takke geval, en sy takkies is stukkend gebreek in al die klowe van die land; en al die volke van die aarde het uit sy skaduwee weggegaan en hom so laat lê. Al die voëls van die hemel het gaan sit op sy omgevalle stam, en al die wilde diere van die veld was op sy takkies; sodat al die bome wat by water staan, nie hoog sou groei en hulle top nie sou verhef tussen die wolke nie, en hulle magtiges nie sou gaan staan in hulle hoogheid, almal wat water drink nie! Want hulle is almal oorgegee aan die dood om te gaan na die onderste van die aarde, onder die mensekinders, na die wat in die kuil neerdaal. So sê die Here HERE: Op die dag toe hy na die doderyk neergedaal het, het Ek laat treur: Ek het om sy ontwil die watervloed oordek en die strome daarvan teruggehou, sodat die groot waters gestuit is; en Ek het om sy ontwil die Líbanon in swart gehul, en al die bome van die veld het gesmag om sy ontwil. Deur die geluid van sy val het Ek die nasies laat bewe, toe Ek hom na die doderyk laat neerdaal het saam met die wat in die kuil neerdaal; en al die bome van Eden, die uitgesoektes en bestes van die Líbanon, almal waterdrinkers, het hulleself getroos in die onderste van die aarde. Hulle het ook saam met hom neergedaal na die doderyk, na die wat verslaan is deur die swaard, ook sy helpers wat in sy skaduwee gesit het onder die nasies. Na wie lyk jy so in heerlikheid en grootheid onder die bome van Eden? En tog sal jy neergewerp word saam met die bome van Eden na die onderste van die aarde; tussen die onbesnedenes sal jy lê, saam met die wat verslaan is deur die swaard. Dit is Farao en sy hele menigte, spreek die Here HERE." (Ezek 31:1-18)

Ons lees hier van ‘n boom wat baie groot geword het, alhoewel dit in Egipte gestaan het, was dit groter as die bome wat in die paradys was. U sien die groep mense het baie geword, maar was nogtans in Egipte, omdat hulle nie wou trek nie. Hulle was tevrede om onder die gesag van Satan te bly, en het nie die HERE se voorskrifte gevolg om uit Egipte te trek nie, want hulle wou nie deur die see gaan nie. Hulle wou nie gedoop word nie. So sal hulle bestemming dus wees by die onbesnedenes, by die sondaars. Maar Jesus doen ‘n beroep op hulle om hulle te bekeer, want dan sal hulle kan eet van die boom van die lewe. Dit sal verseker dat hulle die dood nie sien nie, maar hulle sal dan in die paradys by Hom wees, en nie meer in Egipte nie. Die profeet gebruik hier vir ons die voorbeeld wat met Israel gebeur het omdat hulle die HERE verloën het. Hy het hulle verwerp. So indien jy in Egipte is, moenie dink dat die HERE anders teen jou sal optree nie. Gelukkig vind hierdie eers plaas in die duisendjarige vrederyk en sal die mense die geleentheid kry om te leer wie die HERE regtig is, soos vir ons geleer word in Jesaja 2: *"En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob,* ***dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke;*** *en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."* (Isa 2:3-4)

Een les wat ons hier aan die begin moet leer is dat al doen jy alles reg, maar daar is nogtans iets verkeerd, selfs baie klein, in jou lewe, jy heeltemal onaanvaarbaar is vir die HERE. In Eksodus leer ons dat die Israeliete alle suurdeeg moes verwyder uit hulle huise met die instelling van die pasga voor die trek, en moes hulle ongesuurde brode eet. U sien net ‘n klein bietjie suurdeeg kan ‘n hele brood deurtrek. Net so maak ‘n klein sondetjie in ons lewe ons heeltemal onaanvaarbaar vir die HERE.

So die eerste groep Christene is die wat nie glo dat die doop ‘n verskil in ‘n persoon se lewe kan maak nie. Hulle word aangesê om hulle te bekeer en die eerste werke weer te doen, dan sal hulle die ewige lewe ontvang.

Smirna

“En skryf aan die engel van die gemeente in Smirna: Dít sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend geword het: Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan. Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie”

Hierdie groep mense kry slegs bemoediging. Hulle laat my dink aan die stam van Juda in die Ou Testament, die stam waaruit Jesus gebore is. Hierdie mense word veral aangevat deur die wat glo dat hulle Christene is, maar dit nie is nie. (*die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is*). Die mense van Smirna sal altyd die kritiek ervaar van “Dit gaan nie so met ‘n Christen nie”. Hierdie kritiek sal gewoonlik kom van mense wat in die Laodicense se kerk behoort, want Jesus vertel hierdie mense die volgende: *“Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek.”* Indien jy weet dat jy kind van God is, maar jy die hele tyd deur “kerkmense” aangevat word, weet dat jy deel het met Smirna en aan hulle behoort. Die gedeelte vertel ook vir die mense dat daar baie moeilike tye vir hulle voorlê. Ons lees ook dat die mense ‘n kroon sal ontvang, sodat hulle saam met Jesus sal regeer in die duisend jaar van vrede. Dit word bevestig deurdat daar beide hier en in Hoofstuk 20 vir hulle gesê word dat die tweede dood geen mag oor hulle sal hê nie. Hulle toekoms word later in die hoofstuk behandel.

Pergamus

“En skryf aan die engel van die gemeente in Pérgamus: Dít sê Hy wat die skerp tweesnydende swaard het: Ek ken jou werke en die plek waar jy woon, waar die troon van die Satan is. En jy hou vas aan my Naam en het die geloof in My nie verloën nie, selfs in die dae waarin Antipas my getroue getuie was, wat gedood is by julle waar die Satan woon. Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om ‘n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaïete, wat Ek haat. Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang.”

Hier vind ons ‘n groep mense wat nie altyd die Woord reg interpreteer nie, aangesien Jesus sê dat Hy die een is wat ‘n skerp twee snydende swaard het. Die swaard is die Bybel, en Jesus verklaar dat hulle deur die Bybel, die Woord van God, geoordeel sal word. Verder word hulle meegedeel dat hulle woon in die plek waar Satan woon. Dit klink vir my of die persone ook in

Egipte by die Satan is, omdat hulle glo dat die doop slegs ‘n “teken” is, en nie die ware betekenis daarvan vir die mense leer nie. Hier kan ek persoonlik aan ‘n hele paar Charismatiese gemeentes dink wat die leer verkondig.

Die mense hou verder vas aan die leer van Bileam en die leer van die Nikolaïte, wat ‘n leer is van vrye seksuele verhoudings. Ek is bekend met baie gemeentes en hoofde van gemeentes en groepe wat verkondig dat jy maar kan saamleef, dat jy maar eers kan probeer voordat jy trou om vas te stel of jy seksueel aanpasbaar is, en al hierdie losbandighede kan doen sonder om te sondig. Verder is daar mense wat vra dat almal wat deur egskeidings is by hulle welkom is, want die HERE sal nooit iemand verwerp nie. Ek is jammer, maar die gedeelte stel dit anders. Die HERE haat onkuise verhoudings, en sal dit nooit goedkeur nie. Hy sal slegs mense aanvaar wat hulle sondes bely, en hulle algehele vertroue in Hom stel en tot wedergeboorte kom.

Die HERE verklaar dat Hy met die swaard van Sy mond sal oorlog voer teen die leiers, omdat die Woord, die Bybel hulle verkeerd sal bewys. Maar, soos in elke gedeelte, vra Jesus dat hulle hulle sal bekeer, want dan sal Hy hulle gee om deel te wees van die Nagmaal, die verborge manna, of die verbond.

Thiatire

“En skryf aan die engel van die gemeente in Thiatire: Dít sê die Seun van God wat oë het soos ‘n vuurvlam, en sy voete is soos blink koper: Ek ken jou werke en liefde en diens en geloof en jou lydsaamheid en jou werke, en dat die laaste meer is as die eerste. Maar Ek het enkele dinge teen jou; dat jy die vrou Isébel, wat haarself ‘n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet. En Ek het haar tyd gegee om haar van haar hoerery te bekeer, en sy het haar nie bekeer nie. Kyk, Ek werp haar neer op ‘n siekbed, en die wat met haar owerspel bedryf, in ‘n groot verdrukking, as hulle hul nie van hul werke bekeer nie. En haar kinders sal Ek sekerlik doodmaak, en al die gemeentes sal weet dat dit Ek is wat niere en harte deursoek, en Ek sal aan elkeen van julle gee volgens sy werke. En ek sê vir julle en die ander wat in Thiatire is, almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”

Hoeveel mense ken u wat dalk vir u sê dat as u nie kerk toe gaan, of dalk nie so optree, u nie die ewige lewe sal beërwe nie. Mense wat maar Sondag na Sondag in die kerk sit en so hulle lewe om kry. Van geloof of enige ander gawe van die Heilige Gees is daar nie sprake nie, maar ons is “O.K.”, ons gaan mos kerk toe. Dit is die groep waarvan Johannes hier praat. Hulle het vasgeval in ‘n vorm godsdiens, en sal so deel van die hoer van Openbaring 17,18 en 19 wees.

In vandag se tyd, met die sogenaamde “nuwe hervormers”, vind ons dat die persone die Bybel wil interpreteer deur nou juis navorsing te doen oor die omstandighede van die tyd sodat hulle die Bybel dus in die regte perspektief kan beoordeel. Paulus skryf egter in die tweede brief aan

die Korintiërs die volgende: *“Maar hulle sinne is verhard. Want tot vandag toe bly by die lesing van die Ou Testament dieselfde bedekking sonder dat dit opgelig word, die bedekking wat in Christus vernietig word.”* (2Kor 3:14) U sien ons het nie nodig om die geskiedenis na te speur nie, ons moet die Gewer van alle goeie gawes nader sodat Hy die gedeeltes vir ons kan verlig. Christenskap is nie soos elke ander geloof nie, want ons dien ‘n lewende God.

In die Ou Testament skryf die profete as volg oor die mense: *“So spreek die Here HERE: Omdat Moab en Seïr sê: Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies— daarom, kyk, Ek maak die berghange van Moab oop, dat dit sonder stede is, sonder sy stede in sy hele gebied, die sieraad van die land: Bet-Jésimot, Baäl-Meon en tot Kirjatáim toe; aan die kinders van die Ooste sal Ek dit, saam met die kinders van Ammon, as besitting gee, sodat die kinders van Ammon nie meer genoem sal word onder die nasies nie. Ek sal ook in Moab strafgerigte voltrek; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.”* (Ezek 25:8-11)

Jeremia gee vir ons ‘n volledige beskrywing van die mense in hoofstuk 48: *“Vervloek is hy wat nalatig is om die werk van die HERE te doen; ja, vervloek is hy wat sy swaard van bloed terughou! Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie. Daarom, kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek aftappers na hom sal stuur wat hom sal aftap en sy vate sal leegmaak en sy kruike stukkend slaan. En Moab sal beskaamd staan deur Kamos, soos die huis van Israel beskaamd gestaan het deur Bet-el waar hulle op vertrou het. Hoe kan julle sê: Ons is helde en manne bekwaam om te veg? Moab is verwoes, en hulle het opgegaan in sy stede, en sy beste jongmanne het afgegaan om geslag te word, spreek die Koning wie se Naam is HERE van die leërskare. Die ondergang van Moab is naby om te kom, en sy onheil is baie haastig. Beklaag hom, almal wat rondom hom is en almal wat sy naam ken! Sê: Hoe is die sterk staf, die sierlike stok gebreek! Kom af uit jou heerlikheid, en sit in die dorsland, o inwoner, dogter van Dibon! Want die verwoester van Moab het teen jou opgetrek, hy het jou forte verwoes. Gaan staan op die pad, en kyk uit, o inwoner van Aroër! Vra vir hom wat vlug en vir haar wat ontkom; sê: Wat het gebeur? Moab staan beskaamd, want hy is verslae. Huil en skreeu, verkondig dit by die Arnon dat Moab verwoes is! Ja, ‘n oordeel het gekom oor die land van die gelykte, oor Holon en oor Jahas en oor Mefáät, en oor Dibon en oor Nebo en oor Bet-Diblatáim, en oor Kirjatáim en oor Bet-Gamul en oor Bet-Meon, en oor Kérijot en oor Bosra, ja, oor al die stede van die land Moab, die wat ver en die wat naby is. Die horing van Moab is afgekap en sy arm is verbreek, spreek die HERE. Maak hom dronk, omdat hy hom groot gehou het teen die HERE, sodat Moab neerslaan in sy uitbraaksel en hy self ook ‘n belagging word. Want was Israel vir jou nie ‘n bespotting nie? Of is hy onder die diewe betrap, dat jy die hoof geskud het so dikwels as jy van hom gespreek het? Verlaat die stede en gaan woon in die rots, inwoners van Moab! En word soos ‘n duif wat sy nes maak oorkant die opening van die afgrond. Ons het van die trotsheid van Moab gehoor—hy is baie trots! —van sy hoogheid en sy trotsheid en sy hoogmoed en die verheffing van sy hart. Ek ken sy grimmigheid, spreek die HERE, en sy onbehoorlike grootpratery; onbehoorlik het hulle gehandel. Daarom sal ek oor Moab huil, ja, oor die hele Moab dit uitskreeu; oor die manne van Kir-Heres sug hulle. Bo die geween van Jaéser sal ek jou beween, o wingerdstok van Sibma! Jou ranke het gegaan oor die see, tot by die see van Jaéser het hulle gekom—die verwoester het jou somervrugte en jou druiwe-oes oorval. Daarom is vreugde en gejuig weggeneem uit die land van tuine en uit die land Moab, en Ek het die wyn uit die parskuipe laat verdwyn; hulle sal dit nie trap met vreugdegeroep nie; die vreugdegeroep sal geen vreugdegeroep wees nie. Weens die geskreeu van Hesbon tot by Eleále, tot by Jahas het hulle hul stem verhef, van Soar af tot by Horonáim, Eglat-Selísia; want ook die waters van Nimrim sal ‘n woesteny word. En Ek*

sal in Moab ‘n einde maak, spreek die HERE, aan hom wat op die hoogte offer en rook laat opgaan vir sy god. Daarom klaag my hart oor Moab soos fluite, ja, my hart klaag oor die manne van Kir-Heres soos fluite; omdat die oorwins wat hulle verwerf het, verlore gegaan het. Want al die hoofde is kaal en al die baarde is afgeskeer; op al die hande is snye en om die heupe is ‘n roukleed. Op al die dakke van Moab en op sy pleine is net rouklag, want Ek het Moab verbreek soos ‘n ding waar ‘n mens geen behae in het nie, spreek die HERE. Hoe is hy verslae! Hulle huil. Hoe het Moab die rug gedraai met skaamte! So sal Moab dan vir almal wat rondom hom is, ‘n belagging en ‘n verskrikking word. Want so sê die HERE: Kyk, hy sal vlieg soos ‘n arend en sal sy vleuels oor Moab uitsprei. Die stede is ingeneem, en die bergvestings is verower; en die hart van die helde van Moab sal in dié dag wees soos die hart van ‘n vrou wat in nood is. En Moab sal verdelg word, dat hy geen volk meer is nie, omdat hy hom groot gehou het teen die HERE. Die skrik en die kuil en die strik oor jou, o inwoner van Moab, spreek die HERE. Hy wat vlug vir die vrees, sal val in die kuil; en hy wat uit die kuil klim, sal gevang word in die net; want Ek sal oor hom, oor Moab, bring die jaar van hulle besoeking, spreek die HERE. In die beskutting van Hesbon staan vlugtelinge sonder krag; want ‘n vuur het uitgegaan uit Hesbon en ‘n vlam uit die huis van Sihon, en het die slape van die hoof van Moab en die skedel van die rumoermakers verteer. Wee jou, Moab! Die volk van Kamos is verlore; want jou seuns is weggeneem as gevangenes en jou dogters in gevangenskap. Maar aan die einde van die dae sal Ek die lot van Moab verander, spreek die HERE. Tot sover die oordeel van Moab.” (Jer 48:10-47)

Ons leer hier dat die HERE Moab oordeel omdat hy nie die Bybel gebruik om te oordeel wat reg of verkeerd is nie. Nee, ons sal mos ons eie norme daarstel wat vir ons aanvaarbaar is. Verder sê die HERE hulle het nie in ballingskap gegaan nie, hulle is nie geskei van hulle afsaksel nie. *“Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie.”* Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Ek moet toelaat dat die HERE my van een vat na ‘n ander sal oorgooi en my afsaksel, dit wat verkeerd is in my lewe, agter te los in die ou vat. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet. U sien ons lewe mag baie mooi vertoon, maar sodra ons ‘n bietjie geroskam word, kom al die vuilheid in ons lewe te voorskyn. Dit is waarvan die profeet hier praat. Ons hou nie daarvan om self hand in eie boesem te steek nie, maar kan maklik ander mense oordeel. Dit is die mense van Thiatire.

Maar ons vind ook dat Jesus die volgende te sê het oor hulle : *“almal wat hierdie leer nie het nie, en die wat die dieptes van die Satan, soos hulle dit noem, nie leer ken het nie: Ek sal op julle geen ander las lê nie. Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met ‘n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”* Hier leer ons weereens dat elke persoon sal geoordeel word op sy eie geloof en werke, en nie die van sy of haar kerk nie.

Sardis

“En skryf aan die engel van die gemeente in Sardis: Dít sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef en jy is dood. Wees wakker en versterk die wat oorbly, wat op die punt staan om te sterwe, want Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie. Onthou dan hoe jy dit ontvang en gehoor het, en bewaar dit en bekeer jou; as jy dan nie wakker word nie, sal Ek op jou afkom soos ‘n dief, en jy sal nie weet in watter uur Ek op jou afkom nie. Maar jy het enkele persone ook in Sardis wat hulle klere nie besoedel het nie, en hulle sal saam met My in wit klere wandel, omdat hulle dit waardig is. Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor my Vader en voor sy engele. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê.”

Hierdie mense het soos dit in Jeremia en Esegiël beskryf word, die pes. Hulle hou so ‘n goeie beeld voor dat hulle so reg is, maar eintlik is hulle dood. Hulle laat ‘n mens dink aan die van Sidon in die Ou Testament: *“Mensekind, rig jou aangesig teen Sidon en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Sidon, en Ek sal My verheerlik in jou midde; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek in hom strafgerigte voltrek en My in hom as die Heilige laat ken. En Ek sal die pes in hom stuur en bloed op sy strate, en die gewondes sal in hom val deur die swaard wat teen hom is van alle kante, en hulle sal weet dat Ek die HERE is.”* (Ezek 28:21-23)

Die HERE verklaar hier dat Hy Homself sal verheerlik in hulle midde, met ander woorde hy sal Homself manifesteer by hulle want hulle hou so vas aan hulle manier van glo dat hulle glo dat die HERE daar eenkant is en nie midde in hulle nie. Verder verklaar Esegiël dat die HERE die pes onder hulle sal stuur, om hulle te laat omkom. Wat is die pes? Dit is wanneer ek glo dat ek reg is, en almal anders verkeerd is. Dit is waarom Johannes sê hulle het die voorkoms dat hulle lewe, maar hulle is dood.

Maar, soos met meeste van die verskillende gemeentes, is daar tog die wat reg glo, wat nie hulle klere besoedel nie. Vir die is daar versterking dat Jesus hulle naam altyd sal bely voor die Vader. Daar is egter nie ‘n beroep om vir die wat verkeerd is van hierdie groep om hulle te bekeer nie, want Jesus weet dat hulle nooit van hulle standpunt sal verander nie. Hoe tragies is dit.

Filedelfia

“En skryf aan die engel van die gemeente in Filedelfia: Dít sê die Heilige, die Waaragtige, wat die sleutel van Dawid het, wat oopmaak en niemand sluit nie, en Hy sluit en niemand maak oop nie: Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou ‘n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie. Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. Omdat jy die woord van my lydsaamheid bewaar het, sal Ek jou ook bewaar in die uur van beproewing wat oor die hele wêreld kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel. Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. Wie oorwin, Ek sal hom ‘n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van my God neerdaal, en my nuwe Naam. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat

die Gees aan die gemeentes sê."

Hierdie is slegs die tweede groep wat Jesus nie oor bekommerd is nie. Hulle hou vas aan wat reg is. Soos die woord aan Smirna, moet hierdie mense vashou aan dit wat hulle het, en nie bang word as mense wat in naam Christene is, hulle aanvat nie. Hulle word daaraan herinner dat daar mense, persone met heel moontlik goeie bedoelings, hulle sal aansê dat hulle verkeerd is om te glo dat hulle hier geteister gaan word. Jesus wys daarop dat hierdie mense in naam Christene is, maar eintlik is hulle koninkryk die van Satan. Mense wat vir jou gaan sê dat die HERE soveel rykdom vir jou wil gee, as jy maar net sal glo dat dit waar jy nou deurgaan van die duiwel is. Mense wat verklaar dat jy maar net vir hulle bediening moet gee, want dan gee jy mos vir die HERE, en dan sal die HERE vir jou gee, want jy het Hom nou mos omgekoop.

Nee, die Bybel verklaar ons moet vir die armes gee, en nie vir elke mens wat jou net wil vertel hoe die HERE hulle nou al geseën het nie. Miga stel dit as volg: *"Waarmee sal ek die HERE tegemoetgaan en my buig voor die hoë God? Sal ek Hom tegemoetgaan met brandoffers, met jaaroud kalwers? Sal die HERE 'n welbehae hê in duisende ramme en tien duisende strome van olie? Sal ek my eersgeborene gee vir my oortreding, die vrug van my liggaam vir die sonde van my siel? Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?"* (Miga 6:6-8)

Hierdie mense word ook meegedeel dat Jesus hulle sal beskerm wanneer daar verdrukking op die aarde sal kom. Ons word so geleer deur baie persone dat daar 'n wegraping gaan wees en dat ons nooit aan die beproewings blootgestel sal word nie. Maar hier word aan die mense verklaar dat hulle die HERE se beskerming sal geniet wanneer Hy almal op die proef sal stel.

Die persone word net aangesê om vas te hou aan dit wat hulle het, sodat hulle nie hulle krone verloor nie.

Laodicense

"En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug. Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie. Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en die skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien. Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê."

Oor hierdie groep is al baie geskryf, en verwag almal dat hulle verskriklik goddeloos sal wees, maar ons leef vandag met soveel van die mense saam, sonder om hulle te kan identifiseer. Hoeveel groepe mense is daar wat net verklaar dat die HERE jou wil bederf met al die vee op ‘n duisend heuwels, met alles wat jou hart begeer. Het jy nie geweet jou voorvaders het soveel gegee en nooit beslag gelê op hulle oeste nie? Jy moet nou net die duiwel bestraf en jou erfdeel op eis, sodat jy ook in gemak kan leef. Hoe sê Jesus nou weer is hulle? *“Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie”.* Hoeveel mense hang die voorspoed teologie so aan dat hulle foto’s van huise en karre op hulle yskaste plak en elke dag dit op eis van Satan. Maar Jesus sê hulle is arm en naak, want hulle het gebrek aan Hom. Hy is nie hulle God nie, maar hulle buik en hulle besittings is hul god. Hierdie groep is ook die wat verklaar dat hulle jou sal lei in gebed en dan verklaar dat jy nou kwansuis kind van God is, want u sien hulle het mag om mense te wederbaar. Dit word vir ons so gestel in Esegiël; ”*Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word,”* U sien selfs in daardie tyd het die HERE geweet dat die mense sal verklaar dat hulle kerke so vol sal word, want hulle is nou “Jerusalem”. Jy kan nou maar net by hulle aansluit, en jy is so goed soos in die hemel. Hulle sal nou almal red en na Jesus lei, maar al wat hulle maak is hulle maak dissipels van hulself want hulle het die poort van Jerusalem gebreek en na hulle gedraai.

Nog ‘n punt wat Jesus hier maak is dat hy by die deur van dié kerk staan en klop. U sien Hy is nie deel van dié kerk nie. Wanneer hulle die deur vir Hom sal oopmaak, sal Hy ingaan en saam met hulle Nagmaal vier, om sodoende hulle deel van die verbond te maak. Maar tot dit gebeur, is hulle op hulle eie missie, en sal hulle hulle kerke vol maak van mense wat hulle teologie aanhang, maar nie vir Jesus aanhang nie.

Van hulle word in die Ou Testament as volg geskryf: *“Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes— daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Tirus! en Ek laat baie nasies teen jou optrek soos die see sy golwe laat optrek. Húlle sal die mure van Tirus verwoes en sy torings afbreek; ja, Ek sal sy puin van hom af wegvee en hom ‘n kaal rots maak. Hy sal binne-in die see ‘n droogmaakplek van nette wees; want Ek het dit gesê, spreek die Here HERE; en hy sal ‘n buit vir die nasies wees. En sy dogters wat op die land is, sal met die swaard gedood word; en hulle sal weet dat Ek die HERE is. Want so sê die Here HERE: Kyk, Ek laat Nebukadrésar, die koning van Babel, die koning van die konings, van die noorde af teen Tirus kom, met perde en strydwaens en ruiters en ‘n menigte en baie mense. Hy sal jou dogters op die land met die swaard doodmaak en forte teen jou opstel en ‘n wal teen jou opwerp en die skilddak teen jou oprig. En hy sal die stoot van sy stormram teen jou mure rig en jou torings met sy breekysters afbreek. Vanweë die menigte van sy perde sal hulle stofwolk jou oordek; jou mure sal bewe vanweë die gedruis van ruiters en wiele en strydwaens as hy deur jou poorte intrek, soos ‘n mens indring in ‘n stad wat oopgebreek is. Hy sal met die hoewe van sy perde al jou strate vertrap; jou mense sal hy met die swaard doodmaak, en jou trotse klippilare sal op die grond val. En hulle sal jou rykdom buitmaak en jou koopware roof en jou mure afbreek en jou kosbare huise omgooi; en hulle sal jou klippe en jou houte en jou puin in die water slinger. En Ek sal die geruis van jou liedere laat ophou, en die klank van jou siters sal nie meer gehoor word nie. Ja, Ek sal jou ‘n kaal rots maak, ‘n droogmaakplek van nette sal jy wees en nooit herbou word nie; want Ek, die HERE, het dit gesê, spreek die Here HERE. So sê die Here HERE aan Tirus: Sal die kuslande nie bewe van die geluid van jou val, as die gewondes kerm, as hulle ‘n moord in jou aanrig nie? Dan sal al die vorste van die see van hulle trone afklim en hulle mantels afhaal en hulle veelkleurige klere uittrek; met siddering sal hulle beklee word, op die grond sal*

hulle sit en elke oomblik sidder en oor jou verbaas wees. En hulle sal ‘n klaaglied oor jou aanhef en vir jou sê: Hoe het jy vergaan wat bewoon was uit die seë, hoog geroemde stad; wat sterk was deur die see, hy en sy inwoners, wat die skrik vir hulle ingeboesem het by al die kusbewoners. Nou sal die kuslande sidder op die dag van jou val; en die kuslande wat aan die see is, sal verskrik word oor jou uiteinde. Want so sê die Here HERE: As Ek jou ‘n verwoeste stad maak, soos die stede wat nie bewoon is nie; as Ek die watervloed oor jou laat opkom en die groot waters jou oordek; dan sal Ek jou laat neerdaal saam met die wat in die kuil neerdaal, na die mense van die voortyd; en Ek sal jou laat woon in die onderste plekke van die aarde, in ewige woestenye, saam met die wat in die kuil neergedaal het, sodat jy nie bewoon word nie; en Ek sal heerlikheid gee in die land van die lewendes. Maar jou sal Ek tot ‘n voorwerp van verskrikking maak, en jy sal daar nie wees nie; jy sal gesoek word, maar vir ewig nie meer gevind word nie, spreek die Here HERE. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Maar jy, mensekind, hef ‘n klaaglied oor Tirus aan, en sê aan Tirus, wat woon by die ingange van die see, wat handel drywe met die volke na baie kuslande toe: So spreek die Here HERE: o Tirus, jy sê: Ek is volmaak in skoonheid. In die hart van die seë is jou gebied; jou boumeesters het jou skoonheid volkome gemaak. Van sipresse uit Senir het hulle vir jou al die plankwerk gebou; ‘n seder uit Líbanon het hulle geneem om op jou ‘n mas te maak. Van eikebome uit Basan het hulle jou roeispane gemaak; jou dek het hulle gemaak uit ivoor, ingelê in dennehout uit die kuslande van die Kittiërs. Veelkleurige fyn linne uit Egipte was jou seil, om vir jou as vlag te dien; pers en purper stowwe uit die kuslande van Elísa was jou hutbedekking. Die inwoners van Sidon en Arwad was jou roeiers; jou wyse manne was in jou, o Tirus, hulle was jou stuurmanne. Die oudstes van Gebal en sy wyse manne was in jou om jou lekplekke reg te maak; al die skepe van die see en hulle seevaarders was in jou om jou koopware te verhandel. Perse en Ludiete en Putéërs was in jou leër, jou krygsmanne; skild en helm het hulle in jou opgehang; hulle het aan jou glans gegee. Die kinders van Arwad en jou leër was op jou mure rondom, en die Gammadiete was op jou torings; hul skilde het hulle aan jou mure rondom gehang; hulle het jou skoonheid volkome gemaak. Tarsis het handel gedrywe met jou weens die menigte van allerhande goed: silwer, yster, tin en lood het hulle as handelsartikels aan jou gelewer. Jawan, Tubal en Meseg, hulle was jou koopmans; slawe en kopergoed het hulle as koopware aan jou gelewer. Uit die huis van Togarma het hulle perde en ryperde en muilesels as handelsware aan jou gelewer. Die kinders van Dedan was jou koopmans, baie kuslande die handelsgebied wat tot jou beskikking gestaan het; olifantstande en ebbehout het hulle aan jou as betaling gebring. Aram het met jou handel gedrywe weens die menigte van jou kunswerke: karbonkel, purper en veelkleurige stowwe en fyn linne en korale en robyne het hulle as handelsartikels aan jou gelewer. Juda en die land Israel, hulle was jou koopmans; koring van Minnit en meel en heuning en olie en balsem het hulle as koopware aan jou gelewer. Damaskus het met jou handel gedrywe weens die menigte van jou kunswerke, weens die menigte van allerhande goed: wyn van Helbon en wit wol. Wedan en Jawan het uit Usal aan jou smee-yster as handelsartikel gelewer; kassie en kalmoes was onder jou koopware. Dedan het met jou handel gedrywe in saalkleedjies om op te ry. Arabië en al die vorste van Kedar, hulle was die koopmans wat tot jou beskikking gestaan het; lammers en ramme en bokke—daarin het hulle met jou handel gedrywe. Die koopmans van Skeba en Raëma, hulle was jou koopmans; die fynste van allerhande speserye en allerhande edelgesteentes en goud het hulle as handelsartikels aan jou gelewer. Haran en Kanne en Eden, die koopmans van Skeba, Assur en Kilmad het met jou handel gedrywe. Hulle was jou koopmans in pragtige klerasie, in mantels van pers stof en veelkleurige goed en in bont geweefde tapyte, in gevlegte en gedraaide toue, op jou mark. Die skepe van Tarsis het jou koopware vir jou aangevoer, sodat jy vol en baie heerlik geword het in die hart van die seë. Die wat jou geroei het, het jou op groot waters gebring; die Oostewind het jou verbreek in die hart van die seë. Jou goed en jou handelsartikels, jou koopware, jou seevaarders en jou stuurmanne, die wat jou lekplekke reggemaak het en die wat jou koopware verhandel het, en al jou krygsmanne wat in jou is, saam met jou hele menigte wat in jou is—hulle sal val in die hart

van die seë op die dag van jou val. Van die harde geskreeu van jou stuurmanne sal die oop velde bewe. En almal wat die roeispaan hanteer, sal van hulle skepe afklim; die seevaarders, al die stuurmanne van die see, sal op die land gaan staan. En hulle sal hul stem oor jou laat hoor en bitterlik skreeu; en hulle sal stof op hul hoofde gooi, hulle wentel in die as. En hulle sal om jou ontwil ‘n kaal plek skeer en rouklere aangord en oor jou ween met bitterheid van siel, in ‘n bitter rouklag. En hulle sal in hul weeklag oor jou ‘n klaaglied aanhef en oor jou sing: Wie was soos Tirus, die doodstille daar in die see? Toe jou handelsware uit die see voortgekom het, het jy baie volke versadig; met die menigte van jou goed en jou koopware het jy die konings van die aarde ryk gemaak. Nou is jy verbreek van die see af in die dieptes van die waters; jou koopware en jou hele menigte het saam met jou weggesink. Al die inwoners van die kuslande staan verbaas oor jou, en hulle konings huiwer van skrik, met donker aangesigte. Die handelaars onder die volke spot oor jou; jy het ‘n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, sê aan die vors van Tirus: So spreek die Here HERE: Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is ‘n god, ek bewoon ‘n godewoning in die hart van die seë—terwyl jy tog ‘n mens is en geen god nie—en jou hart gemaak het soos die hart van ‘n god; kyk, jy is wyser as Daniël, alles wat verborge is, is vir jou nie te duister nie! Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het goud en silwer in jou skatkamers verwerf; deur die grootheid van jou wysheid in jou koophandel het jy jou rykdom vermeerder, en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom; daarom, so sê die Here HERE: Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van ‘n god, daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies, en hulle sal hul swaarde trek teen die skoonheid wat jou wysheid verwerf het, en jou glans ontheilig. In die kuil sal hulle jou laat neerdaal, en jy sal in die hart van die seë die bittere dood sterwe van een wat verslaan is. Sal jy werklik sê, in die aangesig van hom wat jou doodmaak: Ek is ‘n god! —terwyl jy tog ‘n mens is in die hand van hulle wat jou deurboor, en geen god nie? Jy sal die dood van onbesnedenes sterwe, deur die hand van vreemdes; want Ek het dit gesê, spreek die Here HERE. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, hef ‘n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was ‘n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n heilige berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek ‘n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het ‘n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, rig jou aangesig teen Sidon en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Sidon, en Ek sal My verheerlik in jou midde; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek in hom strafgerigte voltrek en My in hom as die Heilige laat ken. En Ek sal die pes in hom stuur en bloed op sy strate, en die gewondes sal in hom val deur die swaard wat teen hom is van alle kante, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. En daar sal vir die huis van Israel geen steekdoring en smartlike distel meer wees onder almal wat rondom hulle is nie, wat hulle verag; en hulle sal weet dat Ek die Here HERE is. So sê die Here HERE: As Ek die huis van Israel versamel uit die volke onder

wie hulle verstrooi is, en Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land woon wat Ek aan my kneg Jakob gegee het. En hulle sal daarin veilig woon en huise bou en wingerde plant; ja, hulle sal veilig woon as Ek strafgerigte voltrek teen almal wat hulle van alle kante verag; en hulle sal weet dat Ek die HERE hulle God is". (Ezek 26:2-28:26)

Watter ontsettende woorde. Dat die HERE jou vertel dat jou god die Satan is, en dat jy die dood van onbesnedenes sal sterf. Die gedeelte bevestig dié uit Openbaring van die dier wat uit die see opkom.

Wat sal die uitverkorenes ontvang?

Ek het vroeër gesê dat ek later sal kyk wat ons as Christene se prys is wat ons sal ontvang. Die eerste Christene het as die Weg bekend gestaan, en ek wil graag die Weg vir u hier verduidelik.

Ons almal word in Egipte gebore, met ander woorde ons is verwyder van God en Sy beloftes. Teen twintigjarige ouderdom of daarna moet ek besluit of ek die weg van die HERE gaan bewandel al die dae van my lewe, en of ek dit nie gaan doen nie. Indien nie, sal ek die dood van ‘n onbesnedene sterwe, so sal ek dan saam met die duiwel ‘n ewigheid spandeer.

Indien ek besluit om die HERE se Weg te volg, moet ek my soos in Israel se tyd, by Sy volk skaar, en deel word van die verbond. Daarna moet ek uit Egipte trek die woestyn in, so ek moet gedoop word, doping in die Heilige Gees ontvang, en die HERE se wet in my hart ontvang. Dan gaan ek ‘n keuse kry om in die beloofde land in te gaan, en of ek soos Israel nie kan glo dat die HERE my deur alles sal dra nie.

Indien ek ingaan in Kanaän in, gaan ek vir ‘n tyd op die Here vertrou vir alles, maar later sal ek tog vind dat ek maar by ‘n gemeente wil inskakel want daar sal ek baie kan leer. Dit is die konings tydperk in jou lewe, en nou sal jy jou knie onder jou koning moet buig en maak soos jou gemeente verwag. Soos ons weet kry jy beide goeie en slegte konings soos in Israel se tyd, so ons moet maar oppas waar ons inpas.

Op ‘n dag besef jy dat jy nie meer leer by jou gemeente nie, en besluit jy om los van ‘n gemeente te staan, en sal die HERE jou in ballingskap wegvoer. Kom ons kyk na ‘n paar verse en verklarings oor ballingskap. Die eerste is die fisiese ballingskap. In die Bybelse tyd is die verloorder in ‘n oorlog altyd in ballingskap weggevoer na die oorwinnaar se land toe. Die verloorder het al sy roerende bates verloor en moes die oorwinnaar se slaaf word. Wanneer iemand dus in ballingskap gegaan het, is sy hele huis se meubels, sy skoene, sy staf ensovoorts, na buite gedra en dan het die persoon vertrek. Al wat agter gebly het was sy huis. Wat is die betekenis vir ons vandag? Ek moet die oorlog teen die HERE verloor, sodat ek Sy slaaf kan word, en weggevoer kan word na Sy land, Sy Kanaän. Ek moet my hele vertroue in hom plaas sodat ek soos ‘n slaaf ten volle van Hom afhanklik moet wees vir dit wat ek moet doen en dit wat ek nodig het om te oorleef. Hy moet soos in die tye van ouds vir my sorg vir huisvesting en vir die daaglikse voedsel. Hy het duur betaal vir my, met Sy bloed. U sien Hy het die dood wat vir my bestem was, oorwin, maar dit het Sy lewe gekos. So vir my beteken dit dat ek fisies my lewe by die kruis moet gaan neerlê, en my onderdanig aan Hom stel, sodat Hy vir

my kan sorg. So sal ek dan tot die besef kom dat alles wat ek het, en alles wat ek is, net genade is en van die HERE afkomstig is.

Die tweede gedeelte, oor ons geestelike ballingskap, kom uit Jeremia 48 vanaf vers 11 : “Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie.” Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet.

Hierdie skoonmaak proses is ook nie iets wat skielik kan plaasvind nie, aangesien ek tyd moet toelaat vir die afsaksel om weer op die bodem te gaan lê voordat ek weer afgegooi kan word. Gedurende die tyd sal Hy vir jou bo-natuurlik sorg, en sal Hy jou skei van jou afsaksel. Ek kan net noem dat in dié tyd Hy jou gaan wegvat van alles wat mense al geskryf het wat jy aanhang, om sodoende Sý boodskap in jou te vestig.

Indien jy nie van jou afsaksel geskei word nie deel Johannes ons die volgende mee: “*En ‘n derde engel het hulle gevolg en met ‘n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en ‘n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.”* (Open 14:9-10)

Nadat Hy jou geskei het van jou afsaksel, Hy het dan finaal van alles van jou ontslae geraak en net Sy wil in jou gevestig, gaan Hy jou terugstuur Jerusalem toe om Sy tempel te herstel, om weer Sy Woord vir mense te leer. Eers wanneer ons hier is, sal ons saam met Hom in Jerusalem in die ewige lewe kan heers. Dan het ons bereik wat Johannes vir ons in Openbaring 20 beskryf. Die gedeelte is as volg: *“En ek het trone gesien, en hulle het daarop gaan sit, en aan hulle is die oordeel gegee; en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuienis van Jesus en oor die woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hulle voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie; en hulle het geleef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank. En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding. Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.”*

Hierdie is die prys wat gelowiges wat volhard het in hulle lewe totdat hulle die tempel kan herbou, sal ontvang. Oor hulle sal die dood geen mag hê nie, en sal soos Johannes dit uitdruk, en hulle sal priesters van God en van Christus wees. Dit is die prys wat wag, maar dan moet ek die volledige Weg gevolg het. Indien nie, sal ek geoordeel word deur die HERE volgens dit wat ek wel gedoen het, maar sal ek nie deel in die eerste opstanding nie.

Ek wil graag verdere gedeeltes vir jou gee om self te gaan lees. Ek vertrou dat dit jou sal stig, en

vir jou so sal laat hunker na dié dag wat Jesus op die wolke sal kom, om te oordeel die wat nog lewe, en die wat reeds gesterf het.

Hier dan die skrifte.

Jesaja 32: 1-9, 35

Esegiël 37

Daniël 12

Sefanja 3: 8-20

Sagaria 8, 9:9-17, 12, 13, 14

Ons volgende vraag is nou wat leer die Ou Testament oor die verskillende groepe Christene? Anders gestel, aan watter volk sal ek behoort in die duisendjarige vrederyk van Christus.

In die hemel sal daar areas wees waar Christene volgens hulle geloof sal leef, met ander woorde daar sal ‘n verskil wees tussen mense op grond van hoe ons glo. Die HERE het vir ons ‘n model gegee waarvolgens ons moet lewe. Ek het dit vlugtig vroeër genoem.

Die model is as volg:

Alle mense word in Egipte gebore, ‘n lewe verwyder van en in vyandskap met die HERE.

Soos Israel moes uitroep na die HERE vir verlossing, moet ons uitroep na die HERE vir verlossing, sodat ons van die Farao, die duiwel, gered kan word. Ons moet besef dat ons nie uit Egipte kan kom sonder dat Hy ons uitlei nie. Ek moet eers besef dat ek daar is, dat ek ‘n sondige mens is met ‘n sondige natuur, ‘n verlosser nodig het, en dan moet ek aanvaar dat Hy alleen my daar kan uithaal. Dit help nie ek verklaar myself ’n Christen nie, want nie ek of enige persoon op aarde kan my ’n Christen maak nie. Net die HERE kan my wederbaar. Ek moet besluit om my lewe neer te lê en Sy lewe te ontvang. So om ’n verklarings gebed saam met iemand te maak om Jesus aan te neem en Sy naam te bely voor mense beteken niks nie, nee, ek moet in nederigheid my lewe by die kruis van Jesus gaan neerlê en Sy lewe ontvang. Hy moet die nuwe lewe skep, en Hy sal as ek Hom vra, maar my gesindheid moet reg wees. Ek moet weet dat ek niks is nie, maar dat ek net my lewe sal behou as ek Sy lewe ontvang.

Ons moet dan besluit om ons by Sy volk, die Israel van die HERE (Gal 6:16) te voeg deur deel te word van die verbond. Dit gebeur deur Sy bloed en Sy liggaam te eet met Nagmaal. Hy sal dan soos Moses van ouds vir Israel gelei uit Egipte uit, Sy Gees stuur om ons te lei en ons Sy gebooie te leer. Deur te deel met die Nagmaal verklaar ons ook dat ons onder die Bloed van die Lam kom om nie die lewe van ‘n sondaar sal sterf nie. Dit is hier waar meeste mense vashaak, en sterf. Hulle is deel van die volk van die HERE maar sit nog in Egipte en kan nie verstaan dat

hulle nog sukkel met die mag van sonde in hulle lewe nie. Hier vind ons nog steeds dat mense sal saam vergader en Dominees aanstel, Kerkrade bymekaar kom, maar almal is nog in Egipte. Hier kom die meeste strydvrae ook voort en probeer die mense antwoorde kry en gee vir vrae wat hulle eers die antwoorde in Kanaän voor gaan kry. Ons moet onthou dat die HERE vir Moses aangestel het as 'n God vir die Farao, *"En die HERE het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees." Eks7:1*. So moet ons dus onthou dat Moses dan as verlosser opgetree het en verklaar dit ook hoekom hy nie in die beloofde land kon ingaan nie, want indien hy dit sou doen hy dan die volmaakte weg gebaan het. Nou sal Jesus ons dan lei deur Sy Gees, omdat Hy die volmaakte weg gebaan het en self in die beloofde land ingegaan het. Ons moet uit Egipte uitkom anders gaan ons net bakstene maak vir die Farao en sy koninkryk uitbrei.

Daarna moet ons uit Egipte trek, deur gedoop te word.

"En die kinders van Israel het midde-in die see getrek op droë grond. En die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter— en aan hul linkerkant. Toe het die Egiptenaars hulle gejaag en agter hulle aan getrek—al Farao se perde, sy strydwaens en sy ruiters—die see in. En in die môrewaak het die HERE, in die vuur— en wolkkolom, op die leër van die Egiptenaars afgekyk en die leër van die Egiptenaars in verwarring gebring. En Hy het die wiele van hulle strydwaens laat insak en hulle met moeite laat voortgaan. Toe sê die Egiptenaars: Laat ons van Israel af wegvlug, want die HERE stry vir hulle teen die Egiptenaars. Daarop sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit oor die see, dat die waters kan terugvloei oor die Egiptenaars, oor hulle strydwaens en oor hulle ruiters. En Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die see het teen dagbreek in sy bedding teruggevloei, en die Egiptenaars het dit tegemoet gevlug. So het die HERE dan die Egiptenaars binne-in die see gestort. En toe die waters terugvloei, het hulle die strydwaens en die ruiters van Farao se hele leërmag wat agter hulle die see ingetrek het, oordek. Geeneen van hulle het oorgebly nie. Maar die kinders van Israel het binne-in die see op droë grond getrek. En die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter— en aan hul linkerkant. So het die HERE Israel dan dié dag uit die hand van die Egiptenaars verlos. En Israel het die Egiptenaars dood gesien aan die kant van die see. Ook het Israel die magtige daad gesien wat die HERE aan die Egiptenaars verrig het. Toe het die volk die HERE gevrees en geglo in die HERE en aan Moses, sy kneg." (Ex 14:22-31).

Hier leer die HERE ons dat die mag van die sonde, Farao en sy trawante, totaal gebreek word met die doop en kan ek kies om Sy wil te doen daarna. Ek sal steeds sonde doen, maar dit sal vergewe word volgens 1 Johannes 1 verse 8;

Paulus beskryf dit as volg in Romeine 6: *"So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade. Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie óf van die sonde tot die dood, óf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid? Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid. Ek spreek menslikerwys ter wille van die swakheid van julle vlees; want net soos julle jul lede diensbaar gestel het aan die onreinheid en wetteloosheid om wetteloos te wees, so moet julle nou jul lede*

diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking. Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." (Rom 6:11-23)

Soos Israel by Mara, moet ons ook die doping in die Heilige Gees ontvang sodat ons lewende water kan voortbring soos genoem in Johannes 7: *"En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie"*. (Joh 7:37-39)

By Sinai gaan ons tyd spandeer om die wet van die HERE in ons harte te ontvang. Ons sal Sy Tabernakel in ons harte ontvang. Hierdie is die leer gedeelte van ons lewe waar ons sal uitvind wat is reg en wat is verkeerd vir die HERE, en dit is wat ons dominee (baie selde want hulle word gewoonlik nie Dominees hier genoem nie) of pastoor of leraar moet doen. Dit is wat met Israel by Sinai gebeur het. Gedurende hierdie tyd sal party van ons ook as ouderlinge en diakens funksioneer in ons plaaslike gemeentes waar ons nog leer.

Sodra ons opleiding verby is, sal ons 'n keuse ontvang van die Heilige Gees om ons in Kanaän te vestig. Sommige persone sal die oproep aanvaar en Kanaän ingaan, terwyl die res sal sterf in die woestyn. Indien jy nie glo dat die HERE jou kan gebruik nie, sê ek nie dat jy hel toe gaan nie, maar dat jy nie bereik wat jy eintlik kon bereik nie. Die gedeelte sal later in die boek meer duidelik beskryf word.

Die wat in Kanaän ingaan mag hulle eie bedienings bedrywe, terwyl ander weer sal glo dat hulle 'n koning moet dien soos Israel. ('n Koning is iemand wat oor jou sal heers en mag 'n geestelike vader wees of selfs jou kerkverband.) So sal ons dan gewoonlik iemand soek wat ons hoof sal dek (die Engelse gebruik 'n goeie woord, ons "covering" sal wees).

Meeste van die mense wat in Kanaän ingaan, sal sterf terwyl hulle hierdie koning dien, terwyl 'n oorblyfsel geroep sal word om in ballingskap te gaan. Die persone sal deel vorm van Juda, Levi en Benjamin se stam in die duisendjarige vrederyk.

Maar wat is ballingskap? Kom ons kyk na 'n paar verse en verklarings oor ballingskap.

Die eerste is die fisiese ballingskap. In die Bybelse tyd is die verloorder in 'n oorlog altyd in ballingskap weggevoer na die oorwinnaar se land toe. Die verloorder het al sy roerende bates verloor en moes die oorwinnaar se slaaf word. Wanneer iemand dus in ballingskap gegaan het, is sy hele huis se meubels, sy skoene, sy staf ensovoorts, na buite gedra en dan het die persoon vertrek. Al wat agter gebly het was sy huis. Wat is die betekenis vir ons vandag? Ek moet die oorlog teen die HERE verloor, sodat ek Sy slaaf kan word, en weggevoer kan word na Sy land, Sy Kanaän. Ek moet my hele vertroue in hom plaas sodat ek soos 'n slaaf ten volle van Hom afhanklik moet wees vir dit wat ek moet doen en dit wat ek nodig het om te oorleef. Hy moet soos in die tye van ouds vir my sorg vir huisvesting en vir die daaglikse voedsel. Hy het duur betaal vir my, met Sy bloed. U sien Hy het die dood wat vir my bestem was, oorwin, maar dit het Sy lewe gekos. So vir my beteken dit dat ek fisies my lewe by die kruis moet gaan neerlê, en my onderdanig aan Hom stel, sodat Hy vir my kan sorg. So sal ek dan tot die besef kom dat alles wat ek het, en alles wat ek is, net genade is en van die HERE afkomstig is.

Die tweede gedeelte, oor ons geestelike ballingskap, kom uit Jeremia 48 vanaf vers 11: *“Moab was gerus van sy jeug af en het stil gelê op sy afsaksel, sonder dat hy leeggemaak is van vat in vat: hy het nie in ballingskap gegaan nie; daarom het sy smaak in hom gebly en sy geur nie verander nie.”* Hierdie gedeelte het my vir maande gepla, aangesien ek dit regtig nie kon uitpluis nie. Wat die HERE egter hier vir ons wil leer, is dat ons die mense probeer beïndruk met hoe skoon ons is, maar sodra iemand aan ons karring, kom al die onreinheid skielik te voorskyn. Ek moet dus toelaat dat die HERE eers nadat ek Sy slaaf geword het, my van vat na vat sal skei van dit wat vuil is in my lewe. Indien ek dit nie doen nie, verander my geur aanhoudend aangesien ek die afsaksel se geur aanneem. Ek moet my dus self ledig van alles wat my lewe vuil maak en my besmet. Hierdie skoonmaak proses is ook nie iets wat skielik kan plaasvind nie, aangesien ek tyd moet toelaat vir die afsaksel om weer op die bodem te gaan lê voordat ek weer afgegooi kan word. Die skrif wat my veral opgeval het en wat verduidelik het wat die HERE in my lewe gedoen het, kom uit Sefanja. “*En in dié tyd sal Ek Jerusalem met lanterns deursoek en besoeking doen oor die manne wat dik geword het op hulle afsaksel, wat in hulle hart sê: Die HERE doen geen goed en Hy doen geen kwaad nie.”* (Sefanja 1:12 AOV) U sien ek moes eers ontslae raak van my afsaksel. Ek het die hele tyd maar net gedink dat ek moet glo en die HERE sal vir die res sorg. Maar dit was nie so nie. Hy moes my van my afsaksel skei, sodat ek ontslae kon raak van dit wat nog verkeerd was in my lewe.

Sodra hierdie mense hulle tyd in ballingskap volbring het, sal hulle terugkeer na Jerusalem en die ware tempel van die HERE (die Kerk) herstel.

Daar is nog gedeeltes wat volg op die model, maar dit sal ek later behandel.

Nou volg ‘n baie interessante gedeelte, wat almal oor stry. Die wat glo in die wegraping, verwag dat Jesus nou moet kom en Sy koninkryk kom vestig, n nuwe Jerusalem kom bou, kom regeer as ‘n aardse koning, Gog en Magog verslaan, en dan kom die oordeel. Afhangende van ‘n persoon se standpunt kan die wegraping voor, gedurende of na die tyd gebeur. Maar soos ek alreeds gesê het, is daar bewyse dat daar geen wegraping gaan wees nie.

So wat sal gebeur? Al wat ek kan kry in die Bybel, is dat daar ‘n tyd sal wees waar die HERE almal sal laat opstaan uit die dood, dit is nou almal wat deel van die verbond geword het, en dan sal die duisendjarige vrederyk begin. Dit is wat Esegiël 37 vir my beteken. Wanneer gaan dit gebeur? Ek weet nie of jy direk na jou dood jou alreeds in die ryk bevind nie en of daar ’n spesifieke dag is waarop dit gaan gebeur nie. Nie een van die profete gee vir ons ’n definitiewe antwoord daaroor nie. Die een wat die naaste aan ’n antwoord kom is Sagaria in hoofstuk 14: *“En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. En dit sal ‘n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word.”*(Sag 14:5-7). Al wat ek weet is dat Jesus op die wolke sal kom om die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het saam te neem na die duisendjarige vrederyk toe.

Hierdie is nie ‘n lang relaas oor wanneer en hoe dit gaan gebeur nie. Al wat ek weet is dat dit wel gaan gebeur. Al wat ek graag wil beskryf, is wat gedurende die tyd gaan gebeur, en wat met elke persoon gaan gebeur. So die res van die model is as volg:

Die volgende wat sal gebeur gaan rondom die dood. Die van ons wat nog lewe wanneer Jesus weer op die wolke kom, sal saam met die wat reeds gesterf het in Jesus, weggevoer word na die duisendjarige vrederyk toe. (1 Tess 4:17) Hier sal ons woon in die gebied volgens wat ons op aarde geglo het.

Indien ons aan die besprinkeling van babas glo en nooit die trek uit Egipte voltooi het deur dat ons nie as gelowiges gedoop is nie, sal in Egipte wees. Daar gaan ons die oordele van Egipte ervaar soos deur die profete verklaar. Alle mense sal iewers tussen Egipte en Jerusalem bly, afhangende van hoe hulle geglo het op aarde. So sal ons mense vind in Egipte, by Mara, en al hoe nader aan Jerusalem, en sal soos Jesaja verklaar, daar ‘n grootpad tussen Egipte en Assirië wees. Gedurende die tyd sal die mense leer wie die HERE is, en sal Hy hom openbaar aan die mensdom vir wie Hy is, en sal ons die geleentheid kry om Hom ten volle te ken. So ons sal almal leer sodat ons in eenheid kan wees oor ons geloof, dat daar geen faksies meer bestaan nie. Jesaja 2 vers 3: *“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”* Miga 4 vers 2: *“En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.”* Die rede daarvoor is dat Jesus eers aan die einde van Sy duisendjarige vrederyk homself sal onderwerp aan die Vader en almal oorhandig aan die Vader. (1 Kor.15) Dan moet ons almal in eenheid wees, wat ons verseker nie nou is nie.

Aan die einde van die duisendjarige vrederyk sal die HERE weer vir Satan loslaat om teen die mensdom op te tree, en sal hy nog steeds mense verlei, maar dan sal die groot dag van die oordeel kom en sal die Satan saam met sy leërs, verslaan word wanneer Gog en Magog verslaan word. (Esegiël 38 en 39 en Openbaring 20)

Daarna vind die wit troon oordeel plaas, en sal ons in die Nuwe Jerusalem, of volgens Esegiël ’n Nuwe Tempel, kan kom.

So almal wat nie die uittog uit Egipte ervaar het nie, so hulle is nie gedoop nadat hulle tot bekering gekom het nie, sal in Egipte wees. So sal daar ook ander mense wees wat in die woestyn is, enige plek van Mara tot by die Jordaanrivier, afhangende van hoe ver hulle getrek het. Dit is ook waarvan ons in Markus 16 lees dat mense nie veroordeel sal word omdat hulle nie gedoop is nie, maar omdat hulle nie geglo het nie. *“Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.”*(Mar 16:16)

Egipte

Die eerste mense wat ek wil bespreek, is Egipte. Ons moet ook onthou dat van die oordele waarvan van die profete praat, ook vandag in die kerk in Egipte gebeur. So sal ons sien dat baie van dit wat ons vandag ervaar met mense wat so glo, alreeds besig is om te gebeur, of alreeds gebeur het. Ek sal so boek vir boek deur die profete werk, sodat ons ‘n geheel beeld kan vorm.

Jesaja:

“En Ek sal Egipte teen Egipte ophits, sodat hulle sal veg, elkeen teen sy broer en elkeen teen sy naaste, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk. (Isa 19:2)”. Hier verklaar Jesaja dat die HERE die een groep van Egipte teen die ander sal ophits. Hoeveel keer sien ons nie hoeveel geskille daar tussen die kerke is wat nog in Egipte is nie. Daar word gestry oor allerhande twispunte wat die sinodes oor uitspraak moet lewer, om nie te praat van die tweespalt tussen die verskillende groeperings nie. So vind ons dat die Doppers nie gesange wil sing nie, en die NG Kerk nie kan

ooreenkom met die vorige gekleurde groepe nie. Wat nog van enigheid tussen die verskillende taal groepe, daaraan kan ons nie eers dink nie. Dan is daar die ou geliefde gestryery oor wat is reg en wat is verkeerd. Ons hoef net te kyk na die verskillende sienswyses oor seksualiteit. Mag die dominee mense van dieselfde geslag in die huwelik bevestig? Mag dominees so wees? Dit is waarvan Jesaja hier praat. Die een sal teen die ander opstaan, maar ons moet onthou dat die persone nog in Egipte is, en nou probeer hulle oplossings kry vir leerstellings wat eers in Israel tuishoort.

Verder in die gedeelte verklaar Jesaja die volgende*: "Waar is hulle dan, jou wyse manne? Laat hulle jou tog te kenne gee, dat 'n mens kan weet wat die HERE van die leërskare oor Egipte besluit het. Die vorste van Soan het dwase geword, die vorste van Nof is bedroë; Egipte is op 'n dwaalweg gebring deur hulle wat die hoeksteen van die stamme is. Die HERE het daarin 'n gees van bedwelming gegiet, en Egipte is op 'n dwaalweg gebring in al sy werk, soos 'n dronkaard tuimel in sy uitbraaksel. So is daar dan vir Egipte geen werk wat gedoen word deur kop of stert, palmtak of biesie nie. In dié dag sal die Egiptenaars wees soos die vroue: hulle sal bewe en vrees vir die handgeswaai van die HERE van die leërskare wat Hy teen hulle swaai. En die land Juda sal vir die Egiptenaars 'n skrik wees: as iemand daarvan melding maak by hulle, bewe hulle vanweë die besluit van die HERE van die leërskare wat Hy teen hulle geneem het.*(Isa 19:12-17)"

Tog voorspel Jesaja genesing vir die in Egipte*. "In dié dag sal daar vyf stede in Egipteland wees wat die taal van Kanaän spreek en by die HERE van die leërskare sweer; een sal genoem word: Stad van verwoesting. In dié dag sal daar 'n altaar wees vir die HERE binne-in Egipteland en 'n gedenksteen vir die HERE by die grens. En dit sal wees 'n teken en 'n getuie vir die HERE van die leërskare in Egipteland; as hulle die HERE aanroep vanweë die verdrukkers, sal Hy aan hulle 'n redder stuur en 'n stryder wat hulle sal verlos. En die HERE sal Hom aan die Egiptenaars bekend maak, en die Egiptenaars sal die HERE ken in dié dag; en hulle sal Hom dien met slagoffers en spysoffers en geloftes doen aan die HERE en dit betaal. En die HERE sal die Egiptenaars slaan, slaan en genees; en hulle sal hul tot die HERE bekeer, en Hy sal hulle verhoor en hulle genees. In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte na Assirië, en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien*. (Isa 19:18-23)"

Jeremia:

"Hou die klein en die groot skild klaar, en kom aan na die geveg! Span die perde in, en klim op, o ruiters! En staan reg, met die helms op; maak blink die spiese, trek die pantsers aan. Waarom sien ek—hulle is verslae, hulle wyk agteruit? Ja, hulle helde is verslaan en vlug al verder sonder om om te draai. Daar is skrik rondom, spreek die HERE. Die wat gou is, kan nie ontvlug nie, en die held kan nie ontkom nie; teen die noorde, aan die kant van die Eufraatrivier, het hulle gestruikel en geval. Wie is dit wat daar oprys soos die Nyl, waarvan die waters klots soos strome? Egipte rys op soos die Nyl en sy waters klots soos strome; en hy sê: Ek sal optrek, die aarde oordek, ek wil die stad verwoes en die wat daarin woon. Trek op, perde, en raas, waens! En laat die helde uittrek: Kusiete en Putéërs wat die skild hanteer, en Ludiete wat die boog hanteer en span. Maar dié dag behoort aan die Here HERE van die leërskare, 'n dag van wraak, om wraak te neem op sy teëstanders; en die swaard sal verslind en versadig en dronk word van hulle bloed; want die Here HERE van die leërskare het 'n slagoffer in die Noordland, by die Eufraatrivier. "(Jer 46:3-10) Hier word Egipte gewaarsku dat die HERE teen hulle oorlog sal maak met die swaard. Die swaard van die HERE is Sy Woord, en wanneer ons nie ag gee op dit wat in die Bybel staan nie, sal die Woord ons veroordeel die dag wat ons voor die HERE

verskyn. Soos Amos vir ons meedeel, maak jou klaar om jou God te ontmoet. Indien jy nie deur die swaard geoordeel wil word nie, maak seker dat jy verstaan en weet wat in die Woord staan, en volg dit na eerder as om te luister na jou koning, jou dominee, wat oor jou heers in Egipte.

Esegiël:

Esegiël 29: *"Spreek en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Farao, koning van Egipte, jou groot draak wat in jou strome lê, wat sê: My stroom is myne, en ek het dit vir my gemaak. Maar Ek sal hake in jou kakebene slaan en die visse van jou strome aan jou skubbe laat klewe; en Ek sal jou uit jou strome optrek, saam met al die visse van jou strome wat aan jou skubbe klewe. En Ek sal jou wegwerp in die woestyn, jou en al die visse van jou strome; op die oop veld sal jy val; jy sal nie bymekaargemaak of versamel word nie; aan die wilde diere van die aarde en aan die voëls van die hemel gee Ek jou as voedsel. En al die inwoners van Egipte sal weet dat Ek die HERE is, omdat hulle vir die huis van Israel 'n rietstok is— as Israel jou met die hand aanvat, knak jy en skeur hulle hele skouer oop; en as hulle op jou leun, dan breek jy en laat al hulle lendene wankel. Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek bring die swaard oor jou en sal mens en dier uit jou uitroei. En Egipteland sal 'n wildernis en puinhoop word, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. Omdat hy sê: Die Nyl is myne, en ek het dit gemaak— daarom, kyk, Ek het dit teen jou en teen jou strome; en Ek sal Egipteland 'n volkome puinhoop maak, 'n wildernis van Migdol af tot by Siëne, en tot by die grens van Kus. Geen mens se voet sal daar deurgaan nie, en geen dier se poot sal daar deurgaan nie, en dit sal veertig jaar lank onbewoond wees. En Ek sal Egipteland 'n wildernis maak tussen verwoeste lande in, en sy stede sal 'n wildernis wees tussen verwoeste stede in, veertig jaar lank; en Ek sal die Egiptenaars verstrooi onder die nasies en hulle versprei in die lande. "* (Eze 29:3-12) Hierdie uitspraak lyk vir my sal gebeur in die einde van die huidige aarde, so na die duisendjarige vrederyk en is van toepassing op die Christene wat dan nog steeds nie sal glo dat hulle moes trek nie.

Maar gelukkig hou die profesie van die profeet nie daar op nie. Dit gaan aan en word die volgende woorde gespreek: *"En Ek sal die lot van die Egiptenaars verander en hulle laat teruggaan na die land Patros, na die land van hulle oorsprong; en daar sal hulle 'n koninkryk van geringe betekenis wees. En dit sal geringer wees as die ander koninkryke en hom nie meer bo die nasies verhef nie; en Ek sal hulle klein maak, sodat hulle nie heers oor die nasies nie. En dit sal vir die huis van Israel geen voorwerp van vertroue meer wees, wat die ongeregtigheid in gedagtenis bring as Israel omdraai agter hulle aan nie; en hulle sal weet dat Ek die Here HERE is."* (Eze 29:14-16) Hier wys die profeet daarop dat alhoewel Israel, of in ons geval die Kerk van vandag in die breë, na die Kerk opkyk wat in Egipte is en sy menigte, daar 'n tyd sal kom dat dit nie meer so sal wees nie. Gaan lees maar gerus hoofstuk 30 en 31 om te sien wat die HERE alles met Egipte sal doen. Dit is skrikwekkend. Een vers wat ek graag wil uitlig is vers 18 van hoofstuk 31, en sal d*it in Afrikaans aanhaal maar ook uit die Amplified. "Na wie lyk jy so in heerlikheid en grootheid onder die bome van Eden? En tog sal jy neergewerp word saam met die bome van Eden na die onderste van die aarde; tussen die onbesnedenes sal jy lê, saam met die wat verslaan is deur die swaard. Dit is Farao en sy hele menigte, spreek die Here HERE."* (Eze 31:18) *"To whom [O Egypt] among the trees of Eden are you thus like in glory and in greatness? Yet you [also] shall be brought down with the trees of Eden to the netherworld. You shall lie among the uncircumcised heathen with those who are slain by the sword. This is how it shall be with Pharaoh and all the multitude of his strength, his tumult, and his store [of wealth and glory], says the Lord God."* Ons lees hier dat selfs die bome, Kerke, wat in Eden staan, so hulle was nog altyd in die teenwoordigheid van die HERE, het die groot Kerk by een omdat hy so groot was, maar tog sal hy neergewerp word en die wat vashou aan die feit dat hulle Kerk reg is en hulle sal red, sal saam met die heidene wees, omdat die swaard, die Woord van die HERE,

hulle sal dood.

Ander profete

Joël: *"Egipte sal 'n woesteny word, en Edom 'n woeste wildernis wees, weens die geweld wat hulle die kinders van Juda aangedoen het, dat hulle onskuldige bloed in hul land vergiet het."* (Joe 3:19). Hier bevestig Joël baie van die ander profete wat verklaar dat Egipte geweld sal gebruik teen die kinders van Israel. Dit sien ons daagliks in die werklike lewe, dat indien enige persoon wat nie aan die Egiptiese kerke behoort nie, maar wel uit Egipte getrek het die Egiptiese Kerk aanvat, so 'n persoon onmiddellik aangevat word oor hoe hulle nie weet wat in die Bybel staan nie, want ons moet dit nie so opvat nie.

Sagaria: *"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie."* (Zec 14:17-19). Hier wys die HERE vir Sagaria dat in die einde van die tyd, daar nog mense in Egipte sal woon, maar hulle sal verplig word om die huttefees saam met Israel te vier, al het hulle nooit uit Egipte getrek nie. Indien hulle dit nie doen nie, sal hulle geen reën ontvang nie. So die HERE sal Sy seën van hulle weerhou.

Dit dan 'n kort opsomming van wat met Egipte en die Kerk in Egipte sal gebeur.

Filistynse Kerk.

Net soos daar 'n Egiptiese Kerk bestaan, bestaan daar ook 'n Filistynse Kerk. Die mense van die Kerk het wel die pad gevolg wat deur die HERE aangewys is om in Kanaän te kom, maar het nie die Filistyne in hul gebied oorwin nie, en so het die Filistyne hulle oorwin. Daar is ook twee dele van die Kerk. Die eerste deel is die van Sidon, en die tweede deel is die van Tirus. Die gedeeltes was die erfdeel van Aser en Sèbulon, twee van die twaalf stamme van Israel. Indien ons reg onthou van die kinders van Jakob, sal ons onthou dat Sèbullon se erfdeel teen die see is, 'n gedeelte wat later as Tirus bekend geword het, en Aser se erfdeel Sidon was. Hulle gebied is later deur die Filistyne oorgeneem aangesien die twee stamme se mense nie die Filistyne uitgeroei het soos deur die HERE verwag nie. Hoe is die mense dan wat aan die Kerke behoort, en wat is hulle oordele?

Hiervoor moet ons kyk na die oordele wat oor die gedeeltes in die Bybel uitgespreek word. Dit sal dan vir ons riglyne gee oor wie aan die Kerk behoort, want hulle het die pad gevolg wat die HERE aangewys het, hulle het selfs hulle erfdeel ontvang, maar hulle het nie al hulle begeertes gekruisig nie. Kom ons kyk na wat die profete profeteer:

Jesaja. *"Godspraak oor Tirus. Huil, skepe van Tarsis! want dit is verwoes, sodat daar geen huis, geen terugkeer meer is nie. Uit die land van die Kittiërs het dit aan hulle openbaar geword. Staan verstom, inwoners van die kusland! Die koopmans van Sidon wat oor die see vaar, het jou vroeër gevul. En op groot waters is die saad van Sigor, die oes van die Nyl, in hom ingebring; en so het hy 'n handelswins vir die nasies geword. Staan beskaamd, Sidon, want die see, die vesting van die see, spreek en sê: Ek het geen weë gehad en nie gebaar nie, en ek het geen jongmanne grootgemaak of jongedogters opgevoed nie. As die tyding na Egipte kom, beef hulle daar van angs by die tyding aangaande Tirus. Vaar na Tarsis oor, huil, inwoners van die kusland!*

Is dít julle uitgelate stad wat in die dae van die voortyd sy oorsprong het, wie se voete hom ver weggedra het om in vreemde lande te vertoef? Wie het dit besluit oor Tirus, die uitdeler van krone, wie se koopmans vorste, wie se handelaars die edeles van die aarde was? Die HERE van die leërskare het dit besluit, om te ontheilig al die pralende trots, om die edeles van die aarde in veragting te bring. Stroom oor jou land soos die Nyl, dogter van Tarsis! Daar is geen gordel meer wat hinder nie. Hy het sy hand uitgestrek oor die see, koninkryke laat sidder! Die HERE het bevel gegee met betrekking tot Kanaän, dat sy vestings verwoes moet word. En Hy het gesê: Jy sal verder nie meer uitgelate wees nie, o onteerde jonkvrou, dogter van Sidon! Maak jou klaar, vaar oor na die Kittiërs toe; ook daar sal jy geen rus hê nie. Kyk, die land van die Chaldeërs—dit is die volk wat tot niet gegaan het: Assur het dit bestem vir die woestyndiere, het sy wagtorings daarteen opgerig, het die paleise daarvan verwoes, het dit 'n puinhoop gemaak. Huil, skepe van Tarsis, want julle vesting is verwoes! En in dié dag sal Tirus vergeet word, sewentig jaar lank, soos die dae van een koning. Aan die einde van sewentig jaar sal dit met Tirus gaan volgens die hoerelied: Neem die siter, gaan rond in die stad, vergete hoer! Speel mooi, sing baie, dat hulle aan jou kan dink. En aan die einde van sewentig jaar sal die HERE op Tirus ag gee, en sy sal terugkeer na haar hoereloon en hoereer met al die koninkryke van die aarde wat op die aardbodem is. Maar haar handelswins en haar hoereloon sal aan die HERE heilig wees; dit sal nie opgehoop of weggesit word nie; maar haar wins sal wees vir die wat voor die aangesig van die HERE woon, om te eet tot versadiging en vir pragtige klere." (Isa 23:1-18)

Hier sien ons dat daar nie onderskeid gemaak word tussen Sidon en Tirus nie. Hulle word basies gesamentlik aangespreek. Die een punt wat uitstaan is dat dit 'n volk is wat daarvan hou om handel te dryf, en baie goed daarmee is. Hulle hou daarvan om geld te maak uit hulle transaksies, en doen besigheid met enige iemand, net terwyl daar 'n wins aan die einde van die dag is. Die HERE spreek egter hulle aan dat daar totale verwoesting oor hulle sal kom, maar eindig tog die oordeel oor hulle dat hulle handelswins wat hulle in hoerery verkry, gebruik sal word om te sorg vir die wat werklik voor die HERE woon, en vir pragtige klere, met ander woorde, mense wat die HERE regtig ken en rein klere aanhet. Wie die Kerk is, word later in Esegiël vir ons uitgelig, maar wat hier duidelik is dat hulle deel van die hoer van Openbaring gaan wees in die laaste dae, omdat hulle met almal in die wêreld hoereer.

Hieruit kan ons aflei dat dit by hulle gaan oor geld, en dat hulle nie omgee met wie hulle saamwerk nie. Dit maak nie saak of die mense werklik die HERE ken nie, net terwyl hulle hul tiende betaal by die Kerk is alles reg. Ek het eenmaal gevind dat een van die leraars in so 'n gemeente my gevra het of ek sal omgee as daar Moslems of Hindoes ook na my Bybel skool gestuur word, want hulle betaal hulle tiende aan die HERE en daaroor kan hy nie weier dat hulle nie mag deelneem aan al die gemeentelike byeenkomste nie. Die groep klink so half vir my of hulle deel kan wees van die Pinkster/Charismatiese beweging, ook bekend as die Judaistiese Christene, wat glo daarin dat die HERE hulle finansieel sal vergoed vir hulle geloof. Daar is hoevele mense wat foto's van die motors en allerhande ander items wat hulle wil hê op hulle yskaste plak en glo dat hulle dit sal ontvang, want hulle geloof is nie altyd 'n geloof in Jesus as die Christus nie, maar geloof in hulle geloof. Hulle sal altyd vir jou verklaar dat jy dit net moet verwag en die HERE sal dit vir jou gee. Hulle volg die sogenaamde "name it claim it en frame it" teologie. Mense soos Kenneth Copeland en ander spesialiseer daarin. Jy moet net jou tiende betaal, want dan sal die HERE jou seën. Die feit dat Jesus alle offers afgestel het met Sy sterfte, en so 'n einde gebring het aan tiendes, word nie geleer nie. Verder vind ons dat baie Pinkster leraars oorgaan na die Charismatiese beweging omdat hulle dan nie meer nodig het om 'n deel van hulle inkomste aan ander te gee nie, nee alles kan dan plaaslik aangewend word. Die een goeie punt wat wel uit die gedeelte kom is dat die beweging wel baie mense leer van die HERE, en dat hulle sorg dat baie mense wel met rein klere voor die HERE sal verskyn. Dit is wat bedoel word met die gedeelte oor die handelswins wat vir die doel van die HERE gebruik word.

Jeremia: *“Die woord van die HERE wat aangaande die Filistyne tot die profeet Jeremia gekom het voordat Farao Gasa verslaan het. So sê die HERE: Kyk, die waters rys op uit die noorde en hulle sal ‘n oorlopende stroom word; ja, hulle oorstroom die land en sy volheid, die stad en die wat daarin woon; en die mense sal skreeu, en al die inwoners van die land sal huil, weens die stampgeluid van sy perde se pote, weens die geraas van sy waens, die gedreun van sy wiele. Die vaders kyk nie om na die kinders nie—so slap is die hande— weens die dag wat kom om al die Filistyne tot niet te maak, om van Tirus en Sidon die laaste een uit te roei wat kan help; want die HERE maak die Filistyne tot niet, die oorblyfsel van die eiland Kaftor. ‘n Kaal plek het op Gasa gekom; Askelon is vernietig, die oorblyfsel van hulle dal. Hoe lank sal jy jou stukkend kerwe? Wee, swaard van die HERE, hoe lank sal jy geen rus hê nie? Keer terug in jou skede, rus en wees stil. Hoe sou dit rus hê, terwyl die HERE daaraan bevel gegee het teen Askelon en teen die seekus? Daar het Hy dit bestel.”* (Jer 47:1-7).

Hier vind ons skielik waar ek aan die naam van die Filistynse Kerk gekom het. U sien dat Sidon en Tirus in die land van die Filistyne val, en omdat Jakob se kinders nie die Filistyne uitgeroei het nie maar hulle slegs onderdanig gemaak het, het die Filistyne so met Israel vermeng dat hulle slegs Filistyne geword het. Een punt wat ek wel wil maak is dat dit nie net sleg is in die Filistynse Kerk nie. Baie goeie mense kom daar vandaan. Tarsis val ook in die streek, en dit is die dorp waarvandaan Paulus gekom het.

Esegiël: Hy is die profeet wat die meeste oordele oor die Filistynse Kerk uitspreek. Hy begin by die Filistyne wat wraaksugtig gehandel het teen die nakomelinge van Jakob in hoofstuk 25, en gaan dan deur tot aan die einde van hoofstuk 28, waar hy eindig met die profesie teen Sidon. Ek gaan dus nie die hele gedeelte aanhaal nie, maar sal slegs enkele gedeeltes uitlig. Ek stel voor dat u maar u Bybel nader trek en self die drie hoofstukke lees om die volle impak van die oordeel te kry.

In die begin van hoofstuk 26 vind ons hoekom die HERE hulle aanspreek. *“Mensekind, omdat Tirus oor Jerusalem geroep het: Ha, ha! die poort van die volke is gebreek, dit is na my toe gedraai; ék sal vol word, dit is verwoes— “*(Eze 26:2) Hier sien ons dat die Filistynse Kerk die poort van die volke na hom toe gedraai het. Wat beteken die gedeelte? Jerusalem is die ware Kerk, maar die Filistynse Kerk het, inplaas daarvan om mense te wen vir die ware Kerk, mense gewen vir hulself, om hulle eie gemeentes vol te maak. Kyk maar om u en sien hoeveel persone woon die dienste van die Kerk by, want al wat jy moet doen om deel te word van die Koninkryk van God is om ‘n gebedjie na te luister en dan is jy deel van die Kerk. Van dit wat die Bybel ons leer oor hoe ons as Christene dissipels van Jesus moet maak, is daar geen sprake van gedurende die oproep wat gewoonlik net na die preek gedoen word nie. Eers wanneer die persoon dalk by ‘n selgroep inskakel, sal dalk genoem word dat daar sekere leerstellings is wat gevolg moet word. Verder is die poort na die volke toe gedraai, so enige persoon kan maar inkom, daar word nie verwag van die persoon om ‘n keuse te maak om hom of haar by Israel te voeg nie.

Vers 13 is ook ‘n baie bekende sleutel van die Filistynse kerk, deurdat Esegiël as volg verklaar: *“En Ek sal die geruis van jou liedere laat ophou, en die klank van jou siters sal nie meer gehoor word nie.”* (Eze 26:13) Die Kerk word gekenmerk deur hulle musiek wat absoluut alle aspekte van die diens oorheers. Vir van die ouer gemeentes is dit aanvaarbaar as daar vier vinnige en drie stadige liedjies gesin word, maar meeste van die mega gemeentes het spanne wat die gemeente in sang moet lei. Ek weet waar van die musikante in sonde verval het, gay is en dit goedpraat, en dan Sondae die gedeelte van die diens lei.

‘n Verdere eienskap van die Filistynse Kerk is dat hulle goed kan handel dryf. Ons hoef maar net te kyk hoe word daar handel gedryf met dit wat eintlik veronderstel is om rein te wees. Daar

word van elke versie ‘n armbandjie of ‘n T hemp gemaak en verkoop. Van die Kerke het groot boekwinkels waar jy vertrap word op ‘n Sondag voor of na die dienste. Van die gemeentes het selfs hul eie winkels in groot winkelsentrums want hulle wil hulle gedeelte van die geld wat spandeer word nie mis loop nie. Alles word natuurlik gedoen omdat hulle die Woord aan die wêreld wil uitdra. Dit is die handeldryf waarvan Esegiël praat. ‘n Voorbeeld wat ek self ervaar het is dat my een dogter in so ‘n winkel gewerk het, en toe ons haar die dag voor Kersfees om drieuur die middag wou gaan haal, is ons meegedeel dat sy eers die winkel om sesuur mag sluit, al was al die ander winkels, en dit sluit plekke soos Game en Checkers in, alreeds om tweeuur die middag gesluit. Dan word daar romanse geskryf oor die eindtyd en mense koop dit by die miljoene, en alhoewel dit nie ‘n greintjie waarheid bevat nie, bou mense hulle lewe daarop en indien jy met hulle praat oor die eindtyd, is hulle verbaas en wil jou nie glo as jy sê dat dit net ‘n storie is nie.

Hoofstuk 28 is seker die verdoemenste hoofstuk wat aan dié Kerk gerig word. Daar word die vors van die Kerk geïdentifiseer. *“Mensekind, hef ‘n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. Jy was ‘n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n heilige berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes. Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is. Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as onheilige van die godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; daarom het Ek ‘n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het ‘n verskrikking geword en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie.”* (Eze 28:12-19).

Watter verskriklike woorde om aan te hoor, dat jou koning wat eintlik oor jou heers, wat agter dit alles gesit het in jou lewe, die Satan is. Onthou dat Jesus gesê het dat die liefde vir geld, en nie geld self, die probleem is.

Ons moet ook onthou dat nie alle Pinkster/Charismatiese Kerke deel is van die Filistynse Kerk nie. Geen persoon sal geoordeel word volgens wat sy Kerk glo nie. Elkeen sal sy eie pak dra. So, die Filistynse Kerk word opgemaak uit die persone wat die Kerk, in ‘n sentrum van handeldryf verander het en in die meeste gevalle die voorspoed leer soos hierbo verduidelik, aanhang.

Esegiël gaan verder en rig ook ‘n profesie aan teen Sidon. *“Mensekind, rig jou aangesig teen Sidon en profeteer teen hom en sê: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen jou, o Sidon, en Ek sal My verheerlik in jou midde; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek in hom strafgerigte voltrek en My in hom as die Heilige laat ken. En Ek sal die pes in hom stuur en bloed op sy strate, en die gewondes sal in hom val deur die swaard wat teen hom is van alle kante, en hulle sal weet dat Ek die HERE is. En daar sal vir die huis van Israel geen steekdoring en smartlike distel meer wees onder almal wat rondom hulle is nie, wat hulle verag; en hulle sal weet dat Ek die Here HERE is. So sê die Here HERE: As Ek die huis van Israel versamel uit die volke onder wie hulle verstrooi is, en Ek My in hulle as die Heilige laat ken voor die oë van die nasies, dan sal hulle in hul land woon wat Ek aan my kneg Jakob gegee het.”*(Eze 28:21-25)

Die profeet maak dit hier duidelik dat die HERE die mense van die Kerk sal oordeel, want hulle gee die indruk dat hulle reg is, maar tog is hulle dood. Dit is waarom hulle die pes sal kry, want dit beteken dat die mense dink hulle is reg, maar tog is hulle verkeerd. Verder sal hy ook met die swaard oordeel, met ander woorde Hy sal hulle oordeel met die Woord, want hulle interpretasie van die Woord is foutief. Maar tog soos die ander profete, word daar gesê dat die HERE die uit die Filistynse Kerk wat Hom getrou gedien het, sal versamel saam met Hom.

Amos. Ek wil graag net een verdere profesie aanhaal teen die Filistynse Kerk. Dit is in die boek van Amos, hoofstuk een vers nege: *"So sê die HERE: Oor drie oortredinge van Tirus, ja, oor vier, sal Ek dit nie afwend nie; omdat hulle 'n ganse bevolking as ballinge aan Edom uitgelewer het en nie gedink het aan die broederverbond nie."* (Amo 1:9) Ons vind hier dat hulle aangespreek word omdat hulle Christene uitlewer aan die Jode. Hoeveel keer sien ons nie vandag dat die Kerk van Filistea die mense aanraai om die gebruike van Israel na te volg, om te help dat die Jode weer 'n tempel kan bou, en nog vele meer, maar hulle vergeet dat hulle deel met die mense wat Jesus verwerp het en so Edom geword het. Hulle reël reise na Israel om te sien hoe die Jode leef, en word aangemoedig om die bewoners te ondersteun in wat hulle ook al doen, maar niemand probeer hulle oortuig dat Jesus die Christus was en is, en dat niemand na die Vader kan gaan sonder Jesus nie.

Wat leer die Bybel oor die Israel van vandag?

Die volgende groep waarna ek wil kyk is Israel self as Ou Testamentiese volk. Onthou dat hulle die oorspronklike uitverkorenes was, maar dat hulle Jesus verwerp het. Net soos Esau sy eersgeboorte reg verruil het, het Israel sy eersgebore reg aan ons as Kerk afgestaan. Dus moet ons kyk na Edom, wat Esau se afstammelinge was, om te verstaan wat met die hededaagse Jode sal gebeur. Ons sal dit weer so van profeet na profeet doen.

Jesaja: *"Kom nader, o volke, om te hoor; en nasies, luister! Laat die aarde hoor, en die volheid daarvan, die wêreld en alles wat daaruit voortkom. Want die toorn van die HERE is oor al die nasies, en grimmigheid oor al hulle leërskare; Hy het hulle met die banvloek getref, Hy het hulle oorgegee om geslag te word. En hulle gesneuweldes sal weggewerp word, en die stank van hulle lyke gaan op, en die berge smelt van hulle bloed. En al die leërskare van die hemel vergaan, en die hemel word inmekaar gerol soos 'n boek en al sy leërskare val af soos 'n blad van die wingerdstok afval en soos vye afval van die vyeboom. Want my swaard het dronk geword in die hemel; kyk, dit kom af op Edom en op die volk van my banvloek, om geoordeel te word. Die swaard van die HERE is vol bloed, dit drup van vet, van die bloed van lammers en bokke, van die niervet van ramme; want die HERE het 'n slagoffer in Bosra en 'n groot slagting in die land Edom."* (Isa 34:1-6)

Hier sien ons dat die HERE hulle 'n voorbeeld maak vir die nasies. Die swaard wat drup van bloed bevestig ook die woord in Jesaja 63. *'Wie is dit wat daar aankom uit Edom, met bloedrooi klere uit Bosra? Hy daar, pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag? Dit is Ek wat in geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos. Waarom is u gewaad so rooi, en u klere soos dié van een wat die wynpers trap? Ek het die pers alleen getrap, en van die volke was niemand by My nie; en Ek het hulle getrap in my toorn en hulle vertrap in my grimmigheid, sodat hulle lewensap op my klere gespat en Ek my hele gewaad bevlek het. Want die dag van wraak was in my hart, en die jaar van my verlossing het gekom. En Ek het uitgekyk, maar daar*

was geen helper nie; en Ek het My verbaas, maar daar was niemand wat ondersteun nie. Toe het my arm My gehelp en my grimmigheid het My ondersteun. En Ek het volke vertrap in my toorn en hulle dronk gemaak in my grimmigheid; en Ek het hulle lewensap op die aarde laat afloop." (Isa 63:1-6) Hier sien ons vir Jesus terugkeer uit Bosra nadat Hy hulle geoordeel het, en Sy klere was rooi van die bloed, soos iemand wat druiwe getrap het op die wynpers. U sien Hy wil dat Hyself oor hulle oordeel omdat hulle Hom verwerp het.

Jeremia: *"Oor Edom. So sê die HERE van die leërskare: Is daar geen wysheid meer in Teman nie? Ontbreek raad by die verstandiges? Is hulle wysheid uitgeput? Vlug, draai om, skuil diep weg, o inwoners van Dedan! Want Ek het die ondergang van Esau oor hom gebring, die tyd dat Ek oor hom besoeking doen. As daar druiwesnyers na jou kom, sal hulle geen na-oes laat oorbly nie; of diewe in die nag—hulle sal verniel totdat hulle genoeg het. Want Ek het Esau ontbloot, Ek het sy skuilplekke oopgemaak, sodat hy hom nie kan wegsteek nie; sy geslag is verwoes, ook sy broers en sy bure, en hy is daar nie. Laat jou wese agterbly, en Ék sal hulle in die lewe hou, en laat jou weduwees op My vertrou.* ***Want so sê die HERE: Kyk, hulle wat eintlik die beker nie moes drink nie, moet sekerlik drink; en jy, sou jy heeltemal ongestraf bly? Jy sal nie ongestraf bly nie, maar sekerlik drink.*** *Want Ek het by Myself gesweer, spreek die HERE, dat Bosra 'n voorwerp van verbasing, van smaad, 'n woestheid en 'n vervloeking sal word; en al sy stede sal ewige puinhope wees. Ek het 'n tyding van die HERE gehoor, en 'n boodskapper is gestuur onder die nasies om te sê: Versamel julle en kom aan teen hom en maak julle gereed vir die oorlog. Want kyk, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, verag onder die mense. Jou vreeslikheid het jou bedrieg, die vermetelheid van jou hart, o jy wat woon in die rotsklowe, jy wat die top van die heuwel in besit hou! Al maak jy jou nes so hoog soos die arend—daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek die HERE. So sal Edom dan 'n voorwerp van verbasing word; elkeen wat by hom verbytrek, sal hom verbaas en spot oor al sy plae. Soos die omkering van Sodom en Gomorra met hulle bure, sê die HERE, sal daar niemand woon en geen mensekind daar vertoef nie. Kyk, soos 'n leeu uit die pronkbosse van die Jordaan sal daar een optrek teen die vaste woning; want in 'n oomblik sal Ek hulle daaruit wegjaag; en hom wat uitgekies is, sal Ek daaroor aanstel. Want wie is soos Ek? En wie sal My dagvaar? En wie is tog 'n herder wat voor my aangesig kan standhou? Daarom, hoor die raadsbesluit van die HERE wat Hy teen Edom geneem en sy planne wat Hy teen die inwoners van Teman beraam het: Waarlik, die kleinstes van die kudde sal weggesleep word; waarlik, hulle weiveld sal oor hulle verslae wees. Van die geluid van hulle val bewe die aarde; daar is 'n geskreeu—by die Skelfsee word die geluid daarvan gehoor. Kyk, een sal opstyg en vlieg soos 'n arend en sy vlerke oor Bosra uitsprei; en die hart van die helde van Edom sal in dié dag wees soos die hart van 'n vrou wat in nood is."* (Jer 49:7-22).

Die HERE bevestig dat hulle wat eintlik Sy volk was en nie geoordeel moes word nie tog geoordeel gaan word, en dat hulle 'n verbasing word vir al die ander nasies, of in ons tyd kerkgroepe. Ons wat so kyk na Israel en verwag dat die HERE iets met hulle sal doen om hulle weer terug te bring na Hom toe, sal die oordeel van die HERE ontvang omdat hulle Jesus nie gesien het vir wie Hy is nie.

Esegiël 25:12-14: *"So sê die Here HERE: Omdat Edom wraaksugtig gehandel het teen die huis van Juda en hom baie skuldig gemaak het en hom op hulle gewreek het— daarom, so sê die Here HERE: Ek sal my hand uitstrek teen Edom en daaruit mens en dier uitroei; en Ek sal dit 'n puinhoop maak van Teman af, en tot by Dedan sal hulle deur die swaard val. En Ek sal my wraak op Edom in die hand van my volk Israel gee, en hulle sal met Edom handel volgens my*

toorn en my grimmigheid; so sal hulle dan my wraak gewaar word, spreek die Here HERE." Esegiël spreek Edom twee keer aan. Hierdie, die eerste keer, word hulle aangespreek omdat hulle wraaksugtig teenoor Juda, die Kerk, opgetree het, word aan hulle gesê dat alle mense uit hul land uitgeroei sal word en dat hul land 'n puinhoop sal word. Die tweede gedeelte kom uit hoofstuk 35 van vers 1 tot en met 15. Hier word die woord van die vorige oordeel herhaal, en word hulle weereens daarop gewys dat hulle land 'n wildernis sal word. Die rede, soos voorheen genoem, omdat hulle teen die Kerk opgetree het, en hulle vol van hulleself is.

Daniël 11:39-41: *"So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van 'n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel. Maar in die tyd van die einde sal die koning van die Suide met hom in botsing kom, en die koning van die Noorde sal op hom afstorm met strydwaens en perderuiters en baie skepe, en hy sal daarmee in die lande inkom en instroom en dit oorvloei. Hy sal ook kom in die Pragtige Land, en baie sal struikel; maar hierdie volke sal uit sy hand vryraak: Edom en Moab en die beste deel van die kinders van Ammon."*

Hier word die wyse waarop die koning van die Noorde sal optree gewys. Die noorde verteenwoordig die voorspoedsleer van die Christene, aangesien hulle alle skatte van die volke sal wegneem vir hulself. Maar ons leer ook hieruit dat die voorspoedsleer nie die huidige Jode, asook die afstammelinge van Lot, Moab en Ammon, of die mense van die suide sal beïnvloed nie. Ons hoef maar net te kyk hoe die Jode optree om agter te kom dat hulle hulleself nie steur aan die voorspoed boodskap van vandag nie.

Joël 3:19: *"Egipte sal 'n woesteny word, en Edom 'n woeste wildernis wees, weens die geweld wat hulle die kinders van Juda aangedoen het, dat hulle onskuldige bloed in hul land vergiet het."* Hier word weereens bevestig dat die HERE hulle sal oordeel omdat hulle teen die Christene opgetree het.

*"Die gesig van **Obadja**. So sê die Here HERE aangaande Edom: Ons het 'n tyding van die HERE gehoor, en 'n boodskapper is uitgestuur onder die nasies om te sê: Staan op, en laat ons klaarmaak om teen hom te veg! Kyk, Ek het jou klein gemaak onder die nasies, jy is baie verag. Die vermetelheid van jou hart het jou bedrieg, o jy wat woon in die rotsklowe, op hoë plekke bly, en in jou hart sê: Wie sal my op die aarde neerwerp? Al woon jy so hoog soos die arend en al was jou nes tussen die sterre gestel—daarvandaan sal Ek jou neerwerp, spreek die HERE. As daar diewe, as daar nagrowers na jou gekom het—hoe is jy vernietig! —sou hulle nie net soveel gesteel het as wat vir hulle genoeg was nie? As daar druiwesnyers na jou gekom het, sou hulle nie die na-oes laat oorbly het nie? Hoe is Esau deursoek! Is sy verborge skatte deursnuffel! Al jou bondgenote het jou tot by die grens gestuur; die manne met wie jy vriendskap gehou het, het jou bedrieg, jou oorweldig; hulle lê 'n strik onder jou as jou brood. Daar is geen verstand in hom nie! Sal Ek nie in dié dag, spreek die HERE, die wyse manne uit Edom verdelg nie en die verstand uit die gebergte van Esau? En jou helde sal verskrik wees, o Teman, sodat elkeen deur moord uit die gebergte van Esau uitgeroei sal word. Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig. Die dag toe jy daarby gestaan het, die dag toe vreemdes sy rykdom weggevoer en uitlanders deur sy poorte gedring en die lot oor Jerusalem gewerp het—toe was jy ook soos een van hulle! En tog moes jy nie met genot die dag van jou broer aanskou het nie, die dag van sy onheil, en jou nie verheug het oor die kinders van Juda op die dag van hulle ondergang nie en nie gespog het op die dag van benoudheid nie!*

*Tog moes jy nie in die poort van my volk gekom het op die dag van hulle nood nie, moes jy ook nie met genot aanskou het sy onheil op die dag van sy nood nie en nie die hand uitgesteek het na sy rykdom op die dag van sy nood nie! En jy moes nie gestaan het op die kruispad om sy vlugtelinge uit te roei nie en nie sy vrygeraaktes uitgelewer het op die dag van benoudheid nie. Want die dag van die HERE is naby oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom. Want net soos julle gedrink het op my heilige berg, sal al die nasies gedurigdeur drink, ja, hulle sal drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie. Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees; en die huis van Jakob sal sy besittings in besit neem. Dan sal die huis van Jakob 'n vuur wees en die huis van Josef 'n vlam, maar die huis van Esau 'n stoppel; en dié sal hulle aan die brand steek en hulle verteer, sodat daar geen oorblyfsel vir die huis van Esau sal wees nie, want die HERE het dit gespreek. Dan sal dié van die Suidland die gebergte van Esau, en dié van die Laeveld die land van die Filistyne in besit neem; en hulle sal die veld van Efraim en die veld van Samaría, en Benjamin Gílead in besit neem. Die ballinge van hierdie leërmag van die kinders van Israel sal die wat Kanaäniete is, tot by Sarfat verower; en die ballinge van Jerusalem, wat in Sefárad is, sal die stede van die Suidland in besit neem. Dan sal daar verlossers die berg Sio*n opgaan om die gebergte van Esau te oordeel, en die koninkryk sal aan die HERE toebehoort." (Oba 1:1-21)

Ek het hier die hele boek van Obadja ingesluit met die doel dat u dit sal lees, en tot die besef kom dat daar nooit weer 'n Joodse volk op aarde sal wees nie. Al ons politieke en geestelike leiers werk so hard om net weer vir Israel van die Bybel te herstel, maar die HERE verklaar self dat hulle nooit weer herstel sal word nie. Hoekom nie? Hulle het immers vir Jesus verloën al het hulle Hom gesien. Hulle het hul geleentheid gekry as eerste uitverkore volk van die HERE, maar het hul eersgeboortereg verkoop aan die Kerk.

Tot hier dan die oordeel oor Israel, die staat soos ons dit vandag ken.

Die laaste Kerk waarna ek wil kyk is die Kerk in Jerusalem, of die Kerk van Jesus Christus.

4. Die Kerk in Jerusalem

Wie behoort nou aan diè kerk? Almal wat getrek het uit Egipte, aanvaar het wat die HERE vir hulle ingedagte gehad het, en Kanaän binne gegaan het. Ons sal wel mense kry wat verskillende konings, of soos ons vandag hulle ken as kerkgroepe, aanhang, maar hulle is immers in Kanaän.

Is daar dan oordele oor hulle ook? Verseker. Onthou dat die oordeel van die HERE begin by Sy volk, of soos ons vandag bekend staan as Sy Kerk. Nou mag u vir my vra dat as ons dan alles gedoen het wat ons moes, en ons is dan nou in die beloofde land, hoekom moet daar dan nog oordele oor ons uitgespreek word, of ander gestel, hoekom moet ons dan nog getugtig word? Hebreërs 12 gee vir ons die antwoord. *"Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek:* ***My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig***

hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. *As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie?* ***Maar as julle sonder tugtiging is****, wat almal deelagtig geword het,* ***dan is julle onegte kinders en nie seuns nie****."* (Heb 12:3-8) Baie interessante woorde wat ons hier vind. Baie male word ons as Christene aangevat omdat ons swaarkry, want die HERE sal nou mos nie Sy bloedjies laat swaarkry nie. Die gedeelte bevestig net mooi die teendeel.

Meeste van ons glo ook verskillend van mekaar. Dit beteken maar net dat ons onder verskillende konings staan. So word elke groep dan gewys op wat verkeerd is met hulle, want ons sal nogsteeds volgens ons werke geoordeel word. Esegiël 18 bevestig juis dat indien ek doen wat reg is, ek nie probleme sal kry nie, maar dat indien ek afdwaal ek nie dieselfde bestemming sal kry nie. Ook word daar geleer dat die vader nie gestraf sal word vir die seun se oortredings nie, en die seun nie vir die vader s'n nie.

Omdat daar so baie goed genoem word wat verkeerd is met die mense in Jerusalem, sal ek slegs enkele gedeeltes aanhaal. Ek stel voor dat u vir uself 'n studie gaan maak met wat elke profeet gesê het wat fout met Jerusalem is.

Kom ons begin maar weer by Jesaja en werk dan so deur die boeke van die profete.

Jesaja: Ek gaan hier net gedeeltes aanhaal wat ek voel nodig is, sonder groot kommentaar. Ek glo dat elkeen wat dit lees, sal verstaan wat die HERE vir ons wil sê. Hoofstuk 1: *"'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar****, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie****. Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van kwaaddoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het die HERE verlaat, die Heilige van Israel verag, hulle het agtertoe weggedraai. Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank. Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie. Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by 'n omkering deur vreemdes. En die dogter van Sion het oorgebly soos 'n skermpie in 'n wingerd, soos 'n slaapplekkie in 'n komkommertuin, soos 'n beleërde stad. As die HERE van die leërskare vir ons nie 'n klein oorblyfsel oorgelaat het nie—soos Sodom sou ons geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het.* ***Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra! Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas****. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie****: julle hande is vol bloed****. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.* ***Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die***

goeie van die land eet*. Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek.* ***Ag, hoe het die getroue vesting ‘n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars!”***(Isa 1:3-21)

Lees maar die gedeeltes in vetdruk weer ‘n keer, sodat dit by u kan insink. Uit hierdie gedeeltes kom daar ‘n paar punte na vore. Die eerste gedeelte verklaar Jesaja wat verkeerd is met die volk. Hulle het geen kennis nie, hulle verstaan nie. Ons praat nie hier van ‘n wêreldse kennis of verstaan nie, maar hulle is soos ons vandag. Ons gaan studeer vir jare en dan dink ons dat ons die Bybel en Sy boodskap verstaan, want ons het mos die nodige kennis opgedoen. Wat ons egter vergeet, is dat ons dit binne ons eie dogma dalk verstaan. Maar Jesus verklaar self dat dit nie is wat Hy wil deurgee nie. Johannes hoofstuk een verklaar die skrywer dat die Woord het vlees geword en onder ons kom woon. Dit was natuurlik Jesus self. Jesus verklaar self die volgende oor wat gebeur het toe die Woord, Jesus, self weggaan het. *“Dit het Ek tot julle gespreek terwyl Ek by julle bly; maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur,* ***Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het****.”* (Joh 14:25-26). So Jesus verklaar dat ons die Heilige gees nodig het om te verstaan wat Hy gesê het, en om ons te leer. Paulus verklaar weer die volgende in die boek aan die Efesiërs: *“Daarom—vandat ek gehoor het van die geloof in die Here Jesus wat onder julle is en die liefde tot al die heiliges— hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie, dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid,* ***aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee,verligte oë van julle verstand, sodat julle kan weet*** *wat die hoop van sy roeping en wat die rykdom van die heerlikheid van sy erfdeel onder die heiliges is; en wat die uitnemende grootheid van sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige.”* (Eph 1:15-21)

Ons kan dus aflei uit die vorige twee gedeeltes dat ons alles net sal verstaan wanneer ons verligte oë van die verstand kry. Geen wêreldse kennis is daarmee vergelykbaar nie. Hoekom het ons dan Sy Gees van Wysheid nodig? Jesaja 6 verklaar die HERE die volgende aan Jesaja: *“En Hy het gespreek: Gaan sê aan hierdie volk: Hoor altyddeur, maar verstaan nie, en sien altyddeur, maar bemerk nie. Maak die hart van hierdie volk vet en maak hulle ore swaar en bestryk hulle oë, sodat hulle nie sien met hul oë en met hul ore nie hoor en hul hart nie verstaan nie, en hulle hul nie bekeer en gesond word nie.”* (Isa 6:9-10). Dit is hoekom ons nie hoor of sien wat gebeur nie.

Wat leer ons dan uit Jesaja een. Die profeet wys wat fout is met die volk, gee vir hulle die gevolge van hulle handelinge wat in die fisiese manifesteer, lig hulle in oor wat verander moet word, wat die resultaat sal wees indien hulle verander, en wat vir hulle wag as hulle nie gehoor gee nie. Die gedeelte is vir ons ‘n voorbeeld van hoe die HERE met die volk praat. Dieselfde volgorde word altyd gevolg. So indien u ‘n gedeelte lees oor ‘n vermaning of oordeel oor Israel of Jerusalem, gebruik die vorige gedeelte as riglyn om te verstaan wat die HERE probeer deurgee.

So wat sê Jesaja is fout, en wat is die gevolge? *“‘n Os ken sy besitter en ‘n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie*, (vers 3), *hulle is ‘n sondige*

nasie, (vers 4), hulle hele hoof is siek, (vers 5), hulle is vol wonde van die straf wat hulle verduur, (vers 6), hulle land is 'n wildernes, (vers 7).

Wat moet dan verander? Vers 11-15: *"Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie. As julle kom om voor my aangesig te verskyn, wie het dit van julle hand geëis—om my voorhowe te vertrap? Bring nie meer skynheilige offergawes nie; gruwelike reukwerk is dit vir My. Nuwemane en sabbatte, die uitroep van samekomste—Ek verdra geen ongeregtigheid en feestyd nie! Julle nuwemane en julle feestye haat my siel; hulle is My 'n oorlas. Ek is moeg om dit te dra. En as julle jul hande uitbrei, bedek Ek my oë vir julle; ook as julle die gebed vermenigvuldig, luister Ek nie: julle hande is vol bloed. Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee."* Hier vroeg in Jesaja leer ons 'n baie belangrike les, en dit is dat die HERE geen behae het in wat ons ons godsdiens noem nie. Nee, ek kan nie verklaar dat ek dan so getrou alles gedoen het nie, maak nie saak of dit die uitroep van spesiale biddae is of spesiale offers of wat ek ook al probeer doen nie. Die HERE het geen behae daarin nie. Die rede is dat ons hande vol bloed is.

Verse 16 en 17 wys wat ons moet doen: *"Was julle, reinig julle, neem die boosheid van julle handelinge voor my oë weg, hou op om kwaad te doen, leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee."* Bekeer jou van jou verkeerde weë, doen reg aan alle mense, en dan sal jy guns in Sy oë verkry.

Verse 18 en 19 lig ons in oor wat die gevolge van die daat van bekering sal wees: *"Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. As julle gewillig is en luister, sal julle die goeie van die land eet."* Wat 'n fees om na uit te sien, om te weet dat jy sonder sonde voor die Vader sal verskyn, en dat jy die goeie van die land sal eet.

Wat wag vir ons as ons nie gehoor gee nie: *"Maar as julle weier en wederstrewig is, sal julle deur die swaard geëet word; want die mond van die HERE het dit gespreek. Ag, hoe het die getroue vesting 'n hoer geword! Dit was vol reg, geregtigheid het daarin vernag—en nou moordenaars!"* Die HERE verklaar dat die swaard, met ander woorde die Woord van God ons sal veroordeel indien ons nie ons weg regmaak nie. Verder sal ons dan as deel van die hoer gereken word. Gaan lees maar in die Openbaring van Johannes wat met haar sal gebeur.

Met die hoofstuk as agtergrond, wil ek graag vra dat u al die profete deur lees, en self ontdek wat die oordele van die HERE oor ons as Kerk is. Miskien sal u verstaan dat dinge nie so goed gaan soos wat ons dalk almal dink nie. Ek sal in elk geval poog om tog sekere gedeeltes verder uit te lig.

Jeremia: *"Die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het: Staan in die poort van die huis van die HERE, en roep hierdie woord daar uit en sê: Hoor die woord van die HERE, o hele Juda, wat deur hierdie poorte ingaan om die HERE te aanbid! So sê die HERE van die leërskare, die*

*God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie— dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het, van eeu tot eeu. Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie." (*Jer 7:1-8) *"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan. Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bose hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. Van die dag af dat julle vaders uit Egipteland uitgetrek het tot vandag toe het Ek na julle al my knegte, die profete, gestuur, daagliks, vroeg en laat; maar hulle het na My nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar hul nek verhard; hulle het dit erger gemaak as hul vaders. Ook moet jy al hierdie woorde aan hulle meedeel, maar hulle sal na jou nie luister nie; en jy moet na hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie. Sê dan vir hulle: Dit is die nasie wat na die stem van die HERE hulle God nie geluister het nie en die tugtiging nie aangeneem het nie; die opregtheid het verdwyn en is uitgeroei uit hulle mond.*" (Jer 7:21-28). Jeremia roep Jerusalem, die Kerk, op om hulle weë reg te maak, nie op hulle tempel of kerk te vertrou nie, ook nie op hulle offers nie, maar dat hulle moet luister na die profete. Dit stryk met wat Jesaja ook vir die volk meegedeel het. So ons kan werklik die erns van die HERE sien uit dit wat die profete verklaar, dat ons ons weë moet regmaak.

Jeremia het ook 'n verdere profesie teen die mense van Jerusalem. Die profesie spreek die mense an om hulle te vra om uit Jerusalem uit te kom en oor te loop na die Chaldeërs. *"En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE:* ***Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood: hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees.****"* (Jer 21:8-9) Hierdie is 'n baie ongewone handeling wat die HERE verwag. Indien ons in Jerusalem is, is alles mos reg en sal die HERE ons nooit kwaad aan doen nie. Die verskil is dat die volk verwag dat die koning wat oor hulle heers, hulle sal verlos van die vyand wat hulle beleer. Die HERE wil egter dat die mense weg kom van die koning, want aardse verlossing kan nie ewige verlossing bring nie. Ons kan nie vertrou dat ons lidmaatskap van 'n Kerkgroep ons kan red nie. Nee, ons moet onder die verkeerde idee uitkom en besluit dat slegs die HERE ons kan verlos. Daarna sal ons vry moet kan wees van ons kerkverband, en by die Heilige Gees alleen leer, om sodoende die ware Kerk te herstel. Indien ons dit nie doen nie, sal ons sterf deur die swaard, die Woord sal ons veroordeel omdat ons nie gehoor gegee het nie, of die hongersnood, ons sal elke keer dienste toe gaan maar nooit leer nie, of deur die pes, deur die lewe wat in sonde verval is. Nie goeie woorde nie, maar dit stem ooreen met wat Johannes verklaar in Openbaring: *"En ek het 'n ander stem uit die hemel hoor sê: Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie.* (Rev 18:4).

'n Verdere punt wat Jeremia maak is dat hy die Israeliete waarsku om nie weer terug te keer na Egipte toe nie. Hoekom nie? Want indien jy eenkeer uit Egipte getrek het, en jy die vrug van Kanaän geproe het, en jy terugkeer na die leerstellings van Egipte, is dit onmoontlik om weer tot bekering te kom. Dit is ook wat Jeremia aan die volk verkondig, dat hulle nooit weer uit Egipte sal terugkeer indien hulle na Egipte gaan. *"daarom hoor dan nou die woord van die HERE, o*

oorblyfsel van Juda! So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: As julle werklik julle aangesig rig om na Egipte te trek en weggaan om daar as vreemdelinge te vertoef, dan sal die swaard waar julle voor vrees, julle daar in Egipteland inhaal; en die honger waar julle voor bang is, sal daar in Egipte kort agter julle aankom, en julle sal daar sterwe. Ja, al die manne wat hulle aangesig gerig het om na Egipte te trek om daar as vreemdelinge te vertoef, ***sal sterwe deur die swaard, die hongersnood en die pes; en daar sal vir hulle niemand wees wat vryraak of ontvlug van die onheil wat Ek oor hulle bring nie****. Want so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Soos my toorn en my grimmigheid uitgestort is oor die inwoners van Jerusalem, so sal my grimmigheid oor julle uitgestort word as julle na Egipte trek; en julle sal wees 'n voorwerp van verwensing, van verbasing, van vervloeking en van smaad, en julle sal hierdie plek nie meer sien nie. Die HERE het oor julle gespreek*, *o oorblyfsel van Juda: Trek nie na Egipte nie! Weet verseker dat ek julle vandag waarsku."* (Jer 42:15-19) Hoekom sal hulle sterf deur die swaard, die hongersnood en die pes? Eerstens sal die swaard hulle oordeel, die Woord van God, omdat hulle nie luister nie. Dan sal die hongersnood hulle tref, want hulle sal geen geestelike voedsel kry nie, behalwe dit wat hulle herders vir hulle wil gee, en dit is gewoonlik net mooi verhaaltjies, want ons wil die mense nie omkrap nie. Derdens sal hulle sterf deur die pes, want hulle sal dink dat hulle altyd reg is en geen ander Christen weet wat reg is nie.

Jeremia verklaar ook een van die beste oordele wat ons kan wens om te hoor: *"Die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het. So spreek die HERE, die God van Israel: Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het; want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem."* (Jer 30:1-3) Om te hoor dat ons weer terug sal keer na die Kanaän wat die HERE vir Israel ingedagte gehad het, en dat ons die land in besit sal neem, ons eie sal maak.

Esegiël: Die profeet beskryf vir ons in groot detail wat hy gesien het en wat die oordele is wat die HERE oor Sy volk uitspreek. Ek sal in die volgende hoofstuk tyd aan die profeet afstaan wanneer ons 'n vergelyking doen tussen Esegiël en die boek van Openbaring.

Ander profete.

Hosèa. Die hele boek van Hosèa handel oor die verhouding wat die HERE met Israel en dus met ons as Kerk, het. Lees dit gerus deur en sien die rol van Hosèa as die van God, en die van sy vrou, as die Kerk.

Ander profete. Lees maar al die boeke deur en kyk spesifiek na die oordele oor Israel en Jerusalem om te sien hoe die HERE sal optree omdat ons nie luister na Sy woord nie.

Gelukkig vir ons is dit nie waar dit eindig nie, maar vind ons ook wonderlike gedeeltes oor wat vir ons bestem is wanneer ons terugkeer na die HERE. Van die gedeeltes is as volg:

Jesaja. *"HERE, U is my God! U sal ek verhoog; u Naam sal ek loof; want U het wonders gedoen, raadsbesluite uit ver tye, waarheid en trou. Want U het van 'n stad 'n hoop klippe gemaak, van 'n*

versterkte vesting ‘n puinhoop; ‘n paleis van vreemdes, dat dit geen stad meer is nie; vir ewig sal dit nie herbou word nie. Daarom sal ‘n magtige volk U eer, die vesting van tirannieke nasies U vrees. Want U was ‘n vesting vir die arme, ‘n vesting vir die behoeftige toe hy benoud was; ‘n skuilplek teen die stortreën, ‘n skaduwee teen die hitte—want die geblaas van die tiranne is soos ‘n stortreën teen ‘n muur. Soos hitte in ‘n dor land het U die rumoer van vreemdes gedemp, soos hitte deur die skaduwee van ‘n wolk; die triomfsang van die tiranne moes verstom. En die HERE van die leërskare sal op hierdie berg vir al die volke berei ‘n maaltyd van vetspyse, ‘n maaltyd van ou wyn, van vetspyse vol murg, van gesuiwerde ou wyn. En Hy sal op hierdie berg vernietig die uitgespreide sluier wat al die volke omsluier, en die omhulsel waarmee al die nasies bedek is. Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee; en Hy sal die smaad van sy volk van die hele aarde af wegneem; want die HERE het dit gespreek. En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp. Want die hand van die HERE sal rus op hierdie berg; maar Moab sal vertrap word op sy plek soos strooi vertrap word in die water van ‘n miskuil. En as hy sy hande daarin uitsprei soos ‘n swemmer dit uitsprei om te swem, dan sal Hy sy trotsheid afdruk tegelyk met die kunsgrepe van sy hande. En die steil versterkings van jou mure werp Hy neer, gooi Hy af, laat Hy kom tot op die grond, tot in die stof.” (Isa 25:1-12)

Ander kosbare gedeeltes vind ons in Hoofstukke 29, 51, 54, 56, 60, en 62.

Esegiël: *“En jy, mensekind, profeteer tot die berge van Israel en sê: Berge van Israel, hoor die woord van die HERE! So sê die Here HERE: Omdat die vyand ha, ha! oor julle roep; en: Die ewige hoogtes het vir ons ‘n besitting geword! — daarom profeteer en sê: So spreek die Here HERE: Omdat, ja, omdat hulle julle van alle kante verwoes en vertrap het, sodat julle vir die oorblyfsel van die nasies ‘n besitting kan wees, en julle in opspraak gekom het en deur die mense beskinder is— daarom, o berge van Israel, hoor die woord van die Here HERE. So spreek die Here HERE tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die dale, tot die verwoeste puinhope en die verlate stede wat ‘n buit en ‘n spot geword het vir die oorblyfsel van die nasies wat rondom is— daarom, so sê die Here HERE: Waarlik, in die vuur van my ywer spreek Ek teen die oorblyfsel van die nasies en teen die hele Edom wat my land vir hulleself as besitting bestem het—in volle vreugde van die hart, met diepste veragting—sodat die weiveld daarvan ‘n buit sou wees. Daarom, profeteer oor die land van Israel, en spreek tot die berge en die heuwels, tot die klowe en die dale: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek spreek in my ywer en in my grimmigheid, omdat julle die smaad van die nasies gedra het. Daarom, so sê die Here HERE, hef Ek my hand op: Waarlik, die nasies wat rondom julle is—hulle sal hul smaad dra. Maar julle, o berge van Israel, sal jul takke gee en jul vrugte dra vir my volk Israel; want hulle koms is naby. Want kyk, Ek kom na julle en wend My na julle toe, en julle sal bewerk en besaai word. En Ek sal mense op julle vermenigvuldig, die hele huis van Israel, almal saam; en die stede sal bewoon en die puinhope opgebou word. Ja, Ek sal mense en diere op julle vermenigvuldig, en hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees; en Ek sal julle laat bewoon soos in jul voortyd en aan julle weldoen meer as in julle vroeër dae, en julle sal weet dat Ek die HERE is. En Ek sal mense op julle laat loop, my volk Israel; en hulle sal jou in besit neem, en jy sal vir hulle ‘n erfenis wees en hulle verder nie meer kinderloos maak nie. So spreek die Here HERE: Omdat hulle vir julle sê: ‘n Menseter is jy en een wat sy eie nasie kinderloos maak— daarom sal jy nie meer mense opeet en jou nasie nie meer laat struikel nie, spreek die Here HERE. En Ek sal nie meer teen jou laat hoor die skimp van die nasies nie, en die smaad van die volke sal jy nie meer dra nie; en jy sal jou nasie nie meer laat struikel nie, spreek die Here HERE. Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, toe die huis van Israel in hulle land*

gewoon het, het hulle dit verontreinig met hul wandel en met hul handelinge; hulle wandel was voor my aangesig soos die besoedeling van die maandelikse onreinheid. Daarom het Ek my grimmigheid oor hulle uitgegiet, vanweë die bloed wat hulle in die land vergiet het, terwyl hulle dit met hul drekgode verontreinig het. En Ek het hulle verstrooi onder die nasies en hulle is versprei in die lande; Ek het hulle geoordeel volgens hul wandel en hul handelinge. En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, het hulle my heilige Naam ontheilig deurdat van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit sy land uittrek. Toe het dit My ter harte gegaan om my heilige Naam ontwil wat die huis van Israel ontheilig het onder die nasies waar hulle gekom het. Daarom, sê vir die huis van Israel: So spreek die Here HERE: Ek doen dit nie om julle ontwil nie, o huis van Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat julle ontheilig het onder die nasies waar julle gekom het. En Ek sal my grote Naam heilig wat onder die nasies ontheilig is, wat julle onder hulle ontheilig het; en die nasies sal weet dat Ek die HERE is, spreek die Here HERE, as Ek My in julle voor hul oë as die Heilige laat ken. En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle ‘n nuwe hart gee en ‘n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle ‘n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My ‘n volk en Ek sal vir julle ‘n God wees. En Ek sal julle verlos van al jul onreinhede; en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie. En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrings van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie. Dan sal julle dink aan jul verkeerde weë en aan jul handelinge wat nie goed was nie; en julle sal vir julleself walglik wees oor jul ongeregtighede en oor jul gruwels. Ek doen dit nie om julle ontwil nie, spreek die Here HERE; laat dit julle bekend wees! Skaam julle en bloos oor jul weë, o huis van Israel. So sê die Here HERE: In die dag as Ek julle reinig van al jul ongeregtighede, sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word. En die verwoeste land sal bewerk word, in plaas dat dit ‘n wildernis is voor die oë van almal wat verbygaan. En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon. Dan sal die nasies weet wat rondom julle oorgebly het, dat Ek, die HERE, opgebou het wat afgebreek was, beplant het wat verwoes was; Ek, die HERE, het dit gespreek en sal dit doen. So sê die Here HERE: Ook dit sal Ek My laat vra deur die huis van Israel om dit vir hulle te doen: Ek sal hulle mense vermenigvuldig soos skape. Soos die geheiligde skape, soos die skape van Jerusalem op sy feestye, so sal die stede wat in puin lê, vol wees van kuddes van mense; en hulle sal weet dat Ek die HERE is.”(Eze 36:1-38)

Sagaria: *“En die woord van die HERE van die leërskare het gekom en gesê: So spreek die HERE van die leërskare: Ek ywer oor Sion met ‘n groot ywer, ja, Ek ywer met groot grimmigheid daarvoor. So sê die HERE: Ek keer terug na Sion en sal midde-in Jerusalem woon; en Jerusalem sal genoem word: Die stad van trou, en die berg van die HERE van die leërskare: Die heilige berg. So sê die HERE van die leërskare: Daar sal weer ou manne en ou vroue op die pleine van Jerusalem sit—elkeen met sy stok in sy hand vanweë die veelheid van hulle dae. En die pleine van die stad sal vol wees van seuntjies en dogtertjies wat op die pleine daarvan speel. So sê die HERE van die leërskare: As dit te wonderbaar is in die oë van die oorblyfsel van hierdie volk in dié dae, sal dit ook in my oë te wonderbaar wees? spreek die HERE van die leërskare. So sê die HERE van die leërskare: Kyk, Ek gaan my volk verlos uit die land van die ooste en uit die land van die weste en hulle aanbring; en hulle sal midde-in Jerusalem woon. Dan sal hulle vir My ‘n volk wees, en Ék sal vir hulle ‘n God wees, in trou en geregtigheid. So sê die HERE van die leërskare: Laat julle hande sterk wees, julle wat in hierdie dae sulke woorde*

gehoor het uit die mond van die profete op die dag toe die fondament gelê is van die huis van die HERE van die leërskare, die tempel, om gebou te word. Want vóór hierdie dae het die mense geen loon getrek nie, ook vir die diere was daar geen loon nie; en vir die wat uit— en ingaan, was daar weens die teëstander geen veiligheid nie; want Ek het al die mense die een teen die ander losgelaat. Maar nou sal Ek vir die oorblyfsel van hierdie volk nie wees soos in vroeër dae nie, spreek die HERE van die leërskare. Want die saad van vrede, die wingerdstok, sal sy vrug gee, en die aarde sy opbrings lewer, en die hemel sal sy dou skenk; en die oorblyfsel van hierdie volk sal Ek al hierdie dinge laat beërwe. En soos julle 'n vloek gewees het onder die nasies, o huis van Juda en huis van Israel, so sal Ek julle verlos, dat julle 'n seën kan wees. Wees nie bevrees nie, laat julle hande sterk wees. Want so sê die HERE van die leërskare: Soos Ek My voorgeneem het om julle kwaad aan te doen, toe julle vaders My vertoorn het, sê die HERE van die leërskare, en Ek daar geen berou van gehad het nie— so het Ek My weer voorgeneem om in hierdie dae goed te doen aan Jerusalem en die huis van Juda. Wees nie bevrees nie. ***Dit is die dinge wat julle moet doen: Spreek die waarheid met mekaar; beoefen waarheid en 'n regspraak van vrede in julle poorte****! En julle moet nie mekaar se onheil in jul hart versin nie, en nie die valse eed liefhê nie. Want dit alles haat Ek, spreek die HERE. En die woord van die HERE van die leërskare het tot my gekom en gesê: So sê die HERE van die leërskare: Die vasdag in die vierde en die vasdag in die vyfde en die vasdag in die sewende en die vasdag in die tiende maand moet vir die huis van Juda 'n vreugde en blydskap wees en vrolike feestye, maar julle moet die waarheid en die vrede liefhê. So sê die HERE van die leërskare: Nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede. En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: Kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smeek en die HERE van die leërskare te soek. Ek wil ook gaan! So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek. So sê die HERE van die leërskare: In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is."* (Zec 8:1-23)

Wat moet ek dan doen om die genade van die HERE te verkry?

Ek moet sorg dat ek my geloof bou op die Woord van God, en nie op die oorlewering van mense nie. Dit mag dalk vir u snaaks klink, maar ek moet elke boodskap wat ek hoor, dit maak nie saak van wie dit is nie, gaan naslaan om te verseker dat dit inpas by die boodskap van die Bybel. Ek is bewus dat meeste gemeentes nie eers sal toelaat dat u dit doen nie, want die dominee of pastoor het dan op universiteit gaan leer om te verstaan wat en hoe die Bybel geïnterpreteer moet word. Maar soos ek vroeër aangehaal het uit Efesiërs 1, het ons verligte oë van die verstand nodig, en nie 'n doktorsgraad in hermeneutiek nie. Dit is ook waarvan Jesus gepraat het met die dissipels: *"Laat hulle staan; hulle is blinde leiers van blindes. En as 'n blinde 'n ander blinde lei, sal altwee in die sloot val.*" (Mat 15:14) So maak seker dat u nie 'n blinde volg op die pad wat hy loop nie. Gaan terug na die Woord, en maak seker dat die Heilige Gees u sal leer. Hy wag net vir die vraag van u kant af om u te leer.

Wat is dan die boodskap wat ek moet leer?

Jesaja het dit vir ons so pragtig opgeteken in Jesaja 58. Ek wil dit graag aanhaal uit die Message weergawe, aangesien die hoofstuk dit wat die HERE wil hê, baie goed vir ons saamvat. Hier dan Jesaja 58: *"Shout! A full-throated shout! Hold nothing back--a trumpet-blast shout! Tell my people what's wrong with their lives, face my family Jacob with their sins!* ***They're busy, busy, busy at worship****, and love studying all about me. To all appearances they're a nation of right-*

*living people-- law-abiding, God-honoring. They ask me, 'What's the right thing to do?' and love having me on their side. But they also complain, 'Why do we fast and you don't look our way? Why do we humble ourselves and you don't even notice?' "Well, here's why: "The bottom line on your 'fast days' is profit. You drive your employees much too hard. You fast, but at the same time you bicker and fight. You fast, but you swing a mean fist. The kind of fasting you do won't get your prayers off the ground. Do you think this is the kind of fast day I'm after: a day to show off humility? To put on a pious long face and parade around solemnly in black? Do you call that fasting, a fast day that I, GOD, would like? "**This is the kind of fast day I'm after: to break the chains of injustice, get rid of exploitation in the workplace, free the oppressed, cancel debts.** What I'm interested in seeing you do is: **sharing your food with the hungry, inviting the homeless poor into your homes, putting clothes on the shivering ill-clad, being available to your own families**. Do this and the lights will turn on, and your lives will turn around at once. Your righteousness will pave your way. The GOD of glory will secure your passage. Then when you pray, GOD will answer. You'll call out for help and I'll say, 'Here I am.' "**If you get rid of unfair practices, quit blaming victims, quit gossiping about other people's sins, If you are generous with the hungry and start giving yourselves to the down-and-out,** Your lives will begin to glow in the darkness, your shadowed lives will be bathed in sunlight. I will always show you where to go. I'll give you a full life in the emptiest of places-- firm muscles, strong bones. You'll be like a well-watered garden, a gurgling spring that never runs dry. You'll use the old rubble of past lives to build anew, rebuild the foundations from out of your past. You'll be known as those who can fix anything, restore old ruins, rebuild and renovate, make the community livable again. "If you watch your step on the Sabbath and don't use my holy day for personal advantage, If you treat the Sabbath as a day of joy, GOD's holy day as a celebration, If you honor it by refusing 'business as usual,' making money, running here and there-- Then you'll be free to enjoy GOD! Oh, I'll make you ride high and soar above it all. I'll make you feast on the inheritance of your ancestor Jacob." Yes! GOD says so!"* (Isa 58:1-14).

Indien die boodskap wat u hoor van die kansel nie bevat wat hier weergegee word nie, moet u wonder of die boodskap in die Bybel verskyn. Hoekom? Want dit is wat Jesus kom doen het vir ons, en ons as Sy dissipels moet dieselfde optree as wat Hy opgetree het. Die boodskap van die Bybel gaan nie oor my nie, dit gaan oor Jesus en wat Hy kom doen het.

Wat dan as ek weet dat ek ‘n verkeerde boodskap ontvang?

U sal die besluit moet neem of u verder onder die herder wil dien wat nie die Woord reg bring nie, en of u wil gaan na waar die Woord opreg verkondig word, of dalk om die Heilige Gees toe te laat om in u en deur u te werk. Die keuse is u s’n.

Die persoon wat as u herder optree sal geoordeel word volgens Esegiël hoofstuk 34. Die hoofstuk kan basies in drie dele ingedeel word. Die eerste gedeelte van verse een tot ses handel eksklusief oor wat die herders verkeerd gedoen het: *“En die woord van die HERE het tot my gekom en gesê: Mensekind, profeteer teen die herders van Israel; profeteer en sê vir hulle, die herders: So spreek die Here HERE: Wee die herders van Israel wat aan hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie? Julle eet die vet en beklee julle met die wol; julle slag die vettes, maar die skape laat julle nie wei nie; julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid. So het hulle dan verstrooid geraak, omdat daar geen herder was nie; en hulle het die voedsel geword vir al die wilde diere van die veld en het verstrooid geraak. My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is my skape*

verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek." (Eze 34:1-6).

Die tweede gedeelte handel oor die straf van die herders en die herstel van die volk: *"Daarom, o herders, hoor die woord van die HERE: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, omdat my skape 'n prooi geword het en my skape as voedsel gedien het van al die wilde diere van die veld, omdat daar geen herder was nie, en my herders na my skape nie vra nie; en die herders aan hulleself weiding verskaf, maar my skape nie laat wei nie— daarom, o herders, hoor die woord van die HERE! So sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie. Want so sê die Here HERE: Kyk, hier is Ek, en Ek sal na my skape vra en vir hulle sorg. Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid. En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land. Op 'n goeie weiveld sal Ek hulle laat wei, en op die hoë berge van Israel sal hulle weiplek wees. Daar sal hulle lê op 'n goeie plek en wei in 'n geil weiveld op die berge van Israel. Ek self sal my skape oppas, en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek die Here HERE. Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, en wat gewond is, sal Ek verbind, en die siekes sal Ek versterk; maar die vettes en die sterkes sal Ek verdelg: Ek sal hulle oppas soos dit reg is." (Eze 34:7-16)*

Die derde gedeelte handel oor die Herder wat ons sal op pas in die lewe hierna: *"En wat julle aangaan, my skape, so sê die Here HERE, kyk, Ek sal oordeel tussen skape en skape, die ramme en die bokramme. Is dit vir julle nie genoeg dat julle die goeie weiveld afwei nie? En moet julle die orige van jul weiveld met jul pote vertrap? En moet julle die helder water drink, terwyl julle die wat oorbly, met jul pote troebel maak? En moet my skape afwei wat met julle pote vertrap is, en drink wat met julle pote troebel gemaak is? Daarom, so sê die Here HERE vir hulle: Kyk, hier is Ek, en Ek sal oordeel tussen die vet skape en die maer skape. Omdat julle al die swakkes met skof en skouer wegdruk en met julle horings stoot, totdat julle hulle uitgejaag het, daarom sal Ek my skape red, sodat hulle nie meer 'n prooi sal wees nie; en Ek sal oordeel tussen skape en skape. En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawid; hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle 'n herder wees. En Ek, die HERE, Ek sal vir hulle 'n God wees, en my kneg Dawid 'n vors in hulle midde. Ek, die HERE, het dit gespreek. En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit en die wilde diere uit die land laat verdwyn; en hulle sal veilig bly in die woestyn en slaap in die bosse. En Ek sal hulle en die plekke rondom my heuwel tot 'n seën maak en die stortreën laat val op sy tyd; stortreëns van seën sal dit wees. En die bome van die veld sal hulle vrugte gee, en die land sal sy opbrings gee, en hulle sal veilig wees in hul land; en hulle sal weet dat Ek die HERE is as Ek hulle jukskeie stukkend breek en hulle red uit die hand van die wat hulle diensbaar gemaak het. En hulle sal nie meer 'n prooi vir die nasies wees nie, en die wilde diere van die land sal hulle nie opeet nie; maar hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik. En Ek sal vir hulle plante van naam verwek, sodat hulle nie meer deur hongersnood in die land weggeruk sal word nie en die smaad van die nasies nie meer sal dra nie. Maar hulle sal weet dat Ek, die HERE hulle God, met hulle is, en dat hulle, die huis van Israel, my volk is, spreek die Here HERE. En julle is my skape, die skape van my weide; julle is mense, Ek is julle God, spreek die Here HERE."* (Eze 34:17-31)

Om die gedeelte dan saam te vat. Daar word verskeie kerke uitgelig vir ons in die Ou Testament, en kan ons leer waar ons in gaan funksioneer, deur na ons manier van glo te kyk. Die verskillende Kerke sal strek van Egipte, tot in Jerusalem. Om uit te vind waar ek in pas, moet ek

uitvind wat die leerstellings is van die Kerk waar ek in tuis is, en dan sal ek vasstel waar ek in pas. So is die Egiptiese Kerk die Kerk vir die mense wat nie glo in die doop van gelowiges nie, die Kerk by die see, tipies die Baptiste Kerk wat wel glo in die doop, maar nie verder wil beweeg en die gawe van die Heilige Gees ontvang nie. En, dan is daar die Kerk in Filistea, en uiteindelik die Kerk in Jerusalem.

Moses 5 vers 4: Die eindtyd soos gesien deur Esegiël

Een iets wat ek oor die jare geleer het van die Bybel, is dat alles wat in die Nuwe Testament beskryf word, alreeds in die Ou Testament beskryf is. Daarom, as iemand my iets wil meedeel en vir my laat verstaan dat dit ‘n Nuwe Testamentiese lering is en dit nie uit die Ou Testament kan bewys nie, dan het ek geleer ek kan dit maar ignoreer. Onthou net dat Jesus verklaar het dat Hy gekom het om te vervul, en nie om nuwe lerings te bring nie.

Baie van ons sukkel dan om die Openbaring van Johannes te verstaan, en veral hoe en wanneer die duisendjarige vrederyk sal wees en waar dit gaan inpas, en hoe ons die gedeelte moet interpreteer oor die Nuwe Jerusalem.

Ek wil graag Esegiël gebruik om die eindtyd vir u in te kleur. Die boek begin met ‘n gesig van die profeet wat die HERE sien. Vir baie jare in Israel se tyd was die priesters verbied om die gedeelte in die tempel te lees, en moes die mans eers op ouderdom dertig daaraan blootgestel word. Dit was omdat ons as mense nie veronderstel is om te weet hoe die HERE lyk nie, en omdat die HERE self verklaar dat indien jy Hom sien, jy sal sterf. Gelukkig het Jesus gekom en het Hy aan sovele mense verskyn tydens sy verblyf op aarde en daarna, dat ons vandag die gedeelte kan lees en interpreteer.

Esegiël gee ons dan ‘n agtergrond oor hoe hy geroep is en die doel waarvoor hy geroep is, naamlik om as wag vir Israel op te tree. Die volgende klomp hoofstukke handel dan oor dit wat verkeerd is met die mense van Israel, soos wat Openbaring handel oor wat verkeerd is in die verskillende gemeentes en word baie oordele uitgespreek oor verskille groepe mense. Die een oordeel wat ek graag wil uitlig, is die oordeel van hoofstuk 16 wat oor Jerusalem uitgespreek word. Ons leer dat die HERE verklaar dat Hy Jerusalem, die Kerk, geneem het onder Sy vleuels, haar bedek met fyn linne en sy. Maar, sy het omgedraai en ‘n hoer geword deurdat die Kerk agter ander gode aan gegaan het. Die gedeelte stem ooreen met wat Johannes in Openbaring behandel in hoofstukke 17,18, en 19, waar Johannes die hoer beskryf en die val van Babilon. Gelukkig sluit Esegiël die hoofstuk af met ‘n pragtige gedeelte oor die herstel van die Kerk. *“Ewenwel sal Ek dink aan my verbond met jou in die dae van jou jeug, en Ek sal met jou ‘n ewige verbond oprig. Dan sal jy aan jou weë dink en skaam wees, as jy jou susters aanneem wat groter is as jy, by dié wat kleiner is as jy, en Ek hulle aan jou as dogters gee; al is dit nie kragtens die verbond met jou nie. En Ek sal my verbond met jou oprig, en jy sal weet dat Ek die HERE is; sodat jy kan nadink en beskaamd staan en jou mond nie meer oopmaak vanweë jou skande nie, as Ek vir jou versoening sal bewerk oor alles wat jy gedoen het, spreek die Here HERE.”* (Eze 16:60-63) Die volgende hoofstuk in Esegiël gaan verder oor die oordeel oor die Kerk omdat hulle nie na Hom toe gekom het in tye van verdrukking nie.

In hoofstuk 18 bevestig die profeet dat elkeen ‘n persoonlike verantwoordelikheid het en nie kan skuil agter die goeie of slegte woorde en dade van die ouers nie. Hoofstuk 19 gebruik die profeet weer die voorbeeld van hoe die HERE met Israel gehandel het tydens en na die uittog uit Egipte, en hoe ons daarop moet let. Die volgende gedeeltes handel dan weereens oor die oordeel van die HERE oor die Kerk, en wat ons kan verwag.

Hoofstuk 23 is vir ons ‘n baie interessante hoofstuk, omdat dit handel oor twee susters Ohòla en Ohòliba. Die betekenis van die twee name, is dat Ohòla beteken haar tent, en die van die suster, My tent in haar. Die betekenis wat ek dus daarin kan lees is dat die eerste suster verwys na Israel van die Ou Testament, waar hulle ‘n fisiese tabernakel by hulle gehad het en later ‘n

tempel, terwyl die tweede suster se naam verwys na ons as nuwe Israel, aangesien die HERE Sy tempel binne ons vestig. Die verhaal gaan dan oor hoe die eerste suster haar rug gekeer het op die HERE, en hoe die tweede suster, alhoewel sy gesien het en geweet het hoe die eerste suster opgetree het, tog dieselfde pad gevolg het. So wil dit vir my lyk of die Kerk dieselfde pad gevolg het as die Jode van ouds, en ook van die HERE af weg beweeg het. Ons hoef maar net die koerante en tydskrifte oop te maak om te sien hoe die teoloë en lidmate saam verval in ‘n vorm godsdiens, ‘n godsdiens sonder Krag. Daar word geleer dat die HERE so lankmoedig is dat hy nie meer sonde sal straf nie, dat ons moet ondersoek instel of ons die bestaan van die Satan kan regverdig, en of hy enigsins nodig is in ons godsdiens. Die volgende hoofstuk handel dan oor die oordeel teenoor Jerusalem, die Kerk, wat sal volg as gevolg van die feit dat die Kerk weg hoereer het van die HERE af.

Dan volg die oordele oor die sewe verskillende volke, of soos ons dit behandel het, Kerkgroepe. Dit val saam met Johannes se briewe aan die sewe gemeentes. Hoofstuk 33 is ‘n basiese herhaling van hoofstuk drie, in sover dit gaan dat die HERE ‘n wag aanstel om die volk te waarsku oor die komende oordele. Hoofstuk 34 het ons in die vorige hoofstuk behandel, en dit handel oor die val van die herders, en die herstel van die Kerk. Hoofstuk 35 vind ons nie ‘n gelyke in Openbaring nie, maar dit handel oor die oordeel van die Jode van vandag.

Die volgende hoofstuk beskryf vir ons hoe die Kerk en die gebied van die Kerk sal herstel word, en ons weer guns sal vind by die HERE. Daarna volg die opstanding van die dooies in hoofstuk 37, waar die profeet moet profeteer oor die dooie bene om lewendig te word. Dit is ook die aanbreek van die duisendjarige vrederyk.

Hierna volg weer twee hoofstukke wat baie mense laat kop krap. Dit handel oor die optrede van Gog en Magog, en die uiteindelike vernietiging van beide. Die gedeelte beskryf vir ons twee gebeurtenisse - die duisendjarige vrederyk, en die eindelike verwoesting van Satan en sy leërs. Aan Satan word die volgende meegedeel: *“Ná baie dae sal jy bevel ontvang; aan die einde van die jare sal jy ‘n land intrek wat van die swaard weer reggekom het, wat versamel is uit baie volke, op die berge van Israel wat gedurigdeur as puinhoop daar gelê het—ja, dit is uit die volke uitgebring, en hulle woon almal in veiligheid. Dan sal jy optrek soos ‘n onweer wat aankom, jy sal wees soos ‘n wolk om die land te oordek, jy en al jou leërs en baie volke saam met jou. So sê die Here HERE: In dié dag sal daar gedagtes in jou hart opkom, en jy sal ‘n listige plan beraam en sê: Ek sal optrek teen die land wat ooplê, ek sal kom by rustige mense wat in veiligheid woon; wat almal woon sonder muur en geen grendel of poorte het nie;”* (Eze 38:8-11) Hier gee die profeet te kenne dat die volk van die HERE in rustigheid sal woon, maar aan die einde van die dae sal die Satan weer opstaan om die volk aan te vat, presies soos ons lees in Openbaring 20.

Ons lees hier dat daar soveel hout sal wees dat die volk van die HERE vir sewe jaar vuur sal maak daarmee, en die getal van die mense wat in Satan se leërs gesneuwel het sal sewe maande lank neem om te begrawe.

Daarna in die volgende nege hoofstukke beskryf Esegiël die nuwe tempel en hoe alles daarin sal funksioneer, en Johannes sien ‘n nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal. Die HERE het elkeen op sy vlak van verwagting gewys wat gaan gebeur, die een in die tyd van die tempel, en die ander in die tyd van Jerusalem.

Soos ons dus kan sien uit Esegiël het Johannes nie nuwe leerstellings of iets bygevoeg wat nie in die eerste verbond was nie, maar slegs verder geborduur in ingekleur rondom dit wat Esegiël gesien het.

Dit dan ‘n samevatting van die profete vir vandag. Ek vertrou dat u met nuwe oë sal kyk na die inhoud van die Ou Testament, en daaruit sal leer.

Ek vertrou dat ek so oor die volgende paar maande en jare, verder sal kan gaan op die pad van ontdekking wat die HERE in my begin het, en dat ons almal kan leer hoe dit in die lewe vandag en hierna gaan wees.

Moses 5 vers 5: Jesaja se siening van die eindtyd

Ek het toe verder gegaan met Jesaja en dit is nou as ‘n volledige kommentaar beskikbaar op my webtuiste. Ek het sover nog net die eerste 35 hoofstukke gedoen. Dit bestaan as ‘n aparte boek met die titel Jesaja se verklaring van die Kerk in die tyd van die Nuwe Verbond. So kry dit maar op my webtuiste of direk by Kindle.

Gratis Afrikaanse boeke

Wie is ons?

Ons is Louwrens en Hettie Erasmus, persone wat deur die HERE geroep is om ‘n verskil in mense se lewens te maak. Hettie doen al vir byna haar hele lewe innerlike genesing met stukkende mense, en het verskeie formele kursusse bygewoon en kwalifikasies ontvang, maar word nog steeds dag vir dag deur die Heilige Gees gelei en geleer.

Ekself is maar die ou wat die skryfwerk doen. So het ek heelwat geskryf oor wat Hy vir my gewys het, en ook hoe die Heilige Gees my gelei het om op die regte tyd die boodskap wat ek gekry het, neer te skryf.

Ongelukkig het ek (Carcinoid sindroom, vorige benaming) deesdae bekend as NET kanker (Neuroendocrine Tumour cancer) wat funksioneel is, met ander woorde dit het versprei, is in die limf nodes, lewer en so ‘n paar ander plekke maar meestal teen been soos werwels, ribbes en kopbeen, en het ek maar al die klassieke simptome van die tipe kanker soos hitte gloede wat jou los met ‘n rooi/pers neus wat gewoonlik assosieer word met ‘n hoë alkohol inname. Wel ek kan nie alkohol gebruik nie aangesien dit net meet van die gloede laat voorkom. So was ek by ‘n dokter met ‘n verstopte derm, en toe hy hoor wat ek het, het hy toe sy nota boek uitgehaal en my ondervra oor die siekte want die universiteite leer maar die gewone huisdokters dat die gemiddelde statistiek bewys dat een dokter dalk een geval in sy beroep sal teëkom. Soek maar na simptome op Google en indien jy iets sien, is dit ook op my van toepassing. Ek het die kanker vir die afgelope 21 jaar al toe hulle die eerste bewyse daarvan uitgehaal het, my blindederm met ‘n gewas binne in en een aan my dunderm van so ongeveer 100mm in lengte, maar indien ek regtig terug dink na waar ek die eerste keer deur ‘n Carcinoid krisis gegaan het was dit in my matriek jaar (1968) toe ek saam met die ander matrieks ‘n naweek by Loskopdam bygewoon het. So die moontlikheid is dat ek dit al vir meer as 52 jaar het, of selfs van geboorte aangesien die bewyse nou daar is dat die tipe kanker oorerflik is.

Dit het nou ‘n drastiese verandering aan my lewenskwaliteit en ander omstandighede tot gevolg, soveel so dat ek so amper sewe jaar gelede aangesê is om op te hou werk aangesien ek net maande het om te lewe aangesien my lewer ook deurtrek was van die NET kanker. Wel, soos ek vandag hier sit is dit meer as sewe jaar gelede, so die HERE het ander gedagtes gehad. Ek het wel ‘n redelike groot operasie so 6 jaar gelede gehad toe die gewasse my dunderm heeltemal verstop het, en die enigste opsie was om ‘n 90cm. stukkie dunderm wat nie ‘n gewas aangehad het nie, gebruik het om ‘n omlyning van die dunderm te doen, want die blokkasie kon hulle nie chirurgies verwyder nie. Hulle het toe sommer net so oor die 50% van my lewer verwyder om van die meeste van die gewasse wat daar was uit te haal en is dit maar die grootste rede dat ek nog vandag oorleef. Die rede dat hulle nie die blokkasie kon verwyder nie is maar dat die gewas hom tuis gemaak het om die (superior mesentary artery) SMA en besig is om alle bloedtoevoer na my onderlyf te keer, en geen snydokter sommer daar met sy mes wil inklim nie. So hoe lank die gewas gaan vat om alle

bloedsomloop na my onderlyf af te sny weet ons nie, maar daar is maar groot gedeeltes van die dag waar ek maar sukkel om bloed deur te kry, en my linker knie met tye heeltemal swart word, en ander gedeeltes weer voel asof jy te lank bloed toevoer afgeknyp het na die gedeelte en die been of voet of dalk net een spier skielik voel asof hy “geslaap” het.

Ek het onderaan die lys boeke so ‘n bietjie oor my lewe voor my dae van skryf ook bygewerk, sodat mense kan sien waaroor ek die paadjie gevolg het.

Wat my skrywes en boeke aanbetref is alle Afrikaanse aanhalings uit die 1953 vertaling, beklemtoning self bygevoeg. Engels het ek maar so tussen die KJV en die NASB(New American Standard Bible) aangehaal, afhangende van watter weergawe op Esword oop was, en of dit dalk tydperke was waar Esword van my gekoopte boeke net laat verdwyn het. Die NASB is ‘n betaalde weergawe en kom nie saam met die standaard Esword weergawe nie.

Wat kan ons verwag in 2021?

So begin ons ‘n nuwe jaar in 2021 met ‘n totale ander insig as in 2020. Waar 20 20 visie wat ons laasjaar mee begin het beteken dat ons ‘n perfekte visie het, weet ons nog nie eintlik wat het ons getref het verlede jaar nie, veral met die Sjinese Covid virus nie, en sover ook nie die jaar nie. En ons weet ook nog nie wanneer dit gaan eindig nie.

Al weet ons die mense in Sjina het regtig probleme gehad, glo ons mos maar hulle politici en is daar geen rede om hulle nie te glo nie. Maar ons kan gaan kyk na inligting wat ons sonder enige moeite in die hande kan kry, en dan skrik ons. Hulle selfoon verskaffer, China Mobile, is een van die maatskappye wat op die New York Effekte Beurs gelys is, en moet hulle resultate daar publiseer. Hier vind ons dat in Februarie 2020 met die hoogtepunt van Covid in Sjina, daar 7,5 miljoen selfoon gebruikers verdwyn het aangesien dit die daling is wat hulle gepubliseer het. Natuurlik sonder enige rede. So het daar 1,5 miljoen verdwyn tussen Junie en Augustus, en 2,5 miljoen in November. U kan my syfers nagaan hier: China Mobile Limited - Investor Relations > Monthly Customer Data. U sal self kan sien dat vir die jaar tot November 2020 hulle 6,6 miljoen minder gebruikers as die begin van die jaar gehad het. Met ‘n bevolking van oor ‘n biljoen mense, sou ek verwag het dat daar baie meer mense sou kwalifiseer om selfone te kon aankoop in 2020, en nie 'n daling verwag het nie. Wat van al die miljoene wat nou begin werk het verlede jaar en 'n selfoon gekoop het?

Nou kyk ek na die data en vergelyk ek dit met wat ek as Christelike Apologeet vind op my webtuiste. Soos met die data oor Sjina doen ek al my navorsing voordat ek oor goed skryf wat mense maar moeilik vind om self te bestudeer of oor opinies uit te spreek. Al wat ek maar doen is kyk na ons Christelike standpunte, kyk of ek dit kan bevestig of nie, en meeste kere antwoorde kry wat ons nie altyd wil hoor nie. En dan plaas ek dit of as enkel artikel, of indien dit ‘n boek is, as boek in pdf formaat op my webtuiste.

Maar dan vra ek net dat mense ‘n vrywillige donasie gee vir dit wat hulle op my webtuiste kry. Maar ongelukkig is al gevolgtrekking wat ek kan maak, is dat Christene seker die swakste gewers is wat daar bestaan.

Maar hoekom sê ek dit?

Ons hou mos van die Rooms Katolieke wyse van gee. Dit is maar die manier wat Luther ook gebruik het om te bestaan. Deur die metode te gebruik, kan jy vandag genesing ontvang sodra jy vir die tiende predikers ‘n donasie gee, want dan sal hulle vir jou bid en sal jy genees wees. As jy nie genesing ontvang nie, is dit jy wat nie genoeg geloof gehad het nie, of jou bydrae was dalk ‘n bietjie te min vir dit wat jy wou kry. So het Luther maar nog aangehou met sy plekkie in die gebou waar jy kon gaan sit en al jou sondes teenoor hom bely, en die oomblik wat jou geldjie in die aflate boks weerklink het, is jou sonde vergewe en kon jy weer aangaan totdat jy weer op die aflate stoel bevind het. So maak meeste van ons groot naam predikers hul geld. So vind ons byvoorbeeld mense soos John Hagee wat nie eers die Bybel verstaan nie en skryf oor die vier bloed mane van so ‘n paar jaar gelede, die metode gebruik en mense koop sy vals profesieë by die miljoene. Het enige van sy uitlatings waar geword? Nee, maar hy het lekker ryk geword daaruit. En dan kan jy maar gaan kyk na van sy preke op Youtube. Dan maak hy uitlatings soos Jesus het nie vir die Jode gesê dat Hy die Christus is nie, so hoe kon hulle dan weet dat Hy die Christus is. Nou kan ons mos verwag dat Jesus weer moet kom om hulle te oortuig dat Hy die Christus is, en dit skakel natuurlik baie mooi in by die wegrapingsteorie van die Antichris. Maar ons vergeet dat die ryk jong man vir Abraham gevra het om Lasarus na sy broers te stuur om hulle te vertel dat Jesus die Christus is, en dat Jesus se antwoord was dat hulle het Moses en die profete, as hulle nie die mense glo nie, sal hulle nie die ewige lewe beërf nie. So ten spyte van die feit dat ons weet wat hy en baie ander valse profete is, pas ons nie toe wat die Bybel verklaar ons moet doen met valse profete nie. En dit geld sommer vir al sy maatjies, soos ‘n Joel Osteen, Joyce Meyer, Kenneth Copeland, en hordes ander wat almal van Luther se aflate gebruik om geld te maak maar is ons bang om hierdie mense te openbaar as valse profete wat bedoel is vir die ewige verderf. So het die mense geleer om soos Luther op ander mense te teer om in luuksheid te kan leef. Dit was die een onderwerp wat Luther nooit aangespreek het in sy skrywes nie want dan het hy sy eie keel afgesny. So nou vind ons dat al die Christelike Sioniste die metode gebruik om hulleself te verryk. En dan trek hulle 'n Maleagi 3 vers 8 preek uit, en nou kan hulle weer die Ou Testament wat volgens hulle net vir Israel geld, gebruik om geld uit jou te kry. Die HERE het die vrywillige gewer lief, of die een wat ander leer, maar nie die Antichris en sy leermeesters nie.

“As ‘n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou ‘n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop—wat jy nie geken het nie—en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.” (Deu 13:1-5) Die laaste sin is ontsettend belangrik. Die kwaad kom uit ons midde. So nie iemand wat anders is nie, maar iemand wat as Christen gesien word en in ons midde beweeg. Want jy sal die afval nie van een van jou eie mense verwag nie.

Nou kan hulle baie vinnig dit verander en sê dat die Ou Testament net vir die Jode geld, en dit slegs van toepassing is op Israel want die verbond geld net vir Israel en nie vir ons nie. Nou kan ons maar vra hoe hulle dan met die wegrapingsleer kan uitkom as hulle verklaar dat die Ou Testament net vir Israel geld. Dan kan hulle mos nie nou skielik na Daniël verwys nie, want dit het niks met ons as Nuwe Testamentiese Christene te doen nie.

So kan ek en baie ander Christen skrywers boeke en artikels skryf sonder dat jy as leser daarvoor hoef te betaal, en dan vind jy uit dat in 2020 by my so net meer as 16,000 boeke

afgelaai is en maak dit 73,54% van al my data op wat my webtuiste gedra het verlede jaar. Maar, ek kan nie vir jou die ewige lewe belowe as jy my manier volg nie, ook kan ek nie genesing belowe sodra jy vir my geld gee nie. Ek kan dalk vir jou dit makliker maak om die Bybel se boodskap te verstaan sodat jy en die HERE saam 'n paadjie kan begin loop en dat jy kan sien wat die ewige lewe beteken vir ons as Christene. Wat het ek gekry as vrywillige bydraes? Niks. Nul. Zilch. Nie 'n sent nie. Jy sal eerder jou geld spandeer op jou gunsteling Christelike Sionis se boek of een van hulle talle liedere waarmee hulle uitkom as om seker te maak dat jy op die nou pad is na die hemel. Net so interessante stukkie inligting vir jou. Het jy geweet dat Rick Warren van “The purpose driven life”, die hoof is van die Chrislam beweging wat verklaar dat Jesus vir ons as Christene as verlosser optree en Mohammed as verlosser vir die Moslems optree. Dit is hoekom hy graag wil hê dat ons ons tyd sal spandeer om dissipels te maak en programme op te stel om mense na ons gemeente te trek en hoe jy jou doel moet naspeur as om die eindtyd te bestudeer. Want dan moet hy kies tussen Jesus en Mohammed.

Maar eers net gou my webtuiste se inligting:

#reqs	%bytes	extension
15932	73.54%	.pdf [Adobe Portable Document Format]
116692	13.50%	[directories]
78178	4.20%	.js [JavaScript code]
76	2.10%	.mp4
10757	1.90%	.jpg [JPEG graphics]
78768	1.36%	.css [Cascading Style Sheets]
54744	1.36%	.php [PHP]
76	1.19%	.mp3 [MP3 sound files]
689	0.74%	.hlp
32714	0.12%	[not listed: 15 extensions]

Soos jy kan sien is daar 15,932 pdf lêers afgelaai van my webtuiste en dit 73.54% van die verkeer op my webtuiste was. Nou kan jy maar dieselfde optree as die ander 100,000 plus mense wat oor die afgelope 12 jaar boeke afgelaai het van my webtuiste sonder enige bydrae, of dalk kan jy my verbaas deur 'n bydrae te maak wat my dalk net gaan help om my medisyne vir pyn en al die ander simptome van hierdie snaakse kanker wat ek het mee te verlig of te bestuur. Of miskien help dit dalk net dat ek weer by 'n dokter kan uitkom wat my kan help met my stryd teen hierdie kanker.

Jy kan kies. Maar onthou net hoe Jesus die skape van die bokke gaan skei wanneer Hy weer kom: “Dan sal Hy ook vir dié aan sy linkerhand sê: Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Want Ek het honger gehad, en julle het My nie te ete gegee nie; Ek het dors gehad, en julle het My nie te drinke gegee nie. Ek was ‘n vreemdeling, en julle het vir My nie herberg gegee nie; naak, en julle het My nie geklee nie; siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie. Dan sal hulle Hom ook antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of ‘n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie? Dan sal Hy hulle antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir

sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe." (Mat 25:41-46)

So indien jy voel dat ek jou dalk oortuig het om ook vir my as skrywer en Christelike Apologeet 'n ietsie te gee sodat ek nog gewoontes kan navors en oor skryf, of om te help met kostes soos ek voorheen genoem het, kan jy jou bydrae maak by:

https://www.payfast.co.za/donate/go/shamaministries

Webtuiste: http://www.shama.org.za.

Dit is hier waar u heelwat van my boeke kan aflaai en vir ons 'n donasie kan los. Dit het my 'n baie lank tyd geneem om alles te skryf en reg te kry, so ek glo darem dat ek geregtig is op 'n donasie indien u dit sou goeddunk. Een ding wat ek wel by Christene geleer het is dat hulle baie hou van verniet. My webtuiste bestaan nou al seker so 15 jaar, en in daardie tyd het ons van die 40,000 plus boeke wat gratis afgelaai is darem drie donasies ontvang. Indien u hierdie gekoop het op Amazon wil ek u graag bedank, aangesien ek darem daar 'n paar rand van in my sak kan steek.

Epos adres: louwrens at shama dot org dot za Vervang maar die woorde met die tekens soos in 'n normale epos adres. Dit word maar gedoen om gemorspos tot 'n minimum te beperk.

Dan is daar ook 'n klomp korter artikels wat beskikbaar is op my webtuiste by ander onderwerpe.

Israelvisie of British-Israel World Federation

Hoe versprei ek die evangelie van Jesus Christus?http://shamaministries.org.za/wp/wp-admin/nav-menus.php?edit-menu-item=1292 - menu-item-settings-1292

Die agt deugde van die mees suksesvolste Christene http://shamaministries.org.za/wp/wp-admin/nav-menus.php?edit-menu-item=1029 - menu-item-settings-1029

Wie verkondig jy? Die vermoorde of die moordenaar?

Begrawe of veras? http://shamaministries.org.za/wp/wp-admin/nav-menus.php?edit-menu-item=1091 - menu-item-settings-1091

Die Huwelik – my trou preek http://shamaministries.org.za/wp/wp-admin/nav-menus.php?edit-menu-item=1092 - menu-item-settings-1092

Die Sabbat? Wat is dit en wat beteken dit vir ons as Christene?http://shamaministries.org.za/wp/wp-admin/nav-menus.php?edit-menu-item=1313 - menu-item-settings-1313

Hoe beoordeel ek as Christen die dinge van die dag? http://shamaministries.org.za/wp/wp-admin/nav-menus.php?edit-menu-item=1094 - menu-item-settings-1094

Hoe gemaak met mense wat hulle self as Christene uitgee, maar tog ander Christene uitbuit

Die Jode in Handelinge

Hoe tree jy as Christen op?

DVD's Daar is ook 'n hele paar van die boeke wat ek as DVD's opgeneem het, en wat gebaseer is op die eboek met dieselfde naam, maar waar addisionele inligting ook beskikbaar is. Die DVD's is self opgeneem en is beskikbaar in volledige HD (high definition) formaat. Dit kan as volledige DVD's bestel word deur my te kontak by louwrens at shama dot org dot za. Die kostes beloop R400 per stel van 3 DVD's en word deur Speed Services van poskantoor na poskantoor gestuur.

Youtube Die video's wat ek opgeneem het kan ook gratis gekyk word op Youtube by https://www.youtube.com/user/LouwErasmus

Waaroor skryf ek en hoekom skryf ek? Hier volg my lewensverhaal in 'n neute dop?

Almal vra my altyd hoekom ek baie keer aanhalings uit die Ou Testament gebruik om standpunte te stel of te debatteer, en nie juis Nuwe Testamentiese gedeeltes gebruik nie. Vir my was dit in die begin ook nogal moeilik, want alhoewel ek regtig eers hier in my laat dertigs begin het om werklik die Bybel te bestudeer en eers op vyftig begin skryf het en georden is as 'n leraar, het ek gevind dat ek veral met die skrywery baie na die Ou Testament verwys het. Om die waarheid te sê het ek eendag vir Hettie gesê dat ek nie kan glo hoeveel waarhede daar in die Ou Testament is wat ek nie van geweet het nie. Ek het amper gevoel asof ek nie nodig het om na die Nuwe Testament te verwys nie, want alles wat ek nodig gehad het om mense in die regte verhouding met die Vader, Seun, en Heilige Gees te sit, kon ek uit die Ou Testament doen. Maar ek weet mense wil mos graag net weet wat Paulus en die ander apostels en dissipels gesê het, en dan is daar natuurlik Openbaring en Daniël wat alles altyd oorheers, veral in die Pinkster/Charismatiese kringe.

Ek wil graag net so 'n ietsie oor myself en ons familie vir almal meedeel, soos wat ons agtergrond is, en wat met my gebeur het en my spesifiek op hierdie paadjie met die HERE geplaas het.

Ek en Hettie het maar altyd ingeskakel by ons plaaslike gemeente van die dae van ons huwelik in 1972 af, en voor dit, want ons het darem by die kerk ontmoet. Sy het net eendag skielik van hierdie jong meisie na hierdie pragtige tiener verander, en moes ek inspring voor iemand anders dit dalk kon doen. So het ons lewe maar rondom die familie en kerk gedraai en het ek eenmaal die predikant by ons nuwe gemeente nogal onkant gevang. Ds. Sakkie was baie verbaas toe ek hom voorkeer nadat ons van Amanzimtoti af terug Florida Glen toe is en ek met ons attestaat in die hand ons as huisgesin aan hom voorgestel het. Toe moes ek hom eers verduidelik dat ek die attes skriba was in die vorige gemeente, so dit was maklik om net die vorige predikant aan te sê om ons attestaat te teken. Hettie het my altyd gespot en gesê ek het ‘n twee jaar sindroom, aangesien ons redelik baie rondgetrek het en dit gewoonlik elke tweede jaar was. Dit het regtig so uitgewerk aangesien ons vir die eerste 28 jaar van getroude lewe regtig 14 keer verhuis het, maar nou moet ek by sê dat dit ook maar tussen verskeie dorpe soos Johannesburg omgewing, Pretoria, Suidkus van Natal, en toe later jare die Oos Kaap en Wes Kaapse see dorpe ook ingesluit het. Dan was daar ook maar plekke waar soos voor ons ons eerste huis laat bou het net ses maande lank in ‘n woonstel gebly het en dan na ‘n ander een getrek het vir ‘n verskeidenheid van redes soos bv. geen hysbak toe sy vir Barney verwag het en sy vier stelle trappe moes klim van die ondergrondse parkering na ons blyplek op die boonste vloer. Of soos met ons terugkeer van Natal waar ons net ses maande lank in ‘n huurhuis gebly het voordat ons weer ons eie huis gekoop het.

Maar terug na my oorspronklike skrywe. In Februarie 1982 het ek die eerste keer in my lewe werklik gesien dat die HERE binne oomblikke omstandighede kan verander, en het dit ‘n blywende impak op my lewe gehad. Ek het op hoërskool terwyl ons geoefen het vir Republiekdag viering by die skool in gimnastiek my neus baie lelik gebreek deurdat ek op my tone beland het na ‘n dubbele tuimel slag en ek my neus teen my knieg gestamp het. In 1982 seker 15 jaar later, het ek besluit dat dit tyd is om my neus reg te kry dat ek ordentlik kon asemhaal en het die dokters ‘n baie goeie taak verrig en kan ek nogsteeds lekker asemhaal. Hulle het ‘n gedeelte van die kraakbeen uitgehaal sodat my neus weer reguit was, maar nou is die voorste kraakbeen gedeelte heeltemal los, en lag die kleinkinders nogsteeds wanneer ons daar kuier en hulle my vra om my neus teen my wang te druk. Maar daar was ook ‘n baie donker kant die dag daarna gewees toe Hettie vir my die Saterdagoggend by die hospitaal kom kuier het en die bediende vir Barney en Esthee na een van Barney se maatjies toe gevat het sonder ma se toestemming. Met haar terugkeer het Hettie dadelik gesê dat Barney en Esthee moes terugkom, en op pad terug het Barney voor ‘n motorkar ingehardloop.

Hy het skedelbreuk opgedoen, en amper sy linkervoet ook verloor aangesien die voet onderstebo tussen die band en die pad beland het en hy toe saam met die kar gesleep is vir ‘n hele ent. Daar was geen vleis of enige iets oor nie behalwe wit beentjies wat bo op die voetsool gelê het. Ek is toe dadelik ontslaan en is hy die Saterdag oorgeplaas na ‘n hospitaal met hoë sorg afdeling aangesien daar bloeding op die brein was, en hy bewusteloos was. Hy was op die ou einde amper drie maande in die hospitaal en het toe ook twee veloorplantings gehad plus nog vele operasies om die voet te red. Maar wat my gevang het was die Woensdagoggend meer as ‘n week na die operasie waar ek onder in die kar seker die moeilikste gebed in my lewe gebid het. Ek kon dit nie vat om te sien hoe hy net lê sonder dat hy bewus is van enigiets om hom nie. Dit het ook veroorsaak dat hulle nie aan sy voet kon werk nie maar al wat hulle kon doen was om die voet skoon te hou om so te keer dat daar infeksie ontstaan het. Ek het die oggend in die kar die HERE gevra dat Hy hom of sou terug gee vir ons, of as dit sy wil was, om hom te kom haal want ek kon nie toesien hoe hierdie kind van my verder ly nie.

Toe ek bo in die hospitaal kom 7 uur die oggend het die suster vir my gesê daar is geen verandering nie, maar tot almal se verbasing het Barney die oomblik toe ek sy hand vat en vir hom groet, hy vir my gesê het “Môre pappa”. Weet jy al die verpleeg personeel het saam met my die oggend gehuil toe hy sy bewussyn herwin het en sy oë oopgemaak het en ek hulle vertel het van my gebed voor ek in die hospitaal ingegaan het.

Dit was die eerste keer.

Die tweede keer was net na my eerste operasie vir kanker in 1986 toe die HERE my volle aandag gekry het, veral toe ek Hom gevra het dat Hy my sal spaar om net ons jongste dogter te sien grootword aangesien ek nie wou hê dat sy en die ander kinders sonder ‘n vader figuur moes groot word nie, en ek nogsteeds hier is om selfs haar kinders te sien wat al baie groter en ouer is as wat sy daardie tyd was. My jongste dogter was toe nog nie eers vyf jaar oud nie. Daardie tyd het ek nie eers gedink dat die laaste kind eerste sal wees nie en dat Esthee eers amper 8 jaar na ons jongste dogter se laaste baba haar eerste baba sou hê nie. Die gebeurtenis het regtig ‘n baie groot impak gehad want ek glo nie iemand is reg om op 34 jarige ouderdom al te sterf aan kanker nie. Gelukkig kon hulle alles verwyder wat hulle gesien het in die blaas en na drie jaar is ek uiteindelik “skoon” verklaar, net om agt jaar later weer deur die storie te moes begin werk het, net die keer sit ek nou al met hierdie ander tipe kanker vir die afgelope 22 jaar wat ons van weet, maar dit was al heel moontlik daar voor die eerste operasie in 1986, en kon ek dit al selfs as kind gehad het. Dit sal baie van my onverklaarbare episodes van my kinderdae oplos waar ek baie seer in die buik gehad het, en ek gereeld soos ‘n sak aartappels induie gestort het soos wanneer jy die bodem afgesny het en die sak opgetel het. En dan het die dokter my maar ondersoek maar nooit iets fout gekry nie. Ek het dit later jare soort van ontgroei, en kon dit makliker bestuur want ek het geweet wanneer dit sou gebeur aangesien ek geweet het wat die simptome was wat aanleiding gegee het tot so ‘n gebeurlikheid.

Ons het gedurende daardie tyd na my eerste kanker operasie en vir baie jare daarna elke oggend begin met huisgodsdiens in die bed in ons kamer. Die kinders het onder gesit en in die winter hulle toegemaak met of hulle eie duvet ’s wat hulle saam gebring het, of net onder pa en ma s’n gesit by die voetenent van die bed. Dit het my nogal half gedwing om regtig die Bybel te begin deurlees sodat ek elke oggend iets kon deel met die res van die huisgesin.

Dit was vir my nogal baie snaaks dat ek so baie keer gedeeltes gekry het in die Ou Testament, en dan was dit nie altyd net verhale soos Simson of Dawid of Salomo nie, maar baie keer gedeeltes uit die profete of Psalms wat ‘n spesifieke onderwerk aangeraak het. So met verloop van tyd het die kinders self hulle eie tyd spandeer in die Bybel en het hulle nie meer lus gehad om saam met Sonja Herholdt uit die rooi boekie (Jeugsangbundel) te sing nie, want hulle het darem nou al te groot geword daarvoor. Dit was nou ten spyte van die feit dat ons daardie jare nog in die Gereformeerde Kerk was, en eers na die kinders in die hoërskool was ‘n kort tydjie, seker maar twee jaar lank, in die NG Kerk was voordat ons oorgegaan het na wat oorspronklik Corpus Christi gemeente van die AGS in Brooklyn Pretoria was, en gedurende ons tyd daar begin is met Doxa Deo gemeente met meer as een kampus, maar wat tog as een gemeente gesien word. Gedurende die jare het ek en Hettie ook saam met mense gewerk om die Jesus film by verskeie plekke te wys, en het ek vandag nog my VHS weergawe plus masjien om dit nog te wys.

Die derde keer was gedurende Augustus 1995 toe ek wakker geword het met ‘n baie groot pyn in my regter sy. Ek is uiteindelik dokter toe na werk, en is ek toe dadelik hospitaal toe gestuur vir ‘n nood blindederm operasie. Ek is die aand laat eers geopereer en gedurende die operasie het selfs die chirurg erken dat die HERE daar was tydens die operasie. Volgens die chirurg kon hy nie ‘n lekker houvas op die blindederm kry nie en moes hy noodgedwonge die snit groter maak, en toe ‘n gedeelte van die dunderm uitryg om plek te maak om te werk. Volgens hom kon hy vroeër al gestop het maar het hy skielik iets in sy hand gevoel wat groter was en daar het hy toe op die eerste gewas afgekom van so om en by die 10cm lank. Toe hy afkyk het hy geweet dit wat hy gesien het was kanker, en toe hy die blindederm verwyder het hy gesien daar was ook ‘n gewas binne die blindederm. Dit is een van die plekke wat bekend is onder medici waar Carcinoid die meeste ontstaan. So, soos hy my toe meegedeel het dat indien hy gestop het toe hy genoeg plek gehad het, sou hulle nooit die gewas opgespoor het nie en sou my familie heel moontlik in 1996 ‘n begrafnis diens moes hou. Hy het toe ook gesê dat ek so twee maande later in Oktober moes terug kom vir nog ‘n operasie om te kyk hoeveel nodes daar was wat alreeds hierdie snaakse Carcinoid kanker gehad het. So dit was so amper 22 jaar gelede, maar die chirurg het my meegedeel na die opvolg besoek dat hy alles binne sy vermoë gedoen het om die kanker te verwyder, maar daar was tog ‘n gedeelte wat hy moes los aangesien dit onmoontlik is om chirurgies te verwyder. Wat hy my wel meegedeel het is dat hy glo dat die HERE my wel kan genees, maar dat ek nogsteeds vir chemo moes gaan.

Na die tweede operasie in 1995 wat ek vir kanker gehad het, het ek ‘n baie snaakse ondervinding gehad. Ek het die oggend wakker geword en die pragtigste koorsang gehoor wat ek nog ooit in my lewe gehoor het. Ek het elke persoon se radio by sy bed gaan kyk of die sang daarvandaan gekom het, maar almal se radio’s was af. Verder het ek skielik net hierdie gesig gesien afspeel hier voor my waar ek op ‘n platform gestaan het soos wat jy by baie wildplase kry sodat jy rustig oor die landskap na die dierelewe kon kyk, maar al wat ek gesien het was mense in wit klere wat gestap het na ‘n heuwel in die verte. Wat vir my baie snaaks was, was dat al hierdie mense wit klere aangehad het en jy net hierdie massas mense gesien het. Daar was nie een plek waar jy ‘n gaping tussen die mense gehad het nie. Hettie het later die oggend kom kuier en is na ‘n kort rukkie weer terug huis toe want ek was nie juis goeie geselskap nie. Ek het net heeltyd geluister na die musiek en my verkyk na die massas mense. En die beeld het afgespeel half in my kop, want ek kon my oë toemaak en nogsteeds die beeld sien, of my kop teen die muur druk en dan het ek nogsteeds hierdie beeld gesien. Daar was twee persone saam met my op hierdie platform, maar ek het nie met hulle gepraat nie. Ek het net geweet die een persoon was Moses.

Dit was ook een van die bydraende faktore hoekom ons toe uit die NG Kerk bedank het aangesien ek een van ons predikante gevra het wat hy dink dit kon beteken, en sy antwoord basies was dat ek dit moet vergeet en aangaan met my lewe want dit sal my nog van my kop laat afgaan. ‘n Mooi manier om te sê dit sal my nog in Weskoppies (‘n hospitaal vir mense met geestelike probleme) laat opeindig. Ek was nogal geskok met sy antwoord aangesien ek regtig gedink het hy dalk ‘n antwoord sou hê aangesien hy ‘n doktorsgraad in teologie gehad het.

So dit is maar waar my paadjie met die HERE ‘n drastiese verandering tot gevolg gehad het. Ek het toe regtig begin om meer uit te vind wat gaan eendag maak dat ek weet ek in die hemel gaan wees, en waarvoor ek moet oppas dat dit my nie van my bestemming beroof nie. Gedurende die tyd het ons saam met vriende in die week by ‘n bekende evangelis gaan leer, en het hy eendag vir my gesê hy sien dat wanneer hy na my kyk ek nogal hoë standaarde stel om

te onderskei tussen Christene en nie-Christene. Hy het dieselfde dag ook vir Hettie gesê dat hy sien dat sy ‘n baie diep verhouding met die HERE het en dat Hy baie tevrede met haar is. Vir iemand wat nog nooit so iets ondervind het nie weet ek dit is moeilik om te verstaan of te begryp.

Ek weet hoe ek die eerste keer wat iemand so iets vir my gesê het amper my melk weg geskrik het. Ek moes die Sondagaand ‘n leesdiens hou aangesien die proffie wat ek gereël het om by ons te preek die dag my die Donderdag net laat weet het hy dit nie kon maak nie, en ek en oom HT besluit het om maar preke voor te lees, iets wat verseker nie in die gemeente die gewoonte was nie. Die aand na die diens het almal in die konsistorie my gevra hoekom ek nie vir predikant gaan studeer het nie of sommer nou begin nie aangesien hulle nie kon agterkom dat ek die preek voorgelees het nie. My antwoord was maar dat dit moeilik is om op 39 jarige leeftyd eers te begin en ek drie kinders op skool gehad het, en verseker nie die geldelike vermoë gehad het om dit te doen nie.

‘n Paar weke na die episode is ek en Hettie uitgenooi om saam met ander mense net ‘n aand na hulle kleuterskool te gaan om net ‘n bietjie saam te bid en te sing. Die vrou wat die begeleiding gedoen het die aand, het so halfpad skielik ophou klavierspeel en reguit na my gekyk en gesê sy ervaar dat die HERE nog baie deur my gaan werk en dat Hy my wil gebruik. Dit was toe dat ek amper my melk weg geskrik het, want ek het nog nooit so iets beleef nie.

Terug na die tydperk na my operasies in 1995. Daar het ek toe skielik begin om sekere gedeeltes raak te lees en gevoel ek kon iets daaroor skryf, of net met mense deel. Van dit het dan ook vir my gevoel soos opdragte wat ek uit die Bybel ondervind het wat die HERE vir my gegee het. Ek weet dit klink dalk snaaks maar dit is maar hoe my paadjie met die HERE gewerk het, en was die eerste gedeelte wat Hy my ‘n opdrag gegee het gekom het op 16 April 1996. Ek het nog die boek waarin ek dit neergeskryf het, maar die opdrag was dat ek die verlossingsboodskap moes verkondig, en dat ek ook herders daarop moet wys dat hulle nie die skape wat die HERE aan hulle toevertrou het nie, opgepas het nie. (Esegiël 34) Dan was die laaste gedeelte van die opdrag dat ek ook diegene moet uitwys wys wat ander Christene verdruk. Die vorige dag het die HERE ‘n gedeelte wat ek nogsteeds vandag ervaar gegee, en dit was uit Jeremia 45, waar Hy sê dat ek my lewe sal behou.

Vir iemand wat net ses maande vroeër gehoor het dat ek seker nog net ‘n paar jaar oor het voor my einde sal kom was en is dié woorde nogsteeds iets wat ek elke dag aan vashou.

Vandag weet ek ook hoekom ek nie vroeër teologie moes gaan studeer het nie, want ek het toe eers geleer dat baie van dit wat ek toe wel geleer het deur die Bybel skool wat ek by studeer het, maar dun gesaai is oor wat in die Bybel staan. Dit gaan meer oor hoe die spesifieke groep glo, hoe om ‘n gemeente te bestuur, oor Grieks en Hebreeus te leer, en nog baie ander onderwerpe soos wat die verskillende uitkyke is van verskillende genootskappe en hul interpretasies van die Bybel. So het ek toe na my studies uiteindelik my eie Bybel skool by ‘n gemeente begin wat vinnig na ‘n nuwe gemeente gelei het, en hoe alles baie vinnig induie gestort het. Maar ek het daaruit geleer dat ek maar moet fokus op dit wat my opdrag was, en dit was maar om neer te skryf wat ek by Hom geleer het, Jeremia 30:2 “So spreek die HERE, die God van Israel: Skryf vir jou in ‘n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het;” en dan het alles half vanself gekom.

Wat toe vir my baie snaaks was is dat die HERE my op ‘n tog deur die Ou Testament gevat het en soos ek in die begin gesê het, het ek meeste van dit wat ek antwoorde op gesoek het, in die Ou Testament die antwoorde gekry, en dan eers het ek die bevestiging in die Nuwe Testament gekry. Daar is wel gedeeltes wat ek nie in die Nuwe Testament voor antwoorde vind nie, maar wel partykeer bevestiging van Ou Testamentiese leerstellings in wat vandag bekend staan as die Apokriewe boeke, gekry.

Maar gelukkig het die HERE ook deur ander mense en dan ook deur Jesus self ook baie keer vir my antwoorde laat kry deur wat hulle gespreek het. Die eerste gedeelte wat ek gekry het in my soeke hoekom ek altyd in die Ou Testament op geëindig het, was woorde wat Jesus self geopper het. Ons almal ken die gelykenis van Lasarus en die ryk jongman, waar die ryk jongman vra dat iemand na sy broers gestuur word om hulle te waarsku sodat hulle nie eindig waar hy was nie. Jesus voltooi vir ons die verhaal as volg: *“Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle ‘n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom:* ***Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister.*** *Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham,* ***maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer.*** *Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.”* (Luk 16:25-31)

Die twee gedeeltes wat ek beklemtoon het is nogal baie treffend. Jesus verwys ook daarna dat ons net Moses en die Profete nodig het, so net die Ou Testament, om te verstaan hoe om kind van God te word, en dan voltooi Hy dit deur te na Homself te verwys wat uit die dode sou opstaan en tog het die Jode Hom nie geglo nie.

Dan het Paulus ook ‘n gedeelte vir ons opgeteken in die eerste brief aan die gemeente in Korinte. *“Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus. Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn. En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodedienaars soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.”* (1Ko 10:1-11)

En dan is daar natuurlik die hele boek aan die Hebreërs wat juis gebruik kan word om soos Paulus hier bo genoem het, vir ons sovele vrae kan beantwoord indien ons weet hoe die Jode geglo het. Die boek beskryf juis hoe Christus groter is as enige ander skepsel van die HERE, en

dat Hy deur die Hemelse tabernakel gegaan het met Sy eie bloed om vir ons sondes te betaal.

Die naam van my eerste boek is dan ook Die Boek van Moses. Dit is beide omdat ek maar baie uit die Ou Testament verwys, asook ‘n ander baie persoonlike rede. In ons ouerhuis het ons altyd as iemand iets gesê het wat hy nie dadelik aan die Bybel kon koppel nie, gesê dit staan in Moses X vers X. So was Moses 3 vers 3 altyd “Moenie worry nie”, so die x’se is dan met nommers vervang.

Die boek bring my juis by ‘n ander persoon uit, naamlik Markus. Dit is nou die persoon wat die eerste evangelie geskryf het alhoewel dit nie die eerste boek in die Nuwe Testament is nie. Markus het saam met Barnabas en Paulus gewerk in die eerste volle gemeente nadat Barnabas vir Paulus gaan soek het om hom te kom help het om die gemeente op die been te bring. Dit was ook waar Paulus se bediening begin het. Barnabas en Paulus het toe later van mekaar geskei: *“En ‘n paar dae daarna het Paulus vir Bárnabas gesê: Laat ons teruggaan en ons broeders besoek in al die stede waarin ons die woord van die Here verkondig het, om te sien hoe dit met hulle gaan. En Bárnabas wou Johannes, wat Markus genoem word, saamneem. Maar Paulus het dit nie reg geag om hóm saam te neem wat van Pamfílië af hulle verlaat het en nie saam met hulle na die werk gegaan het nie. Daar het toe ‘n verbittering ontstaan, sodat hulle van mekaar geskei het; en Bárnabas het Markus saamgeneem en na Ciprus uitgeseil. Maar Paulus het Silas gekies en afgereis nadat hy deur die broeders aan die genade van God opgedra was.”* (Hnd 15:36-40)

Markus beskryf die gedeelte in die Handelinge van Barnabas as volg. Die aanhaling is in Engels aangesien ek nie ‘n Afrikaanse kopie het nie, en dit self nog wil vertaal in Afrikaans: “*And I found Paul in bed in Antioch from the toil of the journey, who also seeing me, was exceedingly grieved on account of my delaying in Pamphylia. And Barnabas coming, encouraged him, and tasted bread, and he took a little of it. And they preached the word of the Lord, and enlightened many of the Jews and Greeks. And I only attended to them, and was afraid of Paul to come near him, both because he held me as having spent much time in Pamphylia, and because he was quite enraged against me. And I gave repentance on my knees upon the earth to Paul, and he would not endure it. And when I remained for three Sabbaths in entreaty and prayer on my knees, I was unable to prevail upon him about myself; for his great grievance against me was on account of my keeping several parchments in Pamphylia.*

And when it came to pass that they finished teaching in Antioch, on the first of the week they took counsel together to set out for the places of the East, and after that to go into Cyprus, and oversee all the churches in which they had spoken the word of God. And Barnabas entreated Paul to go first to Cyprus, and oversee his own in his village; and Lucius entreated him to take the oversight of his city Cyrene. And a vision was seen by Paul in sleep, that he should hasten to Jerusalem, because the brethren expected him there. But Barnabas urged that they should go to Cyprus, and pass the winter, and then that they should go to Jerusalem at the feast. Great contention, therefore, arose between them. And Barnabas urged me also to accompany them, on account of my being their servant from the beginning, and on account of my having served them in all Cyprus until they came to Perga of Pamphylia; and I there had remained many days. But Paul cried out against Barnabas, saying: It is impossible for him to go with us. And those who were with us there urged me also to accompany them, because there was a vow upon me to follow them to the end. So that Paul said to Barnabas: If you want to take John who also is

surnamed Mark with you, go another road; for he shall not come with us. And Barnabas coming to himself, said: The grace of God does not desert him who has once served the Gospel and journeyed with us. If, therefore, this be agreeable to you, Father Paul, I take him and go. And he said: Go you in the grace of Christ, and we in the power of the Spirit.

Therefore, bending their knees, they prayed to God. And Paul, groaning aloud, wept, and in like manner also Barnabas, saying to one another: It would have been good for us, as at first, so also at last, to work in common among men; but since it has thus seemed good to you, Father Paul, pray for me that my labour may be made perfect to commendation: for you know how I have served you also to the grace of Christ that has been given to you. For I go to Cyprus, and hasten to be made perfect; for I know that I shall no more see your face, O Father Paul. And failing on the ground at his feet, he wept long. And Paul said to him: The Lord stood by me also this night, saying, Do not force Barnabas not to go to Cyprus, for there it has been prepared for him to enlighten many; and do you also, in the grace that has been given to you, go to Jerusalem to worship in the holy place, and there it shall be shown you where your martyrdom has been prepared. And we saluted one another, and Barnabas took me to himself. "

Na hierdie episode lees ons nooit weer in die Bybel oor Markus of Barnabas nie. Maar hoekom wil ek nou juis Markus uitsonder. Ons leer dat daar baie persone is wat die laaste paar verse van Markus nie aanvaar nie aangesien dit nie in sommige geskrifte voorkom nie. Dit het my ook gepla totdat ek maar na my eie skrywes gekyk het. Dit is so dat van die artikels en boeke wat ek geskryf het verskillende weergawes is, aangesien ek maar elke nou en dan iets nuuts raak lees of vir my oopgaan en ek dan die gedeelte by plaas of verander. Nou neem ek maar aan dat Markus na die episode wat Paulus gehad het toe die adder hom gebyt het, dit self by sy opname van sy evangelie gevoeg het, want hy het dit immers eerstehands beleef. So dalk was daar al ander afskrifte wat nie die gedeelte gehad het toe alreeds in omloop tussen die verskillende gemeentes.

Wanneer ek na die Hebreërs boek kyk, kan ek nie ophou wonder of dit nie dalk ook deur Markus geskryf is nie, aangesien daar nie eenstemmigheid is oor wie dit geskryf het nie. Party mense sê dit was Paulus, ander weer Barnabas, maar beide van hulle het Markus as skrywer gebruik. Lukas het toe saam met Paulus gewerk na hulle elkeen, Paulus en Barnabas, hulle eie pad gevat het en het Lukas toe sy eie weergawe van die evangelie geskryf en ook die boek van Handelinge.

Maar wat Markus aanbetref vind ons tog twee verdere boeke wat ook as apokrief bekend staan wat deur hom geskryf is. Die een is die Handelinge van Barnabas wat beskryf hoe hulle van Paulus geskei het, wat ek hierbo 'n gedeelte van aangehaal het, en dan beskryf hoe hulle in Ciprus gewerk het en hoe Barnabas aan sy einde gekom het deurdat hy deur die Jode verbrand was, en dan die brief van Barnabas, waar hy die Ou Testament se letterlike gebeure gebruik en dan die geestelike waarde daaraan koppel. Die Brief van Barnabas moet nie met die Evangelie van Barnabas verwar word nie wat duidelik eers na 1600 jaar na Christus geskryf is en deel maak van die boeke wat die Moslems aanhang. Ek moet erken dat die Brief van Barnabas soveel van my eie interpretasies bevestig het, dat ek dit persoonlik glad nie as apokrief sien nie, aangesien dit juis doen wat Paulus vir ons in die gedeelte wat ek aangehaal het, gedoen het, naamlik om die voorbeeld van Israel voor te hou en dan die geestelike betekenis daarvan uitlê. Verder is dit juis geskryf aan persone wat met die Ou Testament bekend was, aangesien dit juis

die gedeeltes vir ons verklaar. Dit stem ook ooreen met wat Lukas geskryf het in Handelinge dat Paulus en Barnabas altyd eers na die plaaslike sinagoge toe gegaan het en daar die skrifte vir die mense verklaar het. So die persone het dus reeds die Ou Testament geken en kon dus doen wat ons vind in Handelinge 17: *"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne."* (Hnd 17:10-12)

So dit wil vir my voorkom asof ek tog dalk nie alleen staan deur die Ou Testament te gebruik nie, aangesien die eerste apostels dit ook gedoen het. Hier volg so 'n paar aanhalings uit Handelinge wat wys waar Paulus en Barnabas en al die ander Christene eerste die evangelie van Jesus aan die Jode verkondig het.

"En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: ***So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.*** *Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het,* ***het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochíë sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.*** *En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochíë gekom het* ***en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.*** *En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochíë. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring.* ***Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochíë gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochíë vir die eerste keer Christene genoem."*** (Hand 11:18-26)

Hand 13:14 "Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochíë in Pisídië aangekom, en hulle ***het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit****."*

Hand 13:42 "En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. Hand 13:43 En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegespreek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly."

Hand 14:1 "En op dieselfde wyse het ***hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan*** *en so gespreek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het."*

Hand 16:1-3 "En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, ***seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader.*** *Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium.* ***Paulus wou hê dat hy saam met hom***

op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was.*"*

Hand 17:1 "Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. Hand 17:2 En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte Hand 17:3 en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus."

Hand 17:10 "Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. ***En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan.*** *"*

Hand 17:16 "En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hand 17:17 ***Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom. "***

Hand 18:1 "En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. Hand 18:4 ***En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig.*** *"*

Hand 18:19 "En hy het in Éfese aan kom en hulle daar laat bly, ***maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek.****"*

So uit die gedeeltes sien ek nie dat hulle nuwe leerstellings gebring het nie, maar slegs dat hulle die Profete en Moses verklaar het deur te wys wat Jesus moes kom doen. En dit is waar ek gewoonlik verskil van baie mense, aangesien ek voel dat indien die eerste Apostels net Jesus verklaar het uit die Ou Testament, ons nie nou nuwe leerstellings kan bou op wat Petrus of Paulus geskryf het nie. My standpunt is maar dat die Israeliete en Jode wat geglo het, die eerste Kerk was en dit geld al van Abraham se tyd. Indien die mense die HERE verwerp het, vind ons nie dat hulle later in die Ou Testament weer genoem word as deel van Israel nie, so dit sê dus dat hulle nie deel is en sal wees van die mense wat saam met Jesus in die hemel sal wees nie.

'n Goeie voorbeeld hiervan is wat Paulus self ook noem in 1 Korintiërs 10. *"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.* ***Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn.*** *En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie."* (1Ko 10:1-6)

Dan is daar ook die verhaal in Jeremia waar die wat in Jerusalem agtergebly het na Egipte toe terug gegaan het. "*Daarom, so sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Kyk, Ek rig my aangesig teen julle ten kwade en om die hele Juda uit te roei.* ***En Ek sal die oorblyfsel van***

Juda wegneem, wat hulle aangesig gerig het om na Egipteland te trek, om daar as vreemdelinge te vertoef; en hulle sal almal in Egipteland omkom. Deur die swaard sal hulle val, deur die hongersnood sal hulle verteer word, groot sowel as klein; deur die swaard en die hongersnood sal hulle sterwe; en hulle sal 'n voorwerp van verwensing, van verbasing en van vervloeking en smaad word. *En Ek sal besoeking doen oor die wat in Egipteland woon, soos Ek besoeking gedoen het oor Jerusalem deur die swaard, die hongersnood en die pes;* ***sodat daar geeneen sal wees wat ontvlug of vryraak vir die oorblyfsel van Juda wat in Egipteland gekom het om daar as vreemdelinge te vertoef nie, dat hulle kan teruggaan in die land Juda waar hulle siel na verlang om terug te gaan, om daar te woon; want hulle sal nie teruggaan behalwe enkele vlugtelinge nie."*** (Jer 44:11-14) Die enkeles wat wel terug gekeer het was Jeremia en sy mense, asook Barug en sy mense. Barug was die persoon wat as skrywer vir Jeremia opgetree het, en is hulle gedwing om saam terug Egipte toe te gaan.

So wat kan ek nog sê oor my skrywes en standpunte? Nie veel nie, behalwe dat die gedeelte wat ek vroeër uit Jeremia gekwoteer het, ek eers weer baie jare later na gekyk het nadat ek seker meeste van die Boek van Moses, my eerste boek, klaar geskryf het. Die gedeelte bevestig maar waarom ek so glo dat Israel ons voorbeeld in alles is: *"So spreek die HERE, die God van Israel: Skryf vir jou in 'n boek al die woorde wat Ek met jou gespreek het; want kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die HERE;* ***en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem****."* (Jer 30:2-3) So die gedeelte verklaar vir my dat ons as Christene ook eendag ons eie Kanaän, die Nuwe Jerusalem sal beërf, en ons net Israel se voorbeeld kan volg hoe hulle in Kanaän gekom het. Al hulle foute word vir ons uitgewys, so dit is vir ons dus baie maklik om te verseker dat ons nie hulle foute begaan nie. So ons het nie al hierdie geskrifte nodig om te onderhou of aan te glo nie, aangesien ons net deur Israel se voorbeeld te volg, ons die ewige lewe kan beërwe. Meeste van die persone wat kommentare geskryf het oor elke vers in die Bybel, is dit eens dat die gedeelte nog nie nooit vervul is nie. Ek haal hier vir John Gill aan, en wat sy kommentaar daaroor is. *"which cannot be understood of their return from the Babylonish captivity; for, as Kimchi rightly observes, only Judah and Benjamin returned from thence; and though there were some few of the other tribes that came with them, especially of the tribe of Levi, yet not sufficient to answer to so great a prophecy as this, which refers to the same time as that in Hos_3:5; as appears by comparing that with Jer_30:9; and when, as the Apostle Paul says, "all Israel shall be saved", Rom_11:25;"*

Dit sluit aan by vers 9 waar Jeremia die volgende sê en verwys na Jesus wat as Koning sal regeer: *"Jer 30:9 Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek."* Gelukkig lewe ek nie gedurende die reformasie tydperk nie, want dan sou meeste van die Kerkvaders my verseker op die brandstapel laat omkom het met my verduidelikings en sienings, ten spyte van die feit dat Jeremia en al die ander aanhalings juis verwys na Israel as voorbeeld vir ons. En dit sluit al ons doen en late in, maar dan moet ons van die gebruike binne konteks lees en verstaan. Want die einste Jeremia vaar ook maar goed uit teen die volk se gebruike, veral in hoofstuk 7 is daar twee gedeeltes: *"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Maak julle weë en julle handelinge goed, dat Ek julle kan laat woon in hierdie plek. Vertrou nie op bedrieglike woorde nie—wat sê: Die HERE se tempel, die HERE se tempel, die HERE se tempel is dit! Maar as julle jul weë en julle handelinge waarlik goed maak, as julle waarlik reg doen onder mekaar; vreemdeling, wees en weduwee nie verdruk nie en geen onskuldige bloed in hierdie plek vergiet nie en agter ander gode nie aan loop tot julle eie skade nie— dan sal Ek julle laat woon in hierdie plek, in die land wat Ek aan julle vaders gegee het,*

van eeu tot eeu. Kyk, julle vertrou op bedrieglike woorde wat nie baat nie." (Jer 7:3-8) en dan die tweede gedeelte uit die hoofstuk: *"So sê die HERE van die leërskare, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis. Want Ek het met julle vaders, op die dag dat Ek hulle uit Egipteland uitgelei het, nie gespreek nie en hulle geen bevel gegee in verband met brandoffer of slagoffer nie. Maar hierdie saak het Ek hulle beveel, naamlik: Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees; en wandel net in die weg wat Ek julle beveel, dat dit met julle goed kan gaan."* (Jer 7:21-23), en dan volg hoofstuk 21 waar die HERE vir die volk sê dat Hy self teen hulle sal oorlog voer. *"So spreek die HERE, die God van Israel: Kyk, Ek laat die oorlogswapens terugdraai wat in julle hande is, waarmee julle oorlog voer buitekant die muur teen die koning van Babel en teen die Chaldeërs wat julle beleër; en Ek sal dit binne-in hierdie stad versamel. En Ek self sal teen julle oorlog voer met 'n uitgestrekte hand en 'n sterke arm, ja, in toorn en in grimmigheid en in groot gramskap. En Ek sal die inwoners van hierdie stad verslaan, die mense sowel as die vee—aan 'n groot pes sal hulle sterwe. En daarna, spreek die HERE, sal Ek Sedekía, die koning van Juda, en sy dienaars en die volk—die wat in hierdie stad oorgebly het van die pes, die swaard en die hongersnood—oorgee in die hand van Nebukadrésar, die koning van Babel, en in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek; en hy sal hulle verslaan met die skerpte van die swaard; hy sal geen medelyde met hulle hê of hulle spaar of hom ontferm nie. En aan hierdie volk moet jy sê: So spreek die HERE: Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor én die weg van die dood: hy wat in hierdie stad bly, sal sterwe deur die swaard of die hongersnood of die pes; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs wat julle beleër, sal lewe, en sy lewe sal vir hom 'n buit wees. Want Ek het my aangesig teen hierdie stad gerig ten kwade en nie ten goede nie, spreek die HERE. Dit sal oorgegee word in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit met vuur verbrand."* (Jer 21:4-10)

So dit is wat my lewe gevorm het en waaroor ek skryf en nog elke dag bestudeer. Een iets wat ek uitgevind het is dat daar is seker nie 'n dag wat verloop in my lewe waar ek nie iets nuut leer of dit hoe ek glo skielik bevestig word deur 'n ander gedeelte in die Bybel nie.

Daarom kom my eie leuse uit Mattheus 13:52 *"Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring."*

En dan seker die grootste waarheid wat daar is in die Bybel en dit is om gehoorsaam te wees. Dit is dan ook waar my bediening se naam, Shama, vandaan kom, want die betekenis van die woord is:

H8085 שָׁמַע shâma', shaw-mah'; a primitive root; to hear intelligently (often with implication of attention, obedience, etc.; causatively, to tell, etc.):—× attentively, call (gather) together, × carefully, × certainly, consent, consider, be content, declare, × diligently, discern, give ear, (cause to, let, make to) hear(-ken, tell), ×indeed, listen, make (a) noise, (be) obedient, obey, perceive, (make a) proclaim(-ation), publish, regard, report, shew (forth), (make a) sound, × surely, tell, understand, whosoever (heareth), witness.

So dit is my storie en wat ek elke dag probeer uitleef.